

RACHEL ISABELLA STEYN 1905 - 1955

deur

ELIZABETH JOHANNA JACOBA TRUTER (geb. LANS)

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

GESKIEDENIS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF S F MALAN

JUNIE 1994

Voorwoord

Die behoefte om te skryf oor mev. Rachel Isabella Steyn, die laaste presidentsvrou van die Vrystaatse republiek, spruit nie net uit die begeerte om 'n besondere lewe te laat herleef in die sin dat "the dead live again every time we remember them" nie.¹ Dit het nie veel eerder ontstaan uit die drang om 'n lang bestaande ideaal te verwesenlik, naamlik om uit mev. Steyn se geskiedenis te probeer leer wat dit is wat gemaak het dat sy, ten spyte van die voortdurende afwisseling in haar lewe van die uiterstes van vreugde en smart, en ondanks die alledaagse lewenseise van fisiese inspanning, emosionele betrokkenheid, intellektuele uitdagings, gesinspannings, siektes - kortom, volledige betrokkenheid by die wispelturige gang van sake - nogtans kon uitstyg as mens en tot die hoogste titel wat mense aan 'n vrou uit hul geledere kon gee, dié van "Volksmoeder."

Hierdie taak is onderneem, wel wetende dat daar reeds werke bestaan wat geheel of gedeeltelik handel oor mev. Steyn se lewe.² Nellie Kruger het byvoorbeeld in die laat veertigerjare in opdrag van die OVV oor mev. Steyn as presidentsvrou geskryf met die self erkende doel "dat die boek ons volk sal besiel en vir hulle die regte beeld sal voorhou van 'n mooi en toegewyde lewe."³ Sy het mev. Steyn, toe nog in lewe, ook vooraf verseker dat sy haar bes sou doen om 'n beeld te skep wat haar en haar kinders tevrede sou stel.⁴ Hierdie poging was uiteraard nie bedoel om wetenskaplik objektief te wees nie. Karl Schoeman het ook met behulp van geselekteerde stukke uit die korrespondensie tussen lede van die Steyn-familie "'n oorsigtelike lewensbeskrywing" van pres. en mev. Steyn opgestel - dus ook geen biografie as sodanig van enige van die betrokke individue nie.⁵ 'n Biografie van pres. Steyn deur sy skoonseun, dr. N.J. van der Merwe, is toegespits op die president en nie op mev. Steyn nie.⁶ 'n Verdere lewensbeskrywing van die president deur Johannes Meintjes berus weer op sekondêre bronne wat meestal ongeïdentifiseer bly.⁷

Daar was selfs 'n byna voltooide biografie van mev. Steyn wat op Onze Rust geskryf is deur mev. Nerina Ferreira, 'n kleinkind van mev. Steyn, en waarin talryke familie-andektodes en ervarings in die alledaagse spreektaal van die mense van Onze Rust opgeneem was. In 'n misplaaste ywer om die versigtig gekultiveerde

1 Van Reenen, R., (Ed.), Emily Hobhouse Boer War letters, p. 9.
 2 Rachel Isabella Steyn; presidentsvrou (Kaapstad, 1949).
 3 Ineg PV181 2/8/1/1/28 N. Kruger (Johannesburg) - RIS 7 Mei 1948.
 4 Ineg PV181 2/8/1/1/26 N. Kruger (Bloemfontein) - RIS 3 Julie 1946.
 5 In liefde en trou, die lewe van pres. en mev. M.T. Steyn (Kaapstad, 1921).
 6 Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing. 2 dele (Kaapstad, 1921).
 7 President Steyn (Kaapstad, 1969).

volksmoederbeeld van destyds te beskerm, het enkele van mev. Steyn se dogters in die afwesigheid van mev. Ferreira die manuskrip vernietig tot groot ontsteltenis van onder andere mev. Steyn self. 'n Kleinseun, regter M.T. Steyn, noem dit "een van die godskreiende misstappe wat deur enige familie van tyd tot tyd begaan is".⁸

Vir die onderhawige poging om 'n volledige en objektiewe lewensbeskrywing van mev. Steyn aan te durf wat berus op oorspronklike en grotendeels tot dusver ongebruikte bronne, hoef dus geen verskoning aangebied te word nie.

Aanvanklike vrese dat daar 'n tekort aan primêre bronne oor mev. Steyn se lewe sou wees, het spoedig verdwyn: danksy mev. Steyn se onblusbare skryfdrang en haar aandrag daarop dat elke brief, aandenking, gesagsimbool, koerantuitknipsel ens. versigtig bewaar moes word, is daar 'n rykdom aan argivale bronne beskikbaar. Sy het selfs daarin geslaag om hierdie drang oor te dra aan haar kinders: daarvan getuig die talryke versamelings in verskillende argiefbewaarplekke in Suid-Afrika.

Die Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB) wat die Steynversameling huisves, is vanselfsprekend die belangrikste: hier is die magdom van persoonlike korrespondensie vir veral die periode 1905 tot 1955 wat ook mej. Emily Hobhouse se talryke briewe aan mev. Steyn insluit.

Die groot getal briewe van mev. Steyn aan Emily Hobhouse is in 1926 uit Brittanje terug gestuur na Onze Rust, en is uiteindelik in die Instituut vir Eietydse Navorsing (Ineg) aan die UOVS onder die Tibbie Visser-versameling opgespoor. Hierdie versameling was veral 'n gesogte bron van inligting aangesien mej. Gladys Steyn se herinneringe in die stukke by die VAB weens oormatige gebruik al effens afgesaag begin word het.

Ook by Ineg is die argief van die OVV met die uitsondering van enkele stukke wat nog by die OVV se hoofkantoor in St. Georgestraat is. Ook dit is weens mev. Steyn se lewenslange verbintenis met die OVV 'n waardevolle bron van tot dusver onontginde inligting.

Die Nasionale Vrouemonumentkommissie (NVMK) het goedgeunstelik enkele briewe uit die Oorlogsmuseum in Bloemfontein beskikbaar gestel, en op Onze Rust het mev. Yvonne Steyn insae verleen in korrespondensie van mej. Gladys Steyn wat hoofsaaklik te doen het met haar besoeke aan Europa in 1913 en weer in die twintigerjare. Die argief van die Meisieskool Oranje waarby mev. Steyn sedert die

stigting betrokke was, kon nagegaan word in die NG Kerkargief (NGKA), Bloemfontein.

Die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) in Pretoria bevat hoofsaaklik mev. Steyn se korrespondensie met generaals Smuts en Hertzog, asook korrespondensie tussen Emily Hobhouse en genl. Smuts.

Die R.M. Steynversameling wat lig werp op die gebeure by Onze Rust sedert 1916 tot laat in die twintigerjare word bewaar in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad. Die korrespondensie van mev. Steyn met M.T. Steyn (jr.) tydens die Tweede Wêreldoorlog uit Italië berus in dieselfde versameling. In die Kaapse Argiefbewaarplek (KAB) is die J.S. du Toitversameling waarop 'n toegangsbeperking geplaas is. Dit is egter deur die vriendelike bemoeienis van mev. Nerina Ferreira toeganklik gestel en bevat onder andere die persoonlike korrespondensie sedert veral die veertigerjare tussen mev. Steyn en haar dogter, Emmie. Uit hierdie bron is dit egter veral die korrespondensie van mev. Emmie du Toit en haar dogter, mev. Ferreira, wat van mev. Du Toit se woning, "Vreugde", in Oranjezicht, Kaapstad, gevoer is (en verpak is in 'n aantal houers) wat belangrike inligting opgelewer het. Dit het besondere lig gewerp op die periode van 1945 tot by mev. Steyn se afsterwe. Die plan is dat hierdie versameling ná mev. Du Toit (wat reeds 96 jaar oud is) se oorlye sal gaan na die KAB.

Die Volksblad en The Friend het veel lig gewerp op mev. Steyn se openbare lewe, elk vanuit 'n bepaalde gesigspunt. Hierdie koerante is 'n waardevolle bron waaruit die heersende atmosfeer van die oomblik telkens gepeil kan word, asook die geskilpunte agter bepaalde gebeurtenisse, die verwagtinge wat daar gekoester is en die emosies wat oënskynlik onskuldige feite onderlê.

Hierdie proefskrif handel oor mev. Steyn se lewe van die tydperk na die Steyns se terugkeer na Suid-Afrika in 1905 tot by haar oorlye in 1955. Haar lewenservarings voor 1905 is reeds behandel in 'n ongepubliseerde MA-verhandeling. Om 'n volledige beeld van mev. Steyn se lewe te kry, is raadpleging van albei werke nodig.

Die "zekere graad van zielsverwantschap" wat J. Romein van die biografis vereis, het nie 'n "heiligskrif", soos At van Wyk dit stel, tot gevolg gehad nie.⁹ Dit kon nie want mev. Steyn was 'n persoon met die gewone deugde en gebreke van die mens. Emily Hobhouse het dit genoem "history undressed and therefore most human and

⁹ Romein, J., De biografie, een inleiding, p. 191; Van Wyk, A., "n Kroniek, maar die leser wonder soms wie praat," Beeld 31 Januarie 1993.

interesting".¹⁰ Ds. J.D. Kestell verlang van die geskiedskrywer om te "verteld wat er gebeur is, zonder versiering, zonder vergroting". Dít was die ideaal waarna gestreef is.¹¹ Mev. Steyn het 'n volle lewe gelei. Benewens die alledaagse dinge waarmee mense normaal gemoeid was, was sy betrokke by talryke aktiwiteite soos fondsinsamelings, politieke strominge, die stigting van kulturele en maatskaplike organisasies, die voortsetting van pres. Steyn se ideale en so meer. As die geskiedskrywer se vereiste van 'n chronologiese opeenvolging van feite gevolg moes word, sou 'n totaal verwarrende produk waarin verskillende sake onsamehangend en deurmekaar behandel word, die gevolg wees. Die stof word gevolglik in afsonderlike temas ingedeel, en elkeen dáárvan word vir sover dit moontlik is chronologies afgehandel. Die hanteringswyse sou dus getipeer kon word as tematies-chronologies.

Omdat mev. Steyn se lewe afgespeel is in die wordingsjare van Afrikaans as erkende skryftaal word in die teks gebruik gemaak van woordelike aanhalings uit briewe en geskrifte: dit toon 'n aansienlike mate die evolusionêre ontwikkeling van die taal.

In die teks word geldwaardes uitgedruk in ponde, sjielings en pennies (£.s.d.), die betaalmiddel van daardie jare. Toe die rand-sent-stelsel daardie geldstelsel in 1961 vervang het, was twee rand gelykwaardig aan een pond, maar weens die steeds veranderende wisselkoerse is dit totaal onmoontlik om bedrae wat op verskillende tye in ponde weergegee is, om te reken in realistiese randwaardes.

Dit is ten slotte my voorreg om allereers prof. S.F. Malan, my promotor, te bedank vir sy geloof in my vermoë en vir sy toegewyde leiding en aanmoediging. Sonder die steun van my eggenoot, Johan, en ons vier seuns, André, René, Bernard en Quintus - hulle wat die beste in my verteenwoordig - sou die projek nie wasdom bereik het nie. Aan my broers, dr. B.J. Lans en Marcél Lans; en aan my suster, Emily Coetzee, vir liefde en positiewe bemoediging, aan regter M.T. Steyn en Yvonne dat hulle hul huis en hulp aan my beskikbaar gestel het, my opregte dank. Ek het hoë waardering vir mev. Nerina Ferreira se hulp tydens 'n besoek aan die Kaap en haar gasvryheid by "Vreugde" in Oranjezicht. Ek bedank ook graag prof. F.J. Potgieter vir die taalversorging. Bowenal bedank ek my Skepper deur wie alles moontlik is. Ek dra die werk in dankbare herinnering op aan my vader, mnr. B.J.Lans, wat my die liefde vir die geskiedenis en 'n waardering vir die eie gegee het.

¹⁰ VAB A156 1/1/2 EH (Londen) - RIS 13 Julie 1924.

¹¹ Van Schoor, M.C.E., John Daniël Kestell 1854-1941, p. 149.

Graag bedank ek ook Universiteit van Suid-Afrika vir die Merietebeurs wat aan my beskikbaar gestel is vir voltooiing van dié studie. Die standpunte en gevolgtrekkings waartoe in hierdie proefskrif geraak word, is egter my eie. Aan die "Stichting Neerlandia" in Bloemfontein, wat beurse beskikbaar stel vir nasate van Nederlandse immigrante en veral mnr. Casey van der Leek in hierdie verband, betuig ek my dank.

E.J.J. (ELBIE) TRUTER
(geb. LANS)

Potchefstroom
April 1994

LYS VAN AFKORTINGS

| | | |
|--------|---|----------------------------------|
| CO | - | Colonial Office |
| DFM | - | D.F. Malan |
| EH | - | Emily Hobhouse |
| HPNM | - | H.P.N. Muller |
| Ineg | - | Instituut vir Eietydse Navorsing |
| JBMH | - | J.B.M. Hertzog |
| JCS | - | J.C. Smuts |
| KAB | - | Kaapse Argiefbewaarplek |
| £.s.d. | - | Ponde, sjielings en pennies |
| MTS | - | (Pres.) Marthinus Theunis Steyn |
| NGKA | - | NG Kerkargief |
| NVMK | - | Nasionale Vrouemonumentkommissie |
| OMS | - | Meisieskool Oranje |
| OR | - | Onze Rust |
| ORK | - | Oranjerivierkolonie |
| OVV | - | Oranje-Vrouevereniging |
| RIS | - | Rachel Isabella Steyn |
| TAB | - | Transvaalse Argiefbewaarplek |
| VAB | - | Vrystaatse Argiefbewaarplek |

Summary

After taking her severely incapacitated husband to Europe immediately after the cessation of hostilities to obtain specialist medical treatment, Mrs Rachel Isabella Steyn (Tibbie) in 1905 brought the partially recovered Pres Steyn back to South Africa. She joined forces with her husband to revive the defeated Afrikaner socially, spiritually and materially.

Tibbie assisted her husband with establishing the Oranje School for Girls in 1906, and in 1907 the Oranje Association for Women (OVV) was formed with Tibbie as chairperson. Although she was English speaking by birth, she openly identified herself with efforts to promote Afrikaans as a cultural language. Alongside her husband she worked for the building of the National Women's Monument to commemorate those who had died during the war. During all these activities she conscientiously cared for the health and spiritual needs of Pres Steyn.

After Pres Steyn's death in 1916 she emerged more forcefully in public life. After the First World War in co-operation with Emily Hobhouse she collected money for the needy in Central Europe. She was constantly occupied with alleviating the needs of people, e.g. by collecting small donations from her people who had been impoverished by the war. In this manner a home could be acquired for Emily Hobhouse and Mrs De Wet, widow of the famous war general, could be assisted in her need. In 1926 Tibbie also arranged the burial of Emily Hobhouse at the Women's Monument.

As a leader among her people Tibbie experienced the tensions of the Rebellion and two world wars without becoming involved publicly. Despite sharp political differences between the two language groups and amongst members of her own family, she successfully maintained her role as binding force. She preferred acting behind the scenes. She was the patroness of many organisations, and while she was often involved in ceremonial situations she always performed her duties with grace. Among both English and Afrikaans speaking peoples she was held in high esteem and among Afrikaners she spontaneously became accepted as Volksmoeder.

When she was 83 years of age the Government asked her to act as South Africa's official representative at the abdication of Queen Wilhelmina of the Netherlands.

She was accorded a state funeral at the Women's Monument when she died on 3 January 1955.

Key terms: Pres M.T. Steyn; Emily Hobhouse; Women's Monument, Bloemfontein; the struggle for recognition of Afrikaans; Oranje High School for Girls; Oranje Women's Association (OVV); Onze Rust; Volksmoeder; great influence; high esteem; buried Women's Monument, Bloemfontein.

Opsomming

Nadat sy haar ernstig ongestelde man ná die einde van die Anglo-Boereoorlog vir gespesialiseerde mediese behandeling na Europa geneem het, het mev. Rachel Isabella Steyn (Tibbie) die gedeeltelik herstelde pres. M.T. Steyn in 1905 na Suid-Afrika terug gebring. Sy het haar saam met pres. Steyn beywer om die verslane Afrikanervolk op maatskaplike, geestelike en stoflike gebied weer op te hef.

Tibbie het pres. Steyn bygestaan met die oprigting van die Meisieskool Oranje in 1906. In 1907 het die stigting van die Oranje-Vrouevereniging (OVV) onder haar voorsitsterskap geskied. Hoewel sy van afkoms Engelssprekend was, was sy een van die eerstes wat Afrikaans tot skryftaal verhef het. Aan die sy van haar eggenoot het sy gewerk vir die oprigting van die Nasionale Vrouemonument om die gestorwe vroue en kinders van die oorlog te gedenk. Te midde van dit alles het sy nougeset gewaak oor pres. Steyn se gesondheid en sy geestelike welsyn.

Ná pres. Steyn se dood in 1916 tree sy sterker na vore in die openbare lewe. In samewerking met Emily Hobhouse samel sy na die Eerste Wêreldoorlog geld in vir noodlydendes van Sentraal-Europa. Sy het haar voortdurend beywer vir die verligting van die lot van haar mense, o.a. met die insameling van halfkrone by 'n oorlogsverarmde volk. Só is o.a. 'n huis vir Emily Hobhouse bekom, en is die nood van genl. De Wet se weduwee verlig. Tibbie het ook in 1926 die leiding geneem met die begrafnis van Emily Hobhouse by die Vrouemonument.

As leiersfiguur het sy die spanning van die Rebelle en die twee wêreldoorloë sonder enige omstredenheid deurleef. Te midde van skerp politieke verskille tussen die taalgroepe en onder haar eie familie tree sy met sukses as saambindende krag op. Hoewel sy geweldige invloed gehad het, het sy by voorkeur agter die skerms opgetree. Sy was beskermvrou van verskeie organisasies en waar sy dikwels by seremoniële geleenthede betrek was, het sy haar pligte met groot grasia vervul. Onder sowel Engelse as Afrikaners is sy sonder voorbehoud geëer, en by die Afrikaners het sy spontaan die eretitel van Volksmoeder verwerf.

Op drie-en-tagtigjarige ouderdom is sy in 1948 deur die Regering afgevaardig as Suid-Afrika se gesant tydens die plegtighede verbonde aan die abdikasie van koningin Wilhelmina van Nederland.

Sy is 'n staatsbegrafnis by die Vrouemonument gegee toe sy op 3 Januarie 1955 oorlede is.



Foto: Hoofkantoor OVV, Bloemfontein

Rachel Isabella (Fraser) Steyn

"The dead live again everytime
we remember them."

(M. Maeterlinck)

Inhoudsopgawe

| | |
|---|------------|
| Voorwoord | i |
| Lys van afkortings..... | vi |
| Hoofstuk 1 : "We shall never grow accustomed to the altered state of affairs"..... | 1 |
| 1.1 Terugkoms in die Vrystaat | 1 |
| 1.2 Versigtige hertoetrede tot die openbare lewe | 15 |
| Hoofstuk 2 : "Wij vrouwen hebben ... die groot beginselen ... te bevorderen: | 33 |
| 2.1 Voorspel tot die Nasionale Konvensie en Uniewording | 33 |
| 2.2 Die stigting van die Oranje-Vrouevereniging (OVV)..... | 44 |
| Hoofstuk 3 : "Het schuynt of arme Z. Afrika nimmer tot rust kan komen".. | 59 |
| 3.1 Die Nasionale Vrouemonument..... | 59 |
| 3.2 Die Rebelle van 1914..... | 72 |
| Hoofstuk 4 : "I had no tears, I was stunned, I felt paralysed" | 87 |
| 4.1 Theunis se oorlye | 87 |
| 4.2 Humanitêre hulpverlening bring verligting..... | 101 |
| Hoofstuk 5 : "Your letters are like life itself" | 114 |
| 5.1 Tibbie en Emily Hobhouse se vriendskap | 114 |
| 5.2 Die oorlye van Emily Hobhouse..... | 147 |
| Hoofstuk 6 : "The prestigious name of Mrs M.T. Steyn | 153 |
| 6.1 Volksbesit in die Afrikanergemeenskap | 153 |
| 6.2 Amptelike gesant na die Nederlande | 196 |
| Hoofstuk 7 : "She lived to earn the love of all South Africans" | 207 |
| 7.1 Onze Rust se gesogte dame..... | 207 |
| 7.2 Die politiek en gesinskrisisse..... | 214 |
| 7.3 Die einde..... | 250 |
| Hoofstuk 8 : Besluit..... | 261 |
| BRONNELYS | 281 |

Hoofstuk 1 : "We shall never grow accustomed to the altered state of affairs".

1.1 Terugkoms in die Vrystaat

Nadat mev. pres. Steyn (Tibbie) die ernstig ongestelde President onmiddellik ná die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog na Europa geneem het vir deskundige behandeling deur dr. C. Winkler, het pres. Steyn (Theunis) se geleidelike herstel na dertig maande sodanig gevorder dat hulle teen die einde van 1904 daaraan kon begin dink om terug te keer na Suid-Afrika. Met dr. Winkler se toestemming het hulle hul passasie vir 25 Januarie 1905 op die Kronprinz bespreek.¹ Theunis se "plicht (besef wat) hem na Zuid Afrika roept" was sodanig dat hy die aanbod van 'n professoraat aan die Leidense Universiteit met Tibbie se volle steun van die hand gewys het.² Die omgevalle eik waarmee hy vergelyk is, is wel met moeite regop getrek, maar het op wankelrige bene gestaan. Theunis was "veel vooruitgegaan ..., maar niet genezen", tot sy groot frustrasie.³

Bykans die enigste formele huldeblyk wat die Steyns bereid was om in Europa as blyk van waardering te aanvaar, was om die gaste te wees van die "Antwerpsch Boeren-Comiteit". Op die banket wat die ontvangs van die Steyns in die "Lyrischen Schouwburg" voorafgegaan het, was daar ook 'n Nederlandse dame, mev. Salmon, wat besonder beïndruk met Tibbie se uiterlike skoonheid, veral omdat dit vir haar so onverwags in 'n Afrikanervrou was.⁴ Tibbie was op nege-en-dertigjarige ouderdom inderdaad in die fleur van haar lewe, tydelik ontslae van die spanning van die afgelope vyf jaar en vol optimisme en blye verwagting om talryke ou vriende en familieleden weer te sien. Aan die vooraand van hul vertrek was daar volgens die verslaggewer van die Vlaamsche Gazette 'n merkwaardige gebeurtenis toe die Steyns in die "Lyrischen Schouwburg" oorverdowend toegejuig is. "Op't oogenblik van hul verskijnen, stond gansch de zaal in den grootsten geestdrif ... en werd de Brabaconne door de orkes gespeeld ... 't Was een ovatie, waaraan geen einde scheen te komen".⁵

Die afskeid van getroue vriende aan boord van die boot van die Duits-Oos Afrika Lyn het daarenteen sonder veel ophef maar met groot openbare belangstelling

-
- ¹ VAB A156 1/1/17 ongeïdentifiseerde Nederlandse koerant, "President Steyn's laaste uren op Europeeschen bodem" c. Januarie 1905.
- ² VAB A160/70 RIS (Cannes) - HPNM 25 Maart 1904.
- ³ VAB A156 1/1/17 ongeïdentifiseerde Nederlandse koerant c. 1904; VAB A90/8 RIS (Parys) - Jaap de Villiers 15 November 1904.
- ⁴ VAB A156 1/1/24 Ella Fichardt (Parys) - RIS 12 November 1905.
- ⁵ VAB A156 1/1/17 Vlaamsche Gazette "President Steyn te Antwerpen" 23 Januarie 1905; A156 7/1 "President Steyn in den Lyrischen Schouwburg te Antwerpen" 26 Januarie; Spyskaart.

verloop.⁶ Hannah, amper sestien jaar oud en Gladys, vyftien, het saam met Helena Botha, die dogter van genl. Louis Botha, die lewe aan boord terdeë geniet in die geselskap van Duitse soldate onderweg na Duitswes-Afrika.⁷ In ooreenstemming met die wense van die oud-presidentspaar, is daar geen ophef van hul terugkoms in Kaapstad op Saterdag, 18 Februarie, gemaak nie. Slegs intieme vriende, onder wie Abraham Fischer, lid van die uitvoerende raad en J.A.J. (Jaap) de Villiers voormalige staatsprokureur van die Vrystaatse republiek, genl. J.C. Smuts voormalige staatsprokureur van die Zuid-Afrikaansche Republiek en J.H. Hofmeyr, voormalige leier van die Afrikanerbond in die Kaapkolonie het "Zuid-Afrika's ... besten zoon terug" verwelkom.⁸

Tibbie wat haar nie gesteur het aan die "minachtende taal en lichtvaardige geringschatting" waarmee die Engelse pers gewoonlik na Theunis verwys het nie,⁹ was nou verbaas dat selfs The Cape Argus hom beskryf as "a fine type of his race, combining with a certain limitation of outlook that ruggedness of character, simplicity of life, strength of purpose and love of freedom which command universal respect".¹⁰ Tibbie het hierdie beperkte lofprysing hoogstens met skeptisisme bejeen want in later jare het sy aan dr. Muller erken dat "President altyd gesê ... het as die Engelse pers jou prijs moet jy weet jy is op die verkeerde weg!"¹¹ Die Engelse pers het waarskynlik soos Arthur Barlow besef dat Theunis "a broken man ..." was.¹² As politieke faktor kon hul dus gemeen het, dat hy uitgeskakel was.

Die nege dae wat die Steyns aan huis van C.C. de Villiers in die Tuine vertoef het,¹³ het Tibbie gebruik om haar oudste twee dogters as koshuisgangers by die Girls High School in Wynberg in te skryf en ou vriende te besoek soos die eerbiedwaardige mev. Koopmans-de Wet¹⁴ en May Hutchinson, die eggenote van die eertydse Natalse goewerneur wat nege jaar vantevore die eerste amptelike besoekers aan die Presidensie was.

Uit 'n historiese oogpunt was dit gelukkig dat Emily Hobhouse op dieselfde trein gereis het wat die Steyns op 27 Februarie 1905 na die Vrystaat vervoer het, want

6 TAB A1762 Dagboek van A. Pierson, 25 Januarie 1905, beskikbaar gestel deur G.E. Steyn.

7 VAB A156 3/12 "Diary 27 January 1905 - 6 April 1905" vol. XV, 5 Februarie 1905.

8 VAB A156 1/1/17 ongeïdentifiseerde Engelstalige koerant, "Mr. Steyn's return. Arrival this morning" c. Februarie 1905; VAB A357 EH - lady Charlotte 22 Februarie 1905; VAB A156 1/1/17 De Vriend "De aankomst te Kaapstad" c. Februarie 1905.

9 VAB A156 1/1/17 De Volksstem 18 Februarie 1905; Ineg PV181 4/1/2/2 "Vrede", p. 15.

10 The Cape Argus 18 Februarie 1905; The Friend 20 Februarie 1905.

11 VAB A160/69 RIS (OR) - HPNM 27 Februarie 1933.

12 Barlow, A.G., Almost in confidence, p. 110.

13 De Vriend 1 Maart 1905.

14 Ineg PV181 2/8/1/1/10 ds. Fraser - RIS 24 Februarie 1905.

haar noukeurige beskrywing van die reis en die ontvangs by verskillende plekke, verleen insig in die diepte van gevoel waarmee die Presidentspaar ontvang is. Sowel mej. Hobhouse as Margaret Clark, 'n dogter van 'n lid van die Britse laerhuis, was op pad na Philippolis waar hulle met ds. Fraser, Tibbie se vader en ander se hulp spin- en weefskole in Suid-Afrika sou stig. Tibbie het besef dat die reis met gemengde gevoelens gepaard sou gaan: "The heart burning will be many, I know", het sy aan dr. Muller die vorige jaar geskryf, " & we shall require strength from on High to learn it all".¹⁵ Die krag was inderdaad reeds met die intrapslag nodig om hul veranderde status as gewone Britse burgers te aanvaar en spesifiek vir Theunis om die emosiebelaaide weersiens met oorlogskamerade te hanteer. Vir Emily Hobhouse, gewoon aan die kil dog verfynde aristokratiese Britse kringe waarin sy beweeg het, het die woordelose handdrukke van die minder welsprekende en gemoedeliker Boer vreemd voorgekom. Ook Margaret Clark was getref dat "at every station whether by day or ... night there was a gathering large or small of people with hearts far bigger than there were ever words to express, ... I thought that no form of popularity I had ever heard of could express anything so deep & true as what was shown on that journey".¹⁶

Die aangrypendste toneel was by Norvalspont net binne die Vrystaat, waar Theunis deur sy strydmaekers en oud-republikeine verwelkom is. Emily Hobhouse het die ontmoeting beskryf as "an indescribably moving scene, ... everyone was overflowing with an intensity of feeling which words cannot convey. He belonged to them, and they to him, absolutely."¹⁷ Theunis se onsekerheid of hy nog enige noemenswaardige plek in Afrikanerharte bekleed, is finaal uit die weg geruim.¹⁸ Hy was "de ongekroonde koning van Zuid-Afrika ... Een koningzetel nam hij werkelijk in in het hart van het Afrikaner volk; meer liefde, meer achting, meer gehoorzaamheid aan elke wenk kon geen koning van zijn onderdanen verlangen".¹⁹

Op Kaalspruit, die spoorweghalte naby Onze Rust, het sowat 200 bewonderaars en Bloemfonteiners die Steyns ingewag. "Iedereen was bewogen ..." het die verslaggewer van De Vriend geskryf, "en tranen kwamen te voorschijn bij verharde mannen" nadat Theunis sy toespraak afgesluit het.²⁰ "Ach what a day it was for us",

15 VAB A160/70 RIS (Cannes) - HPNM 13 Maart 1904.

16 VAB A156 1/1/37 Margaret Gillet (Oxford) - RIS 6 Februarie 1917.

17 VAB A357 EH - lady Charlotte 5 Maart 1905.

18 Oberholster, J.J., Van Schoor, M.C.E. (reds.), President Steyn aan die woord; ..., p. 102.

19 De Burger 29 November 1916.

20 De Vriend 2 Maart 1905.

het Tibbie geskryf, "so full of emotions & we were indeed glad when at last about 3 p.m. we reached our farm".²¹

Dit was tydens die Steyns se herstelverblyf in Europa vir Tibbie belangrik dat hulle Onze Rust, die plaas buite Bloemfontein, sou behou "zoodat als President D.V. genezen, ... hy een stil en rustig woning kan hebben".²² Gevolglik is hul beperkte finansiële middele en John (Jan) Steyn, Tibbie se swaer, ds. Fraser en W.J.C. Brebner se vernuf en kennis ingespan om die eenvoudige vervalde woonhuisie te herstel. Die agteruitgang van die opstal is veral sedert September 1901 versnel toe die militêre owerheid Onze Rust as voorraaddepot vir perde gebruik het en die woonhuis bewoon is. Alhoewel die huis "in a rather bad state (was and) hardly safe to live in" was die Steyns nogtans gelukkig dat hul woning die lot van 30 000 ander vernietigde plaashuise gespaar is.²³ Van April 1904 af is Onze Rust omtrent herbou volgens die spesifikasies van D.E. Wentink, 'n voormalige Vrystaatse amptenaar toe woonagtig in Nederland.²⁴ Die huis is vergroot tot elf kamers, twee gange en 'n badkamer, dikwels met konstruksie - en afwerkingsfoutê omdat daar op Theunis se aandrang van die arbeid van ongeskoolde, verarmde volksgenote gebruik gemaak is.²⁵ Tibbie wat deeglik van hierdie defekte bewus was, was nogtans "more than thankful ... in our altered circumstances ... to have such a home & such minor details do not worry me".²⁶

Die meeste Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners het nog gehoop dat Theunis se politieke son nie gedaal het nie. Hulle sou hom wou inspan om vir hulle politieke saak te stry. Vir diegene was die verandering in Theunis 'n enorme skok. Dit was vir hulle onmiddellik duidelik dat sy langdurige siekte "een rampzalige invloed heeft gehad op zijn ijzeren gestalte en gezondheid".²⁷ Hy kon onmoontlik 'n voltydse beroep beoefen. Buitendien het Bloemfontein vir Theunis geen bekoring ingehou nie. Dit was slegs met groot moeite dat hy hom aanvanklik so ver kon bring om dit

21 VAB A160/70 RIS (OR) - HPNM 12 Maart 1905.

22 Ineg PV181 2/8/1/1/5 RIS - HPNM 22 Maart 1903.

23 Muller, C.F.J. (red.), Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, p. 325; Van Rensburg, A.P.J., Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie 1902-1907, p. 73; VAB A156 1/1/3 W.J.C. Brebner - MTS 6 Junie 1902.

24 VAB A156 1/1/34 ds. Fraser - RIS 7 April 1904; Schoeman, K., In liefde en trou, ... p. 114.

25 Meintjes, J., President Steyn, p. 203; Kruger, N., Rachel Isabella Steyn; presidentsvrou, p. 81; Kruger, N., "Die draer van ons hulde: mev. pres. M.T. Steyn", Die Huisgenoot 17 Februarie 1948.

26 VAB A160/70 RIS - HPNM 12 Maart 1905; VAB A156 1/1/39 ds. Fraser - Gordon 9 Maart 1905.

27 VAB A156 1/1/17 De Vriend "President Steyn, de aankomst te Kaapstad c. Februarie 1905; VAB A156 1/1/17 ongeïdentifiseerde Engelstalige koerant "Mr. Steyn's return. Arrival this morning" 18 Februarie 1905.

te besoek. Nes ds. Fraser het die Steyns in 1905 ook soos vreemdelinge in die voormalige republikeinse hoofstad gevoel.²⁸

Tibbie was die teenstelling van die eertydse Victoriaanse vrou wat gewoonlik "the completely leasured, completely ornamental, completely helpless and dependent middle class wife" was.²⁹ Vir hierdie apatiese, dekoratiewe houding was daar ná die Steyns se intrek in Onze Rust geen plek nie. Sy is dadelik gekonfronteer met die huishoudelike probleme wat die algeheel hulpelose, afhanklike Victoriaanse dame gewoonlik nie kon hanteer nie. Hier was hulle nou plaasbewoners, buite die onmiddellike bereik van die geneesheer, die winkel, die apteek en die ambagsman.

Die toeloop van gaste binne die eerste maand was ook sodanig dat dit Theunis totaal uitgeput en Tibbie ongesteld gelaat het.³⁰ Lopende water is eers teen die einde van Mei in die kombuis en badkamer aangebring.³¹ Daarby moes die onklaar stoof en nog onkundige bediendes Tibbie se vermoëns as huisvrou en gasvrou aanvanklik deeglik beproef het.³² Gelukkig kon sy staatmaak op die huishoudelike dienste en kookvernuf van Adriaana Bakker, die eggenote van die Nederlandse tuinier en plaasvoorman wat die heer De Bruine, burgemeester van Zwyndrecht, Nederland, die vorige jaar vir hulle bekom het.³³ Cornelis du Preez, Theunis se oorlogtydse adjudant en helper in die jare daarna wat tot met sy huwelik in 1907 'n inwoner van Onze Rust was, se hulp aan Theunis en op die plaas was eweneens onontbeerlik.³⁴

Tibbie het reeds sedert 1904 uit die buiteland al die nodige skriftelike aanvoerwerk gedoen om hul meubels, wat hulle in Maart 1900 in die Presidensie agtergelaat het,³⁵ weer te bekom.³⁶ Sy het dit skaars drie jaar tevore geplaas in die sorg van haar vriend, luitenant-genl. sir Hamilton Goold-Adams, die hoof van die administrasie van die Oranjerivierkolonie, omdat sy geoordeel het dit sou veiliger by hom in die ou Presidensie wees. "In case you find the things in the way", het sy aan Goold-Adams geskryf, "you can let de Jongh (die plaasvoorman) take them to the farm but I should prefer their remaining at Government House".³⁷ Sy het Government House, soos die Presidensie herdoop is, na hul terugkoms persoonlik in

28 VAB A156 1/1/18 ds. Fraser - RIS 15 Junie 1903.

29 Mendelsohn, R., Sammy Marks "The uncrowned king of the Transvaal", p. 190.

30 VAB A156 1/1/18 ds. Fraser - RIS 27 Maart 1905.

31 VAB A156 RIS - Gladys 27 Mei 1905; A160/70 RIS - HPNM 12 Maart 1905.

32 VAB A156 1/1/39 ds. Fraser - Gordon 5 Maart 1905.

33 VAB A160/70 RIS (Parys) - HPNM 19 Desember 1904.

34 VAB A156 1/1/15 dr. H.J. Kiewiet de Jonge (Dordrecht, Nederland) - MTS 15 Junie 1906; A160/70 RIS - HPNM 23 Junie 1906, 23 Maart 1907.

35 Ineg PV181 2/8/1/1/2 RIS (Bloemfontein) - MTS 10 November 1901; PV181 4/1/2/2 RIS (Bloemfontein) - MTS 24 Mei 1902.

36 VAB CO 421 2020/04 RIS - H.F. Wilson 23 Februarie 1904.

37 OR RIS (Krugersdorp) - H. Goold-Adams 4 Julie 1902.

verband hiermee besoek,³⁸ maar is tot ander insigte gebring toe sy besef het in watter gehawende toestand die meubels werklik was. Ds. Fraser het Tibbie aangeraai om liewer £300 as kompensasie te aanvaar. Indien dit nie moontlik was nie, moes sy aandring daarop dat die Oranjerivierkolonie se regering die meubels op Onze Rust aflewer. "I need not say how extremely shabby I find it of Govt. after using it for more than 3 or 4 years," het ds. Fraser geskryf, "to refuse to take it at a price which is of course much less than the original value".³⁹ 'n Jaar later meld Emily Hobhouse wat by Onze Rust op besoek was dat Tibbie se meubelprobleme steeds onopgelos is. Die meubels wat sy wel teruggekry het, "has been disgracefully handled". Die eis van £250 wat Tibbie ingestel het vir die meubels, was volgens mej. Hobhouse ontoereikend en "of course she will never get it", het sy daaraan toegevoeg.⁴⁰ Die sofa en vier gemakstoele wat die Steyns die vorige jaar in Londen bestel het, het gewis nou handig te pas gekom.⁴¹

Die kommer oor die beperkte finansiële middele tot hul beskikking het met hul intrek op Onze Rust akuit geword. Dit was nie slegs die groot huishouding wat aan die gang gehou moes word nie, die kinders se skoolopvoeding⁴² en die plaas self het groot eise aan hul beperkte finansies gestel. Aan boord van die Kronprinz op pad na Suid-Afrika het Tibbie haar besorgdheid oor dié netelige saak met Emily Hobhouse bespreek.⁴³ Sy sou aansienlik meer gemoedsrus ondervind het as sy bewus was van die beroep wat reeds op 16 Desember die vorige jaar uitgegaan het vir die stigting van "Het President Steynfonds". 'n Groep vooraanstaande Afrikaners, onder wie generaals Smuts, De la Rey, Hertzog, De Wet en ander het onder voorsitterskap van genl. Botha in Pretoria die aand na afloop van president Kruger se begrafnis vergader. Die besef dat Theunis se gesondheid steeds soveel te wense oorlaat dat 'n voltydse beroep buite die kwessie was, het hulle genoop om verskillende komitees in die provinsies en in Nederland op die been te bring om so 'n huldeblyk 'n tasbare werklikheid te maak.⁴⁴ In die Vrystaat het dit onder leiding van Abraham Fischer gestaan, in die Kaapkolonie onder J.H. Hofmeyr⁴⁵ en in Nederland onder die leiding van dr. Hendrik Muller.⁴⁶

Tydens hul verblyf in die buiteland is ten minste £10,000 ten behoeve van die

38 The Friend 26 Mei 1947.

39 VAB A156 1/1/39 ds. Fraser - Gordon 19 Maart 1905.

40 Van Reenen, R. (Ed.), Emily Hobhouse Boer War letters, p. 511.

41 VAB Meester van die Hooggereshof, Testament RIS 15/55, geswore waardasie "A".

42 VAB A156 1/3/2 RIS - Wynbergskool 5 Maart 1906.

43 VAB A357 EH - lady Charlotte 22 Februarie 1905.

44 TAB A787/209 Oproep "Het Pres. Steyn-fonds"; VAB A160/70 Ons Land 21 Februarie 1905.

45 VAB A156 1/1/3 J.H. Hofmeyr (Kaapstad) - MTS 28 Junie 1905.

46 Spies, F.J. du T., 'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat ..., p. 237.

Steyns belê wat 'n versekerde inkomste van ten minste £600 per jaar vir hulle sou beteken.⁴⁷ Die £4,148 9s. 3d. wat die Transvalers bygedra het, het uit al die lae van die bevolking en politieke oortuigings gekom. Hierdie mense was sonder uitsondering, volgens genl. Louis Botha, verening in hul respek vir Theunis en vol "bewondering en waardering Uwer zelfopofferende liefde voor land en volk en van innige sympathie in het verlies van Uwe gezondheid."⁴⁸ Op die bedrag van £2,392 5s. 5d. wat J.H. Hofmeyr namens die Kaapprovinsie oorhandig het, het Theunis self geantwoord dat dit 'n opbeurende gedagte is "dat mij de liefde en achting van een groot deel van mijne mede Afrikaander bewaard zijn gebleven niet tegenstaande het verlede".⁴⁹ In 1907 het die Steyns se finansies 'n verder hupstoot gekry. In daardie jaar het die Vrystaat selfregering verkry en is 'n staatspensioen aan Theunis toegeken.⁵⁰ Die Fonds is op versoek van Theunis deur 'n kommissie beheer en die Steyns sou op die rente wat £25 per maand bedra, geregtig wees. "Ik zal dus heel zuinig moeten werken 'to make ends meet'", skryf Tibbie konfidensieel aan dr. Muller, "want zoals jij weet hebben wij nogal een drukke huishouding en wij moeten alles koop".⁵¹

Ten einde Emmie en die jonge Tibbie langer in die huis te hou, wou Tibbie aanvanklik 'n Europese goewernante "well up in all four languages" - waarskynlik Nederlands, Engels, Frans en Duits - se dienste bekom.⁵² Ds. Fraser het haar egter tot ander insigte gebring toe hy haar daarop wys dat "you will get one quite as good & more reasonable at the Cape & must at present do for our country people what is in our power".⁵³ Tot April 1907, toe al die dogters met die uitsondering van Hannah na die nuutgestigte Meisieskool Oranje in Bloemfontein is,⁵⁴ het mej. Coward, 'n voormalige onderwyseres by die Dames-Instituut, die dogters onderrig.⁵⁵

Theunis wat bykans drie dekades tevore 'n voltydse boerdery op Zuurfontein behartig het, het nou ervaar dat "boerdery ... geen plesier ... is" nie.⁵⁶ Hy het dit fisies 'n groot inspanning gevind om selfs ou Scott, sy oorlogspersd te bestyg.⁵⁷ Om

47 VAB A357 EH - lady Charlotte 22 Februarie 1905.

48 VAB A156 1/1/3 Louis Botha - MTS 27 September 1905.

49 VAB A156 1/1/39 MTS - J.H. Hofmeyr 12 Desember 1905.

50 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, 11, p. 152.

51 VAB A160/70 RIS - HPNM 8 Januarie 1906.

52 VAB A156 1/1/39 RIS - Gladys c. Mei 1907; A160/7 RIS (Cannes) - HPNM 13 Maart 1904.

53 VAB A156 1/1/18 ds. Fraser - RIS 28 Oktober 1904.

54 De Boerenvriend Huisalmanak voor 1908, p. 41.

55 Openbare Biblioteek, Bloemfontein, Steyn, G.E., "In dankbare herinnering aan my moeder", 1, p. 6, pamflet.

56 VAB A160/69 RIS - HPNM 6 Augustus 1937.

57 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, 11, p. 154; VAB A119 Herinnering van adj. C. du Preez 1954, p. 117; VAB A160/90 RIS - HPNM 26 Februarie 1906.

die plaas vir saaidoeleindes te ontwikkel het heelwat arbeid en insetkoste geverg. Die kwessie van voldoende water het aanvanklik al die ander probleme oorskadu. Selfs genl. De Wet het by een geleentheid probeer optree as "waterwyzër" vir die grawe van 'n put naby waar hy gemeen het die oorspronklike fontein opgedroog het.⁵⁸ Nadat die soveelste poging om 'n damwal te bou misluk het, het Theunis aan Jaap geskryf dat hy al soos Job begin voel.⁵⁹ Tibbie kon skaars haar vreugde bedwing toe hul volgehoue pogings uiteindelik in 1907 beloon is deur 'n boorgat met "de prachtige stroom water op de landen".⁶⁰ Die veestapel, opgebou uit skenkings van Vrystaters, het reeds teen die einde van 1905 goed gevorder.⁶¹

Tibbie is nie oorweldig deur al dié groot uitgawes en probleme nie. Sy het intendeel aan dr. Muller geskryf dat "I simply love the life on the farm".⁶² Sy het haarself as entoesiastiese "Boer vrouw" beskryf, wie se dagtake haar sonder onderbreking besig gehou het: "I was housemaid for practically a whole month", het sy aan Margaret Clark geskryf, "in addition to all my other duties".⁶³ Om kostes te besnoei, het sy 'n groentetuin aangelê⁶⁴ en haar verlustig in haar liefhebberij, 'n pluimveeboerdery.⁶⁵

'n Huis vol gaste het die reël eerder as die uitsondering op Onze Rust geword.⁶⁶ Die stroom besoekers het inderdaad nooit opgedroog nie. In 1912 skryf Tibbie aan mej. Hobhouse dat "the stream continues ... and we are seldom without people".⁶⁷ 'n Dekade later kon mej. Hobhouse haar net verwonder aan die besondere buigzaamheid van die plaaswoning wat soveel gaste op 'n keer kon huisves.⁶⁸ Dit was nie ongewoon nie dat kinders, later kleinkinders en inwonende bediendes in tente gehuisves is om voldoende slaapplek vir volwassenes te verseker. 'n Ekstra badkamer is in 1913 spesiaal vir mej. Hobhouse se besoek aangebou⁶⁹ en 'n telefoon is in dieselfde tyd geïnstalleer.⁷⁰

58 VAB A160/70 RIS - HPNM 15 Mei 1905.

59 VAB A90/8 Theunis - Jaap de Villiers 16 November 1906.

60 VAB A160/70 RIS - HPNM 26 Januarie 1907.

61 VAB A160/70 RIS - HPNM 15 Mei 1905, 8 Oktober 1905.

62 VAB A160/70 RIS - HPNM 15 Mei 1905.

63 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret (Clark) Gillet 8 Januarie 1907.

64 VAB A160/70 RIS - HPNM 8 Januarie 1906.

65 Ineg PV181 3/1/2/1 Radiovertelling in die rubriek "Vroue op die voorgrond". Uitgesaai 16 Augustus 1962.

66 VAB A160/70 RIS - HPNM 15 Mei 1905.

67 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 30 Augustus 1912.

68 VAB A156 1/1/2 EH (Londen) - RIS 4 Februarie 1924.

69 VAB A156 1/1/42 RIS - EH 12 Oktober 1913.

70 VAB A156 1/1/10 D.V. Graaff (Seepunt) - RIS 4 Februarie 1913; A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 2 Julie 1914, 26 Julie 1914.

Teen 1913 het 'n Ford-motor die oorspronklike oorlogspaaider vervang en dit was vir Tibbie nou "simply nothing ... to run in and out to Bloemft".⁷¹ Die eerste rit, opwindend, sonder perde en sonder probleme het aan die begin van April 1913 geskied.⁷² Sowel Tibbie as Theunis het altyd van 'n motorbestuurder gebruik gemaak. 'n Nuwe en moderner motor wat Tibbie en Rae in 1920 van Colin as geskenk ontvang het, het aan hulle steeds groter bewegingsvryheid verleen omdat Rae, Tibbie se skoonogter, wat self kon bestuur enige tyd vir 'n heen-en-weertjie na Bloemfontein ingespan kon word.⁷³ Dat Onze Rust die Steyns in staat gestel het om in die woorde van Brebner "to live there in royal & independent style & see & meet only those (they) wish to", het Theunis in daardie stadium gepas.⁷⁴ Hy was nog nie gereed "to construct ... a fresh frame work ... to build one's ideals ... (on)", soos Emily Hobhouse vir genl. Jan Smuts in 1907 aangemoedig het om te doen nie.⁷⁵ Dit bly egter 'n vraag of die Steyns altyd volle beheer gehad het wie hulle op Onze Rust kom besoek het en of Brebner nie die omstandigheid oorvereenvoudig het nie. Dat die afstand van ongeveer agtien kilometers vanaf Bloemfontein, destyds 'n uur en 'n half vanaf die hoofstad, later makliker bereikbaar per motor, tog 'n groot mate die toevloei van gaste beperk het, kan aanvaar word. Dié woorde van Brebner wat slegs vyf maande ná die oorlog geskryf is, het egter nie rekening gehou met die behoeftes van die Afrikaner na 1905 nie: "From far and near the Boers come to see and consult him", het Emily Hobhouse na 'n besoek aan Onze Rust in 1906 geskryf, "so that the lonely farm seems always the hub of the Free State".⁷⁶ Dat die toeloop van gaste uit alle lae van die bevolking tien jaar later steeds die geval was, kon Tibbie se skoonseun, Nico van der Merwe getuig.⁷⁷

Theunis het dit inderdaad moeilik gevind om die brokstukke van sy eertydse bestaan in Bloemfontein op te tel; hy het destyds soveel meer gehad: sy gesondheid, die presidentskap, sy politieke vryheid. Tibbie was nie Theunis se weersin om Bloemfontein te besoek deelagtig nie, alhoewel sy menige melancholiese "heart burnings" soos sy dit genoem het, ondervind het. Sy het haar eggenoot egter steeds

71 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet, 2 Julie 1914; A156 4/2 De Goede Hoop Maart 1906 (F.S. Malan verslaggewer).

72 OR Gladys (Amsterdam) - RIS 21 Februarie 1913; OR Gladys (Dresden) - RIS 9 April 1913.

73 VAB A160/70 RIS - HPNM 23 Februarie 1920.

74 VAB A156 1/1/14 W.J.C. Brebner - RIS 23 Oktober 1902.

75 TAB A1/188 EH (Bruton St.) - J.C. Smuts (voortaan JCS) 29 Mei 1904.

76 VAB A357 EH (Philippolis) - lady Charlotte 20 Julie 1906.

77 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 153; Oberholster, J.J., Van Schoor, M.C.E. (reds.), President Steyn aan die woord, p. 113

teen emosionele pyn probeer beskerm en was nie gretig dat Theunis se ou wonde in Bloemfontein oopgekrap sou word nie.⁷⁸

Tibbie is in Mei 1905, vier maande na hul terugkoms, versoek om 'n NG Kerkbasaar in Bloemfontein te open en het die hartlike ontvangs van die meningvuldige vriende op prys gestel, maar sy het tog erken "we shall never grow accustomed to the altered state of affairs".⁷⁹ Dit was inderdaad 'n ander Bloemfontein waaraan Tibbie gewoond sou moes raak. Sir John Fraser, soos haar oom nou bekend gestaan het, het sy huis langs dié van sir Goold-Adams, naamlik Government House, verruil vir 'n woning in 'n nuwe woonbuurt ten noorde van Naval Hill. Tibbie kon selfs nou deur 'n verlengde President Brandstaat oor die Bloemspruitbrug direk die hoofstraat, Maitlandstraat, bereik waar die woonhuise van vroeër plek gemaak het vir dubbelverdieping-sakegeboue. Die ou aristokrasie van die hoofstad, hul vooroorlogse vriende, het die Spruitomgewing in St. Georgestraat verruil vir Fairview, 'n moderner woonbuurt aan die Suidwestelike hang van Naval Hill.⁸⁰

Dit was egter nie net die uiterlike Bloemfontein wat Tibbie 'n algehele vreemdeling laat voel het nie.⁸¹ Die toonaangewende burgers was Brits- en Imperiaalgesind en saamgetrek om Government House en sir Goold-Adams. Haar vader se halfbroer, sir John Fraser, het hom by dié Britse Imperiaalgesindes geskaar. Alhoewel sir John Theunis aanvanklik met die vestiging van sy advokaatpraktyk in Bloemfontein bygestaan het en die verhouding destyds tussen Tibbie en Theunis aangemoedig het, het sir John, Theunis dit nooit vergewe dat hy, Fraser tydens die presidentsverkiesing in 1896 die onderspit teen Theunis moes delf nie. Hy het selfs "een bittere vijandschap tegenover den ander candidaat (Theunis) ... ontwikkelde".⁸² Dat sir John verder die Britse okkupasie mag tydens die Anglo-Boereoorlog ter wille was, is hom erg deur baie, ook die Steyns verkwalik.⁸³ Dit was dus nie totaal onverwags toe die Steyns in Mei 1905 nie na die huwelik van sy dogter, Florence, uitgenooi is saam met die Goold-Adamse en die Britsgeinde hoëlui nie.⁸⁴ Die vervreemding tussen die twee families sou dekades lank voortduur, soos een van sir John se agterkleinkinders dit aan die skryfster bevestig het.⁸⁵

78 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 23 Julie 1905.

79 VAB A160/70 RIS - HPNM 15 Mei 1905.

80 Schoeman, K., Bloemfontein: die ontstaan van 'n stad 1846-1946, pp. 189-193.

81 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 23 Julie 1905.

82 Fraser, J.G., Episodes in my life, p. 172; VAB A156 6/1 "n President se verkiesing".

83 VAB A156 1/1/21 Hannie Bignaut - RIS 31 Mei 1903.

84 VAB A156 1/1/39 RIS - Gladys 27 Mei 1905.

85 Mededeling Dorothea E. Rowse Februarie 1989.

Tibbie het nooit die prooi geword van wat Emily Hobhouse bestempel het as die "Afrikaner powerlessness to write letters" nie.⁸⁶ Sy het in werklikheid geen ander keuse gehad nie, want tot sy dood was om te skryf vir Theunis "by either pen or machine ... still a great effort ... owing to the weakness of my hands".⁸⁷ Reeds van Februarie 1905 af het Tibbie die magdom verwelkomingsbriewe⁸⁸ en telegramme, waaronder dié van Olive Schreiner, genl. De la Rey en dr. Wouter van der Merwe die geneesheer onder wie se sorg Theunis direk na die Anglo-Boereoorlog in Krugersdorp vertoef het, sonder uitstel antwoord.⁸⁹ Die volume korrespondensie het nie verminder noudat Theunis buite die politiek gestaan het nie. Na sy verjaarsdag in 1913 was daar byvoorbeeld meer as honderd telegramme buiten die magdom briewe van gelukwensing wat volgens die Victoriaanse norm elkeen persoonlik beantwoord moes word.⁹⁰ As Tibbie weens ongesteldheid enigsins onbekwaam was om te skryf, was daar ontwrigting. Mev. Fraser, Tibbie se moeder, wat in daardie stadium op Onze Rust gebly het, skryf: "You will know what that means ... how the letters accumulate ... Gladys (sic) & Tibbie have their hands pretty full as they must now do the most necessary correspondence & all the reading for father".⁹¹ Die brieweboek wat Tibbie later aangeskaf het, het haar in staat gestel om ordelik en sistematies die korrespondensie af te handel. Die jonger Tibbie (voor haar huwelik in 1916),⁹² Gladys as sy beskikbaar was⁹³ en Emmie het dikwels hulp verleen met die korrespondensie.

Daarby moes Tibbie by al haar menigvuldige pligte⁹⁴ vir Theunis voorlees uit die koerante of uit boeke wat hy dikwels bestel of⁹⁵ as geskenke ontvang het.⁹⁶ Gelukkig kon die dogters haar hierin ook bystaan.

Tibbie se briewe is byna deurgaans 'n toonbeeld van uiterse diskresie. Dit is net waar sy skryf aan intieme vriende soos dr. Hendrik Muller, Jaap de Villiers en Emily Hobhouse dat die skanse van stywe Victoriaanse formalisme plek maak vir 'n warmer vrymoedigheid en humor.⁹⁷ Vertroulike sake en veral politieke kwessies het

-
- 86 Van Reenen, R. (Ed.), Emily Hobhouse Boer War letters, p. 437.
 87 VAB A156 1/1/17 RIS (nms MTS) - J.X. Merriman 29 Januarie 1912.
 88 VAB A156 1/1/35 John & Mary Brown - Steyns 22 Februarie, A.T.S. le Fleur - Theunis 28 Februarie 1905, D. Rodgers-Morrison (Johannesburg) -Theunis 20 Februarie 1905, e.v.
 89 VAB A156 1/2/1 Telegramme van verwelkoming.
 90 VAB A156 1/1/17 mev. Fraser (OR) - Emmie 9 Oktober 1913.
 91 VAB A156 1/1/17 mev. Fraser (OR) - Emmie 1 Desember 1913.
 92 The Friend 10 Februarie 1916.
 93 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 29 Januarie 1914.
 94 A156 4/7 The Argus 5 Maart 1937.
 95 VAB A156 1/1/6 Leo Fouche (Pretoria) - MTS 22 Julie 1910.
 96 VAB A156 1/1/17 mev. Fraser (OR) - Emmie 9 Oktober 1913.
 97 VAB A90/8 RIS (Clarens) - Jaap de Villiers 1 Maart 1903, 22 Oktober 1905, 16 November 1906, 20 September 1907 e.v.

Tibbie met groot omsigtigheid hanteer. J.X. Merriman, een van Theunis se vele vooraanstaande korrespondente, het getuig dat dit so 'n plesier was om aan haar te skryf omdat "there (are) so very few ... to whom one can write confidentially on public affairs". Daarby waardeer Merriman die akkuraatheid waarmee die briewe geskryf is aangesien dié eienskap in Suid-Afrika in daardie stadium skaars was.⁹⁸ Bykans agt dekades lank sou Tibbie 'n bedrywige korrespondent bly ten spyte van die beskikbaarheid van die telefoon, die motor en die geleidelike verdwyning van die Victoriaanse kuns van briefskryf.

Huisgodsdienst is gereeld deur die gesin saans na ete gehou.⁹⁹ Ten spyte van die soms neerdrukkende omstandighede weens Theunis se gesondheid het gesonde humor en opgeruimdheid deel van die Steyn-huishouding se kenmerke gebly. Tibbie het ter wille van Theunis 'n positiewe uitkyk op die lewe voorgehou en doelbewus gepoog om 'n lewensblyheid uit te straal. Dat dit nie altyd sonder inspanning gepaard gegaan het nie, blyk uit haar private versugtinge toe al die dogters in Bloemfontein op skool was.¹⁰⁰

Kinders en later kleinkinders het Onze Rust tydens vakansietye op horings geneem. Met 'n tennisbaan,¹⁰¹ 'n kroketbaan,¹⁰² 'n ouerpaar wat min beperkings op hulle kinders se natuurlike uitbundigheid en uitgesprokenheid geplaas het en die onblusbare oom Gordon, Tibbie se jonger ongetroude broer in hulle midde, was die plaashuis die sentrum van luidrugtige en vrolike byeenkomste van jongmense.¹⁰³ Veral in die eetkamer, vandag die woonkamer op Onze Rust, het die jongmense speletjies gespeel en gedans, soos ds. Fraser al voor die voltooiing van die huis voorspel het.¹⁰⁴ Hulle kinders, het Tibbie dr. Muller verseker, besorg hulle baie plesier.¹⁰⁵

So was Theunis se agt-en-veertigste verjaarsdag - soos trouens al die 2e Oktobers tot 1916 - net "zoo gezellig en vrolik" met 'n twintigtal familieleden en vriende wat kon aansit by 'n genoeglike middagmaal. Hannah was vir die verjaarsdagkoek verantwoordelik en, met die hulp van mej. Coward ook vir die keurig gedekte tafel. In die middag het vele ou vriende, onder andere genl. Hertzog, Abraham Fischer, W.J.C. (Jack) Brebner en Charlie Fichardt vanaf Bloemfontein hul opwagting

98 VAB A156 1/1/5 J.X. Merriman (Schoongezicht) - MTS 31 Desember 1907.

99 TAB A787/209 RIS - G.S. Preller 3 April 1906.

100 VAB A156 1/1/40 RIS - Gladys 1 Mei 1907; VAB A156 4/3 Die Brandwag 1 Januarie 1912.

101 VAB A160/70 RIS - HPNM 8 Januarie 1906.

102 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, 11, p. 154.

103 VAB A357/2 ds. Fraser - EH 20 Mei 1906; Van der Merwe, N.J. (jr.), "Ouma", Nuntius c. 1986.

104 VAB A156 1/1/18 ds. Fraser - RIS 29 Augustus 1904.

105 VAB A160/70 RIS - HPNM 8 Oktober 1905.

gemaak. Die feit dat geen republikeinse vlag meer gewapper het en die Artilleriste geen saluutskote gevuur het nie, het nie die feesatmosfeer gedemp nie. Die aand het die jong komp nog heelwat pret gehad in die geselskap van Gordon, Percy Fischer, en ander.¹⁰⁶

Alhoewel die Steyns menige "heart burnings" - die woord wat Tibbie gebruik het om hul veranderde omstandighede te beskryf - ondervind het in hul aanpassing in die Vrystaat, was dié weemoed tog minder opvallend met hul besoek aan Pretoria in Oktober 1905 om die huwelik by te woon van pres. Kruger se oudste kleindogter, Nettie, met Manie Bredell. Die plek wat die Steyn-naam in Transvaal geniet het, kon gepeil word deur die menigte Afrikaans- en Engelssprekendes wat hulle om die Steyns geskaar het. "Van alle kanten" is bewyse ontvang van die groot "eerbied, die iedereen voor deze Held koestert". Theunis was vir hulle "de man des lijdens, die bijna niets dan bitterheid heeft gedronken in die laaste jaren". Daarom was dit so onverwags dat die bewonderaars, in plaas van twee gebroke lydensfigure, vir Theunis en Tibbie as die mees opgewekte onder die bruihofgaste gevind het. Die bittersoet momente was wel daar, maar die erkenning daarvan het slegs geskied in die privaatheid van persoonlike korrespondensie aan goeie vriende.¹⁰⁷ Daarin het juis die charisma van die Steyns gelê, dat Theunis se gebroke liggaam nie 'n gebroke gees gehuisves het nie, dat sowel Theunis as Tibbie bo omstandighede kon uitstyg en dat beide se psige 'n diepe altruïsme bevat het wat geleef het ter wille van ander. Dit is dus nie verrassend nie dat die Steyns "tot 't einde toe hartelike deel aan de heersende vrolijkheid" van die bruilof en dat Theunis se toespraak op die bruidspaar "de geestigste, vrolijkste zelfs van alle" was.¹⁰⁸ Aan Jaap de Villiers het Theunis nogtans erken dat hy maar "dikwyls ... lach om die pyn te stillen".¹⁰⁹

Hoewel Tibbie minder aandag geniet het as Theunis, minder bewonderaars om haar saamgetrek het om 'n woordjie te wissel, en minder omstanders met haar persoonlikheid beïndruk het, was haar rol aan Theunis se sy een van smaakvolheid, waardigheid en vriendelikheid. Die laaste funksie in Pretoria was 'n damesgeleentheid ter ere van Tibbie wat aangebied is deur mev. Melt Marais en waar Tibbie die aanwesiges in enkele woorde bedank het.¹¹⁰

Op pad terug in Johannesburg, waar hulle by Theunis se boesemvriend, Jaap de Villiers wat toe as advokaat in Johannesburg gepraktiseer het, tuisgegaan het, het

106 VAB A160/70 RIS - HPM 8 Oktober 1905.

107 Lewson, P. (Ed.), Selections from the correspondence of John X. Merriman 1905-1924, p. 9, MTS - J.X. Merriman 27 Oktober 1905.

108 VAB A156 4/1 De Volksstem 12 Oktober 1905.

109 VAB A90/8 MTS (Amsterdam) - Jaap de Villiers 12 September 1904.

110 VAB A156 4/1 De Volksstem 14 Oktober, 17 Oktober 1905.

hulle "de lekkerste dag" nog deurgebring.¹¹¹ By die Wanderersklub, wat enkele jare tevore nog in die spottende woorde van Theunis "only sacred ... to God Jingo" was,¹¹² is hulle deur vyftienhonderd belangstellendes en vriende ontvang op 'n "at home". Die Steyns is deur W.H. Poultney en Jaap voorgestel. Tibbie se broer, Harry, was onder die aanwesiges, en ook Emily Hobhouse wat intussen 'n spin- en weefskool op Langlaagte geopen het, en mev. Jean van der Merwe, eggenote van die geneesheer wat Theunis aan die einde van die oorlog behandel het. Die totale teenstelling in die behandeling wat die Steyns by die geleentheid in dié heiligdom van die Randse Engelsesindes ontvang het, het J.X. Merriman opgeval: "Truly the race of them who stoned the prophets & then built the sepulchers is not extinct in these days".¹¹³

1.2 Versigtige hertoetreding tot die openbare lewe

Theunis wou eers die indrukke van die Tranvaalse besoek "verteer", soos hy dit aan Jaap gestel het, voordat hy enige politieke uitsprake waag.¹¹⁴ Hy het steeds gehoop dat sy politieke son nie permanent ondergegaan het nie. Omdat openbare optrede noodwendig met soveel emosies en spanning gepaard gaan, is op dr. Winkler se aanbeveling besluit dat Theunis hom vir ten minste 'n jaar van die politiek sou weerhou.¹¹⁵

Weinig vriende, kennisse en verslaggewers wat met Theunis in aanraking gekom het, was bewus daarvan hoe moeilik dit vir hom was om so hulpeloos te voel.¹¹⁶ Die gevoel van hulpeloosheid was nie net weens sy fisiese onvermoë nie, maar ook weens die politieke onvryheid van die Afrikaner. "Het is mij soms of de ... Vrijstaatsche lucht mij gaat verstikken", het hy in 1905 vertroulik aan dr. Muller geskryf. "Niets lijkt meer zoals het was, zelfs onze onmetelijke vlakten komen mij klein voor en voel ik mij daarin beklemd en benauwd. Hoelang!"¹¹⁷ Byna ongemerk het die "authentic expression of the views of the Dutch South Africans" wat W.T. Stead van Steyn verlang het, hom egter die pleitbesorger, die steun en die stuurman van die politiek rigtinglose en maatskaplike nooddriftige na-oorlogse Afrikaner

111 VAB A90/8 MTS - Jaap de Villiers 22 Oktober 1905.

112 Lewson, P. (Ed.), Selections from the correspondence of John X. Merriman 1905-1924, p. 10, MTS - J.X. Merriman 27 Oktober 1905.

113 VAB A156 1/1/3 J.X. Merriman (Schoon gezicht) - MTS 27 Oktober 1905.

114 VAB A90/8 MTS - Jaap de Villiers 22 Oktober 1905.

115 VAB A156 1/1/15 C. Winkler - RIS c. 1905, c. 1907.

116 Borchenhagen, C., (jr), "Our premier burgher", The Bloemfontein Pelican c. 1905.

117 VAB A160/70 MTS - HPNM 26 November 1905.

gemaak.¹¹⁸ Dit het al meer gelyk of Theunis permanent "een leidend maar (niet) ... actief aandeel sou nemen" in die politiek van Suid-Afrika.¹¹⁹

Daar kan met goeie rede gevra word waarom, as aktiewe politieke deelname vir Theunis nie moontlik was nie, as hy nouliks selfs by magte was om sy eie baadjieknoppe vas te maak en as daar politici soos Hertzog, Botha, Merriman en Smuts was, hy soveel invloed gehad het dat hy selfs as die invloedrykste Afrikaner in Suid-Afrika bestempel was.¹²⁰ Dié vraag kan op twee maniere beantwoord word. Die eerste is omdat "de Boer in zijn geknakt lichaam een prent van het lijden dat het ganse ras had verduurd, had gezien en hij hem daarom vooral lief had".¹²¹ Tweedens het die geheim gelê in Theunis se persoon: 'n Engelstalige tydskrif het in 1909 na sy sterk persoonlikheid, sy sin vir regverdigheid en sy doelgerigtheid verwys en ook na die feit dat hy bereid was om elke persoon, ryk of arm, gesofistikeerd of eenvoudig op sy eie meriete te aanvaar en om homself aan so iemand beskikbaar te stel.¹²² 'n Parlementariër met die statuur van Merriman het sy invloedrykheid toegeskryf aan sy nugtere ewewigtigheid en politieke oordeel.¹²³ Dit was aan die sy van hierdie nasionale figuur dat Tibbie haar plek moes volstaan. Sy was inderwaarheid sy getrouste en intiemste vertroueling, die een wat moes luister, raad gee, vermaan en bemoedig.

Tibbie het nog nie besef dat Theunis se gesondheid, ten spyte van 'n kortstondige optimisme in 1906 toe hy sy eerste politieke toespraak gehou het op die kongres van die Orangia-Unie, permanent geknak was nie. Die oorspronklike kongres van die party wat 'n jaar vantevore onder voorsitterskap van genl. Hertzog in Bloemfontein plaasgevind het, was een van die eerste tekens van georganiseerde partypolitieke samewerking in die Vrystaat. Die Orangia-Unie het hom beywer vir die verkryging van selfbestuur vir die Vrystaat. Tibbie was baie senuagtig voor hierdie eerste toespraak van Theunis want sy het nie gedink hy sou by magte wees om bykans 'n uur lank te kan staan nie. "It was a great day for us", het sy aan mev. Brown beken. "How it made us think of olden times".¹²⁴ Theunis se toespraak het vernietigende kritiek op die bewind van Milner gelewer en was instrumenteel in die wedergeboorte van die Afrikaner se politieke bewussyn in die Vrystaat.¹²⁵

118 VAB A156 4/1 W.T. Stead (Londen) - MTS 16 Desember 1905.

119 VAB A156 1/1/40 C. Winkler - RIS c. Julie 1904.

120 Lewson, P., John X. Merriman, p. 286; A156 4/6 Pall Mall Gazette 29 November 1916.

121 A156 4/6 London Times aangehaal in Ons Land c. Desember 1916; Die Volksblad 9 Januarie 1917.

122 "Marthinus Theunis Steyn", African Monthly vol. VI, no. 34, September 1909, p. 323.

123 Lewson, P., John X. Merriman, p. 264; sien ook Smit, J.J., "President Steyn", Die Huisgenoot Desember 1916, p. 191; Thompson, L.M., The unification of South Africa 1902-1910, pp. 34, 35.

124 VAB A156 1/1/35 RIS - mev. Brown 16 Mei 1906.

125 De Vriend des Volks 8 Mei 1906; The Friend, Leader 4 Mei 1906.

Tibbie het vol optimisme aan haar broer, Colin, geskryf dat daar weinig tekens in Theunis te bespeur was van die invalide: "Soon the old war horse will be as ready for battle as ever. May that time soon come!"¹²⁶ Ook ander optimiste het gereken dat "our beloved President is going to be the Champion of his people again".¹²⁷ Tibbie was sedert sy Theunis tien jaar tevore gehelp het om rekwisities uit te skryf met die oog op sy presidentverkiesing, politiek bewus en ingelig, veral waar dit gegaan het oor die belange van die Afrikanervolk. En soos voorheen het Tibbie en Theunis nou weer alle politieke en wêreldsake en maatskaplike probleme met mekaar bespreek.¹²⁸ Die rol wat Theunis as raadgewer vir die volgende anderhalf dekade van Onze Rust af gespeel het,¹²⁹ het Tibbie meegemaak want geen beslissing is oor politieke verwickelinge gevel sonder dat Theunis nie ook vir Tibbie daarin geken het nie.¹³⁰ Dit was in teenstelling het 'n persoon soos mev. Hertzog, wat haar meestal afsydig gehou het van enige politiek. In later jare het Tibbie teenoor mej. Hobhouse erken dat sy Theunis in politieke sake geweldig gemis het omdat "he would always make things so clear to me, he was in touch with everything and I was well posted in the political affairs of the country".¹³¹ Die verwagting wat Tibbie en ander oor die moontlike toetrede van Theunis tot die politiek gekoester het, was egter kortstondig van aard.

Binne drie maande nadat die Orangia-Unie op 31 Oktober 1906 gestig is, moes die Konserwatiewe Party in Brittanje wat vir die oorlog in Suid-Afrika verantwoordelik was, plek maak vir 'n regering van die Liberale Party onder sir Henry Campbell Bannerman. Dié party het hom verbind om selfbestuur aan Transvaal en die Vrystaat te verleen.¹³² Die Steyns was soos "allen benieuwd te weten welke mate van zelfbestuur aan ons zal worden gegeven en of die voor ons aanneembaar zal zijn of niet".¹³³ Dit was vir Tibbie 'n vreemde idee dat die Vrystaat later in 1907 weer 'n verkiesing sou hê.¹³⁴ Dit het juis in hierdie verkiesing tot Tibbie deurgedring dat "zijne gezondheid ... nooit ... de 'wear & tear' van een politieke stryd ... zou ... doorstaan hebben. Ach ik zie", skryf sy aan dr. Muller, "hoe verstandig het van President was buiten te staan".¹³⁵ Tibbie het opnuut besef hoe ernstig sy siekte

-
- 126 VAB A156 1/1/17 RIS - Colin Fraser 17 Mei 1906; A156 1/1/17 Colin Fraser (Wepener) - RIS 29 Mei 1906.
- 127 VAB A156 1/1/35 L.H. de Bruyn (Wynberg) - RIS 23 Junie 1906; VAB A156 1/1/5 dr. H.J. Kiewiet de Jonge (Nederland) - MTS 15 Junie 1906.
- 128 VAB A156 1/1/15 J.X. Merriman (Schoongezicht) - RIS 6 Januarie 1907.
- 129 Het Volksblad 29 Desember 1916.
- 130 VAB A156 3/3 De Volksstem 30 November 1916.
- 131 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 27 Augustus 1923.
- 132 Scholtz, G.D., Die ontwikkeling van politieke denke van die Afrikaner, V, p. 466.
- 133 VAB 160/70 RIS - HPNM 26 Februarie 1906.
- 134 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 25 Februarie 1905.
- 135 VAB A160/70 RIS - HPNM 7 Mei 1907.

Theunis gekortwiek het in die diens aan sy volk en sy kon haar dus heeltemal vereenselwig met haar broer, Colin Fraser, se uitspraak dat Theunis se politieke teenstanders soos burggraaf Milner hulle sterre kon dank "for laying Theunis (so) low at Vereeniging".¹³⁶

Theunis was weliswaar buite die aktiewe politieke arena maar met die doelgerigte steun van Tibbie, was hy steeds 'n faktor om mee rekening te hou. Slegs sestien maande na die oorlog het Tibbie aan dr. Muller geskryf dat "nu dat de stryd op het gebied van onderwys begonnen is, willen wij gaarne alle krachten inspannen om ook te helpen".¹³⁷ En die Steyns het met ywer ingespring om die onbevredigende onderwytoestande in die Oranjerivierkolonie te verbeter. Theunis het as voorsitter van die nuutgestigte "Centrale Commissie voor Onderwys" die amalgamasie van Christelike Nasionale skole met regeringskole wat in 1905 deurgevoer is as gevolg van finansiële oorwegings, teengestaan.¹³⁸ Die CNO-beweging het vroeër ontstaan omdat Milner, hoof van die kroonkoloniale regerings in die voormalige Boererepublieke, geweier het om die beginsel van tweetaligheid te erken. Hy wou dat "English should be made indispensable and the rising generation should be compelled to learn it".¹³⁹ Nederlands het hy waardeloos geag en Afrikaans het hy afgemaak as "Cape Dutch patois".¹⁴⁰

Binne drie maande na die Steyns se terugkoms opper Theunis teenoor ds. J.D. Kestell die wenslikheid van 'n alternatiewe Christelik en nasionale meisie- en normaalskool "om als bolwerk tegen het verengelschen van ons volk te dienen". Hy was van mening dat die NG Kerk die leiding moes neem.¹⁴¹ Op die heel eerste vergadering wat die stigting van die meisieskool voorafgegaan het op 28 Junie 1905 op Onze Rust was behalwe Theunis onder wie se voorsitterskap dit plaasgevind het, ds. P.J. van Heerden teenwoordig, ook J.A. du Plessis, genl. De Wet, A. Fischer, C. Wessels, W.J.C. Brebner. Op uitnodiging was ds. J.D. Kestell en genl. P.J. Kritzinger ook teenwoordig. Hulle is die "Centrale Onderwys Commissie" genoem.¹⁴² Tydens die vergadering is besluit om die kragte van die NG en die

136 VAB A156 1/1/17 Colin Fraser (Wepener) - RIS 29 Mei 1906.

137 VAB A160/70 RIS (Reichenhall) - HPNM 1 September 1903.

138 VAB A90/8 MTS - Jaap de Villiers 29 Junie 1905; A160/70 RIS - HPNM 15 Mei 1905; Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 174; Van Rooyen, I.M., Die Christelike-Nasionale onderwys beweging gedurende die periode 1900 - 1908 in die Oranje Rivierkolonie ..., p. 144.

139 Scholtz, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, V, p. 427; Van Rooyen, I.M., Die Christelike-Nasionale onderwys beweging ..., pp. 102, 114.

140 Pienaar, E.C., Die triomf van Afrikaans ..., p. 231.

141 VAB A156 1/1/3 J.D. Kestell (Ficksburg) - MTS 13 Mei 1905; A156 1/1/5 RIS (nms. MTS) - vriend 4 Oktober 1907.

142 Rossouw, A.E., Spies, M.L., Ons onthou 74 jaar 1907-1981 Die C en N Meisieskool Oranje Bloemfontein Herdenkingsuitgawe, p. 10; Die Volksblad 2 Mei 1922; VAB A156 1/1/5 W.J.C. Brebner - MTS 27 Maart 1906.

Gereformeerde Kerke saam te snoer.¹⁴³ Uit alle oorde is die noodsaaklikheid van so 'n skool uitgespreek "want zulk een School zal een middel zijn waardoor onze taal & onze godsdienst kan worden behouden & bevorderd" omdat die ander CNO-skole weens die gedwonge amalgamasie dit nie kon doen nie.¹⁴⁴ Op hierdie wyse het die later so bekende Meisieskool Oranje van Bloemfontein tot stand gekom. Theunis tree op as die leidende figuur in die periode voor 11 Junie 1906, die werklike stigtingsdatum van die skool, toe daar nog so baie aanvoor- en oortuigingswerk gedoen moes word.

Sy aktiewe deelname aan die stigting en beheer van die skool is meer as tien jaar lank volgehou. Van die eerste vergadering van die beheerliggaam op 23 Junie 1906, nog voordat die skool 'n werklikheid was, tot sy laaste vergadering op 19 Oktober 1916 staan Theunis se handtekening onder al die notules.¹⁴⁵ Theunis het dr. N. Mansvelt, 'n groot gees in die Transvaalse onderwys voor die oorlog, se aanbod aanvaar van Nederlandse steun vir so 'n dag- en kosskool. Hiermee tesame met die skenkings uit ander oorde, kon 'n eiendom aangekoop word vir die beoogde skool.¹⁴⁶

Volgens die Akte van oprigting van die "Christeljk Nasionaal Normaal en Meisjes School Oranje" van 25 September 1906 verteenwoordig die vyf betrokke persone in wie se naam die eiendom geregistreer is vyf organisasies wat fondse aan die skool geskenk het. So verteenwoordig Theunis byvoorbeeld die Russische Fonds en Abraham Fischer die Nederlandsche Zuid Afrikaanse Vereeniging,¹⁴⁷ die Generale Boeren Hulpfonds is deur C.H. Wessels verteenwoordig en so meer. Dié Trustees sou terselfdertyd as die Kuratore optree.¹⁴⁸ Die vakatures wat mag ontstaan, moes deur die NG Kerk gevul word.¹⁴⁹

Die naam van die meisieskool is gekies uit "een eerbiedige hulde aan Hare Majesteit (van Nederland) van haar welbekende sympathie met haar stamgenoten in Z. Afrika".¹⁵⁰ Die eiendom was "een gebouw ... het was oorspronkelyk ... een kosteschool gebouw (van die Anglikaanse St. Andrews skool) en staat in een gezonde (deel) ... van de stad". Hulle betaal £3,500 vir die vyf morge grond in die poort

143 Van Schoor, M.C.E., John Daniël Kestell 1854-1941, pp. 166, 167.

144 VAB A156 1/1/3 P.J. van Heerden (Ladybrand) - MTS 27 Augustus 1905.

145 NGKA OMS Notule 1905-1907, 23 Junie 1906, 19 Oktober 1916.

146 Van Schoor, M.C.E., John Daniël Kestell 1854-1941, pp. 166, 167.

147 NGKA OMS ongedateerde korrespondensie 1940-1970; VAB A156 1/3/2 MTS - H.J. Meerkamp van Embar 14 Junie 1906; A156 1/1/5 Trustakte Christeljk Nasionaal Normaal Meisjes School Oranje 25 September 1906.

148 VAB A156 1/1/5 Trustakte Christeljk Nasionaal Normaal Meisjes School Oranje.

149 NGKA OMS Notule 1905-1907, 13 Junie 1906; OMS ongedateerde korrespondensie 1940-1970.

150 VAB A156 1/3/2 MTS - vriend 20 Junie 1906.

tussen Naval Hill en Seinheuvel in Aliwalstraat en dit is aangekoop van die stadsraad van Bloemfontein op voorwaarde dat die grond slegs vir kerk- en skooldoeleindes gebruik sou word.¹⁵¹

'n Magdom korrespondensie verteenwoordig Theunis en Tibbie, wat as sekretaresse opgetree het, se insette in die verkryging van fondse vir die skool. Tibbie het Theunis se entoesiasme met die verwesenliking van hierdie ideaal ten volle gedeel. Saam met hom, het sy met geesdrif waargeneem hoe die skool gestalte gekry het. Theunis se opwinding oor die groei en uitbou daarvan het sy ook gedeel.¹⁵² Met die getroue hulp van Tibbie het Theunis uiteindelik £30,000 ingesamel vir die oprigting van die skool.¹⁵³ Dié reusebedrag is broksgewys ingevorder van baie oorde, onder andere uit 'n bydrae van £1,000 van dr. Leyds wat eintlik bestem was vir oorloglydendes, weduwees en wese van die voormalige Boererepublieke, "vol vertrouwen" oorgelaat is "aan U (Theunis) ... om die te regelen zooals U goeddunkt".¹⁵⁴ Die NG Kerk het £4,000 geskenk wat verkry is uit die ORK-regering se uitbetaling aan die kerk vir sy regte op die Dames-Instituut Eunice.¹⁵⁵ Die Haagsche Pro Boer Vereeniging het dit as 'n voorreg beskou om by te dra, het Beelaerts van Blokland Theunis uit Den Haag verseker.¹⁵⁶ Dr. Hendrik Muller het £3,000 ingesamel¹⁵⁷ en private persone en instansies soos die Nederlandsche ZA Vereeniging Fonds en die Russische Fonds in Nederland, het mildelik bygedra.¹⁵⁸ In Suid-Afrika het steun gekom van veral die gemeentes van die NG Kerk¹⁵⁹ en "Het Centrale Onderwijs Commissie".

Ongeveer £16,000 is bestee aan geboue, ameublement en die voorbereiding van die skoolterrein. Op 11 April 1907 het die eerste klasse begin,¹⁶⁰ hoewel die amptelike opening eers op 2 Augustus sou plaasvind.¹⁶¹ Die direktrise, mej. E.S. Eybers-le Roux, is deur 'n personeel van ses onderwyseresse bygestaan,¹⁶² van wie "allen

151 VAB A156 1/3/2 MTS - H.J. Meerkamp van Embar 14 Julie 1906.

152 VAB A156 1/1/4 H.J. Emous - MTS 30 Junie 1905, 24 November 1905.

153 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 174.

154 VAB A156 1/1/5 W.J. Leyds (Den Haag) - MTS 30 Maart 1906, 17 Mei 1906; A156 1/1/4 H.J. Emous (Amsterdam) - MTS 16 Maart 1905; Van Niekerk, L.E., Kruger se regterhand: 'n biografie van dr. W.J. Leyds, pp. 324, 325.

155 VAB A156 1/1/5 N. Mansvelt (Amsterdam) - MTS 21 Junie 1906; A156 1/1/3 P.J. van Heerden (Ladybrand) - MTS 27 Augustus 1905; Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, 11, p. 175.

156 VAB A156 1/1/5 Beelaerts van Blokland (Den Haag) - MTS 13 Maart 1907, 16 Maart 1906.

157 VAB A156 1/1/5 HPNM (Den Haag) - MTS 11 Junie 1906; A160/70 RIS - HPNM 26 Februarie 1906, MTS - HPNM 31 Maart 1906.

158 VAB A156 1/1/5 C. de Korte (Rotterdam) - MTS 22 Maart 1908; A156 1/1/3 P.J. van Heerden (Ladybrand) - MTS 27 Augustus 1905.

159 VAB A156 1/1/5 D.S.T.C. Dönges (Hoopstad) - MTS 29 April 1907.

160 NGKA OMS Notule 1906-1922, 9 Maart 1907.

161 NGKA OMS Notule 1906-1922, 1 Junie 1907.

162 NGKA OMS Notule 1906-1922, 23 Januarie 1907.

Hollandsch en Engelsch kennen".¹⁶³ Tibbie was deel van die aansienlike skare wat die opening op 2 Augustus 1907 bygewoon het. Theunis se gedagtes toe hy in sy toespraak as voorsitter van die Kuratorium die aspirasies van die skool verwoord het, het inderdaad ook haar emosies weerspieël: "Behalwe dat geskiedenis onderrig moet word zoals het is en niet zoals men het gaarne zou willen hebben", en dat die Bybel 'n ereplek sal inneem, moet die skool nòg Engels, nòg Nederlands wees "maar ... in de zuiverste zin Afrikaans ... zijn, waar beide talen verplichtend zullen zijn".¹⁶⁴ Vir die eerste keer is hier werklik sprake van 'n "Afrikaansche ... geest",¹⁶⁵ wat behels dat die skool hom vereenselwig met die lief en leed van die land en sy lot daarby inwerp. Van die onderwyseresse van die Meisieskool Oranje is verwag om tweetalig te wees, dit is Nederlands en Engels. Sekere vakke sou in Engels aangebied word om toelating aan die Universiteit van Kaapstad moontlik te maak.¹⁶⁶ As die moedertaal inderdaad, "de eenige taal" is soos dr. Kiewiet de Jonge dit aan Theunis gestel het, "waarin men alles kan zeggen wat men in hoofd en hart" voel, dan "moet die taal by alle onderwys de (sy onderstreping) taal zijn!"¹⁶⁷ Dié norm moes egter voorlopig nog agterweë gelaat word in die Nederlandsskrywende maar Afrikaanssprekende opset wat indertyd nog algemeen geheers het.

Dié openingstoespraak van Theunis verleen daarby 'n insig in sy geloof en ook dié van Tibbie in die krag van die vrou in die volkslewe - vandaar die besluit om eerder 'n skool te stig vir die opleiding van dogters bo dié van seuns. Hierdie dogters wat besiel sou wees met 'n liefde vir die volk, sy geskiedenis en tradisies, sou die geskikste persone wees vir die opleiding van die toekomstige moeders. Aan háár knie sou die liefde vir die volkseie gekweek word, sy wat die draer van die kultuur is en dus die behoudende element.¹⁶⁸ Soos ds. J.D. Kestell het die Steyns gemeen dat die vrou en moeder die grootste invloed uitoefen. "Hebben wij de vrouwen aan onze kant", het ds. Kestell tewens beweer, "dan is de zaak gewonnen".¹⁶⁹

Hoewel een van die oogmerke met die oprigting van die Meisieskool Oranje was om, soos reeds aangetoon is, 'n middel te skep waardeur die taal behou en bevorder kon word, het die geleidelike aanvaarding en erkenning van Afrikaans nog 'n lang pad vorentoe gehad wat selfs tot ná die dood van Theunis sou duur. In dié tydperk het selfs Tibbie se beskouings oor die gebruik van Afrikaans 'n geleidelike

163 NGKA OMS Notule 1906-1922, 5 Februarie 1907.

164 De Vriend des Volks 9 Augustus 1907; Ineg PV181 3/1/4/1 Toespraak MTS opening OMS, 2 Augustus 1907.

165 VAB A156 1/1/5 RIS (nms MTS) - vriend 4 Oktober 1907.

166 VAB A156 1/1/5 RIS - onbekend (waarskynlik H.H. van Rooyen) 4 Oktober 1907.

167 VAB A156 1/1/5 H.J. Kiewiet de Jonge (Union Castle Line) - MTS 17 Maart 1909.

168 De Vriend des Volks 9 Augustus 1907; Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 176.

169 Van Schoor, M.C.E., John Daniël Kestell 1854-1941, p. 166.

verandering ondergaan. Toe Tibbie aan die einde van 1903 geskryf het dat hulle opofferings vir hul taal moes maak, het dit na Nederlandse Afrikaanse verwys, die sogenaamde "Taal".¹⁷⁰ By die meeste ontwikkelde, gekultiveerde Afrikaners was Engels die skryftaal, soos byvoorbeeld dr. D.F. Malan,¹⁷¹ genl. Smuts en sy vrou, Isie, Jaap de Villiers, die Reitze, ds. J.D. Kestell¹⁷² en ook by Tibbie en Theunis. Dat selfs genl. Hertzog, voorste vaandeldraer van die Afrikaner se taalregte en vlot in Nederlands, aan sy verloofde en in 1902 aan F.S. Malan, die ontluikende leier van die taalstryd in die Kaapkolonie, in Engels geskryf het, kan onder andere, toegeskryf word aan die koue formalisme, die kanseltaal as't ware, wat ingedruis het teen die toon en gees van die geselsbrief en die minnebrief.¹⁷³ Dit was daarby ook hoofsaaklik vanweë die feit dat Nederlands byna bomenslike pogings van taalvaardigheid geverg het waarvoor min Afrikaners beskik het. "Om Engelsch niet te kennen geldt by ons voor onopgevoed", het D.F. Malan in November 1902 uit Nederland opgemerk, "maar om zijn eigen taal niet te kunnen schrijven is mode en toch zoo erg niet".¹⁷⁴ Dit is nie om dowe neute dat mev. Ella Fischer, 'n ontwikkelde Vrystater en 'n nooi Fichardt, aan mej. Schoon, 'n onderwyseres op Oranje, skryf dat "this beastly language so cramps my style. So voel ik, als ik Hollands moet praat of skryf - mijn (verbeter na "my") styl word treurig bekrompe!"¹⁷⁵ Daarby het Nederlands as spreektaal so verander in Suid-Afrika dat dit vir 'n Nederlander nouliks herkenbaar was.¹⁷⁶

Tibbie self was nouliks by magte om 'n Nederlandse brief sonder die hulp van 'n woordeboek te skryf.¹⁷⁷ Aanvanklik het dit maar sukkelend in Afrikaans gegaan. "Afrikaansch", skryf sy in 1905 aan Jaap de Villiers, "requires time, English I can run off at full speed".¹⁷⁸ Tog het sy gereeld aan Emmie en Tibbie, haar dogters op Oranje en Jaap in Afrikaans geskryf.¹⁷⁹ Aan die jonger Tibbie skryf sy: "Jy moet aan Moeder schrywe of jy die Afrikaansche brief kan lees".¹⁸⁰ Teen 1915 is Afrikaans so ingeburger en in sodanige mate van legitimiteit voorsien deur die aanvaarding van soveel prominente persone en instansies en deur die ontluiking van 'n eie literatuur en die vasstelling van spelreëls, dat dit vir Tibbie veel gemakliker was om haar gedagtes daarin uit te druk. Tibbie skryf nou gewoonlik in Afrikaans

170 VAB A156 1/1/40 RIS - mev. Brown 28 Desember 1903.

171 Booyens, B., Die lewe van D.F. Malan, p. 47.

172 Van Schoor, M.C.E., John Daniël Kestell 1854-1941, p. 179.

173 Van den Heever, C.M., Genl. J.B.M. Hertzog, pp. 33, 37; Zietsman, P.H., Die taal is gans die Volk, p. 81.

174 Zietsman, P.H., Die taal is gans die Volk, p. 91.

175 VAB A328/14 Ella Fischer (Berg-en-dal) - L. Schoon 19 Oktober 1916.

176 VAB A156 1/1/5 N. Mansvelt (Amsterdam) - MTS 23 Februarie 1903.

177 VAB A160/70 RIS - HPNM 8 Oktober 1905.

178 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 4 Oktober 1905.

179 VAB A156 1/1/3 Jaap de Villiers (Johannesburg) - RIS 28 Augustus 1905.

180 Ineg PV181 2/8/1/1/2 RIS - Tibbie 25 April 1907.

"... Het is vir ons so veel meer gemaklik om te skryf so als ons praat".¹⁸¹ In haar onmiddellike familiekring is daar so 'n groot entoesiasme vir Afrikaans dat hulle pogings om Afrikaans te bevorder in vele opsigte as baanbrekerswerk beskou kon word. In 1915 "bars" Everard Fichardt, haar skoonseun, ewe "parmantig in Afrikaans ... los" in die Parlement.¹⁸² Ds. Nico van der Merwe, Tibbie se aanstaande skoonseun, besluit om Afrikaans as kanseltaal te besig in 1916.¹⁸³ Die jonger Tibbie weer "hou ... oral vol met Afrikaans" ondanks hewige teenkanting.¹⁸⁴ Tibbie was nou heeltemal vlot in Afrikaans as skryftaal, alhoewel die jonger Tibbie haar gereeld attent moes maak op enkele spelfoute. Aan dr. Muller skryf sy: "ik vrees mijne brief krioel meer dan ooit van fouten verschoon alles a.u.b."¹⁸⁵

Ook Theunis het Nederlands as skryftaal in 1905 begin ontgroe. In sy heel eerste waagmoedige poging begewe hy hom in Afrikaans tot Jaap de Villiers: "Soos jy zien is my Afrikaans nog een biekie deur makkaar wat maak julle met de z en ch. Gooi julle hulle weg".¹⁸⁶ Jaap se antwoord bewys dat die weerstand teen Afrikaans ook as skryftaal 'n weselike faktor was: "I see you have given in on the Afrikaans". Hyself vind dit moeilik om daarin te skryf, "so I am breaking into English, but under protest".¹⁸⁷

Die meeste weerstand teen die taal was daaraan toe te skryf dat Afrikaans - die algemene spreektaal in Suid-Afrika - sonder vasgelegde spelreëls en 'n literatuur in daardie stadium, blootgestel was aan geringskatting. Uit 'n brief aan The Star van 1911, blyk hierdie minagting vir Afrikaans duidelik: "To place the taal on an equal footing with English connotes a subservience and degradation of the English language and an unwarranted exaltation of the Dutch patois ..."¹⁸⁸ Tibbie, self deur geboorte Engelssprekend, het Afrikaans nooit bekleed met die stigma van onopgevoedheid nie. Sy wat noukeurig op die verfynste maniere gelet het en hoë opvoedkundige eise aan haar kinders gestel het, was een van die eerstes wat die spreektaal eers moeisaam en toe later gemaklik tot skryftaal binne die familie- en vriendekring opgehef en gebruik het. Dit sou haar geskok het indien sy bewus was van die uitspraak in 1906 van 'n vriendin van haar, Elizabeth Roos wat ook presidente van die ACVV was, naamlik dat "if any educated Afrikaner should go to the Magistrate ... or any other

181 VAB A160/70 RIS - HPNM 18 Junie 1915, 18 Junie 1915, 1 September 1915.

182 VAB A156 1/1/38 Timmie (Everard) (Volksraad) - RIS 24 November 1915.

183 Scholtz, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, VI, p. 47.

184 VAB A156 1/1/17 Cecilia Fichardt (Amsterdam) - RIS 10 Oktober 1930.

185 VAB A160/70 RIS - HPNM 18 Junie 1915, 14 Augustus 1918.

186 VAB A90/8 MTS - Jaap de Villiers 23 November 1905.

187 VAB A156 1/1/15 Jaap de Villiers (Johannesburg) - RIS 28 September 1905.

188 Scholtz, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, VI, p. 43: The Star 24 Augustus 1911.

civil servant and be spoken to in Cape Dutch he would consider it an insult". Tibbie sou deur haar optrede en trouens haar lewenslange betrokkenheid by Afrikaans, haar eerder vereenselwig het met die gevoel dat Afrikaans "recht uit van hart tot hart wens te spreken, niets ... klinkt ons toch ... zo zoet in de oren als ons geliefd Afrikaans-Hollands, met zijn betekenisvolle uitdrukkingen en onvertaalbare spreekwoordjies."¹⁸⁹

Dr. D.F. Malan het in 1908 in 'n toespraak op Stellenbosch die weg aangedui om die status van die taal te verseker: "Verhef de Afrikaanse taal tot schryftaal, maak haar de draagster van onze kultuur, van onze geschiedenis, onze nationale idealen en gy verheft daarmee ook het volk dat haar spreekt".¹⁹⁰ Met die geleidelike verheffing van die taal, kon niemand nie, allermens Hertzog, Steyn, Smuts en Botha, voorsien het hoedanig "the immense influence the language movement was to exercise on the political development of the country".¹⁹¹

Die Steyns het hulle heelhartig met die Taalbeweging vereenselwig. Die geesdrif van die Taalbeweging het menige wankelmoedige oortuig en teen 1919 kon Tibbie aan dr. H.N.P. Muller skryf dat Afrikaans nie meer te versmaai is nie: "U weet nie hoe Afrikaans in alle kringe geschryven en gesproken word", skryf sy. "Ik vrees mijn brief is doorspekt door Afrikaans".¹⁹² En dit sou Tibbie se lewenslange spreek- en skryfwyse bly, 'n sonderlinge vermenging van hoofsaaklik Afrikaans, deurspek met 'n eiesoortige Engels en Nederlands. Sy self was deeglik bewus van hierdie feit want sy skryf later aan haar skoonseun, Cornelius Visser, 'n taalpuris, dat dit moed gekos het om aan hom te skryf "as jy weet hoe gebrekkig jou Afrikaans is, en dan nog aan 'n nuwe skoonseun te skrywe wat elke foutjie moet raaksien".¹⁹³ Tibbie se entoesiasme vir Afrikaans het nie net by die gebruik daarvan gebly nie. In 1928 gebruik sy voor 'n OVV-kongres woorde wat ongewoon vreemd vir haar is as sy sê: "Die groot stryd vir ons taalregte duur nog voort".¹⁹⁴ Maar "stryd" het vir Tibbie nie eise en aggressie beteken nie maar die aktiewe gebruik van die taal wat sy haar eie gemaak het, en die lewenslange koestering daarvan.

Drie van Tibbie se dogters, die sestienjarige Gladys, die twaalfjarige Tibbie en die negejarige Emmie, was deel van die aanvanklike groep van vyf-en-twintig koshuisleerlinge en dertig dagskoliere op Oranje.¹⁹⁵ Gladys moes op haar moeder se

189 Zietsman, P.H., Die taal is gans die Volk, pp. 51, 60: De Unie September 1905.

190 Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika Sy stryd en sy prestasies 1914-1964, p. 90.

191 Krüger, D.W., The making of a nation, p. 58.

192 VAB A160/70 RIS (Rustendal) - HPNM 29 Julie 1919.

193 VAB A156 1/1/42 RIS - Cornelius Visser 15 Mei 1944.

194 Ineg PV181 1/2/2/1/1 15e Kongres OVV 3 Mei 1928, p. 16.

195 De Fakkel 27 Maart 1907.

aandrang toesien dat Emmie nie gedomineer word deur haar ouer sussie, Tibbie, nie.¹⁹⁶ Die jonger Tibbie, wat onder andere die voorafgaande twee jaar tuis deur 'n goewermante onderrig is, het swaar heimwee ondervind, nie net weens die gemis van die huislike vryheid nie, maar ook omdat sy 'n voortdurend gesmag het na haar ouerhuis se kos en lekkernye. Nie eens Ella Fischer se geskenk van vrugte kon haar honger stil nie. Daaroor het sy huis toe geskryf. Behalwe vir die eiesoortige kinderlike Afrikaans, (Tibbie het haar dogters aangemoedig om Afrikaans in navolging van haar eie voorbeeld te skryf) bied die brief 'n sjarmante prentjie van 'n tergende vader, 'n betrokke moeder en 'n geborge kind wat reageer op 'n honger maag. "Please notice Ma vraa ver pa om Bakker zater dag ... instuur ons beschuit is al op ... als u lieve blief Mamie", het sy aan Tibbie geskryf. "Dit wat ik in brekkets gaat zit moet ma niet ver pa lezen ... die goed die ik in brekkets zit is geen nuis zoos pa hoef glad niet in skeuring te zijn ... Ma vraa toch aan Arianan (die Nederlandse huishoudster) of zij toch zoo goed zal zijn om weer lekker goed te maak, en ook een paar van die lekker kliene koekies in te stuur, lamoen stroop zal heelemal welkom wees, ma moet dit toch niet ver pa vertel waat een ge zicht zal hij toch aan zet, wat zijn zij toch lekker bekken".¹⁹⁷ Die dogters is in dieselfde gebou gehuisves waarin hul skoolgegaan het. Gladys onthou van die eerste aand onder die kraaknuwe lakens wat koningin Wilhemina aan die skool geskenk het, ook die pragtige eetgerei van Hollandse silwer.¹⁹⁸ Anders as op Onze Rust het hulle die voorreg van elektriese lig gehad, maar nog nie warm water nie.¹⁹⁹ Hulle het van 8h00 tot 13h30 skoolgegaan, drie dae per week in Engels en drie dae in Nederlands.²⁰⁰

Theunis het die belange van die skool as voorsitter van die Kuratorium tot sy dood op die hart gedra. Tibbie het die lief en leed van die skool met haar skoolgaande kinders gedeel; later was Gladys direktrise van die skool, naamlik van 1916 tot 1919.²⁰¹ Sowel Theunis as Tibbie het die eerste wankelrige treë van die skooltjie meegemaak en gesien hoe dit vorder tot 'n volwaardige skool wat uit sy nate wou bars. Met die vrymoedigheid wat spruit uit 'n jarelange vriendskap het Tibbie dr. Muller gereeld "op het prachtige vooruit(gang)" van die skool ingelig.²⁰²

196 VAB A156 1/1/40 RIS - Gladys 28 April 1907.

197 VAB A156 1/1/22 Tibbie (Oranjeskool) - RIS c. 1907.

198 Gladys onderhoud 18 Februarie 1981 in Rossouw, A.E., Spies, M.L., Ons onthou 74 jaar 1907-1981 Die C en N Meisieskool Oranje Bloemfontein Herdenkingsuitgawe, p. 68; VAB A156 1/1/5 H.J. Emous (Amsterdam) - MTS 3 Januarie 1907.

199 NGKA OMS Notule 1906-1922, 21 Februarie 1907, 11 Augustus 1911.

200 NGKA OMS Notule 1906-1922, 8 April 1906, 20 April 1907.

201 NGKA OMS Notule 1906-1922, 21 Februarie 1916, 6 Julie 1916, 3 Oktober 1918.

202 VAB A160/70 RIS - HPMN 21 Februarie 1912.

Die spoedige getalle-aanwinst het in 1911 'n nuwe gebou genoodsaak wat £3,682 gekos het. Theunis en Tibbie was albei teenwoordig by die hoeksteenlegging van die Groenewaldsaal²⁰³ en ook by die inwyding daarvan die volgende jaar.²⁰⁴ In daardie jaar word Gladys ook onderwyseres aan haar alma mater, Emmie is in matriek en die jonger Tibbie help met sekretariële en huishoudelike pligte op Onze Rust.²⁰⁵ Sowel Tibbie as Theunis moes die salarisvermindering van die onderwyseresse in 1915 as gevolg van swak finansiële toestande met kommer waargeneem het. Van 1 April 1916 het die probleem verder vererger toe die regeringsubsidie van £5 per kind per jaar na £4 verminder is.²⁰⁶

Met Theunis se dood teen die einde van 1916 verloor die Meisieskool Oranje "de ziel van deze inrichting" wat "met zijn inspirasie ... tot haar vooruitgang en bloei heeft bij gedragen".²⁰⁷ Die geestelike naelstring met die skool is egter behou deurdat die administratiewe en inspirasie-mantel van Theunis amper ongemerk op Tibbie geval het. Haas geen geleentheid gaan verby nie, nie eens 'n betreklik onbenullige huldigungsand vir 'n onderwyseres²⁰⁸ of die eerste optrede van 'n nuwe skoolhoof, sonder dat Tibbie nie op een of ander wyse daarby betrek word nie.²⁰⁹ "Oranje en (Tibbie) is onafskeidbaar ... aanmekeer gebind", het 'n skoolhoof verklaar, "nie maar omdat die skool deur president Steyn gestig is nie, maar omdat u so in alle opsigte die plek van die president in ons harte vervul".²¹⁰ Sy was by elke amptelike geleentheid die sjarmante eregas. 'n Erewag van Oranjedogters wag haar motor by die hek in en staan op die roete tot waar sy uitklim. Daar was die ouwêreldsheid van die chauffeur met sy wit handskoene. Tibbie, deftig uitgedos in 'n lang swart rok met 'n wit beffie, 'n hoed met 'n sluier en swart outydse moffiehandskoene, was sonder uitsondering "'n dame van kop tot tone", in die woorde van 'n oud-onderwyseres, mej. Maria Bosman. Maar die eerbiedige ontsag waarmee sy aanvanklik bejeën word, verander in spontane toegeneentheid wanneer sy met haar opgeruimde geaardheid en innemende laggie ieder en elk se naam onthou, want meestal ken sy ook die ouers.²¹¹

203 De Vriend des Volks 1 September 1911.

204 De Vriend des Volks 12 April 1912; NGKA OMS Notule 1906-1922, 2 April 1912.

205 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 9 Februarie 1915.

206 NGKA OMS Notule 1906-1922, 23 Februarie 1915, 16 Februarie 1916.

207 NGKA OMS Notule 1906-1922, 11 Desember 1916.

208 VAB A156 1/1/39 RIS - Hilda Postma 4 November 1949.

209 VAB A156 1/1/39 RIS - C. Jooste 18 Oktober 1941.

210 VAB A156 1/1/37 C. Jooste - RIS 2 Februarie 1941.

211 Mededeling mej. Maria Bosman, Bloemfontein, 1992; Meisies Skool "Oranje" Jaarblad, no. 4, 1924, Desember 1924, p. 14.

Elke Oranjeverjaarsdag het Tibbie daar gaan tee drink²¹² en as sy op 'n Sondagmiddag haar opwagting maak om saam met die dogters te eet, vind die jongmense en die spontane, vriendelike Victoriaanse dame mekaar interessant en gesels hulle na hartelus.²¹³ Wanneer die leerlinge Tibbie se teenwoordigheid ook al verlang "to have a little chat with them", het hulle haar toeganklik en kosbaar gevind.²¹⁴

Die groei van die skool was spoedig van sodanige aard dat talle aansoeke om toelating nie meer opgeneem kon word nie en in 1917 moes daar noodgedwonge 'n woonhuis digby die skool gehuur word.²¹⁵ In 1918 besluit die Kuratorium van Oranje "over de wenslikheid om de Hollandse medium te doen vervang en door Afrikaans als voertaal te vervangen".²¹⁶ Die eerste Afrikaanse notule van die Kuratorium onder voorsitterskap van adv. P.U. Fischer is op 3 Februarie 1920 geskryf.²¹⁷ 'n Gebou van £9,650 is in dieselfde jaar aan die suidekant van die bestaande geboue opgerig sodat 'n ekstra agt-en-sestig leerlinge en vier onderwyseresse plus 'n siekeboeg geakkommodeer kon word.²¹⁸ By dié onthullingsgeleentheid was Tibbie laat as gevolg van probleme buite haar beheer. Daar sy gespeel het met die gedagte "of simply slipping in quietly at the back", het die poging misluk: al die belangstellendes, onder wie Hannah, Rae haar nuwe skoondogter, die jonger Tibbie en Eugenie, Gordon se eggenote, wou haar op haar ereplek op die verhoog hê.²¹⁹

Die volgehoue uitbreidings op Oranje, die vermindering van die regeringsubsidie, die benarde finansiële omstandighede van die land, die jaarlikse rente op 'n geleende bedrag van £15,000 vir die nuwe gebou en die £5,000 wat jaarliks betaal moes word aan onderwyseresse se salarisse het Oranje mettertyd in 'n benarde finansiële posisie geplaas aan die begin van die twintigerjare. Ella Fischer, eggenote van adv. Percy Fischer, het Tibbie gevolglik genader oor hierdie "danger threatening Oranje ... the position is hopeless". Sy het voorgestel dat "an endowment fund, consecrated to the memory of President Steyn (should be set up and) place Oranje above all financial stress & strain".²²⁰ Met hierdie doel voor oë het sy van Tibbie,

212 Ineg PV181 2/8/1/1/8 RIS (Vreugde) - EH 16 April 1923.

213 Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 2 November 1924.

214 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 8 Oktober 1922; Meisies Skool "Oranje" Jaarblad, no. 4, Desember 1924, p. 14,15.

215 VAB A160/70 RIS - HPNM 25 Augustus 1917.

216 NGKA OMS Notule 1906-1922, 1 Augustus 1918.

217 NGKA OMS Notule 1906-1922, 3 Februarie 1920.

218 NGKA OMS Notule 1906-1922, 2 September 1920.

219 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 30 April 1922.

220 PV181 2/8/1/1/15 Ella Fischer - RIS 22 Februarie 1922.

genl. Hertzog, ds. Kestell, sen. Brebner en die Kuratorium toestemming gevra om geld in te samel.²²¹

Tibbie het die gedagte heelhartig gesteun aangesien sy dit beskou het as "a living monument to President". Sy het ook voorgestel dat een dag per jaar ingeruim word om blomme op Theunis se graf te plaas, of anders kon 'n besoek aan Onze Rust gereël word. "I feel so deeply on the subject", het sy aan Emily Hobhouse geskryf, "I feel honoured to carry on his work & to dedicate our labour to his memory". Sy het ook gehoop instansies soos die NG Kerk en vroue-organisasies sou finansiële hulp verleen. Tog was dit vir Tibbie belangrik "to ensure the personal interest & support in each centre of influence of men & women who love President's memory. If we do nothing Oranje will probably be taken over by Government - it will become ... a wretched colourless institution without national dignity and pride".²²²

Haar persoonlike pogings tesame met dié van baie ander het vrugte afgewerp, want met die jaarlikse blommedag wat sedert 1922 op Theunis se verjaarsdag gehou is, het hulle drie jaar later al 'n totale bedrag van £5 ,00 ingesamel.²²³ Die President Steyn-gedenkfonds wat voorgestel is deur mev. Ella Fischer, is op 23 September 1923 formeel onder haar voorsitsterskap in die stadsaal van Bloemfontein gestig .²²⁴ Ella het geen moeite ontsien om 'n sukses daarvan te maak nie: sy het deur die pers 'n beroep op Suid-Afrikaanse vroue gedoen om behulpsaam te wees ²²⁵ en sy het verskillende OVV-kongresse oor die saak toegespreek.²²⁶ Sy het ook orreluitvoerings, ²²⁷ filmvertonings en ander fondsinsamelingspogings georganiseer wat almal getrou deur Tibbie bygewoon is. Tibbie het egter vertroulik aan Emily Hobhouse 'n mate van skeptisisme uitgespreek want "if I think how long it took the President to get his £12,000 for the Monument ... but whether Ella will ever get her £25,000 I don't know".²²⁸ Ella het die steun geniet van openbare persone soos generaals Smuts en Hertzog, die biskop van Bloemfontein, ds. Kestell en die redakteurs van The Friend, The People's Weekly en Die Volksblad.²²⁹ Uit ondervinding het Tibbie geweet dat "the money will only trickle in and not flow as

221 VAB A156 1/1/39 Rede deur Ella Fischer ter geleentheid van die Boomplantseremonie by Oranje, 12 November 1935.

222 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 30 April 1922.

223 Die Volksblad 9 Oktober 1925, 4 Oktober 1923, 10 September 1923.

224 The Friend 23 September 1923.

225 Ineg PV180 2/7/1/1/9 RIS - EH 21 Augustus 1923.

226 Ineg PV180 11e OVV-kongres 4 Mei 1924, p. 20; VAB A156 4/6 Mev. P.U Fischer (Bloemfontein) - Presidente van die OVV en OVSH, 3 September 1923.

227 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 1 Oktober 1923; Die Volksblad 25 September 1923, 20 September 1924.

228 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 8 Oktober 1922.

229 Die Volksblad 30 Augustus 1923.

she hopes it will".²³⁰ Wat ook al sou gebeur Ella "is to perservere even if it takes her years".²³¹

Tibbie is in 1926 tot ere vise-presidente en mev. Mijnie Hertzog tot ere-presidente van die Fonds aangewys.²³² Die President Steyn-gedenkfonds was inderdaad 'n langtermynprojek en Ella het nie verflou in haar pogings om fondse te bekom en die Fonds op 'n vernuftige wys te bestuur nie. Op 1 Junie 1928 is die finansiële las van Oranje aansienlik verlig toe dit onder bepaalde voorwaardes oorgeneem is deur die Departement van Vrystaatse Onderwys, dit het ingesluit die behoud van die naam en die gebruik van Afrikaans. Die Kuratorium het daarmee losgekam van die las van die onderwysers se salarisse en het terselfdertyd 'n huurgeld verkry van £1 200 per jaar.²³³ Die Vrystaatse Onderwysdepartement was vir die salarisse van die onderwyseresse verantwoordelik en het die leerplanne en eksamens gereël terwyl 'n skoolkommissie as 'n tussenganger tussen staat en kerk sou optree. Die Sinode van die NG Kerk het vanaf 1940 vir slegs enkele aspekte verantwoordelikheid geneem. Die Akte van oprigting van destyds, het naamlik bepaal dat indien die vyf persone in wie se naam die eiendom geregistreer is, die Trustees, sou wegvall die vakature op die Kuratorium deur die NG Kerk gevul sou word.²³⁴ Teen die einde van 1939 het die laaste van die liggame, die Generale Boerehulpfonds verval.²³⁵ Gevolglik het die Kuratorium besluit om by die Hooggeregshof aansoek te doen om die eiendom in die naam van die saakgelastigde van die NG Kerk in die Vrystaat te laat registreer. Die petisie het op 29 Augustus 1940 voor die Hooggeregshof gekom.²³⁶ Daar is egter nie oorgegaan tot die oordrag van die grond nie, trouens die bevel van die hof, tesame met die Trustakte van die Meisieskool Oranje word as voldoende bewys beskou dat die grond die bate van die NG Kerk is, beskou.²³⁷

In 1932 betree die President Steyn-gedenkfonds 'n ruimer veld as slegs 'n Vrystaatse beweging en Ella doen dienooreenkomstig 'n beroep dat die Fonds nasionaal uitgebrei sou word.²³⁸ Die Gedenkfonds het uiteindelik vir meer as twee dekades die ideaal nagestreef dat dogters praktiese onderrig in Huisbestuur sou ontvang. Vir hierdie doel is 'n huisbestuurgebou beplan en is Tibbie, asook genl.

230 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 11 September 1923.

231 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 27 Augustus 1923.

232 VAB A156 3/7 C.B. Elffers - RIS Augustus 1926.

233 NGKA OMS Notule 1922-1937, 17 Januarie 1928, 30 Mei 1928; Die Volksblad 5 Junie 1928.

234 NGKA OMS ongedateerde korrespondensie 1948-1970, c. Mei 1940; NGKA OMS Agendas en Notules 1934-1939, 23 Februarie 1939, 1 Junie 1939.

235 NGKA OMS ongedateerde korrespondensie 1940-1970, Oranje-saakgelastigde NGK OVS 5 Mei 1940.

236 NGKA OMS ongedateerde korrespondensie 1940-1970, c. Augustus 1940.

237 Ferreira, J.L., "Die N.G. Kerk in die OVS en Oranje" in Ons onthou 74 jaar 1907-1981 Die C en N Meisieskool Oranje Bloemfontein Herdenkingsuitgawe, p. 20.

238 Die Volksblad 30 Maart 1932.

Hertzog, ds. Kestell, S.H. Pellissier en Ella genooi om vyf stinkhoutbome te plant op die terrein waar die nuwe gebou in 1935 opgerig sou word.²³⁹ 'n Jaar later het Ella as die voorsitster van die President Steyn-gedenkfonds die nuwe Huisbestuurgebou ter ere van president Steyn onthul.²⁴⁰ Die Fonds stel in dieselfde tyd 'n oorsese beurs in vooruitsig vir 'n student en by die Steyn Eeufeesviering in 1957, 'n ruim bydrae vir 'n beeld van Theunis. Met die ontbinding van die Gedenkfonds in 1957 is die laaste opstelwedstryd oor Theunis se rol in die Anglo-Boereoorlog uitgeskryf.²⁴¹

'n Geruime tyd na die stigting van die skool ontstaan daar die behoefte aan 'n skoolwapen. In 1918 is die moontlikheid geopper dat "de wapenskild van het Huis van Oranje moge (ver)krijgen (worde)".²⁴² Die leuse van die Nederlandse koningshuis, "Ons zal handhaaf" het ingepas by Oranje se doel en strewe. In ooreenstemming met 'n versoek van die skoolbestuur het Tibbie dienooreenkomstig 'n skrywe aan die sekretaris van koningin Wilhelmina gerig.²⁴³ Die koningin stem hiertoe in mits die Unieregering nie beswaar daarteen het nie. Tibbie moes egter die koningin van die geskiedenis en ander besonderhede van die skool voorsien. Daarby sou hulle 'n groot vlag vir die skool maak vir amptelike geleenthede "as you can well imagine the other flag (Vrystaatse republikeinse vlag) we can't use".²⁴⁴ Dit blyk tog later dat die jong vorstin die versoek oor die leuse nie toegestaan het nie omdat sy geen presedent wou skep nie. Die Steynfamiliewapen afkomstig uit Haarlem, Nederland, met die leuse "Vooruit" is gevolglik vir Oranje gebruik.²⁴⁵

Tibbie het haar in 1922 daarvoor beywer dat 'n pastelportret van Emily Hobhouse deur 'n kunstenaar van Rome, Geoja, aan Oranje geskenk moes word.²⁴⁶ Mej. Hobhouse was eintlik van voorneme om die portret aan die Vrystaatse dorpie wat haar naam dra, te skenk.²⁴⁷ Tibbie het gemeen "it is a work of art and would be much appreciated ... at Oranje ... it would be an education to them and I certainly think it would be a pity for such a work to be buried at Hobhouse".²⁴⁸ Mej. Hobhouse wou enkele bruin vlekke op die skildery, veroorsaak deur klammigheid,

239 Die Volksblad 15 November 1935; NGKA OMS Agendas en Notules 1934-1939 Skoolkommissie vergadering, 29 Oktober 1935.

240 Die Volksblad 17 September 1936; The Friend 10 September 1936.

241 Rossouw, A.E., Spies, M.L., Ons onthou 74 jaar 1907-1981 Die C en N Meisieskool Oranje Bloemfontein Herdenkingsuitgawe, p. 37, 38.

242 VAB A160/70 RIS - HPNM 14 April 1918.

243 Ineg PV181 2/1/1/3 In sake versoekskrif van wapen vir Oranje.

244 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS (Vreugde) - EH 3 April 1923.

245 Rossouw, A.E., Spies, M.L., Ons onthou 74 jaar 1907-1981 Die C en N Meisieskool Oranje Bloemfontein Herdenkingsuitgawe, pp. 8,9.

246 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 19 September 1921.

247 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 30 April 1922.

248 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 30 April 1922; PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 21 Augustus 1921.

verwyder voordat sy dit aan Trudie Kestell wat op besoek aan Brittanje was, kon oorhandig om na Suid-Afrika te vervoer.²⁴⁹

Die plegtigheid waar hierdie pastelportret amptelik by die Meisieskool Oranje onthul sou word, is herhaaldelik uitgestel, onder andere as gevolg van die dood van Valerie Fichardt, die belowende dogter van Tibbie se vriend, Charlie²⁵⁰ en 'n ongesteldheid wat Tibbie opgedoen het²⁵¹ dat mej. Hobhouse dit al as 'n wit olifant begin beskou het.²⁵² "Op 'n plegtige en indrukwekkende gebeurtenis", in die woorde van die verslaggewer, "wat lang in die gemoedere sal voortleef", is Emily Hobhouse se portret egter uiteindelik einde 1923 in die Groenewaldsaal deur Tibbie onthul.²⁵³ Die teenwoordige gaste was almal, het Tibbie mej. Hobhouse verseker, "people who love and admire you" en het ingesluit ds. Kestell wat die toespraak gelewer het, Trudie, sy dogter, Gordon en Eugenie, Maude Bidwell en haar suster, Ella Fischer. "I now only realize what a great gift it is", het Tibbie haar vriendin bedank, "I feel it must have cost you something to part from such a picture". Sy wens Theunis kon daar gewees het om die dogters met sy gewone welsprekendheid toe te spreek.²⁵⁴ Ds. Kestell het in sy toespraak nie net aan mej. Hobhouse hulde gebring nie, maar ook aan "Mev. Pres. Steyn, wat so intens meeleeft in alles wat ons volk deurmaak".²⁵⁵

Tibbie was in hierdie selfde tyd ingenome dat Emily Hobhouse aan Suid-Afrika gedink het deur middel van bemakings in haar testament. Tibbie het mej. Hobhouse aangemoedig om in dié opsig ruimskoots vir die meisieskool voorsiening te maak. Daarmee het sy getoon hoe intens sy haar met dié inrigting se wel en wee vereenselwig het. Tibbie het gemeen dat die bemaking wat mej. Hobhouse vir die Rusoord, 'n ouetehuis in Brandfort bestem het, sy eerder as 'n Hobhouse-beurs aan Oranje kon bemaak het. Nie net het die Meisieskool Oranje die finansiële hulp broodnodig gehad nie, maar Tibbie het gemeen dat "such a bursary is for all time and the history of your life is recalled to the young from generation to generation". Buitendien het Tibbie die mening gehuldig dat indien mej. Hobhouse die bemaking aan Brandfort sou doen, "the money you give may go in brick and mortar ... while

249 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 11 Junie 1922, 6 Augustus 1922.

250 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS (Vreugde) - EH 1 Mei 1923.

251 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 1 Oktober 1923.

252 Ineg PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 5 Februarie 1924.

253 Die Volksblad 10 Desember 1923.

254 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 11 Desember 1923.

255 Die Volksblad 10 Desember 1923.

a bursary associated with your name is for ever an inspiration to the young ... you must ... live in the hearts of our people".²⁵⁶

Deur haar betrokkenheid by Oranje wou Tibbie steeds verseker dat Theunis en sy rol in die geskiedenis nie vergeet mag word nie. Sedert 1915 is 'n jaarlikse piekniek van die matriekleerlinge en onderwyseresse op Onze Rust gehou, en ook dit het dieselfde doel nagestreef. Vroegoggend is die twee tentjies wat Theunis gedurende die oorlog gebruik het bokant die skoongemaakte sementdam opgeslaan. Die hoogtepunt vir die vyftig stuks dogters en onderwyseresse was "die groot ossewa (wat) hulle (gaan) haal by die Kaalspruit stasie. Die Ou Vrystaat se vlae word gehys, en as die meisies verby ry, kry ek 'n pragtig bloem ruiker". By die aanhoor net daarna van die ou Vrystaatse volkslied, het Tibbie sonder uitsondering 'n knop in die keel gekry.²⁵⁷

Die meisies en onderwyseresse is getrakteer op 'n fees van sosaties, gebraaide skaap, verskillende groentes en ander geregte. In die middag is die dogters en onderwyseresse getrakteer op wat Tibbie as die belangrikste beskou het: haar vertelling met gepaste illustrasies van al die "historiese dinge": die anekdotes, die verhale van heroïese daade en talryke ander geleenthede uit die verlede deur iemand wat dit intens meegeleef het.²⁵⁸ "Then before they leave", skryf Tibbie aan mej. Hobhouse, "coffee and sandwiches and cakes are served - and with ringing cheers at 6.45 they return to the station".²⁵⁹ Emily Hobhouse was verstom oor die hoeveelheid voedsel wat op een so 'n piekniek geëet is. "Such a party", het sy geskryf, "is like a swarm of locusts; your pantry must have been left bare".²⁶⁰ Teen die dertigerjare verdwyn alle verwysings na die piekniek; dit is waarskynlik gestaak.

Die feit van pres. Steyn se vyf-en-dertigjarige verbintenis met die Meisieskool Oranje is in 1942 gedenk toe Tibbie 'n borsbeeld van hom in die Groenewaldsaal onthul het.²⁶¹ Teen die einde van dieselfde jaar het Tibbie 'n reliëfbeeld van Theunis, 'n olienhoutlessenaar vervaardig uit hout afkomstig van Onze Rust en 'n gedenkboek van die President Steyn-gedenkfonds aan ds. J. Strydom, voorsitter van die Kuratorium, vir veilige bewaring oorhandig.²⁶² In die veertigerjare het sy nog by enkele onthullingsplegtighede opgetree, soos dié van die

256 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS (Vreugde) - EH 15 Maart 1923, 29 Maart 1923.

257 VAB A160/69 RIS - HPNM 3 Desember 1924.

258 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 12 November 1917.

259 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS (Vreugde) - EH 15 September 1922.

260 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 27 Desember 1925.

261 Die Volksblad 21 April 1942.

262 Die Volksblad 20 November 1942.

"Voortrekkernooientjie".²⁶³ In 1948 moes sy egter haar spyt uitspreek oor die feit dat sy op drie-en-tagtigjarige leeftyd, nadat sy vir twee-en-veertig jaar lank op verskillende maniere aan die skool verbonde was weens liggaamlike swakheid nie langer die funksies op Oranje kon bywoon nie. Maar ten spyte van haar rype ouderdom het sy nooit "haar belangstelling as die Oranje Ouma - R.I. Steyn" verloor nie.²⁶⁴

Die eerste poging van die Steyns om die naweë van die oorlog by hul volksgenote te versag, die skepping van 'n skool waarin die dogters in eie taal- en kultuurverband opgevoed kon word, was 'n klinkbare sukses. Dit het hulle die vrymoedigheid gegee om hul vlerke wyer te spreid.

²⁶³ Die Volksblad 19 Oktober 1940, NGKA OMS Agendas en Notules 1934-1939, 22 November 1938.

²⁶⁴ Die Volksblad 1 Junie 1948.

Hoofstuk 2 : "Wij vrouwen hebben ... die groot beginselen ... te bevorderen"

2.1 Voorspel tot die Nasionale Konvensie en Uniewording

Die eerste dekade van die twintigste eeu was in vele opsigte 'n tydperk van heropbou van strukture en instellings om die verslane Afrikaner op maatskaplike, kulturele en onderwysgebied weer op te hef. Hierin het Theunis en Tibbie 'n leidende aandeel gehad. Die Vrystaters het dit met waardering aanvaar: bykans geen hoeksteenlegging, onthulling van 'n monument of volksvergadering het plaasgevind nie, of Theunis is as spreker daarheen uitgenooi.

Aan die begin van 1906 het Theunis fisies en geestelik sterk genoeg gevoel vir sy eerste sodanige optrede. Die hele Steyngesin, ook Cornelis du Preez het op 'n milde dag in Januarie afgereis na Dewetsdorp in die suidoos-Vrystaat waar Theunis 'n monument moes onthul vir burgers wat in die oorlog gesneuwel het. Soos van ouds, toe Theunis nog op reise van die Rondgaande Hof was, het hulle gesellig in die veld uitgespan waar hulle "carbanaatjies voor breakfast op de rooster gebraai het".¹

Met hierdie optrede van Theunis was die ys gebreek en van toe af sou die Steyns sonder "heartburnings" hul hertoetrede tot die breë openbare lewe in die Vrystaat met vrymoedigheid aanpak. Binne familiekring het hulle besondere gelukkige tye beleef. Tibbie se oudste dogter, Hannah het op sewentienjarige leeftyd verloof geraak aan Everard, seun van die pionier, G.A. Fichardt, boesemvriende van beide Marthinus Blinkstewels en die jonger Steyns.² Hannah wat tuis deur die goewernante onderrig is, was nog so jeugdig dat haar hare volgens Victoriaanse gebruik nog nie eens op haar kop vasgemaak is nie.³ Percy Fischer, 'n regsgeleerde en seun van Abraham, het terselfdertyd verloof geraak aan Ella, Everard se suster en 'n goeie vriendin van Tibbie. Terselfdertyd het Emeline, Tibbie se jonger suster, haar verloof aan 'n wewenaar Steytler van Philippolis⁴ en Cornelis du Preez aan 'n Vrystaatse nooi wat in 1907 oorlede is.⁵

Die verlowing van Hannah het die Steyns ietwat onkant betrap: "Niemand van ons selfs nie eens Gordon (wat in daardie stadium op Onze Rust gewoon het) merkte het op", skryf Tibbie aan dr. Muller, "daar wij dachten dat Hannah `nog een school

1 VAB A160/70 RIS (Dewetsdorp) - HPNM 20 Januarie 1906.

2 VAB A156 1/1/17 Colin Fraser (Wepener) - RIS 20 Mei 1906.

3 VAB A156 1/1/38 Anna (Stellenbosch) - Hannah 23 Mei 1906.

4 VAB A156 1/1/40 RIS - mev. Brown 16 Mei 1906.

5 VAB A160/70 RIS - HPNM 23 Junie 1906, 23 Maart 1907.

meisje was en heeren nie haar nu al zou omzien nie".⁶ As Tibbie besef het dat Everard op 'n romantiese manier in Hannah belangstel, verseker sy Margaret Gillet, "we would have taken timely measures but the mischief was done before we realized it".⁷ Die verlowing het, ten spyte van Hanna se jeugdigheid en die onverwagsheid daarvan die heelhartige goedkeuring van die Steyns weggedra.

Die enigste wanklank in die vreugdevolle tyd het gekom van Emily Hobhouse wat gemeen het Everard was oorhaastig en het Hannah 'n huweliksaanbod gedoen "before she has had opportunity to know her own heart on such topics".⁸ Haar enigszins bitter afwysing was voortspruitend uit die mislukking van 'n verhouding met Jaap de Villiers. In Langlaagte waar sy gewerskaf het in haar spin- en weefskole, het sy Jaap, nou 'n prominente advokaat "thoughtful and kind ... as you would find oftener in a woman than a man" gevind.⁹ Daar is vele verwysings in mej. Hobhouse se persoonlike korrespondensie na dinees by Jaap se huis in Bellevue, na pieknieks en aangename samesyn. Mondelinge oorleweringe bestaan dat mej. Hobhouse so aangetrokke tot hierdie aantreklike oujongkêrel gevoel het dat sy hom 'n huweliksaanbod gedoen het in die Paleis van Justisie in Pretoria waar hy werksaam was. Jaap het later, volgens die getuienis van Tibbie se kleinseun, regter M.T. Steyn aan Theunis gesê, "dat dit die verskriklikste oomblik in sy lewe was om haar aangesig tot aangesig op hierdie manier af te sê".¹⁰ Die voltooide trourok wat Emily Hobhouse in selfversekerde verwagting gemaak het, moes onaangeraak bly lê as stille getuienis van verlore ideale. Tibbie wat bewus was van die verleentheid en ontugtering, het tussen twee intieme vriende gestaan en het tydens mej. Hobhouse se gereelde besoeke aan Onze Rust haar "very deep misery ... positive & active unhappiness" begryp.¹¹

Jaap het die volgende jaar verloof geraak aan Mietjie Meintjies, amper negentien jaar jonger as hy, en in die oë van sy intelligente vriendinne soos Olive Schreiner en Emily Hobhouse, onverstandig, onwys - "that ninny".¹² Jaap het sy verloofde in September 1907 aan die Steyns kom voorstel.¹³ Tibbie wat met ander maatstawwe gemeet het, het Mita "een lief meisje" gevind.¹⁴ Die laaste deel van die De Villierse

6 VAB A160/70 RIS - HPNM 19 Mei 1906; A156 1/1/17 Katie Fichardt (Kaya Lami) - RIS 20 Mei 1906; A156 1/1/38 HPNM (Den Haag) - Hannah 11 Junie 1906 e.v.

7 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 8 Januarie 1907.

8 VAB A156 1/1/17 EH (Mara Johannesburg) - RIS 19 Mei 1906.

9 Van Reenen, R. (Ed.), Emily Hobhouse Boer War Letters, p. 524.

10 Brief appèlregter M.T. Steyn (Appèlhof Bloemfontein) - skryfster 31 Augustus 1992.

11 VAB A156 1/1/17 EH (Johannesburg) - RIS 19 Mei 1906.

12 VAB A90/8 Theunis - Jaap de Villiers 9 Augustus 1907; Van Reenen, R. (Ed.), Emily Hobhouse Boer War Letters, p. 525.

13 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 20 September 1907.

14 VAB A160/70 RIS - HPNM 1 November 1907.

se wittebrood het hulle op Onze Rust deurgebring.¹⁵ In die lig van Mita se geneidheid in later jare om steeds haar mond verby te praat, kon Emily Hobhouse se oordeel oor Jaap se keuse waarskynlik nader aan die ware Jakob gewees het. So skryf Lalie (geb. Williams) Smit, Tibbie se niggie wat met die Suid-Afrikaanse hoë kommissaris in Londen getroud was, aan Tibbie in 1925 dat sy haar "verwonder ... dat Jaap al die praatjies en dinge toelaat! Maar", voeg sy by, "sover als Mita betref is ek bitter teleurgesteld in hom - dit lijk my hij is blind met haar doen en late".¹⁶

Ten spyte daarvan dat Tibbie en Kathy Fichardt, moeder van Everard en Ella effens bygelowig was oor die dubbelhuwelik, is dié huwelik van Hannah met Everard Fichardt en Ella Fichardt met Percy Fischer op 13 April 1907 deur ds. Fraser in die Tweetoringkerk, Bloemfontein voltrek.¹⁷ Soos gebruiklik was, het die groot gevolg familie- en gesinslede ingesluit. "The large and fashionable gathering", wat volgens die verslaggewer al die vooraanstaande Afrikaners, Engelssprekende en Joodse gesinne met Afrikanergesindhede ingesluit het, het in die pragtige tuin van Kaya Lami net oorkant die kerk vir die onthaal en toesprake vergader. Die adel uit die republikeinse era en die oorlog was teenwoordig. Naas Emily Hobhouse was generaals De Wet, De la Rey, Botha, Smuts, Beyers, Hertzog en Kritzinger daar. Sir John Fraser en sy gesin was afwesig. Die belangrikheid van die dubbelhuwelik was duidelik: die koerant het byna 'n volle bladsy aan die huwelik bestee. Die verslaggewer van The Friend sonder Tibbie uit as die moeder van een bruid, as besonder deftig en elegant in swart chiffon velours oor wit sy. Die jongmense het tot laat in die aand gedans op die maat van die musiek wat deur die Walliese orkes voorsien is.¹⁸

Behalwe vir Emeline, wat na haar huwelik steeds op Philippolis gewoon het, is Tibbie se noue verbintenis met haar geboortedorp teen die helfte van 1907 finaal verbreek.¹⁹ Ds. Fraser het na drie-en-veertig jaar waarin hy 'n hele geslag vermaan, getroos, gedoop en getrou het, sy emeritaat aanvaar. Hy was so deel van die dorp, het Emily Hobhouse gevoel wat saam met hom daar gewerk het, dat mens byna Philippolis nie sonder ds. Fraser kon voorstel nie. "None however, can know better than yourself," skryf mej. Hobhouse aan Tibbie, "his devotion as a minister and the high honour in which he was held".²⁰ Ds. Fraser het "in the strength of our youth", soos hy dit aan Margaret Gillet gestel het, op Philippolis aangekom met 'n ossewa²¹

15 VAB 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 15 Maart 1908.

16 OR Lalie Smit (Londen) - RIS 5 Augustus 1925.

17 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 8 Januarie 1907.

18 The Friend 13 April 1907.

19 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 8 Januarie 1907.

20 Van Reenen, R. (Ed.), Emily Hobhouse Boer War letters, p. 376.

21 VAB A156 1/1/5 ds. Fraser (Philippolis) - Margaret Gillet 10 Julie 1907.

en die wankelende eerste treë van die jong Vrystaatse republiek, die opbloeï en die ondergang van die "Modelrepubliek" meegemaak. Aan die vooraand van die toekenning van selfregering aan die Oranjerivierkolonie, het hy die dorpie tydelik op sewentigjarige ouderdom verlaat om vier jaar later sy ewige rus in die kerkhof op Philippolis te vind.²² Tibbie wat afwesig was tydens die emosiebelaaide vaarweldiens,²³ kon inderdaad soos ds. Fraser daaraan nie gewoond raak dat die pastorie waarin sy groot geword het, nou ander inwoners huisves nie. "Mettertyd zullen wij allen er aan wennen", (gewoond raak) het sy aan dr. Muller beken, "maar ik gevoel ... als of ik niet naar Philippolis kunnen gaan".²⁴ Tot Tibbie se vreugde het haar ouers besluit om Onze Rust voorlopig die middelpunt van hul omswerwinge te maak "if you will let it be our 'uitgaans & terugkomst' punt", in die woorde van ds. Fraser.²⁵

In Oktober van dieselfde jaar moes Tibbie weer by dr. Muller vir die dr. H. Costerfonds aanklop om finansiële bystand vir Colin se opvoeding. Hierdie fonds ter herdenking van 'n Nederlandse vrywilliger wat tydens die oorlog by Elandslaagte gesneuwel het,²⁶ is in 1904 vir die eerste keer tot die beskikking van Colin se opleiding gestel.²⁷ Dit was vir Tibbie soos voorheen toe sy met die hoed in die hand gestaan het "een zeer tedere zaak" en een wat sy met die grootste vertroulikheid omklee. Die lening sou die Steyns met rente vereffen sodra dit binne hul vermoë was.²⁸ Binne drie maande het dr. Muller positief gereageer. Met die hulp van dr. Muller was die Ned. Zuid Afrika Vereeniging soos voorheen tegemoetkomend.²⁹ In Maart 1908 vertrek Colin na Europa waar hy beoog het om sy regseksamens in drie jaar aan die Universiteit van Leiden af te handel.³⁰ Dit was soos altyd vir Tibbie pynlik om een van haar kinders onder haar vlerk uit te laat gaan: "Oh, I felt having to let go my boy so far away & for so long time, however it is for his own good". Die geboorte van die Steyns se eerste kleinkind, Theunis Fichardt, het die leemte wat gelaat is deur Colin se vertrek egter deeglik gevul. "Theunis ... is a splendid baby", het Tibbie aan 'n vriendin geskryf, "we are all so in love with him".³¹

22 De Kerkbode 2 Maart 1911.

23 VAB A156 1/1/18 ds. Fraser se afskeiddiens Philippolis, ongedateerd, fragment; De Fakkel 18 Julie 1907, p. 176; Fraser, C., Leerredenen, p. 293.

24 VAB A160/70 RIS - HPNM 7 November 1907.

25 VAB A156 1/1/5 ds. Fraser (Philippolis) - RIS 21 Januarie 1907.

26 Spies, F.J. du T., 'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat ..., p. 132.

27 VAB A160/70 RIS - HPNM 12 Oktober 1903.

28 VAB A160/70 RIS - HPNM 29 Oktober 1906.

29 VAB A160/70 RIS - HPNM 26 Januarie 1907.

30 VAB A156 1/1/22 Colin (SS Johannesburg) - RIS 1 Maart 1908; A156 1/1/22 Colin (Leiden) - RIS 8 Mei 1908.

31 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 15 Maart 1908; A156 1/1/15 Bealaarts van Blokland (Nederland) - RIS 28 Mei 1908.

Dit het vir Theunis veel langer as vir Tibbie geneem om die na-oorlogse depressie te bowe te kom. In 1911, bykans 'n dekade na die oorlog, het hy byvoorbeeld nog aan Merriman beken dat "I still find it very painful to read books or even articles that remind me of those dark days. In fact I have not read a single book on the war".³²

Die eerste openlike sprankie optimisme by Theunis waarvan skriftelike getuienis bestaan, het gekom aan die einde van 1906 toe hy aan Merriman, die premier van die Kaapkolonie, skryf dat die oplossing van Suider-Afrika se probleme vir hom geleë is in die uiteindelijke vereniging van die vier Britse state.³³ Theunis, wat sedert 1897 met Merriman gekorrespondeer het, het in dié waardige en skerpsinnige staatsman 'n sielemaat gevind, veral waar hulle in korrespondensie oor die politieke toekoms van 'n geamalgameerde Suid-Afrika menings gewissel het.³⁴ Dit was juis Merriman wat Tibbie se vele briewe namens Theunis aan hom hoog op prys gestel het weens hul helderheid en absolute vertroulikheid. Merriman het Tibbie teen die einde van 1907 tydens 'n besoek aan Onze Rust ontmoet,³⁵ en het 'n groot waardering uitgespreek "for all she had done ... and for the noble example she has set of true womanly virtues".³⁶ Merriman het hom dit ten doel gestel om Theunis deel te maak van die onderhandelingsproses by die Nasionale Konvensie wat Suid-Afrika na vereniging moes lei. Telkemale skemer sy kommer oor Theunis se gesondheidstoestand in korrespondensie deur want volgens Merriman Theunis "carry probably more weight than anyone in South Africa ... and your voice will be final. Therefore, ... do try and make this sacrifice for South Africa".³⁷

Die posisie was teen Januarie 1907 dat Merriman, Smuts en Theunis dit eens was oor vereniging, maar dat dit nie moes kom voordat Het Volk in die Transvaal, die Orangia-Unie in die ORK en die Suid-Afrikaanse Party in die Kaapkolonie in beheer van sake sou wees nie.³⁸ Alhoewel Theunis homself nog buite die onderhandelingsproses beskou het, bied hy tog sy raad en hulp aan: "Gij kunt op my rekenen", skryf hy aan Smuts, "als gij meent dat die 'ou kreupel perd' nog iets zul kunnen doen".³⁹

32 Lewsen, P. (Ed.), Selections from the correspondence of John X. Merriman 1905-1924, p. 210, MTS - J.X. Merriman 4 Junie 1911.

33 Lewsen, P. (Ed.), Selections ..., p. 9, MTS - J.X. Merriman 10 November 1906.

34 Lewsen, P. (Ed.), Selections ..., p. 285, J.X. Merriman - lord Buxton 5 Desember 1916.

35 Lewsen, P. (Ed.), Selections ..., p. 40, dagboekinskrywing 16 November 1907.

36 Lewsen, P. (Ed.), Selections ..., p. 169, J.X. Merriman - MTS 27 Februarie 1910.

37 VAB A156 1/1/5 J.X. Merriman - MTS 31 Mei 1908.

38 Thompson, L.M., The unification of South Africa 1902-1910, p. 74.

39 TAB A1/191 MTS - JCS 23 Februarie 1908, 3 September 1908.

Teen die helfte van 1908 was Theunis se voorbehoud teen deelname nog veral gegrond op die minderwaardige posisie van Nederlandse Afrikaans. Ook in 'n nuwe bestel het weinig Engelssprekendes die Taal 'n kans uit sy veragtelike posisie gegun, en beslis nie as amptelike taal naas Engels nie. Vir genl. Hertzog, minister van onderwys in die ORK en Theunis was 'n taalklausule in 'n nuwe konstitusie onvoldoende. Hulle wou volkome gelykheid van Nederlands (waaronder die "Taal" - Nederlandse Afrikaans - sou ressorteer) en Engels in die staatsdiens en skole verseker.

Alhoewel Tibbie in hierdie stadium gemakliker in Nederlandse Afrikaans gepraat en geskryf het, was sy soos Theunis, die erkenning van Nederlands in 'n nuwe bestel goedgesind. Sy het egter nie in daardie stadium dieselfde dryfkrag as Theunis aangevoel nie. Sy meld aan Margaret Gillet dat dit veral die opsie van unie was eerder as federasie wat op almal se lippe was: "an interesting period is ahead of us & we all sincerely hope matters will be brought to a successful issue".⁴⁰

Voordat Theunis egter bereid sou wees om deel te neem aan die Konvensie wou hy sekerheid hê oor "di absolute gelykheid van di twee rassen", soos hy dit in 'n vertroulike brief aan Jaap de Villiers stel. "Ik gevoel dat het vir mij onmogelik zou wees om di konstitusie te teken waarin ons volk in een minder positie ... zal gesteld word by de Engelse. Eenheid kan alleen teweeg gebring word deur gelykheid".⁴¹

Voordat hy besluit het om aan die Konvensie deel te neem, het Theunis eers Hertzog, Fischer en sy geneesheer geraadpleeg.⁴² Toe hy wel op deelname besluit het, kon hy op 'n belangrike taktiese voordeel reken, want sowel generaals Botha as Smuts het sy teenwoordigheid as noodsaaklik beskou "because they feared that if he did not do so he might use his great prestige to rally Afrikaner opinion against its recommendations".⁴³ Merriman weer het op Theunis se steun gereken "in fighting the forces of parochialism".⁴⁴

Op 12 Oktober 1908, dieselfde datum as dié waarop die eerste skoot van die Anglo-Boereoorlog in 1899 afgevuur is, vergader drie-en-dertig konvensiegangers in Durban. Saam met Abraham Fischer, eerste minister van die ORK, generaals De Wet en Hertzog en sir John Fraser, wat later vervang is deur A. Browne, was pres.

40 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 31 Mei 1908.

41 VAB A90/8 MTS - Jaap de Villiers 10 Julie 1908.

42 Lewsen, P. (Ed.), Selections ..., p. 81. MTS - J.X. Merriman 8 Junie 1908.

43 Thompson, L.M., The unification of South Africa 1902 - 1910, p. 136; VAB A156 1/1/5 L. Botha - MTS 19 Junie 1908.

44 Lewsen, P. (Ed.), Selections ..., pp. 82, 83, J.X. Merriman - MTS 14 Junie 1908.

Steyn lid van die Vrystaatse afvaardiging. Aangesien Gordon Fraser die Steyns as private sekretaris sou vergesel, kon Tibbie haar toespits op morele ondersteuning aan Theunis.⁴⁵ Daarby het sy inderdaad 'n hoogs belangrike bydrae gelewer want die warm, vogtige klimaat van Durban en die lang sittings het hoë eise aan Theunis gestel. Hy was nouliks by magte om selfs alleen te stap en dit was vir konvensiegangers "the most touching sight ... (to see) the arrival and departure of the great Free Stater leaning on the arm of General de Wet for support".⁴⁶ Tibbie het buite die konvensiekamer aan al die verwickelinge deelgeneem en sy het dikwels vertroulike gesprekke in hul Ocean View-hotelkamer aangehoor. Só het sy as gesonde klankbord gedien vir die probleme wat die Vrystaters onderling bespreek het. Die Konvensie het net tot 5 November 1908 in Durban beraadslag waarna dit na Kaapstad verskuif het. Dié besluit is onder andere geneem omdat die Kaapse klimaat makliker hanteerbaar vir Theunis was. Die vergadering is die volgende jaar in Mei in Bloemfontein afgesluit.

Dit was byna vanselfsprekend dat sir Henry de Villiers as president van die Konvensie gekies sou word vanweë sy status en posisie as hoofregter van die Kaapprovinsie. Maar dat Theunis as vise-president gekies is op Merriman se voorstel,⁴⁷ "was not perhaps", volgens The Times "so obvious a choice ... The bitterness which his name once evoked during the war ... has now disappeared before his obvious heroism ... His burly figure and flowing beard are well known from illustration, but today the paralysed hands and drooping eyelids give him an added touch of pathos".⁴⁸ Die konvensiegangers wat dit alles ondervind het, het bestaan uit 'n bonte verskeidenheid: geleerde en ongeleerde Boere, prokureurs, geneeshere, joernaliste, L.S. Jameson van strooptogfaam en genl. De Wet van guerrillafaam. Die mynbou en die nywerheidssektor was swak verteenwoordig, gekleurdes en Swartes gladnie.⁴⁹

Tibbie het Theunis se aandeel aan die konvensie met gemengde gevoelens bejeen. Sy was dankbaar dat hy sy volk kon dien, maar aan die ander kant het sy met groot kommer waargeneem hoe dit hoë eise aan sy beperkte kragte gestel het. Daarom was sy immer gereed om sy hom op te beur en sy afgematte liggaam weer te probeer opbou. Dit ly geen twyfel nie dat Theunis sonder haar bystand waarskynlik nie sy volle bydrae tot die beraadslaginge tot die Nasionale Konvensie sou kon

45 VAB A156 1/1/5 Lys van afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie Durban, 12 Oktober 1908.

46 The Friend 29 November 1916.

47 VAB A156 1/1/35 Telegram J.X. Merriman - MTS c. Junie 1908.

48 VAB A156 4/2 The Times 1 November 1908.

49 Van Wyk, A., "Van Smuts tot Kodesa", Beeld 17 Desember 1991; Thompson, L.M., The unification of South Africa 1902-1910, pp. 174, 177.

lewer nie. Dié bydrae het daarin gelê dat hy sy sterk persoonlikheid en onwrikbare beginsels telkens op die kritiekste oomblikke laat geld het. Toe genl. Hertzog sy voorstel oor die gelyke taalbeleid op 19 Oktober 1908 indien, was die meeste Engelssprekendes hewig ontsteld daardeur want mense soos Jameson en Fitzpatrick "associated Dutch - and especially Afrikaans - with cultural backwardness, and hoped and assumed that in the course of time English would oust it from South Africa".⁵⁰ H.C. Hull, die Transvaalse Nasionalis, het Hertzog se voorstel byvoorbeeld privaat bestempel as "a notarial deed drawn up by a pettifogging attorney".⁵¹ Pres. Steyn se roerende toespraak in Engels ten gunste van sy moedertaal het meer as een konvensieganger bewoë gelaat want die trefkrag van sy woorde is verhoog deur sy forse gestalte geslaan deur in fisiese rampspoed. Jameson, die aartsimperialis, was so geraak daardeur dat hy sonder meer sy seën op die beginsel uitgespreek het.⁵² Dié toespraak het so 'n trefkrag gehad dat dit finaal die skaal ten gunste van Nederlands geswaai het en die insluiting van Artikel 137 in die Suid-Afrika-Wet verseker het.⁵³

Dit was veral op persoonlike vlak dat Theunis beskou is as die uitstaande en ook die invloedrykste persoonlikheid.⁵⁴ Dit het Merriman innige genoegdoening verskaf dat sy vertrouwe in die President op dié manier geregverdig is en "that you (Theunis) have taken up in the Conference a position that I always knew you would fill and to hear from the lips of those who were bitterly opposed how much they have learned to love and respect you".⁵⁵ Vir 'n mede-konvensieganger soos sir Edgar Walton was sy fisiese swakheid, die sukkelende bewegings van sy hande wat net gedeeltelik onder beheer is en sy half geslote oë, vol patos. "He was always in his place, always full of kindly courtesy always ready with common sense suggestions ..."⁵⁶ Op sir Henry de Villiers het Theunis so 'n gunstige indruk gemaak dat, toe die President in Durban ongesteld geword het, sir Henry aan sy eggenote geskryf het dat "I shall be very sorry if he should be incapacitated for I have taken a great liking to him".⁵⁷ Pres. Steyn se charismatiese persoonlikheid en berekende onpartydigheid het bittere vyande van die Afrikanerdom soos dr. Jameson onkant

50 Wilson, M., Thompson, L.M., The Oxford history of South Africa, II, p. 361.

51 Thompson, L.M., The unification of South Africa 1902-1910, p. 194.

52 Thompson, L.M., The unification of South Africa 1902-1910, p. 196.

53 Malan, F.S., Die Konvensiedagboek van sy edelagbare Francois Stephanus Malan 1908-1910, pp. 39, 41, 25; Oberholster, J.J., Van Schoor, M.C.E. (reds.), President Steyn aan die woord..., p. 155; Marais, A.H., Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-Kolonie 1902-1912, p. 66; De Vriend de Volks 29 November 1910.

54 Lewsen, P., John X. Merriman paradoxical South African statesman, p. 303.

55 Lewsen, P. (Ed.), Selections ..., p. 101, J.X. Merriman - MTS 30 Desember 1908.

56 Walton, E.H., The inner history of the National Convention of South Africa, p. 70; VAB A156 3/3 De Volkstem 30 November 1916.

57 Walker, E.A. Lord de Villiers and his times South Africa 1842-1914, p. 452.

betrap. Sy vroeëre indiskresies het Steyn nie teen hom gehou nie, en teen die einde van die Konvensie het Jameson so 'n dramatiese gesindheidsverandering jeens die President en sy moedertaal geopenbaar dat hy hom as 'n groot vriend - beskou het - "strange but true" - in die woorde aan sy broer.⁵⁸

Die resultaat van die Nasionale Konvensie is beliggaam in die Suid-Afrika-Wet. Die wet sou in Brittanje aan die parlement voorgelê word en daar is besluit dat 'n Suid-Afrikaanse afvaardiging vir dié geleentheid na Brittanje toe moes gaan. Tibbie het die algemene aandrang dat pres. Steyn lid van die deputasie moes wees, met kommer aangehoor. Hy was reeds afgemat na die lang sittings, maar 'n seereis kon hom aan die ander kant dalk goed doen. Hulle het daarom ingewillig om op 30 Junie 1909 saam met die afvaardiging op die Carisbrooke Castle na Brittanje te vertrek.

Tibbie wat Theunis uit die aard van die saak sou vergesel, het 'n nota van Hamilton Goold-Adams ontvang waarin hy haar vra "to have a brief private talk ... before you start ... What ever day & hour you appoint I will make it my business to be there to meet you".⁵⁹ Dit was die eerste kontak tussen hulle na die onaangenaamheid met haar meubels by Government House minder as vier jaar tevore. Wat Goold-Adams so dringend voor hul vertrek na Brittanje op haar hart wou druk, is nie bekend nie. Dit is onwaarskynlik dat die nota in verband sou gestaan het met 'n versoek om 'n pakket of korrespondensie na Brittanje te neem. Dáárvoor kon Goold-Adams veel eerder van A. Browne die Engelssprekende Vrystaatse afgevaardigde gebruik gemaak het. Tibbie het in later jare met nostalgie kon terug dink aan die aangename seereis wat hulle meegemaak het in die geselskap van genl. Louis Botha en sy eggenote Annie, genl. Smuts, Hertzog en Abraham Fischer vergesel van sy eggenote, Ada.⁶⁰ Die geselskap het volgens Smuts baie gesels en baie gelees.⁶¹ Tibbie kon kwalik soos mev. Mijnie Hertzog en mev. Isie Smuts tuis by die kinders gebly het: háár plek was immers aan Theunis se sy, en daar het sy intellektueel en polities gegroei.

By hul aankoms in Londen is motors en kantoorryimte tot hul beskikking gestel. Hulle is feitlik voltyds besig gehou deur formele byeenkomste⁶² en informele onthale soos blyk uit die magdom uitnodigingskaartjies in die Tibbie

58 Engelenburg, F.V., General Louis Botha, p. 174; Walton, E.H., The inner history of the National Convention of South Africa, p. 262.

59 Ineg PV181 2/8/1/1/10 H. Goold-Adams - RIS 8 Junie 1909.

60 TAB A1/211 RIS - JCS 5 September 1923; Van den Heever, C.M., Genl. J.B.M. Hertzog, p. 271.

61 Hancock, W.K., Van der Poel, J. (Ed.), Selections from the Smuts Papers, II, p. 439, JCS (Carisbrooke Castle) - Isie Smuts 10 Julie 1909.

62 Thompson, L.M., The unification of South Africa 1902-1910, p. 408.

Visserversameling.⁶³ Die "at homes", informele oggend- en middagtegeleenthede aan huis van 'n lady Wilson of lady Scarisbrick of desnoods by Downingstraat 10, moes groter byval by die Steyns en die ander Vrystaters gevind het vanweë die warmer mensliker aard daarvan. Die formele dinees soos dié aangebied deur die direkteure van die Standard Bank van Suid-Afrika, die uitstallings van portrette van Boere deur Antoon van Wele en die tuinpartye, het die Suid-Afrikaners minder geesdriftig gestem. Vir Merriman, wat deel was van die afvaardiging, was dit opvallend "how keen ... these people are ... about the Dutch (sy onderstreping) now ... as they hated them during the war".⁶⁴ Dat Tibbie alleen as eregas van die British Empire Club 'n banket moes bywoon, kon vir haar geen probleem gewees het nie: met haar Victoriaanse agtergrond, natuurlike grasia en innemende persoonlikheid was sy so tuis by die Britse adellikes as by die eenvoudigste Vrystaatse Boer.⁶⁵ Sy het die geleentheid benut om Emily Hobhouse en Kate Courtney, wat saam met haar eggenoot die Boere goedgesind in die oorlog was, te besoek. Tydens die kuiertjie moes hulle die sosiale verwickelinge en politiek in Suid-Afrika bespreek het.⁶⁶

Die hoogtepunt van die amptelike gasvryheid was 'n staatsbanket vir die afgevaardigdes en hul eggenotes by Buckingham Paleis op 24 Julie 1909.⁶⁷ Die jonger Tibbie het onwetend vanaf Onze Rust die spyker op die kop geslaan toe sy ewe vermakerig oor dié noenmaal skryf dat "there will not be much chance for Papie (sic) to escape".⁶⁸ By die lang noenmaal het die koningin die Cullinandiamant, wat vroeër deur Transvaal aan die Britse koning geskenk is, gedra. Volgens Merriman "everything was gold", gold forks and spoons, gold soup plates and gold everywhere. The buffet a blaze of gold service",⁶⁹ met die spyskaart geheel en al in Frans.

Genl. Louis Botha is uit die staanspoor deur premier Asquith en die koning uitgesonder as "the hero of the hour". Dit was volgens Merriman rondom genl. Botha dat "Lords and Bishops in their Robes thronged ... to shake him by the hand". Genl. Botha, eerste minister van Suid-Afrika se rykste provinsie en 'n man - alhoewel 'n Afrikaner - op wie se lojaliteit die Britse Regering kon peil trek,⁷⁰ was

63 Ineg PV181 10/1/1/1 Uitnodigingskaartjies.

64 Lewsen, P. (Ed.), Selections ..., p. 140, J.X. Merriman - mev. Merriman (sr.) 19 Julie 1909.

65 Ineg PV181 10/1/1/1 Uitnodigingskaartjies.

66 Steyn, R.I., "Emily Hobhouse", Die Huisgenoot 25 Junie 1926; Ineg PV181 2/8/1/1/10 Kate Courtney (Chelsea) - RIS 29 Julie 1909.

67 Ineg PV181 10/1/1/5 Uitnodiging Buckingham Paleis.

68 VAB A156 1/1/22 Topsy (Tibbie) (OR) - RIS 23 Julie 1909.

69 Lewsen, P. (Ed.), Selections ..., p. 140, J.X. Merriman - mev. Merriman (sr.) 16 Julie 1909 (sic) 24 Julie-30 Julie 1909.

70 Lewson, P. (Ed.), Selections ..., p. 26, MTS - J.X. Merriman 16 April 1907.

'n aantreklike persoonlikheid wat volgens Merriman "unmoved or unspoilt" deur al die aandag gebly het.⁷¹

Hoewel pres. Steyn die vise-president van die Nasionale Konvensie was en op grond daarvan volgens sommige die sterkste aanspraker op die premierskap van die Unie van Suid-Afrika was mits sy gesondheidstoestand dit sou toelaat, was dit volgens die tafelplan van die banket duidelik dat pres. Steyn volgens protokol minder geag is as genl. Botha. Genl. en mev. Botha het die hoofafels met die koning en koningin gedeel. Die Steyns het by die troonopvolger se eggenote, die prinses van Wallis, gesit aan 'n tafel wat die naaste aan die orkes was en die verste van die hoofafel. Tibbie was darem die geselskap gespaar van haar aartsvyand of "bête noir" soos sy destyds daarna verwys het, burggraaf Milner, wat gesit het aan 'n tafel saam met die prins van Wallis, genl. Smuts, J.H. Hofmeyr, Abraham en Ada Fischer en mev. Sauer.⁷²

Voordat hulle na Europa sou vertrek, het Theunis 'n laaste besoek afgelê aan W.T. Stead. By dié geleentheid het Stead, die redakteur van die Review of Reviews, soos Theunis se biografis dit stel, "byna histories geword en ... wou ... nie die President ... laat gaan ... sonder 'n belofte "dat hy hom as premier van die Unie beskikbaar sou stel nie."⁷³ Theunis was egter hoogstens bereid om oorweging daaraan te skenk indien sy eertydse geneesheer in Nederland, dr. Winkler, sy toestemming sou verleen na 'n intensiewe mediese ondersoek. Tibbie het buitendien ernstige bedenkinge oor hierdie verwickelinge gehad. Sy het reeds tydens verkiesings in die Oranjerivierkolonie waar Theunis eintlik 'n buitestaander was, gesien dat die deelname aan die politiek vir Theunis altyd gepaard sou gaan met intensiewe spanning, iets wat hy juis nie kon bekostig nie.

Toe die Steyns dr. Winkler in Nederland geraadpleeg het, het hy geoordeel dat, hoewel Theunis se gesondheidstoestand vooruit gegaan het, "de president ... zich nog niet ... mag wagen aan de drukte ... van een actief publiek leven". Hy het egter ook die mening uitgespreek "dat zijn terugkeer in het politieke leven na eenige jaren wel mogelijk zal zijn ... (want) na eenige jaren, zijn de kansen op in storting veel geringer".⁷⁴

Of die bevinding van dr. Winkler vir Theunis 'n teleurstelling was en of hy dit bloot soos so baie ander beperkinge op sy vermoëns gelate sou aanvaar het, is nie bekend

71 Lewsen, P. (Ed.), Selections ..., p. 140, J.X. Merriman - mev. Merriman (sr.) 22 Julie 1909.

72 Ineg PV181 10/1/1/1 Plan van gaste by noenmaal, Buckingham Paleis 24 Julie 1909.

73 Van der Merwe, N.J. Marthinus Theunis Steyn, II, p. 236; "Onthulling van het Monument voor President M.T. Steyn te Deventer", Hollandsch Zuid-Afrika Maandschrift, 15 Julie 1922.

74 VAB A156 1/1/35 dr. Winkler (Appeldoorn) - RIS 6 Augustus 1909.

nie. Tibbie was waarskynlik verlig. Maar vir Merriman was dit 'n bron van diepe teleurstelling omdat hy bewus was van die ontwikkelende politieke intriges in Suid-Afrika. Hy het aan Theunis geskryf: "Your decision will indeed complicate matters a good deal and may at the present time have disastrous results".⁷⁵ Dat sy insig inderdaad profeties was, is deur die latere politieke verwickelings bevestig.

Na 'n kuur van sewe weke in Duitsland by Bad Oeynhausen in Wesfale, is die Steyns op 23 Oktober met die Walmer Castle weer terug na Suid-Afrika.⁷⁶ Op 22 November kom hulle per trein uit Kaapstad in Bloemfontein aan waar 'n groot aantal vriende hulle hartlik terug verwelkom. Nadat die Vrystaatse volkslied gesing is en Theunis 'n woord gesprek het, het hulle 'n paar dae lank by Everard en Hannah, hul skoonseun en dogter vertoef voordat hulle na Onze Rust sou terugkeer.⁷⁷

2.2 Die stigting van die Oranje-Vrouevereniging (OVV)

By hul terugkeer uit Suid-Afrika het Tibbie spoedig weer gemoeid geraak met aksies vir hulpverlening aan noodlydendes. Reeds tydens die Steyns se verblyf oorsee net na die oorlog, het Tibbie haar saam met Theunis beywer om die geruïneerde na-oorlogse Afrikaners veral op maatskaplike terrein op te hef. Dr. W.J. Leyds het byvoorbeeld geld uit die "Boeren Generale Hulpfonds" na Tibbie gekanaliseer wat sy moes aanwend ten behoeve van noodlydendes.⁷⁸ So ontvang die Bethulie-weeshuis op hierdie wyse geldelike steun van die Steyns nog voor hul terugkeer na Suid-Afrika.⁷⁹

Tibbie is direk betrek by 'n aksie om blanke plakkers net buite Bloemfontein se nood te verlig. 'n Plakkerskamp het ontstaan met "huizen ... bestaande uit raamwerk van hout overtrokken met oude bokzeilen ... en selfs oude kombarsen" waarin ten minste veertig Afrikanergesinne van "goede afkomst" gewoon het.⁸⁰ Theunis en Tibbie het saam met ds. J.D. Kestell, Theunis se getroue metgesel in die oorlog, hulle die lot van die armes diep aangetrek. Soos ds. Kestell het die Steyns ook geglo dat iets spoedig vir hierdie mense gedoen moes word "anders gaan wij als volk ... verloren".⁸¹ Dit was vir Theunis veral of die Vrystaters "are dumb - caused

75 VAB A156 1/1/35 J.X. Merriman (Londen) - MTS 17 Augustus 1909.

76 PV181 10/1/1/5 Uitnodigingskaartjies & Diverse stukke.

77 The Friend 22 November 1909.

78 Ineg PV181 2/8/1/1/8 W.J. Leyds - RIS 10 Maart 1904; VAB A156 1/1/21 Hannie Blygnaut - RIS 13 Maart 1904.

79 Ineg PV181 2/8/1/1/8 RIS - Vriend 25 Mei 1904; VAB A156 1/1/34 H.C.J. Bachler (Bethulie) - RIS 14 Maart 1904.

80 Scholtz, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, V, pp. 323, 324.

81 VAB A156 1/1/3 J.D. Kestell (Ficksburg) - Theunis 24 Februarie 1905.

by grief, poverty and false hopes based on false promises. I am glad to say their spirit is not broken ..."⁸²

Tibbie het die bydraes wat na Onze Rust gestuur is op verskeie maniere na hulpbehoewendes gekanaliseer.⁸³ Die bydraes was veral afkomstig van private persone of instansies.⁸⁴ Dit was spoedig duidelik dat die individuele pogings meer effektief sou wees indien dit op georganiseerde basis deur die vroue in die Vrystaat georganiseer kon word. In die Kaapkolonie is reeds op 1 September 1904 aan huis van mev. Marie Koopmans-De Wet die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) gestig met mev. Elizabeth Roos as voorsitster. Ook in die Transvaal het mev. Louis Botha op 19 Oktober 1904 die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie (SAVF) gestig. Beide organisasies het takke in die Vrystaat gestig, maar aangesien die Transvalers Rooms-Katolieke dames as lede toegelaat het, is daar deur verskillende lede van albei die organisasies besware teen die ander organisasie gelug.⁸⁵

In April 1907 het die Suidelike en Westelike ring van die NG Kerk in die Vrystaat versoë tot Tibbie gerig "om poginge aan te wenden" ten einde te trachten eene Vereeniging te bewerkstellen" tussen die twee vroue-organisasies. Terwyl beide organisasies dieselfde altruïstiese motiewe nagestreef het, was Tibbie die mening toegedaan dat die onderlinge wedywing nie bevorderlik vir die bereiking van hul ideale was nie.⁸⁶ Sy het nogtans gevoel "dat de Hoog. Eerwd. Ringen aan my grooter invloed toeschrijven dan daarop ek wel aanspraak mag maken". Maar as Afrikanervrou en moeder sou sy alles in haar vermoë doen om sake te bereedder. Tibbie het dit prakties uitgevoer deur voor te stel dat afgevaardigdes van beide organisasies na Onze Rust kom om te bepaal of "een weg (nie) zal worden gevonden om de punten van verschil tusschen (die organisasies) uit den weg te ruimen".⁸⁷

Om die reëlins van die vergadering self te vergemaklik, het Tibbie die getal afgevaardigdes beperk tot drie elk van die Transvaal en die Kaapkolonie met die Vrystaat uitgesluit. Sy kon reken op die ondersteuning van mev. Annie Botha as

⁸² Lewsen, P. (Ed.), *Selections from the correspondence of John X. Merriman 1905-1924*, p. 4.

⁸³ VAB A156 1/1/15 H.C.J. Becker (Bethulie) - RIS 14 Maart 1905.

⁸⁴ VAB A156 1/1/15 A.C.V. van den Hoop (Kaapstad) - RIS 15 Desember 1905; A156 1/3/1 RIS - Konsulgenl. van die Nederlande 5 Februarie 1906.

⁸⁵ Bell, E.S.L. (Samesteller), *Die OVV vyftig jaar in volksdiens 1908-1958*, p. 21.

⁸⁶ Ineg PV180 5/2/1/3/1 "Herinneringe" Jubileum van OVV c. 1933; VAB A156 3/3 M.A.W. de Vos (Scriba Zastron) - RIS 11 April 1907; A156 3/1 P.A. Roux (Scriba Westelike Ring) - RIS 3 Maart 1907; Ineg PV180 1/1/2/3/1/1 Inligtingstukke OVV HB 1934-1969; OVV Hoofkwartier Bloemfontein Pamflette "Die Organisasie".

⁸⁷ VAB A156 3/1 RIS - Vriendin c. April 1907.

voorsitster van die Transvaalse organisasie.⁸⁸ Annie het met Tibbie saamgestem dat hulle "(must) try with our united efforts to bridge the gulf which should never have existed, that we should work together as Africander women ... with the same object".⁸⁹ In hul onderlinge briefwisseling het die twee vroue mekaar geraadpleeg oor verskeie probleme. "What is your opinion", het Annie Botha Tibbie gepols oor die kwessie van amalgamasie. "Shall we be able to meet the 3 delegates before September - when we are to have our Congress?"⁹⁰ Van verskeie oorde is Tibbie deur die Transvaalse en Kaapse dames as't ware as uitlaatklep gebruik om hul besware en griewe te lug en voorstelle te doen.⁹¹ Tibbie moes haar weg soos 'n ware diplomaat baan tussen die uiteenlopende standpunte.⁹²

Op Maandag 5 Augustus 1907 het die vergadering onder voorsitterskap van Tibbie op Onze Rust plaasgevind. Die ACVV is verteenwoordig deur mev. E. Roos, B. le Roux en C.W.H. van der Post. Die Vrouefederasie is deur Annie Botha, mev. Nico Hofmeyr en Dora Poultney, Tibbie se jarelange vriendin, verteenwoordig. Theunis, ds. P.J.J. Boshoff en Charles Murray as sekretaris, het die byeenkoms van raad bedien. In haar verwelkomingstoespraak het Tibbie volgens mev. Hofmeyr se verslag die redes uiteen gesit waarom die vergadering byeen geroep is. Tibbie het ook erken dat sy aanvanklik "'gearzeld (het) vreezende dat de taak te groot zou zijn". Maar omdat sy geweet het watter groot invloed die vrou het en as gevolg van "mijn plicht tegenover mijn Land en mijn Volk" het sy die taak aangepak. "Eerst", meen Tibbie uit ondervinding, "is het verdeeldheid in Staten aan in steden tot dat het zich eindelijk zal indringen in de familien. Een huis dat tegen zich zelf is verdeeld is kan nie bestaan".⁹³ Ook Theunis het enkele woorde gespreek. Hy het die feit betreur dat "de vrouwen niet samen konden werken, daar zij allen voor het welzijn van het volk arbeiden".⁹⁴

Die konstitusies van beide organisasies is met die oog op samesmelting noukeurig nagegaan. Oor enkele bepalinge soos die wat betrekking gehad het op liefdadigheidswerk en opvoeding was daar eenstemmigheid, maar nie oor die lidmaatskap van die vereniging nie. Die konstitusie van die ACVV het naamlik bepaal: "Leden kunnen word alle vrouwen die de protestantse geloofsbelijdenis belijden en zuiver van gedrag zijn". Dié van die Vrouefederasie daarenteen het

88 VAB A156 3/1 RIS - Vriendin 8 Junie 1907, 18 Junie 1907.

89 VAB A156 3/3 Annie Botha (Sunnyside) - RIS 4 Junie 1907.

90 VAB A156 1/1/15 Annie Botha (Sunnyside) - RIS 24 Julie 1907.

91 VAB A156 3/1 A.M. de Vos - RIS 18 Julie 1907.

92 VAB A156 3/1 A.M. de Vos - RIS 4 Junie 1907; A156 3/1 E. Roos (Seepunt) - RIS 16 Junie 1907.

93 VAB A156 3/1 Toespraak RIS op Onze Rust oor verdeeldheid, c. Augustus 1907.

94 Ineg PV180 6/1/1/1 Mev. Hofmeyr se "Rapport van de Konferensie", c. Augustus 1907.

bepaal dat "een ieder van welke nationaliteit of geloof ... mits zij Afrikaners van ware ... gevoelens" was.⁹⁵

Op aanbeveling van mev. Roos is besluit dat die SAVF hom voortaan tot die Transvaal sou bepaal en die ACVV tot die Kaapkolonie en die takke van albei in die Vrystaat sou ontbind. Daar is ook besluit dat "iedere Kolonie haar eigen vereniging moet hebben". Dit sou beter wees "als hier een vereniging gesticht kon worden die bevriend zou zijn met beiden maar die tog aan geen van beiden behoorden".⁹⁶ Die naam "Orangia Vrou Vereniging" (OVV) is deur Theunis vir die Vrystaatse organisasie voorgestel.

Ten spyte van die klaarblyklike goeie gesindheid waarin die Onze Rust-vergadering afgeloop het, het die stof nie onmiddellik gaan lê nie. Voor die amptelike stigting van die OVV die volgende jaar moes Tibbie weer vure doodslaan veral wat betref die ontbinding van die bestaande takke van die ACVV en die SAVF in die Vrystaat. Annie Botha se organisasie was byvoorbeeld net bereid om hulle takke in die Vrystaat te ontbind "if you & President were to be at the head of the organization".⁹⁷ Die Kaaplandse beweging het weer gevoel dat hulle deurgaans benadeel is deur die arrogante Transvalers.⁹⁸ Tibbie het die mening gehuldig dat misverstande nie onoorkomelik was nie en dat "de zusterlijke liefde die hier te Onzerust heeft geheerst ... krachtig genoeg ... zal ... zyn om eenige moeielijkheid te overkomen". Sy kon nie insien waarom nie onmiddellik met die werk 'n aanvang geneem kon word nie. Tibbie het reeds dié saak met haar skoonsuster, Hannie Blignaut, bespreek en besluit om die reglemente van Bethlehem se vrouevereniging, wat oorspronklik 'n tak van die SAVF gestig het maar later tot ander insigte gebring is, te gebruik. Tibbie bepleit verder geduld en vrees dat "verdeeldheid weer over gansch Z. Afrika ... (zullen worden) ... loslaten".⁹⁹

Op 25 Maart 1908 is die Oranje-Vrouvereniging as die eerste algemeen georganiseerde vereniging vir maatskaplike werk in die Vrystaat amptelik gestig.¹⁰⁰ Om die susterlike band te bewaar en die onenigheid te besweer, is besluit om afgevaardigdes van die Transvaal en die Kaapkolonie na die vergadering te stuur. Die doelstelling was "het doen en bevorderen van alles wat de godsdienstige,

⁹⁵ De Goede Hoop 1 Oktober 1907, p. 93; Ineg PV180 6/1/1/1 Mev. Hofmeyr se "Rapport van de Konferensie", c. Augustus 1907.

⁹⁶ PV180 6/1/1/1 Mev. Hofmeyr se "Rapport van de Konferensie", c. Augustus 1907; De Vriend des Volks 16 Oktober 1907; Bell, E.S.L. (Samesteller), Die OVV vyftig jaar in volksdiens 1908-1958, p. 23.

⁹⁷ VAB A156 3/1 Annie Botha (Sunnyside) - RIS 11 Oktober 1907.

⁹⁸ VAB A156 3/1 M.M van der Post (Philippolis) - RIS 23 Oktober 1907.

⁹⁹ VAB A156 3/1 RIS - Vriendin 30 Oktober 1907. (Tibbie het Onze Rust gewoonlik as een woord gespel.)

¹⁰⁰ Nienaber, P.J., Die Vrystaatse Taalbeweging, p. 127.

zedelike en stoffelike verheffing van ons volk, in 't bizonder van de Jeugd, beoogt".¹⁰¹ Tibbie is tot eerste voorsitster gekies met mev. C.D. Theron as vise-voorsitster terwyl mevv. A.H. van Gent en M.M. van der Post onderskeidelik die sekretaresse en tesouriere was.¹⁰²

Tibbie kon die eerste kongres in Kroonstad in Desember 1909 as gevolg van ongesteldheid nie bywoon nie. "De spanning en moeilikhede van die laaste jare", het sy aan hulle geskryf, "hebben op mijn gestel hunne invloed gehad". Sy het nietemin die sakelys van werksaamhede noukeurig nagegaan. Sy het gemeen hulle behoort besondere aandag te skenk aan die instandhouding van Christelike beginsels, die sedelike opheffing van die gevallenes en die handhawing van die taal en gewoontes van haar volk. "Wij vrouwen hebben ... in ons huis die groot beginselen ... te bevorderen". Haar wens was dat die OVV met rasse skrede vooruit sou gaan. Tibbie het die mening gehuldig dat die vereniging 'n presidente nodig het "die in hare volle kracht de leiding van onze vereeniging op haar kan nemen". Sy versoek hul dus om haar nie te herkies nie. Die kongres het Tibbie versoek om ere-presidente te wees wat sy inderdaad lewenslank gebly het.¹⁰³

Die 1909-kongres kon as't ware as bloudruk dien vir die daaropvolgende jaarlikse kongresse wat Tibbie na gelang van haar gesondheidstoestand bygewoon het. Alhoewel sy eintlik weinig van die kongresse persoonlik bygewoon het, het sy tog 'n invloed tot in die laat veertigerjare op die werksaamhede van die OVV gehad.¹⁰⁴ Sy het 'n punt daarvan gemaak om by elke jaarlikse kongres 'n geskrewe boodskap aan die Vereniging te rig. Hierdie boodskap is deur die OVV gekoester en het 'n ereplek op die sakelys ingeneem. Dit was "vir ons (telkens) 'n aansporing tot volvoering van die taak van die vereniging", in die woorde van een van die kongresgangers.¹⁰⁵ Voorbeelde van gevalle waar Tibbie die werksaamhede van die OVV beïnvloed het, is legio. In haar hoedanigheid as ere-voorsitster van die OVV het sy in 1920 'n beroep om bystand vir noodlydendes in Duitsland gedoen. Dit was juis die kombinasie van Tibbie se invloed en Emily Hobhouse se naam wat verantwoordelik was dat groot bedrae aan Duitsland beskikbaar gestel kon word.¹⁰⁶ In 1921 het sy in haar boodskap die gedagte van 'n tehuis vir bejaardes uitgespreek.

101 OVV Hoofkwartier Bloemfontein Pamflette "Die Organisasie"; Bell, E.S.L. (Samesteller), Die OVV vyftig jaar in Volksdiens 1908-1958, p. 23.

102 De Vriend des Volks 31 Maart 1908.

103 Ineg PV180 Anon OVV 1908-1959 Bylae E; VAB A156 3/1 RIS - Susters Desember 1909; De Vriend des Volks 10 Desember 1909.

104 Ineg PV180 1/2/3/2/2 Notules OVV HB 1925-1933, 13 September 1929, 17 September 1930, 19 November 1931, 21 September 1932; PV180 1/2/2/1/2 Notules OVV kongresse 1929-1936.

105 Ineg PV180 2/8/1/1/26 S.M. van Rensburg - RIS 25 April 1946.

106 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 21 September 1920, 19 Oktober 1920.

Die oproepe was grootliks suksesvol omdat die vertoë uitgegaan het onder Tibbie se naam. Toe die Nederlandse koningin, Wilhelmina in 1938 heilwense moes ontvang op die veertigste herdenking van haar troonbestyging, moes dit Tibbie wees wat die verpligting nakom omdat haar naam soveel invloed dra en ook omdat sy die taak met soveel grasia kon verrig.¹⁰⁷ Daarby het die inherente wysheid en minsaamheid wat deel was van haar persoonlikheid eerder meegewerk aan oplossings van probleme as die skep van nuwes. Tibbie se innige getrouheid aan die ideale en strewes van Theunis het volledig ooreengestem met die leidmotief van die OVV. As sy dus in talle van haar boodskappe 'n beroep gedoen het op die aanhoorders "om getrou (te) bly aan die Godgegewe roeping van die Afrikanervolk" het dit op ontvanklike ore geval.¹⁰⁸

Tibbie het by meer as een geleentheid die netelige kwessie van die groter wordende getal armlankes geopper. Ook op Theunis het "de vele families die alles verloren hebben en in die dorpen gaan wonen in grote armoede, sommige van hen nakomelingen van de Voortrekkers" 'n droewige indruk gemaak. Die probleem van die armlanke het reeds in die vorige eeu ontstaan. Die eerste verwysings na armlankes in die pers en in amptelike stukke, ook dié van die Vrystaatse Volksraad, vind van 1860 plaas. Toe het die swak boerderymetodes op oneffektiewe plasies - die resultaat van onderverdeling - en droogtes die armlankeprobleem geskep. Die runderpesepidemie in 1896 het baie boere 'n knou toegedien. Voor die Anglo-Boereoorlog reeds was tientalle blankes selfs te hulpbehoewend om 'n geweer te kon bekostig. Die getal armlankes se geleedere is aanmerklik vergroot met die Britte se verskroeiende aarde-beleid tydens die oorlog. Hierdie blankes het ongeskoold ná die oorlog na die stede gestroom waar hulle 'n sosiale en morele dilemma vir die munisipale owerhede, die politici en die gesagsdraers van die NG Kerk geskep het. Die proses van agteruitgang en verarming onder 'n deel van die bevolking het die staat geleidelik bewus gemaak van sy pligsbesef.¹⁰⁹

In 'n toespraak voor die Bloemfonteinse tak van die OVV in Oktober 1911 het Theunis sy waardering vir die werk van die vereniging in hierdie verband uitgespreek.¹¹⁰ Tibbie het die uitredding vir die "alreeds skrikwekkende getal arme blankes" gesien in opvoeding en onderwys. Tibbie was nie ten gunste van

107 Ineg PV180 2/2/3/1/1/1 HB OVV korrespondensie 1928-1941, brief waarnemende sekretaris - RIS 2 September 1938; PV180 2/2/3/1/1/1 H.H. van Rooy - RIS 10 September 1938; PV180 2/2/3/1/1/1 E.H. Butman - RIS 18 Oktober 1938.

108 VAB A156 1/1/39 RIS toespraak voorgelees voor 24e OVV kongres 1939; Die Volksblad 4 Oktober 1939.

109 Saunders, C. (Ed.), Illustrated history of South Africa, pp. 330-332; Morrell, R. (Ed.), White but poor, p. 30; Van Rensburg, S.M., Die ontstaan en ontwikkeling van die Oranje-Vrouevereniging as vereniging vir maatskaplike werk, p. 2.

110 Nienaber, P.J., Die Vrystaatse Taalbeweging, p. 127.

kontantskenings aan die betrokkenes nie. Dit sou inisiatief smoor en hul onafhanklikheid in gedrang plaas. Sy het eerder gestreef na werklike selfopheffende rehabilitasie want die armbanke was onmagtig om homself uit sy geestelike, morele en ekonomiese armoede op te hef. In 1912 meld Tibbie by 'n OVV-kongres dat sy dankbaar is dat die staat die noodsaaklikheid van rehabilitasie besef en bereid is om hulp te verleen.¹¹¹ Die pogings van die NG Kerk en Arme Blanke Verbond in 1917 om die armbanke van werk te voorsien en hom geskoold te maak, was ondoeltreffend. Soos baie ander Afrikaners in daardie jare het Tibbie van wit huishoudsters, armbanke dogters wat by spesiale skole vir die doel opgelei is, gebruik gemaak om hul tegemoet te kom. In 1923 het Tibbie byvoorbeeld twee van hierdie wit huishoudsters op Onze Rust in diens geneem.¹¹² Sy het ook later in dieselfde jaar 'n Armbankekonferensie in Bloemfontein bygewoon waar Nico een van die sprekers was.¹¹³ Dit was vir Tibbie 'n verrassing dat Emily Hobhouse so belang gestel het in die vraagstuk, anders sou sy veel eerder aan haar inligting gestuur het.¹¹⁴ Behalwe vir 'n enkele keer is daar tog geen verwysing na die armbankes in die volgende drie jaar voordat mej. Hobhouse oorlede is nie. Toe was Tibbie bekommerd dat die vermoë om hul kinders skool toe te stuur by armbankes ontbreek.¹¹⁵ Die afmetings wat die probleem in die twintigerjare aangeneem het, het Tibbie genoop om die voorstel te doen dat geskoolde barmhartige individue op die platteland op vrywillige basis en met die hulp van gekollekteerde leesstof onderrig aan die minderbevoorregtes gee.¹¹⁶ Teen 1927 was die armbanke-probleem so akuit dat 'n Carnegiekommissie van ondersoek in samewerking met die NG Kerk en die Unieregering bevind het dat uit 'n blanke bevolking van 1,8 miljoen 300 000 (25%) as armbankes geklassifiseer kon word.¹¹⁷ Tibbie het gemeen dat skoling en praktiese huisvlytkursusse vir dogters die nodige karaktervorming kon verseker en daardeur daadwerklik kon bydra om baie van "veragting en armbankedom te red".¹¹⁸ Die ekonomiese rehabilitering van die armbankedom sou eintlik die grootste stoot kry van die Reddingsdaadbond wat na die Ossewatrek in 1938 in die lewe geroep is deur ds. J.D. Kestell. Daarna sou die probleem grootliks opgelos wees.

-
- 111 Ineg PV180 1/2/2/1/1 Notule OVV Kongres 1912-1928. RIS toespraak voorgelees voor 2e OVV kongres Maart 1912.
- 112 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 23 Januarie 1923.
- 113 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 23 Julie 1923.
- 114 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 5 September 1923.
- 115 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 5 Oktober 1925.
- 116 Ineg PV180 2/8/1/1/32 RIS toespraak voorgelees voor 11e OVV-kongres 4 Mei 1924, pp. 7-9.
- 117 Saunders, C. (Ed.), *Illustrated history of South Africa*, p. 332.
- 118 Ineg PV180 1/2/2/1/2 RIS toespraak voorgelees voor 20e OVV-kongres 15 November 1934.

Tibbie se reaksie op 'n probleem soos hierdie dui daarop dat sy nie soos haar tydgenote, Olive Schreiner en Emily Hobhouse deur intellektuele vermoëns en ruime visie 'n oorspronklike oplossing vir 'n saak bedink het nie. Haar aanslag was meer prakties en sterk gebaseer op haar bekende Victoriaanse ervaringsveld, byvoorbeeld die noodsaaklikheid van die dogter en vrou "om goeie ... ordelike huisvrouwen te kunnen zijn".¹¹⁹ Soos Theunis het Tibbie aan die innerlike krag van die vrou en haar bepalende invloed in gesinsverband geglo, gegrondves in 'n stewige godsdienssin.¹²⁰ "Die hele geluk van een huis", skryf sy aan die dogters van die Huishoudskool op Bethlehem "hang vir namelik af van die vrou".¹²¹ Sy bepleit die meer doelmatige werking van hierdie huishoudskole waar "kook klasse, kostuum naaiery boek houery ... verpligtend gemaak ... moet word". Ook moes dogters lesings in gesondheidsleer, fisiologie en anatomie ontvang.¹²² Tibbie betreur die onwilligheid van die Afrikanerdogter om as huishoudster in blanke huishoudings te gaan werk, iets wat sy weer eens sien as 'n metode om van die armoede wat baie teister, te ontsnap.¹²³

Intussen het 'n subtiele verandering in die samelewing ten opsigte van die rol van die vrou hom voltrek. Waar die vrou voorheen bykans uitsluitlik tuisteskepper of hoogstens onderwyseres was, het die beroepsvrou teen die twintigerjare van hierdie eeu al hoe meer op die voorgrond getree. Ook in haar eie huislike kring het Tibbie ervaar dat Gladys as eerste vroulike advokaat in die Vrystaat praktiseer, terwyl haar kleindogters gegradueer en 'n verskeidenheid beroepe beoefen het. In die lig van die veranderde omstandighede het Tibbie 'n beroep op dogters gedoen om hulle te bekwaam as tweetalige tiksters, verpleegsters en later maatskaplike werksters. Sy was bekommerd dat die invloed van die ouerhuis en die moeder ondermyn sou word as gevolg van die trek van die jongmense na die stede.¹²⁴ Sy het aanbeveel dat losieshuise met toesig as veilige hawe vir hulle geskep word.¹²⁵ Niks moes ooit die "edele roeping" van die dogters volgens Tibbie belemmer nie. Hulle "deel in die opbou van ons Volk" met beginselvastheid en betaamlikheid as fondamentstene.¹²⁶

'n Dag na Theunis se dood "in 't midden van de moeders en dochters van die Vrystaat" is op 'n hoofbestuursvergadering van die OVV 'n mosie van roubeklaag

-
- 119 Ineg PV180 1/2/2/1/1 Notules OVV kongres 1912-1928 RIS toespraak voorgelees voor 2e OVV kongres Maart 1912.
- 120 Ineg PV180 1/2/2/1/18 RIS toespraak voorgelees voor 8e OVV-kongres 5 November 1920, pp. 12-14.
- 121 Ineg PV180 2/8/1/1/32 RIS toespraak Huishoudskool op Bethlehem c. 1920.
- 122 Ineg PV180 2/8/1/1/32 RIS toespraak voorgelees voor 15e OVV-kongres c. 1928.
- 123 Ineg PV180 2/8/1/1/32 RIS toespraak Huishoudskool op Bethlehem c. 1920; PV180 1/2/2/1/1 RIS toespraak voorgelees voor 10e OVV-kongres 22 Mei 1923, pp. 6-8.
- 124 Ineg PV180 1/2/2/1/1 RIS toespraak voorgelees voor 13e OVV-kongres 25 Mei 1926, pp. 7-9.
- 125 Ineg PV180 1/2/2/1/1 RIS toespraak voorgelees voor 14e OVV-kongres 17 Mei 1927, pp. 10-13.
- 126 Ineg PV180 2/8/1/1/32 RIS toespraak voorgelees voor 15e OVV-kongres c. 1928.

ingedien.¹²⁷ Die Vereniging wou dié dag en die naam van president Steyn blywend verbonde hou met die werk van die OVV. Hulle het in 1918 besluit dat 28 November voortaan herdenk sou word deur op 'n geskikte wyse fondse byeen te bring om "een OVV Pres. Steynbeurs (te) sticht ter gedachtenis van de sterfdag van President Steyn. Van die beurs zal 'n jonge Vrijstater studeren aan de Grey Universiteit". Elke tak kon self die wyse bepaal waarop 'n bydrae van ten minste £20 ingesamel sou word.¹²⁸ Die eerste ontvanger van die beurs wat £30 per jaar bedra het, was F. Ross. Teen 1921 kon die Fonds reeds twee beurse aan voornemende studente beskikbaar stel.¹²⁹ Die beurs was teen 1932 so kragtig dat elf studente daarby baat kon vind.¹³⁰ Sedert 1942 is die President Steyn-Trustfonds direk onder die beheer van die OVV hoofbestuur geplaas sodat dit nie meer sou ressorteer onder 'n aparte kuratorium nie.¹³¹ In 1992 is besluit dat die President Steyn-Trustfonds wat oor die R11 000 bedra het, met die Marie Visserfonds sou saamsmelt. Die rente van die Maatskaplikewerkerondersteuningsfonds soos dit bekend staan, sou aangewend word om, onder andere die salarisse van maatskaplike werkers te betaal.¹³²

Op 'n OVV-kongres in 1920 te Zastron is die noodsaaklikheid besef van 'n huis wat losies aan behoeftige bejaardes kon voorsien. Tibbie was verheug dat dié behoefte bespreek is omdat daar in die Vrystaat baie bejaardes was "wat om een of ander rede verwaarloos, en in die grootste gebrek en ellende die laaste jare van hul lewe (moes) deurbring". Sy het gemeen dat daar onmiddellik met vlyt gearbei moes word omdat die behoefte so akuut is. "Ons, wat in hierdie geslag lewe", het sy in 'n toespraak voor 'n kongres gesê, "het onse verantwoordelikheid teenoor die noodlydende oue van dae van onse geslag. Die toekoms sal vir hulle nie kan help nie ... Dit is die teenwoordige geslag wat 'n beroep op ons maak". Die beoogde tehuis, reken Tibbie, sou 'n daad wees wat die Volk tot eer strek en die naam van hul Skepper verheerlik.¹³³

Op aanbeveling van Tibbie is halfkroonlyste gedruk "die we hopen voor het einde van het jaar weer terug te hebben met een mooie som gelds er bij, zodat we voort kunnen gaan met het goede werk".¹³⁴ Die bedrag van £457 wat op hierdie wyse

-
- 127 Ineg PV180 1/2/3/2/1 Notule OVV HB 1909-1925, 29 November 1916.
 128 Ineg PV180 1/2/2/2/1/1 Notules OVV kongresse 1910-1928 7e kongres 3 Augustus 1918, 12 November 1918.
 129 Ineg PV180 1/2/3/2/1 Notule OVV 1909-1925, 28 Junie 1921, 14 September 1921.
 130 Ineg PV180 1/2/3/2/2/ Notules OVV HB 1925-1933, 21 September 1932.
 131 Ineg PV180 1/2/2/4/1 OVV Kongresbesluit 1942.
 132 OVV Hoofkwartier Bloemfontein HB Notule punt 8, 19 Augustus 1992.
 133 VAB A156 1/1/16 RIS - OVV Susters 21 Februarie 1922.
 134 Ineg PV180 1/2/2/2/1/1 RIS toespraak voorgeloes op 9e OVV-kongres 2 November 1922.

ingesamel is, plus 'n bedrag van £1,157 wat reeds ingevorder was, plus sir John Fraser se geskenk van £30, het die OVV in staat gestel om 'n gebou teen £840 in Brandfort aan te koop.¹³⁵ Tibbie het spesiaal Bloemfontein toe gereis om by hierdie OVV-hoofbestuursvergadering waar oor die koop van die huis besin is, teenwoordig te wees. "I never stay longer than a couple of hours", het sy aan Emily Hobhouse geskryf, "but I was anxious to be present at (this) discussion".¹³⁶ Die algehele mikpunt was egter om £3,000 in te samel en Tibbie het gevolglik 'n beroep in die pers om verdere bydraes gedoen.¹³⁷ Ook Emily Hobhouse het uit karige middele haar spreekwoordelike stuiwer in die armbeurs gegooi. Die pragtige Limericksjaal wat sy geskenk het,¹³⁸ het veertien sjielings ingebring toe dit vir besigtiging van die publiek uitgestal is.¹³⁹ Op Tibbie se aanbeveling is dié sjaal uiteindelik aan mev. Weich, voorsitster van die OVV-hoofbestuur, geskenk aangesien sy self reeds die ontvanger van mej. Hobhouse se kamee-borsspeld was.¹⁴⁰ Mej. Hobhouse wat in daardie stadium self in haar sestigs was, het geglo "all (old people) should enjoy a calm evening in life, when they may repose in body and spirit, and gather up and reflect on the experience and wisdom time has brought". Sy skenk dus ook vir dieselfde doel haar goeie vriend van baie jare, "a dear old violin ... I shall never play again".¹⁴¹

Aan die begin van Februarie 1923 is Tibbie teenwoordig op 'n hoofbestuursvergadering waar bepaal moes word of bejaardes van ander denominasies toegelaat moes word by Rusoord, soos die tehuis in Brandfort genoem is, aangesien die tehuis slegs verblyf vir twaalf bejaardes kon bied. Soos altyd dwing Tibbie nie haar opinie op ander af nie en laat sy die besluit aan die vergadering oor of slegs dames van die NG Kerk toegelaat sou word.¹⁴² In 1927 het Tibbie die tehuis tegemoet gekom toe sy tapyte daaraan geskenk het.¹⁴³ Tot Tibbie se groot vreugde het die tehuis so volkome aan sy doel beantwoord dat dit binne vyf jaar vergroot moes word.¹⁴⁴

Tibbie het haar inisiatief, organisasievermoë en invloed deur die OVV aangewend om eertydse vermoëndes wat volksdiens gelewer het en wat in moeilike omstandighede verval het, asook instansies en organisasies te help en om sake van

135 Ineg PV180 1/2/8/4/4/1 OVV HB besluite Rusoord; PV180 1/2/3/2/1 Notules OVV HB 1909-1925.

136 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 10 Mei 1922.

137 Ineg PV180 1/2/3/2/1 Notules OVV HB 1909-1925, 22 Februarie 1922; Die Volksblad 25 Februarie 1922.

138 Die Volksblad 7 Maart 1922.

139 Ineg PV180 1/2/3/2/1 Notules OVV HB 1909-1925 22 Februarie 1922, 22 Mei 1922.

140 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 10 Mei 1922.

141 Ineg PV180 1/2/2/2/1/1 RIS toespraak voorgelees voor 9e OVV kongres 2 November 1922.

142 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS EH 13 Februarie 1923.

143 Ineg PV181 2/8/1/1/19 J. Pellisier - RIS 30 Mei 1927.

144 Ineg PV180 1/2/2/2/1/1 RIS toespraak voorgelees voor 15e OVV-kongres 8 Mei 1928, pp. 16-18.

gemeenskaplike belang te bevorder. Die bekendste voorbeeld van dié milddadigheid is die huis vir Emily Hobhouse wat deur halfkroonlyste en noeste vlyt van Tibbie en die hulp van die OVV bekom is.¹⁴⁵ Die twee boeke waarvan mej. Hobhouse die outeur en vertaler was, War without glamour en Tant Alie of Transvaal, her dairy 1880-1902¹⁴⁶ het Tibbie met die hulp van die OVV probeer bekendstel en verkoop.¹⁴⁷ Ook die weduwee van genl. De Wet, wat hulpbehoewend was, het Tibbie eweneens oor 'n aantal jare persoonlik en met behulp van die OVV op verskillende maniere gehelp.¹⁴⁸

Dit was nie net op maatskaplike terrein en op persoonlike vlak dat Tibbie haar beywer het vir haar minderbevoorregte medemens nie. Sy het die mening gehuldig dat sy, veral na Theunis se dood, "'n Godgegewe roeping" gehad het om "getrou te bly ... aan die (ideale en strewe van die) Afrikanervolk."¹⁴⁹ Tydens die Rebelle van 1915 het Tibbie aan die OVV voorgestel dat takke hul beywer om fondse beskikbaar te stel vir broodnodige hulp aan die Rooikruis-beweging.¹⁵⁰ In 1925 het Tibbie voorgestel dat elke tak minstens £1 stuur vir die onthulling van die Krugermonument in Pretoria.¹⁵¹ 'n Dekade later beywer sy haar vir 'n grafsteenfonds vir genl. De Wet se weduwee¹⁵² en in 1948 vir bydraes vir 'n standbeeld vir genl. De Wet self.¹⁵³

Op aanbeveling van Tibbie is in die vroeë dertigerjare besluit dat die OVV die nuutgestigte Voortrekkerbeweging sou ondersteun.¹⁵⁴ Soos Theunis¹⁵⁵ was Tibbie 'n ywerige voorstander van die toekenning van stemreg aan vroue. Dit was in teenstelling met die Boervrou se houding wat nog gewillig ingepas het in die sterk patriargale strukture van die Afrikanersamelewing. Die man was haar voog en sy het inderwaarheid niks kortgekom nie. Hierdie vrou kon nog in 1910 verklaar het soos 'n Kaapse joernalis dat: "I just accepted ... things as they are, but the bitter cry from overseas touched my heart and caused me to look into things, with the result that I am simply amazed that votes have not been granted to women long ago".¹⁵⁶

145 Ineg PV180 1/2/3/2/1 Notule OVV 1909-1925, 14 September 1924.

146 Badenhorst, A.M.

147 Ineg PV180 1/2/3/2/2 Notules OVV HB 1925-1933 1 Oktober 1927; PV180 1/2/3/2/1 Notule OVV HB 1909-1925 13 Februarie 1924, 9 Maart 1925.

148 Ineg PV180 1/2/3/2/2 Notule OVV HB 5 Mei 1925.

149 VAB A156 1/1/39 RIS toespraak voorgelees voor die OVV Kongres 1939; Die Volksblad 4 Oktober 1939.

150 Ineg PV180 1/2/3/2/1 Notules OVV HB 1909-1925.

151 Ineg PV180 1/2/3/2/2 Notules OVV HB 5 Mei 1925.

152 OVV Hoofkwartier Bloemfontein, Jaarverslag van die 22e kongres van die OVV 30 September 1936

153 Ineg PV180 1/2/2/2/3 Notule OVV-kongresse 1946-1956 RIS toespraak voorgelees voor 29e OVV-kongres 31 Maart 1948.

154 Ineg PV180 1/2/2/2/1/2 RIS toespraak voorgelees voor 18e OVV-kongres 20 Oktober 1931, pp. 26, 27.

155 Jacobs, A.H., Reisbriewe uit Afrika en Azië, p. 118.

156 Walker, C., The women's suffrage movement in South Africa, Communications no. 2, p.4.

Die verkryging van stemreg vir vroue was egter so onbelangrik geag dat dit nie eens as 'n item in die OVV-grondwet gemeld is nie.¹⁵⁷

Hoekom dan, as 'n ontwikkelde Engelssprekende dame, soos die voorgemelde joernalis die weerhouding van stemreg aan vroue self nog nie eens bevraagteken het nie, was Tibbie reeds 'n voorstander daarvan in die eerste dekade van die twintigste eeu? Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan onder andere Theunis se invloed. Hulle was in Europa blootgestel aan progressiewe invloede en was moontlik reeds met hul terugkoms na Suid-Afrika bewus daarvan dat vroue in Nieu-Seeland en Australië reeds kon stem.¹⁵⁸ Daarby was Tibbie in aanraking met onafhanklike feministe soos Emily Hobhouse en dr. Aletta Jacobs wat nie geskroom het om die toekenning van stemreg aan vroue te propageer en dit aktief te ondersteun nie.¹⁵⁹ Dat Emmie haar in 1911 op dertienjarige ouderdom reeds so sterk vereenselwig het met die toekenning van stemreg aan vroue, toon dat dit vry algemeen op Onze Rust bespreek is.¹⁶⁰ Gladys, reeds onder die invloed van Emily Hobhouse wat voor 1908 gereeld op Onze Rust gekuier het, en wat waarskynlik Olive Schreiner se boek, The story of an African farm, gelees het waarin een van die karakters haar vereenselwig met stemreg vir vroue, het haar Nederlandse mentor, prof. Van Hamel in 1913 verbaas toe sy haar toé reeds ten gunste van die suffragettes, 'n militante vroue-organisasie in Brittanje ten gunste van stemreg, uitgespreek het.¹⁶¹

Dit was nie net die konserwatiewe Boervrou wat die toekenning van stemreg aan vroue in die wiele gery het nie. Generaals Botha, Smuts en Hertzog het dit self nie as 'n prioriteit beskou nie. Daarby het die ongekoördineerde optrede van die Engels- en Afrikaanssprekende vroue asook die NG Kerk se afwysende houding daarop die beweging verder geknou.¹⁶² Dit was eers sedert 1923 toe die organisasie, Vroue van die Nasionale Party (NP) as't ware bewus geword het van die voordele wat die verkryging van stemreg vir vroue kon meebring dat die beweging vir vrouestemreg momentum in Suid-Afrika gekry het.¹⁶³ By 'n beduidende groep Boervroue wat meestal van die platteland gekom het waar hulle minder aan progressiewe idees blootgestel is, was die gevoel egter nog dat die Parlement nie die forum moet wees waar "euwele ... bestry" moes word nie, maar wel in die huis. Volgens hulle was "die vrou se ware lewenskrag haar huis soos dit al die eeue was,

157 Stockenstrom, E., Die Afrikaanse vrou, pp. 279, 280.

158 Walker, C., The women's suffrage movement in South Africa, p. 11.

159 Jacobs, A.H., Reisbrieven uit Afrika en Azië, p. 118.

160 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 16 September 1911.

161 OR Gladys (Aberdeen) - RIS 22 Augustus 1913; Walker, C., The women's suffrage movement in South Africa, p. 19.

162 Walker, C., The women's suffrage movement in South Africa, pp. 39, 48, 33.

163 Walker, C., The women's suffrage movement in South Africa, p. 43.

haar hoogste roeping ... haar goddelike roeping (was) moederskap!"¹⁶⁴ Die Boervroue in Suid-Afrika was volgens hulle nog skaars ryp vir die ontvoogdingsproses.¹⁶⁵ Behalwe genoemde remfaktore was dit eintlik genl. Hertzog wat die spreekwoordelike speek in die Suid-Afrikaanse vrouestemreg wiel was. Hy was naamlik bevrees dat die verlening van stemreg aan blanke vroue hom sou dwing om dieselfde aan swart vroue in die Kaapkolonie te doen. "He does not want the native women to get the vote", het Tibbie aan Emily Hobhouse geskryf, "he is first to settle the native question".¹⁶⁶ Die indiening van 'n wetsontwerp in hierdie verband in 1926, het in Tibbie se woorde op 'n fiasko uitgeloop en dit is onttrek.¹⁶⁷ Toe die stemreg uiteindelik op 19 Mei 1930 aan blanke vroue toegeken is, was dit omdat die Afrikanervrou haar gewig agter die beweging ingegooi het en die proses van opvoeding, soos Tibbie dit reeds in 1920 voorsien het, met sukses afgelê het.¹⁶⁸ Tibbie was later daardie jaar een van die eerstes wat die OVV-kongres kon gelukwens met "die mondig word van die vrou!"¹⁶⁹

In 1934 is die idee om 'n skildery van Tibbie te laat maak vir die voorgestelde nuwe hoofgebou van die OVV in Bloemfontein vir die eerste keer geopper. Dit het eers in 1939 gematerialiseer.¹⁷⁰ Die skildery deur W.H. Coetzer, die bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar, het slegs £35 gekos.¹⁷¹ Vir Coetzer was die skildery van Tibbie "die grootste eer en plesier wat hy nog gehad het".¹⁷² Dit toon Tibbie op vier-en-sewentigjarige leeftyd, deftig soos altyd waar sy in die gedempte lig van Onze Rust se stoep poseer.¹⁷³ Op versoek van die skilder het Tibbie haar handtekening op die doek aangebring want volgens die skilder "sal haar naam daar ... oor honderd jaar ... van veel meer betekenis wees as myne".¹⁷⁴ In haar toespraak by die ontvangs van die skildery het die voorsitster van die OVV, in daardie stadium mev. Judith Pellisier, gesê dat Tibbie "die edelste en tog eenvoudigste

-
- 164 Die Volksblad 20 Augustus 1925 "Vir vrou en huis".
- 165 Ineg PV180 1/2/3/2/1 Notules OVV HB 1909-1925 25 Augustus 1925.
- 166 Ineg PVI81 2/7/1/1/12 RIS - EH 21 Desember 1924; Walker, C., The women's suffrage movement in South Africa, p. 44.
- 167 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 25 Februarie 1926.
- 168 Ineg PV180 1/2/3/2/1 Notule OVV HB 1909-1925 25 Augustus 1920; Walker, C., The women's suffrage movement in South Africa, p. 53.
- 169 Ineg PV180 1/2/2/2/1/2 OVV-kongresse 1930-1935, RIS toespraak voorgelêes voor 17e kongres 4 November 1930, p. 23.
- 170 Ineg PV180 2/8/1/1/23 M. Visser - RIS 2 April 1934; PV180 1/2/2/2/1/2 Notule OVV 21e kongres November 1935, punt 34; Die Volksblad 4 Oktober 1939.
- 171 Ineg PV180 2/8/1/1/24 M. Visser - RIS 27 Junie 1939; PV180 1/2/3/2/4 Notule OVV HB 1937-1940 20 Februarie 1940, 21 Augustus 1940.
- 172 Die Volksblad 4 Oktober 1939.
- 173 VAB A156 4/8 Taalgenoot, vol. 14, no. 3 Februarie 1945.
- 174 Kruger, N. Rachel Isabella Steyn; presidentsvrou, p. 91.

boere-aristokrasie ... vertolk ... en die besieling wat van haar uitgaan sal in die skildery bewaar bly".¹⁷⁵

Dat Tibbie van der Merwe teen hierdie tyd op die hoofbestuur van die OVV en ander verwante liggame gekies is, het dit vir Tibbie makliker gemaak om haar as't ware ongemerk te onttrek aan die vereniging se vergaderings en besluite.¹⁷⁶ Wanneer Tibbie Visser namens haar moeder opgetree het, was sy soos haar vader, 'n meevoerende spreekster wat ontsag afgedwing het.¹⁷⁷ Gaandeweg het Tibbie se boodskappe aan die kongresse korter geword, die inhoud miskien minder oorspronklik, maar die wil om te dien en mee te leef, so sterk soos altyd. Tibbie se laaste boodskap aan die OVV is deur haar skoonseun, dr. C.F. Visser, in April 1954 voorgelees.¹⁷⁸ Die gedagtes daarin vervat is waarskynlik met behulp van Cornelius of Tibbie Visser verwoord want in hierdie stadium was haar gedagtes dikwels verward en het sy haar houvas op die werklikheid by tye begin verloor.¹⁷⁹ Teen die helfte van 1953 was dit duidelik dat die einde vinnig nader. Die OVV was vasbeslote dat 'n begrafnis, in Tibbie se geval 'n staatsbegrafnis, wat haar eer sou aandoen, gereël moes word. Daarom het die OVV-bestuur vertroulik reëlings begin tref vir die gebeurlikheid. Die geleentheid is tot in die fynste besonderhede, selfs die kleredrag van die begrafnisgangers en die ruikers, beplan.¹⁸⁰

Die OVV het Tibbie tydens haar leeftyd op verskeie maniere vereer. Behalwe vir die skildery van Tibbie deur W.H. Coetzer het hulle 'n spesiale stoel vir haar in die hoofbestuurskantoor geplaas "sodat sy soms net 'n paar minute teenwoordig kan wees". Dit was Tibbie wat in Junie 1939 versoek is om die hoofkantoor van die OVV in die teenwoordigheid van die Vrystaatse administrateur, dr. J.F.J. van Rensburg, oop te sluit.¹⁸¹ In 1948 is haar tagtigste verjaarsdag luisterryk gevier met adresse en ruikers aan haar.¹⁸² 'n Huldigingsfunksie in die Bloemfonteinse stadsaal deur die OVV in samewerking met die FAK is in 1948 vir Tibbie aangebied.¹⁸³

175 Die Volksblad 4 Oktober 1939.

176 Ineg PV180 2/2/3/1/1/2 HB OVV Korrespondensie 1941-1942, Sekretaris - Tibbie van der Merwe 20 Oktober 1941.

177 Ineg PV180 6/1/1/2 Verslag van die 27e OVV-kongres 4 April 1944; PV180 1/2/2/2/2/3 OVV Notule verslae 1946-1956 30e kongres 18 April 1950 RIS toespraak voorgelees deur Tibbie (van der Merwe) Visser.

178 Ineg PV180 1/2/2/2/2/3 OVV Notule verslae 1946-1956 RIS toespraak voorgelees voor 32e OVV-kongres 13 April 1954.

179 Kaapstad Oranjezicht Vreugde RIS (OR) - Emmie 16 Junie 1948; KAB A969 Gladys (Bloemfontein) - Emmie 10 September 1950; KAB A969/9 RIS - Emmie 21 Junie 1952.

180 Ineg PV180 1/2/3/2/7 Notules OVV HB 12 Augustus 1953; PV180 1/2/4/2/1 Notules OVV dagbestuur 29 Julie 1953.

181 Die Volksblad 14 Junie 1939; The Friend 15 Julie 1939.

182 Ineg PV180 2/2/3/1/1/1/4 HB OVV korrespondensie 1945-1955 Sekretaris OVV - R.X. Roome 21 Februarie 1945, Telegram RIS (Vreugde) - Voorsitter OVV HB 12 Maart 1945; PV180 7/2/3/1/1/1 Persoonlike stukke 1945, adres RIS aangebied.

183 Ineg PV180 1/2/3/4/1 uittreksel HB vergadering 31 Julie 1947.

Bykans die laaste funksie wat Tibbie self teenwoordig was, was in die Raadsaal in Bloemfontein toe 'n eksemplaar van Nellie Kruger se biografie oor haar wat in opdrag van OVV geskryf is, aan haar oorhandig is.¹⁸⁴

In die verbintenis van bykans 'n halfeeuw wat Tibbie met die OVV gehad het, kan 'n duidelike beeld van die sterktes en swakhede in haar persoonlikheid gevorm word. Haar gawe van deernis was nimmereindigend, die vermoë waaroor sy beskik het om haarself heelhartig aan 'n saak te gee en tot voordeel van ander te arbeid, het tot volle ontluiking gekom. Tibbie was nie juis 'n oorpronklike denker nie, maar uit haar bekende milieu kon sy probleme identifiseer en voorstelle vir die oplossing daarvan doen. Haar visie vir die Afrikanervolk, die redding van die agtergeblewe, arm volksgenote, was gesetel in wat sy beskou het as 'n Godgegewe roeping wat nou verband gehou het met die handhawing van hul taal en tradisies en opheffing deur opvoeding.¹⁸⁵ Sy kon uit haar Victoriaanse milieu groei en haar skik na die veranderde omstandighede van die twintigste eeu. So het sy byvoorbeeld haar aanvanklike oortuiging dat die vrou verkieslik slegs 'n tuisteskepper moet wees, in die twintigerjare verander na 'n oortuiging dat vroue enige beroep kan beoefen, ook dié wat gebruiklik deur die man beoefen word. Die feit dat sy nie by magte was om haar eie toespraak voor te dra nie, het haar waarskynlik ontnem van dieselfde gesag as waarop Emily Hobhouse byvoorbeeld in dergelyke omstandighede kon staatmaak. Maar dat sy "een belangrijke faktor ... (was) ... in het ... opbouwen maatschappelik leven ... een verachterd, gezonken volk te helpen", is gewis.¹⁸⁶ "Haar lewe", was in die woorde van haar skoonseun, "haar boodskap".¹⁸⁷

184 Ineg PV180 1/2/3/2/6 Notule OVV HB 1944-1952 16 Augustus 1949; PV180 1/2/4/2/1 Notule OVV dagbestuur 27 April 1949, 11 Mei 1949, 15 Junie 1949, 3 Augustus 1949; PV180 2/2/3/1/1/8 HB OVV korrespondensie 1949 Tibbie Visser - mev. Visser 9 Mei 1949, sekretaris OVV - Nellie Kruger 25 Augustus 1949.

185 Die Volksblad 4 Oktober 1939.

186 De Vriend des Volks 10 Desember 1909.

187 Ineg PV180 1/2/2/2/3 OVV Notule verslae 1946-1956 32e OVV-kongres 13 April 1954.

Hoofstuk 3 : "Het schuynt of arme Z. Afrika nimmer tot rust kan komen"

3.1 Die Vrouemonument

Soos heelparty van die inisiatiewe rondom die na-oorlogse herrysenis van die Afrikanervolk is die idee van 'n monument ter ere van die vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe gesterf het in Europa gebore.¹ Tibbie, hoewel sy self nooit 'n inwoner van 'n konsentrasiekamp was nie, het die kampe nogtans in al hul felheid ervaar, nie net in familie- en vriendekring nie, maar ook weens haar noue verbintenis met Emily Hobhouse. Na die oorlog het sy dit onomwonde aan haar vriendin gestel dat die Afrikaners nooit die sterftes as gevolg van die kampe mag vergeet nie.² Namate dit vir haar duidelik geword het dat Theunis buite die politiek sou bly, is Tibbie getroos deur die gedagte dat hy "hier rustig op Onzerust nog veel voor Land en Volk (kon) doen".³ Op 20 Junie 1906 vind die eerste vergadering in Bloemfontein in verband met die gedenkteken plaas onder voorsitterskap van Theunis se jonger broer, J.W.G. (Jan) Steyn. Die vooraanstaande Vrystaters wat aanwesig was, het genl. Hertzog, Abraham Fischer, W.J.C. Brebner, C.H. Wessels, C.G. Fichardt, dr. Stollreither en dr. C.D. Murray en Grosskopf ingesluit.⁴ Hulle het besef dat indien die aksie tot die Vrystaat beperk sou wees, dit nie lewensvatbaar sou wees nie. Gevolglik het Theunis op aanbeveling van Onze Jan (J.H.) Hofmeyr en ander vriende in die Kaapkolonie, ywerig ondersteun deur Tibbie, uitnodigings landswyd gestuur na 'n nasionale konferensie wat op 7 Februarie 1907 in Bloemfontein byeen sou kom. Theunis het Jaap aangemoedig om Smuts en Botha aan te raai om afgevaardigdes te stuur want volgens hom "moet ... di vonkie ... warm bly, anders word onze mense koud".⁵

Onder voorsitterskap van Theunis met Tibbie aan sy sy, wat volgens F.S. Malan, afgevaardigde van die Kaapkolonie, "als zijn beschermengel over hem waakt,"⁶ het verteenwoordigers van al die provinsies en verskillende kultuur-organisasies, die Nederduits Gereformeerde Kerke en ook die verskillende politieke organisasies soos die Orangia-Unie (ORK), Het Volk (Transvaal), Afrikanerbond (Kaapprovinsie) en Het Kongres (Natal) in Bloemfontein vergader.⁷ Daar is ooreengekom dat die tyd vir so 'n monument ryp is "ter roemrijke nagedachtenis van de moeders, vrouwen

1 Van der Merwe, N.J. Marthinus Theunis Steyn, II, p. 164.

2 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS (Clarens) - EH 7 Desember 1902.

3 VAB A160/70 RIS - HPNM 7 November 1907.

4 Van der Merwe, N.J., Die Nasionale Vrouemonument, p. 2.

5 VAB A90/8 MTS - Jaap de Villiers 7 Oktober 1906.

6 VAB A156 4/2 De Goede Hoop 8 Februarie 1907.

7 VAB A160/70 RIS - HPNM 26 Januarie 1907.

en kinderen, die tijdens den jongste oorlog, zijn omgekome, en op ander wijze bitter hebben geleden in de Vrouwen kampen of daar buiten". Daar is tweedens besluit dat 'n waardige gedenksuil met 'n beeld of beeldegroep opgerig sou word. Theunis is versoek om "een woord bij wijze van circulaire te richten tot het Afrikaansche volk het opwekkende deze nobele zaak te ondersteunen".⁸

Teen die helfte van die jaar oorweeg Theunis en Tibbie weer eens 'n rit na die Transvaal waar hy steun wou werf vir die projek en waar hy "een reis langs de spoorweg (wil) maken om een plaats uit te zoeken voor het vrouwe monument".⁹ Die Steyns het weer eens by Jaap de Villiers tuisgegaan en verskeie terreine besoek, onder andere die standplaas van die vrouekamp op Irene.¹⁰ Theunis het aanvanklik voorkeur aan Paardekraal en veral Vereeniging verleen omdat "it the place ... was where they suffered most".¹¹

Theunis het honderde kollektelyste eiehandig uitgeskryf. Dit is daarna gestuur na die provinsies wat in wyke verdeel is. Tibbie het onvermoeid meegehelp met die opstel van kollektelyste en aanverwante sekretariële werk.¹² Met dié subskripsielyste vir die Nasionale Vrouemonument het die Vrystaat en die ander Britse gebiede ywerig gekollekteer want die voorgestelde mikpunt van £10,000 was geen geringe bedrag nie.¹³ Elke bydrae, hoe nederig ook al,¹⁴ is erken.¹⁵ Theunis se beroep op vroue-organisasies het eweneens nie op dowe ore geval nie.¹⁶ Prof. J.D. du Toit (Totius) van Potchefstroom het met sy digbundel "By die Monument" tussen £80 en £90 ingesamel vir die Monumentfonds.¹⁷ Emily Hobhouse het die klein bedrag wat sy van Tibbie ontvang het as hulp met haar siekte in Rome aan die fonds geskenk.¹⁸ Deur middel van die pers het Theunis telkemale 'n beroep om bydraes gedoen, veral toe dit blyk dat die Transvaal, die welvarendste van die Britse state in Suid-Afrika, twee jaar nadat die insamelingspoging van stapel gestuur is, aansienlik minder as die Vrystaat bygedra het: "Wij mogen geen monument oprichten dat onze dierbare doden onwaardig is", het Theunis geskryf. "Wat my betref ik zal de Afrikaander

8 Van der Merwe, N.J., Die Nasionale Vrouemonument, p. 3.

9 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 4 Junie 1907.

10 VAB A156 1/1/5 ds. A. Louw (Verulam) - MTS 3 Julie 1907.

11 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 8 Januarie 1907; A156 4/2 De Volksstem 17 Augustus 1907.

12 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 165; Kruger, N., "Draer van ons hulde mev. pres. M.T. Steyn", Die Huisgenoot 17 September 1948.

13 VAB A312/132 Subskripsie Lijst voor Het Nationaal Vrouwen Monument, no. 4208, Lindley.

14 VAB A156 1/1/17 W.J. du Toit (Odendaalsrus) - MTS 21 Mei 1912.

15 VAB A156 1/1/6 A. Morees (Stellenbosch) - MTS 21 Januarie 1911.

16 Ineg PV180 1/2/3/2/1 OVV HB Notules 1909-1925, 22 Augustus 1914; VAB A156 1/1/5 F.S. Malan - MTS 21 Februarie 1907.

17 VAB A156 1/1/8 J.D. du Toit (Potchefstroom) - MTS 3 April 1913.

18 VAB A156 1/1/11 EH (Rome) - RIS 5 Augustus 1911.

niet met rust laten totdat wij onze heilige plicht ... ten volle zullen hebben gedaan. Had ik de gezondheid dan zou ik bij ieder deur komen aan kloppen..."¹⁹

Genl. Botha wat om die aandag van die Vrouemonument wou aflei uit vrees dat sy versoeningspogings daardeur benadeel sou word, het 'n alternatiewe monument vir Piet Retief en sy makkers voorgestel, maar dit het geen indruk op Theunis gemaak nie.²⁰ Teen die helfte van 1911 kon die Sentrale Komitee van die Vrouemonumentfonds te Bloemfontein rapporteer dat £10,236 19.2 gekollekteer is.²¹ Ten minste £5,000 was egter nog nodig. 'n Subkomitee bestaande uit ds. J.D. Kestell, prof. A. Moorees en T.N. de Villiers het uit 'n vyftigtal ontwerpe wat ingestuur is dié van McKinley en White, en die ontwerp van Frans Soff en die beeldhouer Anton van Wouw uitgekies.²² Bloemfontein is as terrein vir die monument goedgekeur nadat afgevaardigdes die terrein per motor besoek het en dit uitmuntend geskik gevind het. As tweede keuse is besluit op Boschrand, enkele kilometers noord van Kroonstad, indien gunstige voorwaardes nie van die Bloemfonteinse stadsraad beding kon word nie.²³

'n Polemiekie het ontstaan deurdat van die Bloemfonteinse stadsraadslede, veral Arthur Barlow gekrenk gevoel het deur sekere van die sypanele vir die voorgestelde monument wat hy as verdraaiings van die waarheid beskou het. Volgens Barlow was die panele "calculated ... to wound the susceptibilities of all Britishers".²⁴ Indien dit werklik 'n leuen of 'n valse voorstelling was soos Barlow beweer, sou hierdie "leugen" (sy onderstreping) volgens dr. Kiewiet de Jonge "'n misdaad wees ... boetseeren in marmere, bestemd voor eeuwen".²⁵ Ds. Kestell het verontwaardig aan Theunis geskryf dat ander dorpe, waaronder Ficksburg en Ladybrand moontlik geskik gevind sou wees want "zoals u met waarheid het eens zeide: Bloemfontein is niet de ware hoofstad van den Vrystaat ... Wij kunnen ons byna even goed thuis gevoelen in Johannesburg..."²⁶ 'n Petisie onderteken deur meer as 'n duisend Bloemfonteiners wat die oprigting van die monument in Bloemfontein voorgestaan het, het volgens The Friend getoon dat 'n groot deel van die ingesetenes tog bereid was om Theunis se woord, dat "het monument niet in het minst aanstoot zou

19 De Vriend des Volks 9 April 1910.

20 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, pp. 165-168.

21 VAB A60/67 Die Brandwag 1 Augustus 1911. Theunis beroep.

22 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Julie 1911; Van der Merwe, N.J., Die Nasionale Vrouemonument, p. 3; Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 168.

23 De Vriend des Volks 11 Julie 1911.

24 The Friend 4 November 1911.

25 VAB A156 1/1/5 H.J. Kiewiet de Jonge (Union Castle Line) - MTS 17 Maart 1909.

26 VAB A484/3 J.D. Kestell - MTS 13 November 1911.

geven", te aanvaar.²⁷ Die Bloemfonteinse stadsraad het daarop besluit om twintig morge te bewillig "as public park ... and take the necessary steps for the erection of the proposed monument, and this council further resolves to fence the ground ... and keep it in proper order".²⁸ Theunis self kon nie die agitatie teen die monument begryp nie want "the idea of the monument was to erect a memorial which would appeal to one's best feelings, to one's sacred feelings, and which would rouse feelings of sympathy and pity ... It was simply the exigencies of war and nobody could be blamed for that".²⁹ Dat Tibbie Theunis se gevoelens deelagtig was, kan met sekerheid aanvaar word omdat haar rol as versoener al voorheen spanning ontloot en gemoedere besweer het.

Anton van Wouw is uiteindelik as die beeldhouer aanvaar omdat, so beweer Tibbie, sy naam 'n waarborg sou bied "dat er iets geleverd zal worden wat waar en echt en degelik is".³⁰ Die plan was dat die werk teen 16 Desember 1913, Dingaansdag soos dit toe bekend gestaan het, voltooi moes wees. 'n Groot onthullingsplegtigheid is vir dié dag beoog. Emily Hobhouse, wat in daardie stadium as gevolg van gesondheidsredes in Rome gewoon het, het op 5 Augustus 1911 aan Tibbie geskryf dat sy uitsien om Van Wouw, wat sy beeldegroep in Rome sou skep om daar gegiet te word, met hulp en raad by te staan "in his efforts to visualise the camps & symbols".³¹ Dr. Hendrik Muller sou weer namens die kommissie optree in alle onderhandelinge in verband met die afgietsel. Die betaling sou geskied in paaiemente: 25% daarvan met die beeldegroep in was, 25% in brons en 50% wanneer die werk volledig voltooi is.³²

Mej. Hobhouse wat min vertrou in enige kunstenaar gehad het, het hierdie negatiewe gevoelens ten volle uitgeleef vir sover dit Van Wouw betref.³³ Tydens die Anglo-Boereoorlog was mej. Hobhouse 'n getuie by 'n toneel op die Springfonteinstantie wat sy aan Van Wouw beskrywe het. 'n Moeder het met 'n dooie kind - haar enigste - op haar skoot gesit: "The mother neither moved nor wept", het Emily Hobhouse in haar memoires aangeteken. "Dry-eyed but deathly white, she sat there motionless looking not at the child but far ... away into the depth of grief beyond all tears. A friend stood behind her who called upon Heaven

27 The Friend 17 November 1911; TAB A787/71 ongeïdentifiseerde Transvaalse koerant, 2 November 1911, "Een kwestie van opvatting."

28 TAB A787/71 Leader 3 November 1911.

29 De Vriend de Volks 12 April 1912.

30 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Julie 1911; De Vriend des Volks 11 Julie 1911.

31 VAB A156 1/1/11 EH (Rome) - RIS 5 Augustus 1911.

32 VAB A60/67 Gordon Fraser - HPNM 26 Oktober 1912; A60/67 A. van Wouw (Rome) - HPNM 2 Februarie 1913; Spiess, F.J. du T., 'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat ..., p. 265.

33 VAB A156 1/1/12 EH (Rome) - RIS 2 Maart 1924.

to witness this tragedy ..."³⁴ Mej. Hobhouse wat deurentyd die mening gehuldig het dat hulle eerder van die dienste van die wêreldberoemde en bejaarde Franse beeldhouer, Auguste Rodin, gebruik moes maak, het binne die eerste vyf maande nadat Van Wouw met sy werk begin het, alle vertroue in hom verloor: "I think ... Van Wouw as an artist wholly incapable of carrying out worthily such a work as this monument", het sy vertroulik aan genl. Smuts geskryf. Sy meen dat Van Wouw kan uitblink met fotografiese modelle, maar "symbolism & character & soul speaking through the marble is beyond him. I dread what he will produce".³⁵ Minder eksplisiet as aan Smuts skryf sy aan Tibbie dat Van Wouw te vinnig tevrede gestel word. Maar aangesien hy haar om hulp genader het "I shall do my utmost to keep him up to the pitch ... But of course he may not have greatness (haar onderstreping) in him. I do not yet know", skryf sy, alhoewel sy klaar besluit het Van Wouw is ongeskik vir sy opdrag.³⁶ Sy het uiteindelik nooit haar standpunt betreffende Van Wouw se vermoëns gewysig nie. 'n Jaar later skryf sy streng vertroulik aan Smuts dat die Vrouemonument "required real artistic genius for his job, and the poor man is only an inferior though painstaking artist and quite devoid of genius".³⁷ Tibbie en Theunis en die lede van die verskillende komitees is lewenslank in die duister gelaat oor mej. Hobhouse se afkeer aan die beeldegroep. Toe die beelde gereed vir verskeping na Suid-Afrika was, skryf sy aan Isie Smuts: "I do not like it at all - but keep this a secret ... Oh! Why oh why did they not put the thing into the hands of Rodin & some really great sculptor?"³⁸

Teen die helfte van 1912 het die beeldegroep so ver gevorder dat 'n foto daarvan aan Theunis en Tibbie gestuur kon word. Tibbie het voorkeur aan die staande figuur verleen en voorgestel dat die hare van die sittende figuur verander word om aan te pas by die destydse mode. 'n Paar voorstelle is deur die Werkende Komitee gedoen wat ooreengestem het met die Steyns se opvattinge. Tibbie het dit as 'n seën beskou dat Emily Hobhouse die Suid-Afrikaanse beeldhouer in Rome kon bystaan.³⁹

Namate die beelde voltooiing genader het, is besin oor die byskrif en met enkele wysiginge soos voorgestel deur ds. J.D. Kestell is besluit op "Aan onze

34 Kriel, J.D., Emily Hobhouse en die naweë van die Anglo-Boereoorlog: 'n studie van altruïsme en pasifisme, p. 80.

35 TAB A1/194 EH (Rome) - JCS 21 Januarie 1912.

36 VAB A156 1/1/11 EH (Rome) - RIS 12 Januarie 1912.

37 TAB A1/195 EH (Rome) - JCS 12 Mei 1913.

38 TAB A1/195 EH - Isie Smuts 18 Mei 1913.

39 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 22 Junie 1912.

heldinnen en lieve kinderen 'U wil geschiede'".⁴⁰ Teen die helfte van 1913 het die hoofgroep in Durban aangekom waar die Werkende Komitee gehoop het dat dit van doeanebelasting vrygestel sou word.⁴¹ Tibbie is na die terrein van die monument waar die obelisk reeds voltooi was⁴² om die hoofgroep te sien. Sy het opgewonde aan Jaap geskryf: "Wij zijn tevreden en denken dat allen het mooi zal vinden", gelukkig salig onbewus van mej. Hobhouse se afkeer daarin. "Ds. Kestell zegt dat wij Afrikaners ons nooit zal behoeven te schamen". Hulle hoop op 'n groot opkoms na die onthullingsplegtigheid. "Jammer toch", meld Tibbie, "dat die groote verdeeldheid in onze party is".⁴³

Daar het nooit enige twyfel bestaan oor wie die Vrouemonument sou onthul nie. Reeds vyf jaar vantevore het Abraham Fischer dié gedagte voor mej. Hobhouse geopper dat sy dit moes doen.⁴⁴ Dit was dus nie heeltemal onverwags toe mej. Hobhouse op 9 Februarie 1913 in Rome die uitnodiging van Tibbie om die onthulling waar te neem, ontvang nie. "The ceremony would not be complete without you - you who did so much to relieve the suffering of the concentration camps".⁴⁵ Anders as wat Tibbie se biograaf beweer,⁴⁶ het Emily Hobhouse nie onmiddellik ingestem nie omdat sy ernstige bedenkinge oor die nasionale karakter daarvan gehad het. "I want to know", het sy genl. Smuts gepols, "if this is (haar onderstreping) a National Monument provided by a National movement (haar onderstreping) or if it has settled down to be only a Free State and local affair". Haar onsekerheid het gespruit uit die feit dat sy, voordat sy Suid-Afrika verlaat het, bewus was van sowel Smuts as Botha se misnoeë met die monument.⁴⁷ Afgesien van haar gesondheidstoestand wat veel te wense oorgelaat het, het die twis in Afrikanergeledere haar ontstel: "To give this function its really solemn and representative character", het sy aan Smuts geskryf, "all (haar onderstreping) must sink their differences, personal or political that day, and meet to do honour to the dead heroines. There can be no quarrels around the grave".⁴⁸ Sy het van Kaapse vriende verneem dat genl. Botha onthuts was omdat hy uitgesluit voel en dat hy nie geraadpleeg is omtrent die onthulling nie. Emily Hobhouse het gemeen dat dit hoog tyd was dat hy sy rekonsiliasiepolitiek teenoor sy eie mense uitleef en dat Smuts sy

40 Ineg PV181 2/8/1/1/11 MTS - Vriend (waarskynlik P.H.A. Goldman) 27 Januarie 1912, P.H.A. Goldman - MTS c. Februarie 1912; PV181 2/8/1/1/12 J.D. Kestell - MTS 22 Februarie 1913.

41 VAB A312/131 Gordon & McHardy (Bloemfontein) - Messrs. de Waal Balwee & Coy 14 Julie 1913.

42 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 12 Mei 1913.

43 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 9 Julie 1913.

44 Van Reenen, R. (Ed.), Emily Hobhouse Boer War letters, p.378.

45 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Februarie 1913.

46 Kruger, N., Rachel Isabella Steyn; presidentsvrou, p. 95.

47 TAB A1/194 EH (Rome) - JCS 6 Maart 1913.

48 TAB A1/195 EH (Londen) - JCS 25 Junie 1913.

invloed moes aanwend om enige irritasie en bitterheid te besweer.⁴⁹ Toe sy uiteindelik die uitnodiging voor die einde van Augustus, soos versoek deur die Vrouemonumentkomitee, aanvaar,⁵⁰ het sy genl. Smuts nogeens vermaan: "I only beg of you all to kiss and be friends for my visit to Bloemfontein and bury the hatchet beneath the Vrouwen-Monument".⁵¹ Die feit dat Botha, De Wet en De la Rey almal bereid was om toesprake te lewer op daardie dag soos Tibbie haar teen die einde van Oktober ingelig het, moes mej. Hobhouse rustiger gestem het.⁵²

'n Maand voor die plegtigheid moes Tibbie nog eens vure doodslaan want 'n sensitiewe genl. Botha het oorgereageer oor 'n gerug van 'n berig in The Friend. Daarvolgens sou die seremonie ontaard in 'n "Hertzog demonstratie".⁵³ Die berig sou onder die opskrif "Hertzogites Rallying Day" verskyn het en daarin sou gespekuleer word dat dit moontlik "the rallying date for the Free State militants ... the Herzogites throughout the Province" sou wees. Theunis was verstom oor die kleinsieligheid en nõg hy nõg die Werkende Komitee sou so "een bijna heilige plechtigheid ... misbruiken om politieke propaganda te maken".⁵⁴ Tibbie het W. Mackenzie, redakteur van The Friend oor hierdie "attempt that has been made to stir up trouble" getelefoneer. Dié redakteur het ontken dat daar ooit so 'n berig gepubliseer is.⁵⁵ Tibbie het genl. Botha die volgende dag per telegram oor die korrekte feite ingelig.⁵⁶

Getrou aan haar aard was Emily Hobhouse ten spyte van haar swak gesondheid vasbeslote om haar belofte om die onthulling waar te neem, gestand te doen. Die byna daaglikse briewe tussen Tibbie en mej. Hobhouse met haar koms na Suid-Afrika en haar voorlopige verblyf op Bergvliet en Beaufort-Wes, verleen 'n insig in mej. Hobhouse se fluktuierende gemoedstoestand namate dit vir haar al duideliker geword het dat nakoming van die belofte vir haar onmoontlik sou wees. Met vasberadenheid het Tibbie eweneens as't ware hemel en aarde probeer beweeg om Emily Hobhouse op 16 Desember aan die voet van die Vrouemonument te besorg. Reeds teen die einde van Oktober 1913 was dit duidelik dat die hoogte bo seespieël mej. Hobhouse se grootste probleem sou wees en dat sy aanpassings aan haar oorspronklike reisplan sou moes maak.⁵⁷ Op Tibbie se voorstel sou sy so lank

49 TAB A1/195 EH - JCS 30 Julie 1913.

50 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 12 Mei 1913.

51 TAB A1/195 EH - JCS 20 Augustus 1913.

52 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 25 Oktober 1913.

53 VAB A156 1/1/8 Louis Botha (Pretoria) - MTS 7 November 1913.

54 Ineg PV181 2/8/1/1/11 RIS (namens MTS) - Vriend (waarskynlik F.S. Malan) 7 November 1913.

55 VAB A156 1/1/8 W. Mackenzie - MTS 10 November 1913.

56 VAB A156 1/1/8 RIS (namens MTS) - Louis Botha 11 November 1913.

57 VAB A156 1/1/11 EH (Bergvliet) - RIS c. Oktober 1913.

moontlik op Beaufort-Wes vertoef⁵⁸ om daarna op die laaste moontlike oomblik noordwaarts te reis, net lank genoeg in Bloemfontein bly om die onthulling waar te neem, en dadelik weer die reis suidwaarts aan te pak.⁵⁹ Tibbie wat as tussenganger tussen Emily Hobhouse en die komitee opgetree het, het haar eie behoeftes en gesondheid ondergeskik gestel aan dié van mej. Hobhouse. Aan Jaap het sy beken dat die laaste twee maande "voor my een nachtmerrie" was.⁶⁰ Ten spyte van al haar reëlins en pogings en die byna bomenslike wilskrag van mej. Hobhouse, het dit tog teen 1 Desember terwyl sy op Beaufort-Wes vertoef het, duidelik geblyk dat sy "was taking my life in my hands by this greater effort". Tibbie sou die komitee nogtans op mej. Hobhouse se gesag inlig dat sy "will not fail ... unless I know my presence would be worse than my absence".⁶¹

Alhoewel die komitee mej. Hobhouse onthef het van haar morele verpligting, het Tibbie nog nie moed opgegee nie.⁶² Sy het vir mej. Hobhouse gereël om by Charlie Fichardt in Kaya Lami tuis te gaan aangesien Onze Rust waarskynlik te warm sou wees. "I just want to see you alive and fairly well", het sy mej. Hobhouse probeer aanmoedig, "I cannot tell you how we have admired your wonderful spirit".⁶³ Tibbie het selfs met die spoorweg gereël dat 'n spesiale salonrytuig ("saloon") tot haar beskikking gestel sou word. Hieroor was Emily Hobhouse "dreadfully hot & unhappy ... I assure you", het sy aan Tibbie geskryf, "nothing would have induced me to ask any favour of any public authority & certainly not from this Government from which I have never received the slightest recognition or even civility ... I ... hope they will be informed that such a request did not emanate from me" (haar onderstreping).⁶⁴

Tibbie het ook 'n invalidestoel wat in Europa aan Theunis geskenk is, na Kaya Lami gestuur waarin Emily Hobhouse gedra kon word. Die biltong wat sy vir haar besoek by Onze Rust gebêre het, sou sy gerasper na Katie Fichardt by Kaya Lami stuur. "Just keep up your courage", het sy aan mej. Hobhouse geskryf.⁶⁵ Tibbie het dit verder met die komitee gereël dat sowel sy as Emily Hobhouse nie aan die proses van die Tweetoringkerk na die Vrouemonument sou deelneem nie. Van die Fort af sou 'n sein gestuur word wanneer die optog die terrein bereik. Beide dames sou eers daarna per motor na die Vrouemonument vervoer word. Direk na

58 VAB A156 1/1/11 EH (Beaufort-Wes) - RIS 30 November 1913.

59 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 1 Desember 1913.

60 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 19 Desember 1913.

61 VAB A156 1/1/11 EH (Beaufort-Wes) - RIS 30 November 1913.

62 VAB A156 1/1/11 EH (Beaufort-Wes) - RIS 1 Desember 1913.

63 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 3 Desember 1913.

64 VAB A156 1/1/13 EH (Bergvliet) - RIS 29 Oktober 1913.

65 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 1 Desember 1913.

haar toespraak sou sy na Kaya Lami terugkeer. Tibbie het die feit betreur dat sowel mej. Hobhouse as Theunis "have been stricken down when you ought still to have been in the prime of life".⁶⁶

Ten spyte van al die pogings het mej. Hobhouse se hart haar in die steek gelaat en moes sy haar verpligting versaak. "The disappointment is naturally very great, but do not for a moment think any one will blame you, there is only one thought", het Tibbie haar probeer bemoedig, "and that is a great appreciation of the noble endeavour you have made to be with us".⁶⁷ Tibbie was steeds begaan oor mej. Hobhouse se welstand. Sy het ook geweier dat mej. Hobhouse die onkoste terugbetaal wat aangegaan is.

Emily Hobhouse wat as sy haar 'n doelwit gestel het, nie maklik daarvan afgewyk het nie, het die teleurstelling moeilik verwerk. "Not even all the luxuries or comfort so generously afforded me could carry me through", het sy aan genl. Smuts geskryf. "The old horse fell exhausted (though I think I may say in harness) at the last stage of the journey, and I write to tell you how sorry and in a way how humiliated I feel". Haar emosionele verslaenheid, haar diepste ontugtering spreek sy eerder teenoor genl. Smuts as teenoor Tibbie uit, waarskynlik omdat sy laasgenoemde nie verder wou belas 'n week voor die onthullingsplegtigheid nie en omdat sy Smuts instruksies wou gee betreffende haar testament vir geval sy die reis nie sou oorleef nie.⁶⁸ Sy het 4 000 kopieë van haar toespraak, wat sy eers aan Merriman gestuur het vir kommentaar, in Engels en Nederlands laat druk om onder die skare te versprei.⁶⁹

Tibbie en Theunis is beide geaffekteer deur die hitte en die byna koorsagtige voorbereidsels om die reëlins betyds en doeltreffend agtermekaar te kry. "I shall be thankful when the 16th has come & gone", het sy aan Emily Hobhouse geskryf.⁷⁰ Met 'n huis vol gaste het Tibbie ook nog die ekstra bekommernis gedra dat Theunis die Donderdag, drie dae voor die onthulling, 'n maagprobleem ontwikkel het.⁷¹ Die geskenk wat Tibbie vir mej. Hobhouse bestem het om haar teen Kersfees te bereik, moes ook nog daardie week versend word.⁷² Sy moes ook nog 'n vergadering van die OVV in Bloemfontein inlig oor die vordering met die

66 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 5 Desember 1913.

67 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 7 Desember 1913.

68 TAB A1/195 EH (Bergvliet) - JCS 7 Desember 1913.

69 VAB A156 1/1/11 EH (Bergvliet) - RIS 9 Desember 1913.

70 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 7 Desember 1913.

71 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 22 Desember 1913.

72 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Januarie 1914.

reëlings.⁷³ Daarby was sy nie gemaklik met toesprake nie en was sy verplig om met die onthulling wat sy self sou waarneem, enkele woorde te sê.

"Het was een dag zoo vol van aandoening ... dat in onze geschiedenis zal voortleven", het Tibbie aan dr. Muller oor dié Dinsdag geskryf.⁷⁴ Selfs die Engelstalige pers het dit bestempel "as one of the most remarkable and memorable in the history of Dutch Afrikanerdom since the Peace of Vereeniging".⁷⁵ Die proses van die sestienhonderd berede burgers, die aandoenlike optog volgens Tibbie van die 400 witgeklede meisies, die plasing van die kranse aan die voet van die monument, die patetiese figuur van Theunis wat volgens Tibbie swakker voorgekom het as wat hy werklik was,⁷⁶ die verhewe toon van die toesprake - dit alles volgens The Transvaal Leader "brings into bold relief the outstanding virtue of the Boer character".⁷⁷

Die empatie van die Britse element was byna tasbaar: die Union Jacks wat halfmas voor regeringgeboue hang, die Boy Scouts wat langs die roete stelling ingeneem het, die orkes van die Kimberley Volunteer Regiment - net elf jaar vantevore nog die vyand - wat die dodemarse van Chopin en Beethoven tydens die optog gespeel het.⁷⁸ Dit was inderdaad met voorbedagte rade dat "not one word, has been uttered from beginning to end ... that could hurt the feelings of the British section".⁷⁹

Theunis en Tibbie wat saam met ds. Andrew Murray in 'n motor gery het, het die eerste hul sitplekke binne die ringmuur ingeneem na die kort diens in die Tweetoringkerk.⁸⁰ Die meer as twintigduisend toehoorders wat die omringende koppies volgepak het, stil en eerbiedig soos met 'n begrafnis, was volgens Tibbie "indeed a stirring sight".⁸¹ Die toespraak van Theunis, alreeds vier maande vantevore volledig in Tibbie se handskrif uitgeskryf, is deur Rocco de Villiers, oud-sekretaris en getroue lid van Theunis se oorlogstaf, voorgelees.⁸² "Dit monument", het hy gesê, "staat niet hier om eenig iemand te pyniging, of om als een ewigdurend verwijt te zijn, maar het is hier geplaas uit reine piëteit ... Het is een

73 Ineg PV180 1/2/3/2/1 OVV HB notules 1909-1925, 16 Augustus 1913.

74 VAB A160/70 RIS - HPNM 19 Januarie 1914.

75 VAB A156 4/3 The Transvaal Leader 18 Desember 1913.

76 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 22 Desember 1913; VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 19 Desember 1913.

77 VAB A156 4/3 The Transvaal Leader 18 Desember 1913.

78 The Friend 17 Desember 1913.

79 VAB A156 4/3 ongeïdentifiseerde Engelstalige koerant 17 Desember 1913.

80 VAB A60/67 De Unie, 9e jaargang, no. 8, 1 Februarie 1914.

81 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 22 Desember 1913.

82 Ineg PV181 3/1/1/1 Toespraak van Theunis, 16 Desember 1913. Geskryf 24 Augustus 1913.

volkshulde aan de nagedachtenis aan zijne dierbaren ... Dit monument staat dus hier, niet om haat aan te wakkeren, maar om de liefde te bevorderen".⁸³

Hierna tree Tibbie na vore en "with a heart thumping in my throat", het sy gesê: "In naam van onze vrouwen en kinderen, onthul ik dit monument". Ten spyte daarvan dat sy meen "I am no good at any public function", het sy volgens Gordon vir die toeskouers kalm voorgekom.⁸⁴ Die wegvallende doek het die beeldegroep van Van Wouw op 'n hoë voetstuk voor 'n obelisk ontbloot. "It seemed to attract breathless attention", volgens The Friend, "and fascinated many of those present for a considerable time ... Dumb pain, stoically endured, is in the features of the mother represented with her dead child upon her knees ... Never have I known an assembly gripped and held with an emotion so poignant".⁸⁵

Charlie Fichardt het daarna Emily Hobhouse se boodskap volgens Tibbie "with ... much feeling and expression" voorgelees.⁸⁶ Haar toespraak het wat diepte, emosie en insig betref, geen gelyke geken nie. Dit was waarskynlik om hierdie rede daardie dag bo die vuurmaakplek van die gemiddelde toehoorder. Sy het die eenvoudige vrou en kind van die veld - al 26 370 van hulle - geëer, sy het diegene wat vir gestorwenes se dood verantwoordelik was, bejammer en vir haat het sy geen plek in die siel van die nasie en in die individu gevind nie. Miskien tog het die kern van mej. Hobhouse se boodskap verlore gegaan in die emosionele opwelling van die oomblik en in die selfvoldaanheid van die jare daarna toe die politieke leisels weer in Afrikanerhande beland het: "Be merciful towards the weak, the downtrodden", het sy hulle vermaan. "Do not open your gates to those worst foes of freedom - tyranny and selfishness. Are not these the withholding from others in your control, the very liberties and rights which you have valued and won for yourselves? So will the monument speak to you".⁸⁷

Van Valerie Fichardt, een van drie dogters wat met blomme na vore gekom het, het Tibbie onverwags 'n ruiker ontvang. Tien jaar later sou Tibbie weer 'n ruiker op háár graf plaas, die jong dogter van Charlie. Dit was vir Tibbie "te lief om te sien hoe moedig Cecilia alleen opstapte en hoe blij zij was om haar tante te sien". Tibbie se kleinkind moes die laaste ruiker van rooi rose bo op dié van die ander plaas en is

83 Ineg PV181 3/1/1/1 Toespraak van Theunis, 16 Desember 1913; VAB A156 1/1/8 J.X. Merriman (Schoon gezicht) - MTS 17 Desember 1913; Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 171; De Kerkbode 25 Desember 1913, p. 1089; Louw, A.F., My eerste neëntig jaar, pp. 166-168.

84 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 22 Desember 1913.

85 The Friend 17 Desember 1913.

86 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 22 Desember 1913.

87 Van Reenen, R. (Ed.), Emily Hobhouse Boer War letters, pp. 401-408; De Kerkbode 25 Desember 1913, p. 1090.

deur Charlie Fichardt opgetel sodat dit vir haar moontlik sou wees.⁸⁸ Die toesprake daarna, dié van genls. Louis Botha, De Wet en Hertzog, die van sen. F.W. Reitz, prof. J.I. Marais en drs. A.E.W. Ramsbottom en D.F. Malan - nie een het volgens Tibbie 'n "enkel woord gesproken of daad gedaan ... waarover wij ons behoeven te schamen - vooral als wij in aanmerking neemt hoe verbitterd de gevoelens wegens de politieke krisis is".⁸⁹

"O Jaap", het Tibbie drie dae na die seremonie geskryf, "de verlichting dat de onthulling zo suksesvol over is, is waarlik niet te beschrijven".⁹⁰ Miskien was dit wensdenkery toe Tibbie gemeen het Theunis het sy laaste publieke funksie volvoer.⁹¹

Tibbie het egter die kleinlikheid van sommige van die Engelstalige koerante betreur wat geweier het om Emily Hobhouse se toespraak te publiseer. "We know that spirit too well. It is the spirit of the war", het sy aan haar vriendin geskryf.⁹² Mej. Hobhouse het gemeen die gramskap van die Cape Times teenoor haar was so hewig omdat hulle aan 'n skuldige gewete gely het.⁹³ Vroeg in die nuwejaar is mej. Hobhouse verras deur die geskenk wat onder aanvoering van Tibbie haar eintlik voor Kersfees moes bereik het. "I felt all the charm and excitement that comes with the unexpected, the unknown and the beautiful", het sy in haar pragtige styl geskryf, "as parcel after parcel was drawn out of the straw".⁹⁴ Die geskenke, almal Suid-Afrikaans van oorsprong, het onder andere van Tibbie en haar moeder en broer, Gordon, gekom en van familieledes soos Hannie Blignaut, Jan en Helgard Steyn, ook van bekende Vrystaters onder wie die Fischers, die Fichardtse, die Bidwells, Kestells, Krauses, Stollreithers, Ramsbottoms en andere.⁹⁵ Vir Emily Hobhouse was die karos van 'n silwerjakkals wat 'n goue medalje by die tentoonstelling in Johannesburg gewen het, die mooiste wat sy nog gesien het.⁹⁶ Die kant van die Koppieskool wat Tibbie van plan was om te stuur, was van minderwaardige gehalte en is dié idee laat vaar. Dit was eintlik 'n groot jammerte dat Emily Hobhouse nie op sodanige wyse, dit is met 'n oorspronklike skepping van dié skool verras kon word nie omdat die kantskool op Koppies in werklikheid op mej. Hobhouse se inisiatief tot stand gekom het. Die volstruisvere wat sy uit

88 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 19 Desember 1913; The Friend 17 Desember 1913.

89 VAB A160/70 RIS - HPNM 16 Januarie 1914; De Kerkbode 25 Desember 1913, pp. 1090-1091; Ons Land 27 Desember 1913; Booyens, B., Die lewe van D.F. Malan, p. 265.

90 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 19 Desember 1913.

91 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 22 Desember 1913.

92 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 22 Desember 1913.

93 VAB A156 1/1/11 EH (Kenilworth) - RIS 27 Desember 1913.

94 Ineg PV181 2/8/1/1/12 EH (Kenilworth) - RIS 6 Januarie 1914.

95 Ineg PV181 2/8/1/1/12 RIS - EH 10 Desember 1913.

96 Ineg PV181 2/8/1/1/12 EH (Kenilworth) - RIS 6 Januarie 1914.

Oudtshoorn bekom het, is gratis deur C.J. Langenhoven, die redakteur van die Zuid Westen en ander bewonderaars vir haar bekom.⁹⁷

Tibbie het die moontlikheid oorweeg om na die Kaap te reis waar mej. Hobhouse by vriende herstel het, "but the President needs me here (haar onderstreping) and I cannot leave him". Dit was veral die politieke tweespalt wat Theunis in daardie stadium so afgetakel het. Sy was teleurgesteld oor die onmoontlikheid van die besoek aan die Kaap omdat korrespondensie hoogstens help om hulle nie uit voeling met mekaar te laat raak nie, "but you can never exchange confidences like you would when sitting together and enjoying a good old chat".⁹⁸ Dit sou egter nie weer vir die twee vriendinne beskore wees om van aangesig tot aangesig vertroulikhede uit te ruil nie. Dit sou vir die volgende twaalf jaar geskied deur amper weeklikse briewe met vertroulikhede wat slegs hulle teenoor mekaar uitgewissel het. Ongelukkig het die hand van 'n streng selfaangestelde redigeerder later van die vertroulikhede wat as skadelik vir Tibbie se geslypte beeld as Volksmoeder beskou is, vir die navorser in die niet laat verdwyn. 'n Duidelike voorbeeld is Tibbie se brief aan mej. Hobhouse vroeg in 1914 waar sy haar uitspraak oor die politieke situasie en Hertzog in die besonder. Al wat van die brief oorbly wat handel oor Emily Hobhouse se verblyf in Groote Schuur by genl. en mev. Louis Botha, is dat Tibbie meld dat genl. Hertzog mej. Hobhouse graag sou wou besoek "but I fear ... he will not of his own accord go to see you in your present abode".⁹⁹ Die geredigeerde bladsye het waarskynlik 'n persoonlike opmerking bevat wat na genl. Botha verwys. Aan die begin van Maart 1914 verlaat mej. Hobhouse Suid-Afrika vir die laaste keer.¹⁰⁰

Die Nasionale Vrouemonumentkommissie waarvan die beheer oor die monument opgedra is, het waarskynlik in Januarie 1914 tot stand gekom. Die oorspronklike stukke en notules het verlore geraak, maar dit wil tog voorkom of die eerste kommissie saamgestel is uit die lede van die Werkende Komitee met Theunis as voorsitter.¹⁰¹ Wat die Vrouemonument na 1913 betref, was Tibbie as ere-presidente van die OVV betrokke by verskeie besluite en voorstelle wat gemik was op die uitbouing of instandhouding daarvan. So is daar byvoorbeeld in 1917 besluit om 'n gebou op te rig waar die kranse vir Theunis se begrafnis besigtig kon word.¹⁰² Later

97 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Januarie 1914, 10 Desember 1913, 21 Januarie 1914; VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 2 Desember 1913.

98 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Januarie 1914.

99 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 29 Januarie 1914.

100 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 8 Maart 1914.

101 Van Schoor, M.C.E., Die Nasionale Vrouemonument, p. 12.

102 Ineg PV180 1/2/3/2/1 OVV HB notules 1909-1925, 7 Maart 1917.

is beoog om die terrein te verfraai met inheemse boomsoorte.¹⁰³ In een van haar laaste boodskappe aan die OVV het Tibbie hul nog aangemoedig om finansiële bydraes te skenk met die oog op 'n voltydse sekretaresse vir die Nasionale Vrouemonumentkommissie.¹⁰⁴

3.2 Die Rebelle van 1914

Die oorsaak van die verdeeldheid wat gedreig het om die onthulling van die Vrouemonument te laat skipbreuk ly en om persoonlike verhoudings te versteur, het gelê in die diepe politieke verdeeldheid wat spoedig weer aan die oppervlakte deurgebreek het. Nadat die euforie weens die unifikasie op 31 Mei 1910 vir groter realisme plekgemaak het, is besef dat daar steeds twee afsonderlike blanke groepe in Suid-Afrika aanwesig was, elk met sy eie ideale. Waar 'n Percy Fitzpatrick byvoorbeeld sy utopie gesien het in Britse oorheersing het die verloorders van die Anglo-Boereoorlog nie sonder meer hul republikeinse ideale begrawe nie.¹⁰⁵ Theunis het gesê dat Uniewording die grootste seën of die grootste vloek vir die land sou word.¹⁰⁶ Dit het ongemaaklik begin lyk of dit nie 'n seën sou wees nie.

Die feit dat Theunis nie in staat was om die eerste ministerskap te aanvaar nie, het sake inderdaad ingewikkeld gemaak soos J.X. Merriman in 1909 aan Theunis voorspel het, en dit het byna rampspoedige gevolge gehad.¹⁰⁷ Sowel genl. Louis Botha as Merriman, die volgende sterk aanspraakmaker op die premierskap, was bereid om onder Theunis te dien,¹⁰⁸ maar nie een van hulle was bereid om onder die ander te dien nie.¹⁰⁹ Theunis het die kandidatuur van Merriman ondersteun. Met byna 'n halfeeu se parlementêre ondervinding was hy deurdrenk met die Britse parlementêre tradisie, en 'n kenner van staatsfinansies. Louis Botha het, hoewel hy weinig formele skoolopvoeding gehad het, oor 'n sterk persoonlikheid beskik en was 'n taktvolle leier.¹¹⁰ Hy was egter oorsensitief en het 'n gebrek aan oordeel en

103 Ineg PV180 1/2/3/4/1 Uittreksel uit OVV HB notule, September 1945; PV180 1/2/2/2/3 OVV Kongres notules 1946-1956, 17 April 1946.

104 Ineg PV180 1/2/2/2/3 RIS toespraak voorgelees voor 29e OVV kongres, Notule Kongresse 1946-1956, 31 Maart 1948, beskrywingspunt 6.

105 Thompson, L.M., *The unification of South Africa 1902-1910*, p. 460.

106 Van der Merwe, N.J., *Marthinus Theunis Steyn*, II, p. 242.

107 VAB A1/1/35 J.X. Merriman (Londen) - MTS 17 Augustus 1909.

108 VAB A156 1/1/5 J.X. Merriman - MTS 23 Mei 1910, 27 Mei 1910; Krüger, D.W., *The making of a nation*, p. 49, *The age of the generals*, p. 53; Thompson, L.M. *The unification of South Africa 1902-1910*, p. 460.

109 VAB A156 1/1/5 J.X. Merriman - MTS 27 Mei 1910.

110 Marais, A.H., *Die politieke uitwerking van die verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende 1910-1915*, I, pp. 30, 50, 52.

intellek gehad.¹¹¹ Die goewerneur-genl., lord Gladstone, het egter Louis Botha as eerste minister aangewys tot Merriman se bittere teleurstelling.

In 'n konfidentiële brief aan Jan Smuts skryf Theunis op 25 Februarie 1910 dat een van die grootste rampe wat hulle kan oorkom, is verdeeldheid wat op een van twee maniere kan kom, naamlik "deurdat of de leiders onder elkander verdeeld raken, of dat zy een verkeerde politiek volgden ... Als zulks nu weer mocht gebeur en wel, dan verdien en wij de ellende die daarop mocht volgen".¹¹² Die insluiting van genl. Hertzog in Botha se kabinet het 'n stroom ekstremistiese kritiek uit Engelssprekende geleedere tot gevolg gehad, veral vanweë sy vroeëre taalbeleid in die ORK. Reeds voor die Uniewording het 'n deel van die Afrikaners, veral in die Vrystaat, getwyfel oor Louis Botha se leierskap. Sy versoeningsbeleid is as pro-Brits gesien en hy het inderdaad nie rekening gehou met die gevoelens van sy mense nie. Aanvanklik het die twee leiers en die kabinet volgens Tibbie "are working very harmoniously together".¹¹³ Die eenheid was egter van korte duur. Agitators het alreeds van Hertzogisme 'n skeldnaam gemaak terwyl Theunis dit beskou het as "'n woord dat niets anders betekend dan absolute gelykheid gepaard met mannelike standvastigheid".¹¹⁴

Tibbie was eweneens 'n warm ondersteuner van genl. Hertzog en sy het hom lewenslank as 'n persoonlike vriend beskou. Miskien het haar aanvanklike toegeneentheid teenoor die genl. berus op haar kennis van sy weldaad teenoor Theunis in Mei 1902 tydens die samesprekinge by Vereeniging toe hy sy laaste geld vir Theunis se behandeling beskikbaar gestel het aan dr. Van der Merwe.¹¹⁵ In 1911 merk sy byvoorbeeld teenoor dr. Muller op dat sy nie durf skryf oor 'n lastersaak teen genl. Hertzog nie "want ik word zoo warm en mag meer zeggen dan ik behoord. De rasse gevoel zeggen zij sterven uit maar in zulke zaken voel men hoe onmogelijk dat is".¹¹⁶

Louis Botha het Hertzog met groot teensin in sy kabinet ingesluit omdat hy gevrees het dat hy sy gematigde Engelse steun daardeur sou moes inboet. Dit was veral Hertzog se uitgesprokenheid oor sy opvatting van 'n Suid-Afrikaanse nasieskap wat hom in botsing met Louis Botha se konsiliasiebeleid gebring het. Die Steyns moes die onstuimige tye op Onze Rust meemaak en moes dikwels onder die Engelstalige

111 Lewsen, P. (Ed.), Selections from the correspondence of John X. Merriman 1905-1924, p. 344.

112 VAB A1/193 MTS - JCS 25 Februarie 1910.

113 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 8 September 1910.

114 De Volksstem 9 Junie 1911; Naudé, J.D., Genl. J.B.M. Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party 1913-1914, p. 69.

115 Van den Heever, C.M., Genl. J.B.M. Hertzog, p. 100.

116 VAB A160/70 RIS - HPNM 4 November 1911.

pers deurloop. Theunis is byvoorbeeld sarkasties deur The Star bestempel as "the uncrowned King of the Backveld, a man who is to-day the most powerful political figure in the Union ... He is the spirit of militant Africanderism incarnate ... his ideas obsess him". Hertzog word as sy dissipel bestempel, die vriendskap tussen die twee as berug. Volgens The Star staan Theunis agter Hertzog. "Nothing is done by the extremists except after consultation with the prophet of Onze Rust".¹¹⁷ Tibbie was deeglik bewus van die probleme en meld tewens dat met die opening van die Parlement in 1912 "de poppen weer ... zal dansen ... Ik ben dikwyls benieuwd om te weten hoe het met Genl. Hertzog ... zal aflopen".¹¹⁸

Hertzog het geoordeel dat Smuts en Botha die belange van die Afrikaanssprekende opoffer ten einde die stem van die Engelssprekende te verkry. Hy het hom in verskeie toesprake hieroor uitgelaat maar dit was veral sy toespraak op 7 Desember 1912 by De Wildt wat sake op die spits gedryf het. Louis Botha het hom gevra om te bedank en toe Hertzog weier, het Botha sy eie bedanking ingedien.¹¹⁹ By die samestelling van die nuwe kabinet het hy Hertzog weggelaat. Die spanning van die voorafgaande jaar het 'n ramspoedige uitwerking op Theunis se gesondheid gehad. Tibbie skryf aan die begin van November aan Jaap dat "ek ben erg bekommerd over hem en vrees de verlamming begint weer, met slikken (sic) en kauwen gaat het moeielyk".¹²⁰ Indien sy gesondheid sou verswak, skryf sy aan mej. Hobhouse, "I think I must simply take the law into my hands and once more undertake a trip to Europe" (na dr. Winkler).¹²¹ Theunis het egter geweier: "Ik is moeg om voor mijn gezondheid rond gesleep te worde en kom wat wil ik zal dra wat ik drae net op myn plaats". Sy maak staat op Jaap en ander vriende om haar te help met die nodige oortuigingswerk indien die tyd sou aanbreek.¹²² Die kommer van vriende soos Louis Botha, wat spesiaal van Pretoria gereis om hom te kom besoek, en andere het Theunis nie van gedagte laat verander nie.¹²³ Hulle het die jonger Tibbie vanaf Oranje laat kom om bystand te lewer want Tibbie was self ook ongesteld.¹²⁴ Theunis se gees en dié van Tibbie was nietemin steeds ongeskonde en die atmosfeer op Onze Rust was allermens droefgeestig: "the President remains so bright it is marvellous and we often have a good laugh over our various ailments and

117 VAB A156 4/3 The Star c. Januarie 1912.

118 VAB A160/70 RIS - HPNM 7 Januarie 1912.

119 Naude, J.J., Genl. Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party 1913-1914, pp. 72-87; Van der Walt, A.J.H., e.a., Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 484.

120 VAB A90/8 RIS - J. de Villiers 3 November 1912.

121 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 17 November 1912.

122 VAB A90/8 RIS - J. de Villiers 3 November 1912.

123 VAB A160/70 RIS - HPNM 22 November 1912; Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 17 November 1912; S.A. Biblioteek Kaapstad MSC 33/2.5 Isie Smuts (Irene) - RIS 13 November 1912; VAB A156 1/1/5 JBMH (Pretoria) - RIS 22 Desember 1912.

124 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 30 Augustus 1912.

determined we are never to speak about them". Theunis, plat op sy rug en nouliks in staat om te praat en sluk, se humorsin bly ongeskonde. In 'n brief van Tibbie aan Emily Hobhouse stuur hy groete aan haar "and says I must tell you though the throat is weak he can still dance a polka".¹²⁵

Die Steyns het op 27 November 1912 vir gesondheidsredes na Wildernis aan die Kaapse kus vertrek. Dit was 'n ideale rusoord aan die rivieroewer weg van "telefoon telegraaf en post". Tibbie was steeds ongerus oor Theunis se swak gesondheid.¹²⁶ Hoewel Theunis die breuk tussen Hertzog en Botha voorsien het en alles in sy vermoë gedoen het om dit af te weer, was die nuus van die finale krisis wat hom hier bereik het, nogtans verpletterend. Tibbie het in later jare onthou dat Theunis met 'n geweldige pyn in sy bors heeltemal ineengestort het.¹²⁷ Drie nagte na mekaar het hy nooit geslaap nie en sy toestand was kritiek.¹²⁸ "I think the crisis did the President much harm", het Tibbie vertroulik aan Emily Hobhouse geskryf toe hulle weer terug op Onze Rust was. "Not since the days of Vereeniging has he felt so grieved and disappointed". Die besoek aan Wildernis was "an utter failure and at times I felt doubtful whether my good husband would survive". Op 16 Januarie kom hulle op Onze Rust aan, soos Tibbie in 'n telegram aan Louis Botha geskryf het "meer dood dan lewend".¹²⁹ Gordon wat hulle op Kaalspruithalte kom haal het, was geskok oor Theunis se vervalde toestand.¹³⁰

Besoek aan Theunis is verbied. Die gaste wat hom desnieteenstaande kom besoek het, was vir Tibbie 'n groot bron van spanning aangesien hy so min moontlik moes praat. "I never leave him alone, and his illness now reminds us of the old days in Clarens, days I had hoped were never to return".¹³¹ Soos vanouds het briewe en telegramme na Onze Rust gestroom want as gevolg van die benarde politieke toestand het almal hulle na Theunis gewend vir raad. Op bevel van die dokter het Tibbie van die einde van Januarie af geen korrespondensie meer aan hom deurgelaat nie.¹³²

Ten spyte van Theunis se talle versoeningspogings kon Louis Botha en genl. Hertzog mekaar nooit vind nie. Botha het in Hertzog die man gesien wat sy vernaamste doelwit wou verydel terwyl Hertzog weer in Botha die man sonder

125 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 17 November 1912.

126 TAB A32/13 RIS (Wildernis) - JBMH 11 Desember 1912.

127 Kruger, N., "Die draer van ons hulde, mev. pres. M.T. Steyn", Die Huisgenoot 17 September 1948.

128 VAB A160/70 RIS - HPNM 6 Januarie 1913.

129 VAB 1/3/4 Telegram RIS - Louis Botha 17 Januarie 1913.

130 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Februarie 1913.

131 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Februarie 1913.

132 VAB A156 1/1/8 Telegram RIS - Louis Botha 31 Januarie 1913.

beginsels en ruggraat gesien het.¹³³ Soos blyk uit konfidentiële briewe aan Emily Hobhouse kon die Steyns geen regverdiging sien vir die feit dat Louis Botha Hertzog uit die kabinet weggelaat het nie "and one and all feel that Gen. Hertzog the man so dear to the people's heart has been hardly dealt with". Die gemoedere van die mense is ontstig sê Tibbie en sy meen dat alhoewel die jingopers Louis Botha aanprys, hy tog baie van sy invloed verloor het. "Our party is now divided into a Botha and Hertzog camp", skryf Tibbie, "anything more disastrous to our national life one can hardly imagine. A little patience and tact and all this could have been avoided. All my remarks are only meant for yourself".¹³⁴

Tibbie wat besef het dat Theunis se gesondheidstoestand gedeeltelik psigosomaties van aard was, het aan mej. Hobhouse geskryf dat "I have no heart for this struggle between our men and I deeply regret Gen. Botha's decision. He ought to have foreseen what it meant for our party".¹³⁵ Vir haar was die politieke toekoms donker. "Het is uiters onaangenaam" skryf sy aan dr. Muller, "zoo een scheuring in eigen party".¹³⁶ Dit was byna vanselfsprekend dat die politieke onmin ook persoonlike verhoudinge sou raak. Louis Botha het nie net in Theunis 'n geestelike vader gesien nie, maar het ook soos Hertzog besef dat "al zit (Theunis) net op Onze Rust zonder een woord te spreken dan is zijn invloed zoo groot ..."¹³⁷ Hy was diep afhanklik van Theunis se goedkeuring en as emosioneel warm persoonlikheid verseker hy Theunis telkens dat "nietegenstaande ongelukkig verschil van opinie onze persoonlike vriendschap onveranderd blijft".¹³⁸ Hy bied aan Theunis nie net sy ampswoning, Groote Schuur, aan waar hy kan herstel nie,¹³⁹ maar is bereid om finansieel in te staan indien dit nodig sou blyk om Theunis oorsee te stuur.¹⁴⁰

Theunis se versoeningspogings tussen Botha en Hertzog het op niks uitgeloop nie. Die onaangenaamheid wat hieruit voortgespruit het, het al die partye ten nouste geraak. Genl. Smuts het inderdaad gelyk gehad toe hy aan A.B. Gillet geskryf het dat "it is a painful process, because it is so painful to fight with your own friends of former days".¹⁴¹ Louis Botha het gemeen dat Theunis, sonder om sy kant van die saak aan te hoor, "toch heeft besloten om aan dat alles (Hertzog se handeling) de stempel van uwe goedkeuring te drukken. Veel heb ik gelede gedurende de laaste

133 Scholtz, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, VI, pp. 118.

134 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Februarie 1913.

135 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 23 Maart 1913.

136 VAB A160/70 RIS - HPNM 24 Maart 1913.

137 VAB A160/70 RIS - HPNM 22 November 1912.

138 VAB A156 1/1/8 Louis Botha (Pretoria) - MTS 6 Augustus 1913.

139 VAB A156 1/1/7 Louis Botha (Maritzburg) - MTS 12 Oktober 1912.

140 VAB A156 1/1/7 Louis Botha (Pretoria) - MTS 14 November 1912.

141 Hancock, W.K., Van der Poel, J. (Ed.), Selections from the Smuts Papers, II, p. 127, JCS - A.B. Gillet 18 Mei 1913.

maanden ... doch dat de dag gekom is dat ik aan U, in myn ogen vandaag de grootste Afrikaner en tewens myns geliefde vriend, moet zeggen: 'uw weg is de myne niet' dat is een leed dat ik nooit gedroomd heb dat ... my zou overkomen".¹⁴² Vir Theunis, wat van sowel Hertzog as Botha niks anders as liefde en vriendskap ondervind het nie, was "het mij zo zwaar om die verdeeldheid tussen U beiden te aanschouwd ... Ik vraag U beiden om ter wille van uw volk en uw vaderland uw eigen persoon en gevoelens uit het oog te verliezen".¹⁴³

Tibbie het in hierdie tyd "many heartburnings" gehad oor die verswakkende politieke toestand. Genl. Botha het volgens Tibbie al die mag, die pers en die geld in sy guns gehad. "So Gen. Hertzog has a great uphill fight and God only knows what is to be the end of all this".¹⁴⁴ "Ik heb gezegd aan President dat de correspondentie nu moet ophouden want het kost te veel van spanning".¹⁴⁵ So weier sy om 'n toespraak wat Ralph H. Tatham aan haar stuur vir Theunis se insae aan hom te oorhandig "while my husband's health remains as it is at present, I don't think it advisable for him nor desirable to take part in politics ... I have consequently taken it upon myself not to read your speech to him".¹⁴⁶ Tatham het Tibbie se motivering waarom sy die dokumente teruggestuur het egter in twyfel getrek. Hy voer aan dat Tibbie toelaat dat Theunis nie net onderhoude toestaan nie, maar dat van Tatham se vriende kennis dra daarvan dat Theunis by die politiek betrokke is.¹⁴⁷ In 'n sterk bewoorde antwoord aan Tatham spreek Tibbie die volgende dag haar verbasing uit oor die driftige toon wat hy hom in die brief aanmatig. "It is clear that you draw my veracity in question which I most strongly resent. There is no aloofness of my husband". Sy lig hom verder in dat sy slegs op doktersbevele handel. Wanneer Theunis wel sterk genoeg voel om onderhoude toe te staan of om 'n brief te dikteer, laat sy dit wel toe. Wanneer Theunis se gesondheid daarenteen weer verswak "then (I) consider it my duty to help him keep as quiet as possible and no one has ever before taken it amiss of me".¹⁴⁸

Op die Vrystaatse partykongres van Mei 1913 is Louis Botha se optrede teen Hertzog byna eenparig veroordeel. Die "stormy times" wat Tibbie gevrees het, was in hul midde.¹⁴⁹ Op 'n uitnodiging aan Theunis om na Kaapstad te gaan vir die

142 TAB A787/209 Louis Botha - MTS 21 April, 8 April 1913.

143 TAB A78/209 MTS - Louis Botha 23 April 1913.

144 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 12 Mei 1913.

145 VAB A90/8 RIS - J. de Villiers 26 April 1913.

146 Ineg PV181 2/8/1/1/12 RIS - R.H. Tatham 28 Augustus 1913; VAB A156 1/1/8 R.H. Tatham (Johannesburg) - MTS 16 Mei 1913.

147 VAB A156 1/1/8 Ralph H. Tatham (Johannesburg) - MTS 10 Oktober 1913.

148 VAB A156 1/1/8 RIS - R.H. Tatham 10 Oktober 1913.

149 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 8 Oktober 1913.

Uniale Kongres in November 1913, antwoord Tibbie ferm: "Nee, julle zal maak dat mijn ou man zich zelf dood praat!"¹⁵⁰ Dat Theunis se gesondheid byvoorbeeld nie gelyk het "onder de drukte en gemoedsaandoeningen" van die reëlings van die Vrouemonument nie was vir Tibbie weer eens 'n duidelike aanduiding dat sy psigomatiese toestand direk in verband gestaan het met die spanningsvolle politieke toestand.¹⁵¹ Op dié Uniale Kongres waarna Theunis nie gegaan het nie, is met 131 stemme teen negentig ten gunste van Louis Botha besluit. Hertzog en sy volgelinge het die kongres verlaat en in Januarie 1914 in Bloemfontein op 'n kongres die Nasionale Party gestig.¹⁵² Dit was duidelik dat Tibbie se wens dat die "ou kreupel perd", - soos Theunis na homself verwys het, "nu goed ... moet uitrusten en voor 'n geruime tyd geen werk doen van publieke aard" - op dowe ore geval het soos die groot getal briewe en telegramme in die Steynversameling getuig.¹⁵³

Die Steyns se simpatie met genl. Hertzog het die jonger lede van die familie aangesteek want Gladys, toe 'n onderwyseres op Oranje, die jonger Tibbie, adv. Te Water, Colin wat intussen sy doktorsgraad verwerf het, en Gordon het die kongres van die NP in Bloemfontein bygewoon.¹⁵⁴

Theunis se gedeeltelike herstel teen die helfte van 1914 het as't ware die stilte voor die storm ingelui. Die politieke toestand was vir Tibbie "very heartbreaking ... the terrible friction the party split has brought between old friends reminds me so of the dark days of 1899 and 1902".¹⁵⁵ Dit was byna asof Tibbie gelyk gehad het toe sy aan dr. Muller geskryf het dat "het schuynt of arme Z. Afrika nimmer tot rust kan komen",¹⁵⁶ want in Augustus 1914 breek die Eerste Wêreldoorlog waarin die hele Britse Ryk betrokke sou wees, uit en dit betrap die Unie van Suid-Afrika wat nog geen vier jaar oud is nie totaal onkant. Dit was te gou na die breuk tussen Botha en Hertzog en selfs die Anglo-Boereoorlog was nog te vars in die geheue van die mense.

Reeds tydens die Imperiale Konferensie in Londen in 1911 het Louis Botha hom teenoor Lloyd George, Britse minister van finansies, en Winston Churchill, First Lord of the Admiralty, in private gesprekke verbind om die Ryk tydens 'n moontlike oorlog by te staan. Theunis het Botha egter gewaarsku dat hy in geval van oorlog niks anders as verdedigend moet optree nie. Hy het veral gewaarsku dat

150 Cloete, B., *Die lewe van senator F.S. Malan*, p. 279.

151 VAB A160/70 RIS - HPNM 16 Januarie 1914.

152 Van der Walt, A.J.H., e.a., *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 484.

153 VAB A156 1/1/18.

154 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 9 Januarie 1914.

155 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 26 Julie 1914.

156 VAB A160/70 RIS - HPNM 16 Januarie 1914.

'n inval in Duitswes-Afrika ernstige gevolge kan hê.¹⁵⁷ Toe die Britse regering navraag doen of die Unie bereid sou wees om die hawens aan die westkus en ook Windhoek te beset om die radiosenders buite werking te stel, het Louis Botha ingewillig.

Die optrede - hoewel van vrywilligers gebruik gemaak sou word - het onrus en ontsteltenis veral in die plattelandse gebiede van Wes-Transvaal en die Vrystaat veroorsaak. Die ongelukkige dood van genl. De la Rey het skokgolwe deur Suid-Afrika gestuur en wydverspreide onrus tot gevolg gehad. Vooraanstaande leiersfigure in die Unieverdedigingsmag en veterane uit die Anglo-Boereoorlog, onder wie genl. De Wet, wat òf verraad gepleeg het òf uit die mag bedank het om deel te wees van die gewapende protes soos dit aanvanklik bekend gestaan het, het die smeulende onrus laat ontvlam. Openlike rebellie het in die Vrystaat en die Transvaal uitgebreek en duisende burgers het hulle by kommando's wat teen regeringsmagte opgetree het, aangesluit. Die gevangene van De Wet en die dood van genl. C.F. Beyers het prakties die einde van die Rebellie beteken. Hoewel die Rebellie van korte duur was, het die gevolge daarvan jare daarna die Suid-Afrikaanse politieke toneel oorheers.

Hoewel Theunis gehoop het "om buiten deze strijd ... (te) kunnen blijven, op dat ik in stilte en daar waar ik ... mijn invloed ... kan ... doen gelden om de gemoederen tot bedaring te brengen", deels omdat hy nie verantwoordelikheid kon neem vir die besluite van andere nie en deels omdat sy gesondheid na die vorige terugslag twee jaar tevore, nooit werklik herstel het nie, is hy weens sy geweldige invloed en statuut nie toegelaat om onbetrokke te bly nie.¹⁵⁸ Daarby het die altruïste aard van die Steyns se persoonlikheid en die feit dat familie en vriende op verskillende wyses betrokke was hulle ten diepste betrokke gemaak in wat Tibbie bestempel het as "(this) tragedy". Die Anglo-Boereoorlog was volgens Tibbie erg genoeg "but in a way this rebellion was worse ... and to think all this could happen with our own men in power".¹⁵⁹

Volgens Tibbie wat ten spyte van sensuur ongewoon uitgesproke met Emily Hobhouse en Margaret Gillet gekorrespondeer het, was "the root of all (the) evil", soos sy dit aan mev. Gillet gestel het, die inval in Duitswes-Afrika. "All were for defending our country but did not want an aggressive policy. Mothers were up in arms at the thought of their husbands and sons having to enter GWA - to annex it."

157 Marais, A.H., *Die politieke uitwerking ...*, pp. 398, 399.

158 VAB A156 1/1/8 MTS - Louis Botha 12 Oktober 1914; A156 1/1/18 RIS (namens MTS) - C.F. Beyers 11 Oktober 1913.

159 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 9 Februarie 1915.

Die nuus oor die verraad van luitenant-kolonel S.G. Maritz wat na die Duitsers oorgeloop het,¹⁶⁰ het Theunis neergevel met hewige pyne in sy bors. "He had to be up most of the night", het Tibbie aan Emily Hobhouse geskryf, "and from then on our life has been one unending strain. The grief of seeing our country plunged into civil war was deep indeed".¹⁶¹ Soos voorheen het Theunis se verswakkende gesondheidstoestand direk verband gehou met die toenemende politieke spanning. Emily Hobhouse het inderdaad gelyk gehad toe sy opgemerk het: "I feel sure the physical reason of his collapse was ... the mental reason, the political worry".¹⁶²

Theunis het volgens Tibbie gedoen wat hy kon, maar sonder politieke mag "when you haven't full control of everything it is almost hopeless to negotiate with success". Tibbie het by tye gevrees dat hy totaal ineen sou stort. Sy geneesheer het hom dringend versoek om hom aan die onderhandelinge te onttrek "but so much seemed at stake that we both felt he could not spare himself and even if it cost him his life, he must do what he can to save our people and country from so great a catastrophe. His efforts failed".¹⁶³ Ten spyte van al Theunis se pogings¹⁶⁴ deur byvoorbeeld vir Colin as boodskapper te gebruik, deur rebelse voorbokke te oorreed om na Onze Rust te kom,¹⁶⁵ en deur die bewindhebbers tot geduld en genade te maan, het die Rebelle uitgeloop op die gevangeneeming en dood van voortreflike jongmanne, 'n reuse-skuldlas en verharde seksionele gesindhede. Die feit dat Theunis deurgaans geweier het om "een woord tot het publiek te richten",¹⁶⁶ omdat hy hom met die beleid van die regering "niet kon ... verenigen",¹⁶⁷ het hom nie alleen die vriendskap en respek van, onder andere Merriman gekos nie;¹⁶⁸ hy is weens sy byna passiewe rol, soos dit vir sommige voorgekom het, jare daarna nog veroordeel.

Merriman het ná die breuk met "the recluse of Onze Rust" soos hy hierna na Theunis verwys het, geïnsinuer dat Onze Rust as die saamtrepunt van al die vermeende griewe sou dien en hy het dit duidelik aan genl. Smuts gestel dat hy gemeen het "the passive one's are the most dangerous - those who stirred up the

160 VAB A156 1/1/8 Telegram Louis Botha - MTS 11 Oktober 1914.

161 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 11 Desember 1914; VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 9 Februarie 1915.

162 VAB A156 1/1/11 EH (Londen) - RIS 27 Julie 1914.

163 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 11 Desember 1914; Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 325.

164 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/3.5 Telegram MTS - JCS c. Oktober 1914; Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 307.

165 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/3.5 RIS (namens Theunis) - C.R. de Wet 23 Oktober 1914.

166 VAB A156 1/1/8 Louis Botha - MTS 25 Oktober 1914; A156 1/3/4 MTS - J.X. Merriman 9 Oktober 1914.

167 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 325.

168 Laurence, P., The life of J.X. Merriman, pp. 355, 356; VAB A156 4/6 Die Volkstem 9 Februarie 1923; VAB A156 1/3/4 MTS - J.X. Merriman 9 Oktober 1914.

business and now sit behind the bush watching the turn of events".¹⁶⁹ Byna 'n dekade daarna het die digter, C. Louis Leipoldt, onder die skuilnaam "Oom Gert" 'n aanval in Die Volkstem op hierdie passiwiteit, soos hy dit beskou het, geloods. Die "nie-doen-nie" van Theunis het hy naamlik beskou "as 'n bewijs van sijn sedelike agteruitgang" veroorsaak deur die dodelike siekte bulbaire paralyse, waaraan hy na sy mening gely het en wat as gevolg het dat die lyer stadig sy wilskrag, geheue en normale gemoedstemming verloor. Volgens hom sou Theunis "in die dag van sijn volk se benoudheid, sijn plig versuim het".¹⁷⁰ F.W. Reitz, oud-president van die Vrystaat wat Theunis goed geken het tydens die Rebellie, het egter volgehou dat Theunis se "geestvermogens waren net zo sterk als toen hij fris en gezond was".¹⁷¹ Ook op Theunis se aanstaande skoonseun, N.J. van der Merwe, wat tydelik op Onze Rust gewoon het, het die "helderheid van verstand sowel as kalme gemoed" van Theunis 'n groot indruk gemaak.¹⁷²

Onze Rust het sedert die aanvang van die krisis tot die afhandeling van die hofsake van die Rebellie uit sy nate gebars met besoekers. "People from all parts came to Onze Rust and my house was always full", het Tibbie aan Emily Hobhouse geskryf, "sometimes 18 people were here at a time".¹⁷³ Emmie en die jonger Tibbie wat hul moeder met die huishouding en korrespondensie gehelp het, se hande was deurentyd vol. Tibbie is in hierdie tyd drie weke lank deur haar aanstaande skoonseun, ds. N.J. van der Merwe, bygestaan met die magdom korrespondensie.¹⁷⁴ Tydens genl. Beyers se besoek aan Onze Rust is die huis bewaak en is die wag met huisvesting gehelp. Dit was vir Theunis onduidelik waarom die regering gedurende November en Desember 1914 "het toch nodig achte mijn huis te doen bewaken en bespieden" toe van twintig tot dertig berede soldate uit Bloemfontein net buite die grense van Onze Rust gestasioneer was. Sodra dit donker word, het die wagte gewoonlik na die rantjie by die huis gekom "sodat zij niet alleen kon zien maar zelfs horen wat bij mijn huis plaats vond of wat ... gesproken word". Theunis vind dit vreemd dat die kommissaris van polisie sowel as die minister van verdediging dit ontken het¹⁷⁵ terwyl Onze Rust se plaasbestuurder en werksvolk hulle gesien het. Hierdie stappe

169 Hancock, W.K., Van der Poel, J. (Ed.), Selections from the Smuts Papers, III, p. 287, J.X. Merriman - JCS 30 Mei 1915; p. 216, J.X. Merriman - JCS 29 November 1914.

170 VAB A156 4/6 Die Volkstem 15 Februarie 1923, 9 Februarie 1923.

171 TAB A787/209 De Burger November 1916.

172 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 326.

173 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 11 Desember 1914; Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 326.

174 Scholtz, G.D., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940, p. 36.

175 VAB A156 1/1/9 G.S. de Beer (vir minister van verdediging Pretoria) - MTS 23 Junie 1915.

het "onaangename gevoelens werden verwerkt" onder die inwoners van Onze Rust.¹⁷⁶

Die meeste van Tibbie se gesinslede, familielede en vriende was op die een of ander wyse by die Rebelle betrokke. Behalwe dat Colin as Theunis se boodskapper opgetree het, het hy soos sy oom Gordon veel werk vir die verdediging van die Rebelle gedoen.¹⁷⁷ Tibbie se ouer broer, Colin, wat as magistraat in Vrede diens gedoen het, was in 'n onderonsie met genl. De Wet en 300 Rebelle betrokke.¹⁷⁸ Hannah en 'n aantal helpers het 150 maaltye per dag aan die Rebelle in die gevangenis voorsien.¹⁷⁹ Sy was ook saam met Gordon medeverantwoordelik om 'n ambulans volledig toe te rus.¹⁸⁰ Die sestienjarige Emmie het haar beywer om fondse in te samel vir die "War wounded".¹⁸¹ Cornelis du Preez het aan die kant van die regeringsmagte opgetree.¹⁸²

Dit was nie net die dood van genl. De la Rey wat die Steyns diep getref het nie;¹⁸³ vir Tibbie veral "the way Jopie Fourie met his death shred our heart to its very depths. He was so brave ... Feeling ran very high and believe me", het sy aan mev. Gillet geskryf, "we never can speak of him without tears coming to our eyes".¹⁸⁴ Dat Jopie Fourie, 'n kaptein in die weermag, wat deur 'n krygshof ter dood veroordeel en op 20 Desember 1914 tereggestel is, 'n politieke flater was - hoewel juridies geregverdig - is gewis. Die Steyns het die dood van dié belowende jongman erg belewe soos 'n besoeker aan Onze Rust, ds. A.F. Louw, getuig het. Hy het naamlik onthou dat terwyl Tibbie aan Theunis koerantberigte hieroor voorgelees het "haar gemoed, so aangedaan" geword het dat dit "haar noodsaak om 'n oomblik te wag en dan weer aan te gaan met lees".¹⁸⁵

"Dat zoo vele van onze geliefde leiders in gevangenissen zijn kan nie anders dan ons treurig (te) stemmen", het Tibbie in Februarie 1915 aan dr. Muller geskryf, "en wat nog hul lot zal zijn dat weten wij niet".¹⁸⁶ Genl. De Wet wat aanvanklik in die

176 VAB A156 1/1/9 MTS - F.S. Malan 20 Junie 1915.

177 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 21 Maart 1915; VAB A160/70 RIS - HPNM 4 Mei 1915; Die Volksblad 11 Maart 1941.

178 Scholtz, G.D., Die Rebelle, pp. 228-230; Oost, H., Wie is die skuldiges? p. 254.

179 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 4 April 1915; A156 1/1/38 K.E. Stead (Rustvallei) - RIS 26 Julie 1915; Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 6 Februarie 1922.

180 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 11 Desember 1914; VAB A433 RIS - Hannie (waarskynlik Blignaut) 10 Desember 1914; The Friend 12 Maart 1914.

181 VAB A156 1/1/17 mev. Fraser (Philippolis) Emmie 17 November 1914.

182 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 9 Desember 1915.

183 Ineg PV181 2/8/1/1/12 RIS - mev. De la Rey 18 September 1914; VAB A156 1/1/17 mev. Fraser (Philippolis) - Emmie 18 September 1914.

184 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 9 Februarie 1915.

185 Louw, A.F., My eerste neëntig jaar, pp. 176-177; Booyens, D.F., Die lewe van D.F. Malan, p. 283.

186 VAB A160/70 RIS - HPNM 12 Februarie 1915.

Bloemfonteinse gevangenis aangehou is, is deur die tussenkoms van Theunis en ander, die onwaardigheid gespaar van afgeskeerde hare en die dra van tronkklere omdat hulle vertoë in hierdie verband aan die betrokke ministers gerig het.¹⁸⁷ Teen die helfte van 1915 toe die advokaat vir die verdediging, dr. F.E.T. Krause, sy pleidooi ten gunste van genl. De Wet sou lewer, verkeer die Steyns op hete kole. Volgens Colin het De Wet "so een mannelik figuur geslaan en sy antwoorde so flink gesê ons is trotser dan ooit tevore op onse dappere Held". Dat Tibbie en Theunis trots was op die manmoedige houding van die genl., het nie beteken dat hulle sy dade goedgekeur het nie.¹⁸⁸ Tibbie het deernis met die genl. en sy probleme gehad, want hy moes nie alleen in hierdie tyd 'n seun en 'n dogter aan die dood afstaan nie, hy het ook finansiële probleme gehad onder andere met 'n lening wat hy twaalf jaar tevore na die Vrede van Vereeniging aangegaan het en wat hy nou onverwyld moes terugbetaal aan die eiser, Sammy Marks.¹⁸⁹ Dit was dus geen wonder nie dat Tibbie die vrese van vele uitgespreek het toe sy skryf: "Sal die Regering grootmoedig met onse dierbare ou genl. handel?"¹⁹⁰ Genl. De Wet is uiteindelik 'n vonnis opgelê van ses jaar tronkstraf en 'n boete van £2,000.

Dieselfde dag waarop genl. De Wet gevonniss is, is sy voorreg om voedsel van Hannah te ontvang, ingetrek. Met Ella Fischer se hulp het Tibbie, vergesel van Hannah en Ella, De Wet se versoek geïgnoreer om hom nie in die tronk te kom besoek nie. Hulle het hom op 1 Julie 1915 gaan besoek. Ten spyte van swak omstandighede het Tibbie aan mej. Hobhouse geskryf dat "I simply marvelled at his spirit and courage ... He is a great man". Tibbie het met vriende soos Rocco de Villiers, wie se troue hulle in die Kaap in 1908 bygewoon het, en ander gesels en hulle moed ingepaat. Daardie selfde dag sou die gevangenes egter na die Johannesburgse Fort verplaas word: "I thought the battle for little comforts would have to be fought over again. There was no help but submit to the inevitable".¹⁹¹

Tibbie se "fond hope (that) ... the prison doors ... may soon be thrown open" is nie onmiddellik bewaarheid nie. Theunis se vertoë aan burggraaf Buxton, die goewerneur-generaal, "to get a full pardon for De Wet and his fellow prisoners", het druk op 'n nie-ongeneë regering geplaas om tegemoetkomend op te tree.¹⁹²

187 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 6 Februarie 1922; Die Volksblad 16 Junie 1922, 23 Junie 1922.

188 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 324.

189 Mendelsohn, R., Sammy Marks "The uncrowned king of the Transvaal", pp. 141, 228; Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 21 Maart 1915.

190 VAB A160/70 RIS - HPNM 18 Junie 1915.

191 Ineg PV181 2/8/1/1/3 RIS - EH 10 Julie 1915.

192 Ineg PV181 2/8/1/1/3 RIS - EH 10 Julie 1915; VAB A156 1/3/4 Theunis - lord Buxton 22 Julie 1915; Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 329; VAB A156 1/1/9 lord Buxton - Theunis 18 Julie 1915, 9 Augustus 1915.

Tibbie het die poging van die weduwee van genl. P.J. Joubert heelhartig gesteun om die vroue van al vier provinsies saam te snoer in 'n magtige demonstrasie om 'n versoekskrif aan die goewerneur-genl. in hierdie verband te oorhandig.¹⁹³ Die vyf-en-tagtigjarige mev. Joubert, "de verpersoonliking van 'n byna weggevraagd tydperk" was "'n hoge, eerlike, moedige vrou".¹⁹⁴

Vir die heel eerste keer het die Afrikanervrou, gewoonlik terughoudend en in die politiek in haar dop gekruip, in die openbaar die politieke arena betree.¹⁹⁵ Tibbie was nie betrokke by die voorbereidings van die demonstrasies en optogte op 4 Augustus 1915 in Bloemfontein en in Pretoria nie. Haar swak gesondheid het dit verhoed. Haar boodskap aan die betrokkenes is deur haar skoonsuster, mev. Helgard Steyn, voor die optog voorgelees. Meer as 6 000 protesteerders, almal dames, het dit aangeluister voordat hulle aan die optog van die Kerkplein in Pretoria na die Uniegebou gemarsjeer het. Die rede vir die optog is volgens Tibbie "dat niemand ... meer heeft zijn eerbied en respek getoond voor de Afrikaanse vrouw dan Gen. de Wet. Het past ons dus nu dat hij in verdrukking verkeert onse stem eerbiediglik maar vast beraden en aan houdend ten gunste te doen horen". Indien die regering nie voldoen aan hulle nederige versoek nie, het Tibbie geskryf, moet hulle ferm voortgaan om te versoek en te protesteer tot "onze geliefde Genl. op vrye voet gesteld zullen zijn". Hulle moet nie rus nie want so lank as wat daar Rebelle in die gevangenis sit, sal die stryd en bitterheid voortduur. Hulle sal op hulle ingeslane weg voortgaan "want geen Afrikaansvrou die een hart voor haar Volk heeft èen nacht gerust slapen zolang onse geliefde Genl. en zijn mede gevangenen opgesloten zijn".¹⁹⁶

'n Versoekskrif met 40 000 handtekeninge - 'n hele boek vol - is aan burggraaf Buxton voorgelê¹⁹⁷ wat onderneem het om dit aan sy ministers voor te lê.¹⁹⁸ Aan dr. Muller skryf Tibbie dat "die grote vroue demonstrasie ... pragtig afgeloop het jammer maar dat die uitslag nie was wat ons verwag het nie",¹⁹⁹ hoofsaaklik omdat die tydsberekening daarvan verkeerd was. Daar kon tog nie van die regering verwag word om in te gryp voordat die gereg nie sy verloop geneem het nie. Al die hofsake was nog nie afgehandel nie en in De Wet se geval was sy appèl teen sy

193 Scholtz, G.D., *Die Rebelle*, p. 296.

194 Rompel-Koopman, L., *Wat mev. genl. Joubert vertelt*, p. 10; *Het Volksblad* 12 September 1916.

195 Marais, A.H., *Die politieke uitwerking ...*, p. 510.

196 Ineg PV181 2/8/1/1/32 RIS - Susters c. Julie 1915.

197 TAB A787/126 Programma 4 Augustus 1914 Pretoria; *De Burger* 5 Augustus 1915; *De Volksstem* 6 Augustus 1915.

198 *Beeld* 26 September 1989.

199 VAB A160/70 RIS - HPNM 1 September 1915.

skuldigbevinding nog hangende. Die regering kon dus nie 'n aanbeveling by die goewerneur-generaal doen om die generaal te begenadig nie.²⁰⁰

Ten einde die siviele eise van meer as £150,000 wat teen die Rebelle ingestel is te betaal, het die Helpmekaar-fonds ontstaan.²⁰¹ Deur middel van verskeie insamelingspogings is beoog om ook die boetes van die Rebelle te betaal.²⁰² Twee Afrikaanse koerante, De Burger en Het Volksblad, het die poging gesteun.²⁰³ Soveel sukses is daarmee behaal dat dit voldoende was om al die eise te betaal en die res so te belê dat hulpbehoewende studente met die rente gehelp kon word.

Daar is uiteindelik baie billik teenoor die Rebelle opgetree. Die Steyns se blydskap was groot toe genl. De Wet onder sekere voorwaardes aan die einde van 1915 vrygelaat is, sy boete ten volle deur die Helpmekaar-fonds vereffen.²⁰⁴

Dat "'n vrou ... baing ... kan doen deur ... hardnekkig aan (te) hou", soos Het Volksblad dit gestel het,²⁰⁵ is in die geval van die dames wat geagiteer het vir die vrylating van Rebelle bewys. Nadat die optog in Pretoria nie onmiddellike resultate gelewer het nie, het die idee van 'n petisie ontstaan, geteken deur ten minste 66 000 vroue. "Nou dat daar so een gedoente is voor dat een petitie ingehandig word", het mev. C.A. Neethling, afgevaardigde van die Transvaal, aan Tibbie geskryf en in hierdie verband is sy jammer "dat u en mev. Joubert en mev. Eloff nie persoonlik Kaap toe gegaan het daarvoor".²⁰⁶ Dit was egter slegs genl. De Wet wat op vrye voet gestel is. Mev. Neethling het Tibbie vroeg in 1916 gepols oor die wenslikheid dat De Wet 'n onderhoud met Louis Botha aanvra en instaan vir die Rebelle se "goedgesdrag" indien hulle vrygelaat word.²⁰⁷ Tibbie se antwoord hierop is nie bekend nie, maar dit klink waarskynlik dat Tibbie hierdie versoek sou ondersteun. In 'n onderhoud wat die reeds gemelde mev. Neethling, mev. H.D. van Broekhuizen en andere in Oktober 1916 met Louis Botha gehad het, meld laasgenoemde dat dit juis die petisies en demonstrasies was wat die saak van die gevangenes bemoeilik "omdat die Nasionaliste daar altyd politieke munt uit slaan". Die idee van 'n jaar tevore dat verteenwoordigers van die vier provinsies met Tibbie aan die spits gedurende die nuwe parlamentsitting 'n pleitbetoog, gesteun deur die

200 Marais, A.H., Die politieke uitwerking ..., p. 510.

201 Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 331.

202 Ineg PV181 2/8/1/1/3 RIS - EH 10 Julie 1915.

203 Van der Walt, A.J.H., e.a., Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 498; Marais, P., "Uit gevangeneskap", Feesbylae tot Beeld 1915-1990, c. 1990, p. 13; Het Volksblad 4 Januarie 1916.

204 VAB A160/70 RIS - HPNM 22 Desember 1915; Het Volksblad 4 Januarie 1916, 7 Januarie 1916; De Burger 21 Desember 1915.

205 Het Volksblad 15 Februarie 1916.

206 Ineg PV181 2/8/1/1/13 C.A. Neethling (Eloffsdal) - RIS 19 September 1915.

207 Ineg PV181 2/8/1/1/14 C.A. Neethling - RIS 9 Maart 1916.

65 000 handtekeninge, moet hou, is weer eens geopper.²⁰⁸ Daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat Tibbie nie aan so 'n poging sou meedoen nie: sy het 'n weersin gehad daarin om 'n toespraak te lewer en daarby sou so 'n redelik militante betoging nie by haar aard en statuur ingepas het nie.

Dat die ellende meegebring deur die Rebelle die lewens van sowel Theunis as Louis Botha verkort het, is seker. Daarby het die verbittering teen Botha en Smuts die geledere van die Nasionale opposisie versterk. Hertzog, wat nie aan die Rebelle deelgeneem het nie, het sy politieke aanslag teen Botha se regering verskerp. Tibbie, wat ook die littekens van die pas afgelope stryd gedra het, het aan Margaret Gillet erken dat "I do so sincerely regret the rebellion and all the misery it has brought in its trail".²⁰⁹

208 Ineg PV181 2/8/1/1/14 C.A. Neethling - RIS 19 Oktober 1916.

209 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 9 Desember 1915.

Hoofstuk 4 : "I had no tears, I was stunned, I felt paralysed"

4.1 Theunis se oorlye

Ten spyte van die feit dat Tibbie aan mej. Hobhouse erken het dat "I do dislike the idea of my daughters leaving home", het hulle almal in die tweede dekade van die twintigste eeu die ouerlike woning verlaat om òf 'n beroep te volg òf in die huwelik te tree.¹ Daarby het die vertroude stutte waarmee Tibbie se emosionele veiligheid die voorafgaande vyf-en-veertig jaar geborg is, een vir een weggeval en was sy aan die begin van die twintigerjare aangewese op die geselskap van 'n huishoudster. Haar vertwyfeling spreek uit menige brief: "Wat ik egter nu gaan doen weet ik nie".²

Hoewel Tibbie mettertyd in haar eie huishouding vasgevang was, het haar ouers steeds 'n wesenlike invloed op haar lewe uitgeoefen. Die dood van haar vader op vyf-en-sewentigjarige ouderdom was vir haar 'n gevoelige slag. Op 27 Februarie 1911 is ds. Fraser na 'n operasie in die Monte Rosa-hospitaal in Kaapstad oorlede. Na die Steyns se terugkeer uit die buiteland was daar reeds sprake van ernstige siekte by ds. Fraser.³ "Voor ons allen was het een bittere slag", het Tibbie aan dr. Muller geskryf. "Wij hadden hem zoo innig lief en lang zullen wij zijn heengaan betreuren".⁴ In meesterlike poëtiese taal het Emily Hobhouse hulde gebring aan die ontslape predikant. Sy het hom gelukkig geag dat hy gesterf het "full of years & of honour ... respected by the country, honoured throughout ... beloved by his family & all of us priviledged to know him more intimately & share his friendship".⁵ Op die gedenkdiens vir ds. Fraser in die Groote Kerk in Kaapstad was benewens die Steyns, ook kerklui, familielede en ou vriende, onder wie sir John Fraser, Abraham Fischer en F.W. Reitz teenwoordig.⁶ Tibbie se swak gesondheid het egter verhoed dat sy haar vader se teraardebestelling op Philippolis op Sondag 5 Maart, haar ses-en-veertigste verjaarsdag, bywoon.⁷ Ook Theunis was weens dieselfde rede nie deel van die groot skare, oud en jonk, wit en swart, geleerd en ongeleerd, wat die laaste eer aan ds. Fraser kom bewys het nie.

1 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 8 Mei 1912.

2 VAB A90/8 RIS - Mita de Villiers 20 Mei 1919; A160/70 RIS - HPNM 18 Junie 1918.

3 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 8 September 1910.

4 VAB A160/70 RIS - HPNM 3 Junie 1911; De Kerkbode 2 Maart 1911, p. 135; The Friend 27 Februarie 1911.

5 VAB A156 4/2 EH (Rome) - mev. Fraser 25 Maart 1911.

6 Ongeïdentifiseerde koerant, 2 Mei 1911; De Kerkbode 9 Maart 1911, p. 147.

7 The Friend 6 Maart 1911.

Tibbie en Theunis was nog gelukkig genoeg om hul vyf-en-twintigjarige samesyn - hul silwerbruilof - op 10 Maart van 1912 op Onze Rust te vier. In 'n vertroulike omsendskrywe uit Den Haag het getroue Nederlandse vriende onder leiding van dr. H.J. Kiewiet de Jonge van die Algemeen Nederlands Verbond, en mev. Berns, prof. J. de Louter, G.A.A. Middelberg, dr. Hendrik Muller en prof. Winkler klein donasies ingesamel, ten einde die Steyns 'n silwerbruilofgeskenk tesame met 'n album met 'n adres en handtekening te stuur.⁸ Die geskenke van "twee zilveren vijfarmige luchters voor kaarsen en een erbij behorende fruit- of bloemenschaal" waarop "van Nederlandsche vriende en vereerders" gegraveer is, het die Steyns betyds vir die herdenking bereik.⁹ Onder die vele geskenke wat die Steyns dié dag ontvang het, was die beeldjie deur Anton van Wouw, "Nooientjie van Rustenburg", van die Kaaplandse en Transvaalse vroue-organisasies.¹⁰ Ook Colin wat intussen sy doktorsgraad in die regte aan die Universiteit van Leiden behaal het, was betyds terug om die dag stil te midde van vriende en familielede en die goeie wense van diegene wat ver weg was, saam met hulle deur te bring.¹¹ Colin het beoog om 'n praktyk in Pretoria te open tot blydskap van ou vriende wat die vyf-en-twintigjarige vrygesel as "'n regte chip of the old block (beskou het) bekwaam met een groot toekomst".¹²

Die politieke verdeeldheid het nie alleen bygedra tot Theunis se reeds swak gesondheid nie, maar het ook inbreuk gemaak op jarelange vriendskapsbande. Verwysende na hul ou vriend, Abraham Fischer, skryf Tibbie in die helfte van 1913 toe die gemoedere nog hoog geloop het, dat "als er iets tusschen komt ... zoo een vriendschap van ... jaren ... toch maar pyn geeft".¹³ Sy dood later dieselfde jaar sonder dat die vriendskap op sy ou vertroulike basis herstel was, moes vir Theunis en Tibbie 'n verdere slag gewees het.¹⁴ Die vriendskap met Louis Botha het ten spyte van oorhoflike botone eweneens in die slag gebly.¹⁵

Dit was nie net Theunis wat sy gawe van diplomاسie in die hete politieke klimaat

-
- 8 VAB A160/68 Vertroulike omsendbrief HPNM Januarie 1912; A160/68 J. de Louter (Utrecht) - HPNM 27 Desember 1911.
- 9 VAB A160/68 RIS - HPNM 11 Maart 1912.
- 10 VAB A156 4/3 De Week 8 Maart 1912.
- 11 VAB A160/70 RIS - HPNM 11 Maart 1912; A156 1/1/7 H.J. Kiewiet de Jonge - MTS 15 Februarie 1912; A156 1/1/35 M. Brown (Kalkbaai) - RIS 6 Maart 1912; A156 1/1/11 EH - RIS 21 Maart 1912; A156 4/3 De Week 8 Maart 1912; A156 1/2/1 Gebinde telegramme.
- 12 VAB A156 1/1/7 Louis Botha - MTS 21 Maart 1912; A156 1/1/7 C.F. Beyers - MTS 5 Maart 1912; A156 1/1/7 N. J. de Wet - MTS 24 Maart 1912; A156 1/1/7 J.B.M. Hertzog (voortaan JBMH) - MTS 1 Mei 1912.
- 13 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 7 Julie 1913.
- 14 VAB A156 1/1/8 J.X. Merriman - MTS 18 November 1913; Ineg PV181 2/1/2/1 Telegram Louis Botha - MTS 17 November 1913; VAB A156 1/3/4 Telegram MTS - Ada Fischer 17 November 1913.
- 15 VAB A90/8 MTS - Jaap de Villiers 15 Januarie 1914.

moes aanwend nie; ook Tibbie moes telkens vrede tussen ou vriende maak. Die heethoofdige Dora Poultney, Tibbie se ou vriendin uit Philippolis en Bloemfontein se dae, wou teen elke prys 'n regsgeding teen genl. Louis Botha instel weens 'n vermeende belediging.¹⁶ "I feel sure", het Dora aan Tibbie geskryf, "if you had not written so earnestly & been so fervently anxious to have this affair settled amicably I would never have agreed to Will accepting General Botha's apology ... Let me congratulate you on a very fine piece of diplomatic peacemaking!"¹⁷

Tibbie se lieflingbroer, Gordon tot wie sy haar menigmaal in die verlede in krisisure gewend het, het op 25 Maart 1913 in die huwelik getree met Eugenie Marais, die naasoudste dogter van prof. J.J. Marais van Stellenbosch.¹⁸ As gevolg van Theunis se kommerwekkende gesondheidstoestand was die Steyns afwesig op die huwelik wat op Stellenbosch in die teenwoordigheid van vele prominente Kapenaars en baie familieleden plaasgevind het. Die jonger Tibbie wat vir die geleentheid haar hare opgebind het en in haar lang rok amptelik die grootmensewêreld betree het, was die blommemeisie, Colin die strooijonker.¹⁹ Die jonger Tibbie het haar aanstaande verloofde, N.J. van der Merwe, wat 'n teologiese student op Stellenbosch was, by dié geleentheid ontmoet toe hy 'n heildronk ingestel het.²⁰ Tibbie het onwillekeurig besef dat haar huis al leër word en dat "soon ... I shall have no young daughters (in the house anymore)".²¹

Tibbie se gawe van diplomاسie en diskresie is later daardie jaar deeglik beproef toe Emmie vir 'n knieoperasie in dieselfde Kaapse hospitaal opgeneem is as dié waarin ds. Colin Fraser twee jaar tevore gesterf het.²² Tibbie was naamlik bevrees dat Emmie aanstoot kon gee met haar uitgesprokenheid in 'n alreeds oorverhitte politieke klimaat deur blatant haar politieke oortuigings te stel, onder andere teenoor die Graaffs, die Steyns se vriende wat hulle polities by genl. Botha geskaar het en 'n minister sonder portefeulje in genl. Botha se kabinet was. Emmie wat van jongs af toegelaat is om haar gedagtes vrylik uit te spreek en vroeg reeds blootgestel was aan volwasse politieke gesprekke en korrespondensie, was reeds as jeugdige in Europa en daarna op die Meisieskool Oranje polities en andersins uitgesproke. In 1911 toe sy maar twaalf jaar oud was, het sy byvoorbeeld tot groot vermaak van die Steyns en dr. Aletta Jacobs, 'n groot voorstander van vrouestemreg wat Onze Rust

16 Ineg PV181 2/8/1/1/11 Dora Poultney (Johannesburg) - RIS 7 Desember 1911.

17 Ineg PV181 2/8/1/1/11 Dora Poultney - RIS 7 Desember 1911, 29 Desember 1911.

18 VAB A507/11 Eugenie Fraser - K. Schoeman 6 Julie 1982.

19 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS EH 9 Februarie 1913.

20 VAB A156 4/3 Ons Land 29 Maart 1913; A160/70 RIS - HPNM 24 Maart 1913; A156 1/1/21 Gordon (Port Elizabeth) - RIS 27 Maart 1913; Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 23 Maart 1913.

21 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 23 Maart 1913.

22 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 8 Oktober 1913.

besoek het, in 'n brief 'n volledige uiteensetting aan dr. Jacobs gegee waarom sy meen vroue is op 'n stem in die regering geregtig. Sy het afgesluit met "since the world was created man had ruled and it was time the women had a turn".²³ In The Friend wat Tibbie aan Emmie Kaap toe gestuur het, skryf sy: "You must read Charlie Fichardts' and I.D.B. de Villiers' remarks on the new ministry", asof dit 'n doodgewone opmerking aan 'n vyftienjarige is. Tibbie het soos mev. Fraser beseef dat Emmie in die hospitaal "might perhaps with a little strong language ... give offence" aan mense wat nie haar politieke oortuigings deelagtig is nie.²⁴ Tibbie het haar dus vermaan om haar uitgesprokene met diskresie te temper: "There is nothing in your standing up for Gen. Hertzog it is only natural in a Free Stater but take mothers' advice and only talk on topics agreeable to both parties".²⁵

In 'n huis wat altyd tot oorlopende toe vol met gaste en familie was, was die kroon op Tibbie se geluk gewoonlik as al haar kinders onder een dak op Onze Rust was.²⁶ Alhoewel Colin 'n suksesvolle praktyk in Pretoria op die been gebring het, het sy vader se swak gesondheid hom genoop om na Bloemfontein terug te keer.²⁷ Ook vir Gladys wat lesings van dr. Guminy in Amsterdam bygewoon het en aan die einde van Oktober 1913 na Onze Rust teruggekeer het om 'n onderwysspos aan haar alma mater te aanvaar, is die twee ou Vrystaatse vlae uit eerbetoon gehys en almal het stasie toe gegaan om haar te verwelkom.²⁸ Die jonger Tibbie het "ewe plegtig" 'n salaris op Onze Rust verdien deur haar moeder as huishoudster en sekretaresse behulpsaam te wees. In haar eie woorde het sy "nie vir die betrekking geappliseer nie, maar ... het alles geskied volgens die patroon van 'n belangrike aanstelling".²⁹ Dit het Tibbie in staat gestel om Theunis wat tot die helfte van 1914 by tye ernstig siek was, by te staan.

Tibbie het geen geleentheid nie eens die onthulling van die monument ter ere van haar vader op Philippolis, bygewoon waar Theunis self weens ongesteldheid nie by magte was om ook teenwoordig te wees nie. "The President will I fear insist on my going", het sy aan mej. Hobhouse erken, "but I shall never feel easy a moment away from him".³⁰ Tibbie wat deeglik onder die indruk van die tydelikheid van 'n aardse bestaan gekom het na die dood van haar vader drie jaar tevore, kon nog glad nie die lewe indink sonder Theunis as daaglikse middelpunt nie. "I cannot picture

23 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 16 September 1911.

24 VAB A156 1/1/17 mev. Fraser - Emmie 27 September 1913.

25 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 9 November 1913, 14 Oktober 1913.

26 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 2 Desember 1913.

27 TAB A1/195 RIS - JCS 5 Oktober 1913.

28 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 23 Oktober 1913.

29 Ineg PV181 4/1/1/1 Visser, T., "Die lewe het my geleer", 4 Desember 1955.

30 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 6 Februarie 1914; A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 26 Julie 1914.

my life without him", het sy aan Emily Hobhouse geskryf, "his illness and in a way his helplessness has made him doubly dear to me and we seem so all in all to one another".³¹ Die rede vir haar bestaan was Theunis en toe sy gesondheid sodanig verbeter dat sy weer vrylik kon asemhaal, erken sy aan Margaret Gillet "how grateful I feel to God that He has once again restored my husband".³²

Alhoewel Theunis en Tibbie albei aangetas is deur wat Tibbie genoem het "de politieke hemel ... (wat) ... maar bewolkt blyft", en Theunis nooit weer sy kragte herwin het soos voor die skeuring in Afrikanergeleedere nie, was daar min droefgeestige oomblikke op Onze Rust.³³ Die melancholiese oomblikke het Theunis vir homself gehou of dit gelug teenoor enkele vriende soos Jaap of diegene wat hom wou terug sien in die aktiewe politiek. Aan sir Abe Bailey erken hy aan die begin van 1915 dat "the state of the country makes me heartsore".³⁴ Later die jaar het Tibbie genl. Smuts versoek om nie meer leesboeke te stuur aan Theunis nie "daar hy in de tegenwoordige toestand van die wereld niet in die stemming is om kalm en bedaard boeken te lezen".³⁵

Tog was dit nie net die kinders asook Gordon en Eugenie wat 'n toevlugsoord op Onze Rust gevind het nie. Ook ou vriende uit die dae van die Vrystaatse republiek wat die Steyns nooit afgesterf het nie, het gereeld hul opwagting gemaak op die plaas, 'n hanetreetjie van Bloemfontein af. "I cannot remember when last I had such a couple of hearty laughs", skryf Tibbie aan Emmie nadat Onze Rust vir die soveelste naweek uit sy nate gebars het.³⁶ Humor was die eienskap waaroor al die Steyns by uitnemendheid beskik het. Selfs Tibbie se moeder, ou mev. Fraser wat 'n welkome heenkome op Onze Rust gevind het, het oor die gawe van hartlik lag beskik.³⁷ Theunis se pittigheid wat nooit geaffekteer is deur sy siektetoestand nie, het vrye teuels gevind as hy aan Jaap geskryf het. "My ou vrou", skryf Theunis na 'n besoek aan Bloemfontein, "die soals jy weet van Adam Kok se volk is was ook net klaar om saam te gaan, sy het gebak en geslag, beskuit karbonnaatjes en wors was volop. Nadat de kinders se gezigte gewas was en alles gestryk was is ons met die trek dorp (toe) die melk koei vooruit. Ik kan jou se ons was die dag in die dorp lang voor die tap toe was. Ons was net vrolik. Ik was so bly toe ik gister thuis

31 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 23 Junie 1914.

32 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 26 Julie 1914.

33 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 9 Julie 1913.

34 Ineg PV181 2/8/1/1/13 MTS - Abe Bailey 18 Maart 1915.

35 Hancock, W.K., Van der Poel, J. (Ed.), Selections from the Smuts Papers, III, p. 273 RIS - JCS 3 Mei 1915.

36 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 3 November 1913.

37 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 9 November 1913, 14 Oktober 1913.

gekom het dat ik nog myn broek en baatjie had en dat ik nie ok ... in die pand gesit het nie en dat het ok nie nodig was om my self te slaan nie".³⁸

Aan die begin van 1915 raak die jonger Tibbie verloof aan ds. N.J. van der Merwe, "een flink jong Afrikaander" wat as reisende sekretaris van die CSV tydens die Rebelle op Onze Rust vertoef het.³⁹ Tibbie het soos met haar eerste skoonseun, Everard Fichardt, met groot gemak en natuurlikheid ook Nico met bande van liefde nader aan haar getrek. "Ek het nie gedag", het Nico aan haar geskryf, "dat ek dit ooit weer sou ondervind, wat dit is om 'n moeder te hê".⁴⁰ Sy eie moeder het hom bykans 'n dekade tevore ontval.⁴¹ Hy het gevolglik met oorgawe vroeg "reeds ... gevoel ... een met de familie dat 't my heel natuurlik zal voorkom om van Mevr. Steyn als Moeder en u als Grannie te spreken", soos hy dit aan die bejaarde mev. Fraser gestel het.⁴² Alhoewel die Steyns ingenome was met hul derde dogter se keuse, besef Tibbie reeds dat "I do not know how we will manage without her".⁴³

'n Jaar lank het ds. Van der Merwe alleen in die pastorie op Wepener gebly voordat die egpaar op 9 Februarie 1916 in die huwelik getree het. "Die kerk was stampvol vriende en nuwsgierige", het die verslaggewer berig, "en die seremonie was indrukwekkend". Die bruilof is in die Tweetoringkerk deur ds. J.D. Kestell voltrek. Theunis, ondersteun deur Charlie Fichardt, het die jonger Tibbie die kerk ingebring. Die onthaal, bygewoon deur "a great gathering of old friends", het in die Ramblersaal plaasgevind.⁴⁴ Tibbie wat ten spyte van swak gesondheid besonder elegant vertoon het, is deur genl. Hertzog in sy toespraak spesiaal uitgesonder deurdat sy wat van huis uit Engelssprekend was, haar só met die Afrikanervolk vereenselwig het dat sy "next to President Steyn ... held an exalted place in the heart of the ... Afrikaner ... people".⁴⁵ Dit was ook die laaste keer dat die oud-republikeinse makkers, die Stollreithers, die Ramsbottoms, Levisseurs, Barlows en Brebners, hulle so geskaar het om hul gewese president.

Op Tibbie se een-en-vyftigste verjaarsdag daardie jaar "we had the usual family gathering how litte I dreamt that day it would be the last birthday I would be with him".⁴⁶ Tibbie, wat reeds ongesteld was met die Van der Merwe-huwelik, se gesondheid het daarna soveel sorg gebaar dat die geneesheer aanbeveel het dat hulle

38 VAB A90/8 MTS - Jaap de Villiers 11 Junie 1914.

39 Scholtz, G.D., *Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940*, p. 36.

40 Ineg PV181 2/8/1/1/13 N.J. van der Merwe (Wepener) - RIS 29 Mei 1915.

41 Ineg PV181 2/8/1/1/13 N.J. van der Merwe - RIS 7 Mei 1915.

42 Ineg PV181 2/1/1/1 N.J. van der Merwe - mev. Fraser 29 April 1915.

43 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 4 April 1915; Ineg PV181 2/1/1/2 RIS - EH 21 Maart 1915.

44 Het Volksblad 11 Februarie 1916; Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 25 Maart 1916.

45 The Friend 10 Februarie 1916.

46 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 5 Maart 1922.

na die kus vertrek. Hulle het by Hannah en Everard, wat vir die parlamentsitting in die Kaap was, vertoef waar Theunis, soos die laaste sterk strale van die son voordat dit onder gaan, volgens Tibbie "so gesond als nooit tevore" nie was.⁴⁷ Op 11 Augustus nog is dit vir Het Volksblad (later Die Volksblad) wat die Vriend des Volks verplaas het as Afrikaanse koerant in die Vrystaat, "zeer aangenaam" om te berig "dat Zijn HoogEd nog in een goede gezondheidstoestand is".⁴⁸

Op Theunis se nege-en-vyftigste verjaarsdag op 2 Oktober 1916 het hy besonder "pertvris en gesond" gevoel. Soos gewoonlik het "een deel van die ou seksie ... Hertzog, Brebner, Fichardt enz." hul opwagting gemaak en 'n vrolike en opgewekte dag daar deurgebring. Nege jaar later nog kon Tibbie skaars aan hierdie dag sonder ontsteltenis dink. "Die dood het my nog toe nie 'n gedagte gegee nie", het sy aan haar vertroueling, dr. Muller, geskryf, "President het altyd sy verjaarsdae geniet met so vele vriende rondom hem".⁴⁹

Theunis se verbeterde gezondheidstoestand het dit vir hom moontlik gemaak om op 28 November die kongres van die OVV in Bloemfontein toe te spreek. Tibbie was dus nie onnodig ongerus nie toe sy vroegoggend aan Mita, Jaap se vrou, 'n familiegeheim meegedeel het naamlik die eerste swangerskap vir die jonger Tibbie.⁵⁰ Die verslaggewer van The Friend het selfs daarvan melding gemaak dat "the President was looking remarkably well" en dat hy sonder hulp en met 'n sterk stem sy toespraak kon lewer.⁵¹ Sonder dat Theunis enige blyke van nood getoon het, het hy sy hand na sy hoof gelig en in die arms van Charlie Fichardt wat agter hom gestaan het, neergesak. In haar hart het Tibbie geweet dat Theunis dood was. In die chaos wat gevolg het, is Tibbie na buite gelei waar sy weg van die ontsteltenis in die motor moes sit. "I begged to be allowed to go to him", het sy aan mev. (Avignon) de Villiers geskryf, "so they let me, I knelt beside him, felt his pulse, and could feel it was not beating".⁵²

Die grootste deel van die gehoor het gedink Theunis het flou geword, maar nie dr. Krause, wat intussen kom hulp verleen het of Colin kon iets vir hom doen nie. Hy is vermoedelik volgens die bespiegeling sewe-en-vyftig jaar later van dr. D.J.J. van Velden oorlede as gevolg van 'n serebrale vaskulêre ongeluk of isgemiese hartsiekte veertien jaar nadat sy verlamme siekte begin het. Die feit dat hy in November

47 VAB A160/70 RIS (Groenpunt) - HPNM 25 Mei 1916.

48 Het Volksblad 11 Augustus 1916.

49 VAB A160/69 RIS - HPNM 16 Oktober 1925; A90/8 MTS - Jaap de Villiers 6 Oktober 1916; A156 1/1/9 De Volksstem 30 September 1916.

50 VAB A90/8 RIS - Mita de Villiers 28 November 1916.

51 The Friend 29 November 1916.

52 VAB A156 1/1/37 RIS - mev. de Villiers 19 Desember 1916.

griep gehad het en die inspanning wat sy toespraak hom gekos het, het die toestand waarin hy borskaspyn met kortasem ondervind het, vererger.⁵³

Om Tibbie weg van die toneel te kry, is sy onder die indruk gebring dat Theunis besig was om uit sy floute te herstel en is sy saam met Hannah na Rustendal. "Daar wachte ze in angstige, toch nog hoopvolle spanning 't zou wel 'n beswijming zijn".⁵⁴ Daar het Gordon Tibbie egter ingelig dat Theunis oorlede is. Vir die eerste keer, behalwe gedurende die oorlogsjare, was Tibbie alleen. Theunis se lyk is na die huis van ds. J.D. Kestell gedra. "I had no tears, I was stunned, I felt paralysed, I could have welcomed death".⁵⁵ Vlae het halfstok gehang en winkels het gesluit. In dieselfde relaas van die gebeure as Tibbie se brief aan mev. (Avignon) de Villiers twee maande later aan dr. Muller toe insig en aanvaarding gekom het, het sy daarin berus dat sy nie die bepaler van haar eie lot is nie en dat "myn taak op aarde ... nog nie afgedaan ... is (nie)".⁵⁶ "Kan u voor een ogenblik denken", vra sy aan dr. Muller in dieselfde brief, "wat die terug reis en thuishoofkomst die volgende dag voor ons was?"

Suid-Afrikaanse koerante het die nuus vanselfsprekend in hoofopskrifte aangekondig. Theunis se dood is insgelyks in die meeste toonaangewende Britse koerante, soos die Liverpool Post, Daily Mirror, Daily Telegraph, en ander, asook Europese koerante op voorblaaie aangekondig. Die gevoelvolle elegie van dr. Muller in 'n Nederlandse koerant oor Theunis se lewe het beswaarlik sy gelyke elders gehad.⁵⁷ Die Suid-Afrikaanse regering het 'n komitee saamgestel onder leiding van Charlie (C.G.) Fichardt om die staatsbegrafnis te reël. A.M.N. de Villiers, W.J.C. Brebner, H.F.D. Papenfus en R.A. Gregorowski sou in die komitee dien, bygestaan deur Ella Fischer, mev. Charlie Fichardt, J.S. Botha, mev. Kestell en andere.⁵⁸

In die Gedenksaal in Bloemfontein het Theunis se gebalseemde lyk in staatsie gelê, die kis gedrapeer met die Vrystaatse vlag wat deur die dogters van Meisieskool Oranje gemaak is. Hier het Ella Fischer, mev. Charlie Fichardt en Maude Bidwell wat sestien jaar vantevore in tranes was met die verbymasjeer van die Britse soldate voor hul huis, die hele nag gearbei om kunstig bewerkte kranse om die lyk aan te

53 Van Velden, D.J.J., "Die siekte van president M.T. Steyn", S.A. Mediese Tydskrif 19 Mei 1973, p. 845.

54 VAB A156 4/5 Ons Vaderland 1 Desember 1916.

55 VAB A156 1/1/37 RIS - mev. de Villiers 19 Desember 1916.

56 VAB A160/70 RIS (Wepener) - HPNM 20 Februarie 1917.

57 VAB A156 3/3 Plakboek met oorsese koerante omtrent Theunis se dood; Spies, F.J. du T., 'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat ..., p. 265.

58 The Friend 30 November 1916; VAB A156 3/2 Program van Begrafnisreëlings.

bring.⁵⁹ "Zelfs daar nog voelt men de indrukwekkende van Pres. Steyn's rijzige gestalte".⁶⁰

"The funeral was ... impressive", in Tibbie se woorde en volgens 'n verslaggewer "'n meesterstuk van weloordachte regeling".⁶¹ Die skeiding was vir Tibbie, wat letterlik net een dag in 1907, toe Theunis en ander oorlogskamerade genl. Andries Cronje se verjaarsdag op Winburg gaan vier het, onbeskryflik bitter.⁶² Sy het "zoo verpletterd ... gevoelde", het sy aan dr. Muller geskryf. "Ik kon niet wenen het was of my smart te groot was voor gewone tranen".⁶³ Soos die feesgangers met Theunis se inhuldigingseremonie twintig jaar tevore, het begrafnisgangers nou op die ou republikeinse hoofstad toegesak met trein, wa en motor. Die Tweetoringkerk was reeds 'n uur voor die diens stampvol.⁶⁴ Anders as daardie vroeë herfsdag twee dekades gelede toe die republikeinse aspirasies in die rysige gestalte van Theunis beliggaam is, is 'n deel van daardie Vrystaatse geskiedenis op daardie begrafnisdag vir goed afgesluit. Ook sir John Fraser het hul vroeëre antipatieë tersyde gestel en die laaste eer kom bewys saam met die ou strydosse uit die republikeinse era. Op Tibbie se versoek is haar stoel naby die konsistoriedeur geplaas ingeval sy die diens vroeër sou wou verlaat. "Just before the service began", het die verslaggewer van The Friend geskryf, "a solitary figure in black was seen quietly to take a seat behind the bier. It was Mrs. Steyn".⁶⁵ Ds. Kestell wat die diens gelei het, het Tibbie bedank dat sy die instrument was waardeur Theunis nog veertien jaar lank in hul midde kon wees.

Tibbie was nie deel van die indrukwekkende prosesie nie maar het direk na die Vrouemonument gery waar Theunis ter aarde bestel sou word.⁶⁶ Dat Theunis so alom geliefd was, het vir Tibbie as troos gedien. Hoewel Theunis veertien jaar lank 'n private burger was, "is it doubtful" volgens The Friend, "if ever a King on the throne or a President in office had won the love of his people more sincerely or was mourned more deeply than the man whose graveside was surrounded by the twelve thousand or more people".⁶⁷ Die twee aangrypendste oomblikke was toe vier meisies die trappe van die Vrouemonument bestyg het om 'n Vrystaatse vlag om Theunis se kis te drapeer, en toe generaals Botha en Hertzog mekaar met 'n

59 Het Volksblad 5 Desember 1916.

60 VAB A156 3/3 De Volksstem 6 Desember 1916.

61 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 26 Desember 1916; VAB A156 3/3 De Volksstem 6 Desember 1916.

62 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 8 Februarie 1907.

63 VAB A160/70 RIS (Wepener) - HPNM 20 Februarie 1917.

64 The Friend 4 Desember 1916.

65 The Friend 4 Desember 1916.

66 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 26 Desember 1916.

67 The Friend 4 Desember 1916.

handdruk begroet het wat treffender was as enige foutlose retoriek. Terwyl die son op daardie derde dag van Desember gesak het, het Tibbie in smart geluister na die lofuitinge jeens haar lewensmaat deur generaals Botha, De Wet, Hertzog, Jaap en sen. Marais. Met die wegsak van die kis het die kanonne op die koppie die laaste saluut afgevuur. "De bescheiden rol, zo taktvol door Mev. ... Steyn voor zichzelf uitgekozen was 'n weldadige openbaring van goede smaak en ziele adel", het De Volksstem Tibbie se rol daardie dag opgesom. "Wie onzer treurt niet bij de gedacht aan de eenzaamheid waarin deze trouwe gade tans verkeert!"⁶⁸

Saam met die Van der Merwes en Gordon het Tibbie teen nege-uur daardie aand na 'n leë huis teruggekeer. "The shock was terrible ... Our beautiful married life is ended", het sy aan mev. De Villiers en Kaapse vriende geskryf, "a happier life than I have had, no woman can have".⁶⁹

"Als liefde en sympathie droefheid kon helen zou ik geen droefheid hebben", het sy aan dr. Muller geskryf, "want waarlik ik heb zoo veel liefde ondervonden".⁷⁰ 'n Komitee van dames uit Bloemfontein het Tibbie bygestaan in die bedanking van oor die 2 000 telegramme, briewe en kranse wat van oral oor, ook uit Nederland ingestroom het.⁷¹ Tibbie het troos gevind in die wete dat hul huislike lewe opreg gelukkig was.⁷² 'n Vriend het aan Gladys geskryf dat hy "nog nooit reiner en opregter liefde in 'n huisgesin gesien ... het ... as die wat ek op Onzerust bespeur het".⁷³ Die liefde was so opvallend dat 'n vriendin selfs aan Emmie gemeld het dat "your home was one of the happiest I have ever visited".⁷⁴ Hierdie wete, die feit dat "onse liefde ... groot was", hulle "innig gelukkig ... same lewing", het Tibbie in die jare daarna soos Emily Hobhouse voorspel het, tot inspirasie gedien.⁷⁵ "Nooit gaan 'n dag verby dat ek nie aan hem denk", het sy sestien jaar later nog aan dr. Muller geskryf, "ek dank God menigmaal, dat ons huwelik so buitengewoon gelukkig was en dat die herinnering aan ons geseënde en gelukkige egverbintenis my nou tot groot troos strek".⁷⁶ Die mense wat ryker in omgang met Theunis geword het, was nie net sy familie nie. Om hom te geken het, was om hom te bemin: hy het 'n edele menslikheid en heerlike sin van humor gekombiner met "the kindest and gentlest heart" sodat hy maklik in omgang vir vriende geword het soos

68 VAB A156 3/3 De Volksstem 4 Desember 1916.

69 VAB A156 1/1/37 RIS - mev. de Villiers 19 Desember 1916.

70 VAB A160/70 RIS - HPNM 20 Februarie 1917.

71 VAB A156 3/2 Lyste van kranse ontvang; A156 1/1/42 Kranse, kaartjies van medelye; The Friend 4 Desember 1916.

72 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 26 Desember 1916.

73 VAB A156 1/1/17 S.P. le Roux - Gladys 29 November 1916.

74 VAB A156 1/1/42 E. de Villiers (Avignon) - Emmie 2 November 1916.

75 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 23 Desember 1923.

76 VAB A160/69 RIS - HPNM 14 September 1932, 6 Julie 1939.

Will Poultney teenoor Tibbie erken het: "He was more to me than any other living man".⁷⁷

Troos het ook gekom uit die wete dat Theunis pynloos "een heerlike dood te midden van de moeders en dochters van sy geliefd land kon ... gehad hebben".⁷⁸ Haar kinders het haar omgee met liefde en sy kon haar ten volle op Colin en Gordon verlaat.⁷⁹ Gordon was die eksekuteur van hul gesamentlike boedel waarvan Tibbie die enigste erfgename was. Onze Rust wat teen £3 per morg waardeer is, was teen £7,542.10.0 die waardevolste van Theunis se besittings.⁸⁰

"O Jaap, ek maak een swaar tyd door, die gemis is baie groot en daar is dae wat ... ek alle krag inspan om op te hou - want daar is so veel wat my tot grote dankbaarheid stem", het Tibbie twee weke na die begrafnis aan Jaap geskryf.⁸¹ Maar dit was juis dié eienskap van dankbaarheid waarin sy "dikwels (haar) segeninge tel", wat Tibbie daarvan weerhou het dat sy wegsink in 'n diep moeras van hulpelose depressie.⁸² Dat Tibbie bowendien twee maande na Theunis se dood aan dr. Muller erken het dat haar aardse taak nog onvoltooid was, het haar van haar onmiddellike self weggekeer.⁸³ Met diepe insig het Emily Hobhouse ook voorsien dat sy in die jare wat kom, vreugde sou vind in haar kinders en kleinkinders. Sy het gelyk gehad toe sy voorspel het dat "those little creatures will fill the gaps".⁸⁴ Ook van 'n onverwagse oord het Tibbie aanmoediging gekry om weer blymoedig die pad te loop. Ons Vaderland het naamlik voorgestel dat "de liefde en achting die wij koesterden voor de President ... wij ... overdragen op haar. Het is haar recht en onze plicht".⁸⁵ Dit het aan Tibbie vrymoedigheid verleen en haar in staat gestel om ten spyte van haar teruggetrokkenheid 'n groot invloed uit te oefen deur haar persoonlikheid, haar naam en die algemene agting wat sy geniet het.⁸⁶ Dit was skaars vyf jaar later vir Emily Hobhouse en veral vir genl. Smuts opvallend "how you ... had come out since your ... husband left you. It would seem as if powers consecrated on (him) had been set free and were being re-consecrated to the more

77 VAB A156 3/2 W. Poultney RIS 29 November 1916; A156 3/3 I.I. Irvine (Oos Londen) - RIS 7 Desember 1916.

78 VAB A160/70 RIS - HPNM 20 Februarie 1917.

79 VAB A156 1/1/37 RIS - mev. de Villiers 19 Desember 1916.

80 VAB Meester van die Hooggeregshof, Testament M.T. Steyn, S 3957.

81 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 13 Desember 1916.

82 VAB A160/69 RIS - HPNM 16 Oktober 1925.

83 VAB A160/70 RIS - HPNM 20 Februarie 1917.

84 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 11 Maart 1917.

85 VAB A156 4/6 Ons Vaderland 8 Desember 1916.

86 VAB A156 1/1/37 ds. P.S. van Heerden (Ladybrand) - RIS 4 September 1933.

public interests & affairs to which (his) life had been devoted. This is very beautiful ... "87

Maar eers moes Tibbie nog 'n staatmaker en stut wat veral in die dae na Theunis se dood vir haar veel beteken het, aan die dood afgee - skaars vier en 'n half maande na Theunis. Op aanbeveling van die geneesheer vertrek Tibbie saam met haar moeder, mev. Fraser en Emmie teen die helfte van Maart 1917 na Muizenberg waar hulle in die Grand Hotel tuisgegaan.⁸⁸ Hier sterf mev. Fraser op 17 April 1917 onverwags aan hartversaking. Dit was vir Tibbie en vir Gordon, wat ook daar was, 'n vreeslike slag. "Diep bedroef keerden wij dadelik terug", skryf sy aan dr. Muller, "en O om thuis te komen met twe zulke dierbaren als President en Moeder weg was waarlik bitter".⁸⁹ Tibbie het nie die indrukwekkende begrafnis op 22 April in Philippolis bygewoon nie as gevolg van haar bedenklige gesondheidstoestand. "I am trying hard to bear up bravely", het sy aan Margaret Gillet geskryf, "for the sake of those around me not to nurse my grief".⁹⁰ Daardie eerste jaar na die dood van haar geliefdes was vir Tibbie die moeilikste.⁹¹ Tibbie het ervaar dat waar "tijd gewoonlik alle smarten (genezen) ... dient in het geval slechts om de werkelijkheid van de scheiding des te pynliker te doen beseffen".⁹²

Tibbie en Emmie was, nadat sy haar matriek op die Meisieskool Oranje geslaag het, nou alleen op Onze Rust en "somehow we are managing much better than we ever thought".⁹³ Colin wat in 1915 tot die Parlement verkies is, was baie uitstedig.⁹⁴ Gladys, wat skoolhoof aan die Meisieskool Oranje was, het 'n vriendskap gesluit met 'n jong professionele vrou van Bloemfontein en was baie bedrywig met die skool en ander sake. Dr. Petronella van Heerden, Gladys se vriendin, was oorspronklik van Philippolis waar haar vader landdros was. Sy was 'n susterskind van mev. Marie Koopmans-de Wet en die eerste Afrikanervrou wat haar as geneesheer bekwaam het.⁹⁵ Onze Rust het menige gelukkige assosiasie vir Tibbie ingehou en hier het Tibbie ter wille van haar kinders "die zoveel voor hunne moeder overhebben", met 'n glimlag probeer om 'n dag op 'n keer aan te pak.⁹⁶ "The many friends still visit us", het sy aan mej. Hobhouse geskryf, "and we continue to have

87 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 17 Julie 1921.

88 Die Volksblad 16 Maart 1917.

89 VAB A160/70 RIS - HPNM 25 Augustus 1917.

90 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 17 Mei 1917.

91 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 23 Februarie 1925.

92 VAB A160/70 RIS - HPNM 25 Augustus 1917.

93 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 9 April 1918.

94 Standard encyclopaedia of Southern Africa (SESA), vol. 10, p. 284.

95 Beyers, C.J. (red.), SABW, V, p. 861.

96 VAB A160/70 RIS - HPNM 14 April 1918.

large crowds of people".⁹⁷ 'n Plaasvoorman, mnr. Kotze, en getroue swart bediendes het verder na hul omgesien.

Op 20 Mei 1918 raak Emmie op Onze Rust verloof aan "een seer flinke jonge Afrikaner Dr. J.S. du Toit van Kaapstad een oog specialist", twaalf jaar haar senior. Theunis was twee jaar tevore sy pasiënt en met hul besoek aan Muizenberg die vorige jaar is die vriendskap hernu.⁹⁸ Alhoewel Tibbie dankbaar was dat sy geen sorg oor Emmie se toekoms hoef te ondervind nie, skemer haar vertwyfeling in menige brief deur oor wat haar te doen staan. Onwillekeurig het Tibbie van Emmie die steunpilaar gemaak wat Theunis en mev. Fraser vir haar was. Haar vertwyfeling is werklik as sy aan mej. Hobhouse vra: "What am I to do to without her I do not know as since her Father's death she has been all in all to me and taken such good care of me".⁹⁹ Soos Mary Brown, haar ou vriendin uit die oorlogsjare, haar verseker het dat "we are often more enriched by giving (haar onderstreping) than by withholding", het Tibbie besef haar hartseer sal getemper moet word.¹⁰⁰

Die Groot Spaanse Griep van 1918/1919 het ook hulle nie onaangeraak gelaat nie. Terwyl hulle in die Kaap was het Emmie en Colin ernstig siek geword en hulle is deur Jacques, Tibbie se aanstaande skoonseun, verpleeg.¹⁰¹ Gordon en Eugenie het op Onze Rust kom bly om al die siek bediendes te help verpleeg. Die enigste sterfgeval in die onmiddellike Steynkring was die van Helgard se vrou, Tibbie se skoonsuster.¹⁰²

Op 'n heerlike herfsdag is Emmie op 30 April 1919 in die Tweetoringkerk in die huwelik bevestig deur haar swaer, Nico van der Merwe.¹⁰³ Uiterlik het Tibbie soos altyd deftig en vriendelik vertoon. Maar in die privaatheid van haar briewe aan getroue vriende het sy haar hart uitgestort. "U weet wel wat in my gemoed omging", het sy aan dr. Muller geskryf. "Het was ook een zware afscheid want Emmie en ik ... waren altyd te zamen maar de gedachte aan haar groot geluk is my een troost".¹⁰⁴ Emily Hobhouse wat goed bekend met eensaamheid was, het Tibbie se gevoelens besef: "We old folk who have never had daughters to be our mainstays

97 Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 9 April 1918.

98 VAB A160/70 RIS - HPNM 18 Junie 1918.

99 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 18 Junie 1918; VAB A160/70 RIS - HPNM 18 Junie 1918; A156 1/1/37 Katie Fichardt (Kaya Lami) - RIS 22 Mei 1918.

100 VAB A969/1 Mary Brown (Rosebank) - RIS 26 Mei 1918.

101 Die Volksblad 13 Desember 1918; Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 18 Februarie 1919; VAB160/70 RIS - HPNM 16 Januarie 1919.

102 VAB A160/70 RIS (Seepunt) - HPNM 16 Januarie 1919.

103 Die Volksblad 1 Mei 1919; SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/2.5 Uitnodigingskaartjie; KAB A969/21 Jacques toespraak.

104 VAB A160/70 RIS - HPNM; Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 30 Julie 1919.

realize the blank you will experience".¹⁰⁵ Die uitsigloosheid waarna mej. Hobhouse verwys, het ook betrekking gehad op Gladys wat die vorige jaar uit haar betrekking as prinsipale van die Meisieskool Oranje bedank het, en in April 1919 na Harrismith is waar Nell gepraktiseer het.¹⁰⁶ "Ek het dit jammer gevind", het Tibbie haar teleurstelling aan genl. Smuts uitgedruk, "dat sy haar werk aan Oranje moet opgee maar dit was haar keuse".¹⁰⁷

Dit was nie dat Tibbie alleen was nie, want sy het intussen 'n huishoudster, 'n mej. Badenhorst aangestel.¹⁰⁸ Dit was die intieme samesyn wat sy van beide haar ouers, haar eggenoot en haar laaste dogter in die huis moes ontbeer het, wat sy intens gemis het.¹⁰⁹ Daarby is haar broer, Colin, skaars agtien maande ouer as sy, skielik oorlede.¹¹⁰ Die Van der Merwes, 'n hanetreetjie weg op Wepener, was van voorneme om later daardie jaar na Nederland te vertrek waar Nico sy doktorsale studie vir ten minste twee jaar wou voortsit.¹¹¹ Theunis se regsboeke wat Colin geërf het en wat onverseker was, is vernietig deur 'n brand in die Fichardt Chambers waar hy sy kantoor gehad het. Geen wonder nie dat Tibbie teen hierdie tyd gevoel het dat "I can stand no more shocks".¹¹²

Nogtans het sy haar by die onvermydelike berus en was sy, ten spyte van die negatiewe omstandighede, vasbeslote om soveel moontlik lewensvreugde te ervaar.¹¹³ Daar was ook nuwe vreugdes soos Colin se verlowing aan Rae Eksteen, 'n onderwyseres aan die Meisieskool Oranje. "Ek is tog so in my skik met sy keuse", het sy aan Mita geskryf. "Rae is een allerliefste meisje en so knap - sy is een 'honours B.A.'" ¹¹⁴ Rae wat 'n gereelde gas op Onze Rust was, het 'n sorgelose prentjie van die daaglikse lewe daar geskets in haar eksplisiete dagboek en briewe. Daar was oorlaaide etenstafels, gesellige aande voor die vuur, en die gebruiklike "trek into town ... compared with which I'm sure the Great Trek was quite a joke". Wat Rae egter die meeste beïndruk het, was Tibbie se skrywery vroeg soggens in die bed. "Then the boy came in to make the fire, open the shutters", het sy in haar dagboek geskryf, "and then Colin came in to say good-morning to his Mother,

105 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 30 Mei 1919.

106 TAB A1/202 RIS - JCS 30 September 1917.

107 TAB A1/202 RIS - JCS 30 September 1917; VAB A160/70 RIS - HPNM 16 Januarie 1919, 29 Julie 1919.

108 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 26 Desember 1919.

109 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 26 Desember 1916.

110 VAB A90/8 RIS - Mita de Villiers 16 Augustus 1919.

111 VAB A160/70 RIS - HPNM 29 Julie 1919; Du Toit, A., "Herstel die bande", Beeld 18 Augustus 1992.

112 VAB A90/8 RIS - Mita de Villiers 16 Augustus 1919.

113 VAB A90/8 RIS - Mita de Villiers 20 Mei 1919.

114 VAB A90/8 RIS - Mita de Villiers 7 September 1919; De Burger 3 September 1919; Die Volksblad 3 September 1919.

shave & sit talking at the foot of her bed, as he does every morning ... I really do love the luxury and comfort of 'Onzerust', and feel absolutely at home here".¹¹⁵

Terwyl Tibbie ingenome was met Colin se keuse, het Rae geworstel met onsekerhede voortspruitend uit wat sy beskou het as 'n onbevoorregte agtergrond. "Oh! how I do long for riches and position, not for my own personal comfort as much as for the family name!"¹¹⁶ Haar onsekerhede word weerspieël in 'n brief aan haar suster: "But what will the Steyns think of us and our way of ... living? They are so grand and we are so 'eenvoudig'! But all the same, I know I am silly to worry about these things because the Steyn's are too nice and well-bred to be snobbish".¹¹⁷ Tibbie was baie bewus van Rae se voortreflikhede en het haar minderwaardigheidsgevoelens besweer deur haar deel van die familie te maak. Soos aan haar eie kinders, het Tibbie aan Rae dieselfde eldelange briewe vanaf Emmie se huis gerig waar sy gekuier het, gerig en insgelyks afgesluit met "jou Mammie".¹¹⁸ Voor die einde van daardie jaar, 1919 is die vier-en-twintigjarige onderwyseres met die twee-en-dertigjarige Colin in Seepunt deur Rae se swaer, ds. Roome, in die huwelik bevestig.¹¹⁹ Tibbie het die egpaar oortuig dat 'n aparte woning op die plaas onnodig sou wees en na hul wittebrood, het hulle hul intrek op Onze Rust geneem.¹²⁰

4.2 Humanitêre hulpverlening bring verligting

Dit was in hierdie omstandighede van nuwe aanpassings, verminderde verantwoordelikhede waarin Tibbie as't ware gevoel het dat sy "practically reduced (was) to the companionship of a housekeeper", dat H  l  ne Kr  ller, 'n ou vriendin uit Nederland, 'n belangrike brief aan Tibbie geskryf het.¹²¹ Op 12 November 1919, dus 'n jaar nadat vyandelikhede in Europa gestaak is, het sy "uit naam van honderd duizende hongerende kinderen ... een beroep (ge)doen op alle Zuid Afrikaanse moeders dat zij ons helpen de nood der ... onschuldige kinderen ... te verzachten".¹²² Vroe  r die jaar het Tibbie reeds bewus geword van die nood toe

115 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/16 Dagboek Rae Eksteen, 13,14 Julie 1919.

116 SA Biblioteek Kaapstad, MCS 33/16 Dagboek Rae Eksteen, 22 Julie 1919.

117 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/3.6 E. Eksteen (Boshof) - Rae 31 Augustus 1919.

118 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 35/2.5 RIS (Vreugde) - Rae 10 Oktober 1919, 19 Oktober 1919, 25 Oktober 1919 e.v.

119 VAB A160/70 RIS - HPNM 23 Februarie 1920; SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/4.1, 4.3 Huweliksertifikaat Colin Steyn & Rae Eksteen, 30 Desember 1919, Seepunt, no. 461500; MSC 33/1.4 M.P. de Graaf - Colin 30 Desember 1919; KAB MSC 33/2.5 RIS - mev. Eksteen 28 Augustus 1919; MSC 33/3.5 Colin - mev. Eksteen 28 Augustus 1919.

120 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 27 September 1919.

121 VAB A90/8 RIS - Mita de Villiers 20 Mei 1919.

122 VAB A156 1/1/16 H. Kr  ller - RIS 12 November 1919.

Emily Hobhouse in 'n brief haar pogings beskryf het om 'n fonds te stig.¹²³ Mej. Hobhouse het Brittanje in September 1919 verlaat as verteenwoordiger van die "Save the Children Fund", om saam met die Switserse geneesheer, dr. Schwytzer, in Oostenryk en Duitsland die omvang van die nood te peil. Sy het Leipzig as die stad uitgesonder waar die nood die hoogste was en het reeds in Januarie 1920 'n voedingskema geïmplimenteer waardeur 11 000 skoolkinders daaglik gevoed is.¹²⁴ Dit was juis die optrede van die Britse regering wat geweier het om een enkele pond vir noodleniging aan Duitsland te skenk wat mej. Hobhouse as "incredibly cruel & mean" beskou het "and decided me upon my small efforts to German children".¹²⁵

Dat drie en 'n half miljoen vroue en kinders van hongersnood sou omkom soos mej. Hobhouse voorspel het, het Tibbie genoop om daadwerklik op te tree. Om vir 'n grootse saak buite haarself te ywer, het aan Tibbie die nodige impetus verleen om uit haar selfopgelegde kokon te kom. "Ons kan geen dowe oor slaan ... op een geroep", het sy in haar oproep in die pers in haar hoedanigheid as ere-presidente van die OVV gesê, "waar die lydingsbeker veel erger is dan die van ons was". Sy skets die haglike omstandighede in Duitsland en meld dan dat hulle buitendien te veel aan die Duitse volk verskuldig is om afsydig te staan.¹²⁶ Op versoek van die OVV-hoofbestuur is Tibbie in haar pogings bygestaan deur 'n vrouekomitee bestaande uit Hannah, Eugenie Fraser, Ella Fischer en mev. E. Kress as sekretaresse.¹²⁷

Lady Mildred, eggenote van burggraaf Buxton wat Gladstone as goewerneur-generaal in Suid-Afrika opgevolg het, het Tibbie in Julie 1920 genader met die voorstel dat Tibbie haar ingesamelde fondse aan haar, Lady Buxton se Save the Children Fund beskikbaar stel om só 'n pond-vir-pond bydrae van sowel die Britse as die Suid-Afrikaanse regering moontlik te maak.¹²⁸ In oorleg met Tibbie se komitee het hulle ingewillig mits die fondse spesifiek na Emily Hobhouse gekanaliseer sou word. "Miss Hobhouse", het Tibbie aan lady Buxton as motivering geskryf, "has earned the love and gratitude of our people, and when she asks, their response is immediate". Die kombinasie van mej. Hobhouse se naam en Tibbie se oproep het inderdaad wonders verrig en die bedrag wat byeengebring is, het spoedig hul stoutse verwagtinge oortref.¹²⁹ Die verdriedubbeling van die fondse het egter nie

123 Ineg PV181 2/8/1/1/15 EH-RIS 25 Maart 1919; TAB A1/206 EH (Basel) - JCS 30 Oktober 1919, 2 Desember 1919.

124 Fischer, H., *That Miss Hobhouse*, p. 260.

125 TAB A1/207 EH (Leipzig) - JCS 15 November 1920.

126 Ineg PV181 3/1/1/4 RIS beroep Moeders en dogters van SA 17 Februarie 1920; VAB A156 1/1/16 RIS - Moeders en dogters 17 Februarie 1920.

127 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 8 Junie 1920.

128 De Kock, W.J., Krüger, D.W. (reds.), *SABW*, II, p. 116; VAB A156 1/1/16 Mildred Buxton - RIS 6 Julie 1920.

129 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 21 September 1920, 19 Oktober 1920.

werklikheid geword nie want volgens lady Buxton, wat verkeerd ingelig was, "the British Govt. do not give £ for £ to her".¹³⁰ Die weerhouding van fondse aan mej. Hobhouse waarna lady Buxton verwys het, was hoofsaaklik omdat dit die tweede oorlog was waarin sy 'n saak bepleit het wat oënskynlik in stryd was met wat hulle as die korrekte patriotisme beskou het. Nadat lady Buxton ook op dr. D.F. Malan deur middel van Die Burger 'n beroep gedoen het om hulp, het hy Tibbie eers genader "als daar aan die anderkant 'n Mrs Steyn fonds gesticht is, (dan) spreek dit vanself dat ons liefs ons ondersteuning daaraan sou wou gee".¹³¹

Ten spyte van uitdruklike instruksies deur Tibbie en versekeringe aan haar is die geld wat aanvanklik aangestuur is nie aangewend soos ooreengekom nie en is dit in 'n algemene fonds gestort.¹³² Dit het veral Tibbie in 'n moeilike posisie geplaas omdat sy haar donateurs die uitdruklike versekering gegee het dat Emily Hobhouse persoonlik die skenking sou ontvang.¹³³ Burggraaf Buxton het hom egter self beywer dat die skenkings in die vervolg plaasvind soos wat met Tibbie ooreengekom is.¹³⁴ Die moeite wat Tibbie aangegaan het om deur middel van lady Buxton te werk, was uitsluitlik om aanspraak te kon maak op die verdubbeling van fondse soos belowe deur die Unieregering. Hulle sou egter moes wag vir die byeenroep van die parlement die volgende jaar om te bepaal of die voorbrand wat genl. Smuts ten behoeve van hul saak sou maak, die nodige vrugte sou afwerp.¹³⁵ Ook mej. Hobhouse het vertoë tot genl. Smuts, wat toe eerste minister was, gerig dat "it would be cruel to abandon the children at the onset of winter".¹³⁶

Dit was of hierdie poging ten behoeve van haar medemens vir Tibbie 'n nuwe houvas op die lewe gegee het. Amper onwillekeurig is die verlies van Theunis effe op die agtergrond geskuif. Sy was nooit deur die geweldige organisatoriese probleme of die massa korrespondensie wat sy behartig het, oorweldig nie. Soos sy dit aan Emily Hobhouse gestel het, was dit intendeel vir haar "a great pleasure ... personally to aid you in this great work. I have written dozens and dozens of letters and every amount that is sent personally to me I write and acknowledge".¹³⁷ Op eie inisiatief het Tibbie voorgestel dat £800, wat die bydrae van die Unieregering ingesluit het en andersyds deur die Suid-Afrikaanse kinders ingesamel is,

130 VAB A156 1/1/16 Mildred Buxton - RIS 28 Augustus 1920.

131 VAB A156 1/1/16 D.F. Malan (voortaan DFM) - RIS 27 Julie 1920.

132 VAB A156 1/1/16 RIS - lady Rose Innes 22 Augustus 1920; A156 1/1/16 lady Rose Innes - RIS 25 Oktober 1920.

133 VAB A156 1/1/16 RIS - lady Rose Innes 22 Oktober; Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 27 Oktober 1920.

134 VAB A156 1/1/16 lady Rose Innes - RIS 8 November 1920.

135 VAB A156 1/1/16 RIS - lady Rose Innes c. November 1920, 12 November 1920; A 156 1/1/16 lady Rose Innes - RIS 26 November 1920; A156 1/1/16 EH - RIS 23 November 1920.

136 TAB A1/207 EH - JCS 20 Augustus 1920.

137 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 19 Oktober 1920.

aangewend moet word vir die kinders van Leipzig vir 'n Kersverrassing in 1920. "I had so set my heart on the children having a little joy on Xmas day as the Germans always did so much for their children at Xmas".¹³⁸ Dié sokkies waarop Tibbie as Kersgeskenk vir die kinders besluit het, was die ware Jakob. "I think your beautiful idea", het Emily Hobhouse geskryf, "has touched them more deeply than even the larger sums for the ordinary food".¹³⁹ Sy het nie gehuiwer om van mej. Hobhouse 'n bedankingsbrief aan die vroue en kinders van Suid-Afrika aan te vra wat sy in Die Volksblad en in die Nederlandse blaaië kon laat publiseer nie.¹⁴⁰ Sy was selfs bereid om sonder haar gewone beskroomdheid 'n toespraak by die hoofbestuursvergadering van die OVV ten behoeve van die fonds te lewer.¹⁴¹ Indien haar gesondheid dit sou toelaat, was Tibbie ook gewillig om deur die land te toer om haar saak te propageer, maar sy het tog uiteindelik daarteen besluit.¹⁴² Die menige slapelose nagte wat Tibbie deurgebring het, was die gevolg van die groot nood in Europa en vir die eerste keer nie as gevolg van haar eie probleme nie.¹⁴³

Tibbie het prominente persone voorgestel as donateurs.¹⁴⁴ Sy het op eie inisiatief hulp aan behoeftige enkelinge gestuur, soos byvoorbeeld aan 'n voormalige parlamentslid in Wenen. "He was a great proBoer in our War", het sy aan Emily Hobhouse geskryf "(and) had collected large sums and had done so much for us that I had to send the money direct at once as I heard he and his wife were suffering great privations".¹⁴⁵ Die korrespondensie tussen die twee vriendinne het in volume toegeneem namate hulle meer organisatoriese probleme moes oorbrug. Tibbie, wat gewoonlik enige fisiese ongesteldheid aan die groot klok gehang het, kon by mej. Hobhouse kers opsteek oor hoe om dit te bowe te kom. "I can realize that you shrank from taking the lead in it feeling physically unfit", het Emily Hobhouse geskryf, "so did I but it is in doing things that the power to do them comes. In any case it is better to wear out than to rust out".¹⁴⁶ Emily Hobhouse kon haar gevoelens en fisiese swakhede oorsakel in doeltreffende optrede, hoofsaaklik omdat sy nog nooit op iemand anders as haarself kon staatmaak nie. Deur dié intense vasberadenheid wat sy tot die uiterste kon benut, het haar sterk gees geheers oor haar swak liggaam. Soos voorheen het sy nie gekroom om "those fools who call

138 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 19 Oktober 1920, 28 Desember 1920.

139 VAB A156 1/1/16 RIS - vriendinne 7 Januarie 1921; A156 1/1/10 EH - RIS 3 November 1920, 20 November 1920.

140 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 31 Augustus 1920, 27 Oktober 1920.

141 Ineg PV180 1/2/3/2/1 OVV Notules HB 1909-1925, 25 Augustus 1910.

142 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 25 Januarie 1921.

143 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 10 Februarie 1921.

144 VAB A90/8 RIS - Jaap, Mita de Villiers 14 April 1920; Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 8 Junie 1920.

145 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 21 Desember 1920.

146 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 7 Julie 1920.

themselves Statesmen of Europe" die kop te was omdat hulle steeds die foute van die oorlog voortsit in die vrede nie.¹⁴⁷

Aan die begin van 1921 kon Tibbie aan die donateurs meld dat sy oor die £10,000 aan Emily Hobhouse gestuur het. Dit was duidelik dat sonder Suid-Afrika se hulp die Leipzig-noodleniging opgeskort sou moes word.¹⁴⁸ Dit was nie net 'n verkiesing in Suid-Afrika wat die entoesiasme vir die insamelingspoging laat verdof het nie, ook die finansiële toestand van die land het soveel te wense oorgelaat dat selfs die skenking van die Unieregering in die weegskaal was.¹⁴⁹ Die insamelingspoging van Tibbie tot dusver het inderdaad in Emily Hobhouse se woorde, gespreek van "overflowing generosity, considering the smallness of your white population and the reduction in farmers' income which you wrote about and the very many objects seeking support".¹⁵⁰

Namate geld skaarser en die finansiële koek al hoe kleiner geword het, het interne organisatoriese probleme vermeerder en het persoonlike antipatieë die oorhand oor gesonde oordeel en altruïsme begin kry. Tibbie wat erken het dat sy haar vader se geaardheid het en dat wanneer "a thing must be done I don't rest until it is done, but when you are in the hands of others you have to possess your soul in patience".¹⁵¹ Die geduld waarvan sy nie 'n oormatigheid gehad het nie was juis nodig weens verdragings met die versending van geld na Emily Hobhouse. Haar hande was intendeel afgekap "having to work through the 'Save the Children Fund' as I must deposit my money in that Fund before I can get the £1".¹⁵² Lady Rose-Innes, eretesourier van die Fonds en eggenote van die hoofregter van Suid-Afrika, kon as gevolg van 'n druk program nie onmiddellik aandag gee aan die versending van die geld nie, en dit terwyl mej. Hobhouse dit dringend benodig het.¹⁵³ Dié verdraging het Tibbie probeer omseil deur aan genl. Smuts 'n skema voor te stel waarvolgens Tibbie en haar komitee die geld onmiddellik oorsee versend sonder dat die skenking van die regering nog bekragtig is.¹⁵⁴ Sy was ook van voorneme om die minister van

147 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 17 Januarie 1921.

148 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 13 Januarie 1921.

149 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 14 Januarie 1921; 1 Mei 1921, 25 Mei 1921, 1 Junie 1921; Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 1 Januarie 1921.

150 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 24 Februarie 1921; Krüger, D.W., The making of a nation, p. 119.

151 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 28 Desember 1920.

152 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 24 November 1920, 9 November 1920.

153 Die Volksblad 7 September 1922; De Kock, W.J., Krüger, D.W. (reds.), SABW, II, pp. 335, 339; Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 10 Januarie 1921, 17 Januarie 1921; Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 30 November 1920.

154 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 30 November 1920.

finansies tydens haar Kaapse besoek in Februarie 1921 te pols "to let us forward the sum we have and that they advance the Government £1 later on".¹⁵⁵

Aangesien Tibbie haar donateurs uitdruklik verseker het dat die regering sou instaan vir die verdubbeling van die bedrag, kon sy nie voldoen aan lady Rose-Innes se versoek om die geld onmiddellik te stuur, en die regeringsbydrae sodoende te verbeur nie. Nadat Tibbie dr. Malan weer oor die saak ingelig het, het sy weer by genl. Smuts die saak persoonlik aanhangig gemaak. Genl. Smuts het aan die hand gedoen dat Tibbie die £1,000 wat sy wel voorhande het, stuur want hy sou die nodige reëlins vir die verdubbeling van die bedrag tref. Die hewige reaksie van lady Rose-Innes het Tibbie egter onkant betrap. "She did not know if it is quite fair", het Tibbie mej. Hobhouse ingelig, "that I always went off with such big sums!!" Lady Rose-Innes het Tibbie verder daarvan beskuldig dat sy met die vorige regeringskenking slegs £1,600 van die £5,000 ontvang het terwyl Tibbie met £3,400 weggestap het.¹⁵⁶

Dat daar wel 'n uitsondering vir Tibbie gemaak is en nie vir haar haar nie, het lady Rose-Innes moeilik verwerk. Indien die skenking aan Tibbie toegestaan word, sou lady Rose-Innes verplig voel om aan te dring op soortgelyke skenkings aan die ander organisasies. Sy het verkies dat Tibbie die bedrag wat sy wel voorhande gehad het, terughou. Indien Tibbie absoluut vasbeslote was om dit wel te stuur, "I am not bound", verseker sy Tibbie, "to later on add the Treasury grant to it should this come forward." Tibbie was nie van stryk gebring deur die bitsige toon in die korrespondensie van lady Rose Innes aan haar nie. Vir die onthalwe van die ekstra £1 probeer sy die saak op 'n vriendskaplike wyse oplos. Dit was vir haar egter onduidelik hoe die ere-tesouriere die regeringsgeld wat aan haar belowe is, agterweë kon hou. "However", skryf sy aan mej. Hobhouse, "I am afraid they will make trouble ... I am of course entitled to it (grant) & If I meet Lady Innes I will make it clear to her ... I think my large sums are a bit startling".¹⁵⁷

Teen 10 Mei was dit duidelik, dat ten spyte van die toutrekkery, die beloftes en die onenigheid dat die skenking van die Unieregering nie sou materialiseer nie. Van die £5,000 wat wel beskikbaar was, het Tibbie gehoop dat ten minste £2,000 aan haar toegewys sou word aangesien lady Rose-Innes weier om haar meer toe te laat.¹⁵⁸ Ten spyte van al Tibbie se pogings, selfs om weer vertoë te rig tot sowel mnr. Burton van die tesourie as genl. Smuts, het die kanse al hoe skraler gelyk dat die

155 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 17 Januarie 1921.

156 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 15 Maart 1921.

157 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 24 Maart 1921.

158 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 10 Mei 1921.

geld beskikbaar gestel sou word.¹⁵⁹ Uiteindelik is Tibbie se onsekerheid teen die helfte van September opgelos deur 'n brief van genl. Smuts dat alle regeringskenkings opgeskort word.¹⁶⁰ Emily Hobhouse wat bitter min vertroue in politici gehad het, het genl. Smuts se belofte as net nog leë woorde afgemaak: "You see ministers like our friend Smuts often promise what they cannot perform".¹⁶¹

Op 15 Julie 1921 is die voedingskema vir verhongerde kinders in Leipzig afgesluit, terwyl die fondse wat nog sou inkom kinders tot Oktober kon voed.¹⁶² Ten einde aan Tibbie se versoek te voldoen dat die verminderde geldbydrae aan liefdadigheid in Berlyn geskenk moet word, het mej. Hobhouse persoonlik na Duitsland gereis om die organisasie, wat sy in bekwame helpers se hande gelaat het, te reël.¹⁶³ Soos Tibbie versoek het, het Emily Hobhouse gereël dat die geld na die Buch Berlyn-Hospitaal gestuur word.¹⁶⁴ Ander bedrae het hul weg na prysenswaardige individue of organisasies gevind.¹⁶⁵

'n Aansienlike balans van die Suid-Afrikaanse skenking, £4,500 wat 500,000 Duitse mark verteenwoordig, sou bekend staan as die "Sud Afrikanische Steyn - Hobhouse Stiftung".¹⁶⁶ Dit sou onder andere aangewend word om siek kinders van 'n see-kuur te verseker en om die "Neue Arme", verarmde professionele en middelklasbestuurslui, by te staan.¹⁶⁷ Mej. Hobhouse het die Stiftung aan die South Africa Quaker Depot in Leipzig oorgedra om te bestuur op voorwaarde dat daar in Leipzig mark vir mark gekollekteer word vir verdere noodleniging.¹⁶⁸ Emily Hobhouse was ingenome "that our 3 names are wedded for better or for worse".¹⁶⁹

Aan die begin van 1922, dus bykans twee jaar nadat Tibbie haar oproep vir die Save the Children Fund gedoen het, het die bydraes slegs drupsgewys ingekom.¹⁷⁰ Tibbie het die reg voorbehou om die Fonds af te sluit nadat die laaste kollekteerlyste ingekom het.¹⁷¹ In haar gepubliseerde verslag het Tibbie gemeld dat £15,515 9s. 11d. vir die Fonds ingesamel is waarvan die Unieregering £5,200 op die pond-vir-

159 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 22 Mei 1921; Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 13 September 1921.

160 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 18 September 1921.

161 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 25 September 1921.

162 TAB A1/208 EH - JCS 15 Julie 1921.

163 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 25 September 1921, 9 Oktober 1921.

164 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 7 Augustus 1921, 9 Oktober 1921, 6 November 1921.

165 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 2 Oktober 1921, 18 Desember 1921.

166 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 22 Oktober 1921.

167 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 13 November 1921; Die Volksblad 7 Februarie 1922.

168 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 24 Januarie 1922, 26 November 1922.

169 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 22 November 1922.

170 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 8 Januarie 1922, 10 Januarie 1922.

171 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 18 Januarie 1922.

pond-basis bygedra het en die kinders van Suid-Afrika £800.¹⁷² Die bydrae van die Vrystaat was meer as die van enige ander provinsie. Die 8 000 kinders wat toe nog daaglik voordeel uit die voedingskema getrek het, sou gevoed word tot aan die begin van April.¹⁷³ Hoewel die nood nog akuit in Europa was, "het ... ons egter besluit met die oog op ons eie landsomstandighede en die bewussyn dat ons tog wat gedoen het om veel smarte te verlig en dat Suidafrika nie skaam hoef te wees nie" om die fonds af te sluit. Tibbie het veral haar dank betuig teenoor Emily Hobhouse wie se vaardige bestuursmetodes deels vir die sukses van die insameling verantwoordelik was.¹⁷⁴

Dit was Emily Hobhouse se naam, vir Suid-Afrikaners in Tibbie se woorde as't ware 'n "open sesame ... which unlocked the hearts and purses", wat verantwoordelik was dat Suid-Afrika in verhouding meer bygedra het as byvoorbeeld 'n geïndustrialiseerde en ontwikkelde land soos Brittanje.¹⁷⁵ Hulle vertrou in mej. Hobhouse was absoluut "and their love for (her) is very sincere".¹⁷⁶ Die statuur van Tibbie onder die gewone burger, by prominente persone en regeringslui kan as bydraende suksesfaktor beskou word. Beide dames was totaal onkant betrap daardeur: "I assure you", het Tibbie aan mej. Hobhouse erken, "I was more than surprised that the people subscribed to my fund as they have done".¹⁷⁷ Volgens die redaksionele kommentaar in Die Volksblad was die rede vir die sukses dat "'n volksmoeder spreek, wie se hart uitgaan na 'n ander volk in nood, omdat sy haar eie volk in nood gesien het".¹⁷⁸ Tibbie is bygestaan deur 'n komitee van bekwame dames wat so entoesiasies saamgewerk het dat "if times had not been so bad one could do very much more".¹⁷⁹ Bydraende faktore wat vir die sukses van die fonds verantwoordelik was, is die gesamentlike poging van die vroue-organisasies in al die provinsies, die hulp van die Afrikaanse kerke,¹⁸⁰ die Deutscher und Österreichischer Hilfsverein,¹⁸¹ en opvoedkundige instansies soos die Grey-Universiteitkollege.¹⁸² Die Afrikaanse pers wat deur Die Volksblad, Die Burger en Die Volkstem sy gewig by die poging ingewerp het, was bydraende

172 VAB A160/70 RIS verslag 21 Januarie 1922; Ineg PV180 1/2/2/2/1/1 OVV Notule 9e kongres, 2 November 1922, pp. 12-15.

173 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 9 April 1922.

174 Die Volksblad 7 Februarie 1922, RIS verslag geskryf 21 Januarie 1922.

175 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 2 September 1921.

176 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 10 Augustus 1920.

177 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 12 Februarie 1922, 31 Desember 1920; Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 29 November 1920.

178 Die Volksblad 3 Februarie 1922.

179 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 1 Maart 1921.

180 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 19 Oktober 1920; VAB A156 1/1/16 W.M. Nicol - RIS 20 September 1920.

181 Ineg PV181 2/7/1/1/2 D. Boehmer - RIS 5 Oktober 1920, 21 September 1921.

182 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 8 Junie 1920.

suksesfaktore. Die Afrikaner in die algemeen en in die besonder Tibbie het buitendien nooit die hulp vergeet wat hulle tydens die Anglo-Boereoorlog van die Duitsers ontvang het nie. Tibbie het dit in soveel woorde aan 'n verteenwoordiger van die noodlenigingsorganisasie in Leipzig gestel, naamlik dat hulle met "hart en siel (arbei) ... in belang van uw Volk die ons in onse donkere dae so veel hulp verleen het".¹⁸³

Waardering vir Tibbie se insamelingspoging vir Duitsland het nie agterweë gebly nie. Van kinders en van volwassenes in Duitsland en Oostenryk wat geraak was deur haar pogings, het die briewe van waardering ingestroom.¹⁸⁴ Sommige van die kinderbriewe is in die openbare pers gepubliseer.¹⁸⁵ In 'n bedankingsbrief van die Duitse konsul-generaal meld hy dat "dank wohl Ihres persönlichen Einfluss - die grösste summe unter allen Provinzen aufgebracht hat".¹⁸⁶ Aan die einde van 1922 ontvang Tibbie 'n bedanking van die Duitse Rykskanselier, herr Wirth.¹⁸⁷ Tibbie was aangenaam verras "and how very little I accomplished after all", het sy aan Emily Hobhouse geskryf. "The need is still so great and we are all so helpless".¹⁸⁸

Deur die tydskrif, Foreign Affairs waarop mej. Hobhouse vir Tibbie ingeteken het, was sy goed op hoogte van toestande in Duitsland, selfs nadat haar Fonds al afgesluit was.¹⁸⁹ Hoewel Tibbie se beleving van die Duiste vraagstuk in 'n mate deur Emily Hobhouse se bril gekleur is vanweë hul intense korrespondensie, was toestande in Duitsland werklik uiters benard, selfs nog in 1923, hoofsaaklik as gevolg van die hoë inflasiekoers en oorlogskuld. 'n Inwoner van Heidelberg, Duitsland, het toestande in sy vaderland inderdaad vergelyk met "een groot konsentrasiekamp".¹⁹⁰ Die vernedering wat die Duitsers moes verduur het deurdat Franse soldate die Ruhrvallei beset het totdat alle oorlogskulde vereffen sou wees, was vir Tibbie "just too terrible and I do pity the poor Germans from the bottom of my heart". Alhoewel toestande in Suid-Afrika self veel te wense oorgelaat het, bied Tibbie onmiddellik weer hulp aan.¹⁹¹

183 VAB A156 1/1/9 RIS - verteenwoordiger van noodleniging 8 Januarie 1921.

184 VAB A156 1/1/16 J. Arndt - RIS 14 September 1920; A156 1/1/16 D. Kulka (Wenen) - RIS 6 November 1920.

185 Die Volksblad 3 Februarie 1922; VAB A156 1/1/16 RIS - sekretaresse van Fonds 16 Januarie 1922.

186 Ineg PV181 2/7/1/1/15 A. Lang (Kaapstad) - RIS 22 Februarie 1922.

187 Die Volksblad 11 Desember 1922.

188 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 15 November 1922; VAB A156 1/1/10 EH - RIS 11 Desember 1922.

189 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 23 Januarie 1923.

190 VAB A156 1/1/16 dr. C. Menge (Heidelberg, Duitsland) - RIS 3 Januarie 1924.

191 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 28 Februarie 1923.

Tibbie kon weer op haar ou komitee van die eerste insamelingspoging staatmaak.¹⁹² Haar ou spanningsprobleem waarmee sy vanaf veertienjarige ouderdom worstel, het haar weer eens gekniehalter, anders sou sy bereid gewees het om toesprake te lewer om die saak ter wille van die Duitsers te bepleit.¹⁹³ Haar ondervinding van die waarde van die pers het haar weer in hierdie tweede insamelingspoging genoop om van haar invloed by die redakteur van Die Volksblad, mnr. A.J. Werth, gebruik te maak om haar pleidooi, soos dié van 23 Julie 1923, te propageer.¹⁹⁴ Op aanbeveling van Emily Hobhouse het Tibbie werklike gevalle van nood van enkelinge gepubliseer sodat die algemene noodlydende in Duitsland 'n individu geword het wat honger ly, tering onder lede het en van die hand in die tand lewe.¹⁹⁵ Sy het ook gereeld van die pers gebruik gemaak om die vordering met die bydraes onder die aandag van die leserspubliek te bring.¹⁹⁶ Die name van donateurs, selfs van diegene wat geringe bydraes gelewer het, het sy gereeld laat publiseer om menige flouhartige skenker aan te moedig om sy hand oop te maak.¹⁹⁷

Toestande in Suid-Afrika was gewis in daardie stadium nie bevorderlik vir nog 'n grootskeepse insamelingpoging nie. "Our own need is very great indeed", het Tibbie besef, "and yet there is no need for us to suffer hunger and want like those poor people in Central Europe".¹⁹⁸ Sy self het tewens 'n konferensie bygewoon waar die akute Armblanke-probleem bespreek is, onder andere deur haar skoonseun, dr. N.J. van der Merwe.¹⁹⁹ Die Armblanke-vraagstuk was inderdaad in daardie stadium reeds "na verhouding van ons bevolking die grootste in die wêreld", soos genl. Hertzog dit gestel het.²⁰⁰ Tibbie het gevolglik besef dat "the contributions will be small".²⁰¹ Net in Bloemfontein alleen was daar buitendien heelwat insamelingspogings aan die gang: die President Steynfonds het namens die Meisieskool Oranje geld ingesamel en die OVV namens die Dorkas-ouetehuis op Brandfort.²⁰² Daar is ook vir die Bybelvertaling en vir die genl. De Wet

-
- 192 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 28 November 1922.
 193 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 11 April 1923; PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 24 April 1923.
 194 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 22 Mei 1923.
 195 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 1 Augustus 1923, 12 Augustus 1923.
 196 Die Volksblad 6 September 1923.
 197 VAB A156 3/4 RIS - Essie 9 Februarie 1924.
 198 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 29 Mei 1923, 13 Junie 1923.
 199 Die Volksblad 5 Julie 1923; Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 11 Julie 1923; VAB A156 1/1/12 EH - RIS 5 Augustus 1923.
 200 Die Volksblad 4 Desember 1923.
 201 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 29 Mei 1923.
 202 Die Volksblad 30 Augustus 1923, 25 Februarie 1922.

Volkskenking ingesamel.²⁰³ Mev. Isie Smuts het selfs 'n nasionale beroep gedoen om 'n bydrae tot die koste van 'n trougeskenk aan prinses Mary.²⁰⁴

Reeds aan die einde van die vorige jaar het Tibbie met die hulp van mev. Hamman, 'n leidster in die Duitse gemeenskap, in 'n gesamentlike skrywe aan genl. Smuts 'n plan uiteengesit "asking if our Government cannot make an offer of mealies to the German Government" omdat dit onwaarskynlik was dat die Unieregering enige finansiële skenking sou oorweeg.²⁰⁵ Tibbie het haar veral beywer vir hierdie projek, tesame met die insameling van ou klere en ander kosware, aangesien die bydraes soos verwag is, nie ingestroom het nie.²⁰⁶ Met die hulp van 'n manskomitee onder leiding van dr. Arndt en die Duitsers in die Vrystaat, het hulle teen die begin van Augustus 1923 reeds oor 800 sakke mielies beskik.²⁰⁷ Anders as Emily Hobhouse, het Tibbie die mening gehuldig dat sy altyd op die hulp van genl. Smuts kon staatmaak. In 'n telegram aan hom aan die begin van September pols sy hom oor die moontlikheid om die mielies teen 'n verminderde bedrag van tien sjelings per ton na Duitsland te versend.²⁰⁸ Daar is egter uiteindelik teen die verskeping van die mielies besluit omdat die uitvoerkoste te hoog was.²⁰⁹ Daarby kon die Duitse bote slegs een maal per maand tussen die twee lande reis terwyl hulle buitendien net vyftig sakke per keer kon vervoer.²¹⁰ Daar is toe besluit om die mielies van die hand te sit en die kontant aan die Duitsers beskikbaar te stel.²¹¹ Aan die einde van die jaar het Tibbie weer formele vertoë en 'n privaat skrywe tot genl. Smuts gerig. Daarin het sy hom gepols oor die moontlikheid dat mielies wat die Japanese regering geweier het om van die Unieregering te aanvaar, eerder vir die Duitsers beskikbaar gestel moes word.²¹² Dit is onwaarskynlik dat hierdie prysenswaardige idee van Tibbie ooit iets opgelewer het en in korrespondensie word geen verdere melding daarvan gemaak nie.

Deur middel van basaars wat Tibbie met die hulp van haar komitee gereël het en deur straatkollekte het sy die skamele bedrae op die insamelingslyste aangevul.²¹³ Die bedrag wat mev. Frieda Mostert namens die skoolkinders van Heidelberg in

203 Die Volksblad 23 Julie 1923, 12 Mei 1922.

204 Die Volksblad 10 Januarie 1922.

205 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 28 November 1922.

206 Die Volksblad 23 Julie 1923; Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 11 Julie 1923.

207 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 12 Augustus 1923.

208 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 5 September 1923.

209 TAB A1/211 RIS - JCS 5 September 1923; Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 5 September 1923.

210 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 25 September 1923.

211 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 5 September 1923, 18 Oktober 1923.

212 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 4 Desember 1923.

213 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 6 Augustus 1923; PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 9 Oktober 1923, 4 November 1923.

Transvaal aan die kinders van Heidelberg in Duitsland gestuur het, het Tibbie met bykans die helfte aangevul.²¹⁴ Sy het nie net kiste vol ou klere aan dié universiteitstad gestuur nie; sy het ook aan die Mensa Academica geld geskenk wat aangewend is om hulpbehoewende skoliere, akademici en swanger vroue by te staan.²¹⁵ Anders as in haar eerste insamelingspoging toe die bydraes as geheel aangewend is om die noodlydende kinders van Leipzig te voed, het sy haar nou toegespits op verdienstelike individuele gevalle of instansies. So versoek sy byvoorbeeld dat geld, onder andere in September aan weesinrigtings beskikbaar gestel word,²¹⁶ in Oktober dat twee kinderteringlyers in 'n sanatorium behandel word,²¹⁷ en dat 'n bedrag beskikbaar gestel word aan prof. Menge van die Frauen Klinik in Heidelberg.²¹⁸ Gladys wat met studie in Duitsland was, het Tibbie se aandag op verdienstelike gevalle gevestig en gehelp om van die bydraes te reguleer.²¹⁹ Aan vyf getroue helpers, onder wie dr. Oskar Hintrager wat as vrywilliger in die Anglo-Boereoorlog geveg het, pastoor Schowalter, dr. van Lenke, frau Fischer en Mansfeld, het Tibbie persoonlik Kersgeskenke met voorrade gestuur.²²⁰

Dit was duidelik dat die fondsinsamelingspoging sy fut teen 1924 verloor het. Buitendien het finansiële hulp uit die Verenigde State van Amerika toestande sodanig in Duitsland verbeter dat die Fonds op Tibbie se voorstel afgesluit kon word.²²¹ "We have no right", het Tibbie in hierdie tyd aan Emily Hobhouse erken, "to send so much money out of the country ... I cannot urge for further funds".²²² Van die meer as £1,000 wat Tibbie uiteindelik in hierdie tweede poging aan Duitsland gestuur het, was die Vrystaat se bydrae weer die grootste.²²³ Daarby het

214 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 9 November 1923, 22 Januarie 1924; VAB A156 1/1/12 EH (Heidelberg, Duitsland) - RIS 11 November 1923, 16 Maart 1924.

215 Ineg PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 27 Februarie 1924; VAB A156 1/1/16 C. Menge (Heidelberg, Duitsland) - RIS 3 Januarie 1924.

216 Die Volksblad 6 September 1923.

217 VAB A156 1/1/16 F. Schwyzzen (Lucerne) - RIS 19 Oktober 1923.

218 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 23 Desember 1923; A156 1/1/16 C. Menge (Heidelberg, Duitsland) - RIS 3 Januarie 1924.

219 VAB A156 3/4 RIS - Essie 29 Oktober 1923, 8 November 1923; Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 11 September 1923.

220 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 11 Desember 1923; OR Gladys (Duitsland) - RIS 9 November 1923, 15 November 1923.

221 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - 21 November 1923; VAB A156 1/1/16 O. Hintrager - RIS 2 Desember 1924.

222 Ineg PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 12 Februarie 1924.

223 VAB A156 3/4 RIS - Essie 15 Julie 1923; Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 9 Oktober 1923.

hulle negentien groot kiste met ou klere en voedsel gestuur.²²⁴ Haar laaste £60 stuur sy in November as 'n Kersgeskenk aan lede van die komitee in Duitsland.²²⁵

In Augustus 1923 word Tibbie namens die kanselier van die Duitse Erelegioen, Hauptman R. Hering, tesame met Ella Fischer, Eugenie Fraser, Hannah en Elvira Kress die "Deutsche Ehrendenk muuze des Weltkriegs" aangebied vir dienste aan die Duitse volk. Indien Tibbie en haar komitee die erepenning aanvaar, sou sy een van 200 uitgelese ontvangers in "Afrikaner land" wees. In Duitsland het "vorstelikhede, veldshere aan leeraanvoeders" soos maarskalk Hindenburg, Ludendorff en genl. Von Mackensen onder die ontvangers getel.²²⁶ Hoewel Tibbie die erkenning waardeur het en sy die erepenning aan haar helpsters sou oorhandig, kon sy dit nie persoonlik aanvaar nie. "Dit was altoos 'n beginsel van my eggenoot, ... om iets van hierdie aard nie aan te neem nie, en ek verkies om my ook hierin met hom te verenig".²²⁷ Die Duitse Rooikruismedalje wat aan haar en Emily Hobhouse aangebied is, het sy egter bereidwillig aanvaar.²²⁸ Sy is ook deur die senaat van die Ruprecht Karl Universiteit van Heidelberg op 13 Mei 1925 vereer met "eine Ehrenbürgerschaft", die eerste keer dat die universiteit so 'n toekenning gedoen het sedert die grondlegging daarvan 540 jaar vantevore.²²⁹ 'n Dekade daarna is Tibbie nogeens uitgenooi as gas van die Universiteit op sy 550-jarige feesvieringe.²³⁰

Op tagtigjarige ouderdom het Tibbie in 1945 deur middel van Die Volksblad nogeens 'n oproep vir noodlydendes in Nederland ná die uitmergelende Tweede Wêreldoorlog "in die naam van barmhartigheid" gedoen. Die bydraes is in die Vrystaatse Steunfonds vir Nederland gestort en soos voorheen kon op die steun van die Afrikaanse kerke gereken word.²³¹

224 Ineg PV180 11e OVV kongres, 4 Mei 1294, p. 8; PV180 2/8/1/1/32 RIS - toespraak voorgeloes 11e kongres, Mei 1924.

225 Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 11 November 1924; VAB A156 1/1/12 EH - RIS 7 Desember 1924.

226 Ineg PV181 2/8/1/1/16 R. Hering - RIS 17 Augustus 1923.

227 Ineg PV181 2/8/1/1/16 RIS - H. Glashoff c. Augustus 1923.

228 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 12 Julie 1925; Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 16 Junie 1925.

229 Ineg PV181 2/8/1/1/30 RIS - EH c. Mei 1925.

230 TAB A321/1 RIS - JBMH 2 Maart 1936.

231 Die Volksblad 13 Julie 1945.

Hoofstuk 5 : "Your letters are like life itself"

5.1 Tibbie en Emily Hobhouse se vriendskap

Die vriendskap tussen Emily Hobhouse en Tibbie was in menige opsig uniek. Dit het oor 'n tydperk van 'n kwarteeu gestrek, dit was vir beide vroue 'n bron van sien en inspirasie, en hul voortdurende korrespondensie is vir die navorser 'n kosbare historiese bron.¹ Hulle was geestelik en emosioneel ingestel op dieselfde golflengte, terwyl hul afkoms en opvoeding ook dieselfde stempel gedra het.

Die ontmoeting tussen Emily Hobhouse en Tibbie het eintlik heel toevallig in 1901 tydens die Anglo-Boereoorlog in Bloemfontein plaasgevind. Mej. Hobhouse, wat as ere-sekretaresse van die Vroue-en-Kinders-Noodlenigingsfonds, noodlenigingswerk in die konsentrasiekampe gedoen het, het Tibbie, as die geïnterneerde eggenote van die president van die voormalige Vrystaatse republiek, ontmoet tydens 'n reënstorm toe Tibbie omdraai om mej. Hobhouse 'n geleentheid in haar spaaiders te bied. Hulle was onmiddellik aangetrokke tot mekaar hoewel hul in temperament hemelsbreed verskil het.² In temperament en oortuiging was Emily Hobhouse eintlik 'n feminis. Die pasifisme, wat deel was van haar Kwaker-agtergrond, het gemaak dat sy mans in die algemeen en politici en amptenare in die besonder geblameer het vir die probleme en gebrek aan vrede in die wêreld. "Till women have an equal voice in the guidance of the world's affairs", het sy aan 'n vriendin tydens die Eerste Wêreldoorlog geskryf, "men will go on with their mad destruction of all that makes life precious".³ Haar skeptisisme oor die keuses wat haar vriendinne van huweliksmaats gemaak het, het voortgespruit uit haar oortuiging dat sy meestal mans se intellektuele en persoonlike meerdere was. Die man wat Margaret Clark gekies het as huweliksmaat, het sy byvoorbeeld as intellektueel minderwaardig geag "and as men go he won't ever set the Thames on fire".⁴ Oor 'n konferensie in die vroeë twintigerjare waar die politici onverrigtersake teruggekeer het, skryf Emily Hobhouse aan Tibbie: "Foolish foolish men - not a woman amongst them to counsel common sense".⁵

Sy was gevolglik 'n sterk voorstander vir die toekenning van stemreg aan vroue en het haar reeds in 1909 saam met Lloyd George, 'n voormalige pro-Boer en Britse parlamentslid, voor 'n groot gehoor in Londen uitgespreek teen die weerhouding

¹ Steyn R.I., "Emily Hobhouse", *Die Huisgenoot* 25 Junie 1926, p. 6.

² Ineg PV181 4/1/2/2 "Myn verblyf in Bloemfontein"; VAB A156 3/11, IV, EH - lady Hobhouse 26 Januarie 1901; Van Reenen, R. (Ed.), *Emily Hobhouse Boer War letters*, p. 540.

³ VAB A53 EH - Johanna Osborne 9 April 1915.

⁴ TAB A1/191 EH - JCS 3 Desember 1909, 24 Desember 1909.

⁵ VAB A156 1/1/12 EH - RIS 10 Augustus 1924.

daarvan.⁶ Omdat sy op gelyke vlak met mans op alle terreine kon kommunikeer en beweeg, het mans oor die algemeen in haar geselskap bedreig gevoel en sy is meer daardeur blootgestel aan onversetlike manlike koppigheid, teenkanting en skeptisisme. Genl. Smuts het nie verniet aan haar geskryf dat "you seem made for battle for the excitement which accompanies great endeavours and achievements".⁷ Vir Emily Hobhouse was "work (haar onderstreping) been to me what husband & children are to others".⁸ Haar individualisme en onafhanklikheid, raar in 'n Victoriaanse dame, het haar later duur te staan gekom.

Tibbie aan die ander kant was ten tye van hul ontmoeting die tipiese beskernde Victoriaanse middelklas-eggenote. Haar eggenoot was die onbetwisbare pater familias en sy die hooforganiseerder van die huishouding en die kinders. Sonder 'n eie tjekrekening en 'n sterk gedefinieerde persoonlikheid was Tibbie nog in groot mate 'n verlengstuk van Theunis se aspirasies en idees.⁹ Terwyl sy ook aan die voordele van vrouestemreg geglo het en die lewensverlies tydens die Eerste Wêreldoorlog soos Emily Hobhouse sterk betreur het, het sy haar sienswyse meer vroulik, minder militant maar ook minder welsprekend verwoord.¹⁰

Beide dames het egter ook veel gemeenskaplik gehad. Albei was volgens Victoriaanse standaarde reeds middeljarig, uit 'n Engelssprekende agtergrond en predikantsdogters. Hulle is beide onderrig in die streng tradisie van "Duty (mej. Hobhouse onderstreping) ... for public service either political, social or religious".¹¹ Beide kom uit 'n vroeëre era waarin briefskryf nog 'n ware kuns was. Getikte briewe van sekretaresse het vir beide onaanvaarbaar en vreemd voorgekom. "People like you & me", het Emily Hobhouse in die twintigerjare verklaar, "who write weekly sheets in our own hands are anachronisms!"¹² Hulle het voorts 'n liefde vir en belangstelling in die politiek gekoester, Suid-Afrika en sy mense het albei na aan die hart gelê en hulle het altwee 'n voorliefde vir die geskiedenis gehad.

Emily Hobhouse en in mindere mate Tibbie het hulle met moeite vereenselwig met die meer informele kleredrag, lewenswyse en gebruike van die twintigste eeu. Emily Hobhouse wat haar veral skuldig gemaak het aan sterk voor- en afkeure van

6 TAB A1/191 EH - JCS 3 Desember 1909.

7 Hancock, W.K., Van der Poel, J. (Ed.), Selections from the Smuts Papers, II, p. 163.

8 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 24 Junie 1923.

9 Ineg PV181 4/1/2/2 "Vrede" p. 25.

10 Jacobs, A.H., Reisbriewe uit Afrika en Azië, p. 122; Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 16 September 1911; PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 5 Februarie 1923; VAB A160/70 RIS - HPNM 4 Mei 1915.

11 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 3 Augustus 1924.

12 VAB A156 1/1/12 EH-RIS 15 April 1923.

persone of gebruike, het 'n duidelike afkeer gehad aan dames wat rook, grimering gebruik en hul hare afsny.¹³ Die moderne jeug was vir mej. Hobhouse veral sonder 'n sosiale gewete, ingestel op vermaak en plesier, en motors was vir haar onaanvaarbaar as "a pest of noise dirt & danger & smell".¹⁴

Die eerste brief tussen die twee dames was 'n bedankingsbrief van Tibbie aan Emily Hobhouse namens die noodlydendes in die konsentrasiekampe.¹⁵ Hul vriendskap was op wedersydse hulp, simpatie en begrip gebaseer, dit was diep genoeg om hul vroueharte te raak en wyd genoeg om hul intellek te bevredig.

In 'n era waarin jingoïsme van rasonale mense emosionele wanaangepastes gemaak het, het Emily Hobhouse ontnugter met haar landgenote geraak toe sy beseft het dat simpatie met 'n dapper vyand 'n doodsonde geword het en die Britse oorwinningsdoel deur alle middele geheilig is. Die vriendskap wat gesluit is in die oorlogsjare toe albei vroue persona non grata vir die Britse owerheid was, is met die koms van die Steyns ná die vredesluiting na Europa voortgesit. Mej. Hobhouse het Theunis in 1903 in Cannes, Frankryk, vir die eerste keer ontmoet en het ondervind "how peculiarly moving ... the combination ... was ... of that unbroken moral and mental vigour with the sad bodily incapability".¹⁶ Sy het aan die begin van 1905 in die geselskap van die Steyns en Margaret Clarke na Suid-Afrika teruggekeer om spin-en-weefskole, eers in Philippolis en later in Langlaagte, Johannesburg, te stig. Mej. Hobhouse het dikwels op Onze Rust gekuier waar sy gemaklik met Theunis oor maatskaplike en politieke sake asook sy ideale vir die Vrouemonument kon gesels voordat sy in 1908 teruggekeer het na Brittanje.¹⁷ 'n Adres gebind in marokyn, en vergesel van 'n kontantbedrag het Emily Hobhouse hierna in Rome bereik waar sy om gesondheidsredes vertoef het.¹⁸ Dit was om mej. Hobhouse te bedank vir haar opheffingswerk in Suid-Afrika. Tibbie was vier-en-veertigjaar oud en Emily Hobhouse nege-en-veertig toe hulle mekaar vir die laaste keer in 1909 in Brittanje ontmoet het.

Tibbie het in 1913 begin met die gewoonte om Emily Hobhouse te verras met 'n houer vol Suid-Afrikaanse lekkernye en produkte ná mej. Hobhouse se mislukte

¹³ VAB A156 1/1/12 EH - RIS 10 Augustus 1924, 28 September 1924; A156 1/1/10 EH - RIS 7 Mei 1922; OR Gladys (Londen) - RIS 2 Oktober 1924.

¹⁴ VAB A156 1/1/12 EH - RIS 3 Junie 1923, 3 Augustus 1924; TAB A1/193 EH - JCS 7 Junie 1911; VAB 156 1/1/10 RIS - EH 7 Mei 1922.

¹⁵ Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 21 Februarie 1901; VAB A156 1/1/14 RIS (Bloemfontein) - EH c. 1901.

¹⁶ Van Reenen, R. (Ed.), *Emily Hobhouse Boer War letters*, p. 324.

¹⁷ Van Reenen, R. (Ed.), *Emily Hobhouse Boer War letters*, pp. 363, 383.

¹⁸ Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Julie 1911; Steyn, R.I., "Emily Hobhouse", *Die Huisgenoot* 25 Junie 1926, p. 7.

poging om die Vrouemonument te onthul.¹⁹ Elke distrik in die Vrystaat het sedert 1920 beurtelings van Tibbie opdrag ontvang om op Emily Hobhouse se verjaarsdag, 9 April, aan haar 'n "Wonder Box", soos mej. Hobhouse dit genoem het, te stuur.²⁰ Die inhoud van die verrassingspakkie uit Philippolis wat in 1923 onder leiding van Emeline Steytler, Tibbie se suster, saamgestel is, het byvoorbeeld 'n groot verjaarsdagkoek, mosbeskuit, ingemaakte vrugte, biltong, gedroogde vrugte en rosyne, heuning, blatjang, "sameltjies" en boerseep ingesluit.²¹ Tibbie het streng instruksies gegee dat elke houër mej. Hobhouse kosteloos moet bereik. Van Emily Hobhouse wou sy daarna presies die kwaliteit en hoeveelheid van die inhoud asook die toestand waarin sy dit ontvang het, verneem sodat regstellings, soos nodig gemaak kon word.²² Tibbie het haar misnoë in 1922 in duidelike taal aan die voorsitster van só 'n poging oorgedra toe die gebruikelike houër uit Fauresmith veel te wense oorgelaat het. "It is not right", het sy aan Emily Hobhouse geskryf, "to let them think that they have acquitted their task well, when such is not the case".²³ Op Tibbie se versoek het Emily Hobhouse gewoonlik al die skenkers afsonderlik bedank.²⁴ Die laaste geskenkhouër het Tibbie eindelose hoofbrekens besorg aangesien Emily Hobhouse op die Isle of Wight vertoef het en Tibbie alternatiewe reëlins moes tref.²⁵ Ten spyte van al haar moeite is Emily Hobhouse oorlede en die inhoud van die geskenkhouër is uiteindelik verdeel tussen Margaret Gillet en Lalie (geb. Williams) Smit, Tibbie se niggie wat met Suid-Afrika se hoë kommissaris in Londen getroud was.²⁶

Tibbie het haar toegeneentheid teenoor mej. Hobhouse ook op ander tasbare maniere bewys. Vanaf 1911 het Tibbie altyd op mej. Hobhouse se verjaarsdag en Kersfees self 'n bruikbare geskenk gestuur. Sy het Emily Hobhouse byvoorbeeld by

-
- 19 VAB A156 1/1/1 EH - RIS 6 Januarie 1914; Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Januarie 1914; VAB A156 1/1/15 RIS - susters 4 Februarie 1914; A156 1/1/15 C.J. Langenhoven (Oudtshoorn) - RIS 26 November 1913.
- 20 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 10 April 1923, 4 Februarie 1924, 13 April 1924; NGKA OVV Notuleboek 1920-1930 1 Julie 1922.
- 21 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 22 April 1923; Steyn, R.I., "Emily Hobhouse", Die Huisgenoot 25 Junie 1926, p. 7.
- 22 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 21 September 1920, 6 Oktober 1920.
- 23 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 27 Mei 1922.
- 24 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 17 Desember 1922.
- 25 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 14 April 1926, 22 April 1926, 1 Mei 1926; A156 1/1/13 EH (Isle of Wight) - Lalie Smit 15 Mei 1926; Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 1 April 1926.
- 26 VAB A156 3/7 L. Troskie (Ficksburg) - RIS 10 Augustus 1926; Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 5 Maart 1926.

meer as een geleentheid 'n boek as geskenk gestuur, later druiwe, 'n springbokmat, 'n jakkalskaros en vulpenne.²⁷

Emily Hobhouse het soos haar moeder en die hoë middelklas waarvan sy deel was 'n ongeërgdheid teenoor haar persoonlike geldsake geopenbaar in teenstelling met openbare geld waarmee sy uiters noukeurig te werk gegaan het. In 1910 het dit haar skielik asof terloops getref sodat haar private finansiële middele nie onbeperk was nie. "I feel rather frightened about it", het sy aan genl. Smuts geskryf, "because as long as we do (haar onderstreping) wear this mortal flesh we have to pay our own way!"²⁸ Veral ná die Eerste Wêreldoorlog was dit duidelik dat menige relatief vermoënde Brit drastiese finansiële aanpassings sou moes maak om aan te pas by die drukkende finansiële omstandighede. "We all have to stand and fall with the fortunes of our country", het sy in 1920 aan Tibbie geskryf, "and my narrowed means constitute a lot shared by hundreds of thousands of people".²⁹ Ten spyte van haar omstandighede het sy sonder enige gewetenskaplik maklik, selfs te maklik, van haar kosbaarste besittings as geskenke uitgedeel.³⁰

Hoewel Emily Hobhouse besef het dat sy as gevolg van die na-oorlogse finansiële situasie, geen "easy old age & comfort in illness", soos sy dit gestel het, sou geniet nie, het sy nogtans haar hart ingestel op 'n "dear little house, so bright & sunny - low & red roofed and with a magnificent view of seas & cliffs". Dit was aan die kus van Cornwall geleë waar sy tuis gevoel het want "over 1 000 years my mother's family has lived in this neighbourhood & we feel part & parcel of the rocks and the soil". Die koopprys van £2,000 was egter bo haar vuurmaakplek.³¹

Ten spyte van verskeie insamelingspogings wat reeds in die Vrystaat aan die gang was, het Tibbie 'n paar intieme vriende geraadpleeg om deur halfkroonskenkings, die koopprys van die huis aan mej. Hobhouse aan te bied.³² "I did weigh the pros and cons", het Tibbie ná die tyd aan mej. Hobhouse geskryf, "(and) was encouraged to do it by one and all".³³ Tibbie het gevolglik 'n komiteevergadering belê, bestaande uit Hannah en mev. J. Boshoff, Eugenie Fraser, Ella Fischer en E. Kress met mev. E. Fivaz as sekretaresse. "I only asked a 2/6 subscription so that

27 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Julie 1911; PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 2 September 1921; PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 12 Desember 1922; VAB A156 1/1/12 EH - RIS 28 Desember 1924; A156 1/1/13 EH - RIS 19 April 1925.

28 TAB A1/193 EH - JCS 21 Februarie 1910.

29 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 9 September 1920.

30 Die Volksblad 15 Augustus 1922; VAB A156 1/1/10 EH - RIS 13 November 1921; Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 27 Desember 1921.

31 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 9 September 1920, 21 September 1920.

32 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 27 November 1921.

33 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 16 Mei 1921.

rich and poor could give alike ... (and) to make the gift acceptable to you".³⁴ The Friend, Die Volksblad, die OVV, SAVF en die Afrikaanse kerke, takke van die NP en die Helpmekaar het almal Tibbie se insamelingspoging gesteun.³⁵ G.J. de Jager van Wepener was verteenwoordigend van die behoeftige maar gewillige skenkers. Hy het geskryf: "Arme mense gee & so ik(.) ik krap my laatste penny by mekaar vir Miss Hobhouse".³⁶ Met dié blymoedige gesindheid kon Tibbie reeds op 8 April 1921 vir Emily Hobhouse 'n bedrag van £2,000 deponeer by Barclays Bank, Londen, as huldeblyk van vriende en bewonderaars in Suid-Afrika. Uit persoonlike ondervinding het Tibbie geweet watter pynlike ervaring die aanvaarding van so 'n skenking kon wees en haar meegaande brief was oorredend versoenend van aard: "Now Miss Hobhouse", skryf sy, "will you please accept the Draft from us in the same spirit of love as we are sending it ... Give us the joy of feeling that we have attained our object".³⁷

Emily Hobhouse wat reeds 'n week vantevore deur Johanna Osborne ingelig is oor die Hobhouse Fonds, soos dit bekend gestaan het, was deur die nuus totaal uit die veld geslaan. "It was the first hint I had", het sy aan mev. Osborne geskryf, "and realizing that it was too late to stop the movement ... I think you know that I would never have given my consent to a collection on my behalf". Die gedagte dat 'n insameling ten behoeve van haarself kon geskied te midde van wydverspreide armoede in Suid-Afrika was vir mej. Hobhouse 'n onhoudbare gedagte, soos sy dit onomwonde teenoor genl. Smuts uitgedruk het: "I shudder when I think what labour your appeal for my house must have involved", het Emily Hobhouse in Augustus 1921 geskryf. Ten minste 16 000 halfkrone was volgens haar berekening benodig vir die koopsom van £2,000.³⁸ Tibbie het haar egter verseker dat daar geen probleme was nie, "my only difficulty was 'Miss Hobhouse!'"³⁹

Emily Hobhouse se weerstand teen die gedagte van 'n insamelingspoging vir haar, is waarskynlik vergroot omdat sy as trotse mens verkies het dat haar persoonlike finansiële posisie, hoe benard ook al, 'n private aangeleentheid bly. Daarby het sy ook geglo dat so 'n skenking "is usually reserved for successful generals who have killed a lot of people & ruined property ... like Kitchener".⁴⁰ Tibbie se brief, het Emily Hobhouse aan Johanna Osborne erken, "was of a nature so compelling, so

34 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 8 April 1921.

35 VAB A156 1/1/16 E. Fivaz - RIS 20 Junie 1921, 30 April 1921; The Friend 17 Februarie 1921; Die Volksblad 17 Februarie 1921.

36 VAB A156 1/1/16 G.J. de Jager - RIS 22 Maart 1921.

37 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 8 April 1921.

38 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 7 Augustus 1921, 1 Junie 1921.

39 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 2 September 1921.

40 TAB A1/208 EH - JCS 6 Junie 1921.

simple & directly springing from her heart that I felt it is impossible to do other than accept the gift".⁴¹ Tibbie het 'n sug van verligting geslaak en was ingenome dat die individue en organisasies wat met die insamelingspoging gemoeid was, nie teleurgestel is nie.⁴² Soos voorheen was Emily Hobhouse getref deur "the extraordinary open handed(ness) ... (of) your people".⁴³ Tibbie het mej. Hobhouse vermaan dat die skenking, wat ook al gebeur, nie teruggegee mag word nie. "Besides", het sy opgemerk, "we would not be worth much if as a people we could not cope with the poverty amongst us. So now never let me hear a word about the small sum we gave you!"⁴⁴

Die huis wat Emily Hobhouse van 'n mev. Wood in haar geboortedorp, St. Ives in Cornwall gekoop het, het sy "The Warren House" gedoop.⁴⁵ Volgens Gladys wat mej. Hobhouse gereeld besoek het, was die huis moeilik bereikbaar. Dit was egter 'n pragtige huis met 'n mooi uitsig. "Maar", het Gladys aan Tibbie geskryf, "ek kan nie begryp hoe sy ooit die huis gekoop het nie". Behalwe dat die huis sewe slaapkamers gehad het en die vertrekke enorm was, het Emily Hobhouse se "anner natuur" soos Gladys dit gestel het, haar verhoed om die ongebruikte vertrekke net toe te sluit. Sy wou die huis blinkskoon bestuur maar die gebrek aan bediendes het verhoed dat sy dit kon doen.⁴⁶

Om die verskil tussen die koopsom van die huis en die skenking uit Suid-Afrika op te maak, het sy genl. Smuts om 'n lening van £200 genader. Emily Hobhouse wat sedert 1904 'n lewendige vriendskap en korrespondensie met genl. Smuts en 'n ruk lank ook met sy eggenote, Isie, gevoer het, se aanhef tot haar briewe aan genl. Smuts het gewoonlik haar gemoedstemming verrai: "Oh!", het sy haar vreugde na die eerste aand se verblyf in Warren House betuig, "Great & mighty oom! ... I am haunted by very tender thoughts of thousands of S. Africans. I still can hardly believe ... it".⁴⁷ Na aanleiding van 'n vertroulike skrywe van genl. Smuts aan Tibbie in verband met dié lening, het Tibbie weer eens getrag om deur middel van die OVV die £200 te kollekteer "want die huis is ons geskenk en (ek) voel ons (moet) ten volle daarvoor betaal".⁴⁸ Soos voorheen met soortgelyke insamelingspogings was Transvaal se bydrae 'n teleurstelling. "Please destroy this

41 VAB A53 EH - Johanna Osborne 26 Mei 1921.

42 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 10 Mei 1921; PV181 2/8/1/1/5 EH - RIS 18 Mei 1921; PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 2 September 1921.

43 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 22 November 1921.

44 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 10 Mei 1922.

45 VAB A156 1/1/10 EH RIS 23 Mei 1921, 31 Mei 1921, 14 Junie 1921.

46 OR Gladys (St. Ives) - RIS 2 Mei 1922.

47 TAB A1/208 EH (St. Ives) - JCS 10 Junie 1921; TAB A1/207 EH - JCS 21 September 1920.

48 Ineg PV181 2/8/1/1/5 JCS - RIS 15 September 1921; PV180 1/2/2/2/1/1 OVV Notule, Tibbie toespraak voor 9e kongres 2 November 1921.

letter", het sy aan mej. Hobhouse geskryf, "as no eyes but yours must see what I have said about the rich Transvaal".⁴⁹ Ten einde die volle koopsom te vereffen en Emily Hobhouse in staat te stel om ook sentrale verhitting te installeer, het Tibbie in November 'n addisionele £200 aan haar gestuur met die uitdruklike voorwaarde dat dit aangewend moet word vir haar huis en eie behoeftes.⁵⁰ Die finale paalement het mej. Hobhouse voor haar verjaarsdag die volgende jaar bereik.⁵¹ Tibbie het mej. Hobhouse versoek om die drie vermoënde donateurs, sir David de Villiers Graaff, dr. Moll en mnr. Henneman wat verantwoordelik was vir dié laaste bedrag, individueel te bedank.⁵² Van die £2,284 wat die ingesamelde bedrag verteenwoordig het, was die Vrystaatse bydrae weer eens die grootste. Met die publikasie van Emily Hobhouse se dankseggingsbrief is die Hobhouse Fonds afgesluit.⁵³

Beide dames se bedenkinge oor die feit dat mej. Hobhouse 'n semi-invalide wat 'n huis alleen bewoon, is aanvanklik besweer deur die genot wat mej. Hobhouse uit The Warren House uit geput het. "This is to tell you dearest Mrs. Steyn", het sy byna ekstasies op 18 Julie 1921 geskryf, "that last night I lay to rest for the first time in your house & that the dream which you cherished is actually realized".⁵⁴ Haar eerste besoeker was dr. Frank Reitz, oud-president F.W. Reitz se seun, wat mej. Hobhouse gehelp het om matte te lê, prente op te hang en die inhoud van die geskenkhouer van Smithfield en Winburg gehelp uitpak het.⁵⁵ Slegs tyd sou egter volgens mej. Hobhouse leer of The Warren House die korrekte besluit was: "I mean to make a gallant fight to live in this home of my own", het sy geskryf, "and be sure I shall not give up without a struggle".⁵⁶

Dat Emily Hobhouse vir Tibbie ná die koop van die huis reeds gewaarsku het dat sy met die werklikheid moet rekening hou, het die teleurstelling by die besef uiteindelik van die onoorkomelike probleme nie makliker gemaak nie.⁵⁷ In die na-oorlogse Brittanje waar jong meisies eerder sekretaresses as huisbediendes geword het, het die gebrek aan hulp 'n groot probleem geblyk te wees aangesien mej. Hobhouse se gesondheid veel te wense oorgelaat het.⁵⁸ Terwyl Emily Hobhouse met

⁴⁹ Ineg PV181 2/7/1/1/3 EH - RIS 16 Augustus 1921, 7 Augustus 1921; PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 2 September 1921; VAB A156 1/1/10 11 September 1921.

⁵⁰ Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 10 November 1921; PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 17 November 1921.

⁵¹ Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 13 Maart 1922.

⁵² Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 17 November 1921.

⁵³ VAB A156 1/1/16 E. Fivaz - RIS 27 Januarie 1922; Die Volksblad 7 Februarie 1922.

⁵⁴ VAB A156 1/1/10 EH - RIS 18 Julie 1921.

⁵⁵ VAB A156 1/1/10 EH - RIS 29 Julie 1921, 17 Julie 1921, 27 Julie 1921, 14 Augustus 1921, 21 Augustus 1921.

⁵⁶ VAB A156 1/1/10 EH - RIS 4 Julie 1921.

⁵⁷ VAB A156 1/1/10 EH - RIS 21 Julie 1921.

⁵⁸ Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 30 April 1922; PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 18 Januarie 1922, 30 Januarie 1922.

'n tikkie sarkasme aangevoer het dat weinig van die deursnee-stedeling in Brittanje "could forgive my misdeeds in South Africa", het sy tog op meer toegeneentheid van die inwoners van plattelandse dorpie gehoop.⁵⁹ Ook hier het die hoop beskaam: voor die einde van die jaar was dit reeds duidelik dat sy vriendeloos sou bly, dat sy hier inderdaad "not to be 'received' ... socially ostracized" sou wees.⁶⁰ Om dinge te vererger het haar jonger professor-broer, Leonard, se seun, Oliver (wat mej. Hobhouse haar "pet nephew" genoem het) in hierdie tyd gaan trou: sy bruid het gekom uit 'n stand wat mej. Hobhouse as "nouveau riche" beskryf het: mense sonder enige noemenswaardige agtergrond wat skielik welvarend geword het.⁶¹ Sy was deeglik onder die indruk dat "family ... means much to a solitary person .. in the advancing days of life".⁶² En tog kon sy Oliver, wat veel vir haar beteken het, se aanstaande, 'n inwoner van St. Ives, nie aanvaar nie. "I fear", het sy aan Tibbie geskryf, "(she) is not 'one of us'".⁶³

Tibbie wat nooit Emily Hobhouse se magnetiese persoonlikheid besit het nie, was juis daarom waarskynlik verdraagsamer teenoor menslike tekortkominge en meer aanpasbaar in die veranderende omstandighede. Sy het dus slegs die positiewe in die verhouding raakgesien en beklemtoon. Dit was vir Tibbie as't ware 'n bestiering dat Oliver juis met 'n St. Ives - meisie 'n verhouding aangeknoop het. "I somehow feel to have someone young taking ... special interest in you would be bright for you & it will make me feel very happy". Oliver sou haar verder dank verskuldig wees indien sy tegemoetkomend kon wees teenoor sy aanstaande vrou. "I always gave my children a good time during their engagements. They to this day still speak of the happy times they had. Don't be cross (haar onderstreping) at my daring to write to you in this strain".⁶⁴ Gladys, wat Oliver se aanstaande in St. Ives ontmoet het, was onverwags aangenaam verras met Oliver se keuse. "Ek kan nie verstaan", het Gladys aan Tibbie geskryf, "wat sy teen die meisie het nie".⁶⁵

As gevolg van haar benarde finansiële omstandighede, bediendeprobleme en swak gesondheid het Emily Hobhouse presies twee jaar nadat sy The Warren House gekoop het, dit teen 'n verlies van die hand gesit en na Londen verhuis. Die huis was vir haar "a monument of your grateful affection & interest in my welfare". Twee jaar lank kon sy daarby al haar dokumente en goedere onder een dak huisves,

59 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 21 Julie 1921.

60 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 12 Februarie 1922, 13 November 1921; A156 1/1/12 EH - RIS 8 April 1923.

61 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 3 Augustus 1924.

62 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 12 Februarie 1922.

63 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 3 Augustus 1924.

64 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 9 Mei 1923.

65 OR Gladys (Londen) - RIS 26 Februarie 1925.

sy kon haar familie verblyf bied en ook aandag skenk aan twee geskiedkundige werke wat sy vir publikasie gereed wou kry.

Teen die vroeë twintigerjare toe Tibbie en mej. Hobhouse se vriendskapsverhouding verstewig en in diepte gegroei het, was beide vroue nog besonder aantreklik en waardig. 'n Suid-Afrikaner, 'n mnr. E. Stockenström wat Emily Hobhouse in 1921 by 'n simfonie-uitvoering ontmoet het, was getref deur haar fier houding, "die slanke gestalte ... bykans ses voet hoog ... die innemende gelaatstrekke, die treffende swier in houding en gebare, die beminlikheid van aard en karakter wat duidelik op die aangesig te lese is ... en boweal die merkwaardige intelligensie en welsprekendheid", dit alles het vir hom getoon dat dit nie 'n gewone persoon was wat hy ontmoet het nie. Hy is getref deur die gedagte "wat 'n voortreffelike tiepe (sic) van die vroueras ... moes (sy) dertig jaar gelede gewees het!"⁶⁶ Tibbie se hare was ook op vyf-en-vyftigjarige leeftyd sneeuwit. Die sterk beenstruktuur van haar gesig, 'n tipiese Fraser-eienskap, het die majesteit van veroudering vir haar vergemaklik en sy het ten spyte van haar strak en somber kleredrag, die skone bejaardheid van later jare begin aanneem.⁶⁷

Ten spyte daarvan dat die twee vriendinne, Tibbie en Emily Hobhouse, mekaar streng formeel in hul korrespondensie aangespreek het, was hulle intieme vriende. Emily Hobhouse se gebruik om haar pen eerder as haar tong vir kommunikasie aan te wend was die gevolg van haar isolasie.⁶⁸ Aanvanklik het sy haar behoefte om só te kommunikeer, bevredig deur briefwisseling met genl. Smuts. As gevolg van politieke verskille en omdat genl. Smuts Margaret Gillet en haar eggenoot later as sy vertrouelinge gebruik het, is die vakuum wat in Emily Hobhouse se lewe ontstaan het, gevul deur Tibbie. Die leemte gelaat deur Theunis se dood en die baie tyd tot haar beskikking nadat haar kinders die huis verlaat het, het die regte omstandighede vir hulle geskep om intieme vriendinne te word sonder dat hulle mekaar ooit weer gesien het. Hulle het vreugdes, probleme, tragedies en siektes openlik met mekaar bespreek. Veral Emily Hobhouse wat op 'n besonderse wyse met die Engelse taal omgegaan het, se sprankelende briewe spreek van gevoel, intelligensie, geestigheid en van hul verhewe maar ook soms patetiese vriendskap. Soos Tibbie erken het: "You can express such beautiful thoughts and put things so differently from other people, but I often feel how barren my letters are and I envy you your great gift".⁶⁹

66 Ineg PV180 1/2/2/1/1 E. Stockenström (Londen) - Die Burger 26 September 1921.

67 Schoeman, K., In liefde en trou, ..., foto's tussen pp. 96-97.

68 Van Reenen, R. (Ed.). Emily Hobhouse Boer War letters, p. 7.

69 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 27 Junie 1921.

Anders as wat Karel Schoeman beweer, het die korrespondensie van Tibbie aan mej. Hobhouse vanaf 1902 tot 1926 behoue gebly, veilig bewaar in die Instituut vir Eietydse Navorsing, (Ineg), UOVS, Bloemfontein.⁷⁰ Die korrespondensie was nie vir publikasie bedoel nie, en is dit dus sonder die minste voorbedagsaamheid - soms selfs met heelparty foute - neergeskryf, sonder die bygedagte dat enigiemand benadeel kon word.

Tibbie het nooit gely aan wat Emily Hobhouse genoem het "the Afrikaner powerlessness to write letters" nie.⁷¹ Omdat mej. Hobhouse dikwels inligting slegs met moeite uit korrespondente kon kry, of mense selfs nagelaat het om te antwoord, meen sy dat Tibbie is "the only (haar onderstreping) South African who can really write letters! and to you it seems so easy!"⁷² Volgens haar was "letter-writing (one) ... of the things in which women particularly excell - & men cannot hold a candle to them in this respect".⁷³ So skryf Emily Hobhouse 'n jaar voor haar dood: "Please be very careful not to show naughty things in my letters to anyone and impress on those who see them that nothing (haar onderstreping) is for publication or quotation publicly".⁷⁴ Insgelyks versoek Tibbie mej. Hobhouse dat sy sekere briewe moet vernietig aangesien sy te vrylik name en feite vermeld.⁷⁵

Emily Hobhouse het sonder uitsondering elke Sondag aan Tibbie geskryf. Sy was trouens so 'n getroue korrespondent dat sy met oortuiging die swaar poslading tussen Kersfees en Nuwejaar die skuld kon gee vir 'n vertraagde brief. "You say I missed a mail. No, not I".⁷⁶ Tibbie het weer die gewoonte volgehou totdat sy diep in die tagtig was om in die ongesteurdheid van die vroeë oggend te skryf.⁷⁷ Dié oggend ritueel, die drink van die koffie wat sy self op 'n stofie gemaak het, die aantrek voor die vuur en die geselsroetine, was jare daarna steeds aangename herinneringe aan hul ouma vir haar kleinkinders. Die installering van elektriese lig in 1922 het die briëfskrywery vroeg soggens as dit in die winter nog donker is, vergemaklik: "I assure you", het sy aan mej. Hobhouse geskryf, "I am delighted with it ... it will be a grand thing for me to have for my letter writing early in the morning".⁷⁸

70 Schoeman, K., In liefde en trou, ..., p. 142.

71 Van Reenen, R. (Ed.), Emily Hobhouse Boer War letters, p. 437.

72 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 26 November 1922.

73 TAB A1/193 EH - Isie Smuts 13 Februarie 1910.

74 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 19 Mei 1925.

75 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 15 November 1922.

76 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 26 Maart 1926, 6 Februarie 1922.

77 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 20 Desember 1923; Van der Merwe, N.J. (jr.), "Ouma", Nuntius c. 1986; Brief appèlregter M.T. Steyn (Appèlhof Bloemfontein) - skryfster 31 Augustus 1992.

78 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 27 Augustus 1922.

Albei vroue het 'n sterk historiese sin gehad. Soos Tibbie het Emily Hobhouse van geen dokument, aantekening of korrespondensie ontslae geraak nie. Die insameling van geskifte oor belewenisse tydens haar besoek in 1903 aan die Transvaal en die Vrystaat, om hulp te verleen was in 'n sekere sin reeds 'n bewaringspoging. Die rangskikking van dié belangrike herinneringe sou vir Emily Hobhouse, naas die vertaling van Alie Badenhorst se dagboek, 'n lewenstaak word. "I am neither mother nor grandmother and belong to no one", het sy in hierdie verband aan Tibbie geskryf. "I sometimes think the only thing that binds me to earth is to finish up these books for you all".⁷⁹

Mev. Alida Badenhorst (geb. De Wet), een van mej. Hobhouse se vriendinne uit die oorlogsjare het haar dagboek met oorlogsherinneringe aan mej. Hobhouse bekend gestel. Mej. Hobhouse wou dit in Engels laat publiseer, nie alleen weens die historiese waarde daarvan nie, maar ook sodat die breë Engelssprekende publiek dit kon lees. "Simple as it is", het sy aan Tibbie geskryf, "it has the fascination of truth".⁸⁰ Sy het dit so kardinaal van belang geag dat sy selfs bereid was om in haar eie karige middele te delf om die publikasie daarvan moontlik te maak.⁸¹ Tibbie, wat hierdie poging deurentyd ondersteun het, het onderneem om bystand te verleen met die verkoop en die verspreiding daarvan in Suid-Afrika.⁸² Sy moes bepaal of dit wenslik sou wees om 'n goedkoper weergawe in Suid-Afrika te publiseer.⁸³ Hierin kon Tibbie op Rae, Ella Fischer en mev. Boshoff van die OVV staatmaak.⁸⁴ In haar poging om die OVV se steun vir die verkoping van die boek te verkry, het Tibbie in haar toespraak, wat op 22 Mei 1923 voor die tiende OVV-kongres voorgelees is op die historiese waarde daarvan gewys.⁸⁵ Omdat die boek in Engels was, is die verkope daarvan in Suid-Afrika egter geknou want die ouer geslag Boervrou was nie by magte was om dit te lees nie.⁸⁶ Die leuse van die OVV, naamlik "Kerk, Taal (Tibbie se onderstreping) en Volk" het baie Boervroue laat kapsie maak teenoor enigiets in Engels.⁸⁷ Die boek is in 1923 in Londen gepubliseer onder die titel van Tant' Alie of Transvaal, Her dairy 1880-1902; dit was vir Tibbie aangrypend en

79 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 18 Maart 1923.

80 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 27 Mei 1923; A156 1/1/10 EH - RIS 2 Julie 1922.

81 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 26 Maart 1922, 25 Julie 1922.

82 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 1 April 1923, 13 Mei 1923, 15 Julie 1923.

83 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 25 Maart 1923.

84 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 1 Mei 1923; Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 11 Junie 1923; PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 6 Augustus 1923; PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 19 Februarie 1924.

85 Ineg PV180 1/2/2/2/1/1 Notules OVV kongres, RIS toespraak voorgelees voor 10e OVV kongres 22 Mei 1923, pp. 7,8; PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 22 Mei 1923.

86 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 16 April 1923.

87 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 13 Junie 1923; PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 21 Augustus 1923;

VAB A156 1/1/12 EH - RIS 8 Julie 1923.

volgens haar die beste weergawe van die kamplewe. Sy het mej. Hobhouse ook daarvoor in die naam van Suid-Afrika bedank.⁸⁸

Alhoewel mej. Hobhouse besef het dat Tant' Alie ... nie 'n blitsverkoper sou wees omdat die tema na byna 'n kwarteeu reeds minder aktueel was, was sy nogtans teleurgesteld oor die omvang van haar finansiële verlies.⁸⁹ Tibbie het mej. Hobhouse nogtans gerus gestel dat alle eksemplare mettertyd van die hand gesit sou word omdat "our people do not hurry about things".⁹⁰ Beide dames was van mening dat die manuskrip ook in Afrikaans vertaal moes word,⁹¹ maar dat dit alleen moes geskied nadat die Engelse weergawes uitverkoop was.⁹² Oud-president Reitz, wat diep geraak is deur die dagboek, het onderneem om die Afrikaanse vertaling waar te neem. Gevolglik tree Tibbie met die Badenhorst-familie in verbinding om die oorspronklike manuskrip te bekom.⁹³ Wessel Badenhorst, tant Alie se seun en erfgenaam, was ingenome met die idee.⁹⁴ Sestien jaar later, in 1939 het Tibbie nog nie die idee dat die dagboek in Afrikaans die lig moes sien, laat vaar nie. Hieroor wou sy M.E. Rothman (MER) as vertaler van die manuskrip wat in die Nederlandse Afrikaans van destyds was, gebruik, maar die plan het nooit werklikheid geword nie.⁹⁵

Emily Hobhouse was onseker of die oorlogsherinneringe van Boervroue wat sy in 1903 in die Transvaal en die Vrystaat versamel het deel van haar memoires moes uitmaak.⁹⁶ Dit is uiteindelik apart deur die Nasionale Pers in 1924 in Bloemfontein onder die titel War without glamour or womens' experiences written by themselves 1899-1902 (Historical records collected and translated by Emily Hobhouse) gepubliseer en aan Tibbie opgedra. Ook hiermee het Tibbie haar bygestaan deur haar van die name van boekhandelaars te voorsien en haar in verbinding met kundiges te plaas wat haar van inligting en statistiek kon voorsien.⁹⁷

-
- 88 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 15 Julie 1923; Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 12 Augustus 1923, 9 September 1923.
- 89 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 28 Januarie 1923, 13 Januarie 1924; Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 9 Oktober 1923.
- 90 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 9 Oktober 1923, 15 Oktober 1923, 15 November 1923.
- 91 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 12 Augustus 1923; VAB A156 1/1/10 EH - RIS 8 Januarie 1922.
- 92 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 13 Januarie 1924; Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 1 September 1924.
- 93 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 8 November 1923, 18 Desember 1923; PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 5 Februarie 1924, 12 Februarie 1924.
- 94 Ineg PV181 2/8/1/1/16 W. Badenhorst (Losberg) - RIS 13 Desember 1923; PV181 2/8/1/1/16 H. Badenhorst - RIS 14 Desember 1923.
- 95 VAB A160/69 RIS - HPNM 9 Julie 1939.
- 96 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 12 November 1922.
- 97 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 12 November 1922; A156 1/1/12 EH - RIS 22 April 1923; A156 1/1/11 EH - RIS 27 Julie 1924.

Vir Tibbie egter was dit 'n prioriteit dat Emily Hobhouse haar outobiografie vanweë die onskatbare historiese waarde daarvan en voor die tyd uitloop en terwyl sy nog krag tot haar beskikking gehad het, sou voltooi.⁹⁸ Dit was reeds in 1922 duidelik dat die gebrek aan bediendes in Cornwall Emily Hobhouse se reeds uitgeputte liggaam 'n knou toegedien het en "prohibit good brain work" in haar eie woorde.⁹⁹ Met behulp van 'n Europese vriendin, Emmie Schwyzer het Emily Hobhouse teen die einde van 1922 begin om haar dokumentasie te sorteer. "And Oh! How long long ago that seems, and is (haar onderstreping) I rather shrink from the emotional experience of living it all through again".¹⁰⁰ Tesame met haar swak gesondheid, gebrek aan emosionele en verblyfsekuriteit het herlewing van haar "' Sturm und drang' years of sorrows, of mistakes, of the ... painful ... lessons of experience ... at the end of the long perspective of years (became) almost overwhelming. Have you", het sy aan Tibbie gevra, "any conception how harrowing it is to wade through all the records of a life time?"¹⁰¹ Ten spyte van die emosionele trauma, het Emily Hobhouse na gelang van omstandighede, 'n gemiddeld van bykans drie ure per dag aan haar memoires geskryf.¹⁰²

Gladys het haar tydens 'n besoek aan Londen met die wetlike aspekte betreffende die gebruik van die korrespondensie van lewende persone bygestaan.¹⁰³ Aan elkeen van haar korrespondente wie se briewe sy in haar memoire opgeneem het, moes sy toestemming verkry. Tibbie het haar deursettingsvermoë bewonder en het haar probeer bemoedig met die wete dat die herinneringe veel vir Suid-Afrika sou beteken "and it is a book we must have. You live in our hearts and you are bound up in our history".¹⁰⁴ Emily Hobhouse is egter oorlede voor sy haar outobiografie verder as 1908 kon voltooi.¹⁰⁵ Die manuskrip wat aan Tibbie nagelaat is, is later deur Ruth A. Fry gebruik om 'n verkorte biografie saam te stel.¹⁰⁶

Tibbie kon haar vereenselwig met Emily Hobhouse se emosionele trauma wat veroorsaak is deur die oproep uit die vergetelheid van pynlike belewenisse. Sy het dit self in 1924 ervaar toe haar skoonseun, dr. N.J. van der Merwe 'n biografie van Theunis geskryf het. By die deurlees van die manuskrip moes sy dit soms weens

98 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 21 Augustus 1923; PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 12 Desember 1922; PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 27 Augustus 1925.

99 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 3 Mei 1922, 29 Januarie 1922.

100 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 17 Desember 1922, 3 Januarie 1922.

101 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 18 Februarie 1923.

102 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 6 September 1925.

103 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 7 Desember 1924.

104 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 12 Julie 1925.

105 Ineg PV180 1/2/2/2/1/1 Notules OVV RIS toespraak voorgelees voor 14e OVV kongres 17 Mei 1927, p. 13.

106 Ineg PV180 1/2/2/2/1/1 Notules OVV RIS toespraak voorgelees voor 15e OVV kongres 8 Mei 1928, p. 17; Fischer, J., That Miss Hobhouse, p. 267.

emosionele ontsteltenis neersit.¹⁰⁷ 'n Gedeelte daarvan wat deur Theunis voor sy dood aan Tibbie gedikteer is, was outobiografie en van groot waarde. Ander gedeeltes was juis vanweë die onbeskikbaarheid van bronne in die Vrystaatse Argiefbewaarplek ontoereikend.¹⁰⁸ 'n Polemie is ook veroorsaak deurdat Die Burger sekere gedeeltes daarvan gepubliseer het wat 'n negatiewe lig gewerp het op genl. Smuts se vredes pogings gedurende die Anglo-Boereoorlog. Vir Tibbie was dit 'n verleentheid want sy het spesifiek versoek dat dié gedeeltes weggelaat moes word. "The mischief has been done", het sy aan mej. Hobhouse geskryf nadat haar en Nico se pogings om die publikasie te keer, op niks uitgeloop het nie.¹⁰⁹

Tibbie het nooit die historiese waarde van mej. Hobhouse se rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gering geag nie. Daarom het sy haar in die vroeë twintigerjare beywer om 'n borsbeeld van mej. Hobhouse vir die beoogde kompleks by die Vrouemonument te bekom. As 'n guns vir 'n geruïneerde beeldhouer in Duitsland, prof. A. Molitar, het Emily Hobhouse in 1920 'n borsbeeld van haarself laat maak.¹¹⁰ Ten spyte van mej. Hobhouse se afkeer in die beeld het Tibbie dringend voorbrand vir die skenking daarvan aan Suid-Afrika gemaak.¹¹¹ "I feel", het Tibbie mej. Hobhouse probeer oortuig, "rather that bust than none at all".¹¹² Om mej. Hobhouse se teësinigheid te besweer, het Tibbie haar die versekering gegee dat, indien die beeld nie aan die verwagtinge voldoen nie, Tibbie sou onderneem om dit aan die Vrouemonumentkommissie, wat onder andere uit genl. Hertzog, sen. W.J.C. Brebner en ds. J.D. Kestell bestaan het, voor te lê. Dit sou dan aan die Bloemfontein-museum geskenk word en nie aan die voorgestelde oorlogsmuseum nie.¹¹³ As gevolg van Tibbie se bemoeienis pryk die borsbeeld vandag wel saam met die politieke en militêre figure uit die Anglo-Boereoorlog in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein.¹¹⁴

Die Hobhouse-borsbeeld is maar een voorbeeld uit baie van die waarde wat Tibbie aan die bewaring van historiese stukke geheg het. Haar pogings het egter nie altyd met ewe veel vreugde verloop nie. Twee artikels waaraan Tibbie en haar hele familie baie waarde geheg het, het met verloop van tyd verlore gegaan. Een daarvan was die president se ampserp wat lank na sy dood verloor is, die ander sy Bybel wat

107 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 27 Junie 1921.

108 Scholtz, G.D., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940, p. 115.

109 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 6 April 1921; VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 27 Januarie 1921.

110 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 9 September 1920, 25 Januarie 1921, 19 Maart 1921.

111 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 8 Februarie 1925, 15 Februarie 1925; A 156 1/1/10 EH - RIS 19 Maart 1921, 1 Mei 1921.

112 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 10 Februarie 1921.

113 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 1 November 1925, 20 Desember 1925; Ineg PV181 2/7/1/1/14 EH - RIS 29 November 1925.

114 De Kock, W.J., Krüger, D.W., (reds.), SABW, II, pp. 309-313.

gedurende die Anglo-Boereoorlog by Reitz in die Vrystaat deur die Britse soldate gebuit is. In die vroeë twintigerjare is die Bybel deur bemiddeling van genl. Smuts deur genl. Charles Thompson aan Tibbie terug gegee. Dit is tydens 'n plegtigheid aan Tibbie geskenk wat sterk emosies by haar verwek het. Die gehawende Bybel, wat nuut 'n halfkroon gekos het, het na twee dekades nog Tibbie se foto binne-in gehad.¹¹⁵

Geen enkele saak het in die twintigerjare egter soveel emosie in die Steynkring en veral by Tibbie self ontlok as die verlies van Theunis se ampserp in Oktober 1923 nie. Dit was werklik onvervangbaar omdat dr. Muller dit reeds aan die begin van 1896, net voor Theunis se inhuldiging as president, volgens noukeurige spesifikasies in Den Haag, Nederland, laat maak het.¹¹⁶ Die belangrikheid wat Tibbie aan besittings van geskiedkundige en persoonlike waarde en veral besittings van Theunis geheg het, kan gepeil word uit haar heftige reaksie op wat sy beskou het as ernstige nalatigheid aan die kant van Anton van Wouw, die beeldhouer van die beeldegroep by die Vrouemonument. Dié nalatigheid het vir haar nie net daarin bestaan dat hy die serp wat hy vir die voltooiing van 'n beeld nodig gehad het, onbewaak gelaat het nie, maar veral omdat hy meer as 'n jaar lank niks gedoen het nadat hy besef het dat die serp wel gesteel was nie.¹¹⁷ In die sterkste woorde wat in enige van haar briewe aangetref is, het Tibbie Anton van Wouw verwytdat hy haar telkens gerus gestel het wanneer sy op die teruggawe van die serp aangedring het, terwyl hy reeds bewus was dat die serp gesteel was.¹¹⁸ Sy skryf dat sy die serp aan hom geleen het juis omdat sy die grootste vertroue in hom gehad het "dat U een historiese stuk als een stuk goud sou bewaar, maar helaas ... moet ek die verlies van iets belewe wat geen geld ter wereld my kan vergoed ... my verdriet is baie groot".¹¹⁹

Die Steyns sou die saak nie daar laat nie en het nie alleen die saak by die polisie aangemeld nie maar ook die hulp van die pers ingeroep asook 'n beloning uitgelooft in die poging om die serp op te spoor.¹²⁰ Drie jaar later, toe Tibbie Anton van Wouw weer eens van Theunis se klere moes voorsien vir 'n standbeeld voor die Grey-universiteitskollege (GUK) se hoofgebou was sy nog deur selfverwytdat geteister

-
- 115 VAB A160/70 RIS - HPNM 12 Maart 1922; A156 1/1/10 EH - RIS 7 Augustus 1921; SA Biblioteek, Kaapstad MSC 33/6.5, 6.6 RIS - Rae 6 Januarie 1922.
- 116 VAB A160/70 HPNM (Praag) - J.W. Pont 23 Mei 1928; A160/70 J.W. Pont - HPNM 8 Junie 1928.
- 117 Ineg PV181 2/8/1/1/16 A.E. Laicar (SAP, Johannesburg) - RIS 21 Januarie 1924, no. 2576/23.
- 118 Ineg PV181 2/8/1/1/15 A. van Wouw (Kaapstad) - RIS 27 Junie 1922; PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 5 Februarie 1924.
- 119 Ineg PV181 2/8/1/1/16 RIS - A. van Wouw 30 Oktober 1923.
- 120 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 9 Oktober 1923; PV181 2/8/1/1/16 A.E. Laicar (SAP, Johannesburg) - RIS 21 Januarie 1924, no. 2576/23; PV181 2/8/1/1/16 S. Sims (Johannesburg) - RIS 23 Oktober 1923, no. 2576/23; PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 15 Januarie 1924.

dat sy "so 'n kosbare erfstuk ooit aan 'n ander toevertrou het. Dit is 'n dure les vir my".¹²¹

Tibbie kon die verlies van hierdie, "die mooiste Presidentserp wat ek nog ooit gesien" het, net nie aanvaar nie. Daarom nader sy dr. Muller, wat as diplomaat in Praag diens gedoen het om die moontlikheid te ondersoek dat 'n volmaakte replika van die verlore ampserp gemaak kon word.¹²² Die wewers J.H. van Oven van Den Haag, het ingestem aangesien dieselfde borduurwerkers wat die oorspronklike serp gemaak het, nog by hulle werkzaam was, twee-en-dertig jaar nadat hulle die werklike ampserp op inisiatief van Tibbie se skoonsuster, Hannie Blignaut, geweef het.¹²³

Die vriendskap oor die pos het vir Tibbie sowel as Emily Hobhouse baie beteken. Tibbie, wat altyd 'n emosionele stut nodig gehad het, kon met vrymoedigheid haar hart teenoor mej. Hobhouse oopmaak.¹²⁴ Die vertroulike karakter van die briefwisseling het aan albei 'n vrymoedigheid gegee wat in die Victoriaanse tydperk ongekend was. "Please continue to write me all your joys and griefs", het Tibbie aan mej. Hobhouse geskryf. "I like to feel that you make me your confident (sic)".¹²⁵ Tibbie, wat 'n groot bewondering vir Emily Hobhouse gekoester het, het selfs geglo dat indien Emily Hobhouse 'n man was, sy 'n uitstekende parlamentslid kon wees.¹²⁶

Vir mej. Hobhouse, ontnem van emosionele koestering en geestesverwantskap, het die korrespondensie haar "chief weekly pleasure (haar onderstreping)" geword.¹²⁷ Hoewel Emily Hobhouse se briewe gekenmerk word deur die afwesigheid van selfbejammering en ofskoon sy slegs met die grootste moeite haar eie probleme met andere kon bespreek, het sy tog by die ontlading daarvan aan Tibbie vreedsame verligting ondervind. "Sometimes", het Emily Hobhouse geskryf, "in formulating one's problems & putting them outside oneself on paper there is a sense of easement and light comes".¹²⁸ Die weeklikse korrespondensie het veral vir mej. Hobhouse in haar gekwelde en stremende omstandighede as't ware 'n lewenslyn gebied.

121 Ineg PV181 2/8/1/1/20 A. van Wouw - RIS 3 November 1927, 19 Oktober 1927; PV181 2/8/1/1/20 RIS - A. van Wouw 28 Oktober 1927; VAB A160/70 RIS - HPNM 29 Maart 1928.

122 VAB A160/70 RIS - HPNM c. Junie 1928; A160/70 HPNM (Praag) - Gebroeders van Oven 12 Junie 1928.

123 VAB A1/1/37 J.H. van Oven (Den Haag) - RIS 17 Oktober 1928.

124 Ineg PV181 2/7/1/1/16 RIS - EH 12 Desember 1922.

125 Ineg PV181 2/7/1/1/17 RIS - EH 23 September 1925; PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 30 April 1924.

126 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 24 Julie 1923.

127 Ineg PV181 2/7/1/1/3 EH - RIS 27 April 1926; TAB A1/193 EH - Isie Smuts 27 Julie 1910.

128 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 9 April 1925; A156 1/1/10 EH - RIS 4 Junie 1922.

Ongereelde posaflewering het vir haar 'n berg geword, selfs traumaties.¹²⁹ Toe die vertrek van Asta, Emily Hobhouse se bediende, teen die herfs van 1925 saamval met 'n posstaking wat haar heeltemal van menslike kontak afgesny is, is mej. Hobhouse tot trane gedryf.¹³⁰

Aangrypend is die patos wat straal uit die briewe van Emily Hobhouse, die intellektuele, die rasonale, die onafhanklike, die geestelike en emosionele rots wat lafenis soek en vertroosting en begrip vind by haar minder sterk, afhanklike vriendin se koestering. "I feel ashamed that I have so fallen out that I have for years made you the recipient of my anxieties, but ... to one so truly interested & sympathetic it grew almost unconsciously into a weekly confession ... which to be a real relief had to be true", skryf mej. Hobhouse ses maande voor haar dood. "Few would understand, that having no one to talk to about my own affairs (haar onderstreping) the need of expression becomes overpowering & so has found a safety valve in letters to you ... I am most (haar onderstreping) grateful to you for putting up with me".¹³¹ Die begeerte om mekaar weer te sien, het nooit gematerialiseer nie. Tibbie was nie 'n reisiger nie en het nie die moed en deursettingsvermoë gehad om so 'n rit na Brittanje aan te pak nie.¹³²

"Your letters are like life itself", het mej. Hobhouse aan Tibbie geskryf, "always a mingled picture of joy & sorrow of birth & death, of passing hopes or of ... permanent feeling interwoven".¹³³ En so het mej. Hobhouse haar ingeleef in Tibbie se vreugdes en opgewonde afgagting op die geboorte van Rae se eerste kind, want Tibbie het op 'n seun wat Theunis se naam sou dra, gehoop.¹³⁴ Ekstaties het sy mej. Hobhouse meegedeel dat daar weer op die 5e November 1920 'n klein Marthinus Theunis Steyn op Onze Rust is.¹³⁵ Hoewel die geboorte van ander kleinkinders nie minder belangrik vir Tibbie was nie, was dié genant van Theunis "een troos vir die Ouma waar sy nog haar M.T. Steyn so vreselik mis".¹³⁶ Geen ander kleinkind is egter met soveel fanfare die lewe ingestuur nie. Sy dooprok het spesiaal van die kantskool op Kopjes (Koppies) gekom, sy doopsluier was van limerickkant wat jare

129 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 6 Februarie 1922, 26 Februarie 1922; A156 1/1/13 EH - RIS 13 September 1925.

130 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 16 Augustus 1925, 20 September 1925.

131 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 3 Januarie 1926.

132 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 19 Oktober 1920; PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 18 Augustus 1925; PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 25 Desember 1923.

133 VAB A156 1/1/12 EH RIS 11 November 1923.

134 VAB A90/8 RIS - Mita de Villiers 18 Junie 1920.

135 Ineg PV181 2/7/1/1/2 EH - RIS 9 November 1920; VAB A156 1/1/16 RIS - lady Rose-Innes 12 November 1920, 2 November 1920.

136 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 21 Desember 1920; Meisies Skool Oranje Jaarblad 1921, no. 2.

in die Hobhousefamilie was en deur Emily Hobhouse geskenk is.¹³⁷ Hy is op 5 Februarie 1921 deur ds. J.D. Kestell op Onze Rust gedoop, terwyl sy peetvaders twee Boeregeneraals, Hertzog en De Wet, en dr. Muller was.¹³⁸ Die spesiale band tussen grootmoeder en kleinseun was vroeg reeds 'n bron van vreugde vir Tibbie. "How delightful for you to live again in your grandson", het Emily Hobhouse die ware toedrag van sake raak opgesom, "& to feel his preference for you so real & decided!"¹³⁹

Saam met Tibbie se vreugdes het mej. Hobhouse ook in haar teleurstellings meegeleef. Die besluit van Gladys om as prinsipale aan die Meisieskool Oranje te bedank, het Tibbie met misnoeë vervul.¹⁴⁰ "Sy gaan naar Dr. Nel (Nell) van Heerden in Harrismith", het Tibbie geskryf, "die twee wil nou saam leef. Ek het dit jammer gevind dat sy haar werk aan Oranje moet opgee maar dit was haar keuse".¹⁴¹ Dit was tydens Gladys se studiejare in 1912 in Nederland dat sy Nell, wat met haar geneeskundige studies besig was, beter leer ken het. "Nobody here", het sy aan Tibbie geskryf, "quite seems to understand Nell. She seems (even) to be a little contrary to me".¹⁴² Dit was juis toe Nell as huisdokter by die Volkshospitaal in Bloemfontein na haar terugkoms na Suid-Afrika gepraktiseer het dat sy hierdie kontak met Gladys hernu het. Hulle het veel met mekaar gemeen gehad. Hulle was tydgenote, hulle het albei vroeë bande met Philippolis gehad, hulle het albei die ontwrigting van die Anglo-Boereoorlog beleef, daarby was albei professionele mense met ondernemingsgees en nie een het 'n brandende begeerte gehad om in die huwelik te tree nie.¹⁴³

Nell het vroeg reeds toe sy nog 'n skolier op Philippolis was, erken dat "hoe langer hoe meer ... het ek ... my eie pad geloop". Die reeds opstandige Nell was nie beïndruk deur enige konformiteit nie. "Dit was erg", het sy onthou in haar boek, Kerssnuitsels, "daardie lang hare vol knope wat so woes gekam word en die aaklige, gestyfde rokke wat so krap".¹⁴⁴ Oor haar besluit om medikus te word, het sy baie teenkanting ervaar. Dit het haar net "meer gedetermineerd (gemaak) om nie met daardie halter (van beperkte vrouwees) om my nek deur die lewe te gaan

137 VAB A90/8 RIS - Mita de Villiers 18 November 1920; Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 10 Januarie 1921.

138 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 8 Januarie 1921; A160/70 RIS - HPNM 1 Desember 1920; Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 29 November 1920.

139 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 24 Desember 1921; A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 3 April 1921; A156 1/1/22 Rae - RIS 13 September 1922.

140 The Friend 16 Februarie 1924.

141 TAB A1/202 RIS - JCS 30 September 1917; VAB A156 1/1/10 RIS - HPNM 16 Januarie 1919.

142 OR Gladys (Amsterdam) - RIS 21 Novembr 1912.

143 Beyers, C.J. (red.), SABW, V, pp. 861, 862; Van Heerden, P. Kerssnuitsels, p. 31.

144 Van Heerden, P., Kerssnuitsels, pp. 68, 108.

nie".¹⁴⁵ Nell het dikwels terwyl sy in Bloemfontein werksaam was, haar opwagting op Onze Rust met haar eie motor gemaak. "I found her very charming", het Tibbie mej. Hobhouse streng vertroulik ingelig. "I of course only saw the best of her. Many of our friends however regretted for her own sake that she often indulged in language that they did not wish used by a lady etc."¹⁴⁶ 'n Jaar of wat later het Tibbie steeds die standpunt gehuldig dat mense geneig is om van Nell te hou "although all wish she would be a little different".¹⁴⁷ Nell moes inderdaad opvallend gewees het, selfs eienaardig voorgekom het met haar kort hare wat Emily Hobhouse as "the crowning foolishness" beskou het, en ook omdat sy haar borste laat verwyder het.¹⁴⁸ Vir Emily Hobhouse was Nell, "to all intents & purposes a man".¹⁴⁹ Dat Nell gewis 'n besondere en blywende indruk het na die eerste ontmoeting op mense gelaat kon ook Emily Hobhouse getuig.¹⁵⁰ Vanweë haar sterk uitgesproke opinies moes Nell dikwels 'n opdraande stryd voer teen persoonlike antipatie teenoor haar.¹⁵¹ Tibbie het Emily Hobhouse se oordeel beaam dat sy eintlik haar eie grootste vyand was.¹⁵²

Gladys laat die indruk in haar herinneringe 'n halfeeu later dat sy die Meisieskool Oranje verlaat het om haar as advokaat by die Inn's of Court, Theunis se alma mater, te bekwaam. In werklikheid het die gedagte eers later by haar posgevat, nadat sy by Nell op Harrismith ingetrek het en Nell die begeerte uitgespreek het om haar as ginekoloog in Europa te bekwaam.¹⁵³ Ten spyte daarvan dat Nell teen die einde van 1920 'n woning op Harrismith gekoop het, was daar toe reeds sprake van haar begeerte om in Nederland te gaan spesialiseer, maar die geld het nog in daardie stadium ontbreek.¹⁵⁴ Tibbie se briewe in hierdie tyd is deurspek met verwysings na hul "gesellig(e) en gelukkige saam ... woon" en na Gladys wat groot belangstelling in hul huis en tuin toon.¹⁵⁵ "Gladdie has no intention of seperating from Nell",

145 Van Heerden, P., Kerssnuitsels, p. 142.

146 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 4 September 1917.

147 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 18 April 1922; Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 10 Junie 1922.

148 Van Elfen, J., "'n Moeilike besluit swaard van borskanker oor kop van vroue", Beeld 6 Januarie 1994; VAB A156 1/1/13 EH - RIS 8 Maart 1925.

149 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 9 Oktober 1921.

150 VAB A53 EH - Johanna Osborne 26 Desember 1911.

151 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 7 April 1916.

152 Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 30 Julie 1919.

153 VAB A549/2 Aantekeninge van Gladys oor vroeë lewe c. 1972.

154 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 29 November 1920; PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 27 April

1921; VAB A160/70 RIS - HPNM 6 Julie 1920.

155 VAB A160/70 RIS - HPNM 6 Julie 1920, 1 Desember 1920; Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 30 Augustus 1921.

skryf Tibbie aan Emily Hobhouse, "but she is anxious to qualify in some profession so that she can also earn and do something in life".¹⁵⁶

In dieselfde tyd het Gladys die eerste prokureurksamen met sukses afgelê.¹⁵⁷ Sy het dit egter onmoontlik gevind om haar te laat inskryf as leerlingprokureur omdat "die wetlike vertolking van 'persoon' ... definitief nie vroue impliseer nie".¹⁵⁸ Gladys kon, indien sy die nodige geld kon bekom, slegs in Brittanje studeer aangesien dit in daardie stadium die enigste land was waar vroue tot die balie toegelaat is.¹⁵⁹ "Ek gaan toe na my moeder", het Gladys in haar herinneringe geskryf, "en vra of sy nie kan planmaak dat ek ... my studies in een van die Inns of Court ... kan voortsit nie".¹⁶⁰ Teen Maart het Tibbie Emily Hobhouse streng vertroulik ingelig dat die Kröllers, die vermoënde Nederlandse vriende wat gemoeid was met insameling van noodleningsfondse in Nederland, Gladys se studies op 'n leenbasis sou finansier. "Please do not even refer to this when you write". Haar misnoeë spreek nogtans duidelik oor Gladys se voorneme: "It is a work when you think your children have all been educated and they start again".¹⁶¹ Ook Emily Hobhouse was haar vertwyfeling deelagtig.¹⁶² Tog het Emily Hobhouse die positiewe in die verhouding raakgesien, naamlik dit wat sy uit ervaring moes ontbeer het. 'n Professie kon die leemte vul wat die afwesigheid van 'n eggenoot en kinders laat.¹⁶³

Teen hierdie tyd moes Tibbie teen wil en dank haar vereenselwig het met die wete dat Gladys nooit in die huwelik sou tree nie, altans nie met "young Pellisier ... with the stirling qualities" nie, ook nie met die seun van ds. Marquard "who was devoted to her and ... tried his fate a couple of times". Gladys verklaar tewens blatant dat die huwelik vir haar geen bekoring inhou nie "and nothing will ever induce her to marry".¹⁶⁴ In 'n later stadium het sy selfs geweier om weer enige huwelikseremonie by te woon omdat sy dit in elk geval as 'n vermorsing van tyd beskou het.¹⁶⁵ Slegs aan Emily Hobhouse gee Tibbie met groot omsigtigheid en in die grootste vertrouwe haar ontnugtering te kenne: "Don't ever let on to her (Gladys) what I wrote about

156 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 25 Oktober 1921.

157 VAB A549/2 Aantekeninge van Gladys oor vroeë lewe, c. 1972; Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 18 Januarie 1922.

158 VAB A507 Vroueburo - Forum April 1983 "Dogter van 'n president".

159 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 2 September 1921; VAB A549/2 Aantekeninge van Gladys oor vroeë lewe, c. 1972.

160 VAB A507 Vroueburo - Forum April 1983 "Dogter van 'n president".

161 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 21 Maart 1922.

162 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 29 Januarie 1922, c. 10 April 1922.

163 VAB A156 1/1/10 EH RIS 28 Mei 1922.

164 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 30 April 1922.

165 Ineg PV181 2/8/1/1/17 RIS - EH 23 September 1925.

her living with Nell".¹⁶⁶ Tibbie het die verhouding met groot huiwering bejeën. "Gladys ... is a sweet girl, and though I am reconciled to her staying with Nell because she seems happy. I do feel she is in a way lost and I assure you I often wonder why God made Nell cross Gladdie's path. Surely He (haar onderstreping) has some purpose with a step she took that none of us approved of - but enough".¹⁶⁷

Gladys was slegs die tweede vrou in Suid-Afrika wat 'n LL.B-kwalifikasie behaal het.¹⁶⁸ Die "Vrouwen Wet praktizinswet" is intussen in Suid-Afrika deurgevoer en Gladys (kon) na haar terugkeer na die Vrystaat tot die balie toetree en as staatsaanklaer in die Rondgaande Hof dien.¹⁶⁹ Die destydse prokureur-genl. was egter van mening dat dit onweloweglik sou wees dat 'n vrou sekere regsake hanteer wat hy as onfatsoenlik beskou het. Met die hulp van regter Tielman Roos wat beslis het dat sy "alle pligte en voorregte van manlike advokate deel, en (haar) salaris ook dienoooreenkomstig aangepas moet word", kon Gladys in 1927 as die eerste vroulike advokaat in die appèlhof in Bloemfontein optree.¹⁷⁰ Wetgewing in hierdie verband is eers in 1933 ingedien.¹⁷¹

Behalwe vir 'n verjaarsdagparty van Nell wat Emmie en Jacques in die Kaap bygewoon het en die feit dat Tibbie met haar jaarlikse kuiers na die Kaap nog deur Nell besoek is, verdwyn alle verwysings na Nell teen 1925 uit Tibbie se briewe.¹⁷² Die verhouding is inderdaad ook in die laat twintigerjare beëindig en hulle was voortaan "net vriendinne".¹⁷³ Nell het in die twintigerjare in die partypolitiek betrokke geraak en het 'n beduidende rol gespeel in die stryd om vrouestemreg in Suid-Afrika. Sy het haar praktyk in die vroeë veertigerjare laat vaar en in die omgewing van Harrismith gaan boer waar sy in 1975 as oujongnoui op agt-en-tagtigjarige ouderdom oorlede is.¹⁷⁴

Emily Hobhouse het soos Tibbie toenemend ervaar dat ou vriende een na die ander sterf. Sy het dit vergelyk met 'n verlepte blaar wat met die grootste gemak losraak van die tak en na benede val. "As all these leaves drop off the Tree of Life, ones horizon grows empty and ones own fall from the bough easier even while

166 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 30 April 1922.

167 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 2 September 1921.

168 OR Sertifikaat Universiteit van Londen 13 Oktober 1925 Bachelor of Laws.

169 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 26 April 1925, 9 Augustus 1925, 11 Oktober 1925.

170 VAB A549/2 Gladys aantekeninge, c. 1971; OR Sertifikaat toelating in die OVS 2 November 1925 voor regter Etienne de Villiers; toelating in die Kaapprovinsie voor regter Louwrens 7 April 1932.

171 VAB A507 Vroueburo - Forum April 1983 "Dogter van 'n president".

172 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 25 April 1926; VAB A156 1/1/13 EH - RIS 18 Januarie 1925.

173 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS (Grootse Schuur) - EH 26 April 1925; Brief appèlregter M.T. Steyn (Appèlhof Bloemfontein) - skryfster 31 Augustus 1992.

174 Beyers, C.J. (red.), SABW, V, p. 862.

closer".¹⁷⁵ Ook Tibbie se horison het op soortgelyke wyse vernou en leër geword. In 1921 sterf Olive Schreiner en haar goeie vriendin en skoonsuster, Hannie (Cecilia Johanna) Blignaut.¹⁷⁶

Genl. De Wet se dood aan die begin van 1922 na 'n lang siekbed het haar weer aan haar eie verlies herinner.¹⁷⁷ Sy het haar daaraan getroos dat die twee ou oorlogskamerade nou weer verenig sou wees.¹⁷⁸ Volgens The Friend het ses-en-twintigduisend roubeklaers die laaste eer aan genl. De Wet bewys terwyl hy in staatsie in die Gedenksaal in Bloemfontein gelê het. Tibbie het in die geselskap van haar dogter en Nico die staatsbegrafnis, soortgelyk aan dié van Theunis, bygewoon. "If I have Nico beside me I attempt anything", het Tibbie aan mej. Hobhouse beken en inderdaad het Nico van der Merwe haar deurentyd probeer vrywaar teen onnodige ontsteltenis.¹⁷⁹ Soos uit die republikeinse dae was die Boerekommando's daar, ook die luister van die Britse ryk, die Vierkleur en die Union Jack. Volgens The Friend was "the ... scenes of the day - at the church, in the streets, at the Monument - stupendously awesomely impressive".¹⁸⁰ Tibbie wat as gevolg van die hitte nie deel van die prosessie was nie, het soos by Theunis se begrafnis ses jaar vantevore direk na die Vrouemonument gegaan waar genl. De Wet ter aarde bestel is. Na die diens het sy mev. De Wet gaan besoek waar sy by genl. Hertzog in Bloemfontein vertoef het. Die feit dat mev. De Wet reeds agt dogters aan die dood moes afstaan, het Tibbie aangegryp.¹⁸¹

Twee persone wat in genl. De Wet se begrafniskomitee gedien het en wat albei goed aan mej. Hobhouse bekend was, is binne die volgende jaar oorlede. Charlie Fichardt wat Emily Hobhouse met haar aankoms in die Kaap tydens die Anglo-Boereoorlog ontmoet het en Kaya Lami as huisvesting in Bloemfontein vir haar aangebied het, se twee-en-twintigjarige dogter, Valerie, het hom 'n maand tevore ontval na 'n mislukte operasie.¹⁸² Charlie self was net drie-en-vyftig jaar oud toe hy self kort daarna oorlede is; hy was beskou as 'n toekomstige NP-minister van finansies.¹⁸³ Tibbie het albei begrafnisse op Brandkop, die familieplaas van die

175 VAB A156 1/1/12 EH-RIS 31 Augustus 1924, 5 Oktober 1924.
 176 VAB A156 1/1/10 EH-RIS 8 Januarie 1921, 18 Julie 1921; Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS-EH 5 Junie 1921.
 177 Die Volksblad 31 Januarie 1922, 3 Februarie 1922, 7 Februarie 1922.
 178 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS-EH 6 Februarie 1922.
 179 VAB A156 1/1/40 RIS-Margaret Gillet 2 Maart 1922.
 180 The Friend 9 Februarie 1922.
 181 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS-EH 8 Februarie 1922, 14 Februarie 1922; The Friend 4 Februarie 1922, 9 Februarie 1922; Meisieskool Oranje Jaarblad, no. 2, p. 9; VAB A160/70 RIS-HPNM 12 Maart 1922.
 182 Die Volksblad 22 Januarie 1923, 7 Mei 1923; Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS-EH 16 April 1923, 1 Mei 1923.
 183 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS-EH 13 Mei 1923.

Fichardtse buite Bloemfontein, bygewoon.¹⁸⁴ Die Fichardt-tragedie was vir Emily Hobhouse onverklaarbaar: "The sudden ending of this beautiful young life, full of promise, while so many of us old folk ... hung on like dead leaves on the bough".¹⁸⁵ Die ander lid van die begrafniskomitee wat vroeg in Augustus 1925 oorlede is, was Jan (JWG) Steyn, Tibbie se swaer en vierde seun van Marthinus Blinkstewels¹⁸⁶ Twee jaar later, op 11 Augustus 1925 is Tibbie se swaer en die laaste Steynbroer, Pieter (PG), op 11 Augustus 1925 oorlede.¹⁸⁷

Die tragedie wat Tibbie egter ten nouste sou raak, was die dood van haar skoonseun, Everard op 27 Mei 1924 by sy huis, "Rustendal" in Wes-Burgerstraat 71, Bloemfontein, presies 'n jaar na die dood van sy broer, Charlie.¹⁸⁸ 'n Telefoonoproep vroegoggend terwyl Colin nog by Tibbie in die kamer skeer, het die nuus gebring dat Everard homself met die ou Fichardt-patriarg, Gustav Adolph, se rewolwer geskiet het. Dit was vir Tibbie nie heeltemal onverwags nie omdat hy al meermale teenoor haar erken het dat "when I get these fits of depression and feel so utterly wretched I often feel is life worth living?" Op vyf-en-dertigjarige leeftyd was Hannah 'n weduwee, en vyf kinders is vaderloos gelaat. "How little I dreamt that morning with the sun streaming so brightly into my room", het Tibbie aan mej. Hobhouse geskryf, "what news was awaiting me - I never thought that such a tragedy would ever enter our home ... My God what that deed has cost us".¹⁸⁹

Everard, wat sedert sy studentedae ná 'n blindederms-operasie aan swak gesondheid gely het, het die vorige twee weke voortdurend pyn ervaar. In 'n gehawende toestand waarin hy geestelik en fisies totaal uitgeput was en nie meer weerstand kon bied teen die vlae van depressie wat gedreig het om hom te oorweldig nie, het hy volgens Tibbie die hoogste tol betaal omdat hy oortuig was dat hy besig was om sy verstand te verloor. "En nou", het sy privaat aan dr. Muller geskryf, "moet ons maar tevrede wees ... sy jare van lyding is oor". Hy is ooreenkomstig sy versoek die volgende dag in die Bloemfontein se Kerkhof begrawe en nie op Brandkop nie. Nico wat die begrafnisrede gehou het, het 'n paar dae lank op Rustendal kom bly.¹⁹⁰ Tibbie, wat die volgende drie weke lank by Hannah kom bly het, het haarself vir Hannah se ontwil met moeite staande gehou en kalm gebly. Sy het haarself vergelyk

184 Die Volksblad 31 Mei 1923, 4 Junie 1923.

185 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 27 Mei 1923, 3 Junie 1923, 24 Junie 1923.

186 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 6 Augustus 1923; VAB A156 1/1/12 EH - RIS 2 September 1923; Die Volksblad 2 Augustus 1923, 6 Augustus 1923.

187 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 11 Augustus 1925; Die Volksblad 17 Augustus 1925; VAB A160/69 RIS - HPNM 16 Oktober 1925.

188 The Friend 28 Mei 1924.

189 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 4 Junie 1924.

190 VAB A160/69 RIS - HPNM 26 Julie 1924.

met "a broken reed", 'n emosioneel brose mens, wat ineen tuimel as daarop gedruk word.¹⁹¹ Tog het sy Hannah onderskraag in die rol wat sy die beste kon vertolk, dié van begrypende, liefdevolle moeder. Die helingsproses het Hannah op Onze Rust kom voortsit. Elke aand voor die vuur het Theunis Fichardt, Hannah se oudste seun, vir hulle uit Tant' Alie ... voortgelees terwyl Tibbie later vir hulle van haar herinneringe uit dié veelbewoë tyd vertel het. Met die teruggaan na Rustendal, het Hannah Tibbie vir die vertroosting bedank vir "wat dit vir my beteken het om 'n Moederkie te hê wat tog so mee kan voel en troos, en aanmoedig ... ou Moederkie wat 'n toekoms ..."¹⁹²

Everard was vir Tibbie 'n uitnemende persoon, "a devoted husband and Father and I knew only too well what his death would cost poor Hannah".¹⁹³ Hannah moes in haar smart onthou het hoe haar verfynde, liefdevolle eggenoot ses jaar tevore uit die Kaap tydens 'n Parlementsitting, aan haar gedink het as sy "fris opgeruimde, dartelende ou girlie, net soos ik haar in die veld gepluk het". Dié briefie het hy afgesluit met "met 'n druk soenkie vir Mamsie en al die ou Snoepie kinderkies".¹⁹⁴ Hannah het ook troos gevind in 'n brief van die geneesheer wat Everard se twee vorige operasies behartig het. Volgens dr. Rogers "had ... the nerve storms he was subjected to ... proved too much for him, and the act in such a case is not premeditated, but is done in a moment when every trouble is magnified and the storm cannot be quelled". Vir Tibbie was die tragedie 'n verborgenheid en "it will ever remain a great mystery".¹⁹⁵ Hannah was vasberade om vir haar kinders se onthalwe weer 'n gelukkige tuiste te skep.¹⁹⁶ Die latere geskiedenis het bewys dat Hannah getrou aan hierdie voorneme was.

Dit was nie net die wel en wee van hul persoonlike lewe wat Tibbie en Emily Hobhouse se korrespondensie gevul het nie. Beide het 'n belangstelling in en liefde vir die politiek geopenbaar wat eintlik vreemd was vir die tradisionele ornamentele Victoriaanse dame. Emily Hobhouse se belangstelling in die politiek het ontwikkel omdat, by gebrek aan 'n gesin, "I ... am forced to fill the blank by ... the rise & fall of Governments". Sy dink dat moederskap meer bevredigend behoort te gewees het. "But if Fate has denied you what you most crave for the void has to be filled otherwise".¹⁹⁷ Haar jeugjare as predikantsdogter het nie noodwendig beteken dat sy 'n sosiale gewete moes besit het nie, "but ... if once one has started a public

191 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 4 Junie 1924, 11 Junie 1924.

192 Ineg PV 2/7/1/1/11 RIS - EH 15 Julie 1924.

193 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS (Rustendal) - EH 4 Junie 1924.

194 VAB A156 1/1/38 Everard Fichardt (Kaapstad) - Hannah 30 April 1917, 29 April 1917.

195 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 18 Junie 1924; VAB A156 1/1/12 13 Julie 1924.

196 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS (Rustendal) - EH 11 Junie 1924.

197 TAB A1/88 EH - Isie Smuts 15 April 1904.

conscience one can no more silence that than one can a private conscience".¹⁹⁸ Historiese omstandighede en gebeurtenisse het aan die anderkant aan Tibbie 'n politieke gewete en sensitiwiteit gegee. Sedert sy rekwisities ten behoewe van Theunis se kandidatuur vir die presidenskap uitgeskryf het en daarna self die ontberinge moes ondervind wat die misbruik van politieke mag in die Anglo-Boereoorlog meegebring het, was politiek 'n inherente deel van haar bestaan.

Daarby was drie van haar familielede, in 'n stadium Colin en Everard, en later Nico, almal as parlamentslede aktief by die politiek betrokke.¹⁹⁹ Die unieke posisie wat Tibbie beklee het as die weduwee van die laaste republikeinse president het haar in die openbare lewe 'n neutrale rol laat speel, te meer nog omdat sy bewus was van Theunis se oortuiging dat, indien 'n persoon nie verantwoordelikheid kan aanvaar vir politieke besluite nie, hy hom van die politiek moet weerhou. Dit was egter in private briewe aan mej. Hobhouse dat Tibbie se eerlike opinies tot uiting gekom het. Die korrespondensie was as't ware 'n openbaring van dié geestesgesteldheid van beide vrouens. Veral Tibbie se briewe juis omdat hulle so intiem en persoonlik van aard was vorm ook 'n suiwer klankbord van wat werklik in die gemoed van die Afrikaner omgegaan het in die twintigerjare, en lê sy diepste hunkering en ideale bloot amper soos 'n belydenis.

In vergelyking met die deursnee Afrikanervrou wat skaars ryp was vir die toekenning van vrouestemreg en trouens daarteen gekant was, was Tibbie haar tyd vooruit.²⁰⁰ Sy was byvoorbeeld in 1923 intens teleurgestel toe die wetsontwerp vir vrouestemreg met een stem afgekeur is. Tibbie was oortuig dat die teenkanting van die Boervroue teen die toekenning van stemreg mettertyd sou verval as die vroue eers hul stemvoorreg kon gebruik.²⁰¹ In vergelyking met ander prominente Suid-Afrikaanse vroue is die kontras opvallender. Mev. Isie Smuts wat aanvanklik sterk voor- en afkeure gehad het, se wêreld het later hoofsaaklik om haar kinders en haar huishoudelike pligte gedraai.²⁰² Mev. Mijnie Hertzog, wat volgens Emily Hobhouse "gentle and uncomplaining and quiet" was, het haar so veel moontlik uit die openbare lewe gehou.²⁰³ Mev. Annie Botha wat in 'n stadium voorsitster was van die Transvaalse SAVF, 'n maatskaplike organisasie, het na genl. Botha se dood in

198 TAB A1/195 EH - JCS 29 Desember 1913.

199 Standard encyclopaedia of Southern Africa, (SESA) p. 284; CV van E.W. Fichardt geskryf deur Theunis Fichardt (Pretoria) 21 November 1981; Beyers, C.J. (red.), SABW, V, pp. 278, 279, 851, 852, 853.

200 Die Volksblad 20 Augustus 1925, "Vir vrou en huis"; Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 5 Februarie 1923.

201 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 3 Februarie 1923; SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/4.7 Rae - Colin 8 Mei 1923.

202 TAB A1/188 EH - Isie Smuts 15 April 1904; Fischer, J., The Afrikaners, pp. 260, 261.

203 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS (Rustendal) - EH 11 Junie 1924, 18 Junie 1924.

1919 uit die openbare lewe verdwyn.

Dit is duidelik dat die bejaarde Tibbie redelik maklik beïnvloed is deur die politieke sienswyses van diegene op wie sy vertrou het, maar in die twintigerjare het Tibbie, toe nog nie sestig nie, getoon dat sy ten spyte van teenkating besluite kon neem wat eerder by die individuele persoonlikheid van mej. Hobhouse gepas het as haar eie. Tibbie is in die vroeë twintigerjare deur Nell aan biskop Walter Carey, Anglikaanse biskop van Bloemfontein, voorgestel tot groot ontsteltenis van die Afrikanergemeenskap; hulle was bevrees dat sy haar sou laat manipuleer om aan die biskop aanvaarding en geloofwaardigheid te gee deur haar naam aan hom te koppel. Biskop Carey het vroeër met sy koms na Bloemfontein in 'n poging om die twee blanke groepe nader aan mekaar te bring, sonder kwade bedoeling van Tibbie se invloed en statuur gebruik gemaak. Die gunstige indruk wat Tibbie van die biskop na hul ontmoeting gekry het, is versterk na 'n middagete op Onze Rust.²⁰⁴ Tibbie het sonder meer sy bona fides aanvaar en sy was getref deur sy nederige vriendelikheid. "In the name of all decent Englishmen", het Tibbie uit sy brief aan mej. Hobhouse gekwoteer, "I humbly ask pardon ... if there were things my countrymen did ... which were evil or brutal or heartless".²⁰⁵ Slegs Rae en Colin was egter bereid om op Tibbie se voorstel die biskop te ontmoet.²⁰⁶

Tibbie het haar in hierdie geval nie van stryk laat bring nie omdat haar besluit na haar mening op menslike vlak eerbaar en korrek was hoewel moontlik polities nie so gerade nie. Om 'n persoon op sodanige wyse te ontvang het, was destyds gelykstaande aan sosiale en politieke aanvaarding. Veral Percy en Ella Fischer was gegrief dat Tibbie in hulle oë as't ware as voorspraak vir die biskop opgetree het, terwyl sy inderdaad geprobeer het om versoenend te wees. Percy se reaksie van "well if Mrs Steyn keeps bad (sy onderstreping) company it is no reason why we should!" was 'n weerspieëling van die Afrikanergemeenskap in Bloemfontein se vyandige anti-Engelse houding.²⁰⁷ Dat Tibbie as gevolg van haar verdraagsaamheid en begrip onwillekeurig op oorsensitiewe tone getrap het, was gewis. Die ontmoeting wat sy tussen biskop Carey en genl. Hertzog gereël het, het sekerlik nie die goedkeuring van die liggeraaktes weggedra nie, maar Tibbie, wat nooit kleinlik was nie, het nie daarop ag geslaan nie.²⁰⁸

204 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 18 April 1922.

205 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 18 April 1922.

206 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 21 Augustus 1922.

207 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 11 April 1922.

208 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 21 Augustus 1922, 3 September 1922; Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 6 Augustus 1922.

Tibbie se siening van die politieke toneel in die twintigerjare is oorheers deur die onversoenbaarheid van die standpunte van die twee Boeregeneraals, J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts. Tibbie, wat lewenslank die politieke ideaal van Theunis nagestreef en uitgeleef het, kon haar persoonlik nie vereenselwig met die breuk in Afrikanergeledere nie want soos sy dit aan Emily Hobhouse gestel het "if we as people could have remained united what a power for good we would have been".²⁰⁹ Die politieke mantel van Louis Botha wat in 1919 op genl. Smuts geval het, het nie vanselfsprekend ook eersgenoemde se persoonlike aanhang gewaarborg nie. Genl. Smuts se langdurige verblyf in die buiteland het sy politieke posisie nadelig beïnvloed. In die Maart 1920-verkiesing kon hy slegs op 'n meerderheid van vier setels staatmaak in die Volksraad.²¹⁰

Tibbie het die geharwar en ontwrigting wat deur die 1920-verkiesingsveldtog veroorsaak is persoonlik meegemaak, want Colin moes in daardie jaar nie minder as vyf verkiesingsveldtogte voer nie.²¹¹ Tibbie se vreugde was groot ná Colin se oorwinning en ook omdat die Vrystaat toe heeltemal Nasionaal geword het.²¹² In privaat gesprekke en briewe het sy onverbloemd die aspirasies van die NP ondersteun. Deur die luister van haar naam en die statuur van haar persoon het Tibbie waarskynlik indirek meegehelp aan Colin se oorwinning.²¹³

Die swak menseverhoudings wat dikwels 'n nalatenskap van so 'n verkiesing is, het Tibbie egter met misnoeë vervul en sy sou self, indien sy enige inspraak daarin gehad het, eerder wou sien dat verkiesings elke vyf jaar eerder as die gebruikelike vier jaar plaasvind.²¹⁴ Vir Rae wat nooit deel was van enige politieke opset nie en onbekend was met die kostes, moeite, tyd en die dikwels gepaard gaande persoonlike antagonisme, was die verkiesingsveldtog vroeg in 1921, toe genl. Smuts die posisie van sy SAP met die hulp van die Unioniste wou versterk, "a great ordeal".²¹⁵ Tibbie het wel nie verwag dat die NP die oorwinning sou behaal nie, maar was nogtans teleurgestel dat genl. Smuts se oorwinning van nege-en-sewentig setels teenoor die NP se vyf-en-veertig so groot was.²¹⁶

209 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 25 Oktober 1923.

210 Van der Walt, A.J.H., e.a., Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 504, 505.

211 Standard encyclopaedia of Southern Africa, (SESA) vol. 10, p. 284; VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 21 Desember 1920.

212 VAB A160/70 RIS - HPM 18 Maart 1920; Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 29 Februarie 1920; 2/7/1/1/9 RIS - EH 25 Oktober 1923.

213 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 19 Maart 1921; Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 25 Januarie 1921; 2/7/1/1/3 RIS - EH 18 Februarie 1921.

214 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 21 November 1923.

215 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 1 Januarie 1921.

216 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 10 Februarie 1922.

Die Randse mynstaking van 1922 wat 'n opstand geword het, het Suid-Afrika geruk. Volgens N. Herd was dit eintlik 'n klassestryd tussen die mynhuise en die werkers met die kleurslagboom as kompliserende faktor.²¹⁷ Die gebeure het ook Tibbie hewig ontstel. Sy is uit verskeie oorde oor die gebeure ingelig. Genl. Smuts het gereeld briewe geskryf en by genl. De Wet se begrafnis het hy Tibbie mondeling op hoogte gehou. Genl. Hertzog het tydens dieselfde geleentheid 'n kans gekry om 'n private gesprek met haar te voer wat later tydens 'n ete op Onze Rust voortgesit is.²¹⁸ Dit is interessant dat beide generaals Tibbie geken het in dié saak en dit kom voor asof hulle haar as't ware wou beïndruk met hul besonderlike siening van sake en hul gevolglike optredes. Ook Harry, haar broer wat sekretaris van die East Rand Mines was en Colin het Tibbie eerstehands ingelig.²¹⁹

Die kritieke toestand aan die Rand was vir Tibbie sorgwekkend, en sy het op 13 Maart 1922 selfs hewig ontsteld geword toe sy deur teenstrydige berigte geglo het dat 'n rewolusie in Johannesburg uitbreek het.²²⁰ Sy betreur die lewensverlies en die gewondes en het gewonder of daar ooit weer vrede sou kom. Die simpatie wat Tibbie aanvanklik vir die stakers gekoester het, was 'n weerspieëling van die NP se standpunt. Sy is egter met misnoeë vervul oor die vergrype aan albei kante en sy het gevoel dat die skuldiges aan beide kante aan die pen moes ry weens die wandade wat in die naam van geregtigheid gepleeg is.²²¹ Die parlementêre debat en genl. Hertzog se aanval op genl. Smuts se hantering van die opstande het sy noukeurig gevolg. Sy sou eerder wou sien dat genl. Hertzog die regering, soos sy dit stel, met 'n fyn voorslag kasty as dat hy so kwistig sambokhoue uitdeel. Sy het selfs blyke gegee dat sy die eertydse standpunt van Boeremense begin steun het, naamlik dat die Transvaalse goud eerder onder die grond moes bly lê het want "I have so often felt that Johannesburg has been the cause of so much trouble and misery".²²² Dat The Graphic en West Minister Gazette genl. Smuts geloof het vir sy kragdadige optrede om die "rewolusie" te onderdruk, het Tibbie glad nie beïndruk nie. "I assure you", het sy Emily Hobhouse ingelig, "we don't consider that a master stroke, the situation ought to have been saved and not a shot ought to have been fired". Tibbie het negatief gestaan teenoor vertoë wat in dié tyd tot haar gerig is om 'n hulpfonds te stig vir die slagoffers van die staking omdat die ingesamelde geld waarskynlik nie die hulpbehoewendes sou kon bereik nie en omdat die geldelike

217 Herd, N. 1922 The revolt on the Rand, pp. 14, 19.

218 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 14 Februarie 1922.

219 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 23 April 1922.

220 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 21 Februarie 1922, 13 Maart 1922.

221 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 2 April 1922.

222 Ineg PV181 2/7/1/1/5 EH - RIS 10 April 1922, 21 Maart 1922.

nood reeds hoog was in die land.²²³ Met verloop van tyd het 'n duideliker perspektief vir Tibbie ontwikkel oor die staking of, soos sy dit gesien het, die rewolusie. Sy het die feit betreur dat die stakers te ver gegaan het en só die simpatie verbeur het wat hulle aanvanklik geniet het. Die futiliteit van die gebeure het Tibbie opgeval: "The revolution has come and gone, many lives sacrificed and for what?"²²⁴

Tibbie en Emily Hobhouse se eenstemmigheid oor die meeste politieke sake het nie gestrek tot by wat Colin "the coming question in South Africa ... the native one" sou noem nie.²²⁵ Emily Hobhouse was krities teenoor genl. Hertzog se segregasiebeleid soos hy dit in 1926 voorgestel het.²²⁶ Mej. Hobhouse sou eerder wou toesien dat die skeiding tussen wit en swart in Suid-Afrika "one of political outlook & principle" sou wees en nie spesifiek volgens ras nie.²²⁷ Die koerante wat Tibbie aan mej. Hobhouse gestuur het en wat betrekking gehad het op die African Native Congress het mej. Hobhouse net meer simpatiek teenoor hul saak gestem. Sy kon trouens nie insien waarom hulle nie verteenwoordiging in die Parlement kon geniet nie. "So I don't, somehow", skryf sy vyf maande voor haar dood, "feel the alarm which you express. However it will ... require tact, patience and goodwill unending to bring about satisfaction on both sides".²²⁸

Tibbie, wat in een van die Boererepublieke opgegroeï het waar kleurbewustheid algemeen in die sosiale en politieke leefwyse voorgekom het, het waarskynlik in haar gesindheid teenoor en omgang met gekleurde rasse nie heeltemal saamgestem met die heersende uitkyk van sowel die eertydse Boererepublieke as die deursnee Europeër van die vroeë twintigste eeu nie, naamlik dat "social equality across the colour line was unthinkable, equality of cultural attainment ... impossible ... and political equality in a plural society like South Africa undesirable because Africans could not use political power wisely ..."²²⁹ Dat Tibbie die swart getalle-oorwig waarna Emily Hobhouse se brief moontlik verwys het, soos meeste blankes as onrusbarend beskou het, kan met sekerheid aanvaar word. Die "swart gevaar" waarmee blanke politici die kiesers op loop gejaag het, het op die vrese van die blanke minderheid geteer en dit vir hulle onmoontlik gemaak om, soos Emily Hobhouse voorgestel het, die probleem deur geduld en toegeneentheid op te los.

223 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 18 April 1922.

224 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 23 April 1922, 21 Maart 1922; PV181 2/7/1/1/7 RIS-EH 12 Desember 1922.

225 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 21 Augustus 1921.

226 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 13 Julie 1924.

227 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 14 Mei 1922.

228 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 31 Januarie 1926.

229 Wilson, M., Thompson, L.M., The Oxford history of South Africa, II, p. 343.

Genl. Smuts het tewens in 1924 gesê dat "at this rate S. Africa is doomed to become a black man's country".²³⁰

Tibbie het nie standpunt ingeneem toe sy in 1926 na die debatte in die Parlement geluister het wat gevolg het op genl. Hertzog se indiening van die kleurslagboomwet nie. Teenoor dr. Muller het sy genl. Hertzog se naturelle-politiek, soos dit destyds bekend gestaan het, "... een moedige waagstuk (beskou) om voor te bring en ek denk al is daar moeilike punte in, moet iedereen ... eer van die wyse waarop die wet opgestel is".²³¹ Haar persoonlike verhouding met swartes getuig van respek en deernis. "I feel it very much", het sy in 1924 aan mej. Hobhouse geskryf na die dood van 'n tuinbediende, "he was in the prime of life".²³²

Dit was veral oor die Indiërs se posisie in Suid-Afrika wat die twee vriendinne se standpunte radikaal verskil het. Emily Hobhouse was die mening toegedaan dat die Indiërs "vastly superior abilities to myself" besit het. Sy wou genl. Smuts in hierdie brief wat sy in 1913 aan hom gerig het, oortuig om die Indiërs in Suid-Afrika te erken "as befits a civilized section of the community" (haar onderstreping). Sy het daarby aangebied om op te tree as tussenganger in die onderhandelinge tussen genl. Smuts en die Indiese prokureur, Mahatma Gandhi, en sy stryd van lydelike verzet.²³³ Tibbie het egter soos duisende ander Suid-Afrikaners gemeen dat die kleurprobleem reeds ingewikkeld genoeg was en dat dit "a thousand pities (was) they ever introduced the Indians into the country and allowed them to settle here". Vanweë die sensitiwiteit van die onderwerp het sy mej. Hobhouse versoek om die brief te vernietig.²³⁴ In 1926 meld Tibbie kort voor mej. Hobhouse se dood dat sy nog geluister het na die toespraak oor die radio van lord Headly, die Moslem-edelman wat in Suid-Afrika oor die Indiërvraagstuk kom praat het. Behalwe Nico van der Merwe se terloopse verwysing na die gevaar van 'n burgeroorlog in die land met sy oormag swart inwoners, soos Tibbie dit in 'n brief aan mej. Hobhouse vermeld, verdwyn enige verdere verwysing ná die kleurvraagstuk na mej. Hobhouse se dood uit Tibbie se korrespondensie.²³⁵

Tibbie het haar ten volle met die beleid van die Nasionale Party vereenselwig. Sy het die wel en wee van die party met groot genoegdoening gevolg. Aan die begin van 1924 het die NP heel onverwags die veilige SAP-setel, Wakkerstroom, in 'n

230 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 9 Maart 1924.

231 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 13 Mei 1926; VAB A160/69 RIS - HPNM 10 Desember 1926.

232 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 18 Junie 1924.

233 Wilson, M., Thompson, L.M., The Oxford history of South Africa, II, p. 26; TAB A1/195 EH (Kaapstad) - JCS 29 Desember 1913.

234 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 21 Desember 1924; Die Volksblad 2 Mei 1922.

235 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 13 Mei 1926.

tussenverkiesing ingepalm. "You can imagine our joy", skryf sy aan Emily Hobhouse, "when the news came of our great victory:."²³⁶ Sy het die algemene verkiesing op 17 Junie dieselfde jaar, twee weke na Everard se dood, met gemengde gevoelens begroet want haar blydskap was getemper deur die pyn van Everard se dood. Haar lang gekoesterde ideaal om genl. Hertzog aan bewind te sien, is bevredig.²³⁷ Colin sowel as Nico is tot die Parlement verkies, laasgenoemde met verlies van sy predikantstatus.²³⁸

Voor genl. Hertzog met sy premiersverpligtinge sou begin, het hy Tibbie eers op Onze Rust besoek waarheen sy teruggekeer het nadat sy 'n wyle op Rustendal saam met Hannah vertoef het. Die besoek was hoogs emosioneel van aard. Hulle intieme vriendskap het hoofsaaklik gespruit uit die ORK-tydperk en daarna, toe genl. Hertzog Theunis gereeld oor politieke kwessies geraadpleeg het en Theunis by geleentheid selfs vir hom in die bresse getree het.²³⁹ "Gen. Hertzog", het Tibbie aan Emily Hobhouse geskryf, "is so absolutely sincere, upright and straight in all his dealings, and is the idol of his men".²⁴⁰ Haar onverbloemde bewondering van en vriendskap met genl. Hertzog het onveranderd gebly ten spyte van spanning in haar huislike kring weens die uiteenlopende politieke standpunte in die dertigerjare.²⁴¹ Dat genl. Hertzog in Tibbie 'n sielemaat en 'n politieke geesgenoot gevind het, word daardeur bewys dat hy haar by haas elke publieke en private geleentheid opgesoek het om met haar 'n private woordjie te wissel, meestal oor die politiek.²⁴²

By hierdie geleentheid waar hy die leisels van die land met die hulp van die Arbeiders Party sou oorneem, het hy egter by haar aanmoediging en vertrouwe gesoek. Sy afskeidswoorde aan haar, soos sy dit stel in 'n brief aan Emily Hobhouse, het onwillekeurig Tibbie se vrese verwoord: "Mrs Steyn I know with what interest you will watch all we do and say and I trust we will not disappoint you".²⁴³ Dit was vir mej. Hobhouse opvallend hoe "he always seems to open out to you & confide". Mej. Hobhouse het gemeen dat dit vir genl. Hertzog kon gevoel het asof hy sy hart teenoor Theunis openbaar.²⁴⁴ Die genoegdoening en trots wat

²³⁶ Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 9 April 1924; PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 27 Februarie 1924.

²³⁷ Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 30 April 1924.

²³⁸ VAB 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 23 Julie 1924; A156 1/1/12 EH - RIS 17 Augustus 1924, 7 September 1924; A160/70 RIS - HPMN ongedateerd c. 19 April 1924.

²³⁹ Engelenburg, F.V., Genl. Louis Botha, p. 258; De Vriend des Volks 22 April 1910, The Friend 21 April 1910; Van den Heever, C.M., Genl. J.B.M. Hertzog, p. 173.

²⁴⁰ Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 26 Junie 1924.

²⁴¹ Ineg PV181 2/8/1/1/24 JBMH (Waterval) - RIS 7 Januarie 1941, 17 Januarie 1942.

²⁴² VAB A156 1/1/13 EH - RIS 29 Maart 1925; Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 25 Januarie 1925; 2/7/1/1/7 RIS - EH 12 Desember 1922.

²⁴³ Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 10 Julie 1924; VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 23 Julie 1924; Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 17 Augustus 1924, 11 November 1924.

²⁴⁴ VAB A156 1/1/13 EH - RIS 14 Maart 1926.

Tibbie ervaar het dat "Onse Regering" in die saal is, en ook die vrese vir die komende parlementêre sessie waar die kontensieuse segregasiewetsontwerp en Indiërkwessie onder die loep sou kom, spreek uit verskeie briewe aan Emily Hobhouse.²⁴⁵

Die enigste wanklanke bo en behalwe die negatiewe retoriek van genl. Smuts se opposisieparty het uit 'n heel onverwagse oord gekom, naamlik van genl. Hertzog se eggenote, Mijnie. Sy was 'n mooi Neethling wat die ontberinge van die konsentrasiekamplewe deurleef het.²⁴⁶ Volgens die streng standaard van Emily Hobhouse was sy 'n bejammerenswaardige figuur, "timid & retiring".²⁴⁷ Tibbie het volgens Rae, wat bygesit het toe sy en die jonger Tibbie na mev. Hertzog verwys het, haar "'n beetje eigenaardig (gevind) maar dat sy haar man ... tot hulp al was met haar self-opoffering en spaarsamigheid".²⁴⁸ Die eerste deug was egter nou minder opsigtelik, want sy het volstrek geweier om die ampswoning in Kaapstad, Groote Schuur, te betrek.²⁴⁹ Met mev. Hertzog se besoek aan haar toe sy nog by Hannah op Rustendal vertoef het, het Tibbie haar reguit gekonfronteer oor haar houding. Sy het mev. Hertzog daarop gewys dat "she would have no choice, that we are all looking forward to seeing her there, and she must do her duty by her husband and party!"²⁵⁰ Sy kon moontlik ook die wortel voor haar neus gehou het, soos Emily Hobhouse voorgestel het, dat Emmie, 'n groot sosiale en politieke gees in die Kaap, haar sou bystaan.

Tibbie se vermaning en aanmoediging het blykbaar die gewenste uitwerking gehad, want aan die begin van Januarie 1925 het Tibbie Emily Hobhouse meegedeel dat Mijnie tot ander insigte gekom het en dat sy genl. Hertzog na die Kaap vergesel het.²⁵¹ Teen die verwagtinge van die meeste kennisse en vriende in het mev. Hertzog haar op haar grasiëuse en sagte manier goed van haar taak op Groote Schuur gekwyd.²⁵² Dit was tot Tibbie se groot vreugde omdat sy besef het dat 'n afwesige mev. Hertzog die genl. se beeld skade sou aandoen en hom kwesbaar sou

245 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 11 Augustus 1924; 2/7/1/1/11 RIS - EH 26 Junie 1926.

246 VAB A32/1 L. Heyman (Kaapstad) - C.M. Neethling 4 Augustus 1901; Spies, S.B., Roberts and Kitchener p. 232.

247 VAB A156 1/1/12 EH - RIS 6 Julie 1924.

248 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33, 4.7 Rae - Colin c. 1920.

249 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 18 Junie 1924, 20 Julie 1924; PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 2 November 1924.

250 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 11 Junie 1924, 18 Junie 1924, 15 Julie 1924.

251 Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 28 Januarie 1925.

252 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 23 Februarie 1925.

maak vir politieke aanvalle. Dit was nou maar eenmaal só in die politiek, daar sou altyd stryd en bitterheid wees, anders as wat mev. Hertzog verlang het.²⁵³

Emmie het mev. Hertzog in die stilte bygestaan met die praktiese reëlings sodat laasgenoemde al haar aandag aan haar gaste kon gee.²⁵⁴ "You have no idea", skryf Tibbie aan Emily Hobhouse "how fond the General and Mrs Hertzog are of her (Emmie) and how very entertaining she is ... she is a good conversationalist and keeps the ball rolling".²⁵⁵ Alhoewel Tibbie mej. Hobhouse wys op die vertroulikheid van die inligting en dat Emmie as't ware reeds ageer as mev. Hertzog se private sekretaresse, was The Cape Argus reeds teen Mei bewus van Emmie se teenwoordigheid in Groote Schuur. Dié koerant bestempel haar inderwaarheid as mev. Hertzog se regterhand wat haar plek as dogter in die huis volstaan.²⁵⁶ Dit is duidelik uit korrespondensie dat Emmie eintlik al die sosiale leisels stewig in haar hande vasgehou het en van tennisteë tot tuinpartye met vaardigheid en kalmte gereël het, maar steeds in die agtergrond gebly het behalwe in gevalle waar haar persoon self benodig was. Dit is nie duidelik waarom Tibbie die vertroulikheid van die hele opset by Groote Schuur so hoog geag het as selfs die pers al daarvan bewus was nie. Waarskynlik wou sy mev. Hertzog beskerm omdat sy kon oordeel dat dit afbreuk aan haar beeld kon doen.

Vir mev. Hertzog was die verblyf op Groote Schuur en die hele politieke toneel een lang beproewing, soos sy dit te kenne gegee het aan Tibbie, wat 'n gereelde kuiergas was. Genl. Hertzog kon geen aand-uitnodiging van watter aard ook al aanvaar nie omdat mev. Hertzog nie saans uitgegaan het nie.²⁵⁷ Haar afkeer in die politiek is veroorsaak deur die voortdurende meningsverskille daarin soos Tibbie in een van die laaste, hoogs vertroulike briewe aan mej. Hobhouse geskryf het. Volgens mev. Hertzog was Theunis "a great man and he never quarrelled with people like Barry does. I am always preaching peace to him, but he is constantly on the war path!"²⁵⁸

5.2 Die oorlye van Emily Hobhouse

Aan die begin van 1926 het Emily Hobhouse se gesondheid drasties agteruitgegaan. Met die heengaan van Emily Hobhouse in die helfte van 1926 het Tibbie nooit weer

253 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 18 Junie 1924.

254 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 9 Februarie 1925, 23 Februarie 1925, 26 April 1925; Retief, M., "Emmie du Toit glo aan 'n teetafel", Die Huisgenoot 17 Oktober 1969, p. 76.

255 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS (Vreugde) - EH 17 Maart 1925.

256 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 9 Februarie 1925; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, The Cape Argus 16 Mei 1925.

257 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 12 Maart 1925, 17 Maart 1925.

258 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 20 Mei 1926.

op so 'n eksplisiete, intieme manier gekorrespondeer nie behalwe waarskynlik met van haar dogters. Jaap de Villiers en dr. Muller, haar ander vertrouelinge, was mans en hulle korrespondensie-onderwerpe was minder persoonlik van aard.

Dit is onmoontlik om onaangeraak te bly deur die patos van Emily Hobhouse se agteruitgang die laaste agtien maande van haar lewe. Totaal ontwortel en aan die genade van onverskillige familieleden of altyd afwesige vriende oorgelaat, was sy wat altyd in beheer van omstandighede was, nou "helpless in the face of my problems".²⁵⁹ Sonder enige sweem van selfbejammering het sy besef "to repine is useless. I set my face like a flint and march straight on".²⁶⁰ Sy het met oorgawe na die dood verlang, "the rest, the peace, the greatness of it. Just as I look forward to sleep after the heavy work of a fatiguing day".²⁶¹ Die kontras in lewensomstandighede van die twee vroue was nooit skerper as juis toé nie. "You can hardly I think imagine what it means to be so weak and ill month after month", skryf mej. Hobhouse vyf weke voor haar dood, "with no one (haar onderstreping) who loves you near: none of the personal sympathy and loving which you describe, so often as being poured upon you".²⁶²

Emily Hobhouse se lyding het Tibbie slapelose nagte besorg, te meer omdat sy feitlik magteloos was om fisiese bystand te verleen.²⁶³ Haar vermoë om deernis te betoon, haar warm liefde en begrip, en die feit dat sy mej. Hobhouse voortdurend opgedra het aan die liefde van haar Skepper, het mej. Hobhouse onderskraag. In een van die laaste briewe aan haar vriendin bemoedig Tibbie mej. Hobhouse, wat gewoonlik met groot terughoudendheid oor godsdienstige sake gepraat het, met 'n diep geestelike boodskap wat self getuig van innerlike vrede.²⁶⁴ Dit was vir Emily Hobhouse asof Tibbie se "wonderful intuitive powers of sympathy seemed ... to bridge time & space".²⁶⁵ Sy neem as't ware afskeid van Tibbie en bedank haar vir die vriendskap wat hulle kon ervaar. Sedert haar tante se dood "no one has filled an equal place in my life ... with you ... I have a kindred belief that your heart & sympathy is open to me at all times & on all questions .. you have done more than anyone else to solace the loneliness of my declining years".²⁶⁶

259 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 19 Julie 1925, 8 November 1925.

260 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 18 Oktober 1925.

261 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 7 Februarie 1926.

262 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 29 April 1926; PV181 2/8/1/1/18 EH - RIS 14 Februarie 1926; VAB A156 1/1/13 EH - RIS 4 April 1926; Ineg PV180 1/2/2/2/1 Notules OVV kongres, RIS toespraak voorgelees voor 13e OVV kongres, 25 Mei 1926, p. 9.

263 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 5 Oktober 1925, 13 Oktober 1925, 19 Maart 1926, 29 April 1926.

264 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 12 Maart 1926.

265 VAB A156 1/1/13 EH (Isle of Wight) - RIS 23 Mei 1926.

266 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 11 April 1926.

In 'n vertroulike brief het sy die heimlike wens uitgespreek dat sy dalk nog erkenning van haar landgenote sou kry, moontlik as genl. Hertzog tydens 'n besoek aan Brittanje "with a few words would strip off the lies and re-instate me in the public eye".²⁶⁷ Mej. Hobhouse se wens om erkenning te kry van haar landgenote het egter nooit werklikheid geword nie.²⁶⁸

Op 8 Junie 1926 is Emily Hobhouse in 'n Londense hospitaal oorlede aan pleuritus, hartversaking en 'n tipe interne kanker.²⁶⁹ 'n Eenvoudige roudiens is vir haar in die St. Mary Abbotskerk, Kensington, gehou. Gladys en Emmie wat met vakansie in Brittanje was, was teenwoordig. Oom Jan Roberts, 'n Suid-Afrikaanse vriend, "was baie teleurgesteld dat haar vriende ... soos Ramsay, Lloyd George ... nie daar was nie." Gladys het 'n krans namens Tibbie gestuur.²⁷⁰ Behalwe die bedrag van £100 wat sy aan genl. Smuts geskuld het en deur die boedel vereffen is, was Oliver die grootste begunstigde van haar boedel wat £5,621 15s. 9d. bedra het. Sy het haar dokumente, horlosie en ketting aan Gladys nagelaat en aan Tibbie haar memoires.²⁷¹

Reeds vier jaar vantevore het Tibbie mej. Hobhouse genader met die moontlikheid dat haar stoflike oorskot in Suid-Afrika by die Vrouemonument begrawe kon word. "Needless for me to tell you", het sy haar redes aan mej. Hobhouse gemotiveer, "that one and all would receive your ashes with great reverence and we would love to think S.Africa and especially the Free State would be honoured with having you in a niche in the Monument".²⁷² Genl. Hertzog, wat die gedagte verwelkom het, was egter aanvanklik nie ingenome met die verrassingsgedagte nie.²⁷³ Om aan Tibbie se versoek te voldoen, het Emily Hobhouse haar testament dienooreenkomstig gewysig.²⁷⁴ Margaret Gillet was bykans die enigste van Emily Hobhouse se Britse vriende en Oliver van mej. Hobhouse se familie, wat besef het watter leemte Tibbie by haar vriendin se dood moes ondervind het.²⁷⁵ Oliver, wat die nodige toestemming moes verleen dat Emily Hobhouse se asse in Suid-Afrika begrawe word, het dit teen die einde van Julie 1926 met die City of Dunkirk na Suid-Afrika

267 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 1 Mei 1926, 30 Mei 1926.

268 VAB A156 1/1/13 EH (Isle of Wight) - RIS 17 April 1926.

269 Fischer, A., That Miss Hobhouse, p. 269; The Times (Londen) 16 Junie 1926.

270 OR Emmie (Londen) - RIS 26 Junie 1926.

271 Fischer, A., That Miss Hobhouse, p. 272; VAB A156 1/1/14 Margaret Gillet - RIS 22 November 1926; A549/1 R.O. Hobhouse - Gladys 22 Junie 1926, 16 September 1926.

272 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 6 Augustus 1922.

273 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 3 April 1923.

274 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 3 September 1922.

275 VAB A156 1/1/14 Margaret Gillet - RIS 22 November 1926; A156 1/1/13 L.T. Hobhouse (Wimbledon) - RIS 4 Augustus 1926.

gestuur.²⁷⁶ Soos deur Tibbie versoek, het Oliver ook haar persoonlike korrespondensie aan haar (Tibbie) teruggestuur.²⁷⁷

Gewapen met Oliver se toestemming as die eksekuteur van Emily Hobhouse se boedel, Tibbie se brief (waarskynlik met mej. Hobhouse se toestemming daarby) asook die toestemmingsbrief van genl. Hertzog, het die Nasionale Vrouemonumentkommissie, wat ds. J.D. Kestell, sen. W.J.C. Brebner, J.S.M. Rabie en A.W. McHardy ingesluit het, op 4 Augustus aan huis van Gordon vergader. Hierdie kommissie het die nodige toestemming verleen dat Emily Hobhouse se asse by die Vrouemonument in 'n nis begrawe word. Hulle het Tibbie versoek om die reëlings vir die herbegraving op haar te neem.²⁷⁸ Tibbie sou bygestaan word deur veral Hannah, en ook mev. Charlie Fichardt, Helgard Steyn, Hurley en Conradie, en deur Nico van der Merwe. Hulle besluite sou prakties geïmplimenter word deur verskeie komitees en subkomitees. Tibbie was bereid, selfs begerig, om aan die roer van sake te staan omdat "ons Volk", in haar woorde, "'n daad van erkentlikheid moes verrig ... wat ons ... tot eer sou strek".²⁷⁹

Tibbie se oproep in die pers om geldelike steun vir die begraving wat vir 29 Oktober beplan is, het soveel vrugte afgewerp dat 'n oorskot van £600 later aangewend kon word vir 'n Hobhouse-studiebeurs.²⁸⁰ Die Sentrale Komitee van die Vrystaatse Helpmekaar sou vanaf September 1929 optree as die trustees van die "Emily Beurs" soos dit genoem is. Vanaf 1939 is die beursgelde op aanbeveling van Tibbie aan Maynie Fleck uitbetaal as erkenning vir haar bydrae tot die spin- en weefskole in die Vrystaat in die algemeen en die Koppieskantskool, 'n skepping van mej. Hobhouse, in die besonder.²⁸¹

Die Werkende Komitee wat uit mev. Maude Bidwell, Ella Fischer en andere bestaan het, moes die reëlings van die Sentrale Komitee onder voorsitterskap van Tibbie uitvoer.²⁸² Op 'n vrouevergadering in die stadsaal van Bloemfontein op 10 September het Tibbie haar oproep herhaal, sy het verder verduidelik hoe die verskillende komitees sou funksioneer en het genoem dat daar nie plek vir

276 VAB A156 1/1/13 L.T. Hobhouse (Londen) - RIS 29 Julie 1926.

277 VAB A156 1/1/13 L.T. Hobhouse - RIS 23 September 1926.

278 VAB A156 3/7 Notule van vergadering by G. Fraser Nasionale Vrouemonumentkommissie 4 Augustus 1926.

279 Ineg PV181 2/8/1/1/19 RIS - vriendinne van FRVN Party 27 November 1926; VAB A160/69 RIS - HPNM 29 November 1926; A156 3/7 Het Nasionaal Vrouwen Monument Komitee - RIS 6 Augustus 1926.

280 Fry, A.R., Emily Hobhouse, a memoir compiled, p. 288; VAB A13/69 EH herbegraving, balans aan Helpmekaar 21 Maart 1930.

281 VAB A13/1 RIS (Vreugde) - Sekretaris van EH Herbegravingkomitee 26 Januarie 1939.

282 VAB A156 3/7 Notule van vergadering by kantoor G. Fraser 2 September 1926.

kleinlikheid kon wees nie.²⁸³ Die omvang van die reëlins en detail wat daarmee gepaard gegaan het, kan gepeil word uit die magdom persoonlike notas van Tibbie waarin alles, van die ontvangsreëlins, die pamflette tot die losiesreëlins aangeteken is.²⁸⁴

Die komiteelede het uitstekend saamgewerk en was verantwoordelik vir 'n indrukwekkende plegtigheid.²⁸⁵ Weer eens het die Tweetoringkerk in Bloemfontein en ds. J.D. Kestell as sentrale figure gediens vir die afskeid van nog 'n prominente figuur uit die Anglo-Boereoorlog. Die ses meisies wat die kis met die asse van mej. Hobhouse gedra het, het onder andere Tibbie se kleindogter, Cecilia Fichardt ingesluit. Die ander dogters was verteenwoordigers van die spin- en weefskole of was dogters wat na mej. Hobhouse vernoem is.²⁸⁶

Die stoet het volgens republikeinse tradisie bestaan uit 'n berede kommando, middeljarige oorlewendes van die konsentrasiekampe, skoolmeisies in wit, studente in togas en 400 vroueafgevaardigdes. Tibbie het in 'n seilkapmotor saam met mevv. Isie Smuts en Caroline Murray gery. Dr. D.F. Malan wat as premier tydens genl. Hertzog se afwesigheid in die buiteland waargeneem het, het saam met generaals Kemp en Smuts en Nico (as 'n verteenwoordiger van 'n konsentrasiekampkind) die woord gespreek.²⁸⁷

In sy bedanking aan Tibbie vir die uitknipsels oor Emily Hobhouse se begrafnis skryf Oliver: "She was fortunate not only in what she did but in the nature of those for whom she did it".²⁸⁸ Tibbie het verkeerdelik gedink dat dit die laaste groot taak sou wees wat sy vir haar volk moes verrig.²⁸⁹ En so het Emily Hobhouse 'n laaste rusplek gevind by dié wat sy uit menslikheidsoorweging gediens het. Genl. Smuts het aan Emily Hobhouse se vriende laat weet: "Ons het haar soos 'n prinses

283 VAB A156 3/7 Tibbie se toespraak by stadsaal 10 September 1926; The Friend 11 September 1926; VAB A156 3/7 Skrywe in onbekende handskrif aan Vroue (waarskynlik OVV c. September 1926; A13/47 Notule van begrafnis van EH 10 September 1926, Telegramme hulde EH aan Tibbie, briewe Tibbie insake navrae omtrent naamdraers van EH.

284 VAB A156 1/1/14 Tibbie se notas oor herbegrafnisdiens.

285 VAB A160/69 RIS - HPNM 29 November 1926.

286 VAB A156 3/7 EH Coetzer (Reddersburg) - RIS 9 Augustus 1926, 8 September 1926, A156 3/7 E.H. de Klerk (Algemene Hospitaal) - RIS 17 September 1926.

287 VAB A156 3/7 Isie Smuts - RIS 7 Oktober 1926; A156 1/1/13 JBMH - RIS 10 September 1926; A156 3/7 D.F. Malan - RIS 22 Oktober 1922; A53 Program van verrigtinge van die plegtige teraardebestelling van EH 27 Oktober 1926; Die Burger 30 Oktober 1926.

288 VAB A156 1/1/13 L.T. Hobhouse - RIS 26 November 1926.

289 VAB A160/69 RIS - HPNM 29 November 1926.

begrawe".²⁹⁰ Die granietafel waarop geskryf gestaan het: "Hier rus Emily Hobhouse 27 Oktober 1926", is later met 'n koperplaat vervang.²⁹¹

²⁹⁰ De Kock, W.J., Krüger D.W. (reds.), SABW, II, p. 308.

²⁹¹ VAB A13/1 Sekretaris Helpmekaar - OVS Huisvlyt Raad c. 1932.

Hoofstuk 6 : "The prestigious name of Mrs M.T. Steyn"

6.1 Volksbesit in die Afrikanergemeenskap

Tibbie het dwarsdeur haar latere lewe bewustelik gepoog om Theunis se naam deur woord en daad in mense se herinnering lewendig te hou. Enige negatiewe refleksie wat op hom gewerp is, hoe gering ook al, het sy teengegaan. So het sy in 1948 op drie-en-tagtigjarige ouderdom, J.N. Brink, die skrywer van Cornelis du Preez se biografie versoek dat die woord "vrotterds" wat Theunis volgens die boek sou gebesig het tydens 'n emosionele oomblik by die onderhandelinge oor die Vrede van Vereeniging, uit die boek verwyder word.¹ "Ek mag my ou Baas virkeert (sic) verstaan het", het Cornelis vol berou vanaf Rusape geskryf, "want dit was so 'n tragiese oomblik, dat ek sommer die siek kamer verlaat het ... en sal die boek liver nie virskyn als om my Liewe ou Miss se hart seer te maak".² Tibbie self het Theunis daagliks in liefde en verering onthou tot die dag van haar dood.

In 1920 het Tibbie se lewe nuwe rigting gekry met die geboorte van Marthinus Theunis Steyn (jr.) op Onze Rust. In die uur van groot dankbaarheid en vreugde oor 'n kleinkind wat haar geliefde eggenoot se naam sou dra, het sy haar weer na haar volksgenote gewend. Vir 'n Kersgeskenk het sy, 'n maand na Theunis (jr.) se geboorte aan die weeshuis in Bloemfontein, aan elke kind lekkers en 'n tiewie ('n muntstuk van destyds) geskenk "and asked the matron to give each child one as a little gift from our little M.T. Steyn".³ Die bedanking van die kinderhuis het insgelyks in die naam van klein Marthinus Theunis Steyn geskied.⁴

Onder invloed van gesiene persone is Theunis se nagedagtenis veral in Nederland tot in die veertigerjare lewendig gehou en het dit vroeër as in Suid-Afrika gestalte gekry in die vorm van eerbewyse en 'n standbeeld.

'n Paar maande na Theunis se dood het die sekretaris in Nederland van die "Vereen. Z.A. Voorschotkas", E. Buschunn, Tibbie genader om haar die lidmaatskap van hul vereniging aan te bied. Dit was nie net uit eerbied vir Theunis nie, maar ook omdat hulle geweet het hoe "gij ook in dezen, als in zijn geheelen arbeid volkomen zijn gevoelens deelde en hem in alles steunde".⁵ Tibbie het met groot genoegdoening kennis geneem van die pogings in die Nederlande om Theunis se nagedagtenis lewendig te hou. Omdat hulle bewus was daarvan hoe na die saak aan

1 Ineg PV181 2/8/1/1/26 J.N. Brink (Clocolan) - RIS 1 Junie 1948, 5 Junie 1948, 7 Julie 1948.

2 Ineg PV181 2/8/1/1/28 Cornelis du Preez (Rusape) - RIS 8 Julie 1948.

3 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 25 Januarie 1921.

4 Ineg PV181 2/8/1/1/15 M. le Roux (Bloemfontein) - RIS 31 Desember 1920.

5 Ineg PV181 2/8/1/1/14 E. Buschunn (Nederland) - RIS 23 April 1917.

Tibbie se hart was, het bekendes soos die Kröllers, dr. Kiewiet de Jonge en dr. Muller haar hieroor op hoogte gehou.⁶ Die band is verstewig ook weens die erkenning van die stamverwantskap tussen beide lande en "de moreele erkenning", volgens die Hollandsch Zuid-Afrika, "van wat ieder Nederlander evenzeer als ieder Afrikaner, verschuldig is aan de figuur van Pres. Steyn".⁷ So was een van die vertrekke in die Kröllers se kasteel in Appeldoorn byvoorbeeld ter nagedagtenis van Theunis ingerig. Emily Hobhouse wat tydens die noodleningspoging in Duitsland op besoek aan Nederland was, het na aanleiding van dié museumvertrek en uit gesprekke met die Kröllers getuig dat hulle bewondering vir Theunis twintig jaar na die oorlog nog geensins verflou het nie.⁸ Hierdie egpaar, A.G. Kröller en eggenote, het drie jaar later, in 1924 'n gedenksitbank (seat) in 'n park naby Appeldoorn laat oprig. Die idee om 'n verkyker, 'n mikroskoop en 'n swaard as versinnebeeling van Theunis se lewe in die sitplek uit te beitel, het hulle aan die biografie van Theunis ontleen. "Wij hebben er lang over gedacht hoe wij den President het meest konden eeren en hoe wij de rustige stemming konden ... geven die steeds van zijn persoonlijkheid uitging".⁹ Gladys wat die Steynbank in 1925 besoek het, was getref deur dié indrukwekkende klipbank wat in 'n pragtige park staan.¹⁰

Voordat daar nog enige georganiseerde poging in Suid-Afrika was om Theunis te vereer, is daar 'n maand na sy dood reeds in Nederland die behoefte aan so 'n plan gevoel. Die vorm waarin die denkbeeld verwesenlik kon word, sou afhang van die finansiële steun wat hulle sou ontvang. Soos tevore waar dit ten behoeve van Suid-Afrika sou wees en waar daar eer aan Theunis bewys sou word, is aansienlike donasies van A.G. Kröller en dr. W.J. Leyds ontvang.¹¹

Tibbie het ook met groot belangstelling die gedagte gevolg van 'n gedenksteen of 'n standbeeld vir Theunis, 'n gedagte van twee studentevriende, J.C. Kakebeeke en dr. M.E. Houcke. Hulle het aanvanklik beoog om 'n borsbeeld op te rig in die "waag", die onderdak-aanloop tot die ingang van 'n gebou in Deventer, of 'n gedenksteen in die gewel van die huis in Vleeschhouerssteeg waar Theunis as student gewoon het.¹² Die gedagte het eers werklik gestalte gekry toe die "Comité tot Stichting gedenkteken Pres. Steyn" met die hulp van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) en 'n komitee onder leiding van dr. Muller 'n komitee, op die been gebring is. Die komitee het die meeste van Theunis se vriende en

6 Anon. "Dr. Hendrik Muller oorlede", Die Huisgenoot 5 Desember 1941, p. 5.

7 VAB A160/67 Hollandsch Zuid-Afrika 15 Januarie 1918.

8 VAB A156 1/1/10 EH (Londen) - RIS 30 Oktober 1921.

9 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 19 Oktober 1924; VAB A156 1/1/13 EH - RIS 27 Desember 1925.

10 OR Gladys (Londen) - RIS 23 April 1925.

11 VAB A160/67 Donasies ontvang A.G. Kröller, W.J. Leyds - N. Immink c. 1918.

12 VAB A160/67 Deventer Dagblad 20 Maart 1918.

bewonderaars verteenwoordig. Behalwe dr. Hendrik Muller het dr. H.J. Kiewiet de Jonge, voorsitter van die Algemeen Nederlands Verbond, C. Beelaerts van Blokland, prof. C. Winkler, die neuroloog wat Theunis in Europa verpleeg het, D.E. Wentink, oud-staatsargitek van die Vrystaat wat destyds verantwoordelik vir die planne vir die herboude Onze Rust was en andere in die komitee gedien.¹³

Die oorspronklike idee van 'n borsbeeld of 'n beeldegroep met 'n vrouefiguur en kind wat die krygshaftige vryheidseienskappe van Theunis voorstel, is uiteindelik verwerp ten gunste van 'n standbeeld wat Theunis voorstel terwyl hy die burgers in die veld toespreek. Die ontwerp van Toon Depuis, 'n Haagse kunstenaar, is aanvaar.¹⁴ Tibbie is deurgaans in hul voornemens en besluite geken en op hoogte van die vordering gehou.¹⁵ Die standbeeld van Theunis, uit Franse sandsteen geskep, het ongeveer twaalf voet hoog op 'n voetstuk van ses voet gestaan. Dit was volgens J.C. Kakebeeke "uitstekend geslaagd ... die gelykenis kon nog iets beter, maar de houding en uitdrukking ... zyn prachtig".¹⁶

Die oorspronklike plan om prinses Juliana van die Nederlande te nooi om die onthulling waar te neem, het op niks uitgeloop nie. Tibbie was die volgende keuse. Sy het egter ook die uitnodiging van die hand gewys. Behalwe dat sy 'n swak reisiger was, het Tibbie vertroulik aan Emily Hobhouse gemeld dat sy "too nervous a creature is and it adds to the expense to take a person with you and a suitable one is not easy to find".¹⁷

Nadat Tibbie die uitnodiging van die hand gewys het, het die komitee besluit om Gladys in haar plek te nooi. Op "een indrukwekkende plechtigheid ... volkomen in ooreenstemming met die karakter van Uw man", het Gladys, vergesel deur dr. Nell van Heerden in die woorde van dr. M.E. Houcke die onthulling op 6 Julie 1922 waargeneem.¹⁸ Die plegtigheid wat deur duisende belangstellende Nederlanders, insluitende verteenwoordigers van die Nederlandse regering bygewoon is, is gevolg deur enkele toesprake in die Grootte Kerk van Deventer.¹⁹ Dr. Houcke het gepraat oor Theunis se studiejare, Kakebeeke oor sy

13 Ineg PV181 10/1/1/7 Omsendbrief c. Julie 1917; Die Burger 6 Julie 1922.

14 VAB A160/67 A. Hesselink (Amsterdam) - O.K. Onnes 21 Februarie 1918, Toon den Fund 15 Februarie 1918; Ineg PV181 2/8/1/1/15 J.C. Kakebeeke (Deventer) - RIS 22 Februarie 1919.

15 VAB A166/70 RIS - HPNM 26 September 1917; Ineg PV181 2/8/1/1/14 HPNM (Den Haag) - RIS 24 Julie 1917.

16 Ineg PV181 2/8/1/1/15 J.C. Kakebeeke (Deventer) - RIS 1 Junie 1922; Die Volksblad 11 Junie 1922.

17 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 13 Mei 1922; VAB A156 1/1/10 EH - RIS 4 Junie 1922; A156 1/1/37 J.C. Kakebeeke (Deventer) - RIS 11 April 1922.

18 VAB A156 1/1/37 M.E. Houcke (Deventer) - RIS 12 Julie 1922; Die Volksblad 11 Julie 1922; Die Burger 1 Augustus 1922.

19 VAB A156 4/3 Deventer Dagblad 6 Julie 1922; Die Burger 1 Augustus 1922.

kommandolewe, J.S. Steyn, 'n Afrikaanse mediese student te Groningen, namens die studentegemeenskap in Nederland, en ten slotte prof. J.W. Pont oor Theunis se godsdienstige beginsels.²⁰ Tibbie se brief wat by die onthullingsplegtigheid voorgelees moes word, het te laat daar aangekom.²¹ Daarin het sy die komitee en Nederlandse vriende bedank "vir die groot eer ons as familie aangedaan".²² 'n Telegram van genl. Hertzog en Nasionale parlamentslede wat voorgelees is, het egter kort en kragtig gelui: "Uw hulde is onze eer".²³

Na afloop van die verrigtinge in die NG Kerk, die St. Lebuïnskerk, is die gaste deur die afdeling Deventer van die Ned. ZA Verenigings van die Algemeen Nederland Verbond in die Buiten-Sociëteit op 'n gesellige tee onthaal. Daardie aand was Gladys en Nell die enigste dames in 'n geselskap wat deur dr. Muller op 'n eetmaal vergas is. 'n Emosionele heildronk is deur dr. Muller op Tibbie ingestel waarin hy volgens Gladys "veel snoesige dinge" oor Tibbie gesê het.²⁴

Die Nederlanders se eerbetoon het Tibbie "opgewonne en aangedaan" gelaat. Veral dr. Muller se toespraak het Tibbie met belangstelling geles "want ek weet", het sy aan hom geskryf, "wat u vir President gevoel het". Sy het dr. Muller bedank en het minister Van Ysselstein se woorde beaam dat "gij waart de ziel van het comite, zonder U (Muller) was het er niet gekomen".²⁵ Van haar begeerte soos sy dit later aan dr. Muller uitgespreek het dat sy 'n pelgrimstog na Deventer sou wou onderneem, het niks gekom nie.²⁶ In teenstelling met die Steynbank wat vir Gladys treffend was, het die beeld van haar vader nie gestrook met sy uiterlike of karakter nie. Terwyl dit vir haar 'n klaaglike mislukking was, het die inwoners van Deventer dit as 'n kunstuk beskou.²⁷

Die Nederlandse eerbetoon het Tibbie tot groot dankbaarheid gestem. Dit het daartoe gelei dat sy die Nederlandse koningshuis by verskeie geleenthede in

20 VAB A156 1/1/37 M.E. Houcke (Deventer) - RIS 12 Julie 1922; A156 1/1/37 J.S. Steyn (Groningen) - RIS 10 September 1922; Ineg PV181 2/8/1/1/15 J.C. Kakebeeke (Deventer) - RIS 1 Junie 1922; Die Volksblad 11 Julie 1922, 8 Augustus 1922; Die Burger 6 Julie 1922.

21 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 6 Augustus 1922; VAB A156 4/4 Deventer Dagblad 6 Julie 1922.

22 VAB A156 4/4 Deventer Dagblad 6 Julie 1922; Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 6 Augustus 1922; VAB A160/70 RIS - HPNM 3 Augustus 1922.

23 Die Volksblad 11 Julie 1922.

24 OR Gladys (Londen) - RIS 10 Julie 1922; Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 10 Julie 1922; VAB A156 4/3 Deventer Dagblad 6 Julie 1922; A156 4/4 Deventer Dagblad c. Julie 1922; Die Burger 1 Augustus 1922; The Friend 8 Julie 1922, 10 Julie 1922; A156 4/4 Anon. Hollandsch Zuid Afrika Maandschrift 15 Julie 1922, pp. 1-8; Die Volksblad 8 Augustus 1922; VAB A156 4/4 Die Boerevrou Januarie 1923; Ploeger, J. "Die onthulling van die standbeeld van president M.T. Steyn in Deventer 6.7.1922", Lantern Desember 1967, pp. 56-60.

VAB A160/70 RIS - HPNM 3 Augustus 1922.

26 VAB A160/69 RIS - HPNM 25 Oktober 1925.

27 OR Gladys (Londen) - RIS 15 Julie 1922.

herinnering gehou het. In 1923 by geleentheid van die jubileum van koningin Wilhelmina het Tibbie aan haar 'n skrywe van gelukwensing gerig.²⁸ Haar diepste waardering vir die Nederlanders se volgehoue pogings om Theunis se nagedagtenis te eer, spreek ook uit die gebeure rondom 'n kranslegging deur mev. H.D. van Broekhuizen, eggenote van die Suid-Afrikaanse gesant, op 16 Desember 1935 by die Steynbeeld in Deventer.

'n Steyn-uitstalling gereël deur Oudschans Dentz in samewerking met die Algemeen Nederlandsch Verbond is tydens dieselfde geleentheid gereël. Foto's van die Steyns, dokumente oor hul genealogie, belangrike geleenthede in hul lewens, hul silwerbruilof en verskeie voorwerpe uit dr. Muller se versameling is ten toon gestel.²⁹

Met die geboorte van prinses Magriet in 1943 het Tibbie se gelukwensing hoë waardering van die Nederlandse koningshuis uitgelok. Met die vermelding dat "de banden tusschen de Familie Steyn en Nederland ... sterk ... zijn en wij van onze kant zijn daar trotsch op en houden ze in eere".³⁰

Een van dr. Muller se laaste take was die skenking en die tewaterlating in November 1939 van 'n reddingsboot aan die Noord- en Zuid-Hollandsche Redding Maatschappij, wat op sy versoek die naam van President Steyn sou dra.³¹ Dr. Muller het aan Tibbie 'n volledige beskrywing van die seremonie gestuur. "Ek het ook nie woorde om u te bedank", het Tibbie nou vlot in Afrikaans haar waardering betuig, "dat u die grote blyk van liefde aan die nagedagtenis van President so in die harte van die Hollandse volk wil laat voortleef". Sy het dit veral op prys gestel dat haar geliefde ou Vrystaatse vlag op die boot gewapper het. "Vir ons ou Vrystaters", het sy geskryf, "kan geen ander vlag die plek inneem wat daardie vlag vir ons beteken".³² Tydens haar besoek aan Nederland in 1948 is sy meegedeel dat die President Steyn lofwaardige diens tydens die Tweede Wêreldoorlog onder die Rooikruisvlag gedoen het.

Die laaste verbintenis van die Steyns met Nederland was toe 'n versorgingshuis vir wese met bydraes van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) in Junie 1952 in Bloemendaal geopen het. Op die gedenkplaat van die "Kinderhuis Rachel Steyn" soos dit vernoem is, het dit duidelik geblyk dat die "Boerenasie"

28 VAB A156 4/6 Nieuwe Rotterdamse Courant 30 Augustus 1923.

29 Ineg PV181 2/1/1/4 Deventer Dagblad 16 Desember 1935; VAB A70 Getikte aantekeninge onder die opskrif "De afdeling Deventer herleeft door de Dingaansdagviering" c. Desember 1935.

30 VAB A156 1/1/37 Gezantschap der Nederlanden (Kaapstad) - RIS 11 Februarie 1943.

31 Spies, F.J. du T., 'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat ..., p. 271.

32 VAB A160/69 RIS - HPNM 5 Januarie 1940; A160/90 Emmie du Toit - HPNM 10 Februarie 1938.

steeds nie vergeet het "wat die Nederlandse volk ... in die worsteljare na 1902 ... vir (hulle) gedoen het" nie.³³ Nadat die oorlogswese dié tehuis verlaat het, het dit 'n versorgingshuis vir senior burgers geword. Vandag is dit 'n private woonuis en het die naam Rachel Steyn-huis daarop verdwyn.³⁴

Ook in Suid-Afrika het Tibbie dikwels daadwerklik deelgeneem aan die proses om Theunis nie in die vergetelheid te laat verdwyn nie. Tibbie het jaarliks op 2 Oktober, Theunis se verjaarsdag 'n pelgrimstog na die Vrouemonument onderneem. Hoe intens Tibbie die besoek beleef het, blyk uit die beskrywing van die geleentheid in 1919 toe Rae, Colin se verloofde, dit só beskryf het: "Collie boy (Colin) jij het 'n wonderlike Mammie, want sij was ... vanoggend so (haar onderstreping) hartseer, en tog het sy sterk gehou, buiten vir 'n paar minute. Ek het haar tog so jammer gekrij, en tog was dit onmoontlik haar nie te bewonder nie".³⁵ Die jaarlike besoek aan die Vrouemonument is deur die Meisieskool Oranje, die OVV en die President Steyn-Regiment meegemaak.³⁶ In 1949 op vier-en-tagtigjarige ouderdom het Tibbie aan Emmie oor hierdie dag geskryf: "Dit is die 2e Okt. en van ek van môre wakker geword het het so innig verlang na Pappie".³⁷

Op 2 Oktober 1920 het genl. De Wet in Tibbie se teenwoordigheid 'n skildery van Theunis in die Gedenksaal, Bloemfontein onthul wat geskilder is deur Hugo Naude, die skoonseun van haar vriendin, Mary Brown.³⁸ Die onthulling deur Tibbie van 'n standbeeld van Theunis op 30 September 1929 voor die hoofgebou van die destydse Grey-Universiteitskollege in Bloemfontein, het met ewe veel aandoening gepaard gegaan. 'n Dekade tevore het die jongmense van Suid-Afrika wat studente en jongliedeverenigings van die Kaapprovinsie, die Vrystaat en Transvaal verteenwoordig het in Bloemfontein die inisiatief geneem vir die daarstelling van so 'n huldeblyk aan Theunis. Die beeld moes twee keer lewensgrootte wees is en deur Anton van Wouw gemaak.³⁹ Die verrigtinge is deur ds. J.D. Kestell gelei en die direkteur van onderwys, S.H. Pellissier, het 'n toespraak oor die oorsprong en die uitvoering van die projek gelewer. Tibbie se biograaf beskryf hierdie geleentheid in die gloeiende vaderlandsliefde en bruisende geesdrif wat die geskrifte van die laat dertigerjare en veertigerjare kenmerk.⁴⁰ Volgens Die Volksblad was dit "een van die

33 Die Volksblad 7 Junie 1952.

34 De Jong, C. "Die Pierneefskildery en koningin Wilhelmina" in Pretoriana soos aangehaal in Handhaaf Februarie 1987, p. 18.

35 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/4.7 Rae - Colin 2 Oktober 1919.

36 The Friend 3 Oktober 1924; Die Volksblad 3 Oktober 1924; VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 7 Oktober 1943.

37 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 2 Oktober 1949.

38 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 21 September 1920, 6 Oktober 1920.

39 VAB A132 Jaarblad van die Grey Universiteitskollege, 1919, p. 38: Die standbeeld het £2,000 gekos..

40 Kruger, N., Rachel Isabella Steyn; presidentsvrou, p. 147.

plegtigste oomblikke wat Bloemfontein ooit geken het". G.S. Nienaber en Nico van der Merwe het toesprake gelewer. Behalwe die ouer garde soos Jaap de Villiers wat intussen hoofregter van Suid-Afrika geword het en sommige van Theunis se oud-amptenare, het die aanwesiges bestaan uit 'n nuwer geslag geskoolde Afrikaners, insluitende adv. C.R. Swart en drr. C.F. Visser en D.F. Malherbe. "The most impressive moment", het The Friend, geskryf, "was when Mrs. Steyn ... drew the cords and revealed the statue in full view".⁴¹ Vir Tibbie was die standbeeld van Theunis, die eerste en enigste in daardie stadium in Suid-Afrika, lewensgetrou en indrukwekkend.⁴²

In die begin van die veertigerjare was Tibbie verder betrokke by twee herdenkingsprogramme vir Theunis. Presies vyf-en-twintig jaar na Theunis se dood het sy deelgeneem aan 'n program in die Gedenksaal in Bloemfontein ter ere van Theunis, gereël deur die OVV. Daarby het sy ook aan die einde van die volgende jaar, 1941, 'n borsbeeld van Theunis by sy alma mater, Grey-Kollege, onthul.⁴³ In 1945 is 'n presidensiële wapen op Theunis se spoorweg-salonwa wat in Maart 1900 met die Britse besetting van die dorp verwyder is, toevallig in 'n rommelhoop in die Goewermentsgebou gevind en aan Tibbie geskenk deur die administrateur van die Vrystaat, prof. S.P. Barnard.⁴⁴

Ook die gedagtes om Theunis se naam te koppel aan 'n regiment van die Suid-Afrikaanse Weermag, 'n spoorweghostel, 'n skip en 'n goudmyn het Tibbie met genoegdoening vervul. In 1934 het Tibbie met genoeë 'n versoek van die minister van verdediging, O. Pirow goedgekeur dat 'n regiment in die burgermag wat in Bloemfontein gestig is, die naam "Regiment President-Steyn" sou dra. Die twee bevelvoerders, luitenant-kolonel C.F.G. Richter en majoor C.M. Hardy, sou aan Tibbie die voorgestelde wapenteken van die regering vir goedkeuring voorlê.⁴⁵ Op 'n plegtige geleentheid in 1939 het Tibbie, bygestaan deur haar ou vriend, sen. W.J.C. Breber en ere-kolonel van die regiment, die vaandel wat sy van die burgemeester, Gordon Smit, ontvang het, aan die knielende offisier, E.C. Barnard, oorhandig. Nadat die burgemeester 'n toespraak gelewer het en Brebner in sy

⁴¹ The Friend 30 September 1929; Die Volksblad 30 September 1929; VAB A156 1/1/17 Hannah (Hamburg) - RIS 29 Oktober 1929; A156 1/1/17 Cecilia Fichardt (Edinburgh) - RIS 29 November 1929.

⁴² Ineg PV181 2/8/1/1/21 S.H. Pellissier (Bloemfontein) - RIS 18 Oktober 1929.

⁴³ Ineg PV181 10/1/4/3 Program 28 November 1916-1941 Plegtige herdenking van die oorlye van president M.T. Steyn 28 November 1941; Die Volksblad 30 November 1942.

⁴⁴ VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 7 Julie 1945; Ineg PV181 2/8/1/1/25 S.P. Barnard - RIS 16 Junie 1945.

⁴⁵ Ineg PV181 2/8/1/1/23 O. Pirow (Pretoria) - RIS 11 Junie 1934.

toespraak gewag gemaak het van die eer wat Tibbie die regiment aangedoen het, is sy deur die regiment gesalueer.⁴⁶

Tibbie se bemoeienis met dié regiment het nie daar geëindig nie. Sy het op 'n persoonlike vlak met Hardy, wat later bevelvoerder van die regiment geword het, geskakel. Hy het haar verseker dat die Regiment President-Steyn hom onderskei het in die verskillende veldslae waaraan dit tydens die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het.⁴⁷ Teen die vyftigerjare kon Tibbie die jaarlikse herdenking van Theunis se verjaarsdag deur die regiment by die Vrouemonument nie meer bywoon nie. Tibbie se kleinseun en Theunis se genant, M.T. Steyn, (jr.) het dit namens haar bygewoon.⁴⁸

Hoewel Tibbie die opening van die President Steyn-spoorweghostel op 13 November 1937 nie kon bywoon nie, het dit haar nie daarvan weerhou om haar deur woord en daad met dié tehuis te vereenselwig nie. Sy het haar beywer vir die verskaffing van lektuur en die daarstelling van 'n biblioteek by die tehuis.⁴⁹ By latere geleenthede het sy gereeld met haar gesinslede die jaarlikse pryse oorhandig en die gesellige verjaarsdagaande met hulle meegemaak.⁵⁰ "Ag", het sy aan Emmie op twee-en-tagtigjarige ouderdom geskryf, na aanleiding van haar onvermoë om in die laat veertigerjare hierdie laaste funksie van die tehuis by te woon, "as my ou liggaam soos my gees sou wees hoe 'n wonderlike ou vrou sou ek nie wees nie".⁵¹

Sy kon nie die herdoping van die skip, John G. Nicolay na die SS President Steyn in 1947 en die opening van die President Steynmyn in 1954 bywoon nie maar by eersgenoemde geleentheid het Colin opgetree. As minister van arbeid het hy Tibbie se boodskap op 29 Oktober 1947 in die Durbanse dokke voorgelees. Dit is daarna geraam en naas Theunis se portret op die skip geplaas.⁵² By die luisterryke opening van die President Steynmyn deur Colin in 1954 was al Tibbie se dogters behalwe Emmie teenwoordig. Tibbie, in daardie stadium nege-en-tagtig jaar oud, se gesondheid was in 'n bedenklike toestand.⁵³

46 The Friend 18 Oktober 1939; Die Volksblad 17 Oktober 1939.

47 VAB A156 1/1/37 C.M. Hardy (Te velde) - RIS 4 Desember 1941; C.M. Hardy (Durban) - RIS 5 Januarie 1942.

48 The Friend 3 Oktober 1952.

49 The Friend 13 November 1937.

50 Ineg PV181 2/8/1/24 L.J. Prins - RIS 12 November 1942.

51 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 11 November 1947.

52 Ineg PV181 10/1/1/3 Ter viering van die registrasie van die herdoping van die John G. Nicolay na SS President Steyn; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 25 Oktober 1947, 5 November 1947; Ineg PV181 2/8/1/30 J.B. Horak (Johannesburg) - RIS c. September 1947.

53 Die Volksblad 5 April 1954; SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/10.2 Z.A.N. Wilson (Johannesburg) - Colin 26 Maart 1954, 11 Junie 1954.

Die bekoring wat van Tibbie na haar volksgenote uitgegaan het, het daarin gelê dat sy soos Theunis begaan was oor elkeen wat om hulp kom aanklop het of in ongunstige omstandighede verkeer het. "U is 'n groot vrou", het Antoinetta Steenkamp in 1928 aan Tibbie geskryf, "die grootste wat leef onder die Afrikaanse nasie en omdat u so groot (haar onderstreping) is daarom het u ook tyd en gevoel vir die geringste onder uw volk".⁵⁴ Tibbie het tot in die vyftigerjare versoeke om hulpverlening ontvang. 'n Voorbeeld is die geskeide Suid-Afrikaanse dame wat sonder heenkome in Switserland gesit het of die hulpbehoewende dame wat by haar kom aanklop het om 'n naaldwerkmasjien.⁵⁵

Sy sou egter graag in 'n ruimer mate aan die hulpversoeke wou gehoor gee. "It is hard to belong to the respectable poor", het sy haar posisie speels teenoor Emily Hobhouse opgesom.⁵⁶ Alhoewel sy self skraps gelewe het, het sy dikwels 'n hand na hulpbehoewendes uitgesteek. Die lot van veral mev. Cornelia de Wet, genl. De Wet se weduwee, het haar aangegryp. Dat genl. De Wet se dogter op 'n jeugdige ouderdom gesterf het terwyl hy tydens die Rebelle in die Bloemfonteinse gevangenis was, was vir Tibbie 'n tragedie. Maar dat Bettie, die laaste van genl. De Wet se agt dogters was - sewe waarvan reeds oorlede is, - was vir Tibbie 'n pynlike gedagte. Genl. De Wet het egter nog seuns gehad. Die bande van meegevoel wat tydens mev. De Wet se besoek aan Onze Rust gedurende die Rebelle gesmee is, is later in vriendskapsbande tussen die twee vroue omskep.⁵⁷ Ten spyte daarvan dat mev. Cornelia de Wet die tipiese Boervrou van die pioniersgeslag was en 'n gedugte vrou, selfs onverbiddelik, skaars by magte om 'n brief te skryf en volgens Emily Hobhouse se oordeel, "with ... none of her husband's charm and power", het Tibbie 'n diepe toegeneentheid jeens haar en haar omstandighede gekoester.⁵⁸

Sy was nie alleen hul geliefde generaal se eggenote nie, hulle het ook dieselfde geskiedenis deurgewaad. As gevolg van onoordeelkundige finansiële bestuur was genl. De Wet se weduwee in 'n ongunstige en selfs benarde posisie na sy dood. Genl. De Wet het behalwe skenkings aan sy seuns, onwyse spekulasietransaksies met plase aangegaan. Sy onrustige geaardheid het hom verder soos 'n voël op 'n tak van plaas tot plaas laat trek. Ten slotte was die Genl. De Wet-Volkskenking, 'n

54 Ineg PV181 2/8/1/1/20 A. Steenkamp (Kaapstad) - RIS 3 September 1928.

55 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 15 Oktober 1922; A156 1/1/37 F. Arnold (Springfontein) - RIS 19 Junie 1950.

56 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 21 Augustus 1923; 2/7/1/1/14 RIS - EH 5 Oktober 1925.

57 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 21 Maart 1915; VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 4 April 1915; VAB A160/70 RIS - HPNM 1 September 1915.

58 Van Reenen, R. (Ed.), Emily Hobhouse Boer War letters, pp. 216, 482, EH (De Wets farm) - lady Hobhouse 1 Julie 1903; VAB A156 1/1/10 EH - RIS 12 Februarie 1922.

insamelingspoging in die twintigerjare om hom te help, grootliks 'n mislukking. Mev. De Wet se posisie was inderdaad na genl. De Wet se dood onbenydenswaardig.⁵⁹ Na genl. De Wet se begrafnis het Tibbie onbeskroomd in 'n brief aan mev. De Wet navraag gedoen oor haar finansiële situasie. Mev. De Wet se seuns was blykbaar eerder 'n meulsteun om haar nek as persone op wie sy kon peil trek. "Poor woman", het Tibbie aan mej. Hobhouse geskryf, "the eldest son they say is just a poor white and has a large family, the youngest is addicted to drink so I suppose she has more or less to share her little income with them".⁶⁰ Die toekenning in 1922 van 'n jaarlikse pensioen van £120 aan haar en mev. De la Rey deur die Empire Service League het met veel polemieë en venyn van Engelsgesindes gepaard gegaan.⁶¹

Tibbie het haar in dié omstandighede ten doel gestel om in oorleg met genl. Hertzog aan mev. De Wet bystand te verleen.⁶² In gereelde briefwisseling het Tibbie mev. De Wet bemoedig en haar telkens verseker dat sy nie in die steek gelaat sou word nie.⁶³ Die pensioen aan mev. De Wet het onvoldoende geblyk te wees aangesien sy ook verantwoordelik was vir die betaling van die verband op 'n plaas.⁶⁴ Die Genl. De Wet-Volkskenking het kwalik £1,000 byeengebring en 'n basaar wat deur Tibbie in Bloemfontein gereël is, slegs £30.⁶⁵ Pieter Daniël, een van mev. De Wet se seuns, moes intussen weens 'n ongeneeslike geestelike ongesteldheid in 'n Bloemfonteinse hospitaal opgeneem word.⁶⁶ Die £100 wat sy jaarliks vir sy hospitalisasie moes betaal, het haar met 'n balans van £50 gelaat om van te lewe.⁶⁷ Genl. Hertzog het aan Tibbie verduidelik dat die regering nie by magte was om haar pensioen te verhoog nie.⁶⁸ Nadat sy ook sen. W.J.C. Brebner en adv. C.R. Swart oor die saak genader het, was Tibbie selfs bereid om Nico van der Merwe as voorsitter van die Helpmeekaarstigting om hulp te nader, want, skryf sy aan mej. Hobhouse, "by hook or crook we must assist her, at present an appeal is out of the question".⁶⁹ Tibbie het gevolglik op 31 Oktober 1924 'n skrywe aan die voorsitter van die Mental Hospital (soos dit bekend gestaan het) gerig waarin sy mev. De Wet

⁵⁹ Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 27 November 1922; PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 23 Maart 1923; PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 23 Maart 1923; Die Volksblad 20 Januarie 1927.

⁶⁰ Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 19 Junie 1922, 8 Oktober 1922.

⁶¹ Die Volksblad 7 Desember 1922; VAB A156 1/1/10 EH - RIS 24 Desember 1922; A156 1/1/12 EH - RIS 18 Februarie 1923.

⁶² Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 16 April 1923.

⁶³ Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 17 Februarie 1923, 23 Maart 1923.

⁶⁴ Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 16 April 1923; Die Volksblad 21 Februarie 1922, 12 Mei 1922.

⁶⁵ Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 23 Januarie 1923.

⁶⁶ VAB A156 1/1/12 EH - RIS 23 November 1924.

⁶⁷ Ineg PV181 2/8/1/1/16 C.M. de Wet (Dewetsdorp) - RIS 17 Oktober 1924.

⁶⁸ Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 2 November 1924.

⁶⁹ Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 26 Oktober 1924.

se finansiële verknorsing uitspel. Hoewel sy die Hospitaalraad se bystand verlang, wou Tibbie nogtans voorkom dat Pieter gratis as pasiënt behandel word aangesien hy dan bepaalde voorregte sou moes ontbeer.⁷⁰

Die vertoë aan die Hospitaalraad was aanvanklik in die weegskaal omdat die magistraat van Dewetsdorp luidens dr. Hugh Bidwell, Tibbie se vriend wat tydens die oorlogsjare met Maude Fichardt getroud is, te kenne gegee het "that two of Mrs De Wet's sons are well to do farmers and could easily pay for their brother's maintenance, but ... (they) are not prepared to take over the liability".⁷¹ Hierdie feit het ook sen. Brebner dwars in die krop gestee toe Tibbie in 1925 ten behoeve van mev. De Wet gekollekteer het omdat "Kootjie en Izaak meer vir hul moeder behoer (sic) te doen".⁷²

Teen Maart 1925 het die Hospitaalraad tog 'n besluit geneem om mev. De Wet tegemoet te kom met die gratis verpleging van Pieter. Dr. Bidwell het Tibbie verder verseker dat hy presies dieselfde behandeling as die ander pasiënte sou ontvang.⁷³ Tibbie se "quiet chat (with dr. Malan) ... and laying Mrs de Wet's case before him" tydens die doopseremonie van Ileana, Emmie se jongste dogter in die Kaap, was vir dié handomkeer verantwoordelik.⁷⁴ Emily Hobhouse was ingenome dat Tibbie se pogings met sukses bekroon is. "It is wonderful", het sy geskryf, "what you get people to do by your unselfish & untiring efforts for others. Influence is a big thing after all, is it not?"⁷⁵

Tibbie se begeerte in 1925 om mev. De Wet saam met 'n familielid na Durban vir 'n seevakansie te stuur, is ondersteun deur ander besorgde Afrikaners.⁷⁶ Met dié doel voor oë het Tibbie £108 ingesamel.⁷⁷ Met die hulp van die NG-predikant van Durban het Tibbie in 'n strandfronthotel verblyf vir 'n maand bekom. Op 6 Augustus 1925 het sy en Hannah mev. De Wet en haar skoondogter op die stasie gaan afsien.⁷⁸ Volgens Kotie, mev. De Wet se seun, het hulle die vakansie terdeë

70 Ineg PV181 2/8/1/1/16 RIS (Rustendal) - voorsitter Mental Hospital 31 Oktober 1924; PV181 2/8/1/1/16 J.B. Parsons (Bloemfontein) - RIS 11 November 1924; VAB A156 1/1/12 EH - RIS 26 Oktober 1924, 23 November 1924, 30 November 1924.

71 Ineg PV181 2/8/1/1/7 C. Hugh Bidwell (Bloemfontein) - RIS 4 Desember 1924.

72 Ineg PV181 2/8/1/1/17 W.J.C. Brebner (Bloemfontein) - RIS 16 April 1925.

73 Ineg PV181 2/8/1/1/17 C. Hugh Bidwell - RIS 6 Maart 1925.

74 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS (Vreugde) - EH 9 Februarie 1925, 15 Februarie 1925.

75 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 8 Maart 1925.

76 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS (Vreugde) - EH 15 Februarie 1925.

77 Ineg PV180 1/2/3/2/2 Notule OVV HB, 5 Mei 1925.

78 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 22 Julie 1925, 6 Augustus 1925.

geniet.⁷⁹ Mev. De Wet het egter spoedig verlang na "'n gè braa de rip ... op de rooster" (sic).⁸⁰

Reeds voor die einde van dieselfde jaar het Tibbie in oorleg met Kotie de Wet besluit om aan sy moeder 'n rolstoel te skenk omdat sy in daardie stadium beswaarlik kon loop.⁸¹ Die stoel wat £32 in Londen gekos het, is deur bemiddeling van Lalie Smit en deur die kantoor van die hoë kommissaris en ene Bowden in Londen vir £7 minder bekom. Geen doeanebelasting en spoorvrag is in Suid-Afrika gehef nie.⁸²

Tibbie het ook by genl. Hertzog om hulp aangeklop. Dat genl. Hertzog homself telkens benadeel het omdat die behoeftige omstandighede van mev. De Wet hom "baie ter harte (ge)gaan" het, het met die verloop van tyd duidelik geword.⁸³ Voor die einde van 1924 het Tibbie £50 van hom ontvang "I had however not to mention to anyone that he had sent it", het Tibbie aan mej. Hobhouse geskryf. "No wonder he is so beloved, and is a poor man. He is so open handed".⁸⁴ Die volgende jaar se skenking het onder dieselfde voorwaardes geskied.⁸⁵ Tibbie wou die reusebedrag aanvanklik nie aanvaar nie aangesien sy geweet het dat genl. Hertzog dit self nie te breed het nie. Sy het haar voorneme aan Jaap de Villiers bekend gemaak dat indien sy genl. Hertzog die volgende jaar in die Kaap sou ontmoet "hem vra om nie sulke groot somme uit te gee hy moet werklik nou sorg vir sy oudag".⁸⁶ Ook sen. Brebner het gemeen dat "hy weet (nie) die waarde van geld nie ... hy sal (nie)... uitkom op wat hy trek nie".⁸⁷ Mev. De Wet moes nogtans van sy ruimhartigheid verneem het want skryf sy aan hom in 1926 deur middel van haar seun: "Hoe sou dit die hart van my ou man verbly as hy kon weet hoe U nog vir my sorg".⁸⁸

Aan die einde van Oktober 1927 het Tibbie weer eens 'n beroep op die moeders en dogters en die NP-vroue van die Vrystaat gedoen om 'n rytuig vir mev. De Wet te bekom.⁸⁹ Daar moes egter nog oor die aard van die rytuig besin word. Op mev. De

79 Ineg PV181 2/8/1/1/17 Kotie de Wet (Spitskop) - RIS 10 September 1925.
 80 Ineg PV181 2/8/1/1/17 C.M. de Wet (Durban) - RIS 22 Augustus 1925.
 81 Ineg PV181 2/8/1/1/18 Kotie de Wet (Spitskop) RIS 22 Desember 1925, 9 Maart 1926; VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 11 Desember 1925.
 82 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 25 Februarie 1926; PV181 2/8/1/1/18 C.M. de Wet (Klipfontein) - RIS 5 Julie 1926; PV181 2/8/1/1/18 B. Bowden (Londen) - RIS 25 Mei 1926.
 83 Ineg PV181 2/8/1/1/17 JBMH - RIS 5 Januarie 1925.
 84 Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 20 Desember 1924.
 85 Ineg PV181 2/8/1/1/17 JBMH - RIS 1 Desember 1925.
 86 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 11 Desember 1925; Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 11 Januarie 1925.
 87 Ineg PV181 2/8/1/1/17 J.W.C. Brebner - RIS 16 April 1925.
 88 TAB A32/6 C.N. de Wet (Klipfontein) - JBMH 5 Julie 1926; Ineg PV181 2/8/1/1/21 C.M. de Wet (Klipfontein) - RIS 2 Januarie 1930, 28 April 1931.
 89 VAB A160/70 RIS - HPNM c Junie 1928.

Wet se een-en-sewentigste verjaarsdag op 22 Desember 1927 het sy 'n motor van dié groep goedgesinde Afrikaners ontvang op die plaas waar sy in die Dewetsdorpdistrik gebly het. Tibbie is vergesel deur Tibbie van der Merwe en Nico, sen. Brebner, Maynie Fleck, Rae, Gordon en Eugenie. Tibbie se kleindogter, Tibbie van der Merwe (jr.) en Tibbie Fraser, Gordon se dogter, het aan mev. De Wet die verjaarsdagkoek oorhandig. Nico het 'n kort toespraak gelewer en ook 'n tjek aan haar oorhandig namens die moeders en dogters van die Vrystaat en die hoofbestuur van die Vrystaatse Helpmekaar.⁹⁰ Tibbie het vir Die Volksblad 'n spesiale waardering geskryf waarin sy melding maak van mev. De Wet se swaarkry en offervaardigheid. "Tog maak haar persoonlikheid nog altyd die indruk van iemand", het sy geskryf, "wat in die lewe geseëvier het en wat geen nederlaag ken nie".⁹¹ Dit het Tibbie groot genoegdoening verskaf dat haar oproep so 'n sukses was.⁹²

Jaarliks daarna het mev. De Wet 'n verjaarsdagkoek en 'n tjek van die welwillende groep Afrikaners onder leiding van Tibbie ontvang.⁹³ Toe die fonds uitgeput geraak het, het Tibbie weer halfkrone aangevra.⁹⁴ Dié groep vriende wat "nog met hard (sic) en ziel aan my dink", soos sy dit gestel het, en Tibbie se opbouende, positiewe korrespondensie was vir mev. De Wet 'n ware riem onder die hart.⁹⁵ Tibbie en genl. Hertzog kon egter nie teen die helfte van 1932 positief reageer op die versoek van Kobie en Isak de Wet om finansiële bystand as gevolg van die depressie nie.⁹⁶ In 1935 het Tibbie mev. De Wet die laaste keer besoek.⁹⁷ Toe mev. De Wet se gesondheid die volgende jaar verder verswak, het Tibbie haar die hulp van 'n bediende aangebied. Sy was "baieja ziek aan die brom kaatjes en toe die tot bedaring kom", het mev. De Wet aan Tibbie geskryf, "het ik 2 aan va le van die bit tere gal steene ge had" (sic).⁹⁸

Die dood van mev. De Wet op 17 Julie 1936 op byna tagtigjarige ouderdom aan die woning van haar oudste seun op Skema in die distrik Dewetsdorp het Tibbie diep

90 VAB A160/70 RIS - HPNM c. Junie 1928; A13/1 RIS - Maynie Fleck 25 November 1927, 23 Desember 1927; Ineg PV181 2/8/1/1/20 C.M. de Wet (Klipfontein) - RIS 15 November 1927.

91 Die Volksblad 23 Desember 1927.

92 VAB A160/70 RIS - HPNM c. Junie 1928.

93 Ineg PV 181 2/8/1/1/22 C.M. de Wet (Spitskop) - RIS 23 Desember 1930; VAB A13/1 RIS - Maynie Fleck 18 Desember 1934; TAB A32/6 RIS - HPNM 30 Julie 1934; RIS - JBMH 30 Julie 1934.

94 VAB A13/1 RIS - Maynie Fleck 28 Augustus 1933; A13/1 RIS - vriend c. Augustus 1933.

95 Ineg PV181 2/8/1/1/21 C.M. de Wet (Klipfontein) - RIS 2 Januarie 1930; PV181 2/8/1/1/23 C.M. de Wet (Spitskop) - RIS 2 September 1933; VAB A156 1/1/37 J.D. de Wet (Meadows) - RIS 24 Augustus 1936.

96 TAB A32/6 RIS - JBMH 10 Julie 1932.

97 Ineg PV181 2/8/1/1/23 Isie Smuts (Irene) - RIS 8 Januarie 1935.

98 VAB A156 1/1/37 C.M. de Wet (Skema) - RIS 5 Julie 1936; A156 1/1/37 C.M. de Wet (Palmietfontein) - RIS 7 Maart 1935, 5 Julie 1936.

ontroer.⁹⁹ Tibbie wat afwesig was op die begrafnis het 'n huldeblyk aan Die Volksblad geskryf. Daarin maak sy gewag van haar bewondering vir mev. De Wet.¹⁰⁰ Tibbie loods daarna 'n veldtog om geld vir 'n grafsteen in te samel. Dit moes suksesvol gewees het, want in 1939 het sy die grafsteen vir mev. De Wet onthul.¹⁰¹ In die nagloed van die eeufeesviering van die Groot Trek het Tibbie op versoek daardie dag haar Voortrekkerrok aangehad tot groot ergenis van Gladys wat gemeen het sy "sou 100% mooier gelyk het in ander klere en warem (sic) moet die mense my in die Voortrekker rok sien". Op hierdie wyse het Tibbie haar laaste eer aan die weduwee van genl. De Wet betoon.¹⁰²

Die geweldige invloed wat daar van Theunis van Onze Rust af uitgegaan het ten spyte van sy betreklike onbeweeglikheid en afsondering het na sy dood bly voortleef. Die negatiewe van die Anglo-Boereoorlog, die beeld van die hensopper en die scout het geleidelik vervaag en alleen die heldedade en helde is onthou. As weduwee van een van die vooraanstaande figure uit die oorlog en daarna, het Tibbie in die nasionale idioom "die laaste skakel met die heldeverlede" geword. Die aansien wat haar naam gedra het, kon gepeil word uit herhaalde versoeke wat van alle kante na haar ingestroom het om 'n verdienstelike saak te ondersteun. Was dit nie 'n opvoedkundige inrigting soos die voorgestelde universiteitskollege vir die Vrystaat nie, was dit dr. D.F. Malan wat 'n beroep doen op haar naam wat "alleen ... vir ons baie werd ... sal ... wees".¹⁰³ Die Nasionale Raad van Trustees, 'n liggaam wat hom toegespits het op die voorkoming van geestelike en morele verarming van die Afrikanerwerker in die stad, het hulself geëerd beskou dat Tibbie bereid was om in hul raad te dien.¹⁰⁴

Dit het Emily Hobhouse in die vroeë twintigerjare aan Tibbie laat opmerk dat "truly you are in constant request for both family & public ... I think", het sy geskryf, "what a few words from you mean in influence".¹⁰⁵ In eie reg het sy toenemend agting, liefde en respek afdwing. In 1932 het kolonel H. van Tongeren in sy amptelike hoedanigheid as grootmeester van die Nederlandse Orde van Vrymesselaars, Suid-Afrika besoek. Tydens dié geleentheid is hy aan verskeie vooraanstaande Suid-Afrikaners voorgestel. Van almal het Tibbie die diepste en

99 VAB A160/69 RIS - HPNM 31 Julie 1936.

100 Die Volksblad 17 Julie 1935, 18 Julie 1936.

101 Ineg PV181 10/1/1/6 Fragment van brief RIS - redakteur Die Volksblad 6 November 1936; Oorlogsmuseum Bloemfontein, Nasionale Vrouemonumentkommissie (NVMK) Notule 24 November 1937; Dokument deur dr. Carl de Wet geskenk aan prof. M.C.E. van Schoor, J.S. de Wet (Skema) - Hans 8 September 1936; VAB A160/69 RIS (Vreugde) - HPNM 27 Januarie 1937.

102 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 5 April 1939.

103 Ineg PV181 2/8/1/1/19 DFM (Pretoria) - RIS 11 September 1926.

104 Moodie, D.T., The rise of Afrikanerdom, p. 170.

105 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 7 Julie 1922, 22 Mei 1922.

blywendste indruk op hom gemaak. "Onder die vroue van Suid-Afrika", het hy verklaar, het sy "die hoogste (ge)staan. Dit was die aangenaamste dag", het hy Die Burger na sy besoek aan Onze Rust meegedeel, "wat ek in Suid-Afrika deurgebring het".¹⁰⁶ Sy het nie agter haar ouderdom geskuil om onbetrokke by landsake te wees nie. Waar sy haar invloed ten goede kon gebruik soos byvoorbeeld in die geval van 'n private individu soos mev. De Wet, het sy nie gekroom om die daad by die woord te voeg nie. Dit moes egter geskied binne die perke wat Tibbie gestel het, naamlik dat die waardigheid van die Steynnaam nie aangetas word nie.¹⁰⁷

Alhoewel Tibbie en Theunis destyds nooit direk by Emily Hobhouse se spin-en-weefskole betrokke was nie behalwe deur dit te besoek of om uitstallings van die handewerk by te woon, het hulle dit moreel ondersteun.¹⁰⁸ Tibbie en mej. Hobhouse het wel gereeld gedagtes gewissel oor die voortbestaan van die skole wat mej. Hobhouse gestig het in die jare wat sou kom. Haar begeerte om 'n kantskool te stig, het sy laat realiseer deur met haar vertrek uit Suid-Afrika in 1908 'n Boermeisie, Johanna Rood (later Osborne) vir opleiding saam met haar Europa toe te neem om kantmakery te bestudeer. Mev. Osborne sou later die eerste prinsipale van die kantskool word wat in die omgewing van Koppies (of Kopjes) gestig is.¹⁰⁹ Omdat die skool van duur ingevoerde materiaal gebruik moes maak, was die voortbestaan daarvan telkens in die weegskaal. Tibbie het van haar invloed gebruik gemaak om te verseker dat dié skool ten minste op 'n vaste basis bedryf sou word. Sy het in hierdie verband 'n brief aan die administrateur van die Vrystaat en hul persoonlike vriend, dr. A.E.W. Ramsbottom, gerig waarin sy sekere voorstelle doen. "You can rely on Dr. Ramsbottom", het sy mej. Hobhouse in 1914 gerus gestel, "he will do his best".¹¹⁰

Ten spyte van die persoonlike bemoeienis van Tibbie het die skool egter 'n opdraande stryd gevoer, veral omdat die nuwe administrateur van die Vrystaat, Cornelis Wessels, by uitstek 'n sakeman was en die skool nie koste-effektief bedryf kon word nie. Toe daar weer in 1921 sprake was dat die skool gesluit moes word, het Tibbie en Ella Fischer met 'n groep invloedryke persone, moontlik lede van die provinsiale raad, geskakel om hulle te oorreed om ten gunste van die voortsetting van die skool te stem. Hulle sou ook toesien dat die werksaamhede van die skool op 'n vaste basis geplaas word sodat dit nie weer in gedrang gebring kon word nie. "So don't you worry", het Tibbie aan mej. Hobhouse geskryf, "a work you started we

106 Die Burger 7 Maart 1932.

107 The Friend 12 November 1937.

108 De Vriend des Volks 2 Augustus 1907; VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 31 Mei 1908.

109 VAB A156 1/1/11 EH (Rome) - RIS 21 Januarie 1914.

110 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 21 Januarie 1914.

are not going to let f.s.d. interfere with. Schools are a heavy burden but still are an asset to a state".¹¹¹ Die skool was egter teen 1923 steeds nie op 'n vaste grondslag gevestig nie aangesien Tibbie van invloedryke familie en vriende gebruik moes maak om die skool oop te hou. In die plek van haar swaer, Pieter, wat nie meer lid van die provinsiale raad was en wat in sy hoedanigheid as provinsiale raadslid voorheen getrou aan haar sy geywer het vir die voortsetting van die skool, het Tibbie getrag om 'n volgende raadslid te oorreed, soos sy dit stel "to do battle for these schools".¹¹² Sy het die volgende jaar, 1924, mnr. A.J. Werth van Die Volksblad en mev. M.E. Rothman (MER) van Die Burger ingespan om hul invloed ten behoeve van die skool te gebruik.¹¹³ Tibbie het die skool gereeld ondersteun in die jare daarna deur geskenke van die Koppieskool of van Maynie Fleck se spin-en-weefskole te bestel.¹¹⁴ In 1937, 'n jaar voordat die skool gesluit is, het Tibbie nog eens haar waardering teenoor Maynie Fleck, haar vriendin uit die oorlogsjare wat haar beywer vir hierdie skole, uitgespreek. Die meriete van die skool was veral dat dit die middel was waarvolgens "menig behoefte doger, 'n kans gegee (is) om 'n bestaan te maak, en haar so op te hef en vir haar Volk te red".¹¹⁵ Tibbie se poging was tot 1938 suksesvol, maar in daardie jaar is die skool gesluit.¹¹⁶ Die rente van die sogenaamde "Emily Beurs", die balans van die ingesamelde geld vir mej. Hobhouse se begrafnis, is van 1939 af op aanbeveling van Tibbie aan Maynie Fleck uitbetaal as erkenning vir haar jarelange dienste aan die spin-en-weefskole.¹¹⁷ Gladys het haar daarna beywer om die Huisvlytskole uit te brei.¹¹⁸ Uiteindelik is die regeringsubsidie ook aan dié skole gestaak. Tibbie het aan die betrokke minister 'n brief van waardering gerig dat hulle darem bereid was om die werk in Trompsburg voort te sit.¹¹⁹

In 1918 is die Emily Hobhouse-Tehuis vir bejaardes amptelik op Koppies geopen. In 'n vertoonkas is van die kantartikels, foto's en briewe as die stille getuie van die bewonderingswaardige poging van mej. Hobhouse om selfwerkzaamheid en verfyndheid onder die armlankes te help bevorder en van Tibbie se pogings om haar ideaal voort te sit.

111 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 15 Augustus 1921.

112 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 1 Oktober 1923.

113 Ineg PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 15 Januarie 1924, 12 Maart 1924.

114 VAB A13/1 RIS - Maynie Fleck 18 Desember 1930, 12 Mei 1931.

115 VAB A13/1 RIS - Maynie Fleck 9 Julie 1937.

116 Le Roux, C.J.P. "Emily Hobhouse en die vestiging van tuisnywerhede in die Vrystaat", Die Transgariemuseumreeks no. 3, p. 22.

117 VAB A13/1 RIS (Vreugde) - sekretaris van EH begrafniskomitee 26 Januarie 1939.

118 VAB A160/69 RIS - HPNM 17 Augustus 1939; The Friend 25 Julie 1939; VAB A156 4/4 Die Vrystater 21 Oktober 1941.

119 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 1 Maart 1946.

In 1920 het ds. N. Postma aan Tibbie per brief versoek dat sy haar steun sou verleen aan die gedagte om "'n suiwer Afrik. Nat. Universiteit te Bloemfontein" te stig. Hierdie was een van Theunis se vurigste ideale en Tibbie het haar sonder huiwering daarmee vereenselwig. Om die ideaal te verwesenlik wat ds. Postma as "'n heilige nalatenskap" beskou het, het hy behalwe Tibbie se morele steun ook haar kennis van Theunis se ideale nodig gehad. "Veel hang daarvan af of u mij in uw eie woorde die begeerte en opdrag van President kan beskrywe", het hy aan Tibbie geskryf, "en of u bereid is om uw morele steun te gee".¹²⁰ In haar antwoord het Tibbie van Theunis se vooroorlogse pogings melding gemaak om so 'n universiteit te stig, desnoods met sekere fakulteite in Bloemfontein en ander in Pretoria.¹²¹ Dié universiteit sou volgens Tibbie "nog Engels nog Hollands ... wees, maar ... in die suiwerste sin Afrikaans ... waar beide tale verpligtend sou wees". Tibbie wat Theunis destyds gesteun het in hierdie ideaal, het nou met groot vrymoedigheid haar morele steun belowe.¹²²

Toe ds. Kestell haar in 1923 weer nader met die versoek om 'n brief ter ondersteuning van 'n fondsinsamelingspoging te skryf, het Tibbie dit sonder aarseling gedoen. Sowel Nico van der Merwe as Colin het egter geweier dat dit gepubliseer word. "They say if this letter appears", het Tibbie aan mej. Hobhouse geskryf, "every one will be wanting me to write in the papers". Nico het gemeen dat haar naam slegs aangewend kon word vir belangriker sake, waarskynlik meer op politieke vlak.¹²³ Hoewel Tibbie dus in hierdie geval nie aan ds. Postma se versoek kon voldoen nie, het sy in 1927 op versoek van die Grey-Universiteitskollege verskeie buitelandse studente op Onze Rust ontvang.¹²⁴ 'n Woordjie van Tibbie in Die Burger, so het selfs die Bond van Maatskaplike Werk gereken, kon hul saak by die Afrikaner bevorder en hul werksaamhede uitbrei.¹²⁵

Wanneer Tibbie haar vir 'n saak, hoe gering ook al, bemoei het, is haar moeite meestal met sukses beloon. So het sy haar in die vroeë twintigerjare beywer om twee mossies op die kleinste Suid-Afrikaanse geldeenheid, die oortjie, afgebeeld te kry. Die verhaal het sy oorsprong in die konsentrasiekamp op Bethulie gehad toe oorlewendes Theunis genader het met die versoek dat die minderwaardigste geldeenheid moes dien om hul dankbaarheid dat hulle oorleef het, uit te beeld na aanleiding van Matteus 20:29: "Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog

120 Ineg PV181 2/8/1/1/15 N. Postma (Reddersburg) - RIS 10 Augustus 1920.

121 Walker, E.A., Lord de Villiers and his times South Africa 1842-1914, p. 281.

122 Ineg PV181 2/8/1/1/32 RIS - N. Postma c. Augustus 1920.

123 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 17 Februarie 1923.

124 2/8/1/1/20 H.G.S. Swart (GUK) - RIS 5 September 1927.

125 VAB A156 1/1/41 M. Hofmeyr (Tamboerskloof) - RIS 13 Mei c. 1927.

sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie". Terwyl Theunis nie in sy leeftyd daarin kon slaag om die mossies op die munte geplaas te kry nie, het Tibbie in haar poging volhard lank nadat die herinnering aan die konsentrasiekampe al vervaag het. Die destydse regering het uitendelik in 1923 ingestem dat die mossies op die oortjie aangebring kon word en dit het só deel uitgemaak van Suid-Afrika se eerste eie muntreeks.¹²⁶ In 1960 het die mossies op aanbeveling van dr. T.E. Dönges, minister van finansies, op die desimale een sent munt verskyn. Op aandrang van mnr. P.W. Botha as eerste minister is die tradisie tot vandag voortgesit.¹²⁷

Dr. D.F. Malan het tydens die vlaggeskil in die middel twintigerjare in sy hoedanigheid as minister van binnelandse sake van elke metode tot sy beskikking gebruik gemaak om sy doelwit, naamlik die verkryging van 'n nuwe vlag vir Suid-Afrika, te verwesenlik. Behalwe vir die kommissies, komitees, en parlementêre gebruike het hy ook van invloedryke Suid-Afrikaners onder wie ook Tibbie gebruik gemaak. Die geskil oor 'n nuwe vlag het spoedig uitgekring: die spanning tussen die blankes het feitlik krisishoogte bereik. Dit was of 'n drukpot van emosionele ontlading en rassehaat enige oomblik tot uitbarsting kon kom. Genl. Smuts het tewens verklaar dat "the state of feeling was such as I have not seen since the Boer War".¹²⁸ Die assimilasië van die twee blanke groepe was steeds 'n kwarteeu na die Anglo-Boereoorlog nog net 'n vae hersenskim. Die jingo-element, 'n aansienlike groep Engelsgesindes, het gedy op 'n gevoel van rassemeerderwaardigheid. Die Afrikanernasionalisme was weer uit onsekerheid oorsensitief en het te maklik aanstoot geneem aan vermeende beledigings en teenkanting. Beide kante het alle middele tot hul beskikking aangewend ter bereiking van hul doelwit. Die Engelssprekendes se gemoedere is voortdurend opgeswee en daar is geteer op hul vermeende griewe. Dat "little Afrikanerism", in die woorde van 'n jingo, hom sy Union Jack durf ontnem, het vir hom na doelbewuste afsnyding van sy moederland geklink en was dus onaanvaarbaar.¹²⁹ Volgens Patrick Duncan, 'n voormalige kabinetslid in genl. Smuts se ministerie, was dié aansienlike groep inderdaad "more loyal than the King (himself)".¹³⁰ Dr. D.F. Malan se krag as inisieerder van die nuwe vlag het daarin gelê dat hy hom in die twee jaar waarin die vlaggeskil voortgewoed het nooit van stryk laat bring het nie.¹³¹

126 Krüger, D.W., The making of a nation, p. 139.

127 Viviers, J. "Die mossies oorleef op SA munte", Rapport 26 Augustus 1990.

128 Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, p. 120.

129 Saker, H., The South African flag controversy, 1925-1928, p. 125.

130 Le Roux, J.H., "Patrick Duncan se rol in die vlaggeskil 1925-1927", South African historical journal 11, 1979, p. 81.

131 Saker, H., The South African flag controversy, 1925-1928, pp. 129 e.v.

Tibbie het reeds in 1914 teenoor Emily Hobhouse die behoefte aan 'n eie Suid-Afrikaanse vlag laat blyk, maar met uitsluiting van die Union Jack.¹³² Tibbie se siening van die Britse nasionale vlag was gekleur deur die ondervinding tydens die Anglo-Boereoorlog toe sy Bloemfontein as gevangene binnegekom het en die Union Jack oor al die regeringsgeboue sien wapper het. "How terrible I felt my position", het sy aan Emily Hobhouse bykans 'n kwarteeu later geskryf, "it brought our loss home so vividly".¹³³ Dié vernedering het haar lewenslank bygebly en haar aanvaarding van 'n Union Jack in 'n Unievlag onmoontlik gemaak. "We don't want to have a Union Jack on (the flag)", het sy konfidensieel aan mej. Hobhouse geskryf, "we want a flag we can once more love".¹³⁴

Genl. Smuts het hom reeds in 1919 ten gunste van 'n eie vlag uitgespreek.¹³⁵ Hy moes egter deeglik rekening hou met die Engelssprekende element van die Unionsteparty wat nou ná samesmelting deel van sy party, die SAP, geword het. Reeds voor die indiening van die Burgerskap en Vlagwetsontwerp aan die begin van 1925 het Tibbie haar gevoelens vir 'n nuwe vlag aan Emily Hobhouse bevestig en geskryf: "We are agitating for a SA flag".¹³⁶ Sy was omring deur familieleden en vriende wat bevooroordeel was teen die insluiting van die Union Jack in 'n Unievlag. Emmie het byvoorbeeld die gebruik van slegs die Union Jack by die goewerneur-generaal, lord Athone, se tuinparty in die Kaap veroordeel. Dat sy 'n politieke strydpunt daarvan gemaak het, het haar die misnoeë van genl. Hertzog op die hals gehaal.¹³⁷ Vir Nico van der Merwe was die Union Jack die "simbool van 'n Eeu van Onreg".¹³⁸

Tibbie se vrese dat die parlamentsitting van 1925 'n onstuimige een sou wees, is spoedig bewaarheid.¹³⁹ Sy was 'n besoeker in genl. Hertzog se losie toe dr. Malan op 16 Februarie 1925 die eerste wetsontwerp in die parlement ingedien het.¹⁴⁰ Dit was van meet af duidelik dat dié saak met moeite bo rasse- en partypolitiek verhef sou kon word. Die regering het gevolglik besluit om die wetsontwerp 'n jaar lank

¹³² VAB A156 1/1/12 EH - RIS 14 Desember 1914.

¹³³ Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 16 November 1924.

¹³⁴ Ineg PV181 2/7/1/1/11 EH - RIS 10 November 1924; VAB A160/69 RIS (Vreugde) - HPNM 17 Maart 1926.

¹³⁵ Human, F.J., Die totstandkoming van die Unievlag, p. (ii); Thom, H.B., D.F. Malan, p.62.

¹³⁶ Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 16 November 1924.

¹³⁷ Retief, M., "Emmie du Toit glo aan 'n teetafel", Die Huisgenoot 17 Oktober 1969, p. 78.

¹³⁸ Scholtz, G.D., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940, p. 60.

¹³⁹ Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 21 Desember 1924.

¹⁴⁰ Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 4 Maart 1925.

agterweë te hou in die hoop dat beraadslagings en onderhandelings weg van die parlementêre toneel die gewenste uitwerking sou hê.¹⁴¹

Terwyl die opposisie hul in die reses beywer het om hul weerstand op 'n georganiseerde wyse te monster, was dr. Malan nie ontstem nie. Hy het Tibbie reeds genader met die versoek om die vlag te onthul toe daar nog nie eens oor 'n ontwerp ooreengekom kon word nie. Dit sou egter nog met die kabinet uitgeklaar moes word. Tibbie het Emily Hobhouse, aan wie sy dié vertroulike inligting meegedeel het, spesiaal versoek om nie daarvan in korrespondensie melding te maak nie aangesien Emmie wat haar briewe ook lees vir eers weens haar uitgesprokenheid in die duister gelaat moes word.¹⁴² Die sogenaamde Walkervlag, sonder die Union Jack of die republikeinse vlage maar wel met 'n kroon om die Europese konneksie te beklemtoon, het volgens Tibbie algemene byval gevind veral by die Parlementêre Gekose Komitee wat verantwoordelik sou wees vir die keuse van 'n vlag. Tibbie het persoonlik 'n skoon vlag sonder enige embleme daarop verkies. Sy het besef dat kompromieë getref sou moes word om aan die begeertes van die Engelse element te voldoen.¹⁴³

Tibbie se wens dat die Gekose Komitee tot 'n vergelyk sou kom oor die keuse van 'n vlag en dat dit op 20 Mei 1926 in die Parlement ter tafel gelê sou word, is nie bewaarheid nie.¹⁴⁴ Die Gekose Komitee kon nie ooreenkom nie omdat die SAP onverbiddelik op die insluiting van die Union Jack aangedring het.¹⁴⁵ Nico van der Merwe het aan dr. Malan voorgestel dat die Union Jack op sekere dae wanneer dit wenslik geag is om die Britse konneksie te simboliseer saam met die landsvlag te hys soos byvoorbeeld Victoriadag (24 Mei) en Uniedag (31 Mei). Patrick Duncan was te vinde vir dié kompromisvoorstel.¹⁴⁶ Tibbie wat aanvanklik na die eerste lesing van die wetsontwerp op 20 Mei 1926 wou gaan luister, het van die gedagte afgesien omdat sy gevrees het dat dit haar sou ontstel. Vere Stent, 'n uitgesproke anti-Afrikaner en voormalige redakteur van die Pretoria News, het die gevoelens van die onversetlike jingo verwoord toe hy Patrick Duncan, wat kompromieë en gematigheid nagestreef het, in werklikheid voor 'n dreigement gestel het: "I warn you - all of you who are inclined to compromise - that if the government persists in

141 Thom, H.B., D.F. Malan, p. 65.

142 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS (Groote Schuur) - EH 26 April 1925.

143 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS (Vreugde) - EH 19 Maart 1926.

144 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 6 Mei 1926.

145 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 13 Mei 1926.

146 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 13 Mei 1926; Thom, H.B., D.F. Malan, p. 72.

its bill there'll be shooting once more in South Africa and we're just as good at shooting today, as any Dutchman".¹⁴⁷

Ongelukkig het die konfidensiële briefwisseling tussen Tibbie en Emily Hobhouse hier, in die mees kritieke stadium van die vlagstryd, met mej. Hobhouse se afsterwe tot 'n einde gekom. Selde weer, behalwe in enkele persoonlike briewe aan dr. Muller, sou Tibbie so openlik en met soveel beslistheid haar standpunt oor politieke kwessies in Suid-Afrika stel. Tibbie se ergelikheid oor die onversetlikheid van die jingo's blyk uit Rae se antwoord aan haar: "Ek stem met Mammie, saam dat 'n mens somaar lus voel om al die ou Britons onder hulle ou 'waves' te verdrink".¹⁴⁸ Op versoek van genl. Hertzog en kol. Creswell het dr. Malan ingestem om die wetsontwerp nog 'n verdere jaar lank uit te stel mits die Union Jack en republikeinse vlage nie deel daarvan sou uitmaak nie. Ten spyte van die rampspoedige vervreemding wat sy vlagwetsontwerp in Suid-Afrika tot gevolg gehad het, het dr. Malan volstrek geweier om dit te laat vaar. Hy het eerder aan ander oplossings gedink om uit die skaakmat-situasie te kom.

Om dié rede het hy Tibbie op 6 September 1926 genader om haar beskikbaar te stel vir 'n Vlagkommissie wat uit een-en-twintig prominente Suid-Afrikaners, uit albei taalgroepe en almal buite die politieke arena, sou bestaan. Die doel van die Vlagkommissie sou wees "om die verskillende elemente van die bevolking te verenig in 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde deur bande van eenheid te simboliseer liever as die verdeelde verlede". Ander lede wat bereid was om hulle beskikbaar te stel, was onder andere mev. E.G. Jansen en H.D. van Broekhuizen, lady Beck, prof. Eric Walker, sir George Cory en die biskop van Bloemfontein en vriend van Tibbie, Walter Carey - dus 'n deursnit van Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners uit verskillende lae van die bevolking: akademici, sakelui, amptenare, geestelikes en kunstenaars.¹⁴⁹

Tibbie was egter nie bereid om haar beskikbaar te stel nie. Waarskynlik was haar gesondheidstoestand onbevredigend en was sy bevrees dat dit haar sou kniehalter in die uitvoering van haar pligte. Wat veral hier 'n rol gespeel het, was die feit dat die lede van die kommissie sou moes rondreis. Dit is ook moontlik dat haar verknogtheid aan die republikeinse vlage hier 'n rol kon gespeel het. Moontlik kon sy gemeen het dat die kwessie reeds te veel verpolitiseer was. Die waarskynlikste rede

147 Le Roux, J.H., "Patrick Duncan se rol in die vlaggeskil 1925-1927", South African historical journal 11, 1979, pp. 82, 83.

148 VAB A156 1/1/22 Rae (OR) - RIS 24 Mei 1926.

149 Ineg PV181 2/8/1/1/19 DFM (Pretoria) - RIS 6 September 1926; Saker, H., The South African flag controversy, 1925-1928, p. 75.

vir haar onwilligheid kon egter die reëlings wees wat sy moes tref vir Emily Hobhouse se begrafnis. Dr. Malan se teleurstelling het duidelik uit sy brief van 11 September 1926 gespreek. "U naam alleen", het hy geskryf, "sal vir ons baie werd wees".¹⁵⁰ Blykbaar het sy eerste poging met die Vlagkommissie doodgeloop met Tibbie se weiering om daarin te dien.

'n Subtiele kentering het in genl. Hertzog se beleid gekom ná sy terugkeer in 1926 van die Rykskonferensie in Londen. Hy was selfs bereid om die vlagkwessie tersyde te stel. Dit was slegs dr. Malan se dreigement om uit die kabinet te bedank wat hom tot ander insigte gebring het.¹⁵¹ In die soveelste poging om die vlagkwessie opgelos te kry, het dr. Malan aan die begin van 1927 voor die aanvang van die Volksraadsitting 'n aantal nie-politieke Suid-Afrikaners genader om deel te neem aan 'n Vlagkommissie wat die vlag sou ontwerp wat hopelik die goedkeuring van alle blanke Suid-Afrikaners sou wegdra.¹⁵² Voor die einde van Februarie het die vergadering plaasgevind.¹⁵³ Ella Fischer wat die Vrystaatse verteenwoordiger op die kommissie was, het by Tibbie kom kers opsteek. "Ella was so glad", het haar suster, Maude Bidwell, aan Tibbie geskryf, "to have you near at hand to encourage and comfort her".¹⁵⁴ Tibbie en Ella het ontwerpe bespreek en het 'n sterk standpunt in verband met 'n oranjekleur in die voorgestelde vlag ingeneem. Ella het voortgegaan om ook enkele kultuurorganisasies te raadpleeg en het Tibbie oor die moontlikheid gepols om ook Nico van der Merwe te betrek.¹⁵⁵ Ook dié kommissie moes sy bedrywighede onverrigtersake laat.

Onder leiding van Die Burger is Ons Eie Vlag Organisasie (OEVO) teen die einde van April 1927 gestig om buite die partypolitiek die regering se vlagwetsontwerp aanvaarbaar vir alle Suid-Afrikaners te maak.¹⁵⁶ Saam met Nico van der Merwe wat die Vrystaat op die Sentrale Komitee verteenwoordig het, het prof. J.J. Smith (voorsitter), dr. A.L. Geyer en dr. T.E. Dönges gedien. Op 15 Mei "they ... published ... a fighting manifesto ... over the prestigious name of ... Mrs. M.T. Steyn".¹⁵⁷ Hierdie manifes het op emosionele wyse aanspraak gemaak op die gevoelens van vaderlandsliefde, van verhewe ideale en begrip vir 'n nasionale vlag. Die manifes het verder gesuggereer dat "the enemies of South Africa, the instigators

150 Ineg PV181 2/8/1/1/19 DFM (Pretoria) - RIS 11 September 1926.

151 Thom, H.B., D.F. Malan, p. 79; Le Roux, J.H., "Patrick Duncan se rol in die vlaggeskil 1925-1927", South African historical journal 11, 1979, p. 85.

152 Scholtz, G.D., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940, p. 63.

153 Die Burger 24 Februarie 1927.

154 VAB A156 1/1/41 Maude Bidwell (Vrede) - 24 Maart 1927.

155 VAB A156 1/1/24 Ella Fischer (Bloemfontein) - RIS 19 April 1927.

156 Die Burger 17 Mei 1927, 19 Mei 1927; Die Volksblad 17 Mei 1927, 19 Mei 1927.

157 Saker, H., The South African flag controversy, 1925-1928, p. 129.

of racial hatred" as die spreekwoordelike speek in die wiel verantwoordelik was vir die mislukking om eenstemmigheid oor 'n vlag te bereik. Dié aanval het genl. Smuts nie ontglip nie. As voorstander vir die insluiting van die Union Jack word hy en sy vrou as vyande van Suid-Afrika gebrandmerk: "Just fancy - you and I are the enemies of South Africa! That is what things are coming to".¹⁵⁸ Dat Tibbie toegelaat het dat dié propaganda as't ware onder haar naam gepubliseer is, spreek waarskynlik van Nico se invloed. Die inhoud was potensieël veel riskanter en aanvegbaarder as byvoorbeeld die oproep wat in haar naam sou uitgaan vir steun aan die nuwe universiteit in die Vrystaat en wat deur Nico en Colin destyds afgekeur is.¹⁵⁹ Dit kon 'n eerlike dog desperate poging wees om uiteindelik die vlagknoop deur te haak. Dat dit juis op daardie dag gepubliseer is, was waarskynlik om taktiese redes want die eerste lesing van die vlagwetsontwerp sou die volgende dag op die ordelys wees.

Ten spyte van al die pogings was daar by die indiening van die vlagwetsontwerp op 16 Mei 1927 weinig vordering en 'n oplossing was steeds so onwaarskynlik as wat dit was met die verdagting van die Volksraad die vorige jaar.¹⁶⁰

In hierdie stadium was die sogenaamde Skildvlag van genl. Hertzog, 'n vlag met drie horisontale bane waarop 'n Union Jack en die twee republikeinse vlae tesame met vier sterre op 'n blou agtergrond geplaas is, redelik gewild. Dit het hoegenaamd nie Tibbie se goedkeuring weggedra nie en op 11 Maart 1927 skryf sy aan dr. Muller: "Ons wil geen Union Jack ... op die vlag hê nie. Ons voel liever geen vlag as so een die anderkant dwing om die Union Jack daarop te hê".¹⁶¹ Ses weke na die publikasie van die manifes van die Ons Eie Vlag Organisasie (OEVO) het C. Caldecott Tibbie namens die regering se Vlagkommissie weer genader met die versoek dat haar naam vir 'n hernude oproep gebruik mag word, maar met 'n ander bewoording. Die Vlagkommissie het die herpublikasie daarvan as van kardinale belang geag "being one of our first weapons to use in the now imminent struggle to set in the light through the dark curtain of reaction, imperialism and anti-national sentiment which our adversaries are using to obscure the truth and the issues".¹⁶²

Die besoek van die sekretaris van kolonies, L.S. Amery, aan Suid-Afrika het 'n kentering in die vlagstryd teweeggebring. Dit het plaasgevind toe die onderlinge

158 Saker, H., The South African flag controversy, 1925-1928, p. 131.

159 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 17 Februarie 1923.

160 Human, F.J., Die totstandkoming van die Unievlag, p. 97.

161 VAB A160/69 RIS (Vreugde)-HPNM 11 Maart 1927.

162 Ineg PV181 2/8/1/1/19 C. Caldecott (Kaapstad) - RIS 1 Julie 1927.

verhoudinge tussen die blanke taal- en politieke groepe 'n besondere laagtepunt bereik het. Generaals Smuts en Hertzog, beide regslui en verstandige mense, was so meegevoer en verbitter gelaat deur die hartstogte wat die logika bedwelm het dat Smuts Hertzog byvoorbeeld beskou het as "a muddle headed ass" terwyl Hertzog weer geglo het dat Smuts "hooves inside his boots and a tail inside his trousers!!" gehad het.¹⁶³ Amery het naamlik met die steun van N.J. van der Merwe voorgestel dat Suid-Afrika twee afsonderlike vlae, 'n nasionale vlag en 'n ryksvlag moes hê wat te alle tye en tydens alle amptelike geleenthede saam gehys kon word. Adv. T. Roos, leier van die Transvaalse NP en Arthur Barlow, Arbeiderslid vir Bloemfontein-Noord, het die goewerneur-generaal, lord Athlone, vervolgens met 'n voorstel genader. Daarvolgens moes generaals Hertzog en Smuts deur sy bemiddeling bymekaar gebring word om hulle van die wenslikheid van die tweestok-voorstel van Nico van der Merwe en Amery as 'n oplossing van die vlaggeskil te oortuig. Die samesprekinge wat in die geheim plaasgevind het, het die gewenste uitwerking gehad. Op 26 Oktober 1927 het genl. Hertzog die buitengewone sitting van die Parlement dienooreenkomstig ingelig.¹⁶⁴

Die voorstel wat uiteindelik aanvaar is, het bepaal dat die skild op die oranjevlag sou verdwyn en in die plek daarvan die vlae, van die twee republieke tesame met die Union Jack, almal ewe groot, in die wit baan gerangskik word sodat hulle 'n integrale deel van die nuwe vlag vorm. Daarby sou die Union Jack saam met die nasionale vlag op alle regeringsgeboue gehys word. Die Union Jack sou gebruik word om die Unie se lidmaatskap van die Britse Statebond aan te dui en die nasionale vlag om die nasionale sentiment te bevredig. Our Own Flag Organization, die Engelse weergawe van die komitee wat Tibbie genader het, het dit aanvaar en op 31 Mei 1928, ses-en-twintig jaar na die Anglo-Boereoorlog en agtien jaar na die stigting van die Unie, is die nuwe vlag volgens die ooreenkoms naas die Union Jack gehys.¹⁶⁵

Nico van der Merwe was die mening toegedaan dat, alhoewel die Union Jack deel was van die nasionale vlag, dit nogtans "gespan en gekniehalter (en) beperk in sy betekenis" is.¹⁶⁶ Vir Tibbie het dit nie heeltemal bevredig nie. "Inzonderheid schijnt het voor de oude republikeinen onaangenaam dat naas die nieuwe vlag ook de Engelsche zal gehandhaafd blijven", het dr. Muller Tibbie se gevoelens opgesom.¹⁶⁷

¹⁶³ Saker, H., The South African flag controversy, 1925-1928, p. 212.

¹⁶⁴ Le Roux, J.H., "Patrick Duncan se rol in die vlaggeskil 1925-1927", South African historical journal 11, 1979, pp. 88, 89; Barlow, A., Almost in confidence, p. 198; Human, F.J., Die totstandkoming van die Unievlag, p (vi); Davenport, T.R.H., South Africa: a modern history, pp. 200-202.

¹⁶⁵ Die Volksblad, Ons Vaderland, Die Burger 26 Oktober 1927.

¹⁶⁶ Die Volksblad 6 Desember 1927.

¹⁶⁷ VAB A160/70 HPNM (Praag) - RIS 4 Februarie 1928.

Soos sy twee jaar tevore met dr. Malan ooreengekom het, moes Tibbie die onthulling in Bloemfontein op 31 Mei 1928 waarneem. Dit was egter nie die heel eerste keer dat die Unievlag amptelik gehys is nie. Reeds op 30 Maart 1928 het Eric Louw, handelskommissaris van Suid-Afrika in die Verenigde State van Amerika en Kanada, die vlag tydens 'n internasionale konferensie laat hys in Havana, Kuba.¹⁶⁸

Die amptelike hysiging voor die Hooggeregshof in Bloemfontein het met luister en waardigheid gepaard gegaan. Na die toesprake deur die minister van mynwese en nywerheid, adv. F.W. Beyers, sen. J.P. Steyl en administrateur E.R. Grobler, het Tibbie ondersteun deur Gordon, om elfuur die twee vlae gelyktydig teen die vlagpale opgetrek.¹⁶⁹ Soortgelyke seremonies het in Londen by Suid-Afrikahuis en dwarsdeur Suid-Afrika plaasgevind. Dat Tibbie "zwaar, baie zwaar ... (aan) die Jack ... gesluk" het, het slegs dr. Muller en haar huismense geweet want haar persoonlike gevoelens het sy ondergeskik gestel aan haar openbare plig.¹⁷⁰ Die kanonskote van die Fort af kon Tibbie se gedagtes teruggevoer het na die republikeinse Bloemfontein toe Theunis as president meer as dertig jaar tevore ingehuldig is. Toe die saluutskote daardie 4e Maart 1896 oor Bloemfontein uit die Fort weergalm het was dit ter ere van hul ingesweerde nege-en-dertigjarige president wat pas die Tweetoringkerk verlaat het op pad na die onthaal in die Presidensie. Tibbie het besef dat "as die ou geslag verby is", soos sy dit aan dr. Muller gestel het, "die jong geslag dit (vlag) mag liefkry ... vir my bly alleen die ou Vrystaat se vlag dierbaar".¹⁷¹ Tibbie het inderdaad haar voorkeur lewenslank uitgeleef. Die Unievlag is nooit op Onze Rust gehys nie. Slegs die ou republikeinse vlae is tydens spesiale geleenthede gehys.

In die lig van die politieke omwenteling in die negentigerjare van die twintigste eeu, dien genl. Smuts se toespraak vermelding. Hy het naamlik verklaar dat die nuwe vlag "'n gebeurtenis ... is (wat) nie gou weer sal plaasvind nie, as dit ooit sal gebeur. Die vlae wat vandag bo ons hoofde ontplooi is, sal na alle waarskynlikheid bo die nageslagte wapper".¹⁷² Terwyl die nasionale koerante entoesiasties gewag gemaak het van die nuwe vlag wat uit die asse van die republike verrys het en deur Suid-Afrikaners hoog geag is, was die werklikheid veel anders. Die bitterheid ontketen deur die vlagstryd het nie oornag gaan lê nie. Die Unievlag was volgens Saker "never truly embraced by the entire nation and this fact vitiates the struggle

168 Van Rensburg, B., "SA vlag is vir die eerste keer in '28 in Kuba gehys", Beeld 21 Augustus 1922.

169 Die Volksblad 31 Mei 1928, 1 Julie 1928; The Friend 31 Mei 1928.

170 VAB A160/70 RIS - HPNM c. Junie 1928.

171 VAB A160/70 RIS - HPNM c. Junie 1928; Rossouw, A.E., Spies, M.L., Ons onthou 74 jaar 1907-1981 Die C en N Meisieskool Oranje Bloemfontein Herdenkingsuitgawe, p. 15.

172 Die Volksblad 1 Junie 1928.

on its behalf".¹⁷³ Teen 1927 was jingoïsme op sy hoogtepunt, daarna sou dit taan tot met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.

Ds. J.D. Kestell se dogter, Trudie, se oproep in Junie 1929 dat feesgangers hulle in Voortrekkerdrag moes klee tydens die Dingaansfees, het plaasgevind teen die agtergrond van die opwellende Afrikanernasionalisme.¹⁷⁴ Dit was egter eers toe Tibbie op versoek van Trudie Kestell die gedagte in Die Volksblad propageer en in haar uiteensetting wys op die inlewing in die geskiedenis wat vir die volk as besieling kon dien, dat die idee algemene byval gevind het.¹⁷⁵ Trudie het Tibbie se steun op prys gestel "want ek is seker", het sy aan Tibbie geskryf, "dat wat u sê 'n groot stoot aan die poging sal gee".¹⁷⁶ Dit was tydens die simboliese Ossewatrek in 1938 dat Tibbie se voorbeeld, naamlik om een van die eerstes te wees wat in Voortrekkerdrag geklee gaan, dit aanneemlik vir die Afrikanervroue gemaak het. Tibbie het toe die hoop uitgespreek dat die dra van Voortrekkerklere "op plegtige wyse luister mag bysit by samekomste wat, ... vir die Afrikaner waarlik nasionaal is".¹⁷⁷

Vir sommige Afrikanerleiers was daar 'n wesentlike gevaar dat die stedelike Afrikaner in die dertigerjare geestelik en moreel kon verarm. Dit het dr. Piet Meyer laat voorstel dat die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) in samewerking met die Afrikaanse kerke betrokke moes raak by die organisering van die stedelike Afrikanerwerker in volksverband. Die liggaam sou hom in die woorde van P.J. Meyer, ten doel stel om die "Afrikaanse Arbeider op Christelik nasionale grondslag in te skakel in die Afrikaanse volksgeheel".¹⁷⁸ In werklikheid het dit 'n stryd beteken om die vakbondwese vir die Afrikaner te verower en daarna Afrikanerbeheer daarin te bestendig.¹⁷⁹ Dr. Meyer het 'n oorwinning deur volharding en durf oor materialisme en kommunisme vir die Afrikanerdom gesien in hierdie tweede Groot Trek na die stede, soos hy aan Tibbie te kenne gegee het.¹⁸⁰ Getuienis ontbreek of Tibbie dié beweging se doeleindes heelhartig gesteun het. Die Christelik nasionale karakter van die beweging en die feit dat daar sprake was van opheffing van die agterlike verstedelike Afrikaner kon dit in beginsel vir Tibbie moontlik gemaak het om dit te ondersteun. Die organisasie sou die Nasionale Raad van Trusteas (National Council of Trustees) heet en het op 4 Oktober 1936 tot stand

173 Saker, H., The South African flag controversy, 1925-1928, p. 269.

174 Die Volksblad 6 Junie 1929.

175 Die Volksblad 9 Julie 1929, 24 Junie 1939.

176 Ineg PV181 2/8/1/1/21 Trudie Kestell - RIS 30 Julie 1929.

177 Die Volksblad 24 Junie 1939.

178 Ineg PV181 2/8/1/1/32 P.J. Meyer (Johannesburg) - RIS 28 Oktober 1937.

179 Pelzer, A.N., Die Afrikaner-Broederbond: eerste 50 jaar, p. 152.

180 Ineg PV181 2/8/1/1/23 P.J. Meyer - RIS 28 Oktober 1937.

gekom. Tibbie het op versoek ingestem om in die raad te dien en saam met prof. J.D. du Toit (Totius), ds. J.D. Kestell, ds. J.R. Albertyn en prof. J.C. van Rooy, I.M. Lombard (die laaste twee onderskeidelik voorsitter en sekretaris van die Afrikaner-Broederbond).¹⁸¹

Weens haar statuur is Tibbie by vele geleenthede genader om haar beskikbaar te stel as beskermvrou, erepresidente of erelid van allerlei organisasies, liggame en insamelingspogings.¹⁸² Dit was meestal apolitiese kulturele organisasies waarin die belange van Suid-Afrika oor die algemeen en van die Afrikaner in die besonder nagestreef is. Die prestigewaarde van haar naam op 'n briefhoof of in die voorwoord van 'n boek, of as voorspraak vir 'n saak het by baie volksgenote swaar geweeg. Hiervan getuig die brief van die Bond van Oud-stryders. Dié het haar genader om vir hulle by die minister van finansies in te tree sodat hy gehoor kon gee aan die "arme en virdrukte (sic) ou strijder se smeekstem".¹⁸³ Nog 'n voorbeeld dien die uitnodiging aan Tibbie deur die SA Studenteklub in Londen, 'n apolitiese tweetalige organisasie wat hul ten doel gestel het "to stimulate a genuine esprit de corps amongs South African students" om die organisasie te steun.¹⁸⁴ In 1944 het die NG-gemeente Beaufort-Wes haar genader om 'n boodskap te skryf vir die gedenkboek van die gemeente waarin haar grootvader eertyds gestaan het. Die geleentheid was die honderdjarige bestaan van dié gemeente en die agting waarmee die Fraser-Steyn-konneksie bejeen is, was duidelik herkenbaar.¹⁸⁵ By menige afsluitingsfunksie aan die einde van die jaar, soos dié van die Landboukollege Glen in 1942 of Grey-Kollege in 1946 moes sy die prysuitdeling waarneem en was sy die eregas.¹⁸⁶ Selfs tot in die vyftigerjare is dié prestigewaarde van Tibbie se naam nog vir byvoorbeeld 'n monument vir Sarel Cilliers en 'n standbeeld vir genl. De Wet ingespan.¹⁸⁷

181 VAB A156 1/1/37 P.J. Meyer - RIS 9 Februarie 1937; Moodie, D.T., The rise of Afrikanerdom, p. 170.

182 Ineg PV181 2/8/1/22 N.J. van der Merwe, J. de V. Heese (Bloemfontein) - RIS 10 Oktober 1931; PV181 2/8/1/25 A.L. de Jager (Paarl) - RIS 13 Februarie 1943; PV181 2/8/1/25 M.C. Botha (Bloemfontein) - RIS 31 Oktober 1944; VAB A156 1/1/28 M.C. Botha - RIS 2 Maart 1945; A156 1/1/28 S. Retief - RIS 2 November 1944; Ineg PV181 2/8/1/21 Yssen - RIS 12 Julie 1930; VAB A132 Gedenkprogram Eeufees Bloemfontein 1846-1946; Ineg PV181 2/8/1/25 P.B. Saaiman - RIS 2 Desember 1943; PV181 2/8/1/24 J.H. Coetzee - RIS 3 Julie 1940.

183 VAB A1/1/37 M.C. de Jager (Brits) - RIS 31 Januarie 1950.

184 Ineg PV181 2/8/1/15 T.C.A. Meyer - RIS 22 Julie 1920.

185 VAB A156 1/1/37 A.P. Smit (Beaufort-Wes) - RIS 29 Junie 1944; Ineg PV181 2/8/1/25 RIS - mev. Mostert (Die Taalgenoot) 26 Oktober 1944.

186 Ineg PV181 2/8/1/24 L.J. Prins (Glen) - RIS 2 Desember 1942; VAB A156 1/1/37 J.M. Meiring (Grey-Kollege) - RIS 14 Oktober 1946.

187 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 13 November 1949; Ineg PV181 10/1/4/4 "Program onthulling van standbeeld ter ere van Genl. C.R. de Wet. Amptelike Feesprogram 30 September - 7 Oktober 1954", Bloemfontein, p. 12.

Soos Theunis na 1902 was Tibbie fisies nie sterk nie en het swak gesondheid haar telkens daarvan weerhou om amptelike en ander funksies by te woon. Daarby was sy geen dinamiese spreker soos Theunis of Emily Hobhouse nie. Sy was trouens nouliks by magte om haar woord op die eenvoudigste wyse in die openbaar te spreek omdat sy sedert haar veertiende jaar al 'n vreemde vrees en 'n intense spanning ervaar het as sy in die openbaar moes praat. "It has been such a trial in my life", het sy haar lot by Emily Hobhouse bekla, "that I am so nervous about speaking in public".¹⁸⁸ As presidentsvrou het Theunis namens haar gepraat, en na sy dood was dit 'n prominente persoon of een van haar kinders wat haar toespraak namens haar afgelees het.¹⁸⁹

Sy moes vir baie Suid-Afrikaners enigmaties voorgekom het, Victoriaans uitgedos in die enkellengte swart klere, as't ware 'n tipe argaïese kultusfiguur, immer aanwesig op die podium, die verhoog, voor in die stoet, op die voorblad van die koerant, waarskynlik onaantasbaar. Haar bekoring het egter gelê in haar beskikbaarheid vir diens aan die volk. Daarby was sy 'n geliefde president se weduwee wat die lief en leed van die Anglo-Boereoorlog en daarna vrywilliglik meegemaak het wat haar tot die dag van haar dood ten goede toegereken is. Ná die dood van oud-president F.W. Reitz in 1934 was sy feitlik die enigste skakel met wat toenemend as 'n heldeverlede beskou is. Die verlede, waarin broedertwis, National Scout en joiner gerieflikheidshalwe vergeet is, was die bousteen waarop die vergange heerlijkheid herbou moes word. Tibbie het gedien as simboliese hoeksteen in dié Afrikanergebou en om hierdie emosionele rede is daar, met haar instemming, beslag op haar gelê. Sy het nooit in ongure twiste in die openbaar of privaat betrokke geraak nie. Laastens was sy vanweë 'n besondere nederigheid en vriendelike aard en wakker intellek sonder moeite "ongetwyfeld die liefling van ons volk" in die woorde van Die Burger.¹⁹⁰ Die Suid-Afrikaanse hoë kommissaris in Londen, adv. C.T. te Water, het Tibbie in 1938 selfs bestempel as "a very great lady, who is loved and revered above all women in my country".¹⁹¹

Dit was dan ook geen wonder nie dat sy in 1950 op vyf-en-tagtigjarige ouderdom ook van buite Suid-Afrika se grense erkenning ontvang het. Die Komitee van Amerikaanse moeders onder leiding van mev. E. Roosevelt, weduwee van 'n oud-president van die Verenigde State van Amerika, het Tibbie aangewys as die ontvanger van die Motherhood Award and Citation as the Mother of the Union of

188 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 8 Oktober 1922.

189 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 6 Mei 1925; PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 14 September 1925.

190 Die Burger 9 Maart 1937.

191 VAB A156 1/1/37 C.T. te Water (Londen) lady Roberts 22 Junie 1938.

South Africa.¹⁹² Invloedryke Suid-Afrikaners het die Komitee verseker dat "there would be no difference of opinion about the selection of the Mother of South Africa".¹⁹³ Die blyke van erkenning was nie net vanweë die rol wat Tibbie in die openbare lewe gespeel het of weens haar lewendige belangstelling in internasionale sake nie. Dit was veral "those qualities of mind and heart which contribute most to the family and to the nation ... (which) eminently qualify you for honor in our International Hall of Fame".¹⁹⁴ Tibbie kon met groot vrymoedigheid die ere-toekening aanvaar omdat die ideale en beginsels van dié organisasie met haar eie ooreengestem het.¹⁹⁵

Sy was 'n faktor om mee rekening te hou in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die benaming "volksmoeder" of "geestelike moeder van haar volk" is al hoe meer op haar van toepassing gemaak.¹⁹⁶ Sy is beskou as die band, die lewende skakel, met die "geheiligde skatkamers van die verlede".¹⁹⁷ Vir Emmie was sy 'n volksmoeder omdat sy "nie kant kies" nie tussen partye en persone nie.¹⁹⁸ Om haar hand, haar guns, haar teenwoordigheid is daar van alle kante gebie want elke geleentheid waar sy teenwoordig was, het sy met prestige en waardigheid bekleed. Geen politieke party kon haar tot sy voordeel of doel toeëien en opeis nie. Sy het in die openbaar neutraal, onbetrokke gebly. In die woorde van 'n vriendin het dit voorgekom of sy "seems untouched above the turmoil of the world, & who put love before politics or wars".¹⁹⁹ Haar invloed was wydlopig soos die invloedryke The Argus opgemerk het.²⁰⁰ Alhoewel sy met die hoogste agting deur die Engelstalige pers bejeën is, en sy baie Engelssprekendes onder haar vriende kon tel, is sy tog in die praktyk deur die Afrikanergemeenskap opgeëis. Daar is tussen haar korrespondense weinig getuienis van uitnodigings van die Padvinders, die Rotariërs en die Sons of England. Sy was die Afrikaners se volksmoeder.

Tot in die vyftigerjare het die uitnodigings ingestroom om volksfeeste toe te spreek,

-
- 192 VAB A156 1/1/37 M.E. Hughes (New York) - RIS 18 Mei 1950; A156 1/1/23 M. Meiring (Calitzdorp) - RIS 26 Junie 1950; A156 1/1/24 Nellie Kruger - RIS 23 Junie 1950; A156 1/1/37 J. Vermaak (Vereeniging) - RIS 26 Junie 1950.
- 193 VAB A156 1/1/37 M.E. Hughes (New York) - RIS 28 Junie 1950.
- 194 VAB A156 1/1/37 M.E. Hughes (New York) - RIS 18 Mei 1950.
- 195 VAB A156 1/1/37 Emmie (nms RIS) - M.E. Hughes 13 Junie 1950.
- 196 Die Volksblad 3 Februarie 1922; Anon. Gedenkboek van die Ossewaens op pad van Suid-Afrika Eeufees: 1838-1938, p. 4.
- 197 Kruger, N., Rachel Isabella Steyn; presidentsvrou, p. 145.
- 198 VAB A156 1/1/22 Emmie - RIS 14 November 1946.
- 199 VAB A1/1/37 M. Creswell (Kuilrivier) - RIS 17 Mei 1941.
- 200 The Argus 11 Maart 1940.

volksmonumente te onthul.²⁰¹ Swak gesondheid en lang reisafstande het haar daarvan weerhou om vele uitnodigings te aanvaar. Op die Paul Krugerdagviering voor 'n Klerksdorpse gehoor in 1919, een van die eerste uitnodigings waarop sy gereageer het ná Theunis se dood, het sy van heldemoed, offervaardigheid en naastediens gewag gemaak.²⁰² Presies dertig jaar later by dieselfde geleentheid in dieselfde dorp het Tibbie presies dieselfde deugde gehuldig.²⁰³

Tibbie het geen uitnodigings vir 2 Oktober, Theunis se verjaarsdag, aanvaar nie. In 1925 het sy egter 'n uitsondering op die reël gemaak en die uitnodiging aanvaar om die rolpers aan die gang te sit van Bloemfontein se dagblad, Die Volksblad. Haar motivering was eenvoudig: "The President would so have rejoiced that in the Free State a daily 'Afrikaanse blad' was to appear, that I felt I could not refuse".²⁰⁴ In haar toespraak by die geleentheid het Tibbie gewys op die tydelikheid van politieke gesag "maar (dat) die belange van die volk ewig ... bly staan". Sy het gewag gemaak van die belangrike rol wat Die Volksblad reeds vervul het, hoe dit gegroei het van 'n onbenullige agtergrond, in 1916 as Het Westen van Potchefstroom af oorgeplant is na Bloemfontein deur H. de Graaf, die eienaar en die volgende jaar aangekoop is deur die Nasionale Pers. Die instelling van Die Volksblad as dagblad was vir Tibbie 'n mylpaal omdat 'n veel groter gebied van invloed en arbeid daardeur geopen is.²⁰⁵ Sy is die aand onthaal by "a great Africander gathering", vergesel deur die Van der Merwes, Eugenie, haar skoonsuster, en twee van haar broers, Gordon en Harry.²⁰⁶ Tibbie het later by die mondigwording van Die Volksblad hierdie geleentheid in herinnering teruggeroep en gewag gemaak van die eer wat haar destyds aangedoen is. Volgens haar het Die Volksblad 'n groot leemte in haar lewe gevul.²⁰⁷

In 1925 is die honderdjarige herdenking van president Kruger se geboorte met veel fanfare en entoesiasme herdenk. Met genl. Hertzog se NP aan bewind en hul doelgerigte poging om Afrikanernasionalisme aan te wakker, is besluit om dié geleentheid paslik te vier. Die verskuiwing van Kruger se standbeeld na 'n meer

201 Ineg PV181 2/8/1/1/15 P.J. Muller (sekretaris van Klerksdorp Dingaansfees kommissie); - RIS 28 Januarie 1920; VAB A156 1/1/19 L.J. Malan Helpmekeer kommissie (Zastron) - RIS 11 September 1923; VAB A156 1/1/39 Boodskap RIS aan Dingaansfees komitee 2 Oktober 1939; Die Volksblad 16 Desember 1940; Ineg PV181 2/8/1/1/24 M. Malherbe (Pretoria) - RIS 10 Desember 1940.

202 Ineg PV181 2/8/1/1/30 RIS toespraak Klerksdorpse Paul Krugerdagviering 25 Augustus 1919.

203 Ineg PV181 2/8/1/1/30 P.J. Muller (Klerksdorp) - RIS 25 Augustus 1949.

204 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 5 Oktober 1925; Die Volksblad 5 Oktober 1925.

205 Die Volksblad 2 Oktober 1925.

206 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 5 Oktober 1925, Die Volksblad, 5 Oktober 1925; VAB A160/69 RIS - HPNM 16 Oktober 1925; A156 1/1/13 EH - RIS 8 November 1925.

207 Die Volksblad 10 Oktober 1946.

paslike terrein in Pretoria, sou deel van die feesvieringe uitmaak.²⁰⁸ Daar is beoog om die standbeeld van president Kruger wat voor die Anglo-Boereoorlog in opdrag van Sammy Marks, 'n Joodse finansier en filantroop, deur Anton van Wouw gemaak is, te verskuif van sy staanplek by Prinsepark na Stasieplein in Pretoria. Sammy Marks se begeerte dat die standbeeld "in het centrum der stad (geplaas sou word waar) ieder bezoeker ... direct het beeld in het oog krijgen zal", en dus op Kerkplein is deur die oorlog in die wiele gery. Daarby is die vier Boerekrygers wat deel van die beeldegroep uitgemaak het ná die Anglo-Boereoorlog as oorlogsbuit weggevoer na Brittanje waar dit op Kitchener se landgoed in Broome Park en die Skool vir Militêre Ingenieurswese by Chatham gevestig is.²⁰⁹ Die standbeeld van president Kruger, wat tydens die oorlog in Delgoabaai opgeberg is, het daarna as gevolg van Milner se burokratiese optrede 'n plekkie op Prinsepark, 'n minder prominente park in Pretoria-Wes, gevind. Vir genl. Louis Botha was die feit dat die gebruik van Kerkplein doelbewus buite die Afrikaner se gebruik geplaas is, gepaard met die onthulling op Victoria- of Empiredag van Kruger se standbeeld sonder die vier Boerekrygers 'n belediging. In die twintigerjare het genl. Smuts vertoë tot Milner gerig wat die teruggawe van die vier Boerekrygers moontlik gemaak het, en in Augustus 1921 het dit in Suid-Afrika aangekom.²¹⁰ Aangesien die Afrikaners steeds belet is om van Kerkplein gebruik te maak, is besluit om die beeldegroep te verskuif na die naasbeste perseel voor die Pretoriastasie.²¹¹

In 1925 was daar reeds sprake dat oud-president F.W. Reitz die standbeeld hier op Stasieplein sou onthul en dat Tibbie op dieselfde dag president Kruger se woonhuis in Kerkstraat (die Presidensie) as museum simbolies sou oopsluit.²¹² Dit is interessant dat dit juis Tibbie is wat genader is om hierdie seremoniële plig te verrig terwyl Annie Botha en Isie Smuts, beide Transvalers, asook mev. Reitz en Hertzog almal beskikbaar was. Die besluit is nog meer verbasend wanneer in ag geneem word dat dit juis genl. Botha was wat hom beywer het vir die teruggawe van die Boerekrygers en dat genl. Smuts deur sy persoonlike bemoeienis hierdie ideaal verwesenlik het.²¹³ Dit was waarskynlik genl. Hertzog se invloed wat verantwoordelik was daarvoor dat voorkeur aan Tibbie bo die ander prominente dames gegee is. Genl. Smuts se standpunt oor die Britse kroon het dit moontlik vir die reëlingskomitee onaanvaarbaar gemaak dat hy die rede sou voer.

208 Mendelsohn, R., *Sammy Marks "The uncrowned king of the Transvaal"*, p. 90.

209 Breytenbach, J.H., *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld*, pp. 11, 35.

210 Breytenbach, J.H., *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld*, pp. 39, 43, 47, 55.

211 Smith, R.J., "The Kruger Monument, Church Square, Pretoria", *Africana Notes and News* no. 15, p. 42.

212 Ineg PV181 2/8/1/1/17 H.D. van Broekhuizen (Pretoria) - RIS 25 Maart 1925; PV181 2/7/1/1/13 RIS (Vreugde) - EH 5 Mei 1925.

213 Breytenbach, J.H., *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld*, pp. 49, 53.

Teen die helfte van September het Tibbie nog nie die reëlingskomitee finaal laat weet dat sy die onthulling sou waarneem nie. Sy het egter aan mej. Hobhouse te kenne gegee dat sy beslis teenwoordig sou wees.²¹⁴ Intussen het oud-president Reitz siek geword sodat daar meer druk op Tibbie uitgeoefen is om in Pretoria teenwoordig te wees.²¹⁵ Vyf dae voor die tyd het Tibbie se moed haar egter begewe. Sy het swak gesondheid as rede voorgehou. Aan mej. Hobhouse het sy geskryf: "I felt all the excitement and emotions of such a day would not improve ... the nerves".²¹⁶ Vir mej. Hobhouse wat haar hele lewe lank 'n doeltbewuste poging aangewend het om haar bedenklige gesondheid nie aan die groot klok te hang nie, moes dié besluit van Tibbie vreemd voorgekom het. Emily Hobhouse het naamlik gemeen dat fisiese ongesteldheid te bowe gekom kon word deur 'n aktiewe daadproses. Dit was juis "in doing things", het sy Tibbie verseker, "that the power to do them comes".²¹⁷ Tibbie was weer die oorvertroetelde pastoredogter. Sy was die advokaatvrou wat vroeg in hul huwelik deur Theunis attent gemaak is op 'n hinderlike geneigdheid tot "palpitations" - 'n term wat gebruik is vir hartkloppings wat hul oorsprong in die verbeelding gehad het. Terwyl sy na die geboorte van Colin in 1885 in Port Elizabeth herstel het, het Theunis haar gewys op die voordeel vir beide van hulle "if you could ... leave some of your nervousness behind".²¹⁸

Haar betreklike isolasie in 1925 en die feit dat Theunis se morele steun ontbreek het, het haar selfvertroue geknou. Waarskynlik was Nico van der Merwe, haar emosionele stut, ook nie beskikbaar om haar na Pretoria te vergesel nie. Tibbie het die uitkomst gebruik wat swak gesondheid gewoonlik vir 'n Victoriaanse vrou van sestig jaar gebied het. Genl. Hertzog het die monument op 10 Oktober in die afwesigheid van Tibbie en oud-president Reitz onthul.²¹⁹

Die gewoonte om voor 'n groot geleentheid ongesteld te raak, het in die jare daarna in 'n vaste patroon by Tibbie ontwikkel. Dit het egter nie afbreuk aan haar beeld as volksmoeder gedoen nie omdat Tibbie steeds op grondvlak betrokke was met diens aan die volk. Haar boodskappe wat gelees is deur 'n betrokke persoon, of dit nou aan die OVV of die latere Voortrekkerjeugbeweging gerig was of moontlik aan 'n skool, of selfs net die voorwoord vir 'n nuwe publikasie, was genoeg: haar teenwoordigheid by enkele geleenthede - gewoonlik tot Bloemfontein beperk - is as 'n bonus beskou. Buitendien, die beeld van die tragiese volksmoeder wat

214 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 14 September 1925; VAB A156 1/1/13 EH - RIS 11 Oktober 1925.

215 Die Volksblad 30 September 1925.

216 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 5 Oktober 1925, 13 Oktober 1925.

217 VAB A156 A1/1/10 EH - RIS 7 Julie 1920.

218 Ineg PV181 2/8/1/1/1 MTS - RIS 12 Oktober 1888.

219 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 13 Oktober 1925; Die Volksblad 12 Oktober 1925.

onwillekeurig gevorm is, het soveel deernis gewek dat sy telkemale van dieselfde verskoning gebruik kon maak sonder dat wenkbroue sou lig.

Vir baie Afrikaners was die verskuiwing van Kruger se standbeeld slegs tydelik van aard en hulle het soos Sammy Marks volgehou dat slegs Kerkplein geskik kon wees vir hul president se standbeeld. Die agitatie ten gunste van hierdie begeerte is in die volgende vyftien jaar hoofsaaklik deur die Krugergenootskap gevoer. In 1941 is Tibbie weer genader om die onthullingsplegtigheid, die derde, waar te neem. Dit sou weer op 10 Oktober plaasvind en dr. D.F. Malan sou die onthullingsrede lewer.²²⁰ Alhoewel Tibbie dadelik ingewillig het om dit te behartig, het die planne as gevolg van omstandighede in die Tweede Wêreldoorlog deur die mat geval.²²¹ Die voltooië standbeeld en voetstuk is uiteindelik deur dr. Malan op 10 Oktober 1954 onthul toe Tibbie reeds in 'n bedenklike gesondheidstoestand in Bloemfontein verkeer het.²²²

Die agting waarin Tibbie gehou is, kan gepeil word uit die korrespondensie nadat die staat in die laat twintigerjare aan haar 'n pensioen toegeken het. Anders as mevv. De la Rey, De Wet en Annie Botha, het Tibbie nooit 'n pensioen ná Theunis se dood ontvang nie.²²³ Dat Tibbie van die toedrag van sake bewus was, blyk uit konfidentiële skrywes aan Emily Hobhouse en ook later aan dr. Muller. Colin se siekte in 1928 het haar inkomstebron uitermate beproef en boonop moes sy haar kapitaal aanwend om Onze Rust in stand te hou. Tibbie se finansiële sake het so versleg dat sy dit nie langer kon hou nie. Deeglik onder die indruk van al haar voorregte en dankbaar vir die sorg van haar kinders, het Tibbie dit nogtans teenoor dr. Muller gemeld dat sy "altyd ... denk ... hoe zonder zorg mev. Louis Botha moet wees met haar £1,200 pensioen per jaar", en dit terwyl genl. Botha met sy afsterwe 'n vermoënde man was.²²⁴ Toe genl. Smuts, wat van Colin se probleme bewus moes gewees het, aan genl. Hertzog voorstel dat 'n pensioen aan Tibbie toegeken word, was dit in die woorde van N.C. Havenga "vir ... ons almaal (sic) 'n baie groot voorreg om hierdie voorsiening te kon maak vir iemand wat dit van die land verdien, nie alleen as die eggenote van ons liewe staatspresident maar ook vir wat syself vir die volk beteken het".²²⁵ Sy het aan elkeen wat betrokke was met die

220 Ineg PV181 2/8/1/1/24 H.J. van Rensburg (Pretoria) - RIS 3 April 1941.

221 Ineg PV181 2/8/1/1/24 H.J. van Rensburg - RIS 15 Julie 1941.

222 Breytenbach, J.H., *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld*, p. 62; Smith R.J. "The Kruger Monument, Church Square, Pretoria", *Africana Notes and News* no. 15, p. 42.

223 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 27 November 1922.

224 VAB A160/70 RIS - HPNM 29 Maart 1928.

225 Ineg PV181 2/8/1/1/20 N.C. Havenga (Pretoria) - RIS 2 September 1929; PV181 2/8/1/1/20 JCS (Kaapstad) - RIS 21 Augustus 1929.

toekenning van haar pensioen 'n brief van dank gerig.²²⁶ In haar brief aan genl. Smuts het Tibbie dankbaar gemeld dat haar finansiële kommer nou iets van die verlede was. Sy het altyd gehoop dat sy nie aangewese sou wees op 'n pensioen nie. Dit is egter vir Tibbie "'n soete gedagte dat ek nou in staat sal wees om op Onzerust vol heilige herinnering ... te bly". Dit sou buitendien aan Colin gemoedsrus verleen het omdat hy vanweë sy onvermoë in daardie stadium om 'n praktyk in stand te hou, vol selfverwyt was.²²⁷

Deurdat haar kinders, Tibbie en Nico van der Merwe en Emmie, gaandeweg op kulturele gebied en in die politiek 'n betekenisvolle rol in die Afriknervolkslewe gespeel het, en die Van der Merwes buitendien hul intrek op Onze Rust geneem het, is Tibbie toenemend en vrywillig in die drukgang van die Afrikaner-nasionalisme geplaas. Die gedagte dat sy haar sou distansieer van die progressiewe nasionalisme van die laat twintiger- en vroeë dertigerjare, het nie by Tibbie opgekom nie omdat sy kon gedink het dat dit 'n bloudruk van Theunis se ideale en denke kon wees. Toe daar in die laat dertigerjare by 'n onthullingsgeleentheid van haar verwag is om haar, tot Gladys se frustrasie nog eens te klee in haar Voortrekkerrok, het sy aan Emmie verduidelik dat sy "nie anders kon nie".²²⁸

Op inisiatief van die sekretaris van Unie-Onderwys, dr. S.F.N. Gie, is die wenslikheid in 1928 van aansluiting deur Afrikaanssprekende kinders by die Boy Scouts en Girl Guidebeweging ondersoek.²²⁹ Aangesien genoemde organisasies "die Empire voor SA gestel (het), die karakter van (hul) beweging vreemd was en die taal ... Engels", het die Voortrekkerbeweging onder leiding van Nico van der Merwe, wat as afgevaardigde van die Vrystaatse Helpmekeer opgetree het, formeel op 30 September 1931 tot stand gekom.²³⁰ Dit was Nico wat die skepper van die Voortrekkerleuse "Hou koers" was. Die Voortrekkernaam staan vir vryheid, godsdienssin, vir reinheid en stoere krag, dus 'n weerspieëling van die oorspronlike Voortrekkers se ideale. Saam met Tibbie het genl. Hertzog, administrateur Wilcocks van die Vrystaat en S.H. Pellisier hul plek op die verhoog ingeneem.²³¹ Genl. Hertzog, wat aanvanklik teen die stigting van 'n aparte jeugorganisasie was, is deur Nico van der Merwe tot ander insigte gebring en tydens 'n indrukwekkende

226 Ineg PV181 2/8/1/1/20 JBMH (Pretoria) - RIS 27 Augustus 1929.

227 TAB A1/227 RIS - JCS 16 Augustus 1927 (sic) 1929.

228 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 5 April 1939.

229 Van Schoor, M.C.E., Die Vrystaatse Helpmekeer, p. 63; Heese, J.deV., Van penkop tot hoofleier, p. 55.

230 Ineg PV181 1/10/4/1 Soewernierprogram "'n Nasie hou koers"; Die Volksblad 1 Oktober 1931; Moodie, D.J., The rise of Afrikanerdom, p. 151.

231 Heese, J. de V. Ons hou koers, p. 26.

seremonie daardie middag, 5 Oktober 1931 het hy 'n aantal Voortrekkerseuns en -dogters ingelyf.²³²

Tibbie se familieledede sou sterk verteenwoordig word in die bestuur van die Voortrekkers. Nico en Tibbie van der Merwe is respektiewelik tot hoofleier en onderleier verkies en sy self is tot beskermvrou saam met die hoofbeskermheer, sir Patrick Duncan en generaals Hertzog en Smuts, dr. D.F. Malan, ds. J.D. Kestell en prof. J.D. du Toit verkies.²³³ Alhoewel die apolitiese aard van die beweging sterk beklemtoon is, is dit duidelik dat, met die uitsondering van die goewerneur-generaal en Tibbie, die beskermpersone en die voorsitter wat buitendien lid van die Afrikaner-Broederbond was, nie heeltemal afsydig teenoor die partypolitiek sou staan nie.²³⁴ Omdat die Voortrekkers op die oog af as 'n apolitiese kultuurorganisasie vir die jeug ontstaan het, kon die invloed wat daar van sy geleedere uitgegaan het, nie geringgeskat word nie. In 1967 het die nasionale leier van die beweging selfs daarop aanspraak gemaak dat, sonder die steun en invloed van die Voortrekkerbeweging, "the National Party would not have come to power in 1948, nor would South Africa have become a republic in 1961".²³⁵

Die negatiewe houding van die Engelstalige pers teenoor die Voortrekkers was nie heeltemal onverwags nie. Nico van der Merwe is as 'n fanatikus voorgestel wat Suid-Afrika se liggelowigheid uitbuit. Volgens The Argus "it may be kind to tell Dr. Van der Merwe plainly that his tactics are perfectly well understood and that his aims are not forgotten".²³⁶ Die verbondenheid met Onze Rust was ook nie om dowe neutte nie. Die inswering van die eerste bestuurslede het op 2 Julie 1932 plaasgevind onder die Boom van Sameswering, 'n oliënhoutboom waaronder Theunis voor sy dood gewoonlik gepraat het met die mense wat hom wou raadpleeg. "Dit was die keurbende van Afrikaners", het Die Volksblad byna ekstaties berig. Tibbie se twee kleindogters, Tibbie en Annie van der Merwe, was die vaandeldraers. Nico en ander is deur ds. J.D. Kestell ingehuldig. Saam met Colin, Gladys, Emmie en Jacques het Tibbie die verrigtinge bygewoon en die verrigtinge simbolies uit Theunis se stoel waargeneem. Daar was vlae, gebede en toesprake.²³⁷

Behalwe vir die deelname en gasvryheid van daardie eerste inhuldigingsplegtigheid op Onze Rust was Tibbie ook in die jare daarna vir die Voortrekkers met woord en

²³² Heese, J. de V., Ons hou koers, p. 26, Van penkop tot hoofleier, p. 55; Die Volksblad 5 Oktober 1931.

²³³ Ineg PV181 10/1/4/1 Soewenierprogram "'n Nasie hou koers"; Ineg PV181 2/8/1/1/22 N.J. van der Merwe, J. de V. Heese (Bloemfontein) - RIS 10 Oktober 1931.

²³⁴ Duvenhage, G.D., Die gedenktrek van 1938 'n bedevaart en 'n kruistog, p. 9.

²³⁵ Wilson, M., Thompson, L., The Oxford history of SA, 11, p. 398 (Die Transvaler 6 November 1967).

²³⁶ The Argus 11 Mei 1931.

²³⁷ Die Volksblad 4 Julie 1932; Heese, J. de V., Ons hou koers, p. 45.

daad beskikbaar.²³⁸ Tydens die simboliese Ossewatrek in 1938 was Tibbie op verskillende wyses by die Voortrekkers betrokke.²³⁹ Haar boodskap van hulde aan die Voortrekkers by die geleentheid, het duidelik die gees van die tyd weerspieël. Aan die jonger geslag Afrikaners, besiel met die republikeinse en nasionale gedagte, het sy getrouheid aan hul Skepper, hul volk en taal voorgehou. "Mag geen opofferinge vir julle te groot wees", het sy in haar boodskap geskryf, "om hierdie duurgekoopte vryheid tot die uiterste te beskerm ... Staan brandwag ... oor die skoue erfenis deur die Voortrekkers aan julle toevertrou".²⁴⁰ Alhoewel die gees en woordgebruik in hierdie toespraak aan dié van Nico van der Merwe herinner, is dit onder Tibbie se naam afgelees. Waarskynlik was Nico egter die skrywer daarvan.

Die dood van haar skoonseun, Nico van der Merwe, in Augustus 1941 het nie Tibbie se verbintenis met die Voortrekkers verminder nie.²⁴¹ Op 'n spesiale funksie op Onze Rust op 28 September 1941 is die hoogste ere-kode van die Voortrekkers, die Orde van die Afrikaneros, postuum aan Nico toegeken en aan Tibbie van der Merwe oorhandig. Tibbie het hierna die orde-teken van Vriend van die Voortrekkers aan ds. Kestell vasgesteek.²⁴² Al die offisiere het daarna hul name met dieselfde goue pen wat aan Theunis met sy inswering geskenk is in Tibbie se album geteken.

In die volgende paar jaar, namate haar gesondheid dit toegelaat het, was Tibbie beskikbaar met haar teenwoordigheid of met 'n boodskap op Voortrekkerjeugdae en ander geleenthede soos byvoorbeeld by die oorhandiging van 'n boek oor haar skoonseun, Nico van der Merwe, se lewe.²⁴³

Dr. C.F. Visser wat later met Tibbie van der Merwe in die huwelik getree het, het Nico as hoofleier van die Voortrekkers opgevolg. Die Voortrekkers het nooit Tibbie se verjaarsdag vergeet nie want hulle het geweet dat sy hul belange op die hart gedra het. By verskeie amptelike geleenthede, selfs toe sy al in die tagtig was, was sy nog beskikbaar om die Voortrekkers ter wille te wees.²⁴⁴ Saam met ander roubeklaers het ook die Voortrekkers aan die begin van 1955 hulde en eer aan hul ontslape beskermvrou gebring.²⁴⁵

238 Ineg PV181 2/8/1/1/22 J. de V. Heese (Bloemfontein) - RIS 4 Julie 1932.

239 Heese, J. de V., *Ons hou koers*, pp. 52, 55.

240 VAB A156 1/1/39 *Die Burger* 29 Oktober 1938. Boodskap RIS: Hulde aan Voortrekkers c. Oktober 1938.

241 *Die Volksblad* 15 Augustus 1941.

242 Heese, J. de V., *Ons hou koers*, p. 44; *Die Volksblad* 30 September 1941.

243 Ineg PV181 2/8/1/1/25 E. Greyling - RIS 20 Oktober 1944, 25 Oktober 1945; VAB A156 1/1/37 J. de V. Heese - RIS 14 April 1941, 9 Augustus 1941.

244 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 21 Mei 1946.

245 Ineg PV181 2/1/1/7 Huldigingsprogram van wyle mev. (pres.) M.T. Steyn c. 1955.

Die meeste van die volksfeeste in 1938, die jaar van die Ossewatrek, het die heroïese verlede herdenk. As die lewende skakel met dié verlede het Tibbie 'n prominente rol vervul. Ook haar skoonseun, Nico van der Merwe, was as organiseerder en spreker 'n leidende gees by dié fees. Haar eerste taak daardie jaar was die onthulling in Junie van die terugbesorgde Vrystaatse wapen by die ou Raadsaal in Bloemfontein. Dié wapen is tydens die val van Bloemfontein in die Anglo-Boereoorlog deur lord Roberts, die Britse opperbevelhebber van die Raadsaal in Bloemfontein verwyder en is deur lady Roberts agt-en-dertig jaar later aan die Vrystaat terugbesorg. Volgens Die Volksblad het een eienskap van Tibbie, naamlik haar bereidwilligheid om te dien ten koste van persoonlike gevoelens haar die aangewese persoon gemaak om die wapen in ontvangs te neem.²⁴⁶ In sy bedankingsbrief aan lady Roberts het adv. C.T. te Water, Suid-Afrika se hoë kommissaris in Londen, Tibbie se rol daardie Juniedag geskets.²⁴⁷ Ná die toespraak deur dr. J.F.J. van Rensburg, die Vrystaatse administrateur, en die speel van die Vrystaatse en die Transvaalse volksliedere het dit vir Tibbie "baie gekos om kalm voor te kom terwyl die hart so ontstuiwig voel en ek ... met moeite die trane bedwing". Die aandoenlikste oomblik was ongetwyfeld nadat sy vergesel deur Gladys die Pioniersbataljon voor die gebou geïnspekteer het, en toe na die paar oorblywende, bejaarde Artilleriste gegaan het waar hulle eenkant in gelid gestaan het om aan hulle 'n handdruk te gee. "Maar O!", het sy haar emosies aan dr. Muller beskryf, "vir ons ou Vrystaters was 'n tere snaar geroer en baie trane het gevloei".²⁴⁸ Op hierdie "weemoed wat meester van jou wil maak", soos sy dit aan Maynie Fleck beskryf het, het Tibbie positief in die geloof gereageer. "Maar dan skep jy weer moed" het sy aan Maynie geskryf, "met die vertroude, 'n Hoër Hand beskik ons lot en op Sy tyd en wyse sal alles wel gemaak word".²⁴⁹

Waar die onthulling van die wapen voor die Raadsaal haar met intense weemoed vervul het, het Tibbie entoesiasties uitgesien na die honderdjarige herdenking van die ossewatrek wat later daardie jaar sou begin en op 16 Desember, Dingaansdag, sy hoogtepunt by die onthulling van die hoeksteen by Pretoria sou bereik. Sy was soos 'n dekade tevore 'n voorstander vir die dra van Voortrekkerdrag en het dit aktief aangemoedig.²⁵⁰ Teen Julie was haar entoesiasme weer gedemp toe sy besef het dat onaangenaamhede onder die reeds verdeelde Afrikaners ontstaan het omdat

²⁴⁶ Die Volksblad 9 Junie 1938.

²⁴⁷ VAB A156 1/1/37 A156 1/1/37 C.T. te Water (Londen) - lady Roberts 22 Junie 1938; A156 1/1/37 C.T. te Water - RIS 17 Julie 1938.

²⁴⁸ VAB A160/60 RIS - HPNM 22 Junie 1938; A156 1/1/37 C.T. te Water (Londen) - lady Roberts 22 Junie 1938; A156 1/1/39 Program van onthulling van wapen van Oranje-Vrystaat 8 Junie 1938; SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/10.1 Program van onthulling van wapen van Oranje-Vrystaat 8 Junie 1938.

²⁴⁹ VAB A31/1 RIS - Maynie Fleck 9 Julie 1938.

²⁵⁰ Ineg PV181 2/8/1/1/1 RIS brief Die Volksblad 26 Julie 1938.

genl. Hertzog as eerste minister verplig gevoel het om die goewerneur-generaal en gevolglik die sing van God save the King by die onthullingsplegtigheid te betrek.²⁵¹ Vir die gebruik van Engels, selfs nie eens die aanluister van 'n enkele toespraak, was daar volgens die gevoel van die voornemende monumentgangers hoegenaamd nie plek nie. Die Groot Trek en die heroïese verlede is emosioneel opgehemel as die één gebeurtenis wat nie net die blanke beskawing in Suid-Afrika gered het nie, maar ook die grondslae van republikanisme gelê en die voortbestaan aan die Afrikaner as volk verseker het.²⁵²

Met die vertrek van die eerste twee waens, die Piet Retief en Andries Pretorius vanaf die Jan van Riebeeck-standbeeld in Kaapstad vir hul tog noordwaarts, was Nico van der Merwe se emosionele verklaring daarna dat hy "God ... vanaand ... dank dat ek 'n Afrikaner is", 'n weerspieëling van die intense beleving van die volkskap wat namate die trek nader aan sy eindbestemming gekom het, in sy religieuse intensiteit gegrens het aan die historiese.²⁵³ Die geslag Afrikaners wat onder 'n Afrikanerbewind in 'n republiek grootgeword het, sou vreemd, byna apaties, gestaan het teenoor dié begeestering wat hul voorgeslag voortgedryf het. Selfs die woordgebruik van Tibbie se biografie tien jaar na die geleentheid toe die emosionele opwelling reeds aan die geskiedenis behoort het, skryf: "1938 het gekom. Dit was die eeufeesjaar, die wonderjaar met sy ondempbare gees van verering en bewoënheid".²⁵⁴ Die besoek van die ossewaens aan Onze Rust het Tibbie met dieselfde gloed van emosionele gesdrif vervul. Sy skrif in hierdie trant aan dr. Muller, wat vreemd moes gestaan het jeens Tibbie se byna oordrewe uitsprake. Sy besef dit is vir haar "onmoontlik ... om u te laat verstaan wat die Ossewa Trek vir ons as volk beteken". Sy het verder geskryf dat daar "nooit in die geskiedenis van die wêreld ... so 'n trek ... was" nie.²⁵⁵

Alhoewel nie Tibbie of Theunis se voorouers enigins by die Groot Trek betrokke was nie, is beide se voorgeslagte figuurlik na willekeur ingespan om die heroïese in die verlede te dien. Marthinus Blinkstewels en sy vrou Cecilia J. (Wessels), Theunis se ouers, het byvoorbeeld eers in die vyftigerjare van die negentiende eeu van Swellendam af noordwaarts getrek, terwyl Tibbie se oupa, ds. C.A. Fraser, indertyd predikant op Beaufort-Wes, in werklikheid teen die Trek gekant was wat so baie van sy gemeentede noordwaarts laat gaan het. Nogtans is 'n krans op 9 September 1938 met groot plegtigheid op ou ds. Fraser se graf geplaas "to

251 VAB A160/69 RIS - HPMN 28 Julie 1938.

252 Krüger, D.W., *The making of a nation*, p. 190.

253 Moodie, D.T., *The rise of Afrikanerdom*, p. 178; *Die Burger* 9 Augustus 1938.

254 Kruger, N., *Rachel Isabella Steyn; presidentsvrou*, p. 148.

255 VAB A160/69 RIS - HPMN 27 Oktober 1938.

commemorate his bond with the trekkers".²⁵⁶ "The elevation of his granddaughter Rachel Isabella Steyn to the rank of 'Volksmoeder'", het die opsteller van die Fraser-genealogie, wat ook die agterkleinkind van sir John Fraser was, beweer "propably had some bearing on this".²⁵⁷ Daar het ook 'n kranslegging deur Theunis se byna tagtigjarige niggie, mej. Pollie Steyn, op die graf van Theunis se grootvader, Pieter Gysbert, in Swellendam plaasgevind.²⁵⁸ In Philippolis is krans op 29 September op die gedenkteken van Tibbie se vader, ds. C.M. Fraser, gelê.²⁵⁹

Die ossewaens sou vanselfsprekend ook Onze Rust op hul noordwaartse tog aandoen. Die ontvangs hier was 'n gesamentlike familiepoging. Tibbie se kleinkinders het die waens aan die grense van Onze Rust ingewag, Colin se seun, Jan, het die voorste span osse gelei en haar kleinkinders, Nakkie en Noens van der Merwe, en Weideman die plaasbestuurder, het in Voortrekkerdrag met die Vrystaatse vlag vooruit gestap. Gordon, Eugenie en hul dogter, Eugenie, het die waens by die hek verwelkom en saamgestap tot by die stoep waar Tibbie hul ingewag het. Dit was vir haar 'n aandoenlike oomblik waarin sy intens na Theunis verlang het. Tibbie kon staatmaak op Hannah wat haar met die voorbereidings gehelp het. Die gaste wat op Onze Rust oornag het, is deur Ruiters, Theunis se Griekwa-agterryer met staaltjies uit die oorlogsjare, meestal oordrewe, vermaak. Gordon wat aanwesig was, het later beweer: "Vir geen geld sou hy die aand gemis het ... almal se (sic) dit is 'n aand wat hulle nooit sal vergeet".²⁶⁰ 'n Silwer plaat is aan die Boom van Sameswering vasgespyker om die geleentheid te gedenk.

By die twee geleenthede, 'n week uitmekaar, wat die waens Bloemfontein aangedoen het, was Tibbie betrokke. Op 7 Oktober, die dag nadat dit Onze Rust verlaat het, het die ossewaens deur Bloemfontein al langs die gedenktekens van die ou republiek onder blyke van uitbundige belangstelling beweeg tot by die Vrouemonument. Die Andries Pretorius-wa se wielspore is op 'n sementblok getrap en Tibbie het 'n wa met die naam van "Vrou en moeder" gedoop en 'n krans aan die voet van die Vrouemonument gelê. "Ek was so kalm soos nooit tevore", het sy aan Emmie geskryf, "en ek het al die verrigtinge bygewoon ... en niks moeg gevoel nie". In 'n kort toespraak het Tibbie die rol van die vrou soos vergestalt in die Vrouemonument geskets. "Weer moet hulde ons vroue inspireer", het sy gesê, "omdat die monument vir alle tye bewys lewer dat die vrou haar lewe en meer as

256 Smit, A.P., Gedenkboek van die NG gemeente Beaufort-Wes (1820-1945), pp. 153-155.

257 Brief D. Rowse (Unisa) - skryfster 15 Februarie 1989; Rowse, D.E., "The family of the Revd. Colin Fraser of Beaufort West", Familia vol. 15, 1978, pp. 72-75.

258 Anon. Gedenkboek van die Ossewaens op die pad na Suid-Afrika Eeufees: 1838-1938, p. 170.

259 Duvenage, G.D.J., Die gedenktrek van 1938 'n bedevaart en 'n kruistog, p. 103.

260 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 8 Oktober 1938; The Friend 7 Oktober 1938.

haar lewe kan opoffer vir die algemene goed, en ons aanmoedig om altyd ons beste kragte en dienste aan ons land te gee".²⁶¹ Ook Henning Klopper onder wie se leiding die Trek plaasgevind het en Ella Fischer het toesprake gelewer.²⁶²

Twee weke daarna is die waens, nadat hulle 'n draai elders in die Vrystaat gemaak het, weer in die stad ontvang. Hulle is reguit na die Vrouemonument in "een van die aandoenlikste funksies", in die woorde van 'n begeesterde skryfster, waarskynlik Tibbie van der Merwe, "wat ooit op dié heilige plek plaasgevind het". 'n Erewag van vroue in Voortrekkerdrag het 'n halfmaan binne die ringmuur van die monument gevorm en toe die leiers van die Trekke, ds. J.D. Kestell en Tibbie hul plek voor die beeldegroep inneem, het die feeskoor die somber woorde van "Gedenk" gesing. Die terugkeer van die vier waens na die stasiegebou was van so 'n aard dat die woorde "aandoenlik, heilig, luisterryke stoet, verdring" gebruik is om dit te beskryf. Die osse wat deur die stadsraad van Bloemfontein aangebied het om die waens te trek, is geweier omdat die stadsraad deur die Verenigde Party oorheers is en nie aan sekere versoeke wat die Trekorganisasie eers gerig het, gehoor wou gee nie. Begeesterde feesgangers in Voortrekkerdrag en studente van die Universiteitskollege van die Vrystaat (UKOVS) in kleurbaadjies en in wit geklee, het mekaar verdring om die waens self te trek sodat daar "heeltemal 'n stormloop" was om hulp te verleen.²⁶³ Gideon Roos wat die geleentheid vir die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie gedek het, het later geskryf: "You have no idea what emotion it caused. I saw people in tears because of this wave of intense patriotism, crystallised around the pride of this romantic page in our history. We never had a symbol before; the ox-wagon became that symbol".²⁶⁴ Daardie nag het skouspelagtige tonele hulle in Bloemfontein afgespeel. Dit was omdat in Tibbie se woorde "ons ... nog nie ons stadsraad sover gekry het om die strate die name van Voortrekker en Andries Pretorius te gee. Stel dan die agitatie voor", het Tibbie dr. Muller ingelig.²⁶⁵ Duisende opgesweepte jongmense het teen die stadsraad van Bloemfontein se besluit in, doelbewus die naamborde van St. Johnstraat en Hospitaalweg verwyder en dit na Andries Pretorius- en Voortrekkerstraat herdoop.

Tibbie het hierna vertrek na die Kaap waar sy enkele seremoniële pligte moes

261 Ineg PV181 10/1/4/2 "By die Vrouemonument", Fees by die waens Oktober 1938.

262 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 8 Oktober 1938; Die Volksblad 8 Oktober 1938; Duvenhage, G.D.J., Die gedenktrek van 1938 'n bedevaart en 'n kruistog, pp. 105, 106; Anon. Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika Eeupees: 1838-1938, p. 382; Ineg PV181 10/1/4/2 "By die Vrouemonument" Fees by waens Oktober 1938; PV181 2/8/1/1/24 S. Pellisier (Bloemfontein) - RIS 12 Oktober 1938.

263 Ineg PV181 10/1/4/2 "By die Vrouemonument" Fees by die waens Oktober 1938; Mededeling prof. F. Potgieter.

264 Harrison, D., The white tribe of Africa South Africa in perspective, pp. 104, 105.

265 VAB A160/69 RIS - HPNM 5 Desember 1938.

vervul. In Stellenbosch het sy die groot gehoor, meestal jongmense, vermaan om die ideaal van getrouheid aan hul Skepper, hul volk en taal na te streef.²⁶⁶ Op 30 November, twee weke voor die hoeksteen van die Voortrekkermonument gelê sou word, het Tibbie die fakkel van die Voortrekkers simbolies by Jan van Riebeeck se standbeeld in Kaapstad voor 'n juigende skare van tienduisend mense aangesteek.²⁶⁷ Dié fakkel sou langs die hoofpaaie voortgedra word en op 16 Desember deur Tibbie van der Merwe ontvang word en later in die Monument se hoeksteen ingemessel word.²⁶⁸ Haar laaste seremoniële plig tydens die feesvieringe rondom die Ossewatrek was vir Tibbie die aandoenlikste: sy het namens die Oud-Strydersbond 'n krans gelê op die grafte van burgers wat as krygsgevangenes tydens die Anglo-Boereoorlog in die Groenpuntse kamp omgekom het. "Na die kranslegging", het Tibbie aan genl. Hertzog geskryf, "het ek versoek dat die oudstryders en k.susters (kamp) my die hand kom gee. My gemoed was vol maar die trane moes bedwing word".²⁶⁹ In haar kort boodskap het sy herhaal wat sy na die oorlog aan Emily Hobhouse geskryf het, naamlik dat hulle die lyding van die kampe moet vergewe "vergeet (egter) durf ons nie".²⁷⁰

Die hoogtepunt van die feesvieringe rondom die Ossewatrek, die hoeksteenlegging op 16 Desember 1938 in Pretoria, het Tibbie nie bygewoon nie. Van die feeskomitee se begeerte dat Tibbie die oorkondes in die hoeksteen van die Voortrekkermonument sou plaas, het niks gekom nie.²⁷¹ Aan genl. Hertzog wat in elk geval van die verrigtinge uitgesluit was, het sy die afstand van die Kaap af en die hitte van daardie tyd van die jaar as rede voorgedra.²⁷² Inderwaarheid was dit maar weer die oorspronklike probleem wat haar gekniehalter het: die senuagtigheid te midde van massas mense. Die indrukwekkende seremonie is bygewoon deur tienduisende Suid-Afrikaners wat dae lank op die terrein gekampeer het. Tibbie het die verrigtinge oor die radio gevolg. Hier het die Afrikanervolk "ontwaak" uit sy geestelike en stoflike armoede en in die byna bombastiese woorde van N.G.S. van der Walt, "soos 'n orkaan uit die dieptes van verstofliking en verdeeldheid

266 Die Burger 29 Oktober 1938.

267 Die Burger 1 Desember 1938; Heese, J. de V., Ons hou koers, p. 52; Anon Amptelike program en gedenkboek van die fees ter inwyding van die Voortrekkermonument 13-16 Desember 1949, p. 62.

268 Ineg PV181 10/1/2/1 Biografiese gegewens van sen. I.G. Visser.

269 TAB A36/6 RIS (Vreugde) - JBMH 17 Desember 1938.

270 Ineg PV181 2/7/1/1/1 RIS (Clarens) - EH 7 Desember 1902; VAB A156 1/1/39 Boodskap van RIS by kranslegging Groenpunt 15 Desember 1938.

271 VAB A156 1/1/37 P.S. Schefest (Pretoria) - RIS 11 November 1938; A156 1/1/37 Telegram H.J. Klopper (Germiston) - RIS c. 23 November 1938.

272 TAB A32/6 RIS (Vreugde) - JBMH 17 Desember 1938.

op(ge)ruk na die hoogtes van idealisme en saam horigheid - 'n magtige 'wederopstanding' van 'n volk wat skielik weet wat hy wil en dit rondborstig sê".²⁷³

Hoewel die Hertzogregering reeds in 1935 besluit het om die Eeufees "op die grootste breednasionale wyse te vier sodat alle dele van die volk daaraan kan deelneem" en staatsfondse daarvoor aangewend sou word, is in Julie ironies genoeg besluit dat Hertzog volgens die woorde van M. Wilson "probably the greatest Afrikaner of them all", nie die seremonie van die hoeksteenlegging sou waarneem nie en dat dit slegs 'n suiwer Afrikanervolksfees sou wees.²⁷⁴ In 'n manifestasie van robuuste Afrikanerselfgeding en minder goeie maniere het die skare selfs geweier dat die Engelse toespraak van adv. E.W. Douglas, reeringslid van die Volksmonument-komitee, en andere voorgelees word. Alan Paton, toentertyd skoolhoof in Johannesburg en latere outeur van *Cry the beloved country*, het in baard en Voortrekkerdrag ontnugter aangehoor hoe 'n nakomeling van die Britse setlaar wat 'n Bybel geskenk het aan Jacobus Uys, die Trekkerleier, doodgeskree is toe hy sy woord in Engels wou doen. "It was a lonely and terrible occasion for any English-speaking South African who had gone there to rejoice in this Afrikaner festival", het hy na die tyd geskryf. Hy het sy baard afgeskeer en ontsteld huiswaarts gekeer. "That was the end of my love affair with Nationalism. I saw it for what it was, self centred, intolerant, exclusive".²⁷⁵

Tibbie wat geskool was in die Victoriaanse tradisie van hoflikheid in alle omstandigheid teen elke prys teenoor almal, het verbasend genoeg teenoor dr. Muller begrip uitgespreek vir die onhoflike, onnodige optrede. "U sal miskien dit onhoflik beskou", het Tibbie aan dr. Muller geskryf, "maar u weet die Afrikaners was gedetermineerd dat geen Engels ... toegelaat .. sal word". Sy wat haar deel gemaak het van die Afrikaner se strewe om weg te kom uit sy minderwaardige posisie het die luiddrugtige selfbewustheid van die Afrikaner na die gees van die tyd en in die emosie van die oomblik nie soos Alan Paton as so onverdraagsaam en egosentries beskou nie. Sy was intendeel met bewondering vervul oor wat die fees vir die Afrikaner beteken het en ingenome daarmee. Sy het die hoop uitgespreek dat "God gewe nou dat dit sal uitloop tot 'n vereniging van ons volk".²⁷⁶ Tibbie was lankal 'n Afrikaner in murg en been en het behalwe met haar besoeke aan die Kaap, in werklikheid min met Engelssprekendes geassosieer. So het sy byvoorbeeld in

273 Van der Walt, N.G.S., Die republikeinse strewe: dryfvere en probleem binne die Suid-Afrikaanse partypolitiek, 1902-1961, p. 151.

274 Wilson, M., Thompson, L., The Oxford history of SA, II, p. 383; Van der Walt, N.G.S., Die republikeinse strewe: dryfvere en probleem binne die Suid-Afrikaanse partypolitiek, 1902-1961, p. 151.

275 Harrison, D., The white tribe of Africa South Africa in perspective, p. 111.

276 VAB A160/69 RIS - HPNM 20 Desember 1938.

1930 aan haar kleindogter, Cila Fichardt, geskryf dat die goewerneur-generaal, graaf Clarendon, 'n liewe mense is maar dat hulle "vir ons ... egter Engelse (is) en hoe hulle ook probeer hulle kan tog nooit vir ons wees wat 'n Afrikaner is" nie.²⁷⁷ Tibbie moes met misnoeë kennis geneem het van die uitsluiting van genl. Hertzog. "U bly my leier en vriend", het sy hom vyf jaar tevore verseker. Hoewel haar kinders se politieke oortuigingsin die vroeë dertigerjare van haar eie begin verskil het, was daar geen strydpunt in die familiekring nie en was "die kinders ... lief daaromtrent".²⁷⁸ Deur dit alles was Tibbie in die woorde van die leier van die simboliese trek, H.J. Klopper "die liefling van die Trek".²⁷⁹ Elf jaar later op 16 Desember, Gelofte dag, is die Voortrekkermonument luisterryk ingewy in die afwesigheid van Tibbie wat toe byna vyf-en-tagtig jaar oud was.²⁸⁰

Dit is duidelik dat waar Tibbie 'n beroep op die Afrikaner gedoen het om getrou te wees aan sy volk, sy dit gedoen het uit innerlike oortuiging en omdat sy dit self nagevolg het. Haar pogings het oor vele terreine van die maatskaplike, geestelike en ekonomiese lewe gestrek. Op 'n tentoonstelling tydens 1932 se depressie was haar boodskap dat die vrou op ekonomiese gebied 'n daadwerklike rol te speel het.²⁸¹ Maar dit was veral na die Ossewatrek in 1938 dat die materiële verarming van die Afrikaner onder die aandag gekom het. Deur die stigting van die Reddingsdaadbond (RDB) wat die ekonomiese rehabilitasie van die Afrikaner ten doel gehad het, en ook die Volkskongres vir Ekonomie wat Tibbie in Oktober 1939 in Bloemfontein bygewoon het, is daadwerklike pogings aangewend om die Afrikaner op materiële gebied op te hef.²⁸² Tibbie was die ere-voorsitster van dié Volkskongres saam met genl. J.J. Pienaar en ander prominente persone.²⁸³ By haas elke amptelike geleentheid waar sy gevra is om te praat of om 'n boodskap te stuur, het Tibbie die ekonomiese opheffing van die armblanke bepleit, veral deur middel van die RDB of die verskillende vroue-organisasies. "Laat ons laer trek", het haar boodskap gelui aan die Gelofte daggangers in 1940 by Wonderboom, Pretoria, "en met gesamentlike optrede die hoof bied aan die gemeenskaplike vyande (soos onvrede en armoede) wat ons volksbestaan bedreig".²⁸⁴ In die jare daarna het sy steeds die belange van die RDB op die hart gedra. Indien sy nie aanwesig kon wees

277 VAB A156 3/4 RIS - Cila Fichardt 5 Julie 1930.

278 TAB A32/1 RIS (Vreugde) - JBMH 29 Maart 1933.

279 VAB A156 1/1/37 H.J. Klopper (Oos-Londen) - RIS 26 Februarie 1939.

280 Anon. Amptelike program en gedenkboek van die fees ter inwyding van die Voortrekkermonument 13-16 Desember 1949.

281 VAB A160/69 RIS - HPMN 20 Augustus 1932.

282 Die Volksblad 6 Oktober 1939.

283 Ineg PV181 10/1/4/2 Die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad Ekonomiese Volkskongres stadsaal Bloemfontein 3,4,5 Oktober 1939; Van Schoor, M.C.E., John Daniel Kestell 1854-1941, p. 371.

284 Die Volksblad 16 Desember 1940; Ineg PV181 2/8/1/1/24 M. Malherbe (Pretoria) - RIS 10 Desember 1940.

by 'n vergadering nie het sy 'n telegram gestuur.²⁸⁵ In 1948 het sy 'n uitnodiging om as beskermvrou van die RDB te dien, aanvaar.²⁸⁶

In 1945 toe Tibbie tagtig geword het, was haar rol as lewende skakel met die republikeinse verlede nog ver van uitgedien. Daar sou intendeel nog hoë eise aan haar gestel word want Bloemfontein sou nog sy honderdjarige bestaan herdenk. Vir die eeufeesviering van Bloemfontein was sy saam met oud-inwoners lid van die erekomitee wat met die reëlings gemoeid was.²⁸⁷ Sy was namate haar gesondheidstoestand dit toegelaat het by heelwat van die geleenthede aanwesig. The Friend het die spyker op die kop geslaan met die stelling dat die seremonie wat Tibbie waarskynlik met die meeste aandoening vervul het, die een was waarin Theunis se inswering as president voorgestel is. Die rol van die president se gade is deur Tibbie Visser vertolk.²⁸⁸ Tibbie was dankbaar dat sy nog deel kon hê aan die feesvieringe en in 'n vriendelike brief het sy die burgemeester, C.J.M. Wilcocks, geluk gewens met die suksesvolle verrigtinge.²⁸⁹

6.2 Amptelike gesant na die Nederlande

Tibbie het in 1922 in 'n brief aan Emily Hobhouse die hoop uitgespreek dat "I still ... cherish the hope of having a trip to Europe before I die".²⁹⁰ Dié ideaal het onverwags in 1948 met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party 'n werklikheid geword. Hoewel sy reeds by verskeie geleenthede soos ná die dood van mej. Hobhouse en ná die verrigtinge rondom die Ossewatrek gedink het dat sy haar laaste funksie vir haar volk vervul het,²⁹¹ het dr. D.F. Malan, eerste minister, haar in Julie 1948 genader met die versoek dat sy as die spesiale gesant van die Unie na Nederland moet gaan om 'n adres en geskenke van Suid-Afrika aan koningin Wilhelmina te oorhandig met die vyftigjarige viering van haar troonbestyging. Koningin Wilhelmina sou terselfertyd abdikeer ten gunste van haar dogter, prinses Juliana.²⁹² Behalwe dat Tibbie in daardie stadium 'n hoogs bejaarde vrou was en sy nog nooit per vliegtuig gereis het nie en sy buitendien 'n swak reisiger was, het sy dit nogtans "op prys gestel dat dr. Malan die taak aan haar opgedra het".²⁹³ Terwyl

285 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 19 Julie 1943; Ineg PV181 2/8/1/1/25 J.C.B. Schoeman (Johannesburg) - RIS 19 Julie 1945.

286 Ineg PV181 2/8/1/1/28 J.C.B. Schoeman (Johannesburg) - RIS 15 Julie 1948.

287 Ineg PV181 2/8/1/1/26 RIS - C.J.M. Wilcocks 1 Maart 1946.

288 VAB A156 1/1/40 RIS - Arthur Gillet 11 Julie 1946.

289 VAB A156 1/1/39 RIS - C.J.M. Wilcocks 6 April 1946.

290 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 18 Januarie 1922.

291 VAB A160/69 RIS - HPNM 29 November 1926; A156 1/1/42 RIS - Emmie 16 November 1948; A156 1/3/4 RIS - Hannah 18 November 1948.

292 Die Volksblad 26 Julie 1948, Die Transvaler 26 Julie 1948; The Star 27 Julie 1948; Die Burger 28 Julie 1948.

293 Die Volksblad 26 Julie 1948; The Friend 27 Julie 1948; Die Burger 28 Julie 1948.

Tibbie volgens haar broer, Harry, soos haar moeder was "and have always given first consideration to others", het sy private bedenkinge oor die reis na Nederland gekoester. "Wat het ek onderneem?" het sy aan Emmie geskryf. Sy was veral besorg oor die vraag of sy fris en kalm sou bly om die taak enduit te verrig.²⁹⁴

Terwyl die departement van buitelandse sake die nodige reëlings vir diplomatieke paspoorte en ander sake getref het, het Tibbie hoofbrekens gehad oor wat sy by die geleentheid moes aantrek.²⁹⁵ Sy was onder die indruk dat haar "'wardrobe' maar ver (is) van wat dit moet wees" en dat sy nie oor 'n uitrusting beskik het wat by die formele ontvangste en oudiënsie pas nie.²⁹⁶ Van alle kante het sy aanbiedinge van hulp gekry. Die Wolraad het haar klere as geskenk aangebied en Sonop, 'n winkel in Bloemfontein, het verantwoordelikheid geneem vir die tabberd wat sy na die oudiënsie met die koningin sou dra. Van Emmie kon sy 'n pelsjas en juwele leen.²⁹⁷ Haar kleinkinders, veral Ella, "was sprakeloos van bewondering, hoewel ek altyd geweet het dat manne-moed nie by Oumakie ontbreek nie, self nie eens in die dae van die ossewa en die 'spider' nie. Suid-Afrika is opreg trots op haar afgesand, (sic) en moenie praat hoe heerlik die kinders, kleinkinders en agter-kleinkinders in Oumakie se 'reflected glory' bak nie!"²⁹⁸ Nerina Ferreira het Tibbie speels oor haar deftige uitrustings geterg: "Nou hier is een ... geleentheid waaroor Ouma nie kan se (sic) But girlie ... en dan die deeltjie oor die ou 'lelike' rok wat weer sal moet diens doen nie".²⁹⁹ Vriendinne en kennisse het haar van oral aangemoedig.³⁰⁰

Op 21 Augustus het Tibbie eers na Pretoria vertrek in 'n Avro-York vliegtuig vir die eerste been van haar reis. Sy is vergesel van haar skoonseun, dr. C.F. Visser en Tibbie, dr. J.P. Immelman, 'n geneesheer en 'n suster, M.M. Groenewald van die Nasionale Hospitaal van Bloemfontein.³⁰¹ Nadat hulle die naweek deurgebring het by Libertas, die ampswoning van dr. Malan, het die geselskap op Maandag, 23 Augustus 1948, na Nederland vertrek.³⁰² "Ons was so 'n gesellige geselskap in die

294 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 28 Julie 1948.

295 Ineg PV181 2/1/1/7 D.P. Pozy (Pretoria) - C.F. Visser c. Augustus 1948; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 2 Augustus 1948; VAB A156 3/5 Sekretaris buitelandse sake - C.F. Visser 19 Augustus 1948.

296 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 28 Julie 1948, 2 Augustus 1948.

297 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 28 Julie 1948, 7 Augustus 1948.

298 VAB A156 3/5 Ella (Retreat) - RIS 18 Augustus 1948.

299 VAB A156 3/5 Nerina Ferreira (Vreugde) - RIS 17 Augustus 1948.

300 VAB A156 3/5 K. Hurly (Aucland Park) - RIS 26 Julie 1948; A156 3/5 Charles te Water (Pretoria) - RIS 2 Julie 1948; A156 3/5 C.M. van den Heever (Johannesburg) - RIS 16 Augustus 1948; A156 3/5 J.N. Brink (Clocolan) - RIS 28 Julie 1948; A156 1/1/24 Manie van Zyl Fraser (Kaapstad) - RIS 13 Augustus 1948.

301 Ineg PV181 3/1/4/1 Toespraak/Verklaring afsheidsbrief vanaf Onze Rust 12 Augustus 1948.

302 Die Volksblad 21 Augustus 1948; The Friend 21 Augustus 1948; The Star 30 Augustus 1948.

vliegtuig en ons Colonel P.W. Nel was tog so goed altyd die kaarte by der hand gehad en ons wis presies net waar ons was".³⁰³

Vir die private oudiënsie van elfuur in die oggend van 2 September in die paleis op die Dam in Amsterdam, is Tibbie deur dr. Cornelius en Tibbie Visser vergesel.³⁰⁴ Sy sou egter alleen vir die informele ontmoeting moes ingaan.³⁰⁵ Tibbie het besonder deftig daar uitgesien. Vroegoggend is haar hare gedoen. "Ek het die swart rok met kant gedra", het sy aan Theunis (jr.) geskryf, "en die hoed wat Hannah nog in Johannesburg gekoop het en goed gekleed gevoel ..."³⁰⁶ Nadat hulle aanvanklik 'n verkeerde ingang gebruik het, is hulle deur 'n hofdame reggehelp. "Daar gaan 'n kamer deur oop en die koningin stap in", het Tibbie aan Emmie dieselfde dag nog geskryf, "ek het haar dadelik gaan groet sy het my so lief onvang en sê dadelik ek moes naas haar op die sofa gaan sit". Vir die jonger Tibbie wat as haar moeder se hofdame opgetree het en haar teen die reëlings in tot binne in die oudiënsiekamer vergesel het, was die twee bejaarde dames wat so gesellig met mekaar gesels 'n aandoenlike toneel.³⁰⁷ Tibbie het koningin Wilhelmina eers hoflik bedank vir die vriendelike verwelkoming in Nederland. "Sy was uiters vriendelik", het Tibbie aan Emmie geskryf. "Ons het net 'n halfuur gebly en dit baie interessant gevind". Die Nederlandse koningin het dit veral hoog op prys gestel dat sy die lang afstand gekom het. Sy het Tibbie versoek om haar waardering aan die Unieregering en die volk van Suid-Afrika oor te dra.³⁰⁸ Die koningin was ook besonder vriendelik teenoor Tibbie Visser. Volgens Tibbie Visser het haar moeder haar deel van die gesprek interessant gevoer. Die koningin het na genl. Smuts se gesondheid verneem en die hoop uitgespreek dat Tibbie die kroning van prinses Juliana sou bywoon.³⁰⁹

Dit was die eerste keer dat Tibbie koningin Wilhelmina ontmoet het, want hoewel sy die Boeresak tydens die Anglo-Boereoorlog goedgesind was, het sy nooit die Boereleiers tydens en na die oorlog ontvang nie. Van die drie geskenke wat Tibbie namens die Unieregering aan haar oorhandig het, was die Nederlandse koningin veral ingenome met 'n mantel van Suid-Afrikaanse volstruisvere. Die ander geskenke was 'n geleentheidstafel van stinkhout, wat 'n geskenk van die Kamer van Mynwese, en 'n vergulde perkamentrol in 'n kjaatkissie.³¹⁰

303 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS (Amsterdam) - Emmie 27 Augustus 1948.

304 VAB A156 3/5 Sekretaris buitelandse sake (Pretoria) - C.F. Visser 19 Augustus 1948.

305 Ineg PV181 2/6/1/1/1 Funksies 2 September 1948.

306 Schoeman, K., *In liefde en trou, ...*, p. 152 RIS (Den Haag) - Theunis (jr.) 3 September 1948.

307 Ineg PV181 10/1/2/1 Biografiese gegewens van sen. I.G. Visser.

308 Kaapstad Oranjezicht Vrede, RIS - Emmie 2 September 1948.

309 Schoeman, K., *In liefde en trou, ...*, p. 152 RIS (Den Haag) - Theunis (jr.) 3 September 1948.

310 *Die Volksblad* 21 Augustus 1948.

In 'n oudiënsie wat prinses Wilhelmina in Oktober 1948 aan dr. Anna de Villiers, hoof van Hugenote-Gedenkskool, toegestaan het waarin dr. De Villiers namens die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge 'n Pierneefskildery aan die prinses oorhandig het, het die oud-koningin melding gemaak van haar bewondering dat Tibbie die lang tog na Nederland onderneem het.³¹¹

Die verhouding tussen die twee bejaarde dames was 'n weerspieëling van die hartlike betrekkinge in daardie stadium tussen Nederland en Suid-Afrika. "O hoe gelukkig voel ek dat (ek) my opdrag vandag so goed agter die rug het", het Tibbie aan Emmie geskryf, "dit is vir my 'n groot voldoening dat ek dr. Malan nie teleurgestel het nie".³¹² Na die oorhandiging van die geskenke is Tibbie onverwags deur 'n skare voor die paleis toegejuig.³¹³ Moontlik kon die spontane toejuiging Tibbie laat terugdink het aan die begin van 1905 toe die hele "Lyrischen Schouwburg" in Antwerpen opgestaan en die Steyns in die woorde van 'n koerant 'n "ovatie" gegee het "waaraan geen einde schein te komen".³¹⁴

'n Motor met 'n chauffeur was deurentyd tot hul beskikking. Tibbie het probeer om die Villa Norma op te spoor waar Theunis na die Steyns se aankoms in Nederland in 1902 meer dood as lewend ingedra is. Dit het haar egter nie geluk nie omdat die omgewing heeltemal verander het.³¹⁵ Vir sover Tibbie se gesondheid dit toegelaat het, het sy formele onthale en 'n kerkdiens bygewoon. Sy was op 6 September afwesig by die kroningsplegtigheid van koningin Juliana in die Nieuwe Kerk, Amsterdam.³¹⁶ Ou vriende, almal bejaard, of familieledes van diegene wat al oorlede is, het hul opwagting by Tibbie gemaak of het uitnodigings aan haar gestuur. Sy moes ongetwyfeld dr. Muller, wat reeds in die vroeë veertigerjare oorlede is, gemis het maar het tog sy familieledes soos onder andere mej. Lelieveld ontmoet.³¹⁷ Tibbie het weer A. Jiskoot Pierson, 'n Europese skoolvriendin van Gladys, ontmoet en Adriana (destyds Adriaana) Bakker-Hordijk, wat die huishoudster was op Onze Rust

311 De Jong, C., "Die Pierneef-skildery en koningin Wilhelmina" in Pretoriana soos aangehaal in Handhaaf Februarie 1987, p. 18; Ineg PV181 2/8/1/1/29 Anna de Villiers (Wellington) - RIS 25 Februarie 1949.

312 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS (Den Haag) - Emmie 2 September 1948; VAB A156 1/1/40 RIS (Den Haag) - Gladys 3 September 1948; Ineg PV181 3/1/2/1 Radio-vertelling van sen. I.G. Visser, datum onbekend; PV181 2/6/1/1/1 Funksies, gesantskap van die Unie van SA, dokumente.

313 Die Volksblad 13 September 1948.

314 VAB A156 1/1/17 Vlaamsche Gazette, "President Steyn te Antwerpen" 23 Januarie 1905.

315 Die Volksblad 13 September 1948; VAB A59/3/16 A. Fischer - J.M. de Bruijn 19 Julie 1902; A156 1/1/17 foto's in Nederlandse koerante c. Augustus 1902.

316 The Friend 13 September 1948.

317 The Friend 13 September 1948; Ineg PV181 2/6/1/1/1 Getikte folio "Ontvangs van mev. M.T. Steyn" 7 Septembter 1948; VAB A156 1/1/40 RIS (Den Haag) - Gladys 3 September 1948.

ná die Steyns se terugkeer vanuit Europa.³¹⁸ Tibbie het ook kort besoeke afgelê aan Paula Winkler, N. van Doorn van Den Haag, en andere.³¹⁹ Dit is onbekend hoeveel van die uitnodigings waar haar formele teenwoordigheid verlang is, sy aanvaar het. Ds. J.D. Domela N. Dyegaard, die leraar wat in die kerk in Antwerpen gepreek het op 22 Januarie 1905 net voor die Steyns se vertrek uit Europa, het 'n briefie van verwelkoming aan Tibbie gerig.³²⁰ Uitnodigings het ook gekom van die "regente" van dr. Muller se "Vaderlandsch Fonds", 'n tentoonstelling oor die Nederlandse vrou, die direkteur van die Noord en Zuid-Hollandsch Redding Maatschappij wat beheer gehad het oor die President Steyn-reddingsvaartuig wat dr. Muller destyds in diens gestel het, en ander liggame.³²¹ Die Dagblad de Rotterdammer het 'n versoek gerig vir 'n onderhoud met haar te voer.³²²

Te midde van al die onthale en die aandag van vele welmenende Nederlanders het Tibbie die begeerte aangevoel om weer veilig terug op Onze Rust te wees.³²³ Op 8 September het die geselskap van die Schiphol-lughawe vertrek na Rome waar Tibbie die St. Pieterskerk besoek het; daarna is by verskeie Oos-Afrikaanse lughawens aangedoen en drie dae later het hulle in Bloemfontein geland.³²⁴ Tibbie is deur 'n Voortrekkererewag ingewag. Sy het almal se bewondering afgedwing "and withstood the journey better than any of the other members who accompanied her on the plane to Holland" aldus dr. Immelman. Die reis per vliegtuig was vir haar so 'n genot dat sy, tot groot vermaak van dr. Oskar Hintrager haar ou vriend in Duitsland wat die berig in Die Burger gelees het, nooit weer "met 'n andere vaartuig wens te reis as met 'n vliegmasjine (sic) nie".³²⁵ Tibbie is van oral met briewe van gelukwensing oorlaai. "What a gallant & wonderful woman you are", het lady V. Clarendon, 'n voormalige goewerneur-generaal se eggenote, aan haar geskryf, "to make this tremendous journey by air is quite staggering".³²⁶ In 'n telegram van verwelkoming het dr. Malan geskryf dat "ons ... trots ... voel op

-
- 318 Ineg PV181 2/6/1/1/1 A. Jiskoot Pierson (Berkenhore) - RIS 1 September 1948; PV181 2/6/1/1/1 Eerste sekretaris gesantskap van Unie (Den Haag) - Adriana Bakker-Hordijk.
- 319 Ineg PV181 2/6/1/1/1 Getikte folio "Ontvangs van mev. M.T. Steyn" 7 September 1948; PV181 2/6/1/1/1 N. van Doorn (Den Haag) - RIS 1 September 1948.
- 320 Ineg PV181 2/6/1/1/1 D.J.D.N. Dyegaard (Amsterdam) - RIS 26 Augustus 1948.
- 321 Ineg PV181 2/6/1/1/1 F.J. Loder (Den Haag) - RIS 25 Augustus 1948; PV181 2/6/1/1/1 C.H. Bielski-Fruin (Den Haag) - RIS 12 Augustus 1948; PV181 2/6/1/1/1 H.T. de Booy (Amsterdam) - RIS 28 Augustus 1948; PV181 2/6/1/1/1 A. Honck (Den Haag) - RIS 2 September 1948; PV181 2/6/1/1/1 Getikte folio "Ontvangs van mev. M.T. Steyn" 7 September 1948.
- 322 Ineg PV181 2/6/1/1/1 Telegram redakteur Dagblad de Rotterdammer - RIS 16 September 1948.
- 323 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS (Den Haag) - Emmie 2 September 1948.
- 324 VAB A156 3/5 Reisplan na SA; The Friend 13 September 1948; Sunday Times 13 September 1948; Die Transvaler 13 September 1948; Dagbreek en Sondagnuus 12 September 1948.
- 325 VAB A156 1/1/37 Dr. O. Hintrager (Hirsan) - RIS 2 Desember 1949.
- 326 Ineg PV181 2/8/1/1/28 V. Clarendon (Berks) - RIS 2 September 1948; PV181 2/8/1/1/28 Harry Fraser (Wynberg) - RIS c. September 1948.

Volksmoeder".³²⁷ Tibbie was verheug om weer tuis te wees. "My huis was weer gewit", het sy aan Emmie geskryf, "en alles het buite en binne ... so agtermekaar gewees. Dit was in 'n woord 'n heerlike tuiskoms". Tibbie het vir die soveelste maal gedink dat haar "groot taak en seker my laaste publieke optrede nou geëindig ... is".³²⁸

Reeds voor haar vertrek na Nederland het die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge reëlings begin tref vir 'n huldigingsfees vir Tibbie "waar die Boerevolk die geleentheid sal kry om dankbare hulde aan u ... te bring".³²⁹ Sy het egter in konfidensiële briewe aan Emmie waardering betuig vir die idee maar notgans daarteen opgesien.³³⁰

Die huldigingsfees het wel op 8 Oktober in die Bloemfonteinse stadsaal plaasgevind. Haar broer, Harry, is daarheen uitgenooi, asook Colin wat sy portefeulje as minister van justisie kwyt was met die bewindsaanvaarding van die NP.³³¹ In 'n treffende rede oor die Volksmoeder het die Volksdigter, soos Die Volksblad prof. J.D. du Toit (Totius) genoem het, hulde aan Tibbie gebring waar sy op die verhoog van die stadsaal gesit het. Totius het die rol van Tibbie as presidentsvrou, vlugteling en geïnterneerde gedurende die Anglo-Boereoorlog geskets. Haar bydrae daarna tot die herstel van hul president se gesondheid en haar betrokkenheid by die stigting van die Meisieskool Oranje, die OVV, die Voortrekkers en insameling van noodlenigingsfondse vir Europa, is een na die ander geskets. "Ons as Afrikaanse volk eer u", het Totius gesê, "dat u ondanks u Skotse herkoms, tog so innig een en lotgemeen met ons geword het en selfs by wyse van voorbeeld laat sien wat 'n Afrikanerhart is en voel". Dit was egter veral bewonderingswaardig dat sy die moed gehad het om as spesiale gesant na Nederland te reis. Dr. D.F. Malan se boodskap is deur adv. C.R. Swart, die nuwe minister van justisie, voorgelees. Vir hom het Tibbie by uitnemendheid die ereplek as Volksmoeder in die hart van haar volk verwerf. Namens die eerste minister en sen. Chris van Niekerk, president van die senaat, het adv. Swart ook huldigingsboodskappe oorgebring,³³² en hy het aan haar 'n tjek ten bedrae van £2,000 oorhandig wat onder haar naam byeengebring is om die Vrouemonument en die Oorlogsmuseum in stand te hou. Die borsspeld wat sy van Bessie (geb. Beddie) Visser, Tibbie se blommemeisie van een-en-sestig jaar

327 Ineg PV181 2/1/2/2 Telegram DFM - RIS 13 September 1948.

328 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 13 September 1945 (sic) 1948.

329 Ineg PV181 2/8/1/1/28 A.F. Weich (Johannesburg) - RIS 27 Julie 1948.

330 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 10 Junie 1946 (sic) 1948, 20 Julie 1948, 19 September 1948.

331 Ineg PV181 2/8/1/1/28 Harry Fraser (Wynberg) - RIS 25 September 1948; PV181 2/8/1/1/29 Rae (Kaapstad) - RIS 10 Oktober 1948.

332 Die Volksblad 9 Oktober 1948.

gelede, ontvang het, was in die vorm van 'n Vrystaatse wapen.

Die hoogtepunt van die fees was Tibbie se toespraak wat sy sittende en met die grootste gemak voorgelees het. Die gebruiklike senuagtigheid wat gewoonlik vir haar met die lewering van 'n toespraak gepaard gegaan het, het sy drie jaar tevore op haar tagtigste verjaarsdag onverwags afgeskud. Sonder 'n sweempie van onsekerheid het sy by daardie geleentheid haar familie aangenaam verras. "I who have never spoken in public", het sy aan Margaret Gillet geskryf, "made a short speech ... and they said I did it so well".³³³ In haar toespraak het sy nou haar vrese vir die toekoms en haar vreugdes uitgestippel. "Deur my", het sy gesê, "ontvang die volk ook eer". Sy moes bewus gewees het daarvan dat omstandighede wat haar geslag se waardesisteem bepaal het, onherroepelik verander het. Daarom het sy die hoop uitgespreek dat die Afrikaners ten spyte van veranderde omstandighede getrou sou bly aan hul kerk en in die diens van hul land en volk.³³⁴ Saam met dié huldigingsfunksie het daar ook 'n reeks artikels in onder andere Die Huisgenoot, Die Jongspan, Die Transvaler en Die Voorligter verskyn, terwyl mev. Nellie Kruger, wat Tibbie se lewensgeskiedenis geskryf het, op 6 Oktober 'n huldeblyk oor Tibbie oor die radio uitgesaai het.³³⁵

In November 1948 het Tibbie 'n bord van Delft waarvan slegs 'n beperkte aantal vervaardig is as geskenk ontvang van die heer F.J. Loder wat verbonde was aan die Dr. Hendrik Mullers Vaderlandsfonds. Die eetstel met die Vrystaatse wapen daarop wat dr. Muller aan Tibbie bemaak het, is tydens die Tweede Wêreldoorlog vernietig, en daarom bied hulle nou die Delftbord aan wat deur die fabriek by De Porceleine Flesh vervaardig is "als herinnering aan die indrukwekkende gebeurtenis waarvoor u na Nederland gekomen zijt". Die bord kon nie voor Tibbie se vertrek uit Nederland aan haar oorhandig word nie omdat prinses Wilhelmina, die voormalige koningin, die eerste eksemplaar moes ontvang.³³⁶

Na haar terugkoms uit Nederland het Tibbie steeds binne haar vermoë seremoniële pligte vervul. Sy het haar bedenkinge teenoor Emmie uitgespreek of sy gesond genoeg sou wees om die verrigtinge in November 1948 by die Tweetoringkerk tydens die eeufeesvieringe van die NG Moedergemeente by te woon. "Egter as die versoeke kom en so dringend is", het sy aan Emmie geskryf, "dan beloof ek maar

333 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 13 Mei 1945.

334 Die Volksblad 9 Oktober 1948; The Friend 9 Oktober 1948; Ineg PV181 3/1/4/1 Dankwoord deur RIS in stadsaal Bloemfontein. Huldigingsfunksie Oktober 1948; PV181 10/1/4/3 Program mev. pres. Steyn huldigingsfees stadsaal Bloemfontein 8 Oktober 1948.

335 VAB A156 3/5 Nellie Kruger (Johannesburg) - RIS 16 September 1948.

336 Die Volksblad 25 November 1948; VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 28 November 1948; VAB Meester van die Hooggeregshof Testament RIS, "B", Delftbord geskenk van H.M. Juliana Koningin.

om dit te aanvaar".³³⁷ Sy moes daardie Vrydagaand die fakkel vir die fakkelloop na die Tweetoringkerk aansteek. Saterdagoggend het sy 'n paar woorde gesê nadat sy die gedenkplaat in die voorportaal van die kerk onthul het.³³⁸ Sondag het sy die Nagmaaldiens saam met Cornelius en Tibbie Visser bygewoon. "Nou eindig ook my laaste diens vir Kerk en volk seker", het sy aan Emmie opgemerk.³³⁹

Tibbie was weer verkeerd: slegs 'n week later moes sy die nuwe spankamers van die dogters op die terrein van die Bloemfonteinse kindershuis oopsluit.³⁴⁰ Daarna, in November 1949, is sy nog eens by die Rapportryers se feesvieringe in verband met die inwyding van die Voortrekkermonument in Pretoria betrek. Sy moes 'n fakkel aansteek en 'n boodskap skryf vir die Gedenkprogram; Cornelius Visser het haar daarmee gehelp.³⁴¹

Teen die helfte van 1949 was die opdrag van die OVV aan Nellie Kruger om 'n lewensgeskiedenis van Tibbie saam te stel, voltooi. Oorspronklik sou die biografie op 'n private funksie aan Tibbie op Onze Rust oorhandig gewees het. Die latere besluit om dit eerder in 'n amptelike funksie by die ou Raadsaal te verander, het onmin in familiegeledere veroorsaak.³⁴² Omdat die lewensgeskiedenis in opdrag van die OVV geskryf is, was die nasionale sentiment sterk aanwesig in die biografie en die inhoud was tot groot hoogte 'n sentimentele lofsang van die volksmoederbeeld. Tibbie was bewus van dié tekortkoming en haar ongemak hieroor blyk uit haar brief aan Emmie: "Nou hoop ek niks sal daarin wees wat sy (Hannah) en Gladdie nie van sal hou."³⁴³ Onder invloed van Tibbie en Nico van der Merwe en, later, in 'n mindere mate, Cornelius Visser, is daar blykbaar volkome beslag op Tibbie gelê deur die Nasionale Afrikaner. Hannah se verergde verwysing na Tibbie Visser bewys dat diepgaande verskille reeds in familiegeledere aanwesig was. Volgens Hannah het Tibbie Visser haar moeder al voorheen as amptelike figuur ingespan om politieke veld te wen en om haar eie gebrek aan fluksheid wat so 'n private funksie

337 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 21 Oktober 1948.

338 Van Loggerenberg, J.H., Bakens op die pad van die Tweetoringkerk van Bloemfontein 1880-1980, pp. 27, 28, 29.

339 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 16 November 1948; A156 1/3/4 RIS - Hannah 18 November 1948; Van Schoor, M.C.E., Die Tweetoringkerk, vyf-en-sewentig jaar 1880-1955, p. 41; Die Volksblad 13 November 1948; The Friend 15 November 1948.

340 Die Volksblad 27 November 1948; VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 18 November 1948; A156 1/3/4 RIS - Hannah 22 November 1948.

341 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 5 November 1949, 13 November 1949; Ineg PV181 2/8/1/1/30 C.F. Bruwer (Wolmaransstad) - RIS 31 Oktober 1949; PV181 10/1/4/3 Gedenkprogram 1838-1899-1949 Ontvangs van die Rapportryers Bloemfontein 23-25 November 1949; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 2 Oktober 1949.

342 Kaapstad, Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 17 Julie 1949, 21 Julie 1949, 24 Julie 1949; Die Volksblad 8 Augustus 1949; The Friend 8 Augustus 1949.

343 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 17 Julie 1949.

op Onze Rust sou meebring, te verberg.³⁴⁴ Reeds sedert ten minste die dertigerjare toe daar oor Tibbie se laaste rusplek bespiegel is, was die algemene opvatting by lede van die Vrouemonumentkommissie en andere dat Nico van der Merwe haar in 'n bepaalde denkrigting sou kon beïnvloed. Tibbie het dit in daardie stadium ontken.³⁴⁵ Tibbie het haar egter soos altyd ook hier waar onderlinge verskille tussen haar kinders gedreig het om tot uitbarsting te kom, van die onmin gedistansieer. Sy was slegs ingenome dat Emmie spesiaal van die Kaap gekom het vir die funksie waar die biografie amptelik oorhandig sou word.³⁴⁶

Dat Tibbie volgens enige maatstaf 'n merkwaardige geskiedenis van openbare optredes gehad het, is gewis. Vanweë haar betrokkenheid by die Afrikaner maar haar onbetrokkenheid by politieke en persoonlike konflik en haar status as Volksmoeder, is Tibbie behalwe vir haar rol as gesant na Nederland op verskillende wyses deur die Nasionale regering tegemoet gekom. Die feit dat die skynbaar skadelose, droë Kaalspruit en die uitdraaipad na Onze Rust gewoonlik ná 'n reën bui totaal onbegaanbaar kon word en die verbinding met Bloemfontein versper, het Tibbie op aandrang van Theunis (jr.) onder die aandag van haar provinsiale raadslid gebring.³⁴⁷ "Hy het geantwoord", het Tibbie geamuseerd aan Emmie geskryf, "en gesê die pad sal dadelik reg gemaak word, want ons Volksmoeder durf nie op so 'n pad ry!! Hede wat 'n groot iets sal dit nie wees nie. Hou dit vir jouself".³⁴⁸ Die laaste vermaning is waarskynlik omdat dit nie-amptelik sou geskied en daar moontlik nagevolge kon wees omdat dit oor 'n private pad gegaan het. Ook in die pers het dit onvermeld gebly.

Die werksmense wat volgens Tibbie die "brug oor 'n voor! moes bou", het skepties gestaan oor die sogenaamde vloedwaters. "Maar toe die reens kom en die spruit ... kant aan wal gele ... het ... se hulle nee ons sien nou die brug is baie nodig".³⁴⁹ Op 6 Mei 1949 het die administrateur, dr. S.P. Barnard en vyf lede van die uitvoerende raad "my brug ... kom oorhandig". Die administrateur het die lint oor die pad geknip en die vier motors het gery oor die brug waaroor die Vrystaatse vlag gewapper het. Tibbie het saam met die Vissers in 'n motor gery. Nadat die gaste op Onze Rust onthaal was, het Tibbie op 'n "wonderlike kalm" wyse almal wat

344 Ineg PV181 2/8/1/1/30 Hannah (Nelspruit) - RIS 14 Augustus 1949.

345 Oorlogsmuseum Bloemfontein, Nasionale Vrouemonumentkommissie (NVMK) Notule 22 Julie 1953.

346 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 12 Augustus 1949.

347 Ineg PV181 2/8/1/1/26 W.J. Pretorius (De Brug) - RIS 9 Julie 1948; PV181 2/8/1/1/26 S.M. Barnard - RIS 27 September 1948.

348 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 14 Julie 1948 (sic) 1949.

349 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 25 Maart 1949.

gemoeid was met die geskenk bedank.³⁵⁰ "Die genot om onbekommerd 'n rit stad toe te neem", het sy in haar formele bedankingsbrief aan dr. Barnard geskryf, "self al reent dit hoe lang en hoe hard is onuitspreeklik gerusstellend".³⁵¹

Op Tibbie se vier-en-tagtigste verjaarsdag op 5 Maart 1949 het sy van dr. D.F. Malan namens die regering sommige van die silwerware wat sy in November 1901 aan sir Hamilton Goold-Adams verkoop het om haar koste met haar voorgestelde deportasie na Europa te dek, as geskenk terug ontvang.³⁵² Dat sy slegs 270 van die 800 stukke wat Theunis destyds aan haar geskenk het terug ontvang het, het nie afbreuk aan haar vreugde gedoen nie. Die regering het die silwer van lady Duncan, eggenote van sir Patrick Duncan gekoop wat dit weer van Goold-Adams bekom het.³⁵³ Om lady Duncan tevrede te stel het die regering vir haar ander silwer aangekoop.³⁵⁴ Die silwer, alles nog verpak in hul oorspronklike houers en gemerk met 'n "S", was te swaar om op een slag van Bloemfontein af waarna dit gestuur is, na Onze Rust te vervoer en die houers het stuksgewys op die plaas aangekom.³⁵⁵ Tibbie is deur dr. Malan se regering vir die res van haar lewe soos 'n koninklike behandel. By 'n tuinparty by Groote Schuur is die Vrystaatse volkslied spesiaal met Tibbie se aankoms gespeel. Sy het by dié geleentheid aan die hoof tafel gesit saam met dr. Malan en die goewerneur-generaal en mev. G.B. van Zyl.³⁵⁶ Toe Tibbie aan die begin van die volgende jaar op 27 Februarie 1950 in die Kaap ernstig siek word, was dit dr. Malan wat sy vliegtuig beskikbaar gestel het om haar na Bloemfontein te vervoer.³⁵⁷

Hoe het Tibbie wat eintlik van die openbare oog weggekram het, wat slegs met moeite by 'n openbare funksie betrek kon word om 'n leidende aandeel daaraan te neem, en wat inherent nederig en teruggetrokke en buitendien van geboorte Engelssprekend was as't ware 'n kultusfiguur onder Afrikaners geword? Sy het oor die meeste van die eienskappe van die eggenotes van Afrikanerleiersfigure beskik: soos Mynie Hertzog was sy teruggetrokke en het 'n sterk godsdienstige inslag gehad, soos mev. Cornelia de Wet was sy 'n gebore Vrystater, soos Annie Botha was sy van huis uit Engelssprekend en soos Isie Smuts was sy geleerd en intellektueel ontwikkel. 'n Kenmerk van die Afrikaner is ook dat 'n leier se

350 VAB A156 1/3/4 RIS - Hannah 11 Mei 1949; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 26 April 1949, 7 Mei 1949.

351 VAB A156 1/1/39 RIS - administrateur en lede van uitvoerende komitee 6 Mei 1949.

352 Die Burger 7 Maart 1949; VAB A156 1/1/39 RIS - lady Duncan 6 Julie 1946.

353 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, Cape Argus 7 Maart 1949, Cape Times 7 Maart 1949.

354 VAB A156 1/3/4 RIS (Vreugde) - Hannah 25 Januarie 1949.

355 Ineg PV181 2/1/1/17 RIS (Vreugde) - Tibbie c. Maart 1949; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 25 Maart 1949.

356 Die Burger 7 Maart 1949.

357 Die Volksblad 3 Januarie 1955.

eggenote sonder voorbehoud aanvaar is, selfs in die gevalle van regsgeinde leiers wat met Engelssprekende dames getroud was. Veral in die Vrystaat waar die skeidslyne nie skerp volgens taal getrek is nie maar eerder volgens politieke gesindhede het die taal van die eggenote van 'n leiersfiguur geen rol by haar aanvaarding as persoon gespeel nie. Tibbie se onbesproke agtergrond waar sy reeds in haar eie woorde na die voorbeeld van haar predikantvader "veel vir die opbou van sy volk gedoen het", en as vrou van president Steyn waar sy "nouer as ooit aan my volk verbonde" was, het haar reeds van die eggenotes van ander prominente leiersfigure onderskei.³⁵⁸ Haar rol in die Anglo-Boereoorlog en haar versorging daarna van Theunis is Tibbie tot haar dood ten goede gereken.

Waar sy aanvanklik na Theunis se dood in ere gehou is ter wille van die agting wat haar man geniet het, het sy geleidelik en byna ongemerk in die drukgang van Afrikaner se kulturele strewe beland. In haar bejaardheid was sy die laaste skakel met die heroïese verlede en teen dié agtergrond is sy betrek by die Afrikaanse kulturele strewe. Die rol wat veral Nico en Tibbie van der Merwe en later in mindere mate Cornelius Visser en Emmie gespeel het om die reeds hoë status van Tibbie in te span vir hul eie politieke en ander bymotiewe, kan nie geringgeskat word nie. Hulle het van hul bande van emosionele sekuriteit gebruik gemaak om hul doeleindes te bereik en daarvoor was die noukeurige gemoduleerde beeld van die moeder van die volk nodig. Die kultusfiguur, die Volksmoederbeeld, wat só tot stand gekom het, moes teen elke prys verdedig en uitgebou word. Selfs die poging na 1948 om Tibbie se veelbewoë en interessante lewe te boek te stel, het ontaard in 'n onkritiese, sentimentele ophemeling wat Tibbie se karakter as't ware gestroop het van sy menslikheid en van haar 'n volksikoon gemaak het. Daarom dat Nerina Ferreira se manuskrip in 1943 wat as basis van 'n biografie oor haar grootmoeder moes dien, en wat 'n menslike Tibbie voorstel,³⁵⁹ as't ware opgeoffer moes word om 'n groter doel te bereik, naamlik die bewaring van die noukeurige geboude enge beeld wat byval by die volk sou vind en wat sou inpas by die enger nasionalistiese ambisie. Die ergelikheid waarmee veral Gladys en Hannah hierdie pogings bejeën het, was veral na 1948 duideliker waarneembaar. Die twee faktore wat Tibbie se doen en late lewenslank beïnvloed het, was haar pogings om Theunis se ideale en beginsels uit te bou en te verdedig en die feit dat sy geen onmin naby haar tstoegelaat het nie. Met hierdie twee werklikhede moes selfs haar manipulerende kinders rekening hou.

³⁵⁸ VAB A156 4/8 Huldigingsfees RIS dankwoord, boodskap, stadsaal Bloemfontein Oktober 1948.

³⁵⁹ VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 3 April 1944.

Hoofstuk 7 : "She lived to earn the love of all South Africans"

7.1 Onze Rust se gesogte dame

Van die twintigerjare af het Tibbie die gewoonte ontwikkel om enkele weke by Emmie in haar huis, "Vreugde", in Seepunt deur te bring. Die besoek het gewoonlik aan die begin van die jaar geskied om saam te val met twee geleenthede wat vir Tibbie belangrik was: die wantrouedebat in die Parlement wat sy graag bygewoon het en haar verjaarsdag op 5 Maart wat sy saam met Jacques, haar skoonseun, gevier het wat op dieselfde dag verjaar het. By Tibbie se vertrek per trein uit Bloemfontein was dit omtrent 'n optog van bagasie en bediendes wat saamgegaan het. Die ontvangs op die Kaapse stasie en terug op Onze Rust was behoorlik vergelykbaar met dié van besoekende hoëlui. Met een so 'n terugkoms in 1937 uit die Kaap het Weideman, die plaasbestuurder, wat ook as chauffeur diens gedoen het, die motor so na as moontlik aan Tibbie se kompartement op die stasie getrek. Onze Rust was uitgeverf, die werf was skoongevee, "al die aias en jongens het kom groet", en soos altyd tydens 'n spesiale geleentheid, is die republikeinse vlag gehys.¹ Ná 1948, toe Tibbie die voordeel van die vliegtuig ontdek het met haar reis na Nederland, het sy egter gereeld reise "per airmail" onderneem soos sy dit gestel het.²

Emmie se bedrywige sosiale lewe as politieke gasvrou het noodwendig 'n uitwerking op Tibbie gehad. Sy was egter nie te vinde vir Emmie se politieke uitgesprokenheid - in haar eie woorde as't ware rebelsheid - nie. Tibbie se vermaning aan Emmie van meer as 'n dekade tevore dat "I do not wish you not to have your own opinions but in expressing them be careful what language you use", het blykbaar steeds op dowe ore geval.³ Emmie was sodanig blatant oor haar voor-en afkeure dat heelwat mense in later jare vir die voortbestaan van Jacques se praktyk gevrees het.⁴ Die politieke onverdraagsaamheid waaraan veral die Afrikaner hom skuldig gemaak het, het maklik in sosiale en persoonlike strydpunte ontaard. Die afmetings wat hierdie tipe onverdraagsaamheid veral sedert die twintigerjare aangeneem het, kan gepeil word uit die uitspraak van Deneys 'n seun van oud-president Reitz, dat die Nasionale Party "was to-day an asylum for fanatics and extreme faddists and cranks, assassins and gunmen". Uit Nasionale Partygeleedere weer is genl. Botha erg verkwalik dat sy suster en twee van sy kinders met

1 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 30 April 1937.

2 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 7 Maart 1949, 26 Desember 1949.

3 VAB A156 1/1/40 RIS - Emmie 16 Oktober 1913, 23 September 1913.

4 Retief, M., "Emmie du Toit glo aan 'n teetafel", Die Huisgenoot 7 Oktober 1969, p. 76.

Engelssprekendes in die huwelik getree het. "Hulle is Engels", het Die Vaderland beweer, "sover mense van 'n ander nasie maar enigsins Engels kan wees".⁵

Soos Emily Hobhouse was Tibbie se standpunt dat "political divergence need not entail social split" en dat daar vir 'n ieder en elk ruimte gelaat moet word vir 'n eie opinie.⁶ Dit was vir Tibbie se vriendin, Ella Fischer, tewens twee dekades later steeds wonderlik "how you have maintained your unique place ... in this world of changing values and shifting loyalties ... in the hearts of all ... sections of our country..."⁷ Tibbie was so tuis in die geselskap van biskop Carey in Bloemfontein as in dié van genl. Manie Botha, Colin se politiek opponent. Laasgenoemde het sy vir middagete na Onze Rust genooi. "I told him", het sy speels aan Margaret Gillet geskryf, "I could not in this case wish him success!! but that I was very glad he called to see me".⁸

Tibbie het nooit toegelaat dat politieke verskille inbreuk maak op persoonlike verhoudinge nie. Indien Rae in die Kaap haar soms ontuis gevoel het in die geselskap van wat sy die Rooi Afrikaners genoem het - die Van der Byls en die Graaffs - kon Tibbie wel wetende dat hulle getroue SAP-lede was, slegs getuig van genoeglike besoeke van "many old friends".⁹ In dieselfde week in Mei 1926 waarin Tibbie die Graaffs besoek het, was sy byvoorbeeld die gas van Die Burger se redakteur, dr. A.L. Geyer en sy eggenote, en mev. Hay, 'n Arbeiderslid se eggenote, terwyl sy die onthale van die Avignon de Villierse en dr. Malan bygewoon het.¹⁰ Daar was gereeld etes en middagtees met die verskillende goewerneurs-generaal in die twintiger-, dertiger- en veertigerjare.¹¹ Daar was gesprekke met en besoeke aan interessante persoonlikhede soos H.C. Hull, 'n voormalige minister van finansies,¹² en sir Abe Bailey.¹³ "It is wrong because you are a Nationalist, "het Tibbie aan Emily Hobhouse geskryf, "not to expect to be on good terms with a SAP and vice versa". Haar voorneme om 'n vrouebeweging te stig "where we all bind ourselves no matter to what race or political section we belong ... to work together in love and try to efface all bitterness", het nooit

⁵ Scholtz, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, VII, p, 86, VI, p. 98.

⁶ VAB A156 1/1/10 EH - RIS 1 Mei 1921.

⁷ VAB A156 1/1/28 Ella Fischer (Harmonie) - RIS 3 Maart 1945.

⁸ VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 23 Julie 1924.

⁹ Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 20 Mei 1926, 6 Mei 1926; VAB A156 1/1/22 Rae (Kaapstad) - RIS 29 Januarie 1927.

¹⁰ Ineg PV181 2/7/1/1/1/14 RIS - EH 20 Mei 1926.

¹¹ VAB A156 1/1/13 EH - RIS 21 Junie 1925; A156 1/3/4 RIS - Cila 14 Maart 1929; A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 27 April 1937.

¹² VAB A156 1/1/13 EH - RIS 7 Junie 1925.

¹³ VAB A156 1/1/37 Abe Bailey (Seepunt) - RIS 13 Maart 1937.

werklikheid geword nie.¹⁴ Politieke gebeure in die dertigerjare het tewens getoon dat Tibbie al haar gawes van takt en liefde moes aanwend om die politieke verdeeldheid binne familiegeledere te besweer.

Slegs in 'n enkele geval het Tibbie se veel geprese verdraagsaamheid haar in die steek gelaat. Met lord Alfred Milner se besoek aan die Kaap in 1926 het sy geweier om hom te ontmoet. Sy het nie sy beledigende optrede teenoor president Kruger in die Presidensie tydens die Bloemfontein-Konferensie 'n kwarteeu tevore vergeet nie. Dat hy direk vir die Anglo-Boereoorlog verantwoordelik was en indirek vir Theunis se geknakte gesondheid, kon sy nooit vergeet nie en sy het hom dit nooit vergewe nie. Selfs nie die verloop van tyd kon haar gevoel van wrewel jeens Milner versag nie. "Here is the man", het sy aan mej. Hobhouse geskryf, "that was the cause of all our misery and even now I feel I cannot forgive him".¹⁵ Dat genl. Smuts Milner in die parlement aangeprys het, was vir Tibbie onaanvaarbaar en onvanpas vir 'n Suid-Afrikaner.¹⁶

Die jaarlikse besoeke aan die Kaap het saamgeval met Tibbie se groot passie, naamlik die bywoning van die parlamentsitting.¹⁷ Wanneer haar gesondheid dit toegelaat het en indien die aard van die gesprekke daar rustig genoeg was, het sy dit graag saam met Emmie bygewoon. Haar woordgebruik in haar korrespondensie weerspieël haar misnoeë of tevredenheid met die verloop van die debatte: dr. Malan was volgens haar subjektiewe oordeel soms "master of the situation" in 'n woordestryd, terwyl die opposisie dikwels volgens haar "suffered a crushing defeat ... thrilling".¹⁸ Tibbie het soms verwonderd gestaan oor Emmie se voortvarendheid in die parlamentsgebou: "Emmie always enters as if the House belongs to her, takes her seat reserved for the members' wives and if that happens to be full she is off to the Prime Ministers' bay". Enigiemand anders wat op derglike wyse oortree, sou spoedig verwyder word, maar geen parlementêre amptenaar het dit eens naastenby oorweeg om teen Emmie op te tree nie. Selfs hulle het haar as 'n "privileged being" beskou.¹⁹ Dit was nie soseer die Steynnaam wat Emmie die bevoorregte posisie in die parlamentsgebou en parlementêre kringe gegee het nie: haar vriendskap met die Hertzogs en die feit dat sy as't ware as Mijnie Hertzog se private sekretaresse opgetree het, was eerder vir dié toedrag van sake verantwoordelik. Tibbie, wat dit

14 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 5 September 1923.

15 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 9 Februarie 1925.

16 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 29 April 1926.

17 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 23 Februarie 1925.

18 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 26 Maart 1925.

19 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 26 Maart 1925.

nooit eens sou oorweeg het om met dieselfde selfvertroue haar opwagting in die Parlement te maak nie, was op haar waardige manier altyd 'n welkome gas daar.²⁰

In die twintigerjare nog het Tibbie haar in private korrespondensie en deur openbare optredes openlik geskaar by die NP se strewes. Sy het openlik die NP-kongresse bygewoon en met groot vrymoedigheid van "onse ministers" en "onse knappe sprekers" gewag gemaak. Dit was vir haar 'n "waar genot" om genl. Hertzog en die NP-ministers in die regeringsbanke te sien.²¹

Sy was die eregas by menige onthaal by die Parlement wat deur die goewerneur-generaal of genl. Hertzog aangebied is. 'n Geleentheid het voorgekom in 1925 toe Tibbie besoekende hoëlui uit Nederland by 'n noenmaal by die parlement ontmoet het. "Ja wie het moegelik gedag 20 jaar gelede", het sy die ironie aan dr. Muller beskryf, "en ek dag as my ou man ons kan sien sou hy wel ook opkyk".²² Mej. Hobhouse het Tibbie ligweg hieroor geterg: "I notice you are becoming quite a champagne person".²³

Die sjampanjepersoon met wie Emily Hobhouse haar so speels vergelyk het, was nie ter wille van sosiale aansien of erkenning in die sosiale struktuur van die Afrikanergemeenskap in die Kaap nie, en ook nie vir die nis wat Emmie so sorgvuldig vir Tibbie probeer afbaken het nie. Volgens Emmie se waardesisteem sou dit byvoorbeeld onaanvaarbaar vir 'n Afrikaner in die algemeen en vir haar moeder in die besonder wees om sonder meer die goewerneur-generaal en prinses Alice se tuinparty by te woon. "I am not even allowed", het Tibbie aan Emily Hobhouse geskryf, "to write my name in the visitor's book!! None of our people really do ..."²⁴ Haar statuur was reeds in die twintigerjare van so 'n aard dat dit nie deur politieke grense of sosiale pretensies of klieke beperk kon word nie. Dit was inderdaad soos Emily Hobhouse dit reeds in 1922 aan haar gestel het dat "in your position this ordinary experience is intensified because people look to you so much for guidance & sympathy and leadership".²⁵

Die jaarlikse viering van Tibbie en Jacques se verjaarsdae op 5 Maart het byna 'n instelling aan die Kaap geword. Dit is gewoonlik in die Afrikaanse sowel as Engelstalige pers in die Kaap en in die Vrystaat gerapporteer. Gaandeweg het die

20 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 9 April 1924; 2/7/1/1/13 RIS - EH 9 Februarie 1925, 8 April 1925; VAB A160/69 RIS - HPNM 29 November 1926.

21 VAB A160/69 RIS - HPNM 17 April 1925, 16 Oktober 1925.

22 VAB A160/69 RIS (Vreugde) - HPNM 17 April 1925.

23 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 8 Maart 1925.

24 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 5 Maart 1926.

25 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 22 Mei 1922; A156 1/1/12 EH - RIS 24 Augustus 1924.

geleentheid die aard van 'n soort diplomatieke funksie verkry omdat die sitting van die Parlement aan die begin van die jaar politici uit verskeie politieke partye daar saambring het. Buitelandse gesante, amptenare en Afrikaans- en Engelssprekende inwoners het deel uitgemaak van die tussen 400 en 500 gaste wat gewoonlik by die Kelvin Grove onthaal is. Daar was hier nie geleentheid vir kleinlike politiekery nie: die gaste was immers verenig in hul agting en liefde vir sowel Jacques as Tibbie.

Twee van dié verjaarsdagfunksies verdien vermelding, dié van 1928 en dié van 1940. Behalwe die verskil van twaalf jaar wat onwillekeurig van kleuters tienderjariges en van middeljariges bejaardes gemaak het, was die vriende dieselfde, terwyl die politici ander portefeuljes beklee het of in die Opposisiegeledere opgeneem is. Dit was vir dr. Malan, wat by die geleentheid van 1928 'n toespraak gelewer het, opvallend hoe "mev. pres. Steyn nog altyd ook deur die mense wat tot die hoogste ampte in ons land geroep is, ... selfs in die buiteland geëer en geëerbiedig is".²⁶ Op Tibbie se vyf-en-sewentigste verjaarsdag in 1940 was sy steeds volgens Die Burger "deftig en allerfraais" in haar swart sytabberd en roomkleurige kantbeffie. Hier het gesoute politici soos genl. Smuts vrylik gemeng met diegene wie se politieke hoogtepunte nog ver vorentoe gelê het, soos mnr. Paul Sauer, dr. T.E. Dönges en adv. J.G. Strijdom. Behalwe dié politici was 'n interessante deursnee van Suid-Afrikaners uit alle sferes van die bevolking teenwoordig: Frederik Rompel was daar, lady Graaff, I.D. du Plessis en ook dr. Louis Leipoldt.²⁷

Dat Tibbie eer en erkenning van hoëlui uit die buiteland geniet het soos dr. Malan opgemerk het, was gewis. Die besoek aan Suid-Afrika in 1925 van die Britse troonopvolger, Eduard, die prins van Wallis, is een voorbeeld. Volgens Tibbie was dit tot die prins se voordeel dat die NP aan bewind was, anders sou hy waarskynlik nie so 'n vriendelike ontvangs van die Afrikaanssprekende deel van die bevolking ontvang het nie. "We want General Hertzog to feel we are supporting him right royally, and for his sake we want the visit to be an unqualified success".²⁸ Tibbie wat nie die amptelike funksies waar die prins onthaal is bygewoon het nie, het hom nogtans tydens 'n informele middagtee saam met Jacques, Emmie en Klasie Havenga, minister van finansies, by Groote Schuur ontmoet.²⁹ Die gemak waarmee prins Eduard veral teenoor Emmie se lighartige humor ontdooi het, was vir genl. Hertzog wat die stywe formalisme gevrees het, 'n riem onder die hart. "Is not

²⁶ Die Burger 6 Maart 1928; VAB A160/69 RIS (Vreugde) - HPNM 11 Maart 1927; A90/8 RIS - Mita de Villiers 17 Maart 1928.

²⁷ Die Burger 6 Maart 1940; Die Volksblad 8 Maart 1940.

²⁸ Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 6 Mei 1925, 2 Junie 1925.

²⁹ Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 11 Januarie 1925, 6 Mei 1925.

Emmie wonderful", het hy gesê, "what would we have done without her this afternoon she brought life and fun into the afternoon and made it a success". Tibbie het mej. Hobhouse versoek om die brief te vernietig "as I don't want others to read what I have written you".³⁰

Die besondere gunstige indruk wat Tibbie van die prins gekry het was nie alleen vanweë sy tegemoetkomendheid jeens die Afrikaners nie, maar omdat sy met deernis kennis geneem het van sy eg menslikheid. Sy het met diepe insig besef dat die prins eintlik maar 'n slagoffer van sy verhewe posisie was en dat hy eerder in die geselskap van sy eie ouderdomsgroep sou wou beweeg. Dat prins Eduard 'n Afrikaanse sin of twee wat hy uit sy kop geleer het, by haas elke toespraak gebruik het, kon volgens Tibbie as voorbeeld dien vir Engelsgesinde Afrikaners "and make them realize how stupid they have been. Afrikaans has been given a great step forward by this one simple action".³¹ Met die neerbuigende meerderwaardigheid het W. Price, die geleerde, adellike Brit wat die prins se reis moes boekstaaf, dié geleentheid in die Parlement simplisties en totaal subjektief geskets. Volgens hom het die Afrikaners byna in 'n patetiese dankbaarheid ontdooi omdat die prins erkenning gegee het aan die dialek van hul voorvaders "which is less highly developed ... than the High Dutch of Holland. (It) was rather despised by the British South Africans as a provincial peculiarity of little interest or value".³² Die gehalte Engelssprekende Suid-Afrikaner soos H.C. Hull, wat in Brittanje op die verontwaardiging oor die gebruik van Afrikaans in 'n begrotingstoespraak teenoor 'n Brit gereageer het met: "how patient the Dutch people in S. Africa have been", was in die twintigerjare nog dun gesaai.³³

"I was touched", het Tibbie aan mej. Hobhouse geskryf, "at his (the Prince) laying a wreath on the President's grave".³⁴ Die prins se grootmoedige optrede by die Vrouemonument en woorde daarna dat baie Suid-Afrikaners hulle onderskei het "but the greatest of them was President Steyn" was 'n riem onder Tibbie se hart.³⁵ Die prins se gebaar het volgens Lalie (geb. Williams) Smit, Tibbie se niggie wat met die hoë kommissaris van Suid-Afrika in Brittanje getroud was, opslae in Brittanje gemaak. Die indruk wat die prins geskep het, was volgens Lalie "amper

³⁰ Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 6 Mei 1925.

³¹ Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS (Vreugde) - EH 6 Mei 1925.

³² Price, W., Through South Africa with the Prince, pp. 60, 61, 62; Turley, C., With the Prince round the empire, p. 114.

³³ OR Lalie Smit (Londen) - RIS 16 April 1925.

³⁴ Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS (Vreugde) - EH 28 Mei 1925; VAB A156 1/1/13 EH - RIS 31 Mei 1925; A156 1/1/37 Anoniem (Brasilië) - RIS Augustus 1925; Ineg PV181 2/8/1/1/17 J. Reed - RIS 3 Junie 1925.

³⁵ Turley, C., With the Prince round the empire, p. 124.

... van 'n mal Engelsman!! Maar", het sy bygevoeg, "daar sit baja agter ..." Lalie kon gemeen het dat dit die prins polities kon bevoordeel aangesien hy ook die graf van onder andere president M.W. Pretorius besoek het.³⁶ Die Britse koerante en The Cape Times in Suid-Afrika wat die besoek in banieropskrifte aangekondig het, het die gematigde standpunt uitgespreek dat "evil forces die quickly if the right forces are employed for their extinction".³⁷ Die bese gevare waarvan daar in dié perskommentaar sprake was, naamlik dat dit die NP is wat aan bewind is of dat die Afrikanernasionalisme 'n bedreiging kon inhou, sou volgens dié siening spoedig uitsterf indien dié regte taktiek ingespan word om dit teen te werk. In dié geval is die oortuigingsmeganisme die toegeneentheid en welwillendheid van 'n jong Britse prins.

Die prins se optrede het egter nie oral byval gevind nie. Talle Afrikaners het dit as 'n misstap beskou wat nie die verlede moes uitwis soos wat die pers voorgestel het nie. Dat die oorwinnaar 'n krans by hul president se graf by die Vrouemonument lê, was vir diegene onaanvaarbaar. Soos met biskop Carey se toenadering het Tibbie haar laat lei deur 'n volwasse menslikheid en het sy 'n brief aan die prins gerig waarin sy haar waardering uitspreek oor wat sy as 'n grootse gebaar beskou het.³⁸ Tibbie het haar die goedige gespot van Emily Hobhouse dat "you are ... now ... so part of our Royal System that I feel quite plebian & low caste" laat welgeval.³⁹

Tibbie het gehoop dat die koninklike gebruik om titels aan verdienstelike Suid-Afrikaners te skenk, met die prins se besoek finaal afgeskaf sou word. Sy het soos genl. Hertzog gemeen dat "die soort van eer ... nie in harmonie met ons Volkskarakter beskou (kon word) nie".⁴⁰ Soos Emily Hobhouse wat hierdie gebruik met hoon en spot afgemaak het, het Tibbie ernstige bedenkinge gehad oor die ondemokratiese aard van die toekening.⁴¹ "The Boers", het Tibbie dit aan Emily Hobhouse gestel, "do not approve (of) these titles ... and the few S. Africans who have been persuaded to take them ... have always regretted they have done so".⁴² Toe die NP in 1924 aan bewind kom, het die regering tot Tibbie se verligting geen name vir die "New Year Honours List" soos dit genoem is, opgegee nie. Die Afrikaanstalige pers was in die wolke daaroor, die Engelstalige pers giftig in hul veroordeling. "Besides", skryf Tibbie aan mej. Hobhouse, "with none of our

36 OR Lalie Smit (Londen) - RIS 10 Julie 1925.

37 VAB A156 4/6 The Cape Argus 30 Mei 1925, The Daily Graphs Junie 1925, Manchester Guardian Junie 1925; OR Gladys (Londen) - RIS c. Junie 1925.

38 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 2 Junie 1925.

39 VAB A1/1/13 EH - RIS 28 Junie 1925.

40 TAB A32/59 JBMH - dr. J.M. Smith 23 Desember 1924.

41 TAB A1/193 EH (Rome) - JCS 29 Junie 1910; A1/193 EH (Rome) - Isie Smuts 27 Julie 1910.

42 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 19 Junie 1922.

foremost Boer politicians accepting them, they are only given to the magnates and a few other minor lights".⁴³ Die gebruik van titels is inderdaad met die prins se besoek in 1926 agterweë gehou en op die lange baan geskuif. Waar enkele Suid-Afrikaners in die jare daarna tog bereid was om 'n titel te aanvaar, was dit by wyse van uitsondering.

In die jare daarna het Tibbie van haas elke koninklike wat Suid-Afrika besoek het erkenning op een of ander wyse ontvang. Met prins George, die jongste seun van die Britse monarg se amptelike besoek aan Suid-Afrika in 1934, was dit vir Tibbie weens swak gesondheid onmoontlik om na Westbrooke te gaan waar hy tuis was. Hy het haar toe tot die verbasing van die inwoners van Seepunt informeel besoek by Emmie se huis.⁴⁴ Tydens die verblyf van die Griekse koningsgesin in Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog het hulle die wens uitgespreek om Tibbie te ontmoet. Sy het hulle gasvry op Onze Rust onthaal.⁴⁵ Onze Rust het egter so agteruit gegaan dat Tibbie tydens die besoek van die Britse monarg, George VI en sy gesin, aan Bloemfontein in 1947, daarop aangedring het om hulle eerder by Colin se huis in Bloemfontein te ontvang. Ook dié ontmoeting was vir alle betrokkenes 'n blye gebeurtenis.⁴⁶

7.2 Die politiek en gesinskrisisse

Dat Colin in die laat twintigerjare ongesteld geraak het terwyl hy nog op Onze Rust gewoon het en sy praktyk moes opgee, was vir Tibbie 'n bron van groot hartseer. Nie eens die spanning wat sy na Theunis se dood beleef het of die aanpassings wat sy moes maak namate haar huis leër geword het of selfs met Everard se dood, het vir haar soveel angs besorg nie. Dit het vir haar gevoel of sy in 'n paar weke se tyd jare ouer geword het. Na 'n mangeloperasie waarvan Colin net gedeeltelik herstel het, tesame met werkstres en drankmisbruik het hy op 6 September 1928, 'n "'nervous breakdown' ... in 'n baie ernstige graad" gekry soos Tibbie dit genoem het.⁴⁷ Die hewige skok vir almal en vir Tibbie in die besonder is waarskynlik vererger omdat die aard van dié geestesongesteldheid in die twintigerjare nog so onbekend en vreemd was. Dr. Muller het, nadat hy 'n senu-spesialis in Amsterdam

⁴³ 2/7/1/1/12 RIS - EH 21 Desember 1924.

⁴⁴ Frew, A.A., Prince George's African Tour, p. 114; VAB A156 4/5 The Herald (Sydney) 10 Februarie 1934; Die Burger 12 Februarie 1934; Cape Times 12 Februarie 1934.

⁴⁵ VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 15 Junie 1943.

⁴⁶ The Friend 3 Oktober 1947; VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 15 Maart 1947.

⁴⁷ VAB A160/69 RIS - HPNM 10 Oktober 1928; Brief appèlregter M.T. Steyn (Appèlhof Bloemfontein) - skryfster 31 Augustus 1992.

genader het om raad, dit byvoorbeeld in sy brief as "kranksinnigheid" beskryf en daarmee Tibbie se ontsteltenis verhewig.⁴⁸

Die senuwee-instorting was vir diegene wat na aan Colin was waarskynlik nie heeltemal so onverwags nie. Reeds terwyl Rae, sy eggenote, nog 'n ongetroude onderwyseres op die Meisieskool Oranje was, het sy volgens 'n dagboekinskrywing van 14 Julie 1917 op daardie dag 'n ooreenkoms met Colin gesluit "binding (him) down to a certain limited no. of drinks a day".⁴⁹ Uit Rae se dagboek blyk dit verder dat sy in haar poging om Colin te oortuig van die gevaar van sy drinkgewoontes verskeie ander amper desperate oortuigingsmiddels aangewend het.⁵⁰ Korrespondensie na hul huwelik getuig verder van Rae se wanhopige pogings om Colin tot inkeer te bring. In 1921 pleit sy weer eens by hom dat hy "tog nie jouw Girlie (moet) hartseer (laat) ... voel ... en teleur (moet) stel ... oor hierdie saak nie".⁵¹ Dit het Rae verder reeds ernstig bekommer dat Colin sy praktyk bedryf sonder om ooit vakansie te neem. Rae het dit reeds in hierdie stadium voorsien dat Colin "'n 'ernstige breakdown' (sou) krij, dan sal die gedwonge rus wat jy dan moet neem, jou meer kos dan al die geld wat jij nou maak, en daarbij" het Rae by Colin gepleit, "sal ons dan hê die ang of jij volkome sal herstel".⁵² Ook Tibbie en Gordon se kommer dat Colin "onmoontlik so (kon) voortgaan", het blykbaar vir die volgende paar jaar op dowe ore geval.⁵³

Colin se geliefdes moes egter uiteindelik dié prys vir sy gebrek aan selfdisipline betaal. Na sewentien dae in 'n verpleeginrigting is besluit dat Colin in Tibbie van der Merwe se huis in Bloemfontein saam met Hannah en Gladys sou woon en dat die Van der Merwes na Onze Rust sou verhuis.⁵⁴ Vir Rae, wat gewoond was aan die bevoorregte lewe op Onze Rust, was dit 'n gevoelige slag. Sy het die terugslag in 'n gevoelvolle brief aan Tibbie beskryf as "die in duie val van my hele lewensgebou". Sy het Tibbie bedank vir haar liefde en verdraagsaamheid, terwyl sy baie uit Tibbie se voorbeeld en woorde geleer het. Vir Jan en Theunis (jr.) was hul "Oumatjie alles", volgens Rae, "en het hulle altyd verlore gevoel ... sonder hulle Oumatjie ... Mammie se invloed was sterk op hul kinderjare".⁵⁵ Tibbie het haarself weer verwyt dat hulle Colin nie meer in ag geneem het nie en "hem die kers aan

48 VAB A160/69 HPNM (Praag) - Geneesheer-direkteur Santpoort 16 Januarie 1930.

49 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/16 Dagboek Rae Eksteen 14 Julie 1917.

50 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/16 Dagboek Rae Eksteen 19 Maart 1922.

51 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/4.7 Rae (Vreugde) - Colin 20 April 1921.

52 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/4.7 Rae (Vreugde) - Colin 14 Maart 1921.

53 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/6.5, 6.6 RIS (OR) - Rae 2 Desember 1921.

54 Ineg PV181 10/1/2/1 Biografiese gegewens van sen. I.G. Visser.

55 Ineg PV181 2/8/1/1/20 Rae - RIS 17 Januarie 1929.

beide kante laat brand (het) waarvoor hy nou een hoë tol moet betaal".⁵⁶ Dit was tog duidelik dat, ten spyte van die skielikheid van die siekte en die onsekerheid oor die aard daarvan, Tibbie nie in radeloosheid gaan lê het nie. Sy het soos in menige ander krisistyd 'n enkele dag op 'n keer deurleef, "die toekoms denk ek nie aan. My geloof is vas. Alles gebeur vir die beste".⁵⁷

Dit was 'n bittere pil vir Tibbie dat hulle Colin nie self kon verpleeg nie.⁵⁸ As gevolg van die geweldige uitgawes verbonde aan Colin se verpleging, is besluit dat hy na Pretoria oorgeplaas sou word. Tydens tydelike verpleging in Kaapstad het sy siekte egter 'n veel ernstiger wending geneem deurdat hy "hemself wil vernietig en 'n noodlottige (sic) sprong bo van 'n hoë balkon geneem het" en sy arm gebreek het. Tibbie se geloof in die uiteindelijke herstel van Colin het egter nie gewankel nie.⁵⁹ Daarby het Colin nog in dieselfde jaar 'n vervolgingswaansin ontwikkel.⁶⁰ Hoe diep dié tragedie Tibbie aangegryp het, blyk daaruit dat sy aan Cila, Hannah se dogter wat in Brittanje gestudeer het, geskryf het dat sy 'n gelukkige lewe sou kon voer "was dit nie net dat ek so oor my Boetie treur nie".⁶¹

Op aanbeveling van dr. Kooy, 'n Nederlandse senu-spesialis van Kaapstad, is Colin opgeneem by Santpoort in Amsterdam waar hy onder die behandeling van prof. Bouman was.⁶² Die behandeling wat adv. Tielman Roos, 'n vriend van Colin wat ook in Europa vir mediese behandeling was, vir Colin in Hamburg aanbeveel het, het geen sukses gehad nie. Gladys het dit gevolglik op haar geneem om Colin saam met 'n verpleër in 1929 en 1930 op reis deur Europa te neem. Gladys het Rae en Tibbie op hoogte van Colin se toestand gehou. Hy het normaal voorgekom, gepraat, radio geluister, krieket gevolg, maar hy het geweier om te eet.⁶³ Dat Hannah gelyk gehad het toe sy beweer het dat Colin "sy sterre (kan) dank dat hy so 'n suster soos Gladys (het) wat sy belange so na aan die hart dra", is gewis.⁶⁴ Gladys het inderdaad haar praktyk tydelik opgeskort om dié liefdesdiens te kon bewys.

56 VAB A160/69 RIS - HPNM 10 Oktober 1928.

57 TAB A32/6 RIS - JBMH 20 Oktober 1928.

58 TAB A1/227 RIS - JCS 18 Augustus 1927.

59 VAB A168/69 RIS - HPNM 4 Maart 1929.

60 VAB A160/69 RIS - HPNM 29 Augustus 1929.

61 VAB A156 3/4 RIS (Vreugde) - Cila Fichardt 17 April 1929.

62 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/71 Bé (Amsterdam) - Rae 26 Februarie 1930; VAB A160/69 HPNM (Praag) - 16 Januarie 1930; A160/69 HPNM (Praag) - Geneesheer-direkteur Santpoort 16 Januarie 1930.

63 VAB A507 "Aantekeninge oor die siekte van Colin Steyn"; SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/7.1 Bé (Amsterdam) - Rae 26 Februarie 1930; MSC 33/7.1 Gladys (Montreaux) - RIS 24 Junie 1930; MSC 33/7.1 Gladys (Londen) - Rae c. Julie 1930; MSC 33/7.1 Gladys (Lucern) - Rae 2 Julie 1930; VAB A156 1/1/17 Hannah (Amsterdam) - RIS 11 November 1930.

64 VAB A156 1/1/17 (Heidelberg Duitsland) - RIS 16 Julie 1930.

Behalwe Gladys het hulp, finansiëel en geestelik, van ander oorde gekom. Adv. Tielman Roos en 'n aantal vriende het besluit om Colin finansiëel by te staan.⁶⁵ Die groot finansiële bydrae van Roos is inderdaad bewonderenswaardig as in ag geneem word dat hy dit self nie te breed gehad het nie en dat daar met sy dood ses jaar later selfs 'n fonds in die lewe geroep moes word om sy weduwee by te staan.⁶⁶ Ook dr. Hendrik Muller het aangebied om £300 by te dra vir Colin se passaat terug Suid-Afrika toe nadat hy geweier om langer in Europa te bly.⁶⁷ Ten spyte van die verdere terugslag wat Tibbie aan die begin van Augustus 1930 getref het met die dood van haar jonger suster, Emeline Steytler, op Philippolis na 'n beroerte-aanval, het haar geloof in Colin se herstel onwrikbaar gebly.⁶⁸ "Ek hou moed", het Tibbie in haar bedanking aan dr. Muller getuig, "en my vas geloof in God laat my nie meer dra dan ek kan, en Hy weet best".⁶⁹

As gevolg van 'n misverstand tot die misnoeë van sowel Gladys as Tibbie is Colin nie toegelaat om na Onze Rust terug te keer nie. Nico van der Merwe en die geneesheer het gemeen dat "daar tog altyd die gevaar van 'n krisis is en darem (sic) kan ons nie waag om hem hier ... te hou" nie. Hy is dus by Emmie in Seepunt agter gelaat.⁷⁰ Daar is besluit dat Colin in Pretoria verpleeg moes word. Hy sou 'n kort rukkie lank op Onze Rust kon vertoef. Hier moet Tibbie met ontsteltenis waarneem hoe hy deur die verpleër, Van Kempen, "kunsmatig gevoer" is. Tibbie het van haar invloed oor Colin probeer gebruik maak om sy rusteloosheid en opgewondenheid tot bedaring te bring en hom tot ander insigte te probeer bring. "Ek het mooi gepraat", het Tibbie aan dr. Muller geskryf, "hy wil graag eet maar God weet alleen watter gees hem besiel as die kos by hem kom deins hy terug ... maar dit was te veel vir my".⁷¹ Nie eens Gordon se pogings kon Colin help nie en onder groot ontsteltenis moes Tibbie weer eens afskeid van Colin neem toe hy na 'n inrigting in Pretoria vervoer is.⁷²

Rae, wat die pot aan die kook moes hou, het 'n onderwysbetrekking, later dié van prinsipale by die Meisieskool Oranje aanvaar. Tibbie het haar Rae se moeilike omstandighede aangetrek en het hulp aangebied vir sover dit binne haar vermoë

65 Ineg PV181 2/8/1/1/21 Tielman Roos (Marquard) - RIS 26 November 1929.

66 Brits, J.P., Tielman Roos - political prophet or opportunist? pp. 224, 226.

67 VAB A156 1/1/39 Telegram HPNM (Den Haag) - Gladys 30 Julie 1930; A160/69 Gladys (Londen) - HPNM 23 Julie 1930; A160/69 Gladys (Deutsche Ost-Afrika Linie) - HPNM 25 Augustus 1930.

68 Die Volksblad 11 Augustus 1930; VAB A156 1/1/17 Cecilia Fichardt (Amsterdam) - RIS 10 September 1930; Meester van die Hooggeregshof (MHG 22612) Doodsertifikaat Annie Emeline Steytler Fraser.

69 VAB A160/69 RIS - HPNM 27 Julie 1930, 17 Augustus 1930.

70 VAB A160/69 RIS - HPNM 6 September 1930; A13/1 RIS - Maynie Fleck 30 September 1930; A160/69 Gladys - HPNM 17 September 1930.

71 VAB A160/69 RIS - HPNM 12 Oktober 1930.

72 VAB A160/69 RIS - HPNM 12 Oktober 1930.

was.⁷³ Ten spyte van Nico van der Merwe se pogings het dit egter moeilik op Onze Rust gegaan om kop bo water te hou. Daar was selfs sprake dat Onze Rust verkoop sou moes word.⁷⁴

Met die instemming van Tibbie wat Onze Rust verlaat het om die opening van die parlamentsitting in Kaapstad by te woon, het Gladys Colin in Pretoria gaan haal en hom na Onze Rust gebring. Hier het hy te midde van die bekende en geliefde omgewing geleidelik herstel, veral in die geselskap van Theunis (jr.) en Jan.⁷⁵ Tibbie se dankbaarheid het geen perke geken toe Colin op 21 Maart 1931, na 'n gesprek met Nico, weer begin eet het nie.⁷⁶ Vir Tibbie was hy weer "just our old Colin".⁷⁷ Hierna het Colin vinniger herstel. Aan die begin van Augustus het Colin sy eerste saak in die Hooggeregshof van die Vrystaat gewen.⁷⁸ Hoe diep Tibbie se vreugde en dankbaarheid was, blyk uit 'n brief van genl. Smuts aan sy vrou Isie. Die feit dat Colin sodanig herstel het dat hy weer kon praktiseer, het Smuts toegeskryf aan "the faith that moves mountains - the faith of his mother and Gladys ... Mrs Steyn fairly bubbled over and ended by kissing me on leaving - a thing unheard of, but pleasant to the old sinner. The kiss of an old woman", het genl. Smuts geskryf, "seems so much more than that of a flapper, and I have so often to put up with the latter".⁷⁹

Toe Tibbie in 1933 aan dr. Muller geskryf het het dat sy goed "op hoogte (is) van alles wat aangaan in die politiek", het dit inderdaad gestrook met die werklikheid.⁸⁰ Hoewel Tibbie ná die skeuring in Afrikanergeledere in die dertigerjare haar minder bewustelik by slegs een party, die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party van genl. Hertzog, geskaar het, het haar belangstelling teenoor die politiek nooit verflou nie. Dit kon skaars anders wees want die Steyns was 'n intens politiekbewuste familie. Elke nuwe verkiesing het ingrypende debatte tot gevolg gehad en uitslae is wat met die emosies van "teleurstelling en verrassinge ... en riemtelegramme (wat) baie onnodige pyn veroorsaak het", begroet.⁸¹ Die rol wat Nico van der Merwe gespeel het om die politieke temperatuur op Onze Rust op kookpunt te hou, kan nie

73 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/7.1 RIS - Rae 3 Desember 1930; MSC 33/4.7 Applikasie onderwyspos 23 November 1930; The Friend 25 Augustus 1930.

74 VAB A160/69 RIS - HPNM 27 Julie 1930.

75 VAB A507/11 "Aantekeninge oor die siekte van Colin Steyn"; A160/69 RIS (Muizenberg) - HPNM 12 Maart 1931.

76 VAB A160/69 RIS (Muizenberg) - HPNM 17 April 1931, 10 Julie 1931; A156 1/1/40 RIS (Muizenberg) - Margaret Gillet 1 Mei 1931.

77 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 1 Mei 1931.

78 Die Volksblad 6 Augustus 1931; VAB A156 1/3/4 RIS - Cila Fichardt 26 Julie 1931; A156 1/1/42 RIS - Emmie 16 Oktober 1931.

79 TAB A1/132 JCS (Doomkloof) - Isie Smuts 11 Desember 1931.

80 VAB A160/69 RIS - HPNM 9 Julie 1933.

81 TAB A32/2 RIS - JBMH 15 Junie 1929.

gering geskat word nie. Anders as Colin wat geweier het om politiek te praat, was Nico soos Theunis voorheen, Tibbie se klankbord en het sy gelate die aanvalle van die Engelstalige pers op hom weens sy byna onbuigsame beginsels en ongekompromiterende, eksklusiewe Afrikanernasionalisme gelate aanvaar.⁸² Elke tussen- en algemene verkiesing het Tibbie se gesondheid beïnvloed na gelang van die teleurstellings of verrassings daaromheen.⁸³ Om kongresse en politieke toesprake by te woon, was vir Tibbie geen ontbering nie en sy was tot in die dertigerjare 'n eregas by menige politieke geleentheid.⁸⁴ Tibbie se belangstelling in die politiek het gestrek tot by die leidinggewende figure in die partypolitiek. Na 'n toespraak in 1929 van Eric Louw, die nuwe Suid-Afrikaanse hoë kommissaris in Londen, was Tibbie se brief volgens hom die enigste wat hy uit Suid-Afrika ontvang het en waarin hy "aangemoedig" is. "Onse mede Nasionaliste besef nie", het hy in sy bedankingsbrief aan Tibbie geskryf, "wat so 'n paar woorde van aanmoediging beteken vir 'n Nasionalis" nie. Tibbie se brief waarin sy die behoefte van aanmoediging en aan erkenning van 'n nuwe amptenaar in 'n moeilike aanstelling raaksien, is uitsonderlik weens die diep menslike aard daarvan.⁸⁵

Alhoewel Tibbie nie meer so uitvoerig en uitdruklik soos voorheen aan Emily Hobhouse oor die politiek geskryf het nie, het sy tog haar politieke oortuigings teenoor 'n ontvanklike dr. Muller uitgestort. Met die 1929-verkiesing op hande, was dit duidelik dat alles nie heeltemal pluis was in die NP-geledere nie. Die verskillende sienswyses oor republikenisme, die sogenaamde artikel 4 van die "Program van Beginsels van die NP", soos vergestalt deur genl. Hertzog aan die een en Nico van der Merwe aan die ander kant het die eenheid van die party aangetas.⁸⁶ Dit was dus met goeie rede dat Tibbie gevrees het dat dit een van die bitterste verkiesings ooit sou wees. Genl. Hertzog se beleid van "Suid-Afrika-eerste" het dit vir Tibbie maklik gemaak dat sy genl. Hertzog met hart en siel sou ondersteun en hul vriendskap het dit noodsaaklik gemaak.⁸⁷ In 'n brief van aanmoediging aan hom sê Tibbie dat sy haar Groote Schuur nie sonder die Hertzog-egpaar kan voorstel nie. Bewus van beginsel- en persoonlikheidsverskille in die party, skryf Tibbie: "Moge u viral ondervind dat u die steun en vertrouwe van U volk in die grootste mate geniet".⁸⁸

82 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 12 Maart 1927.

83 VAB A160/69 RIS - HPNM 14 September 1932; Incg PV181 2/8/1/1/22 N.C. Havenga (Kaapstad) - RIS 24 Mei 1933.

84 Die Volksblad 30 Oktober 1932.

85 Incg PV181 2/8/1/1/21 Eric Louw (Londen) - RIS 19 Augustus 1929.

86 VAB A160/69 RIS - HPNM 10 Oktober 1928.

87 VAB A160/69 RIS - HPNM 4 Maart 1929.

88 TAB A32/2 RIS - JBMH 4 April 1929.

In haar nabetraging van die verkiesingstryd wat deur die NP gewen is, beskryf Tibbie in 'n brief aan haar kleinkind, Cila Fichardt, die intense emosies en gemoedskommeling op Onze Rust wat elke nuwe uitslag tot gevolg gehad het.⁸⁹ "My ou senuwees", het sy weer teenoor genl. Hertzog erken, "het die spanning gevoel".⁹⁰ Dat almal op Onze Rust nog polities aan dieselfde party behoort het, alhoewel nie meer polities heeltemal eensgesind nie, het Tibbie nog in die laat twintigerjare as vanselfsprekend aanvaar. Vir Tibbie was die "slag gelewer en ons geliefde Generaal is weer ons Eerste Minister".⁹¹ Behalwe aan genl. Hertzog het Tibbie ook briewe van gelukwensing geskryf aan dr. D.F. Malan, dr. E.G. Jansen, M.S. Creswell, F.W. Beyers en andere.⁹²

Die ongekende wêreldwye ekonomiese depressie en die ineenstorting van die aandelemark in Wall Street, New York, in Oktober 1929 het die Suid-Afrikaanse politiek geskud. Die depressie het in Suid-Afrika, gepaard gegaan met die hewigste droogte in menseheugenis en dit het die posisie van die regering van die dag bemoeilik. Die NP-regering se maatreëls om die depressie die hoof te bied, het weinig verligting gebring. Om alles te kroon is Brittanje in September 1931 van die goudstandaard afgedwing. Genl. Hertzog en N.C. Havenga, minister van finansies, het ten spyte van hewige agitاسie geweier om Brittanje se voorbeeld te volg omdat Suid-Afrika nie alleen die grootste goudprodusent in die wêreld was nie, maar ook omdat ekonomiese onafhanklikheid as 'n voorwaarde vir staatkundige onafhanklikheid beskou is.⁹³ Dat genl. Hertzog se persoonlike aanhang en dié van sy party weggekwyn het, het Tibbie tot weemoed gestem. Sy het onverbiddelik aan haar leier se bona fides geglo.⁹⁴ "Dit is tog so 'n salige gevoel as ons Party die Regering van ons land in hulle hande het", het sy genl. Hertzog in Maart 1932 verseker, "en om U as ons Eerste Minister te hê is een woord heerlik".⁹⁵

Genl. Hertzog het Tibbie vertroulik ingelig oor sy vrees dat die NP nie weer aan bewind sou kom nie.⁹⁶ Deeglik bewus van harde politieke realiteite, het Tibbie besef dat 'n ekonomiese depressie gewoonlik korte mette met die regering van die dag maak.⁹⁷ Adv. Tielman Roos se "onverwagte bom op ons voor Krismis", soos

89 VAB A156 1/3/4 RIS - Cila Fichardt 3 Mei 1929.

90 TAB A32/2 RIS - JBMH 15 Junie 1929.

91 VAB A160/69 RIS - HPNM 29 Augustus 1929; TAB A32/2 RIS - JBMH 15 Junie 1929.

92 Ineg PV181 2/8/1/1/21 JBMH - RIS 8 Julie 1929; PV181 2/8/1/1/21 DFM - RIS 26 Junie 1929; PV181 2/8/1/1/21 E.G. Jansen - RIS 26 Junie 1929; PV181 2/8/1/1/21 M.S. Creswell - RIS 24 Junie 1929; PV181 2/8/1/1/21 F.W. Beyers - RIS 18 Junie 191.

93 VAB A160/69 RIS - HPNM 8 November 1931.

94 TAB A32/6 RIS - JBMH 22 Desember 1931.

95 TAB A32/6 RIS - JBMH 21 Maart 1932.

96 VAB A160/69 RIS - HPNM 17 Maart 1932.

97 VAB A160/69 RIS - HPNM 18 Junie 1932.

Tibbie dit ervaar het en sy opportunistiese eis van 'n regering van nasionale eenheid waarin Roos self ook sou figureer, het Tibbie hewig ontstel omdat dit genl. Hertzog se posisie verder sou verswak.⁹⁸ Roos se stap het die regering teen die einde van 1932 as't ware van die goudstandaard afgedwing. Dat Colin 'n boesemvriend van Tielman Roos was en dat hy tevore finansiële bygedra het tot Colin se mediese koste, het Colin volgens Tibbie, moreel verplig om Roos te ondersteun. Hulle boesemvriendskap met genl. Hertzog was in die gedrang. Die handhawing van die vriendskapsbande sou egter steeds Tibbie se prioriteit bly. "Ek self betreur die skeuring met Tielman se optrede", het sy aan dr. Muller geskryf en realisties bygevoeg dat "veral in die Nasionale geleedere ... sal ... dit families ook verdeel".⁹⁹ Roos se toenadering tot sowel genl. Smuts as genl. Hertzog het die eertydse politieke vyande nader aan mekaar laat beweeg.¹⁰⁰

In dié atmosfeer van onsekerheid het 'n aantal Nasionale wat Tibbie ingesluit het in Februarie 1933 by Emmie se huis in Seepunt oor die onwaarskynlikheid van 'n koalisie tussen die eertydse aartsvyande gesit en bespiegel. Hier het die nuus in die helfte van Februarie hulle "as 'n donderslag getref".¹⁰¹ Die bedreiging wat Tielman Roos vir beide genl. Smuts se SAP en die NP ingehou het tesame met die depressie het hulle in 'n koalisie gedwing. "Dit was vir ons soos 'n doodstydning", het Tibbie aan dr. Muller geskryf. "Diep bedruk het ons gesit, en hier sit ons voor 'n voldonge feit. Die koalisie is deur en Dr. Malan, een van ons groot voorvegters, is uit die Kabinet".¹⁰² Dié moontlikheid dat genl. Smuts enigsins bereid sou wees om as adjunk onder die premierskap van genl. Hertzog te dien, het nooit eens by Tibbie of enige ander Nasionale opgekom nie.¹⁰³ Tibbie wat nooit van die politieke ideale van Theunis afgewyk het nie, het die nuwe politieke fait accompli vertolk as sou dit die president se goedkeuring kon wegdra. Sy het verder gevoel dat "Generaal ... ons in die verlede so trou bygestaan ... het ... dat alhoewel alles op die oomblik vir ons duister is, moet ons hem verder getrou wees". Sowel Tibbie as genl. Hertzog was vasbeslote dat hul vriendskap wat hul byna as "iets heiligs" beskou het, nie deur die politiek verwoes sou word nie.¹⁰⁴ "My agting en liefde vir u bly ongedeerd", het genl. Hertzog Tibbie verseker, "en ons en ons vriendskap sal my steeds 'n vreugde in die lewe bly".¹⁰⁵ Aan genl. Smuts het Tibbie 'n brief gerig waarin sy waardering uitspreek vir sy grootmoedigheid en opoffering. Sy het soos

98 VAB A160/69 RIS - HPNM 4 Januarie 1933.

99 VAB A160/69 RIS - HPNM 4 Januarie 1933.

100 Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, p. 268.

101 A13/1 RIS - Maynie Fleck 13 Maart 1933.

102 VAB A160/69 RIS - HPNM 27 Februarie 1933.

103 TAB A1/235 RIS - JCS 2 April 1922.

104 VAB A160/69 RIS - HPNM 27 Februarie 1933.

105 Ineg PV181 10/1/1/6 Fragment JBMH - RIS 7 April 1933.

Theunis in 1909 gevoel het tydens die besoek aan Londen dat die toekoms van die land veilig is in die hande van "twee sulke knappe jong Afrikaners ... Die blye dag", het Tibbie genl. Smuts verseker, "is weer vir Suid Afrika aangebreek dat u beide in tijd van groot nood saam staan om ons volk te red".¹⁰⁶

In haar huislike kring was Tibbie se posisie volgens haar eie woorde, "onbenydingswaardig".¹⁰⁷ Colin het nie vir Tielman Roos, wie se ster besig was om te verskiet in die steek gelaat nie. Soos genl. Smuts dit aan Tibbie gestel het: "Ongelukkig staan hulle by (Roos) uit 'n gevoel van persoonlike lojaliteit. Ek had dit so anders met Colin gemeen, een (aan) wie ek geheg is".¹⁰⁸ Nico en Emmie was hewig teen die koalisie gekant.¹⁰⁹ Emmie het genl. Hertzog dit erg verkwalik dat hy hul vertrouensverhouding geskaad het en dat hy haar nie openlik van sy voorneme in kennis gestel het toe sy hom daarvoor gepols het nie.¹¹⁰ Gladys het vir die provinsiale raad gestaan as 'n onafhanklike Roossiet wat "(strik tussen ons) haar in die kring bring waar ons ou Nasionale vriende nie is nie".¹¹¹ Later die jaar nog is Gladys as lid van die NP geskrap.¹¹² "Maar die kinders", het Tibbie aan genl. Hertzog verduidelik, "is lief daaromtrent, en weet U bly my Leier en vriend. Meer durf ek nie skrywe".¹¹³

Die bitterheid en verdeeldheid binne Afrikanergeledere het uitgekring en verdiep en het alle lae van die samelewing op die een of ander wyse beïnvloed. Dit was veral omdat die pragmatiese koalisie onversoenlike verskille toegesmeer het as bloot "akademiese verskille". Dit sou uiteindelik tot genl. Hertzog se politieke ondergang lei. Hannah het dit op meer persoonlike vlak so opgesom: "jare van vriendskap ... (kan) ... nie deur 'n handdruk vergewe en vergeet word nie".¹¹⁴ Hierdie skerp verdeling het ook die Steyns getref. Diegene wat voorheen as vriende gereken is, het nou politieke vyande geword. Die aanvalle van genl. Hertzog op Nico en die Afrikaanse pers en die dreigemente teenoor Gordon dat indien Nico "nie versigtig is sal hy die setel in Winburg met 'n anti K (koalisie) laat beveg", het Tibbie verontrus. "Nou u weet", het sy aan dr. Muller geskryf, "hoe lief ons Genl. Hertzog het en hoe bitter ons oor die stryd voel. Ek hou my maar vireers uit alles. Beskou die brief konfidensieel en skeur dit a.j.b. op".¹¹⁵ Op 33 Junie 1933 lig

106 TAB A1/235 RIS - JCS 2 April 1933.

107 TAB A32/6 RIS - JBMH 30 Julie 1934.

108 Ineg PV181 2/8/1/22 JCS (Irene) - RIS 13 April 1933.

109 VAB A13/1 RIS - Maynie Fleck 13 Maart 1933.

110 Die Volksblad 12 Julie 1934.

111 VAB A160/69 RIS - HPNM 8 Julie 1933; Die Volksblad 6 Junie 1933.

112 Die Volksblad 12 Augustus 1933.

113 TAB A32/1 RIS - JBMH 29 Maart 1933.

114 VAB A160/69 Hannah - HPNM 30 Maart 1933.

115 VAB A160/69 RIS - HPNM 9 Maart 1933.

Tibbie dr. Muller in: "Dit is ... die eerste keer, dat ons as 'n familie op politieke gebied verdeeld is".¹¹⁶ Dit sou nooit weer anders wees nie. Die algemene verkiesing van Mei 1933 het op 'n groot oorwinning vir die koalisiepartye uitgeloop. Genl. Hertzog se tydigse opportunistiese het hom polities vir ten minste nog vyf jaar laat oorleef.

Ten spyte van die oorwinning by die stembus en generaals Hertzog en Smuts se pogings ten gunste van samesmelting het dit in 1934 nie juis vir dié koalisieregering voor die wind gegaan nie. Die skeuring in die NP wat Tibbie reeds die vorige jaar gevrees het, het 'n voldonge feit geword.¹¹⁷ Die meeste Nasionaliste in die Kaapprovinsie en 'n klein minderheid in die ander provinsies het hulle agter dr. Malan geskaar en bekend gestaan as die "Gesuiwerde Nasionaliste".¹¹⁸ Na hul teenstanders, die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party van genl. Hertzog en Smuts, is neerhalend as die "Smelters" verwys.

Tibbie kon nie die gebeure onaangeraak gade slaan nie. "Ek is te hartseer oor die politieke toestand", het sy aan dr. Muller geskryf, "al troos is dat my geloof vasstaan". Twee krisisse, die een in 1912 en die ander in 1934 waarin die Afrikaner polities skeur en mekaar daarna met hand en tand beveg, was vir Tibbie te veel om in een leeftyd te dra. Haar begeerte, soos die vorige jaar uitgespreek, om haar van die politiek te distansieer, het vir haar emosionele gesondheid nou lewensnoodsaaklik geword. Tibbie se intense politieke betrokkenheid het vir goed tot die verlede behoort.¹¹⁹ Dit was as't ware 'n waterskeiding in haar lewe. Sy sou voortaan die harmonieuse politieke eensgesindheid in haar huislike kring en die onverbloemde bewondering van haar leier, genl. Hertzog mis. Wat sy in familiekring egter moes ontbeer, sou op nasionale vlak tot haar voordeel strek aangesien geen politieke party Tibbie vir hul doeleindes kon opeis nie. Sy was bo die politiek verhewe: gevolglik het geen smet ooit aan haar naam gekleef nie. Soos in die dae toe Theunis nog gelewe het, het Tibbie en Onze Rust 'n rustige lafenis vir almal gebied, van watter politieke party ook al. Tielman Roos, genl. Smuts en Isie en dr. Malan het almal in die loop van die jaar by Tibbie hul opwagting gemaak sonder om haar enigszins by die politiek te betrek. "Hulle besef", het Tibbie aan dr. Muller geskryf, "dat ek nou nie meer aktief deel wil neem nie in die politiek. Dit is ook wat die kinders verlang".¹²⁰ Dr. Muller sou egter steeds haar politieke bievader bly. Veral teenoor hom, ver verwyder van die politieke toneel in Suid-

116 VAB A160/69 RIS - HPNM 25 Junie 1933.

117 VAB A160/69 RIS - HPNM 28 November 1933.

118 VAB A160/69 RIS - HPNM 10 Desember 1934.

119 VAB A160/69 RIS - HPNM 7 Julie 1934.

120 VAB A160/69 RIS - HPNM 30 Oktober 1934.

Afrika en in 'n groter mate onbetrokke, kon Tibbie die vertroulike aard van hul korrespondensie gebruik om haar hart uit te praat.

Dit was vir Tibbie 'n skok dat genl. Hertzog - "hy wat vroeër die liefling van die Volk was" - sy eie mense, ook in die Vrystaat, moes beveg. Sy wat weinig fout met genl. Hertzog kon vind, het sy persoonlike aanvalle op voormalige boesemvriende en ondersteuners gesien in die lig dat hy 'n politieke "vegter" was. Dr. Malan het hy byvoorbeeld 'n steeks muil genoem en hom nie meer gegroet nie, die ander vrotterds en verraaiers. Hy het selfs later dikwels uit die parlamentshuis gestap as die Opposisie aan die woord was.¹²¹ Tibbie het gemeen Bileam het verder as die profeet gesien. "En in hierdie geval gaan dit so wees". Tibbie het genl. Hertzog se politiek so "anders" gevind as dit wat Theunis en ander politici voorheen voorgestaan het. Die sade van verdagmakery teen genl. Hertzog deur dr. Malan se NP het waarskynlik reeds vrugte begin afwerp. Slegs deur twyfel oor genl. Hertzog se bona fides te saai, kon die nuwe NP enigsins hond haaraf maak. Soos Emmie gesê het, genl. Hertzog het hulle op tiermelk grootgemaak en nou skielik moes hulle koeimelk drink. Tibbie moes ervaar het wat genl. De la Rey voor die Rebelle gesê het nou in al sy felheid waar geword het, naamlik dat as die Boer nie met 'n swarte of 'n Engelsman stoei nie, baklei hy met sy mede-Afrikaner - "so maak die Boer".¹²² "Ik begryp ... hoe moeilik het voor u is deze tweede crisistyd te doorleven", het dr. Kiewiet de Jonge uit Nederland geskryf, "en hoe u wensch de eenheid onder uw kinderen te bewaren. Als President nog leefde, wat sou hy sê?"¹²³ Vir Tibbie was die onmin byna te veel: "My hart skiet vol as ek net dink wat 'n stryd lê weer voor".¹²⁴

Die stryd was ook soos Tibbie tereg gevrees het in die volgende jare - onverkwiklik.¹²⁵ Nico is tot Vrystaatse leier van die Gesuiwerde NP verkies.¹²⁶ Tibbie moes met diepe ontsteltenis aanskou hoe die politiek haar geliefdes teen mekaar laat stelling inneem. Nico en Colin het byvoorbeeld op dieselfde dorp vergaderings van hul onderskeie partye toegespreek: Nico vir die NP en Colin vir die VP.¹²⁷ Emmie het finaal met genl. Hertzog gebreek en sy het hom selfs openlik

121 VAB A160/69 RIS - HPNM 25 Februarie 1935.

122 VAB A160/69 RIS - HPNM 30 Oktober 1934; Kruger, E., "Die klug van die Afrikaner eenheid", Beeld 5 Julie 1991.

123 VAB A156 1/1/37 dr. H.J. Kiewiet de Jonge (Nederland) - RIS 2 Maart 1934.

124 VAB A160/69 RIS - HPNM 10 Desember 1934.

125 VAB A160/69 RIS - HPNM 30 Maart 1936.

126 VAB A160/69 RIS - HPNM 10 Desember 1934.

127 VAB A160/69 RIS - HPNM 1 Augustus 1935.

in die openbaar beveg. Sy was volgens Tibbie "haar pa se eie dogter" en het die moed besit om reguit te praat en te veg vir beginsels.¹²⁸

Benewens die politieke onmin in huislike kring het die dertigerjare vir Tibbie ook ander krisisse gebring. Afgesien van haar gesondheid wat weer eens veel te wense oorgelaat het, is haar kleinkind van nege jaar, die enigste seun van Emmie en Jacques, op 24 Oktober 1935 aan maagkoors oorlede.¹²⁹ Van die vroeëre hartlikheid tussen Groote Schuur, die ampswoning van genl. Hertzog, en Vreugde, Emmie se huis in Seepunt waar Tibbie altyd tuisgegaan het, was daar niks meer oor nie. Dié feit het Tibbie veral bedroef tydens haar jaarlikse besoeke aan die Kaap. Dit was eers in 1937 dat Tibbie op eie inisiatief en sonder Emmie se medewete genl. Hertzog genader het met die versoek dat hy die eerste stap tussen hom en Emmie moet doen om die breuk te heel. Tot Tibbie se groot vreugde en verligting is die vriendskapsband weer herstel. Genl. Hertzog se verhouding met ander ou vriende en opponente het vir Tibbie egter nog sorg gebaar en aan Margaret Gillet erken sy dat "I wish he would make it up with all his other friends ..."¹³⁰

Hoewel Tibbie nooit weer aan 'n politieke party behoort het nie, het sy steeds van die kantlyn intens belang gestel in elke parlementêre debat, politieke vergadering en kongresse en baie van die verskillende kandidate.¹³¹ Tussen die politieke en huislike verdeeldheid het daar vir Tibbie 'n goue draad, "'n band van liefde" soos sy dit genoem het, geloop. Om die band tussen familielede te handhaaf was egter nie maklik nie. Haar kinders en kleinkinders was nie slegs as lede van 'n politieke party betrokke nie: hulle het leiersposisies in hul onderskeie partystrukture bekleed. So was Nico leier van die NP in die Vrystaat terwyl Colin betrokke by die VP was en hy het van 1938 af selfs as minister van justisie van die party opgetree.¹³² Emmie was onderleier van die NP in die Kaapprovinsie en Gladys VP-kandidaat in die provinsiale raad.¹³³ Colin is weer deur 'n groot deel van die Afrikaners verkwalik omdat hy 'n kabinetspos in die VP-regering aanvaar het. Tibbie het troos gevind in dié wete dat Colin sy volk liefhet en dat hy goeie werk sou verrig.¹³⁴

128 Die Burger 3 September 1934; Retief, M., "Emmie du Toit glo aan 'n teetafel", Die Huisgenoot 17 Oktober 1969, p. 78; Die Volksblad 12 Julie 1934.

129 VAB A160/69 RIS - HPNM 4 Desember 1935.

130 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 27 April 1937; A160/69 RIS - HPNM 27 Januarie 1937, 28 April 1937.

131 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 27 April 1937; The Argus 5 Maart 1937; VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 31 Julie 1937.

132 VAB A160/69 RIS - HPNM 9 November 1938.

133 VAB A160/69 RIS - HPNM 9 November 1939; 30 November 1938; A156 1/1/42 RIS - Emmie 30 April 1937.

134 VAB A160/69 RIS - HPNM 9 November 1938.

Tibbie het stilweg, byna onopsigtelik, tussen haar familielede se intense politieke aspirasies vereensaam. Daar was maar altyd weer die gejaagdheid van 'n politieke vergadering waarheen iemand op pad was of die dawerende stilte van 'n politieke insident of standpunt wat om vredesonthalwe verswyg moes word. Tibbie se politieke gespreksgenote, Nico en genl. Hertzog, was te besig om mekaar op die politieke terrein die stryd aan te sê om tyd en aandag aan haar politieke vrae en behoeftes te gee. Die verwysing na intieme geselsies soos vroeër met genl. Hertzog in die Kaap of op Onze Rust verdwyn uit Tibbie se korrespondensie lank nadat die breuk tussen Emmie en genl. Hertzog in 1937 al herstel was. Die ou kameradie, die spontane openlikheid, die ure se besinning oor sake van die dag saans om die kaggelvuur, het vir goed tot die verlede behoort. Tibbie, wat weinig indien ooit vir lank meegevoer is deur persoonlike probleme of hartseer, vertoon vier jaar na die breuk in Afrikanergeleedere 'n byna patetiese kwesbaarheid. Haar briewe aan dr. Muller weerspieël haar intense verlange na Theunis se onderskraging, begrip en morele krag. "Niemand wat ek kan raadpleeg", het sy aan die einde van 1937 aan dr. Muller geskryf, "en alleen moet ek die las dra".¹³⁵

Elke nuwe verkiesing het vir Tibbie die kiem van nuwe onaangenaamhede ingehou. Die verkiesing teen die helfte van 1938 het soos 'n berg voor haar gelê. "Ons bid so dat dit in liefde en verdraagsaamheid sal geskied", het sy aan dr. Muller geskryf, "maar ek vrees te vergeefs".¹³⁶ Van die gees van verbroedering waarop Tibbie so vuriglik gehoop het, was daar geen sprake nie. Intendeel, die verbittering tussen die twee vernaamste partye het nuwe laagtes bereik. Hulle het mekaar sonder handskoene gepak. Venynige persoonlike aanvalle, beswaddering, karaktermoord, verdagsaaiery en misleiding het algemeen voorgekom terwyl woeste tonele en geweld haas elke vergadering gekenmerk het. Die VP het die verkiesing gewen. Hoewel die Gesuiwerde NP slegs 27 setels teenoor die 111 van die VP verower het, het hulle meer as die helfte van die totale aantal VP-stemme gekry.¹³⁷

In een van hul laaste vertroulike gesprekke twee weke voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog op 3 September 1938 het Tibbie en genl. Hertzog hul harte weer eens teenoor mekaar oopgemaak.¹³⁸ Soos genl. Hertzog en dr. Malan het Tibbie gemeen die Unie moet neutraal bly in geval van oorlog. "Baie van ons voel dat ons seuns nooit oorsee kan gaan", het sy aan dr. Muller geskryf, "maar almal is gewillig as ons land bedreig word om dan dit tot die uiterste te verdedig".¹³⁹ Omdat

135 VAB A160/69 RIS - HPNM 30 November 1937.

136 VAB A160/69 RIS - HPNM 18 Maart 1938.

137 Van der Walt, A.J.H., e.a., *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 539.

138 VAB A160/69 RIS - HPNM 17 Augustus 1939.

139 VAB A160/69 RIS - HPNM 6 Julie 1939.

sy kabinet oor dié kwessie verdeeld was, het genl. Hertzog die kwessie aan 'n stemming deur die Volksraad onderwerp. Hy is verslaan en na sy bedanking, deur genl. Smuts met 'n nuwe kabinet opgevolg.

Die uitbreek van die oorlog het die lewe op Onze Rust nie juis radikaal verander nie. Soos tydens die Eerste Wêreldoorlog was hulle aan brandstof en ander beperkinge onderhewig.¹⁴⁰ Op vyf-en-sewentigjaar het Tibbie reeds twee oorloë, 'n rebellie en 'n depressie deurleef.¹⁴¹ Maar anders as tydens dié krisisse het Tibbie se familie nou politieke nie meer langs dieselfde vuur gesit nie. Die politieke tweespalt het nou dieper gesny en blywende letsels gelaat ten spyte van Tibbie se naarsstiglike pogings tot versoening.¹⁴² So was Ella Fischer, 'n vriendin maar nogtans 'n buitestander, byvoorbeeld bewus van 'n diep breuk wat tussen Tibbie se broer, Gordon, aan die een kant en Colin en Hannah aan die ander kant ontstaan het. "I wonder", het Ella aan Tibbie wat tussen haar broer, Gordon, en haar kinders gestaan het, geskryf, "whether they feel the little differences justified the pain they caused him".¹⁴³

Tibbie was bewus van die politieke aktiwiteite van al haar kinders. Dit was veral Emmie se politieke bedrywighede wat vir haar groot ongemak en selfs verleentheid veroorsaak het. Emmie het naamlik tot die rang van genl. in die Ossewa-Brandwag gevorder.¹⁴⁴ Sy is in 1940 tot dié rang bevorder as gevolg van haar "onkreukbare getrouheid en pligsbesef in die bevordering van die ideale waarvoor die Ossewa-Brandwag staan".¹⁴⁵ Dié organisasie, gebore uit die nagloed van die Ossewatrek, het geleidelik sy pretensies as suiwer kulturele liggaam laat vaar en bande gehandhaaf met semi-militêre Afrikanerorganisasies wat sterk teen deelname aan die oorlog gekant was. Emmie het haar gewig by die OB ingegooi aangesien sy "tevrede ... was ... dat daar niks anders was waarvoor hulle werk as vir 'n Republiek nie". Haar bedanking uit die Gesuiwerde NP het 'n verwydering tussen haar en dr. Malan gebring.¹⁴⁶ Tibbie se verligting in 1948 toe Emmie haar weer by die NP geskaar het, bewys die ongemak wat sy stilswyend verduur het tydens dié jare.¹⁴⁷ In ligter luim het Tibbie onwetend nog 'n OB-ondersteuner huisvesting op Onze Rust gebied. Nico van der Merwe (jr.), haar kleinseun, het Emmie in die grootste

140 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 9 Januarie 1943, 17 April 1943.

141 Die Burger 5 Maart 1940.

142 VAB A156 1/1/40 RIS - Arthur Gillet 8 Jnie 1941.

143 VAB A156 1/1/37 Ella Fischer - RIS 16 Maart 1941.

144 TAB A1/249 ICS - Margaret Gillet 4 Desember 1940.

145 KAB A969/1 Groot Raad OB - Emmie 22 Julie 1940.

146 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, D.F. Malan, mev. Emmie du Toit Taaknommer 301/76; KAB A969/19 Emmie du Toit OB lidmaatskap no. 146506 gebied A7; KAB A969/1 J.F. van Rensburg (Pretoria) - Emmie 28 Oktober 1942; Retief, M., "Emmie du Toit glo aan 'n teetafel", Die Huisgenoot 17 Oktober 1969, p. 78.

147 Kaapstad Oranjezicht Vreugde RIS - Emmie 31 Mei 1948, 25 September 1958 (sic) 1948.

geheimhouding versoek om weer 'n OB "kaarkie (sic) vir 6^d" te bekom nadat hy aanvanklik uit die organisasie bedank het. "Mamie weet darm daar van", het hy aan sy tante geskryf, "ek skeer nie gek nie".¹⁴⁸

Hoedanig die verdeeldheid in die Steynhuishouding was, blyk uit Nico van der Merwe (jr.) se herinnering aan daardie oorlogsjare. Die magdom kleinkinders wat soos gewoonlik op Onze Rust tydens vakansietye toegesak het, het spoedig van politieke onderstrominge en persoonlike verskille onder Tibbie se kinders bewus geword. Uit 'n kinderlike oogpunt en onder die invloed van hul ouerhuise het dié kleinkinders self vooroordele en voor- en afkeure vir sekere politieke standpunte saamgebring. Tibbie het almal, haar kinders en kleinkinders vrye teuels vir hul onderskeie standpunte toegelaat mits die band van liefde onderling bewaar is. Met haar rustige geaardheid het sy enige onmin onverbiddelik teengestaan. Vir Nico (jr.) was dit verbasend dat daar "in hierdie omstandighede geen harde woorde geval het nie". Terwyl Nico (jr.) nooit die goehartigheid en innemendheid van Tibbie se kinders, sy tantes en oom betwyfel het nie, was hy van definitiewe skeidslyne bewus. Hy het spoedig vasgestel dat hy maar bra versigtig moes wees vir Gladys, aangesien sy 'n Smelter, die afwysende benaming vir 'n VP-lid was, en vir Hannah omdat haar posisie in die Women's Auxiliary Forces nie versoenbaar was met sy moeder, Tibbie Visser, se rol in die OVV nie. Nico (jr.) se matelose bewondering vir Colin se twee seuns, Theunis (jr.) en Jan, is egter getemper omdat hulle sogenaamde "Rooi Lussies" was: diegene wat genl. Smuts se oorlogspoging in uniform gesteun het. "Tog", skryf Nico (jr.) tong in die kies veertig jaar later, "moes jy nie so ver vir hulle uitwyk dat jy op die weg van die Ossewa-Brandwag", en dus in Emmie se invloedseer, beland nie.¹⁴⁹ Nerina, Emmie se dogter wat op Onze Rust vertoef het, was self nie bereid in haar woorde "om 'n offisiertjie in Jannie (Smuts) se hordes te word nie "alhoewel sy nogal "gebou vir 'n snyerspak" was.¹⁵⁰ Geen wonder nie dat Theunis (jr.) die politieke wêreld in daardie oorlogsjare "darenet lelik deurmekaar" gevind het nie. Hy het gemeen die "fout van ons nasie is dat hulle die politiek te ernstig op neem".¹⁵¹

Tibbie het agtergekom dat die politiek nie net verhoudings versuur nie, maar ook korte mette met verloorders maak. So het Tibbie haar die lot van genl. Hertzog aangetrek wat nie sy eertydse politieke suksesse uit die Opposisiebanke kon herhaal nie.¹⁵² Genl. Hertzog het hom onttrek aan die openbare lewe en op sy plaas,

148 KAB A969/1 Nico van der Merwe (jr.) (OR) - Emmie 20 Julie 1942.

149 Van der Merwe, N.J. (jr.) "Ouma", *Nuntius* c. 1986.

150 KAB A969/7 Nerina Ferreira (OR) - Emmie 23 Junie 1943, 7 Maart 1943.

151 VAB A156 1/1/23 Theunis (jr.) (Kaapstad) - RIS 24 September 1941.

152 VAB A156 1/1/40 RIS - Arthur Gillet 8 Junie 1941.

Waterval, op die Transvaalse hoëveld gaan woon. In 'n tere brief in sy moeisame Afrikaans troos hy Tibbie inderdaad na aanleiding van haar navrae oor sy welstand en stel haar gerus. "Ek het niks verloor nie, en dus niks om te soek nie". Hy verseker Tibbie dat sy opregte vriende hom nie in die steek gelaat het nie. "En nou mij dierbare vriendin", sluit hy af, "vergeef mij dat ek so prosaies langdradig moes wees. U warm handdruk met liefde (sy onderstreping) is mijne, en deur die vrouwtjie, die nog steeds ontstoke blij van die nodige vertrouwe om self te skrywe word aan u eweso die hand van agting en liefde toegesteek".¹⁵³

In sy uur van droefheid het Tibbie weer haar hand na genl. Hertzog uitgesteek. Sy eggenote, Mijnie, is in 1942 oorlede. Hy het Tibbie se brief van deelname na haar dood waardeer. "Die skeiding", het hy Tibbie met eienaardige akkuraatheid verseker, "sal gelukkig nie lang ... wees nie, dan sal ek nie alle (sic) aan haar sy rus nie, maar ook weereens in haar liefde kan deel. Intussen het ek nog 'n werkjie hier te verrig net soos u ..."¹⁵⁴ Op 21 November 1942 is genl. Hertzog oorlede.¹⁵⁵ In hom het Tibbie 'n opregte vriend verloor.¹⁵⁶

Soos na Theunis se dood toe haar ander steunpilare haar een na die ander ontval het, moes Tibbie nou weer leer om sonder die begrip, die steun en die liefde van ses van haar intiemste vertrouelinge klaar te kom. In hierdie geval was hulle almal mans en almal was in die een of ander stadium betekenisvol in haar lewe betrokke. Die eerste wat haar onverwags ontval het, was Nico van der Merwe, haar skoonseun, die een aan wie se sy sy soveel aangedurf het, hy wat oor die belange van Onze Rust en sy bewoners gewaak het. Op 11 Augustus sterf hy terwyl hy onder observasie in 'n Bloemfonteinse hospitaal vertoef.¹⁵⁷ "Reken", het ds. J.D. Kestell nog dieselfde dag aan Tibbie geskryf, "ek is meer as dertig jaar ouer as hy!" Hy dink in sy brief van medelye aan Tibbie se dogter, nou 'n weduwee, en hul kinders se verlies. "En ek dink aan u. Nico was vir u tog altyd so goed".¹⁵⁸ Nico was vir Tibbie "'n soete druppel in haar lewe", hy het haar moeder genoem en haar soos een behandel.¹⁵⁹

Skaars ses maande later is ds. J.D. Kestell, die laaste lid van die sogenaamde Driemanskap, op ses-en-tagtigjarige ouderdom in Bloemfontein oorlede. Hy is by

153 Ineg PV181 2/8/1/1/24 JBMH (Waterval) - RIS 7 Januarie 1941.

154 Ineg PV181 10/1/1/6 Fragment brief JBMH (Waterval) - RIS 23 Junie 1942.

155 Die Volksblad 24 November 1942.

156 Ineg PV181 2/8/1/1/24 Albert Hertzog-RIS 3 Desember 1942.

157 Scholtz, G.D., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940, p. 430; VAB A156 1/1/37 Ella Fischer (Harmonie) - RIS 14 Augustus 1940.

158 VAB A156 1/1/37 J.D. Kestell - RIS 11 Augustus 1940.

159 Ineg PV181 2/8/1/1/5 RIS - Tibbie van der Merwe 26 Augustus 1939; PV181 5/2/2/2 Dagboek N.J. van der Merwe 23 Desember 1930 - April 1932, 11 Januarie 1931.

die Vrouemonument begrawe, onbewus daarvan tydens sy leeftyd dat so 'n eer hom te beurt sou val.¹⁶⁰ Volgens Die Volksblad sou niemand daarna meer by die Vrouemonument begrawe word nie.¹⁶¹ Die "tere band" tussen ds. Kestell en Tibbie was finaal gebreek.¹⁶²

Vier weke later is Gordon, Tibbie se geliefde jonger broer, by "Bermuda", sy woning in Bloemfontein, op twee-en-sestigjarige ouderdom oorlede. Hy het op dieselfde dag as Tibbie verjaar en daarom 'n besondere plek in haar lewe beklee. "Die dood van Gordon", het Tibbie aan Percy Fischer geskryf, "was 'n geweldige skok vir my ... Ek het hom innig, innig liefgehad".¹⁶³ Sy heengaan het 'n leemte in Tibbie se lewe gelaat, 'n diepe gemis.¹⁶⁴ Van die Frasers van Philippolis was nog net Tibbie, ses-en-sewentig jaar oud en Harry, vier jaar jonger, oor.

Tibbie se intieme skryfmaat van veertig jaar, dr. Hendrik Muller is ook voor die einde van dieselfde jaar in Den Haag, Nederland, op twee-en-tagtigjarige leeftyd oorlede.¹⁶⁵ Hulle vriendskap het geduur van 1895 toe dr. Muller as 'n verfynde Nederlandse oujongkêrel die Vrystaat vir die eerste keer besoek het.¹⁶⁶ Dr. Muller het meer as die posisie van konsul-generaal met die ondergang van die Vrystaatse republiek verloor: "Mijn Vrijstaat", het hy in 1903 verklaar, "was mij vrouw, kind, vader en moeder". Sy troue vriendskap van ses-en-veertig jaar was aanvanklik op sy heldeverering vir Theunis gebaseer. Waar dr. Muller hom ook al in die jare daarna bevind het, as Nederlandse gesant in Praag of by sy Haagse woning, 'n foto van pres. Steyn het altyd 'n ereplek beklee. Hy het daaglik uit 'n eetservies met die Vrystaatse republikeinse wapen geëet.¹⁶⁷ Sy bewondering vir Tibbie het hom later 'n opregte vriend van die hele Steyngesin gemaak. Hy het nie geskroom om sy eie finansies ten behoeve van die Steyns aan te wend nie en het geen opoffering te groot vir die Boersaak geag nie.¹⁶⁸ Tibbie se onafgebroke stroom briewe aan hom het deur sy dood tot 'n einde gekom: die beskrywing van die lotgevalle van haar

160 VAB A156 1/1/37 G.A. Kestell - RIS 25 Februarie 1941; Die Burger 10 Februarie 1941; Die Volksblad 10 Februarie 1941; VAB A53 Program van begrafnisreëlings J.D. Kestell 13 Februarie 1941.

161 Die Volksblad 10 Februarie 1941.

162 VAB A156 1/1/37 G.A. Kestell (Bloemfontein) - RIS 25 Februarie 1941; A156 1/1/40 RIS - Arthur Gillet 8 Junie 1941.

163 VAB A328/13 RIS - Percy Fischer 19 Maart 1941; Die Volksblad 11 Maart 1941, 14 Maart 1941; The Friend 12 Maart 1941, 15 Maart 1941.

164 VAB A156 1/1/40 RIS - Arthur Gillet 8 Junie 1941; A156 1/1/37 M.C. Gillet - RIS c. Julie 1941; A156 1/1/37 J.D. du Toit (Potchefstroom) - RIS 18 Maart 1941; A156 1/1/37 Ella Fischer - RIS 16 Maart 1941.

165 Die Volkstem 18 November 1941; Anon. "Dr. Hendrik Muller oorlede", Die Huisgenoot 5 Desember 1941, p. 5.

166 Scholtz, G.D., "Dr. Hendrik Muller sy werk vir die Vrystaat", Die Huisgenoot 28 Februarie 1936, p. 75.

167 Ineg PVI181 2/8/1/1/17 HPNM (Praag) - RIS 26 Februarie, 1933.

168 Spies, F.J. du T., 'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat ..., pp. 233, 206, 236, 274.

familie en die politieke toneel in Suid-Afrika. Sy sou dr. Muller se begrip nou moes ontbeer, en sy sou haar hart nie langer by hom kon uitstort nie. Dit was maar een van daardie pynlike ervarings van die ouderdom soos Tibbie agtergekom het: hierdie geleidelike afsterwe van ou vriende. Sy het ook besef dat haar vermoë deur die jare om vriendskappe te sluit en te handhaaf, met die verlies van ou vriende so kort na mekaar drasties inkrimp.

Een van die laaste skakels uit die Anglo-Boereoorlog en 'n besondere vriend van Tibbie is ook op 16 April 1943 op Onze Rust oorlede: Ruiter, Theunis se Griekwa-agterryer wat in 1932 deur Colin en Gladys tydens die Rondgaande Hofsitting in Kroonstad in 'n gehawende toestand aangetref en na Onze Rust gebring is. Hier sou hy "sy laaste dae onder my sorg ... slyt", soos Tibbie aan dr. Muller geskryf het.¹⁶⁹ Ruiter se graf is op 'n spesiale ereplek en sy kis van die beste hout. In die aanwesigheid van Tibbie, Hannah, dr. C.F. Visser en Tibbie, oud-senator W.J.C. Brebner, die administrateur van die Vrystaat, Alec McHardy en die gekleurdes van die omliggende plase, is Ruiter te ruste gelê. Tibbie het beoog om die graf later te omhein en 'n grafsteen daarop te plaas. "Ou Ruiter verdien dit", het Tibbie aan Emmie geskryf, "en ek is bly sy graf is op Onzerust".¹⁷⁰

Oud-senator Jack (W.J.C.) Brebner, die getroue Engelssprekende amptenaar uit republikeinse dae en die vriend en ondersteuner in al die jare daarna, is teen die helfte van 1945 oorlede. "Ek kan nog so hartseer voel as ek dink hy is ... nie meer by ons".¹⁷¹

Die geheim van Tibbie se skynbare immuniteit teen enige onmin, en haar vermoë om die dood van vriende te verwerk, het gelê in haar geloof waardeur sy liefde bo onmin of politiek kon stel.¹⁷² Tibbie het geen stryd van watter aard ook al in haar nabyheid geduld nie. Die hele idee van twis was trouens totaal vreemd aan haar hele wese. Dit was vir 'n buitestander soos Piet van der Byl wat Tibbie in hierdie tyd besoek het wonderlik hoe die hele familielewe om Tibbie gewentel het. "There seemed to be ... an aura of happiness & infinite kindness surrounding you", het hy aan Tibbie geskryf, "and one feels that in such an atmosphere it must be impossible for anyone to speak spitefully or act meanly to anyone, while tolerance & goodwill seemed to be in the very air one breathed".¹⁷³ Sy sou geamuseerd gelag het of dit nie te ernstig opgeneem het nie as sy bewus was van die storie tydens die

169 VAB A160/69 RIS - HPNM 28 November 1932.

170 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 17 April 1943; Die Volksblad 16 April 1943.

171 VAB A13/1 RIS - Maynie Fleck 9 Julie 1945.

172 VAB A156 1/1/37 M. Creswell (Kuilrivier) - RIS 17 Mei 1941.

173 VAB A156 1/1/37 Piet van der Byl (Pretoria) - RIS 8 September 1941.

oorlogsjare dat die politiek verdeelde Steynfamilie blykbaar so skelm was dat, "wie ook al die oorlog wen, 'n deel van die familie aan die wenkant sal wees".¹⁷⁴ Tibbie se politiek neutrale posisie waartoe sy op so 'n pynlike manier in 1934 gekom het, het haar vir altyd bo kleinlike politiek geplaas. Sowel die Afrikaanstalige as Engelstalige pers en ook in die Parlement is hierdie besondere posisie van Tibbie teen elke prys verdedig. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is byvoorbeeld 'n poging aangewend om 'n brief van dr. W.J. Leyds wat 'n negatiewe refleksie op die Duitsers werp en blykbaar Tibbie se goedkeuring sou wegdra, vir politieke gewin te benut. Dit het egter misluk toe Tibbie in Maart 1940 die ontvangs daarvan by monde van mnr. Tom Naude in die Volksraad ten sterkste ontken het. "Soos die volk mev. Steyn ken", het Naude gesê, "is dit ook duidelik dat sy nooit op so 'n wyse van 'n private brief sou gebruik maak nie".¹⁷⁵ Selfs The Argus het Tibbie se historiese posisie verdedig en gemeld dat, ten spyte daarvan dat menige politieke groepering Tibbie aan hul kant sou wou hê, sy steeds onafhanklik bly.¹⁷⁶ Op 'n tuinparty in 1942 ter ere van Tibbie in Bloemfontein het genl. Smuts, wat as spreker opgetree het, hierdie hoogagting waarin sy gekoester is, vermeld. Sy beliggaam volgens genl. Smuts die ware ideaal van die toekomstige Suid-Afrika. Dat Tibbie aan geen politieke party behoort het nie, het haar bo die venyn en verdeeldheid geplaas. "Sy is een van ons edelste en die mees sprekende tipe", het genl. Smuts gesê, "verteenwoordigend van albei rasse".¹⁷⁷

Tibbie het daarby self gewetensgetrou gesorg dat sy nie 'n politieke speelbal in die Suid-Afrikaanse samelewing word nie. In 1947 het sy byvoorbeeld tydens die besoek van koning George VI en sy gade aan Bloemfontein ten spyte van Gladys se aandrang en ten spyte van die verwagting van die administrateur van die Vrystaat dat sy teenwoordig moes wees, nie 'n amptelike funksie vir die koningspaar bygewoon nie. Sy het gemeen "dat baie van ons mense dit baie kwalik van my sal neem". Dat haar naam eerste op die program verskyn het, het haar diep gekrenk en het haar selfs slapelose nagte besorg. "Ek sou nimmer as nooit my naam laat gebruik het", het sy aan Emmie geskryf, "en wis toe wat my voor die deur staan".¹⁷⁸ Tibbie het ten spyte van kwaai druk vas gestaan in haar besluit: sy sou nie deelneem aan die amptelike ontvangs van die koningspaar in Bloemfontein nie. Ook sou sy nie die koning toelaat om haar op Onze Rust te besoek nie.

Tibbie se besluit het haar onmiddellik in 'n kontroverse geplaas. Daar was

174 Brief appèlregter M.T. Steyn (Appèlhof Bloemfontein) - skryfster 31 Augustus 1992.

175 Die Burger 15 Maart 1940.

176 The Argus 11 Maart 1940.

177 Die Volksblad 5 Mei 1942; Die Vrystater 5 Mei 1942; The Friend 4 Mei 1942.

178 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 15 Maart 1947.

Afrikaners wat haar haar neutraliteit verkwalik en selfs daaraan bymotiewe toegedig het. Volgens Harper Martins was haar optrede daarop gemik om 'n morele oorwinning ten koste van die koningspaar te behaal en vernederings van die verlede uit te wis.¹⁷⁹ Benewens haar oortuiging dat haar volksgenote so 'n ontmoeting sou afkeur, het Tibbie ook meer persoonlike redes gehad.¹⁸⁰ Sy was deeglik daarvan bewus dat die politiek in Suid-Afrika 'n mynveld was en dat enige ondeurdagte optrede so kort voor 'n algemene verkiesing verreikende politieke gevolge kon hê. Daarbenewens het sy gevoel dat Onze Rust eenvoudig nie in 'n toestand was om die koningspaar te ontvang nie. Die opstal was daarvoor te verwaarloos en selfs vervalde.

Uiteindelik het sy tog die koningspaar by Colin se huis in Waverleyweg, Bloemfontein, ontmoet. By die geleentheid was Colin en Rae, Hannah en Gladys, asook dr. en mev. W. Liebenberg, (Tibbie se kleindogter ook teenwoordig).¹⁸¹ Emmie en Tibbie Visser het egter geskitter deur hul afwesigheid. The Friend het in 'n voorbladberig 'n foto van Tibbie saam met die Britse koningsgesin en ook Colin en Rae geplaas. Hoewel die berig op die voorblad geplaas is, was daar geen blyke van enige twispunt soos onderling onder die Afrikaners gewoed het nie. Die opskrif lui slegs: "Royal visitors meet President's widow". In Londen, weg van die Suid-Afrikaanse politieke beïnvloeding, het haar kleinkind, Jan Steyn, hom verlustig in die eer wat haar te beurt geval het. "Mens voel sommer trots dat die mense besef hoe 'n wonderlike Oumatjie ons het", skryf hy aan Tibbie, "en dat die Koning al die pad na die 'mountain of the Free State' moes ry".¹⁸²

Dat Tibbie deur die onenigheid in haar familiekring diep geraak is en dat sy as gevolg van die dood van soveel vertrouelinge vereensaam het, is gewis. Sy het egter vreugde gevind in die doen en late van haar kinders en kleinkinders. In die veertigerjare was haar kleinkinders meestal tienderjariges en ouer wat verwyderd gestaan het van die destydse armblanke en die byna obsessioneel politiek bewuste Afrikaner van 'n vorige geslag. Die Anglo-Boereoorlog het hulle meestal geassosieer met bejaardes en herinnerings, volksfeeste en toesprake. Die nuwe geslag was meestal verteenwoordigend van 'n moderne en verstedelike Afrikaner, gegradeer, verfyn en selfverseker, terwyl politiek in Theunis (jr.) se woorde in elk geval nie te ernstig beskou moes word nie.¹⁸³ "Wat ek sonder my klompie klein

179 VAB A156 1/1/37 Harper Martins (Bloemfontein) - RIS 10 Maart 1947.

180 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 15 Maart 1947.

181 The Friend 10 Maart 1947.

182 VAB A156 1/1/23 Jan Steyn (Londen) - RIS 15 Maart 1947, 16 Junie 1947; Ineg PV181 2/8/1/1/27 Ella (Pollsmoor Goewermentsdorp) - RIS 11 Maart 1947.

183 VAB A156 1/1/23 Theunis (jr.) (Kaapstad) - RIS 24 September 1941.

kinders sou doen weet ek nie, want hulle beteken ontsaglik veel vir my", het Tibbie aan dr. Muller voor sy dood geskryf.¹⁸⁴ Dit was 'n refrein wat tot in die vyftigerjare meermale in haar korrespondensie aanwesig was.¹⁸⁵ Sy was nou nie noodwendig meer die fisiese maat nie, eerder die geestelike maat, die emosionele stut, die immer aanwesige eregas by 'n skoolkonsert, 'n gradeplegtigheid en 'n bruilofsfees. Een so 'n huwelik was dié van Emmie se dogter, Iona, met Geoffrey Godley in Junie 1941 in die Groote Kerk in Kaapstad. "Die vernaamste gas by hierdie gewilde geleentheid", het Die Burger berig, "was die grootmoeder van die bruid, mev. (pres.) Steyn wat ... spesiaal van Bloemfontein (ge)reis het". Soos altyd was Tibbie volgens die gebruik van destyds "mev. president", deftig uitgedos in swart en 'n vrolike en waardige figuur, deel van die heuglike dag. Die Godleys het hulle wittebrood op Onze Rust deurgebring.¹⁸⁶

Behalwe vir talle kleinkinders wat in die veertigerjare in die huwelik getree het, het twee van Tibbie se dogters skielik besluit om te trou. Gladys is op een-en-vyftigjarige ouderdom op 15 Augustus 1942 getroud in die St. Josephuskerk in Durban met Walter Bosman, 'n bejaarde wewenaar en maatskappydirekteur, wat ses-en-twintig jaar ouer was as sy.¹⁸⁷ As seun van 'n konsul-generaal van Nederland in Hong Kong was Walter half-Chinees, 'n outeur van verskeie boeke en 'n skilder van formaat.¹⁸⁸ Hoewel Tibbie ingenome moes gewees het met Gladys se besluit om haar uiteindelik in die huwelik te begewe, moes sy nogtans die feit dat Gladys uit die provinsiale raad moes tree en haar in Durban sou vestig betreur het.¹⁸⁹ Uit Nerina se uitgesproke korrespondensie met haar ouers van Onze Rust af skemer haar onvergenoegdheid met Walter se besoeke saam met Gladys op die plaas deur. Nerina het dit naamlik as 'n seën beskou dat oom Walter eerder saam met Gladys op haar werwingsrondtes ry "want wat ons op dees aarde met hom bedags hier sou aanvang - ek huiwer om daaraan te dink".¹⁹⁰ Walter was geen Afrikaner nie, meer "Oosters van inslag" volgens Tibbie se kleinseun, regter M.T. Steyn. Sy geneigdheid verder om 'n oormaat vriendelikheid teenoor die jonger damesgeslag te betoon, kon moontlik vir die ongemak van Nerina verantwoordelik gewees het.¹⁹¹ Tibbie se diskresie sou haar weerhou het van sulke uitlatings, tog skemer dit deur

184 VAB A160/69 RIS (Vreugde) - HPNM 28 April 1937.

185 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 19 Junie 1944.

186 Die Burger 30 Junie 1941.

187 OR Huweliksertifikaat Gladys spesiale lisensie 89063, 15 Augustus 1942; Die Vrystater 18 Augustus 1942; The Friend 17 Augustus 1942.

188 Brief appèlregter M.T. Steyn (Appèlhof Bloemfontein) - skryfster 31 Augustus 1992; Die Vrystater 13 Augustus 1942.

189 NGKA OMS Notule 1937-1943, 29 Oktober 1942.

190 KAB 969/5 Nerina (OR) - Emmie 28 Julie 1943.

191 Mededeling appèlregter M.T. Steyn 14 April 1994.

dat sy haar en Gladys se geselstydjies wat nou deur Walter in beslag geneem is baie mis.¹⁹² In die jare daarna tot met Walter se dood in Oktober 1946 het Tibbie gereeld by hulle in Durban gaan kuier.¹⁹³ Tibbie het nogtans ietwat verbaas gestaan dat Gladys lank nadat Walter oorlede was, nog oor hom getreur het.¹⁹⁴

Op 15 Mei 1943 is Tibbie van der Merwe op agt-en-veertigjare ouderdom getroud met dr. C.F. Visser, 'n voormalige rektor van die Normaalkollege in Bloemfontein en hoofleier van die Voortrekkerbeweging.¹⁹⁵ Vanweë hul gesamentlike kring van vriende en belangstellings, die feit dat hulle albei hul lewensmaats vroeg verloor het en dat hul politieke ingesteldheid ooreengestem het, het hulle perfek by mekaar gepas.¹⁹⁶ Emmie was geensins gediend met Tibbie van der Merwe se tweede huwelik nie. Hieraan het haar moeder, haar egter min gesteur. As ouma, as moeder, as deelgenoot op Onze Rust en veral as skoonmoeder het Cornelius - alhoewel hy nooit Nico se plek kon inneem nie - die gelukkige huislike lewe aangevul. "He is already just one of us", het Tibbie aan Margaret Gillet geskryf, "and a great favourite with us all". Vir Tibbie was die grootste vreugde dat haar dogter nou na haar dood versorg sou wees en dat Cornelius ingestem het dat die egpaar hulle op Onze Rust kon vestig.¹⁹⁷ Uit korrespondensie blyk dit duidelik dat Tibbie bykans dieselfde toegeneentheid jeens Cornelius Visser gekoester het as teenoor Nico. Hierdie gevoel was wedersyds.¹⁹⁸ In plaas daarvan dat Onze Rust leër geword het, het dit letterlik uit sy nate gebars met die "gedwarrel" van almal om plek vir Cornelius se meubels in die plaashuis te vind sonder dat dit volgens Nerina "soos 'n vertoonkamer in die huisraadafdeling" sou lyk.¹⁹⁹

Nerina wat in 1943 'n MA-graad in Afrikaans-Nederlands van die Universiteit van Kaapstad verwerf het, het tydelik op Onze Rust vertoef waar sy Tibbie se jeugherinneringe, historiese dokumente, korrespondensie en geskenke van geskiedkundige waarde versamel het met die oog op die skryf van 'n biografie.²⁰⁰ Oor die bestaan van 'n manuskrip wat bykans voltooi was, kan daar geen twyfel

192 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 7 Oktober 1943.

193 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 24 Julie 1944, 28 Augustus 1944; A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 23 November 1944; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 20 September 1947; A594/1 Gladys - Michelle Askew 15 Februarie 1971; *The Friend* 15 Oktober 1946.

194 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 20 September 1948.

195 *Die Volksblad* 17 Mei 1943; Ineg PV181 10/1/1/3 Uitnodigingskaartjie huwelik C.F. Visser en Tibbie van der Merwe 15 Mei 1943.

196 Ineg PV181 2/1/1/1/6 DFM - Tibbie van der Merwe 24 Maart 1943; PV181 12/1/1/1/6 W. Nicol (Pretoria) - Tibbie van der Merwe 19 Maart 1943; PV181 2/1/1/1/6 Miss Hannie (Aliwal-Noord) - Tibbie van der Merwe 22 Maart 1943; PV181 2/1/2/2 Telegram Patrick Duncan - dr. en mev. Visser 15 Mei 1943.

197 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 15 Junie 1943.

198 VAB A156 1/1/40 RIS - Arthur Gillet 9 April 1943; A156 1/1/42 RIS - Emmie 19 Julie 1943.

199 KAB A969/7 Nerina Ferreira (OR) - Emmie 3 Mei 1943.

200 *Die Volksblad* 2 Oktober 1943; VAB A156 1/1/40 RIS - Arthur Gillet 9 April 1943.

wees nie; die bestaan daarvan is ook in Die Volksblad van destyds vermeld. Sowel Nerina, wat die outeur daarvan was as regter M.T. Steyn, teenoor wie Tibbie haar spyt oor die vernietiging van die manuskrip oorgedra het, bevestig ook die bestaan daarvan "en dat dit byna klaar was". In April 1943 meld Nerina verder aan haar ouers dat dit nie die skryf van die manuskrip is wat haar hoofbrekens besorg nie, maar wel die afronding daarvan.²⁰¹ Teen 14 Junie het sy reeds 200 folio's getik.²⁰² Nerina maak aan die begin van Augustus melding van korrespondensie wat sy onverwags uit bliktrommels en kussingslope gehaal het om te gebruik.²⁰³ Teen die einde van Augustus was die manuskrip byna finaal afgerond: Nerina wou slegs nog enkele feite uitklaar met persone wat almal nog geleef het.²⁰⁴ Die manuskrip wat in 'n kluis toegesluit is terwyl Nerina vir 'n besoek in die Transvaal was, is uit die kluis verwyder en verbrand.

Die rede vir die vernietiging daarvan het gelê in die inhoud van die manuskrip: Tibbie is inderdaad té realisties-menslik voorgestel: die gewone bewieroking of sentimentaliteit was afwesig. Dat Tibbie in staat was om 'n skindernussie of wat te kon inbring in 'n vertelling, of dat sy gebuk gegaan het onder dieselfde ydelheid as die res van die vroulike geslag, het eenvoudig nie gestrook met 'n goed gestruktureerde volksmoederbeeld nie. Die vernietiging van die manuskrip het Tibbie egter vir goed gestroop van haar beeld as 'n warme persoonlikheid. Dit is volgens Tibbie se kleinseun, regter M.T. Steyn, "een van daardie godskreie misstappe wat maar deur enige familie van tyd tot tyd begaan is".²⁰⁵

Nerina het die lewe op Onze Rust in eksplisiete briewe aan haar ouers geskets. Die korrespondensie wat vanselfsprekend nie vir publikasie bestem was nie, is verfrissend en oorspronklik in hul egtheid. Deur Emmie se skenking van die J.S. du Toitversameling aan die Kaapse Argiefbewaarplek het dit bewaar gebly. Met haar kleinkinders het Tibbie 'n besondere verhouding gehad, al het sy soms slegs ternouernood bygekom met die byderwetse opvattinge van die jeug. Sy het haar veral verkneukel in wat Nerina in haar eie woorde "my dikwels onortodokse handelswyse" noem.²⁰⁶ Alhoewel Tibbie in 1943 reeds agt-en-sewentigjaar oud was en in haar kleredrag en die meeste van haar waardes 'n tipiese Victoriaanse vrou, het sy nooit die onbuigsame voorskrytelikhede waarmee sy groot geword het van haar kinders en veral van haar kleinkinders verwag nie. Die buigsamheid in haar

201 VAB A969/7 Nerina (OR) - ouers 29 April 1943, 24 Maart 1943.

202 KAB A969/7 Nerina (OR) - ouers 14 Junie 1943.

203 KAB A969/7 Nerina (OR) - ouers 3 Augustus 1943.

204 KAB A969/7 Nerina (OR) - ouers 31 Augustus 1943.

205 Brief Appèlregter M.T. Steyn - skryfster 31 Augustus 1992; Mededeling 14 April 1994.

206 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 28 Julie 1943.

persoonlikheid het haar vatbaar gemaak vir ander, moderne norme en gewoontes. Sy kon gevolglik haar waardesistees aanpas en sy het haar so toeganklik vir haar kleinkinders gemaak. Indien Nerina eerder van 'n tikmasjien gebruik wou maak om korrespondensie te beantwoord, maak Tibbie geen kwessie daarvan nie ten spyte van Hannah se "ongelowige, viesse gesig" wat geskok is oor dié oortreding, aangesien dit doeltreffender is as die Victoriaanse norm van handgeskrewe briewe.²⁰⁷ Haar eie streng waardes van netheid en ordelikheid in haar huishouding het nie in gedrang gekom toe Nerina se bak- en brou-proses haar kombuis in chaos gelaat het nie: Nerina kon haar immers na haar volle potensiaal uitleef. Dat Tibbie se "godespyse van hoenderlewers" - die ete van die volgende dag - in die honger maag van Nerina in die middernagtlike ure verdwyn, verskaf Tibbie innerlike genoegdoening omdat sy van mening was dat dit haar voorreg as ouma was om die nageslag te bederf. Sy kon in elk geval nog baie lewers voorberei.²⁰⁸

Nerina se gekompliseerde liefdeslewe bied 'n verdere blik op Tibbie se aanpasbaarheid en haar gawes as ouma. Dit is vir haar byvoorbeeld onbelangrik dat feitlik elke norm van haar eie formele hofmakery van weleer, goedsmoeds tersyde gestel word en dat Nerina omtrent elke konvensie met die grootste gemak oorboord gooi. Tibbie se sin vir humor word geprikkel deur Nerina se humoristiese beskrywings van mense en gebeure en veral die manewales van die hofmakers. Sy is die besorgde ouma as Nerina se problematiese tienervel haar weghou van haar druk sosiale program en wend haar kennis van boererate en ander medisyne aan om die probleem die hoof te bied.²⁰⁹ Met Tibbie se onvoorwaardelike aanvaarding van haar kleinkinders kry Nerina die geleentheid om die lewe, soos sy dit stel, te beproef en te deurleef.²¹⁰ Terwyl sy Awie (A.B.W.) Ferreira, 'n mediese dokter by die Nasionale Hospitaal in Bloemfontein, aan 'n lyntjie hou, is daar ook sprake van Oosie die soldaat. Tibbie se voorkeur lê eintlik stilletjies by Awie omdat hy volgens die spottende opmerking van Nerina "net die man (is) om my 'n 'different person' te maak",²¹¹ alhoewel Oosie net so wonderlik is. "Ek het die grootste pret met Oumatjie", skryf Nerina aan haar ouers, "nadat sy gehoor het dat Oosie in die omtrek (is), of op die doeke gekom het, (kan) sy self nie besluit watter kant harder te druk nie, die Awie-en-hy-sal-nog-regkom-kant of die I-was-always-fond-of-Oosie-kant nie! Nou af en toe lui die derde klokkie: we-must-get-out-some-nice-young-men".²¹² Tibbie verlustig haar in Nerina se geterg, in haar uitgesprokenheid

207 VAB A156 1/1/42 RIS (OR) - Emmie 6 Maart 1943.

208 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 7 Maart 1943.

209 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 5 Junie 1943.

210 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 23 Junie 1943.

211 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 10 Mei 1943.

212 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 3 Mei 1943.

en in die moderne jeugdigheid wat ligjare ver verwyder is van die Victoriaanse nooi van sestig jaar tevore. Sy is haar kleindogter se vertroueling en die konfidentiële sake wat tussen hulle bespreek word, bly vertroulik.²¹³ Tibbie maak van die verbreking van die verhouding tussen Awie en Nerina geen strydpunt nie. Nerina beskryf aan haar ouers Tibbie se reaksie toe sy haar hieromtrent inlig. Nadat sy Tibbie naamlik gevra het of sy al die teleurstelling van die mislukte botterkoekies te bowe gekom het en of haar hart sterk voel, breek sy die nuus: "Sy (Tibbie) het verskeie kere gelag, vir my gekyk en weer gelag. Toe gesnuif, en gesê agnewat jy speel. En weer gelag. En binne vyf minute van Jacques gehoor of hy nie 'n mooi ongetroude professortjie aan die universiteit ken nie".²¹⁴

Nerina se reaksie van lighartige voortsetting van haar lewe is buite Tibbie se ervaringsveld. Nêrens skyn dit of die gaping groter is tussen die bejaarde dame en die twee-en-twintigjarige jongmeisie nie. Dit is egter net skyn want hulle verstaan mekaar goed. So hardloop Nerina 'n koue wintersoggend na die motor om 'n volgende afspraak na te kom. Tibbie, wat haar nie kon inhaal nie, roep van die huis af: "Girlie what happened last night? Honey no reconciliation but the going was good! Eh?! Ouma I said we kissed an awful lot! Eh?! Childie, Tibbie, Emmie ... maar ek moes spring om die motor te haal".²¹⁵ Alhoewel Nerina haarself in hierdie stadium ietwat gering ag en haarself as "temperamenteel ... en onstabiel" beskou,²¹⁶ is sy in die oë van haar liefdevolle ouma "'n sjarmante mooi dogter".²¹⁷ Tibbie is verheug toe Nerina besluit om tog verloof te raak aan Awie en dit op 2 Oktober 1943, die herdenking van Theunis se geboortedag.²¹⁸ Dat Nerina steeds voel "soos een van die ... goud vissies ... wat snak na asem - in 'n net", beskou Tibbie en Emmie in daardie stadium nog nie as gevaartekens nie.²¹⁹ Die verlowing bied vir Tibbie die geleentheid om haar kleindogter na hartelus te bederf. Sy reël vir Nerina 'n tennisparty en 'n dinee. Die motor is tot Nerina se beskikking, 'n saal, 'n orkes, 'n oordaad eet- en drinkgoed.²²⁰

Die mislukking van die huwelik binne drie jaar tref Tibbie totaal onkant. Sy was uit 'n vroeëre geslag waarin van die vrou verwag is om haar slegs binne die huwelik uit te leef en hierdie opskorting van 'n pligsbesef was heeltemal vreemd aan haar aard

213 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 19 Julie 1943.

214 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 17 Maart 1943.

215 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 1 Junie 1943.

216 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 5 Junie 1943.

217 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 6 Maart 1943.

218 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 19 Julie 1943; Die Volksblad 2 Oktober 1943; KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 28 Julie 1943.

219 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 28 Julie 1943.

220 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 28 Julie 1943.

en agtergrond. Haar intense teleurstelling spreek uit hierdie woorde aan Margaret Gillet: "She (Nerina) writes to me, her divorce means far more to her than ever the marriage ...!! it is a divorce the like I have never heard (of)".²²¹ Tibbie het gehoop dat die band van liefde versterk sou word deur die koms van 'n baba, Anton. "Ek het Awie so bemin ... en gedink Nerina kon nooit dit gelukkiger getref het. Nooit weer sal ek daarvoor skrywe nie."²²² Anton is deur sy ouma op Vreugde grootgemaak.²²³

"Ek is gelukkig op Onzerust" het Nerina in 1943 aan haar ouers geskryf, "ons lag so baie".²²⁴ Ook die ander kleinkinders kon getuig van die geluk en eregas-status waarmee iedere kleinkind op Onze Rust behandel is. Een van die grootste tekortkominge in Tibbie se persoonlikheid was volgens haar kleinkind, N.J. van der Merwe (jr.) haar onvermoë om enige gebreke in 'n ander raak te sien: dat dit gegeld het vir iedere kleinkind was 'n voldonge feit.²²⁵ Saam met dié persoonlikheidseienskap van Tibbie was haar onwilligheid om streng dissiplinevereistes te stel. Trouens dit was reeds veertig jaar tevore vir 'n buitestaander soos Margaret (Clark) Gillet duidelik dat Tibbie toe reeds "seem(ed) to exercise very little control" oor haar eie kinders.²²⁶ Oor haar kleinkinders soos oor haar kinders was sy hoegenaamd nie die gedugte Victoriaanse tugmeester nie. Dié gedagte sou in elk geval teenstrydig met haar hele persoonlikheid gewees het. Vir haar was haar kleinkinders heeltemal sonder smet.

Die "onhebbelike spul kleinkinders en (hul) maters", in Nico (jr.) se woorde, wat "die mensdom geteister het" en elke vakansie op Onze Rust toegesak het, was vir Tibbie 'n ware vreugde. Terwyl sy dit self nie te breed gehad het nie was die uitgawes aan die klomp gaste vir haar niksseggend en onbelangrik. Haar hipernetjiese gees was onaangeraak deur die wanonordelikheid en rumoer wat die intrek van soveel jong mense sou meebring. Die dagboekinskrywing van 26 Desember 1938 van Nico van der Merwe (sr.) kon net so gegeld het vir die jare daarna: "Twaalf kinders nou op plaas met wereld (sic) op horings".²²⁷ Vir Hannah wat 'n gereelde kuiergas was, was die rumoer soms té erg: "Mammie how can you stand all the noise and romping. I don't know". Die uitgelatenheid het nie by Tibbie

221 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 1 Maart 1946.

222 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 4 November 1945.

223 Ineg PV181 2/8/1/1/29 Emmie - RIS 2 Julie 1949.

224 KAB A696/7 Nerina (OR) - ouers 23 Junie 1943.

225 Van der Merwe, N.J. (jr.), "Ouma", *Nuntius* c. 1986.

226 Schoeman, K., *In liefde en trou, ...*, p. 115 Dagboekinskrywing M. Clark 31 Januarie 1905.

227 Ineg PV181 5/2/2/5 Dagboek N.J. van der Merwe (sr.) 21 Desember 1938 - 22 Junie 1940.

vasgesteek nie; wel dat haar kleinkinders welkom was en dat hulle haar, soos sy dit genoem het, jeugdig hou.²²⁸

Dat Tibbie voortdurend voortreflike eienskappe in haar kleinkinders ontdek het waarvan hulleself en, in die meeste gevalle, ook hulle ouers onbewus was, het algaande duidelik geword. Sy het byvoorbeeld nie die verwoesting bo die prentelys in die spaarkamer raakgesien toe Theunis (jr.), Jan Steyn en 'n jeugvriend Hendrik Hickman, hulle voorletters met 'n .22-geweer daar uitgeskiet het nie. Sy was intendeel met bewondering vervul omdat haar kleinseuns "so goed kon skiet" en het enigiemand verbied om dit toe te pleister ten spyte van hewige teenkating van Tibbie Visser. Sluip Theunis (jr.) op die dak rond en gooi 'n paar bakstene by die skoorsteen af met ramspoedige gevolge vir die kaggelsitters, pak Tibbie die skuld op 'n rukwind. Steel hulle soos Nerina nie lewerspyse nie maar wel blikkies kondensmelk wys dit vir Tibbie hoe noodsaaklik die kondensmelk vir 'n groeiende liggaam is. Word die plaasmotor gesteel om 'n rolprentvertoning in Bloemfontein by te woon, ontdek Tibbie 'n ondernemingsgees in die skuldiges. Sy sien eerder die kunswerk raak agter die reusagtige swatstika wat Nico van der Merwe (jr.) en 'n jeugvriend spesiaal vir genl. Smuts se koms na Onze Rust op 'n opsigtelike plek geverf het. Die verleentheid wat hierdie pro-Duitse gebaar skep vir die volwassenes, insluitende Tibbie se kinders en waarskynlik vir die generaal neem sy nie te ernstig op nie.²²⁹

Die rustige kalmte en onweerstaanbare gemoedelikheid wat van Tibbie uitgestraal het, was verantwoordelik daarvoor dat daar min onenigheid geheers het ten spyte van baie gaste met verskillende geaardhede, agtergronde en ouderdomme. Ten spyte van petrolrantsoenering in die Tweede Wêreldoorlog skryf Tibbie aan Margaret Gillet: "with 15 grandchildren, in laws and eleven great grandchildren and a large circle of friends, we have a busy time always at Onze Rust".²³⁰

Haar onweerstaanbaarheid as ouma het laastens daarin gelê dat sy geglo het dat geen kleinkind "die lewe kon behou sonder gedurige medikasie in die vorm van roomys en lekkers nie". Daarby was sy van mening dat geen bestuurslisensie of -vernuf nodig was vir enige kleinkind om haar Bloemfontein toe te neem nie. Haar vermoë om die stories uit die Anglo-Boereoorlog boeiend te kon vertel, het alles saamgewerk om van haar 'n uithaler-ouma te maak.

228 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 25 Junie 1924.

229 Van der Merwe, N.J. (jr.), "Ouma", *Nuntius* c. 1986; brief appèlregter M.T. Steyn (Appèlhof Bloemfontein) - skryfster 31 Augustus 1992.

230 VAB A156 1/1/10 RIS - Margaret Gillet 1 Februarie 1944.

Vir Tibbie was Onze Rust "gewyde grond" waarop sy gehoop het om tot aan die einde van haar lewe te kon bly.²³¹ Soos Tibbie ouer geword het, het haar verknogtheid aan die grond vir haar familieledede opvallender geword. Elke keer het Tibbie met groter huiwering die plaas verlaat omdat sy gevrees het sy sou op 'n ander plek as Onze Rust te sterwe kom.²³² Soos genl. Smuts van Doornkloof, sy woning buite Pretoria, of J.X. Merriman van Schoongezicht, sy woning buite Stellenbosch, gebruik gemaak het om lafenis vir die siel te vind, so het Onze Rust vir Tibbie en haar familieledede dieselfde rol vervul. Tibbie was in die eenvoud van die informele huislike lewe tot met haar verhuising na Bloemfontein in die vroeë vyftigerjare steeds die middelpunt van die lewe op Onze Rust. Vir diegene wat die stilte opgesoek het, was die studeerkamer daar of die ruimtes van die veld. So het Tibbie en haar skoonseun, Nico van der Merwe, vroeg een stil Sondagoggend "per motor ... tot by Bosrand gaan ry".²³³

Die plaashuis het skaars met die verloop van die jare verander. Daar was maar altyd 'n windpomp wat moes opgerig word, 'n oes wat geplant moes word of 'n skaap wat moes aangekoop word sodat daar "never any left ... was ... to spend on the house".²³⁴ Buiten die aanbou van 'n ekstra badkamer in 1913 en die omskepping van die noordstoep in 1941 na 'n sonkamer is daar deur die jare geen strukturele veranderings aan die plaashuis aangebring nie. Nico (sr.) se studeerkamer wat hy vir homself naby die tennisbaan laat bou het, het apart van die huis gestaan.²³⁵

Met Colin se siekte het die maer jare vir Onze Rust aangebreek. Dit het met die nasionale depressie en die droogte van 1933 krisis-afmetings bereik. 'n Tweede verband van £5,000 wat Colin uitgeneem het, het 'n rentelas van £325 per jaar meegebring wat hul eienaarskap in die gedrang kon laat kom het.²³⁶ "Dit sou my ter harte gaan", het Tibbie in 1930 aan dr. Muller geskryf, "as die plaas verkoop moet word".²³⁷ Nico van der Merwe (sr.) wat die verantwoordelikheid vir die hele plaas met sy intrek in die plaashuis op hom geneem het,²³⁸ het saam met Tibbie magteloos gestaan teenoor die probleme. Daar was die jarelange droogtes, die versengende hitte, die geweldige stofstorms, die 400 gevrekte skape en die lae wolpryse van die

231 VAB A160/69 RIS - HPNM 6 Augustus 1937.

232 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 24 Augustus 1943.

233 Ineg PV181 5/2/2/2 Dagboek Nico van der Merwe 23 Desember 1936 - April 1932, 11 Januarie 1931.

234 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 8 Mei 1923; Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 7 Desember 1924.

235 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 5 Mei 1929.

236 VAB A160/69 RIS - HPNM 6 Augustus 1937.

237 VAB A160/69 RIS - HPNM 27 Julie 1930.

238 Scholtz, G.D., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940, p. 140; VAB A156 3/4 RIS - Cila Fichardt 5 Julie 1930.

vroeë dertigerjare.²³⁹ Dit is slegs die pensioen wat die staat in die laat twintigerjare aan Tibbie toegeken het wat Onze Rust van ondergang gered het.²⁴⁰

Nico (sr.) wat die leidinggewende figuur op Onze Rust was, is boonop aan die begin van die veertigerjare oorlede. Daarby het die wol- en mieliepryse in dié tyd nie noemenswaardig verbeter nie.²⁴¹ Tydens die oorlogsjare was arbeid ook moeilik bekombaar.²⁴² Die maer jare het duidelik langer geduur as die spreekwoordelike sewe jaar. "Die gras staan nou oor die mense se knie", het Nerina in 1943 aan haar ouers geskryf. "Die tuin soos die res van Onzerus (sic) is adellike agteruitgang".²⁴³ Tibbie was self bewus daarvan dat veertig jaar sy tof van die plaashuis geëis het. "The years", skryf sy aan Margaret Gillet, "tell its own sad tale".²⁴⁴

Theunis (jr.) se terugkoms na Onze Rust in September 1947 het egter 'n kentering meegebring. Nadat hy sy finale B.A. LL.B-eksamen in 1944 aan die Universiteit van Kaapstad geslaag het, ²⁴⁵ is hy met die Uniemagte na Italië. "Margaret,", het Tibbie aan haar vriendin geskryf, "if anything was to happen to that boy, it will break my heart".²⁴⁶ Hiervandaan het hy 'n lewendige korrespondensie met Tibbie gevoer. "Om vir Ouma alles te vertel wat ek gesien en gedoen het ... sal maar wag totdat ek een oggend vroeg by Ouma op die bed kan kom sit en al my stories oor 'n lekker koppie Onzerust koffie vertel".²⁴⁷ Hy het nostalgies na sy terugkoms na Onze Rust uitgesien en geglo dat "darling Granny ... will be there to welcome me, still and always, the most beautiful & gracious lady I know".²⁴⁸

In oorleg met Colin het Theunis (jr.) na sy terugkoms uit Italië dinge reggeruk op Onze Rust.²⁴⁹ Weideman, die bestuurder en chauffeur wat die plaas in 1946 verlaat het, se huis is afgebreek en die stene aangewend vir 'n nuwe skuur.²⁵⁰ Die woonhuis is geverf, nuwe geute ingesit, moderne bedrading van binne aangebring en 'n nuwe petrolenjinn vir die ligte geïnstalleer.²⁵¹ Om al sy verbeterings op die plaas aan Tibbie te wys, het Theunis haar met sy motor rondgeneem.²⁵²

239 VAB A160/69 RIS - HPNM 24 Februarie 1932, 28 November 1933, 9 Junie 1933.

240 VAB A160/69 RIS - HPNM 6 Augustus 1937.

241 VAB A160/69 RIS - HPNM 17 Augustus 1939.

242 VAB A156 1/1/43 RIS - Emmie 10 Desember 1943.

243 KAB A969/7 Nerina (OR) - Emmie 7 Maart 1943.

244 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 19 Junie 1944, 13 Mei 1945.

245 Die Volksblad 4 Julie 1944; SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/5.12 Die Vrystater c. Julie 1944.

246 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 19 Junie 1944.

247 Ineg PV181 2/8/1/1/25 Theunis (jr.) (Italië) - RIS 29 Mei 1945.

248 Ineg PV181 2/8/1/1/25 Theunis (jr.) (Italië) - RIS 24 Februarie 1945.

249 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 18 Julie 1948.

250 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 17 Januarie 1946, 10 Julie 1948.

251 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 18 Julie 1946 (sic) 1948, 10 Julie 1948, 2 April 1949; A156 1/3/4 RIS - Hannah 8 April 1949; A156 1/1/22 Theunis - RIS 7 Februarie 1950.

252 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 31 Oktober 1948.

"So iets", skryf Tibbie aan Emmie, "as in die rondawel sit gedurende die dag sien jy nie meer nie".²⁵³ Theunis se vrou, Yvonne was 'n uithaler-tuinier en onder haar sorg is 'n pragtige tuin op die voormalige speelplek van Tibbie se kleinkinders aangelê.²⁵⁴ Dit was vir Tibbie, reeds drie-en tagtig jaar oud, 'n vreugde om weer "een hier te hê wat dinge op die plaas so mooi kan reël".²⁵⁵ In afwagting op 'n nuwe erfgenaam van Onze Rust in die geboorte van Theunis (jr.) se seun, 'n verdere M.T. Steyn, het dit in 1950 geskyn of die vet jare uiteindelik aangebreek het. Die blomtuin was pragtig, die vee spekvet en die damme tot oorlopens toe vol.²⁵⁶ Die aanloop van besoekers by die jong Steyn-egpaar was sodanig dat dit Tibbie herinner het aan die groot besoekersgetalle aan haar eie ouerhuis, die pastorie op Philppolis.²⁵⁷ In een van haar laaste briewe aan Margaret Gillet wat sy gedikteer het aan Gladys, skryf Tibbie: "It is a great joy to us that Theunis & Yvonne love the farm and look after it".²⁵⁸

Op 5 Maart 1945 het Tibbie tagtig jaar oud geword.²⁵⁹ In plaas van die gebruikelike amptelike funksie het Tibbie en Jacques hul verjaarsdag daardie jaar stil te midde van familie en vriende op Vreugde gevier. Buiten haar familiekring moes Tibbie nog die gelukwensing van ses deputasies, van onder meer die OVV, die Voortrekkers, die FAK en die moderator van die Vrystaatse NG Kerk ontvang het. Die stroom besoekers het daardie aand tot byna tienuur voortgeduur. Tibbie is verder met blomme, telegramme en briewe afkomstig uit die hele Suid-Afrika oorlaai.²⁶⁰

Sy het 'n gelukkige oudag beleef omgewe met liefde van kinders, kleinkinders en vriende.²⁶¹ Soos haar tydgenoot en vriendin, Sophie Levisieur, het Tibbie ervaar dat "the tragedy of old age is that the spirit always remains young" terwyl die liggaam stadigaan afgetakel word.²⁶² Die grootste gawe van die verouderingsproses het Tibbie met grasia bemeester: 'n stille berusting, 'n aanvaarding van die groter beperkings op liggaamlike vermoëns en op 'n vindingryke ondernemingsgees, en

-
- 253 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 9 Januarie 1949.
 254 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 30 Oktober 1949, 3 November 1949.
 255 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 25 Mei 1948.
 256 VAB A156 1/2/23 Theunis (jr.) (OR) - RIS 3 April 1950.
 257 VAB A156 1/1/39 RIS - Hannah 30 September 1950.
 258 VAB A156 1/1/40 Gladys (nms. RIS) - Margaret Gillet 31 Julie 1952.
 259 VAB A156 1/1/22 Cornelius Visser (OR) - RIS 1 Maart 1945, 8 Maart 1945; A156 1/1/24 Eugenie (Bloemfontein) - RIS c. Maart 1945; A156 1/1/24 C.J. Haasbroek (Bloemfontein) - RIS 5 Maart 1946; A156 1/1/24 Ella Fischer (Harmonie) - RIS 3 Maart 1945.
 260 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 13 Mei 1945; A156 1/2/3 Gebinde boek met telegramme van private en amptelike instansies 1945.
 261 VAB A13/1 RIS - Maynie Fleck 12 Januarie 1946.
 262 Ineg PV181 2/8/1/1/27 S. Levisieur (Bloemfontein) - RIS 7 Mei 1947.

uiteindelik skikking aan die onvermydelike. Dat "God goed (vir) my gewees het", het Tibbie tot dankbaarheid gestem.²⁶³

"As my ou lyf sou wees soos my gees", het Tibbie aan 'n vriendin geskryf, "sou ek 'n wonderlike sterk ou vrou gewees het".²⁶⁴ Onvermydelik moes Tibbie ondervind dat haar liggaamlikskragte afneem. Dit was vir haar veral moeilik dat sy nie meer "na hartelus", soos sy dit uitgedruk het, kon lees en skrywe nie.²⁶⁵ Haar dae het langer geword en sy was soos Theunis destyds, meer aangewese op geselskap of 'n Samaritaan wat vir haar uit die koerante kon voorlees.²⁶⁶ Tibbie was binneshuis op 'n wandelstok aangewese en indien sy die krale of die tuin wou besoek, is sy soontoe in 'n rystoel gestoot.²⁶⁷ Sy kon haar makliker indink in "wat Oupa se hulpeloosheid hem moes gekos het".²⁶⁸ Die humor van haar situasie het haar egter nie ontsnap nie. Op Stilbaai se strand waar sy saam met die Vissers met vakansie was, is sy openlik aangegaap toe sy met haar rolstoel oor die sand met 'n tou getrek is en 'n menigte haar van agter gestoot het terwyl sy tot onder haar ken met stranddoeke toegepak is.²⁶⁹

Haar gehoor het toenemend verswak en wanneer die battery van haar gehoorapparaat afgeloop was, was sy heeltemal uitgesluit van 'n geselskap of 'n persoonlike geselsie waarvoor sy so lief was.²⁷⁰ "Ag", skryf Tibbie aan Emmie, "die doofheid beroof my van baie plesier, en kan huil as ek nog so graag wil gesels maar as julle praat en ek kan niks hoor (.) ek is seker van skone benoudheid hoor ek nie".²⁷¹ Haar onvermoë om telefoongesprekke te voer, het vir baie humoristiese situasies gesorg.²⁷²

Dit het Tibbie soms gekwel dat haar geheue ook verswak het. "O", het sy aan Emmie geskryf, "my gedagtes beteken min die dae. As ek vergeet om dit dadelik neer te skrywe kan ek niks herinner nie".²⁷³ Dit was egter in haar korttermyn-geheue waar name en detail haar toenemend ontgaan het, wat haar die meeste

263 VAB A13/1 RIS - Maynie Fleck 12 Januarie 1946.

264 VAB A13/1 RIS - Maynie Fleck 12 Januarie 1946.

265 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 18 November 1948; A13/1 RIS - Maynie Fleck 12 Januarie 1946.

266 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 4 Februarie 1948, 23 Mei 1949.

267 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 20 Maart 1948.

268 VAB A156 1/3/4 RIS - Cila 22 Januarie 1931.

269 VAB A156 1/1/42 RIS (Stilbaai) - Emmie 29 Januarie 1947.

270 VAB A156 1/1/42 RIS (Stilbaai) - Emmie 13 Januarie 1947; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, Emmie - RIS 19 September 1949.

271 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 17 Januarie 1946.

272 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 6 Maart 1943.

273 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 14 Oktober 1948.

verleentheid besorg het eerder as haar langtermyn-geheue.²⁷⁴ Iona, Tibbie se kleindogter, was byvoorbeeld in 1947 nog beïndruk met haar ouma se vermoë om gebeurtenisse, besonderhede en datums van lank gelede in herinnering te roep.²⁷⁵ Tibbie was nogtans dankbaar "dat die vriende nie genoeg kan se dat ek op my ouderdom nog so heerlik kan gesels".²⁷⁶ Haar vergeetagtigheid het veral neerslag in haar briewe gevind. Die datum is toenemend foutief aangeteken, die briewe het heelwat korter geword, die inhoud was sedert veral 1948 grootliks herhaling en Tibbie het onwillekeurig na die "hem" en "ik heb" van haar jonger dae begin oorslaan.²⁷⁷

"Op die oog af lyk ek so goed", het Tibbie aan Emmie erken, "en almal kan so liefies sê hoe pragtig lyk jy in die bed, die gesig is nog vol en die oë lyk so lewendig".²⁷⁸ Dit was inderdaad die geval. Yvonne, Theunis (jr.) se eggenote, het Tibbie die eerste keer ontmoet toe sy reeds die rype ouderdom van tagtigjaar verbygesteek het. Yvonne onthou egter nog dat "she looked like a delicate Victorian china doll". Sy het pragtige gelaatstrekke gehad en 'n vel wat tot op 'n hoë ouderdom mooi gebly het.²⁷⁹ Eers in 1950, dus toe Tibbie reeds vyf-en-tagtig jaar oud was, skryf sy dat "die plooië in die gesig lyk my begin nou kom".²⁸⁰ Siekte of ouderdom was nooit vir Tibbie 'n rede om nie te alle tye op haar beste te lyk nie.

Tibbie het nie die kinders se voorspelling dat sy maklik negentig jaar oud sou word, geglo of begeer nie. Sy was dikwels onrustig en bekommer oor wat die toekoms vir haar sou inhou.²⁸¹ Aan Emmie, haar sielemaat met wie sy al haar vreugdes en vrese gedeel het, beken sy dat "ek ... partykeer ... voel of my dae geteld is". Sy het vir haar kinders se ontwil gehoop "om vroeër te verhuis as dit God se wil is. Emmie ek skryf dit net aan jou". Tibbie wou nie ondankbaar wees nie want sy was baie gelukkig. "Maar die ouderdom bring baie moeilikheid vir jouself".²⁸² Indien sy 'n keuse kon hê, sou Tibbie graag haar laaste dae wou slyt op Onze Rust. Sy het haar bedenkinge meer as twee dekades tevore uitgespreek teenoor Emily Hobhouse dat "I wonder if it can be desirable to live to such a great age".²⁸³ Tibbie was nou, meer as in die verlede, onderhewig aan melancholiese oomblikke. Dit is egter spoedig

274 VAB A156 1/1/40 Gladys (nms RIS) (Bloemfontein) - Margaret Gillet 21 Mei 1948; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 16 Julie 1948, 2 Desember 1948.

275 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, Iona (OR) - Emmie 13 Oktober 1947.

276 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 19 Desember 1949.

277 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 8 Januarie 1949.

278 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 14 Oktober 1949.

279 Mededeling Yvonne Steyn - skryfster 27 Januarie 1994.

280 VAB A156 1/1/38 RIS (Vreugde) - Hannah 27 Mei 1950.

281 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 26 Augustus 1949.

282 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 8 September 1948.

283 Ineg PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 19 Augustus 1924.

verdryf deur 'n nuwe bedbaadjie of 'n besoek van Theunis (jr.) of van Colin. Tibbie het dikwels na Emmie verlang sodat "ons weer eenmaal vrolik kan wees".²⁸⁴

Soos haar lewenskwaliteit afgeneem het, het sy toenemend ontvlugting in die verlede gevind.²⁸⁵ Die "gesellige tye ... toe ... Pappie nog geleef het", het haar troos gebied en soms bewoë gelaat maar altyd het sy dit vir haarself gehou. Om haar huismense se verwagtinge nie teleur te stel nie, het Tibbie haar doelbewus ingestel om opgewek te wees.²⁸⁶ Sy het troos gevind in dié aanhaling wat sy in haar moeder se brieweboek gevind het en in haar eie oorgeskrif het: "This is the way of life one should not be blind to it. In youth the world is a bright place full of friends and interests. In old age it is a lonely land people with memoires (sic) and grey with shadows".²⁸⁷ Haar tydgenote, haar vriendekring het ná die twintigerjare gaandeweg kleiner geword.²⁸⁸ "Ai maar dit is swaar", het Tibbie aan Hannah geskryf, "as een liefling na die ander hulle ewige rus moet ingaan".²⁸⁹ Sy kon op Onze Rust vereensaam het. Colin het egter weer 'n motor aan haar geskenk en met 'n uitstekende chauffeur het sy gereeld Bloemfontein toe gery om geselskap op te soek.²⁹⁰

As Tibbie gehoop het die veertigerjare sou vir haar op die politieke akker rus bring, het sy haar deeglik misgis. Die politieke gemoedere op Onze Rust het nog geensins bedaar nie. Tibbie het egter steeds eenheid tussen haar politiek verdeelde familie probeer bewaar.²⁹¹ Tibbie het steeds belang gestel in die standpunte van die verskillende politieke partye maar nêrens kant gekies nie.²⁹² Gladys en Tibbie Visser wat beurtelings uit die koerante vir haar voorgelees het, het onwillekeurig aan hul eie party se standpunt voorkeur verleen. Dit was vir Tibbie dan eenaardig soos sy teenoor Yvonne gebieg het, hoe dieselfde koerante van dag tot dag so verskillend kon wees.²⁹³ Twee maande voor die algemene verkiesing van Mei 1948 het Cornelius Visser Tibbie versigtig voorberei op wat sy polities te wagte kon wees: "Moeder sal nou alle kragte moet inspan", skryf hy, "om die kinders in bedaring te hou dat die toutrekkery nie tot 'n toubrekery oorslaan nie".²⁹⁴ Tibbie moes gesug het: byna twintig jaar lank keer sy reeds dat die toutrekkery nie in

284 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 30 November 1947, 30 Julie 1949.

285 VAB A13/1 RIS - Maynie Fleck 7 Julie 1944.

286 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 26 Desember 1950, 18 November 1949.

287 Ineg PV181 5/1/12 In RIS brieweboek; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 4 Februarie 1948.

288 Ineg PV181 2/7/1/11 RIS - EH 11 November 1924, 6 Augustus 1925.

289 VAB A156 1/1/38 RIS - Hannah 22 Julie 1951.

290 VAB A156 1/1/38 RIS - Hannah 15 Julie 1947.

291 VAB A3/6 Vriendin van Emmie, waarskynlik Celliaos (Ely Place) - Emmie 28 Januarie 1955.

292 VAB A156 1/1/22 Emmie - RIS 14 November 1946; A156 1/1/37 Harper Martins - RIS 10 Maart 1947.

293 Mededeling Yvonne Steyn 27 Januarie 1994.

294 Ineg PV181 2/7/1/1/28 Cornelius Visser (OR) - RIS 26 Maart 1948.

toubrekery ontaard nie. 'n Week voor die verkiesing het sy ooptimisties aan Margaret Gillet geskryf dat "it is a great joy that politics had not interfered with our happy home life".²⁹⁵ Colin was houtgerus, té gerus, dat sy VP-setel veilig sou wees.²⁹⁶ Die NP was daarenteen versigtig optimisties dat hulle party wel kon wen.²⁹⁷

Hoewel Colin sy setel behou het, het die VP en genl. Smuts self onverwags die onderspit gedelf. "O! die groot omwenteling het so onverwags gekom", het Tibbie geskryf. Tibbie het vir Rae en Colin jammer gevoel want hulle sou hulle bevoorregte kabinetsposisie verloor.²⁹⁸ Colin, wat die voorafgaande drie jaar minister van arbeid was, moes dringend reëlings tref vir onder andere nuwe huisvesting.²⁹⁹ "Ek voel so diep hartseer vir my seun", het sy geskryf aan Emmie wat haar intussen weer by die NP aangesluit het, "maar bly die Nasionaal Regering het so goed ingekom". Die teenstrydige gevoelens op Onze Rust wat gewissel het van Gladys se gedempte hartseer tot Tibbie Visser se onverbloemde vreugde, het vir Tibbie byna te veel geword. Haar begeerte om 'n verenigde front na buite te handhaaf, het weer aan skerwe gespat. "Ag die ouderdom is maar 'n moeilike tyd, en as jou familie op politiek verdeeld is, is dit 'n ware stryd". Sy het haar dogters se geduld met haar bewonder deurdat hulle haar nie verkwalik het dat sy nie heeltemal neutraal kon staan nie. "Ek beskou dit 'n groot fout", het sy openhartig aan Emmie geskryf, "dat alles so gebeur het. Wel tyd sal leer wat ons mense sal verrig".³⁰⁰ Tibbie het 'n brief van gelukwensing aan die bejaarde dr. D.F. Malan as leier van die NP en die nuwe eerste minister gerig.³⁰¹

Colin het hom egter gouer as Rae vereenselwig met hul veranderde status. Tibbie was jammer vir Rae met wat Rae self beskou het as 'n verlies aan aansien, die vermindering aan inkomste en die totale ontwrigting van hul toekomsplanne.³⁰²

Alhoewel Tibbie weer volgens Gladys se woorde 'n verkiesing oorleef het "... with severe cross-currents in her home",³⁰³ het die gemoedere nie onmiddellik bedaar nie. Tibbie was bewus daarvan dat Gladys in daardie stadium 'n hewige verbittering

295 VAB A156 1/1/46 RIS - Margaret Gillet 21 Mei 1948.

296 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 5 Mei 1948, 11 Mei 1948.

297 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 29 April 1948.

298 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 27 Mei 1948.

299 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 28 Mei 1948; Standard encyclopaedia of Southern Africa (SESA), vol 10, p. 284.

300 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 1 Junie 1948, 31 Mei 1948.

301 Ineg PV181 2/7/1/1/28 DFM (Kaapstad) - RIS 21 Junie 1948.

302 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 28 Mei 1948, 10 Junie 1946 (sic) 1948, 16 Junie 1948, 2 Julie 1948.

303 VAB A357/2 Gladys (OR) - Margaret Gillet 15 Junie 1948.

teenoor die NP gekoester het. Met Gladys se oorwinning as VP-kandidaat die volgende jaar in die provinsiale raad, skryf sy byvoorbeeld aan genl. Smuts dat sy dankbaar was dat sy die setel behou het, al was dit net "dat ek Bloemfontein die optogte en geskreeu gespaar het ... met 'n Nat oorwinning."³⁰⁴ Alhoewel Tibbie nie meer openlik kant gekies het nie, was haar diepste simpatieë tog by die NP. So betreur Tibbie dié VP-oorwinning en bestempel dit in 'n konfidensiële brief aan Emmie, as "'n groot teleurstelling vir ons party". Sy was nogtans dankbaar dat Gladys geseëvier het.³⁰⁵ Tibbie het nie nagelaat om genl. Smuts met sy volgende verjaarsdag geluk te wens nie.³⁰⁶ Tibbie was uitgenooi na die tuinparty wat dr. Malan in Maart 1949 by Groote Schuur gegee het. By haar aankoms is vir oulaas die ou Vrystaatse volkslied gespeel.³⁰⁷

Maar die sade van verdeeldheid het reeds weer binne die huislike kring ontkiem en 'n jaar na die verkiesing het die antagonisme tussen familieledes nog nie bedaar nie. Colin, wat graag by Theunis op Onze Rust gekuier het, het weggebly as Tibbie en Cornelius Visser daar was. Tibbie het "nog altyd so jammer oor die verwydering ... gevoel".³⁰⁸ Gladys het weer geweier om na 'n toespraak van Tibbie Visser oor die radio te luister.³⁰⁹ Die onmin het hierdie keer dieper gesny omdat daar definitiewe wenners en verloorders was wat drastiese veranderinge in status in familie- en sosiale kringe tot gevolg gehad het. Tibbie se ernstige siekbed teen die helfte van 1950 het Colin tog gedwing om weer na Onze Rust te kom. Hier het hy Emmie wat om dieselfde rede daar was, aangetref. In 'n brief aan Jacques, haar eggenoot, beskryf Emmie Colin se onvergenoegdheid met sy familie. Dit was vir Emmie verder betreuenswaardig dat Colin, wat beskou is as 'n moontlike premierskandidaat, soveel onmin kon saai en ongemak veroorsaak.³¹⁰ Dit was 'n seën dat Tibbie die aanhoor van hierdie onmin in haar eie huis gespaar is. Sy wat onwrikbaar gestaan het op die wet van liefde binne Onze Rust, sou verslae en ontnugter gestaan het by die krake wat die politiek reeds in die fundamente van die eens hegte familiekring gemaak het. Uiteindelik het Tibbie Visser en Gladys mekaar in 1954 polities die stryd aangesê in die provinsiale raad. Tibbie was in daardie stadium gelukkig buite bereik van onmin en tweedrag. As sy sover kon terugdink, kon sy die amper profetiese woorde van die swart plaaswerker wat haar na 'n kuier by Emmie op Onze Rust terugverwelkom, het onthou: "moet nie so praat nie", het

304 TAB A1/282 Gladys (OR) - JCS 30 Augustus 1949.

305 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 4 September 1949, 19 Augustus 1949.

306 VAB A156 1/1/37 JCS (Kaapstad) - RIS 25 Mei 1949.

307 Die Burger 7 Maart 1949.

308 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 26 Oktober 1949, 19 Desember 1949.

309 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 19 Desember 1949.

310 KAB A969/6 Emmie (OR) - Jacques 8 Julie 1950.

hy gesê toe Tibbie die moontlikheid van haar dood opgehaal het, "as ou Miesies weg val sal ons kinders (haar onderstreping) begin rusie maak - want ou Miesies regeer ons tog al te mooi".³¹¹

Dat Tibbie die tekortkominge van 'n ander kon ignoreer, het tot haar voordeel gestrek vir sover dit haar kinders se uiteenlopende politieke oortuigings betref. Dit het aan haar die buigzaamheid verleen om 'n verskil van opinie nie in 'n morele strydpunt te laat verval nie. Sy het deurentyd eerder die positiewe in omstandighede beklemtoon. Haar kinders het nie meer om dieselfde vuur gesit nie, maar sy het haar nie dááror gesit en verknies nie. Veel eerder het sy verkies om haar daarin te verheug dat haar oogappel, Theunis (jr.) hom weer op Onze Rust kom vestig het. "Ag", het sy opgewonde aan Emmie geskryf, "hy is net dieselfde liewe kleinseun".³¹² Die spesiale band tussen ouma en die naamgenoot van haar geliefde eggenoot was van sy geboorte af daar. Met groot genot kon Tibbie twee jaar na sy geboorte aan Rae berig dat "die hele Onzerust wereld ... net om hem ... draai".³¹³ Theunis (jr.) se grootwordproses en latere akademiese prestasies het Tibbie se briewe gevul.³¹⁴

Theunis (jr.) se briewe uit Italië waar hy sedert 1944 wetsoffisier van die Uniemagte was, weerspieël hierdie toegeneentheid. Op 'n gemaklike en intieme trant terg hy Tibbie so 'n bietjie. Sy is vir hom "die jongste en mooiste nooientjie in die familie".³¹⁵ Tibbie moet vir hom alle "ou geselsies en scandal-tjies ... van ons snaakse familie skryf".³¹⁶ Hulle verhouding was heg en vol humor. Dwarsdeur sy jongelingsjare het Tibbie se woorde van twee-en-twintig jaar tevore dat "I do love the little fellow, and his love means so much to me" waar gebly.³¹⁷ Tibbie was deelgenoot van die groot geheimhouding wat sy verlowing met Yvonne Maartens, 'n onderwyseres van Bethlehem voorafgegaan het.³¹⁸ Vir haar was Theunis se geluk voldoende en sy het haar volle goedkeuring aan die verlowing verleen.³¹⁹ Toe die verlowing uiteindelik in Julie 1949 met 'n swierige verlowingsparty openbaar gemaak is, was Tibbie dáár. Sy het saam met die twee jongmense gedeel in die

311 Ineg PV181 2/8/1/1/30 RIS (OR) - onbekend c. Maart 1992.

312 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 21 Augustus 1947.

313 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/6.5, 6.6 RIS (OR) - Rae 6 Januarie 1922.

314 SA Biblioteek Kaapstad, MSC 33/5.1 RIS (Vreugde) - Theunis (jr.) 3 November 1921; MSC 33/6.5, 6.6 RIS - Rae 30 Desember 1920, 17 Desember 1921, 24 Desember 1924 e.v.: MSC 33/5.12 Die Vrystater Julie 1944; Die Volksblad 4 Julie 1944.

315 VAB A156 1/1/23 Theunis (jr.) (Italië) - RIS 21 September 1945.

316 VAB A156 1/1/23 Theunis (jr.) (Italië) - 12 Januarie 1945, 9 Februarie 1946.

317 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 22 Mei 1923; PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 4 Desember 1923; PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 25 Januarie 1925; PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 23 Februarie 1925..

318 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 4 Mei 1949, 1 Mei 1949, 11 Junie 1949; VAB A156 1/3/4 RIS - Hannah 22 Mei 1949.

319 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 11 Junie 1949.

vreugde en verwagtinge wat hulle gekoester het. By dié geleentheid is 'n spesiale woord van waardering deur Theunis (jr.) teenoor Tibbie uitgespreek.³²⁰ Solank hulle gelukkig was, was sy tevrede dat daar geen beletsel in hulle weg moes staan nie.³²¹

Die huwelik tussen Theunis en Yvonne is teen die einde van 1949 voltrek. Die jonggetroudes het Tibbie deel van hulle leefwêreld gemaak.³²² Theunis (jr.) was reeds weer so 'n deel van Tibbie se bestaan op Onze Rust dat sy hul vroeë oggendgeselsies tydens sy Rondgaande Hofreise gemis het.³²³ Hulle het harmonieus op Onze Rust saamgeleef waar Tibbie gewoonlik binne gewerskaf het en Yvonne buite.³²⁴

7.3 Die einde

In 1950 het Tibbie vyf-en-tagtigjaar oud geword. Van die Frasergesin was nog net sy en Harry oor.³²⁵ Sy was reeds meer as 'n halfeeu in die openbare oog en al langer 'n weduwee as wat sy getroud was. Haar oudste kind, Colin, was reeds drie-en-sestigjaar oud en haar agterkleinkind, Theunis se naamgenoot, en die derde Marthinus Theunis Steyn, sou daardie jaar op Onze Rust gebore word. Sy het reeds vyftien kleinkinders en sewe-en-twintig agterkleinkinders gehad en moes nog nooit 'n kind aan die dood afgee nie.³²⁶ Die laaste aanloop het voorgelê. "I would dread to become ... a helpless old woman" het sy jare tevore erken. Indien sy nog oor lewenskwaliteit beskik en haar kleinkinders en kinders tot hulp kon wees, sou dit 'n ander saak wees, "but do become very old and still live is a tragedy".³²⁷ Sy het ook berus in die wete dat haar lotsbestemming nie in haar eie hande was nie.

Tydens haar jaarlikse besoek aan Emmie daardie jaar het Tibbie ernstig siek geword en sy is met dr. D.F. Malan se vliegtuig, vergesel van Emmie en dr. J.P. Immelman - die geneesheer wat haar na Nederland vergesel het - na Bloemfontein terug vervoer.³²⁸ Hoewel Tibbie snags deur 'n verpleegster, suster Olga van Vuuren, verpleeg is, het haar daaglikse lewe in vele opsigte soos voorheen voortgegaan. Steeds het sy saam met Gladys en Emmie, wat op besoek uit die Kaap

320 Mededeling appèlregter M.T. Steyn 14 April 1994.

321 Die Volksblad 22 Julie 1949; Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 21 Julie 1949.

322 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 5 November 1949, 12 Desember 1949.

323 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 12 Desember 1949.

324 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 18 November 1949, 12 Desember 1949.

325 VAB A156 1/1/22 Harry Fraser (Johannesburg) - RIS 2 Maart 1950.

326 Die Burger 5 Januarie 1955.

327 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 17 Julie 1922.

328 Die Volksblad 3 Januarie 1955; VAB A156 1/1/22 Hannah (Vereeniging) - RIS 21 Junie 1950; Die Burger 5 Januarie 1955.

was, wintersaande heerlike voor die vuur gesels totdat Tibbie so teen nege-uur kamer toe gegaan het waar Ellen, "haar diensmeisje" by haar in die kamer geslaap het.³²⁹ In hierdie stadium was minder familieleden op Onze Rust saamgetrek aangesien Hannah toe woonagtig was in die Nelspruit-omgewing waar sy geboer het, terwyl Tibbie Visser terug na Bloemfontein verhuis het. In Hannah se oë was Tibbie Visser egter "a dead number" omdat haar lewe om haarself gewentel het.³³⁰

Tibbie se siekte het nie verhinder dat sy steeds deel was van die vrolike geselskap en die jongklomp wat na Onze Rust gekom het, nie.³³¹ Tibbie het self erken dat sy "nie te siek (is) om ... grappies ... (te) geniet nie".³³² Tibbie was steeds met liefde omgewe want selfs met die verpleegster, suster Van Vuuren, het sy 'n liefdevolle en vreugdevolle verhouding opgebou. Tibbie het die liefde, insig en deernis waarmee suster Van Vuuren na haar omgesien het, opreg waardeur.³³³ Sy was steeds die netjiese huishoudster en het volgens Gladys nie gemis "waar nie gevee was nie en 'n portret ... skeef hang nie".³³⁴ Steeds het haar deftige kleredrag en mooi uiterlike komplimente ontlok.³³⁵ Tibbie het selfs die vreugde beleef dat Theunis (jr.) se seun volgens tradisie in September van daardie jaar op Onze Rust gedoop sou word.³³⁶ Theunis (jr.) se vroegoggend-geselsies is nou aangevul deurdat Yvonne die nuwe baba na haar kamer gebring het sodat hy Ouma kon vermaak.³³⁷

Ten spyte van die oppervlakkige skyn was dit duidelik dat haar gesondheidstoestand 'n nuwe wending geneem het. Die terugslag in die Kaap het Tibbie kwaai geknou en haar geheue 'n slag toegedien. Deeglik bewus van haar verswakende geheue en liggaamskragte het sy nogtans moedig probeer bly. "O", het sy in September 1950 aan Hannah geskryf, "ek het moed nodig om vrolik te bly met 'n liggaam wat so agteruit gegaan het, ek is so hulpeloos, maar gelukkig kry mens krag ... Ek kry die liefste sorg en dit is die rede dat ek nie durf trane stort nie, maar 'n gevoel van groot dankbaarheid het".³³⁸ Gladys het haar onderneming van September 1950 om "so ver as moontlik Mammie haar siekte (te) help dra tot aan die einde" gestand gedoen.³³⁹ Sy het haarself uiteindelik benadeel vanweë die groot mediese en ander

329 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 12 Desember 1950; A156 1/1/22 Hannah (Maroela) - RIS 21 April 1950.

330 KAB A969/13 Hannah (Maroela) - Emmie 6 Oktober 1950.

331 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 28 November 1950, 12 Desember 1950.

332 VAB A156 1/1/38 RIS (Vreugde) - Hannah 7 Februarie 1950.

333 Mededeling appèlregter M.T. Steyn 14 April 1994.

334 VAB A156 1/1/42 Gladys (OR) - Emmie 22 Desember 1950.

335 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, Gladys - Emmie 2 September 1950; VAB A156 1/1/38 RIS - Hannah 30 September 1950.

336 VAB A156 1/1/38 RIS - Hannah 30 September 1950.

337 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 26 Desember 1950; 12 Desember 1950.

338 VAB A156 1/1/38 RIS - Hannah 30 September 1950.

339 KAB A969/11 Gladys - Emmie 2 September 1950.

uitgawes waarvan sy die grootste deel bygedra het.³⁴⁰ Gladys, wat die korrespondensie aan haar susters en veral Margaret Gillet op haar geneem het, het toenemend melding gemaak van Tibbie se verwardheid en disoriëntasie wat veral haar verblyfplek en omgewing betref het. Tibbie was soms oortuig sy kuier net op die plaas, "daarom wil sy weer na jou gaan", het Gladys aan die einde van 1950 aan Emmie geskryf, "en dan sê sy vir my en as ons daar klaar gekuier het waar gaan ons dan".³⁴¹ Tibbie moes gereeld verseker word dat sy op die plaas was "en dan wil sy van Philippolis weet".³⁴²

In 'n brief aan Jaap de Villiers in die twintigerjare het Tibbie 'n mens se lewe vergelyk met 'n blaar wat in die herfs noodwendig van die lewensboom afval. "Die wet van die natuur is onverbiddelik", het sy toe geskryf, "daar is geen uitsondering nie - en hoe onmisbaar een persoon ... moet ... (hy) ook maar die weg van alle vlees gaan".³⁴³ Met dié onafwendbaarheid in gedagte het sy op 24 Januarie 1951 'n afskeidsboodskap aan haar volk gedikteer wat na haar dood gepubliseer moes word. Die boodskap wat Tibbie in 'n afskeidsbrief aan haar vriend, sir Hamilton Goold-Adams, in sy hoedanigheid as hoof van administrasie in die destydse Oranjerivierkolonie voor haar vertrek na Europa geskryf het, het sy nou na 'n halwe eeu herhaal, naamlik dat "my interest in my little state is as great as ever ... I know you will do for our people whatever lies in your power".³⁴⁴ Sy het die volk wat sy haar eie gemaak het se belange vyftig jaar later steeds vertroetel. Tibbie het in haar afskeidsbrief haar volk vir die liefde en diens aan haar, veral na die dood van Theunis, bedank. Sy bid God se seën toe op die Afrikanervolk en spreek die hoop uit dat hulle hul waardige plek onder ander volke sou inneem. Sy spreek die wens uit dat die Afrikaner nie vervreemd sou raak van kerk, taal en tradisies nie. "Mag God ons volk in staat stel om ons land goed te regeer en die ander volke in Afrika tot hulp en tot voorbeeld te wees".³⁴⁵

Tibbie se intense begeerte wat selfs in haar verwardheid vir haar nog belangrik was, naamlik om haar laaste asem op Onze Rust te kon uitblaas, kon nie verwesenlik word nie. Sy het dit 'n vreeslike gedagte gevind "dat ek nie sal durf alleen op my (plaas) kan ... woon (nie)".³⁴⁶ Daar was in hierdie stadium volgens 'n kleinseun

340 Mededeling Yvonne Steyn 27 Januarie 1994.

341 VAB A156 1/1/42 Gladys (OR) - Emmie 22 Desember 1950.

342 KAB A969/11 Gladys (OR) - Emmie 10 September 1950.

343 VAB A90/8 RIS - Jaap de Villiers 14 Desember 1924.

344 OR RIS (Knigtersdorp) - H. Goold-Adams 8 Julie 1902.

345 Ineg PV181 3/1/4/1 RIS (OR) - Afskeidsboodskap aan my Volk 24 Februarie 1951; The Friend 8 Januarie 1955.

346 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 26 Desember 1950.

sprake van 'n verdere terugslag, 'n beroerte-aanval.³⁴⁷ Die hoë mediese koste verbonde aan 'n geneesheer wat gereeld Onze Rust toe moes kom, het dit genoodsaak dat Tibbie in Junie 1951 by Gladys se huis in Stewartsingel in Bloemfontein ingetrek het.³⁴⁸ Ellen, die bediende wat Tibbie die laaste drie dekades getrou versorg het, het die verskuiwing meegemaak.

Hier in 'n sonnige kamer in Gladys se huis het Tibbie gebly, tevrede soos altyd.³⁴⁹ Tibbie Visser se belofte van sewe jaar tevore dat sy sou toesien dat haar moeder Onze Rust nooit sou hoef te verlaat nie, kon dus nie nagekom word nie.³⁵⁰ "Ai my hart is so seer as ek dink dit is nou my eie huis hier", het Tibbie effe verward oor datum en plek aan Emmie geskryf, "maar dit sal tyd neem om daaraan gewoon te raak". Tog skemer haar moedigheid weer deur: "Ons is egter nog in die Vrystaat en die huis is gerieflik".³⁵¹ Behalwe vir die vermelding van haar verjaarsdae het berigte in die pers oor Tibbie in hierdie periode feitlik opgedroog.³⁵² Selfs haar jaarlikse pelgrimstog na die Vrouemonument op Theunis se verjaarsdag moes nou agterweë bly. Dit is aan Theunis (jr.) opgedra om namens haar daardie belangrike taak te volbring.³⁵³

Tibbie se geheue het na haar verhuising na Bloemfontein verder agteruit gegaan. Hannah wat deur Gladys oor haar toestand ingelig is, het nog vir oulaas 'n briefie van Tibbie ontvang. In 'n bewerige handskrif het Tibbie half verward haar lewensdoel vir die laaste keer verwoord. Dit was naamlik haar liefde vir haar medemens in die algemeen en vir haar familie in die besonder. Tibbie het ook besef dat haar dood nie meer te ver in die verskiet kon wees nie. "My tyd sal ook een van die dae geskied. Ek moet darem nie so skrywe nie, vergeef my maar".³⁵⁴ Hannah het die agteruitgang in haar moeder se geheue betreur, maar het dit ook "wonderlik (gevind) hoe ou mense altyd in die verlede kan leef en hoe helder dit vir hulle is".³⁵⁵ Hannah se uitspraak vind 'n direkte weerspieëling in die briefie wat Tibbie in April 1951 vol patos en verlange rig aan "My dear parents" en afsluit met "From your favourite homesick Girlie" so asof sy weer soos tagtig jaar tevore 'n skolier aan die Dames-Instituut was.³⁵⁶ Theunis (jr.) het in hierdie tyd meer van Tibbie se jongmenslewe geleer as wat ooit tevore aan hom bekend was. Hy het byvoorbeeld

347 Mededeling appèlregter M.T. Steyn 14 April 1994.

348 Mededeling Yvonne Steyn 27 Januarie 1994; Die Volksblad 3 Januarie 1955.

349 Die Volksblad 8 Maart 1954; KAB A969/12 Gladys - Emmie 17 April 1951.

350 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 15 Junie 1944.

351 VAB A156 1/1/42 RIS (OR) (sic) Bloemfontein - Emmie 31 Desember 1950 (sic) 1951.

352 Die Volksblad 5 Maart 1952; The Friend 5 Maart 1952.

353 The Friend 3 Oktober 1951.

354 VAB A156 1/1/38 RIS (OR) (sic) Bloemfontein - Hannah 22 Julie 1951.

355 KAB 969/13 Hannah (Maroela) - Emmie 11 April 1951.

356 KAB A969/13 Hannah (Maroela) - Emmie 11 April 1951.

van Efraim, die koetsier, gehoor toe Tibbie nog 'n regtersvrou was en oor lang gestorwe familieledede van wie hy heeltemal onbewus was.³⁵⁷

Met die hulp van haar dogters, waarskynlik Tibbie Visser met wie se uitkyk so iets ooreengestem het, het Tibbie ook afskeidsboodskappe aan die OVV, die Voortrekkers met hul mondigwording en feesvieringe, en aan Die Taalgenoot gerig, die laaste in haar eie handskrif.³⁵⁸ Volgens Gladys het veral Theunis (jr.) en Colin haar opgebeur. Maar ten spyte van alles was sy "a wonderful patient and it is quite easy to keep her amused and contented". Onze Rust was nou nie meer deel van Tibbie se gedagtewêreld nie. Sy het 'n byna onkeerbare verlange na haar gelukkige jeug op Philippolis en haar ouers gehad.³⁵⁹ Tibbie het troos gevind in die gedagte dat sy huis toe sou gaan. Hierdie verlange vind vergestaltung in 'n briefie in 'n erg bewerig maar onmiskenbare handskrif: "Mother is here but I don't know where Father is. The Dr's does not want me to leave this place called Bloemfontein for my health".³⁶⁰ Met haar sewe-en-tagtigste verjaarsdag in 1952 het Tibbie nogtans soos altyd deftig gekyk. Die geleentheid het sy stil met haar gesin gevier, alhoewel "niemand nou vir enige tyd 'n indruk op haar maak nie".³⁶¹ The Friend het melding van haar "excellent spirits" gemaak en soos altyd op 'n 5e Maart het die telegramme en briewe van gelukwensing van alle dele van die land na Stewartsingel, Bloemfontein, gestroom.³⁶²

Tibbie se liggaam en gees was in die volgende twee jaar wat sy nog sou leef, uiters broos.³⁶³ In 'n hoogs konfidensiële omsendskrywe aan die takke van die OVV was reëlins reeds teen die helfte van 1953 vir 'n staatsbegrafnis vir Tibbie by die Vrouemonument getref.³⁶⁴ Sekere voorskrifte is gegee oor byvoorbeeld die kleredrag, die gewyde stemming, die aantal dames om 'n erewag te vorm en oor bydraes.³⁶⁵ Dwarsdeur die volgende jaar het Tibbie stadig weggekwyn. Sy was nog slegs in staat om op die verpleegster se vrae te antwoord.³⁶⁶ Aan die einde van Oktober 1954 het haar gesondheid aanmerklik verswak.³⁶⁷ "Die nuus oor ou Moedertjie bly tog maar sorg wekkend", het Hannah aan Emmie geskryf, en dat sy

357 Mededeling appèlregter M.T. Steyn 14 April 1994.
 358 The Friend 1 Oktober 1952; VAB A156 4/10 Die Taalgenoot 13 Oktober 1952.
 359 VAB A156 1/1/40 Gladys (Bloemfontein) - Margaret Gillet 31 Julie 1952; KAB A969/9 Gladys (Bloemfontein) - Emmie c. 1952.
 360 KAB A969/9 RIS - Emmie 21 Junie 1951 (sic) 1952.
 361 KAB A969/12 Gladys - Emmie 29 Desember 1952.
 362 VAB A156 1/1/28 Telegramboek 1952.
 363 KAB A969/12 Gladys (Bloemfontein) - Emmie 8 Mei 1953.
 364 Ineg PV180 1/2/4/2/1 Notules OVV Dagbestuur 29 Julie 1953.
 365 Ineg PV180 1/2/3/2/7 Notules OVV HB 29 Julie 1953.
 366 KAB A969/12 Gladys (Bloemfontein) - Emmie 16 September 1954, 26 September 1954.
 367 Die Volksblad 3 Januarie 1955.

nog steeds swakker ... word is geen twyfel aan".³⁶⁸ Sy is getrou deur haar skoonseun, Jacques du Toit, gedurende die laaste weke versorg.

Dit sou Tibbie verheug het om te weet dat haar kinders weer versoen geraak het tydens haar laaste siekbed en tydens haar sterwensure.³⁶⁹ Op 3 Januarie 1955 om vieruur in die middag is Tibbie by Stewartsingel 14 stil oorlede.³⁷⁰ Sy was nege-en-tagtig jaar en tien maande oud.

Alhoewel Tibbie se dood lank verwag is, was dit nogtans vir baie en veral vir Theunis (jr.) 'n skok. Haar tydgenoot geleedere was erg uitgedun, daar was omtrent nog net Sophie Levisieur oor.³⁷¹ 'n Bejaarde mnr. C. Sidyigo, oud-onderwyser en voormalige burger van die Vrystaatse republiek, het namens die swart bevolking sy gevoelens soos volg verwoord: "the last bright & brilliant star of South African Soil has disappeared from our horizon".³⁷² Telegramme het van oral oor ingestroom.³⁷³ Van die lede van die kabinet, soos dr. H.F. Verwoerd, dr. T.E. Dönges en adv. C.R. Swart het huldeblyke gekom.³⁷⁴ Die Afrikaanse en die Engelstalige pers het hulde aan Tibbie gebring. In 'n huldeblyk het Die Transvaler Tibbie as die mees geliefde vrou in Suid-Afrika bestempel.³⁷⁵ Een van die treffendste huldeblyke van Tibbie het van die Rand Daily Mail gekom. Volgens die koerant Tibbie "lived to earn the love of all South Africans of all camps".³⁷⁶ "Women like Mrs Steyn", het die Daily Mail geskryf, "impressed their personalities on their years not as spectacularly but as clearly as their husbands did and though they did not shirk the burdens of the fray, they did not lose themselves in the angers of conflict".³⁷⁷

'n Verteenwoordiger van die kantoor van die eerste minister het na Bloemfontein gekom om die begrafnis in oorleg met die familie te beplan. 'n Staatsbegrafnis waarin die staat reëlings sou tref en die finansiële koste sou dra, is in die vooruitsig gestel "as 'n eerbewys vir die dienste wat die afgestorwene aan die volk bewys het". Tibbie sou om Vrydagmiddag, 7 Januarie 1955, om halfdrie in die middag uit die

368 KAB A969/12 Hannah (Maroela) - Emmie 17 November 1954.

369 Mededeling appèlregter M.T. Steyn 14 April 1994.

370 Die Volksblad 3 Januarie 1955; Die Burger 4 Januarie 1955; VAB A156 Times 3 Januarie 1955.

371 VAB A156 3/6 Sophie Levisieur (Bloemfontein) - Gladys 4 Januarie 1955.

372 VAB A156 3/6 C. Sidyigo (Bloemfontein) - Colin 5 Januarie 1955.

373 Ineg PV181 2/3/1/1/3 Cornelis du Preez (Rusape Suid-Rhodesië) - Tibbie Visser 29 Januarie 1955; PV181 2/3/1/1/1 Telegramme; PV181 2/3/1/1/4 Briewe, telegramme Januarie 1955; VAB A156 1/1/42 B. Steytler (Tamboerskooft) - Emmie 14 Januarie 1955; A156 1/1/42 Helene (Belville) - Emmie 17 Januarie 1955, e.v.

374 VAB A156 3/6 Telegramme Januarie 1955; A156 1/2/2 Telegramme Januarie 1955.

375 Die Transvaler 8 Januarie 1955.

376 Rand Daily Mail 8 Januarie 1955.

377 Daily Mail 5 Januarie 1955.

Tweetoringkerk in dieselfde graf as dié van Theunis ter aarde bestel word aan die voet van die Vrouemonument. Sy sou die vyfde persoon wees en die tweede vrou wat dié eer by die monument te beurt sou val.³⁷⁸

Tibbie was waarskynlik tydens haar leeftyd nie bewus van die besluit wat geneem is om haar by die Vrouemonument te begrawe nie. Of sy haar goedkeuring aan dié besluit sou heg, val te betwyfel. Tydens die begrafnisreëlings van mev. Cornelia de Wet in 1936 toe daar oor die wenslikheid besin is om haar saam met die genl. by die Vrouemonument te begrawe, het Tibbie haar sterk verset teen die gedagte dat al die eggenotes saam met die Driemanskap daar begrawe sou word. In 'n privaatskrywe aan sy broer maak Kotie de Wet, genl. De Wet se seun, melding van 'n versoek van Tibbie om na Onze Rust te kom. Sy het hom meegedeel "dat ook sy nie by die Vrouemonument ... begrawe ... sal word nie". Die besluit van die Nasionale Vrouemonumentkommissie, die liggaam waaronder die beheer en toesig van die Vrouemonument ressorteer, het op 26 Augustus 1936 besluit dat behalwe Emily Hobhouse slegs drie ander begraafplekke binne die ringmuur onder andere vir ook vir ds. J.D. Kestell afgesonder sou word. Tibbie het haar heelhartig met die besluit vereenselwig. Volgens Kotie de Wet het Tibbie tydens die besoek "hulle ook feitelik (sic) georden om haar (Mrs. Steyn) nie daar te begrawe nie".³⁷⁹ Om seker te maak dat daar geen onduidelikheid oor haar standpunt sou wees betreffende die plek waar sy begrawe wou word nie, naamlik nie by die Vrouemonument nie, het Tibbie twee maande later in November 1936 'n brief aan Die Volksblad gerig. Kort nadat Theunis daar begrawe is, het die gedagte reeds by sommige ontstaan dat daar vir Tibbie plek ingeruim moes word. Toe reeds het Tibbie sen. W.J.C. Brebner skriftelik meegedeel dat sy dit nie verwag nie en dit selfs sou betreur. Sy het die mening gehuldig "dat die Vroue Monument nie as begraafplaas gebruik moet word nie, omdat dit die aandag van die Volk sal aftrek van die sentrale gedagte wat deur die Monument beliggaam word".³⁸⁰ Die besluit van die Nasionale Vrouemonumentkommissie, naamlik dat slegs die Staatsman (Steyn), die Krygsman (De Wet) en die Godsman, ds. J.D. Kestell by die Vrouemonument begrawe sou word, is in 1940 in die statuut opgeneem.³⁸¹

Met die begrafnis van ds. J.D. Kestell by die Vrouemonument in Februarie 1941 is die laaste lid van die Driemanskap begrawe en sou "niemand voortaan meer aan die

378 Die Volksblad 4 Januarie 1955.

379 Brief in besit van prof. M.C.E. van Schoor deur Carl de Wet geskenk, Kotie de Wet (Skema) - Hans 8 September 1936.

380 Oorlogsmuseum Bloemfontein NVMK Notules 24 November 1937, RIS (OR) - Redakteur 6 November 1936; NVMK Notules 26 Oktober 1936.

381 Van Schoor, M.C.E., Die Nasionale Vrouemonument, p. 17.

voet van die Vrouemonument begrawe word nie".³⁸² Dié besluit is later daardie jaar herbevestiging op 21 Oktober 1941 in die statuut herbevestig, met dié toevoeging: "Nadat genoemde vier plekke opgevul is, sal geen ander begraafplek op die terrein van die Nasionale Vrouemonument toegestaan word nie".³⁸³ In 1951 is die moontlikheid weer eens geopper dat die drie staatsmanne se eggenotes by die Vrouemonument begrawe word. Die pleitbrief van J.H. Wiegand in Die Volksblad het nie steun ontlok nie en die Vrouemonumentkommissie het volstaan met hul vorige besluit.³⁸⁴

Die Vrouemonumentkommissie het uiteindelik tog van sy besluit afgewyk. Op 22 Julie 1953, dus agtien maande voor Tibbie se dood, het hulle 'n versoek van die eerste minister, dr. D.F. Malan, deur bemiddeling van die Vrystaatse administrateur, mnr. J.J. Fouché, ontvang om dié besluit om niemand meer by die Monument te begrawe nie, in heroorweging te neem. Dit was ook dr. Malan se wens dat Tibbie 'n staatsbegrafnis moes ontvang. Dr. Malan was aanvanklik onder die indruk dat Tibbie outomaties as verteenwoordiger van die vrou van Suid-Afrika by die Vrouemonument ter aarde bestel sou word. Ds. D.G. van der Merwe, wat in dié stadium voorsitter van die beheerkommissie was, het hom egter sterk ten gunste van die handhawing van die oorspronklike besluit van die Vrouemonumentkommissie uitgespreek. Dit sou onder andere lynreg bots met die uitgesproke begeerte van Tibbie. Hy sou hom egter neerlê by 'n meerderheidsbesluit. Dr. Malan, wat persoonlik die Vrystaatse administrateur, mnr. J.J. Fouché genader het, wou nie voorskriftelik wees nie, maar "voel ... tog ... sterk daarvoor ..." dat (Tibbie) as een van die uitstaande laaste skakels van ons Vrystaatse Republiek en as gevierde volksmoeder aan die voet van die gedenknaald ... moet rus". Die Vrouemonumentkommissie het hierna hul besluit herroep, en hul goedkeuring aan die plan geheg.³⁸⁵

Op 7 Januarie is kantore gesluit en vlae in Bloemfontein het halfstok gehang. Volgens Die Volksblad het sesduisend mense op daardie dag plegtig verby die stoflike oorskot van die laaste presidentsvrou van die Vrystaat verby beweeg waar sy voor die preekstoel van die Tweetoringkerk in staatsie gelê het. Voortrekkers het die rouwag gevorm. Een van die roustokke met die swaar lanferband was dieselfde een wat nege-en-dertig jaar gelede vir Theunis se begrafnis gebruik is. Die diens is oor die radio uitgesaai.

382 Die Volksblad 10 Februarie 1941.

383 Van Schoor, M.C.E., Die Nasionale Vrouemonument, p. 17.

384 Oorlogsmuseum Bloemfontein NVMK Notule 23 Februarie 1951.

385 Oorlogsmuseum Bloemfontein NVMK Notule 22 Julie 1953.

Al Tibbie se kinders, Colin, die oudste, reeds agt-en-sestigjaar en self in 'n bedenklike gesondheidstoestand, en Emmie, sewe-en-vyftigjaar, was saam met hul kleinkinders en agterkleinkinders teenwoordig. Verskeie hoogwaardigheidsbekleërs, onder wie mnr. J. van den Berg, verteenwoordiger van koningin Juliana en prins Bernhard van die Nederlande, Volksraadslede, administrateurs, senatore en andere het die plegtigheid bygewoon. Die eerste minister wat dr. D.F. Malan opgevolg het, adv. J.G. Strijdom, is deur minister S.P. le Roux verteenwoordig.³⁸⁶ As slippedraers het die hoofregter van die Unie, regter A. van de Sandt Centlivres, verskeie ministers en administrateur J.J. Fouché opgetree.³⁸⁷ Die roudiens is deur ds. J.H. van Loggerenberg van die NG Kerk en eerw. W.G. McAlester van die Presbiteriaanse Kerk gelei. Tydens die diens is die afskeidsboodskap van Tibbie aan haar volk voorgelees. In sy boodskap het ds. Van Loggerenberg gesê: "Haar liggaam sal rus in die skoot van die Vrouemonument, haar gees is by God en deur haar invloed sal sy voortlewe in die harte van almal wat haar geken en liefgehad het".³⁸⁸ Minister S.P. le Roux het namens die regering die rede by die graf gevoer. Hy het onder meer gesê dat Tibbie "haar hoogwaardigheidspous met groot onderskeiding ... met 'n buitengewone sjarme en intelligensie gevul het".³⁸⁹

Die stoet is gelei deur die polisie-orke van Pretoria. Daar was min vertoon, geen praal nie. "Its simplicity", het The Friend geskryf, "immeasurably enhanced its dignity and impressiveness".³⁹⁰ Die stoet het op pad na die Vrouemonument heel gepas by talryke bakens van Tibbie se lewe verby beweeg. Dit het van die Tweetoringkerk in Kerkstraat afbeweeg, verby die winkel van G.A. Fichardt op wie se perseel sy en Gordon hul katkisasieklasse deurloop het, verby die standbeeld van president Jan Brand, die president wat sy self nog geken het³⁹¹ en wat huisvriende van Tibbie en Theunis was en 'n hanetreetjie verder gewoon het.. Die stoet het in President Brandstraat afbeweeg, verby die Hooggeregshof waar die jong Steynegpaar menige vrolike aand in die geselskap van Abraham en Ada Fischer deurgebring het wat vroeër op dié erf gewoon het. Aan die regterkant het die stoet verby die Presidensie beweeg waar Tibbie as een-en-dertigjarige presidentsvrou die woning met vyf woelwaters betrek het. Hier was sy die grasieuse gasvrou waar ryk en arm, bekend en onbekend, edellied en eenvoudige Boer almal tuis gevoel het. Links het die stoet verby St. Georgestraat beweeg waar Tibbie as eggenote van die

386 VAB A156 3/6 Telegram eerste minister (Pretoria) - familie Steyn 4 Januarie 1955, Telegram S.P. le Roux 4 Januarie 1955.

387 Die Volksblad 6 Januarie 1955; The Friend 8 Januarie 1955.

388 NGKA Rede ds. J.H. van Loggerenberg "Begrafnisdienst mev. (pres.) Steyn".

389 Ineg PV181 10/1/4/4 Program RIS begrafnis 7 Januarie 1955.

390 The Friend 8 Januarie 1955.

391 The Friend 9 April 1885.

jong advokaat haar eerste woning oorkant dié van haar skoonouers betrek het in wat eens beskou is as die mooiste deel van die dorpie. Die stoet het stadig verby Eunice, die Dames-Instituut van weleer, beweeg, daar waar sy as tienderjarige die dae gesit en aftel het voordat haar vader haar met sy kerkkarretjie van Philippolis af tydens vakansies kom haal het.

By die Vrouemonument het Tibbie se kleinseuns as draers opgetree: Theunis (jr.), Jan Steyn, Nico van der Merwe (jr.), T.S. Fichardt, E.R. Fichardt en Japie de Vos, Ileana se eggenoot.³⁹² Die Voortrekkers en die honderd dames van die OVV het 'n erewag buite die ringmuur gevorm. Die dames van die OVV is per radio en deur die pers opgeroep aangesien die meeste van hulle met vakansie was. Tagtig van hulle was van plattelandse takke afkomstig. Almal was in swart geklee om solidariteit met Tibbie te toon wat in rou gegaan het "omdat sy oor die verlore vryheid van haar volk gerou het".³⁹³ Tibbie is by Theunis te ruste gelê. Die laaste skakel, soos die administrateur tereg opgemerk het, met 'n trotse Republikeinse verlede, was nou finaal verbreek. Colin het die dankbetuigings namens die familie waargeneem.³⁹⁴

Na die verrigtinge op daardie snikhete somersdag het Harry, die laaste oorlewende Fraserbroer, vreedsame nabetragting gehou. Vir hom was dit allermins 'n dag om te treur, dit was eerder vir hom 'n vreugdefees. "I saw no tears", het hy aan Gladys geskryf, "everyone felt pleased that they had the privilege of a close association with such a truly fine persone, one who was blessed with everything that is desirable in a human being".³⁹⁵ 'n Spesiale huldigingsprogram vir Tibbie is saam met die Meisieskool Oranje se verjaarsdag aangebied waar Nellie Kruger, Tibbie Visser en andere kort toesprake gehou het.³⁹⁶

Die versoek van die OVV dat bydraes ten behoeve van die Mev. Pres. Steyn Gedenkfonds geskenk sou word eerder as ruikers, het meer as £100 ingebring. Dit sou later aangewend word in 'n fonds vir die moontlike oprigting van 'n ouetehuis.³⁹⁷ Dié ideaal is op 8 September 1965 uiteindelik verwesenlik met die

³⁹² Die Volksblad 6 Januarie 1955, 8 Januarie 1955.

³⁹³ Ineg PV180 4/2/2/1/1/4 Artikels en geskrifte "Die OVV en die begrafnis van R.I. Steyn 7 Januarie 1955" opgestel mev. ds. H.C. Fleming.

³⁹⁴ Ineg PV181 10/1/4/4 Program R.I. Steyn begrafnis 7 Januarie 1955; Die Volksblad 8 Januarie 1955.

³⁹⁵ VAB A156 3/6 Harry Fraser (Johannesburg) - Gladys 11 Januarie 1955.

³⁹⁶ VAB A156 1/1/42 Uitnodigingskaartjie huldigingsprogram en verjaarsdag 15 April 1955.

³⁹⁷ Ineg PV180 1/2/3/2/7 Notules OVV 1952-1961, 27 April 1955, 30 September 1955, 21 April 1956; VAB A156 3/5 President Steyn Gedenkfonds 7 Januarie 1955, Nasionale Oorlogsgedenkstigting vir Gesondheid 6 Januarie 1955, e.v.

onthulling van die Mev. Pres. Steyntehuis op Odendaalsrus deur die staatspresident, adv. C.R. Swart.³⁹⁸

Tibbie se testament wat reeds in Augustus 1946 opgestel is, het behalwe vir 'n geldelike nalatenskap voorsiening gemaak vir bemakings van juwele, skilderye, beelde en meubels. Theunis (jr.) en Jan was die erfgename van Onze Rust. Gladys en Colin, wat ook die eksekuteur was, sou beskik oor die historiese dokumente.³⁹⁹

Waarskynlik die treffendste huldeblyk het van 'n bejaarde en siek Cornelis du Preez uit Rusape, Suid-Rhodesië gekom. Vanweë die ongekunstelde eenvoud en egtheid daarvan het dit nie sy gelyke gehad nie. Hy het hom met moeite in Afrikaans uitgedruk want hy was steeds wat hy was toe Theunis en Tibbie hulle oor hom ontferm het - 'n ongeleerde onpretensieuse eerlike Boer. "Ek kan my nie so uitdruk sus (sic) ek voel nie maar Julle kan God nie genoeg dankbaar wees dat Julle só 'n Moeder gehad het, en wat sou ek nie gewees het as Sy nie vir my 'n Moeder was. My ou President, my ou Mrs. Wat sou ek gewees het, als (hulle hul) nie onverm het oor my nie. Rus sag in die hemel".⁴⁰⁰

398 Ineg PV180 10/2/8/5/1/1 Program Inwydingsplegtigheid 8 September 1965; 2/2/8/5/1/7 sekretaris OVV (Bloemfontein) - Sekretaris kantoor staatspresident 14 Maart 1966; VAB A549/2 Program Inwydingsplegtigheid 8 September 1965.

399 VAB Meester van die Hooggeregshof Testament R1S (UDJ294), Sterfkennis.

400 Ineg PV181 2/3/1/1/4 Cornelis du Preez (Rusape Suid-Rhodesië) - Tibbie Visser 29 Januarie 1955.

Hoofstuk 8 : Besluit

Met die ontleding van Tibbie se karaktereienskappe moet Jan Romein se vereistes van "onbevangendheid ... waarheidsdrang (en) echtheid" steeds in ag geneem word.¹ Die onpartydigheid wat verlang word, verleen aan die biografis die geleentheid om Tibbie se karakter te waardeer in al sy volheid en veelsydigheid. "Juis omdat sy so reg menslik was", het haar dogter opgemerk, "is haar lewe en voorbeeld des te meer waardevol omdat sy in staat was om swakhede en tekortkominge te oorwin". Daarmee saam het Tibbie Visser wat hierdie woorde gebruik het, bedoel dat sy nie haar moeder "tot die Engele adelstand wil verhef nie".²

Oorerwing, die invloed van haar milieu, haar agtergrond en haar godsdienstige oortuigings tesame met haar eie wilsbesluite het Tibbie se karakter gevorm. As oudste dogter in 'n Victoriaanse huishouding was sy soos haar tydgenote onderhewig aan beperkende voorskriftelikhede oor gedrag, kleredrag en etiket. Die onbekrompenheid en openlikheid in haar ouerhuis het haar egter in staat gestel om later sonder vooroordeel en voorbehoud haar selfs te vereenselwig met die ongesofistikeerde, ongeleerde Boer as deel van die hele Afrikanervolk.

Sy was die produk van 'n verfynde ouerhuis met Engels as huistaal waar kultuur- en geesteswaardes voorop gestaan het. 'n Gelukkige ouerhuis en huwelik het dit vir Tibbie byna vanselfsprekend gemaak dat sy doelbewus dieselfde ideaal en norme in haar eie gesins- en huwelikslewe sou nastreef. Deurdadig dat sy met Theunis getroud was, 'n geleerde Afrikaner en 'n voorste republikein het sy haar ten volle met die aspirasies en lotgevalle van die Afrikaner vereenselwig, 'n feit wat haar tot haar dood ten goede toegereken is.

Uiterlik het Tibbie net so indrukwekkend soos mej. Hobhouse vertoon. Sy was egter veel korter as haar vriendin. Albei het dieselfde fynbesnede gelaatstrekke besit.³ Tibbie was gewis 'n bietjie ydel oor haar uiterlike, soos haar kleinseun, Nico van die Merwe (jr.), kon getuig.⁴ Sy het tot op 'n hoë ouderdom besonder jeugdig en aantreklik gelyk. Was dit nie mev. Reitz, oud-president Reitz se eggenote wat Tibbie in die twintigerjare nog op haar jeugdige voorkoms wys nie,⁵ is

¹ Romein, J., Die biografie, een inleiding, p. 95.

² Ineg PV181 3/1/1/4 Tibbie Visser toespraak namens Tibbie by 11de jaarvergadering van die Vrou en Moederbeweging 15 September 1953.

³ Garnett, E., "My vriendin Emily Hobhouse", Die Huisgenoot 7 September 1934, p. 19.

⁴ Van der Merwe, N.J. (jr.), "Ouma", Nuntius c. 1986.

⁵ Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS (Vreugde) - EH 6 Oktober 1992.

dit die Cape Times op Tibbie se twee-en-sewentigste verjaarsdag wat skryf dat sy "has managed to remain unbelievably young and attractive".⁶ Op amper ses-en-tagtigjarige ouderdom het sy nog koppe laat draai en komplimente ontlok. Na 'n kuier by haar skoonsuster, Eugenie Fraser in Bloemfontein saam met Gladys kon die vriende "nie genoeg sê hoe fris ek lyk en is mooi!!", (haar onderstreping) het Tibbie aan Emmie geskryf. "Moenie dink dit is in ydelheid wat ek dit sê maar almal dink (so) ... en die Drs. is baie tevrede".⁷ Die geheim van haar "wonderlike voorkoms" het volgens haar kleindogter, Nerina Ferreira, gelê in "die feit dat Oumatjie nooit toelaat dat ongesondheid op die gelaat wys of aan die wêreld verkondig word nie ... sekerlik hier (in Londen) het ek nog nooit iemand van Ouma se ouderdom met dieselfde grasia en sjarme gesien nie".⁸

Tibbie was 'n Victoriaan in murg en been maar sonder die onbuigsaamheid en die gewone voorskriftelikhede. Haar kleredrag het byvoorbeeld die Victoriaanse norm van deftigheid en onberispelikhede te alle tye weerspieël. In die vroeë jare van die twintigste eeu het sy steeds volgens Gladys gereeld klerebestellings by Pratt & Keith in Skotland geplaas, maar later sou sy van plaaslike modehuise gebruik maak.⁹ Sedert die Vrede van Vereeniging was sy sonder uitsondering in swart geklee omdat sy "namens die hele Boerenasië in rou gegaan het". Die besluit sou Tibbie volgens Tibbie Visser handhaaf "totdat ons eie vrye Republiek uit die graf opstaan".¹⁰ Hoewel hierdie uitspraak van Tibbie Visser afkomstig is en veral 'n bepaalde volksmoederbeeld bevorder, was Tibbie volgens haar eie erkenning "always still in mourning. I never wore widows weeds", het sy in 1922 aan Emily Hobhouse geskryf, "nor had very much crape (sic) but I dress in black and wear the little white lace collar worn by widows".¹¹ Gladys het weer kategorieë ontken dat Tibbie se swart klere in verband gestaan het met rou. "She never changed the colour of her dress", het sy 'n belangstellende in die Verenigde State ingelig, "but also saw to it that the black was relieved with some coloured embroidery".¹² Tydens Tibbie se besoek aan Nederland in 1948 het die Nederlandse hof byvoorbeeld spesiaal 'n bevel wat geen swart daar toelaat nie gewysig om vir Tibbie voorsiening te maak.¹³ Aan die lengte van haar roksoom het Tibbie nooit verander nie. Reeds op agt-en-

6 VAB A156 4/7 Cape Times 4 Maart 1937.

7 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 12 Desember 1950; A156 1/1/23 Theunis Fichardt - RIS 7 Julie 1942; A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 19 Junie 1944; A156 1/1/42 RIS - Emmie 12 Desember 1949.

8 Ineg PV181 2/8/1/1/8 Nerina Ferreira (Londen) - RIS 1 Maart 1948.

9 VAB A549 Aantekeninge van Gladys oor vroeë lewe, c. 1972; OR Tjek RIS (Bank of Africa Ltd) - Messrs. Pratt & Keith 31 Julie 1905.

10 Ineg PV181 4/1/1/1 Visser, T., Die Jeugbonder vir Vrouerubriek Boerenooi, c. 1950.

11 Ineg PV181 2/7/1/1/4 RIS - EH 23 September 1992.

12 VAB A549/1 Gladys - B. Farwell (VSA) 29 April 1977.

13 Ineg PV181 4/1/1/1 Visser, T., Die Jeugbonder vir Vrouerubriek Boerenooi, c. 1950.

veertigjarige ouderdom het sy haarself as "an old woman" beskou en "must not be so in the height of fashion".¹⁴

Tibbie was sonder uitsondering formeel-deftig uitgedos, selfs waar sy tuis op Onze Rust gewerskaf of ontspan het. Dat Rae, Tibbie se skoonogter, soms sorgeloos buite in tuinklere en -skoene kon werskaf, het vir Tibbie, volgens haar kleinkind se eggenote, Yvonne Steyn, vreemd voorgekom. Yvonne onthou verder die swoesj-swoesj-geluid wat die enkellengte-klere gemaak het as Tibbie loop.¹⁵ Tibbie is een maal per week na Bloemfontein vervoer om haar gereelde hare-afspraak na te kom. Nie eens die feit dat petrol tydens die Tweede Wêreldoorlog gerantsoeneer is het aan hierdie gewoonte verander nie.¹⁶ Veral op die jonger geslag wat kleredrag van minder belang ag, het die bejaarde dame met die lang swart rok en hoed 'n blywende indruk gelaat. Na 'n besoek in 1941 van Tibbie aan Robertson skryf Nerina : "Ag, sug een seun, en sy trek tog so pragtig aan! Hy't eendag vir Ouma in die bioskoop sien instap 'Dainty, yet regal', sê hy. Ek kon hom omhels van plesier en was so trots dat dit my ousa (haar onderstreping) ook is".¹⁷

Dit sou vir Tibbie in elk geval ondenkbaar gewees het om gekleed te gaan soos Isie Smuts, wat vyf jaar jonger was as sy en eweneens geskool is volgens dieselfde streng kode van kleredrag. Isie Smuts was naamlik tydens 'n openbare funksie waar sy self as spreker sou optree, so onverskillig aangetrek waar sy op die verhoog by ander hoogwaardigheidsbekleërs gesit het dat mev. H.D. van Broekhuizen, 'n vriendin van Tibbie, "looked at her and wondered who on earth she could be and how she ever got on to the platform. The safety pin showed at the back where she had pinned the blouse on to the skirt. She looked so untidy, her shoes were all trodden down at the heels etc".¹⁸ Tibbie het nie dieselfde uiterlike standarde wat sy aan haarself gestel het van 'n ander geëis nie : Sy het hoogstens van 'n slordige of onverskillige uiterlike kennis geneem. Daarby het sy ook nie dieselfde onverbiddelike standpunte en norme as Emily Hobhouse gehuldig wat betref die moderne neigings van kort hare en rokke en grimering nie.¹⁹ "I notice", skryf mej. Hobhouse byvoorbeeld aan haar in 1925 "that you take yr. two daughters' bobbed hair calmly & philosophically...no...I can't forgive them".²⁰ Tibbie was nogtans trots op haar dogters want hulle is so "natuurlik en lief, hulle rook nie, en het ook

14 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 2 November 1913.

15 Mededeling Yvonne Steyn 27 Januarie 1994.

16 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 17 April 1948, 18 November 1948.

17 VAB A156 1/1/23 Nerina (Vreugde) - RIS 28 Julie 1941.

18 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 12 Desember 1922; PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 24 Maart 1924.

19 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 8 Maart 1925.

20 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 9 Augustus 1925, 19 Julie 1925.

nie nodig om hulle gesigte te versier nie!!"²¹ Sy was makliker as Emily Hobhouse aanpasbaar en het haar só veel onnodige wroeging gespaar. Sy was later bereid, selfs ingenome, om poeier aan haar eie gesig te gebruik.²² "Without exception", het 'n joernalis in 1948 verklaar, "Mrs. Steyn...is...the loveliest of old ladies. In her delicate complexion and her bright blue eyes is something of that quality which has made the women of Scotland famous".²³

Tibbie het vaste gewoontes gehad. Haar dag het vroegoggend begin. Sodra die "diensmeisje" soos sy verwys het na Nanakkie of Ellen, haar bediendes wat by haar in die kamer geslaap het, soggens haar kamer verlaat, het sy vir haarself koffie gemaak.²⁴ Ongeveer twee uur lank, tot sewe-uur wanneer Colin of Theunis (jr.) voor die kaggel in haar kamer kom skeer of een van die dogters of hul kinders by haar kom inkruip, het sy daagliks die vaste gewoonte gehad om haar korrespondensie af te handel. Menige kleinkind wat by Tibbie geslaap het, is wakker gemaak deur die gekrap van haar pen op papier. "Ag Oumakie", het klein Tibbie van der Merwe een so 'n keer aan haar in 1926 gesê, "will I never wake up and find you without a pen. I would so love it - You are always writing and writing".²⁵ Die toeganklikheid van haar slaapkamer vir ieder en elk het deur die jare onveranderd gebly. Vir Nico van der Merwe (jr.) het haar vol slaapkamer soos die "sensentrum op Onze Rust" gevoel. Al die kinders en kleinkinders se foto's het feitlik onafgebroke van onder tot bo aan die "sensentrum" se mure gehang : vir elkeen was daar plek ingeruim, niemand is oorgeslaan nie.²⁶ "Ek wens jy kan my kamer in die more sien", het Tibbie in 1949 aan Emmie geskryf. "Ek laat my vuur die aand te vore pak steek dit half ses op en van voor sewe kom Hannah en ons gesels heerlik tot Theunis (jr.) kom skeer, dan kom Tibbie in om ook aan te trek. Bietjie oor ag kom Theunis se brekfis. Hannah eet ook dan en ek staan eers so tussen half nege...op. Dit is alles baie gesellig".²⁷ Volgens Nico van der Merwe (jr.) het geen inwoner van Onze Rust dit eens naastenby oorweeg om elders te gaan aantrek nie. Dit was nie net oor die hitte, die koffie en beskuit nie, maar veral om nie "'n gesprekkie met Ouma mis te loop nie".²⁸ Dat haar huismense soggens so om Tibbie saamgetrek het, het dit vir haar te midde van die daaglikse kom en gaan van almal moontlik gemaak om nie in later jare te vereensaam nie. So het sy in

21 VAB A160/69 RIS - HPNM 17 Maart 1926.

22 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 17 Januarie 1946.

23 Buchanan - Gould, V., "Mrs. President Steyn", The Outspan Maart 1948, p.34.

24 Ineg PV181 2/8/1/1/30 RIS - EH c 1925; VAB A156 1/1/13 EH - EH 22 November 1925.

25 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 6 Mei 1926.

26 Van der Merwe, N.J. (jr.), "Ouma", Nuntius c. 1986.

27 Kaapstad Oranjezicht Vreugde RIS - Emmie 7 Junie 1949, 29 April 1949; VAB A156 1/1/42 17 Oktober 1950, 18 November 1949, 12 Desember 1950.

28 Van der Merwe, N.J. (jr.), "Ouma" Nuntius c. 1986.

voeling met elkeen se vreugde en leed gebly : sy self is ook opgebou deurdat daar altyd 'n behoefte aan haar raad, bystand en belangstelling bestaan het.

Net voor sy opstaan, het Ellen, Nanakkie se moeder, vir Tibbie elektriese behandeling ter bestryding van rumatiek kom gee. Sy het terselfertyd aan outosuggestie destyds op voorstel van Emily Hobhouse geglo en hardop geprewel: "Every day and every way I am feeling better and better".²⁹

Tibbie het haar in die wintermaande verlustig aan die toegeboude sonkamer. Daar het sy haar oggendete asook haar middagmaal genuttig.³⁰ Sy het gewoonlik op 'n bank gesit wat geprakseer was van 'n driekwart bedmatras en gemonteer op twee brandstofhouers.³¹ Indien haar oë dit toelaat, het Tibbie haar korrespondensie, die koerante en tydskrifte wat te perd van Kaalspruithalte gehaal is, gelees. Sy het behalwe The Friend en Die Volksblad, twee Vrystaatse dagblaie, ook Die Burger, 'n Kaapse dagblad gelees.³² Veral in die twintigerjare het Tibbie nog verrassend wyd gelees, veral Britse koerante en tydskrifte, onder invloed van Emily Hobhouse met wie sy intensief oor internasionale sake gekorrespondeer het. Behalwe The Manchester Guardian waarop mej. Hobhouse vir haar ingeteken het,³³ het Tibbie ook Foreign Affairs en The Nation gelees.³⁴ By geleentheid het Tibbie ook Die Vaderland en The Weekly Guardian gelees. Die Kerkbode was deel van haar gereelde leesstof.³⁵

Dat Tibbie in die laat veertigerjare nie meer na willekeur kon lees nie, het haar ongelukkig gemaak. Sy het gemeen dat die kwaliteit van haar korrespondensie daardeur benadeel is. "Hoe oninteressant is my briewe nie", het sy teenoor Emmie gebieg, "ek moet net 'n stryd voer met my om moedig te bly...dit...raak my baie diep".³⁶ Sy het noodgedwonge meer na die radio begin luister.³⁷ Tibbie se korrespondensie, die uiteenlopendheid van haar leessmaak waarin sy selfs die intellektueel - filosofiese boek van genl. Smuts, Holism and evolution, aangedurf

29 Van der Merwe, N.J. (jr.), "Ouma" Nuntius c. 1986.

30 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 1 Maart 1946.

31 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 13 Mei 1921.

32 Die Volksblad 1 Oktober 1946; Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 15 November 1922; VAB A156 1/1/12 EH - RIS 17 Oktober 1923.

33 Ineg PV181 2/7/1/1/6 RIS - EH 19 Junie 1922; VAB A156 1/1/10 EH - RIS 22 Mei 1922.

34 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 2 Maart 1923; 2/7/1/1/12 RIS - EH 12 Oktober 1924; VAB A156 1/1/12 EH - RIS 24 Junie 1923.

35 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 13 Julie 1924; A156 1/1/12 EH - RIS 21 Oktober 1923; Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 25 September 1923; VAB A156 1/1/10 EH - RIS 24 Desember 1921.

36 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 15 Desember 1948, 2 Desember 1949, 16 Oktober 1948, 22 April 1949.

37 VAB A156 1/1/13 EH - RIS 21 Maart 1926; A156 1/1/42 RIS - Emmie 7 Julie 1945.

het en die interessante gesprekke wat Tibbie kon voer, weerspreek ten sterkste die bewering van 'n kleinkind dat Tibbie se intellektuele vermoëns onontwikkeld was.³⁸

Na middagete het Tibbie gewoonlik gaan rus waarna sy gewoonlik menigvuldige vriende ontvang het vir 'n gesellige kuier oor 'n koppie tee. Dit het haar veral in later jare, toe haar beweeglikheid meer beperk geraak het, innige genoegdoening besorg as Theunis (jr.) haar laatmiddag met die motor na dele van die plaas neem waar sy voorheen nog nie was nie.³⁹ Hierdie gewoonte wat Nico begin het, is deur Theunis (jr.) en later ook Gladys voortgesit.⁴⁰ Na 'n aandete wat in die twintigerjare bestaan het uit 'n bord rys, 'n rou eier en 'n snytjie brood met botter, het sy gewoonlik vroeg gaan slaap.⁴¹ Andersins het sy graag voor die vuur gesit en gesels of teater toe gegaan. "I so seldom go out at night", het sy in die twintigerjare geskryf, "but I love a play".⁴² Binne die huis het sy van 'n kiere gebruik gemaak om te loop. Op die plaas is sy gewoonlik op 'n rolstoel rondgestoot maar in die woorde van 'n verslaggewer "not as an idle spectator - as mistress, taking the liveliest interest in everything,...issuing instructions, her finger on the pulse of all that is going on".⁴³

Tibbie het definitiewe voor- en afkeure gehad. Tuinwerk het haar nie aangestaan nie.⁴⁴ Sy het ook geen voorliefde gehad om in 'n trein te ry nie en toe sy in later jare die kans gegun word om eerder per vliegtuig te reis, het sy dit aangegryp.⁴⁵ Haar kleinkinders het haar geterg oor hierdie voorliefde en na haar as "the little flying Scotsman" verwys.⁴⁶ Musiek het haar verveel en indien musiek oor die radio sou speel, het sy gewoonlik iemand in die nabyheid nader geroep met die versoek: "Kom tog 'n bietjie hier na Oumatjie en sit die geraas af, want dit maak my kop moeg".⁴⁷ Behalwe vir lees het sy ook 'n voorliefde vir sport gehad en sy was tot in haar sewentiger jare bekend met name en die rekords van sportmanne oor die hele wêreld.⁴⁸ "Niks verskaf my soveel geluk" het sy teenoor dr. Muller erken, "as so 'n kort geselsie oor die foon, ek sê altyd aan Colin ek gaan byna nooit na theatres of

38 Mededeling N. Ferreira 20 November 1993; VAB A156 4/8 Photo (onleesbaar), "Mrs. President Steyn" Julie 1947.

39 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 2 Maart 1949.

40 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 28 November 1950.

41 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 21 Augustus 1923.

42 Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 19 Oktober 1924, 26 Oktober 1924.

43 VAB A156 4/8 Photo (onleesbaar), "Mrs. President Steyn" Julie 1947.

44 Mededeling Yvonne Steyn 27 Januarie 1994.

45 Ineg PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 22 November 1921.

46 VAB A156 1/1/23 Jack en Cecilia (Pietersburg) - RIS 28 Februarie 1949.

47 Van der Merwe, N.J. (jr.) "Ouma", Nuntius c. 1986.

48 VAB A156 4/7 The Argus 5 Maart 1937.

so iets, dus kan ek een bietje geld op die foon spandeer".⁴⁹ Tibbie was verder lief vir kook en het bekend gestaan as 'n uitstekende kok.⁵⁰

Tibbie se taalgebruik was 'n unieke vermenging van hoofsaaklik Afrikaans en Engelse woorde. Waarskynlik het dié soort taalgebruik, geensins uitsonderlik vir Afrikaners nie, in die vroeë jare van die eeu 'n gewoonte geword toe daar nog geen eenvormige woordgebruik in Afrikaans was nie. Sy het soos meeste Afrikaners van daardie era gepraat van, "lunch", "flu", "going away-uitrusting", "honeymoon" en "tennis tournament".⁵¹ Toesprake het Tibbie deurgaans as "een aanspraak maak" beskryf en sy het nooit heeltemal die Engelse idioom in haar geskrewe taalgebruik ontgroeï nie.⁵² Dit sou inderdaad met verloop van tyd duideliker merkbaar in haar briewe word. In 1929 skryf sy aan haar kleindogter, Cila Fichardt, wat oorsee studeer het: "Ek is tog so benoud hoe dit met jou tests sal gaan. Van harte hoop ek 'You did yourself justice' (haar onderstreping). Wat jy van my bilingual brief sal denk weet ek nie. Sien jy maar dat jy die taal suiwer hou".⁵³ Daar was tipiese Steynwoorde soos "snoesig", "swel party" en "mail" wat die meeste van Tibbie se kinders ook gebruik het.⁵⁴ Veral toe Tibbie ouer geword het, het haar Nederlandse opvoeding ooglopender geword waar sy van woorde soos "helemaal", "attentie", "weekende" en "diensmeisje" gebruik gemaak het.⁵⁵ Haar aksent was vir 'n Londense ingesetene in die laat veertigerjare nog opvallend: "Her conversation", het M. Gouch geskryf, "with a slight Scotch accent gave me such delight".⁵⁶

Tibbie se lewe en strewe was gegrondves in die Christelike etiek en norme. In teenstelling met Emily Hobhouse wat met groot gereserveerdheid oor godsdienstige sake gepraat en geskryf het, het Tibbie vrylik haar godsdienstige oortuiging met woord en daad uitgeleef. Sy het na gelang van omstandighede gereeld die eredienste by die NG Tweetoringkerk in Bloemfontein bygewoon waar sy in haar eie woorde 'n "heerlik(e)..vaste sitplaas" gehad het.⁵⁷ Sy het die preke van die jonger predikante verkies omdat hulle nie so langdradig soos die ouer garde was nie.⁵⁸ Selfs toe Tibbie die preek slegs met moeite kon aanhoor, het sy steeds die

49 VAB A160/70 RIS - HPNM 12 Januarie 1928.

50 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 11 Augustus 1925.

51 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 7 Julie 1945, 28 November 1945, 17 Januarie 1946, 12 Desember 1949; A156 1/3/4 RIS - Cila 14 Maart 1949.

52 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 3 April 1944.

53 VAB A156 3/4 RIS - Cila Fichardt 3 Mei 1929.

54 VAB A156 1/3/4 RIS - Cila 14 Maart 1929; A156 1/1/42 RIS - Emmie 1 Januarie 1950.

55 VAB A156 1/3/4 RIS - Cila 14 Maart 1929; A156 1/1/42 RIS - Emmie 12 Desember 1950, 28 November 1949, 2 Desember 1949.

56 VAB A156 1/1/38 M. Gouch (Londen) - Hannah 6 Januarie 1955.

57 TAB A36/6 RIS - JBMH 10 Julie 1932.

58 Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 30 November 1924.

eredienste en veral die nagmaaldienste bygewoon.⁵⁹ Sy het soggens vroeg en in die laatmiddag haar daaglikse godsdienstige stiltetyd gehou. Nico van der Merwe (jr.) onthou die lang gebed daarna, hardop geprewel, "maak dit wel met my".⁶⁰

Tibbie se lewe en haar persoonlikheid was 'n weerspieëling van haar geloof. In 'n brief van bemoediging aan die eggenote van 'n voormalige goewerneur-generaal van Suid-Afrika het sy haar lewensbeskouing só verwoord; sy was naamlik oortuig dat die lewenslas te moeilik sou wees om te dra, was dit nie vir die goedheid van haar Skepper nie. "Looking back on years of much trouble and grief I can only say - God is love and He will not let us bear more than we are able to bear".⁶¹ Die afwesigheid van bitterheid in Tibbie se lewe was een van haar aantreklikste eienskappe.⁶² Sy wat vertrouwd was met teleurstelling en hartseer soos haar brief aan lady Duncan suggereer, het 'n doelbewuste blymoedigheid nagestreef wat aansteeklik op ieder en elk met wie sy in aanraking gekom het. Sy het haar geestelik nooit oorgegee aan die gebreke van die ouderdom of die toenemende eensaamheid nie, maar met 'n daaglikse wilsbesluit enige selfbejammering vermy. Haar voorregte, waaronder sy "al die geluk van my kleinkinders" getel het, het sy nie misgekyk nie.⁶³ Die melancholiese oomblikke veral oor Kersfees en 2 Oktober, Theunis se geboortedag, het sy vir haarself gehou. Dit is net teenoor Emmie wat sy erken het sy "moet net 'n stryd voer met (haarself) om moedig te bly".⁶⁴ Haar huismense het van haar verwag om vrolik te wees "en ek doen dan my bes om opgewek te wees".⁶⁵ Dit was hierdie eienskap van Tibbie, in Nerina se woorde "hierdie jarelange vasberadenheid om goed te handel, al voel dit nie so goed nie", wat Tibbie kop en skouers bo haar tydgenote laat uitstyg het.⁶⁶ Sy het self verantwoordelikheid vir haar eie geluk aanvaar en het nie verwag dat diegene om haar enigiets aan haar verskuldig is nie. "Ek het net...begin...dink", skryf sy in 1948 vanaf Vreugde, Emmie se woonhuis, "hoe ek my dae in die toekoms meer gesellig kan maak".⁶⁷

59 Kaapstad Oranjezicht Vreugde, RIS - Emmie 30 November 1949.

60 Van der Merwe, N.J. (jr.) "Ouma", *Nuntius* c. 1986.

61 VAB A156 1/1/37 RIS - lady Duncan 27 Oktober 1942; Ineg PV181 2/8/1/1/23 RIS - lady Clarendon 26 Augustus 1935.

62 VAB A156 4/8 Photo (onleesbaar) "Mrs. President Steyn" Julie 1949; Ineg PV181 2/8/1/1/24 J.E. Conradie (Wynberg) - RIS 21 Februarie 1937.

63 VAB A156 1/3/4 RIS (Tamboerskloof) - Cila Fichardt 9 Maart 1930.

64 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 22 April 1949.

65 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 26 Desember 1950.

66 Ineg PV181 2/8/1/1/28 Nerina (Londen) - RIS 1 Maart 1948.

67 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - Tibbie Visser 6 Maart 1948.

'n Diepe minsaamheid in Tibbie se persoonlikheid en 'n warmhartige meelewing met haar medemens het haar reeds vroeg in haar lewe laat beseef, dat "no happiness which is not founded upon the love of one's fellow is real happiness" soos 'n familielid dit gestel het.⁶⁸ Hierdie eienskap van meegevoel met die pyn van ander was veral opvallend in die twintigerjare toe Tibbie, terwyl sy omring was deur liefde van haar familie, haar oor Emily Hobhouse - "devoid of the love & care (of which you speak)" - ontferm het.⁶⁹ Die oorsprong van dié morele krag in Tibbie was geleë in haar sterk gees wat as fondamentsteen haar geloof in God gehad het. "You are in possession of Life's greatest blessings", het Ella Fischer, haar jarelange vriendin, hierdie eienskap gedefinieer, "in the strength and beauty of your spirit. I have so loved your wisdom and courage through all the years I have been privileged to know you so intimately...your spirit (is) a strength to yourself and joy & comfort to others".⁷⁰

Tibbie het 'n sterk persoonlikheid gehad. Dit het veral gegroei namate sy in die Anglo-Boereoorlog aan teenkating en terugslae blootgestel was en sy mettertyd onder die skadu van Theunis se sterk persoonlikheid uitbeweeg het. Na sy dood waar sy vir haar eie emosionele beskutting verantwoordelikheid moes neem en sy in eie reg haar rol moes bepaal in die maatskaplike, politieke en geestelike volkslewe, het sy ten volle tot haar reg gekom. Dit was vir Emily Hobhouse sowel as genl. Smuts in 1921 opvallend hoe die magte, soos hulle dit genoem het, wat Tibbie toegewy het aan Theunis se sorg "had been set free and were being re-consecrated to the more, public interest & affairs to which (his) life had been devoted".⁷¹

Sy het nooit oor Emily Hobhouse se dinamiese of Theunis se charismatiese persoonlikheid beskik nie. Maar sy kon op haar manier sterk leiding neem en kon uitstekend met ander saamwerk. Tibbie kon verskillende standpunte na waarde skat, en was daarna bereid om selfs besluite te aanvaar wat hemelsbreed van haar eie verskil het. Dit is waarskynlik haar grootste prestasie dat sy mense van verskillende oortuigings en persoonlikhede kon saamsnoer as 'n harmonieuse span. Haar deursettingsvermoë, 'n eienskap wat sy veral geërf het van haar vader, ds. Fraser, het haar in staat gestel om te volhard nadat menige ander reeds tou sou opgegooi het. 'n Sprekende voorbeeld is die besondere groot bedrae wat sy ten behoeve van mej. Hobhouse se noodlenigingspoging in Europa ingesamel het. Sy was nie juis 'n oorspronklik denker soos byvoorbeeld mej. Hobhouse en Olive

68 VAB A156 1/1/37 Avis Paterson (Londen) - RIS 21 Mei 1939.

69 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 24 September 1922, 5 April 1922; A156 1/1/12 EH - RIS 10 Junie 1923 e.v.

70 Ineg PV181 2/8/1/1/24 Ella Fischer - RIS 2 Maart 1942.

71 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 17 Julie 1921.

Schreiner nie. Sy het nie soos mej. Hobhouse sterk voorkeure en afkeure in mense of hul agtergrond en politiek gehad nie. Sy het altyd die beste van haar medemens, van watter oortuiging of agtergrond of politieke standpunt ook al verwag - en dit gekry. Sy was selde in mense teleurgestel hoofsaaklik vanweë haar onkritiese aard. "Help us to find the best things in each other", het sy voor in haar brieweboek geskryf, "and to give the best things of love we have in our hearts", en het dit self lewenslank uitgeleef.⁷²

'n Kruis wat Tibbie lewenslank bygebly het is dat sy nie haar woord gemaklik voor 'n gehoor kon doen nie. Haar selfvertroue het 'n verdere ernstige knou gekry veral na Theunis se dood, wat sy noem "that fateful November 28th". Daarna, het sy teenoor Emily Hobhouse erken, "I have never dared to venture anything in the nature of appearing on a public platform, and take a principal part".⁷³ Haar lewensverloop het Tibbie egter telkemale in 'n leidende posisie voor gehore gedwing waar sy as gevolg van gebrek aan selfvertroue grootliks 'n skynfiguur geword het, 'n ere-presidente wat op gesag van haar historiese verbintenis invloed uitgeoefen het. Sy self sou dit graag anders wou gehad het. Sy het Emily Hobhouse en mev. H.D. van Broekhuizen se gawe as spreeksters bewonder. Dat Tibbie nie 'n gemaklike spreekster kon wees nie "has always handicapped me so in my various positions", het sy teenoor mej. Hobhouse erken.⁷⁴ Dit was slegs toe Tibbie al oor die tagtig jaar oud was dat sy met groter gemak 'n aantal woorde voor 'n gehoor kon sê.

'n Joernalis wat Tibbie in 1938 op Onze Rust ontmoet het was getref deur haar opgewektheid, die geestigheid, die "bekoerlike glimlag in haar lewendige laggende blou oë".⁷⁵ Sy het oor 'n buitengewone fyn humorsin beskik en saam met haar kinders kon sy heerlik lag. Een so 'n amusante brief in 1923 van Emmie aan haar en Tibbie van der Merwe "kept us in roars of laughter while reading it".⁷⁶ Dat Tibbie se gehoor reeds in die vroeë veertigerjare agteruit gegaan het, kon vir ernstige bekommernis by Tibbie gesorg het. In plaas daarvan skryf Tibbie egter vir Emmie dat "ons baie grappe het oor die fout". Die fout waarna sy verwys, het met haar verjaarsdag in 1943 ingesluip toe sy die stemme van haar seun en een van haar skoonseuns oor die telefoon verwar het.⁷⁷ Tibbie het hoë waardering gehad vir haar kleinkinders, van wie sommige ook geseën was met 'n sterk sin vir humor. Hulle

72 Ineg PV181 5/1/1/2 RIS brieweboek.

73 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 28 November 1922.

74 Ineg PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 6 Mei 1925; PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 14 September 1925.

75 VAB A156 4/7 Brewis. L., "Onze Rust : ou plaas van pres. Steyn", 13 September 1938.

76 Ineg PV181 2/7/1/1/9 RIS - EH 18 Desember 1923.

77 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 6 Maart 1943.

het geweet hul ouma sou 'n geestige brief waardeer. "Ag dit was 'n gedoente", het Ella Fichardt in 1929 na 'n snaakse insident in Berlyn geskryf, "en dit moet mens aanhoor sonder om te lag. Nee, en dit nog as mens Steynbloed in jou het. Dit was waarlik 'n pyniging".⁷⁸ Tibbie kon gemaklik met haarself spot. Tydens 'n dinee in 1931 by Grootte Schuur waarheen sy op genl. Hertzog se versoek gegaan het, het sy in deftige klere gegaan maar dit was "nie eers 'n aand rok!! Gelukkig sal mev. Hertzog my geselskap hou", skryf sy aan Mita de Villiers, "en die Clarendons sal ons seker twee old 'dowdies' beskou!"⁷⁹ Die oorheersende indruk uit die groot getalle briewe van huldebtoning na haar dood was die vriendelike gees wat sy uitgestraal het. "Ek sal haar altoos onthou as een van ons lieflikste dames", het B. Steytler geskryf, "ek kan haar nog so sien met haar vriendelik glimlag".⁸⁰

Die hoë prys wat Tibbie op haar plig gestel het, was nie net vanweë haar Christelike agtergrond nie. 'n Pligsbesef, 'n verantwoordelikheid teenoor die maatskappy, die kerk en sosiale struktuur was deel van die Victoriaanse lewensbeskouing. Dit was opvallend vir die twee Victoriaanse pastoredogters, Tibbie en Emily Hobhouse, hoe apaties, die moderne geslag gestaan het teenoor hierdie norm wat hulle albei so hoog geag het. Tibbie se pligsbesef het van haar 'n uithalergasvrou en -gade vir 'n president gemaak. Hoewel Tibbie se rol as presidentsvrou volgens die standaarde van die tyd en die gemeenskap in vele opsigte onopsigtelik was, het sy nooit haar plig teenoor haar posisie, haar eggenoot en kinders versaak nie. Haar pligsbesef en lojaliteit teenoor die Vrystaat het haar onder uiters ongunstige omstandighede gedurende die Anglo-Boereoorlog in die Vrystaat gehou terwyl dit vir haar veel makliker kon wees om byvoorbeeld soos Annie, genl. Botha se eggenote, na Europa uit te wyk. Dieselfde geldelike middele wat in Europa tot Annie Botha se beskikking gestel is, kon waarskynlik met die hulp van dr. W.J. Leyds en dr. H.P.N. Muller ook daar tot haar hulp gekom het. Haar plig teenoor 'n kritiek ongestelde Theunis aan die einde van die oorlog het sy in liefde en met alle middele tot haar beskikking nagekom : teen alle mediese advies in het sy Theunis na Europa geneem waar gespesialiseerde mediese kundigheid tot sy beskikking was. Hoewel dit vir Tibbie pynlik was, het sy wel skenkings van goedgesindes ontvang om dit aan te wend vir die herstel van Theunis. Tibbie se na-oorlogse aandeel in die heropbou van die Afrikaner op maatskaplike, opvoedkundige en geestelike gebied was 'n voorsetting van die pligsbesef wat inherent deel van haar karakter was. Die plig wat sy teenoor die handhawing van wat sy as Theunis se ideale beskou het, het sy nagekom tot die dag van haar dood.

78 VAB A156 1/1/17 Ella Fichardt (Berlyn) - RIS 4 Desember 1929.

79 VAB A90/8 RIS (Muizenberg) - Mita de Villiers 20 April 1931.

80 VAB A156 1/1/42 B. Steytler (Tamboerskloof) - Emmie 14 Januarie 1955.

'n Besondere buigzaamheid en volgens Emmie 'n algehele onselfsugtigheid in Tibbie se persoonlikheid het haar 'n ideale ouma gemaak. Dit was vir mej. Hobhouse merkwaardig hoe Tibbie haar in die twintigerjare kon "throw yourself... in a large hearted way...into (your grandchildren's) amusements".⁸¹ Haar eie behoeftes en verpligtinge het sy meermale agterweë gelaat om tyd en aandag aan haar kleinkinders te gee. Gladys se vermaning in 1922 dat Tibbie "volstrek nie die kleinkinders vir Mammie (moet) laat moor nie" het op dowe ore geval.⁸² Sy was 'n ouma wat geweet het hoe om in die behoeftes van haar kleinkinders te voorsien veral toe sy nog meer beweeglik was. Sy was die ouma wat saam gaan swem het in die plaasdam,⁸³ saam die koppies op die plaas gaan uitklim het en wat die stories vertel het.⁸⁴ Vir die kleinkinders se onthalwe het sy 'n groot ophef van Kersfees gemaak met geskenke, 'n kersboom en 'n Kersfeesvader.⁸⁵ Op 'n wintersdag in Julie 1924 is die ossewa ingespan: "We ontspanned in the veld, had tea cakes and scones and baked pancakes...for the children".⁸⁶ Sy het later toe dit vir haar moeiliker was om rond te beweeg, saam met hulle kaart gespeel en het dit geniet as hulle haar op die plaas rondstoot in haar rystoel.⁸⁷

Verjaarsdae is met groot fanfare deur Tibbie herdenk. Dit het Jacques du Toit, haar skoonseun, verbaas "when he entered our family to see how much was made of the day".⁸⁸ Sy het geen kleinkind se verjaarsdag ooit vergeet nie. 'n Geskenk het altyd Tibbie se verjaarsdagbrief vergesel. Soms was die geskenk 'n bedrag geld,⁸⁹ ander kere was dit biltong en sjokolade soos aan Theunis (jr.) en Jan Steyn aan die Universiteit van Kaapstad,⁹⁰ en op 'n keer 'n pot heuning aan Theunis Fichardt.⁹¹ Stefanus Vos het selfs met sy geboorte 'n muntstuk uit die Vrystaatse republiek ontvang, en op sy een-en-twintigste verjaarsdag in 1965 'n kaartjie waarop president Steyn se handtekening was.⁹² Haar agterkleinkinders het eweneens in hierdie liefdesbewyse gedeel. So ontvang Hannah se kleindogter in 1950 'n tjek van £2.⁹³

81 VAB A156 1/1/10 EH - RIS 23 Julie 1922.

82 OR Gladys (Berlyn) - RIS 25 Desember 1922.

83 Ineg PV181 2/7/1/1/12 RIS - EH 11 Januarie 1925.

84 VAB A156 1/1/40 RIS - Arthur Gillet 11 Julie 1946; A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 19 Julie 1944; A156 1/1/42 RIS - Emmie 15 Desember 1926.

85 Ineg PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 25 Desember 1923, 11 Desember 1925, 15 Desember 1925.

86 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 2 Julie 1924.

87 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 7 Julie 1945.

88 Ineg PV181 2/7/1/1/5 RIS - EH 13 Maart 1922.

89 VAB A156 1/3/4 RIS - Cila Fichardt 29 April 1929.

90 VAB A156 1/1/41 Theunis (jr.) (Kaapstad) - RIS 24 September 1941.

91 VAB A156 1/1/23 Theunis Fichardt (Kaapstad) - RIS 12 Junie 1944.

92 VAB A156 1/1/23 Japie Vos (Seepunt) - RIS 2 Januarie 1944.

93 VAB A156 1/2/3 Mabel (dogter van Ella en kleindogter van Hannah) - RIS 21 Januarie 1950.

Die liefde wat Tibbie vir haar kleinkinders gehad het, was wedersyds. Haar korrespondensie spreek van hul prestasies en belowende jongmenslewens. Nooit is daar enigiets negatiefs van haar kleinkinders in haar briewe nie. Slegs een maal verwys sy egter met teleurstelling na Nerina se egskedding: "Aan Nerina skryf ek nie...later sal sy wel van haar Ouma hoor, maar daardie onderwerp raak ek nie weer aan".⁹⁴ Sy is heerlik deur Colin geterg "as ek oor my kinders uitwei en sê Mammie dink altyd daar is nie nog sulke kleinkinders nie".⁹⁵ Tibbie het op haar kleinkinders se vlak met hulle gekommunikeer. Dit was in 1945 vir Cecilia Fichardt, haar kleinkind, ongelooflik dat Tibbie in daardie jaar reeds tagtig jaar oud was "want ek dink steeds aan Ouma as my gelyke in gees & uitkyk. As ek aan Ouma skryf...of gesels, dan is dit met 'n maat wat ek baie lief het. Iemand met die wysheid van 'n ouer geslag, maar gees & voorkoms van 'n jongere".⁹⁶ Tibbie was hulle vertroueling, hul raadgever en hulle vriendin. Sy kon in die woorde van 'n kleindogter "so lekker oor alles gesels...(u) kan tog so makelik (sic) altyd alles verstaan".⁹⁷ Die klomp kleinkinders het tougetrek oor hul ouma. In een stadium is gevoel dat Tibbie "die heel jaar by die van der Merwetjies" bly en nie genoeg Kaap toe kom nie. Die skryfster van daardie brief, Nerina "verlang al so baie om weer by Ouma te slaap". Haar afsluiting toon dat sy alles in die stryd gewerp het om aan Tibbie se hartsnare te tokkel: "Nogmaals a.s.b. tog kom!! Van Ouma se smekende pietlampatsie en kamermaat".⁹⁸

Behalwe vir Theunis (jr.) wat die president se naamgenoot was en waarskynlik deur die ander kleinkinders as Tibbie se oogappel beskou kon gewees het, het almal in gelyke mate in Tibbie se aandag en liefde geniet. Vir Cecilia Fichardt was haar ouma die eregas in haar lewe,⁹⁹ vir Jan Steyn wat in 1943 saam met die Griekse hoëlui tydens hul besoek aan Suid-Afrika gaan eet het, troon sy ouma kop en skouers bo die adellikes uit: "geen prinses", het hy bevind, "kan dieselfde skoonheid, statigheid...en liefde as my Oumatjie daar in die ou Vrystaat toon nie".¹⁰⁰ Vir Nerina was Tibbie eenvoudig "my Ouma der Oumas!"¹⁰¹ "Mammie verdien dit om so bemind te wees", het Emmie geskryf, "want 'n meer onselfsugtige mens as mammie ken ek nie".¹⁰²

94 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 4 November 1945.

95 VAB A156 1/1/39 RIS - mnr. Olivier 27 Desember 1931.

96 VAB A156 1/1/23 Cecilia Fichardt (Nelspruit) - RIS 2 Maart 1945.

97 VAB A156 1/1/17 Cecilia Fichardt (Kaapstad) - RIS 16 Augustus 1927.

98 VAB A156 1/1/23 Nerina (Vreugde) - RIS 10 Oktober 1939.

99 VAB A156 1/1/17 Cecilia Fichardt (Edinburgh) - RIS c. 1929.

100 VAB A156 1/1/23 Jan Steyn (Kaapstad) - RIS 27 Januarie 1943.

101 VAB A156 1/1/23 Nerina (Vreugde) - RIS 28 Julie 1941.

102 VAB A156 1/1/22 Emmie - RIS 31 Desember 1941.

Tibbie se onvoorwaardelike aanvaarding van die sterktes en swakhede in haar kleinkinders se persoonlikhede het die basis gevorm van die vertroulike verhouding tussen ouma en kleinkinders. Hulle het met groot vrymoedigheid hul hartsgeheime aan Tibbie vir veilige bewaring toevertrou. "Baie dankie", skryf Tibbie aan Cecilia "dat jy Ouma die geheim van jouself geskrywe het, ek het dit baie waardeer".¹⁰³ Tibbie was betrokke by elke aspek van haar kleinkinders se lewens. So deel sy spontaan in Nerina se studentelewe : die lawaaierige partytjies, die romantiese maanligaande onder die eike, die rokke, die sjampanje.¹⁰⁴ "Hoe mis ek nie my Koningin nie", skryf Nerina aan Tibbie, "wat altyd met haar silwer hare,...in die een bed gesit het en die jong prinsessie (Nerina) met die liefste raad bygestaan het". Met dat Tibbie terug is na Bloemfontein het sy in haar woorde niemand om lekker mee te gesels oor "die outyd... se troutye en valletjies en modetjies, of oor my liefdesake" nie.¹⁰⁵ Tibbie het aan die einde van elke jaar saam met die ouers ook weer al die sorg van haar studerende kleinkinders gedra.¹⁰⁶

Dit was egter nie net die probleme van eksamens wat Tibbie moes dra nie. Sy het agter die skerms gereeld vure doodgeslaan as dit nodig was. Een so 'n geleentheid was in 1947 toe Theunis (jr.) pale met Hannah se motor vervoer het en per ongeluk die ruit gebreek het. Tibbie het dit stilletjies laat regmaak en daarvoor betaal en Emmie, wat sy in haar vertrouwe geneem het, vermaan om dit nie in haar briewe te vermeld nie.¹⁰⁷ Ten spyte daarvan dat die herstelkoste vir die ruit £9 was, het sy geweier om 'n soortgelyke bedrag te aanvaar wat Colin vasberade was om vir Theunis (jr.) se verblyf te betaal.¹⁰⁸ Sy was genoodsaak om voor die einde van die jaar by haar skoonseun, Jacques, aan te klop om 'n lening. "Niemand weet ek skryf aan jou", het Tibbie geskryf, "maar ag ek het nog nooit so iets oorgekom, ek wil nie in die hande van die Bank kom". Sy het dié brief geskryf maar het nie geweet of sy die moed sou hê om dit te pos nie.¹⁰⁹ Dit is duidelik dat Tibbie eerder haarself sou benadeel het as om die harmonie van die huislike situasie te skend.

Vir Tibbie se kleinkinders is die genot van die toeganklikheid van Onze Rust grootliks verhoog deurdat sy met haar sjarmante blymoedigheid die middelpunt daarvan was. Hier kon sy hulle na hartelus bederf. Menige kleinkind het na 'n

103 VAB A156 1/3/4 RIS - Cecilia Fichardt 5 Julie 1930; A156 1/1/42 RIS - Emmie 19 Julie 1943.

104 VAB A156 1/1/23 Nerina - RIS 18 November 1940, 12 Augustus 1941.

105 VAB A156 1/1/23 Nerina - RIS 4 April 1941.

106 VAB A156 1/1/23 Nerina - RIS 24 Oktober 1940.

107 Kaapstad Oranjezicht Vreugde RIS - Emmie 19 November 1947.

108 Kaapstad Oranjezicht Vreugde RIS - Emmie 22 Julie 1948.

109 KAB A969/1 RIS - Jacques du Toit 31 November 1947.

vakansie terugverlang na "die warm beddens en die heerlike maaltye en ontbyt in die bed, en sulke groot vure".¹¹⁰ Vir Ileana, Emmie se dogter wat met haar baba, Stefanus, op Onze Rust kuier word alles in werking gestel om dit vir haar en haar baba gemaklik en gelukkig te maak. Tibbie betaal die bediendes stilletjies 'n ekstra footjie om na die baba om te sien sodat haar kleindogter broodnodige rus kon kry. Selfs die etes word gereël om by die gerief van Ileana en Stefanus in te pas.¹¹¹ Tibbie het gemeet en gepas om die geweldige uitgawes wat gaste meebring, met haar pensioengeld te betaal. Nadat Cecilia op Onze Rust gekuier het, skryf sy: "Oumakie laat my altyd dink aan 'n goed geslaagde gedig. Hoe ouer dit word, hoe mooier word dit en sy invloed en mooiheid is onsterflik...So 'n Oumakie het niemand anders ooit gehad nie!"¹¹²

Tibbie was weinig indien ooit aan kritiek blootgestel. Sy was nooit uitgesproke nie en as gevolg van haar historiese posisie is sy as't ware op 'n voetstuk geplaas. Dat Tibbie so intiem met haar volk saamgeleef het, was gedeeltelik vir hierdie verering verantwoordelik. Van die gebreke van die rou Boer - die benaming wat sy gebruik het vir die ongesofistikeerde tradisievolle Afrikaner van die platteland - wat weier om Engels te lees en te leer, wat uit hardkoppigheid weier om sake spoedig af te handel om by die tydsberekening van 'n buitelanders soos Emily Hobhouse in te pas,¹¹³ en sy geneigdheid om van politieke verskillende persoonlike vetes te maak: dit alles het Tibbie nie teen die Afrikaner gehou nie. Sy het eerder sy vrygewigheid terwyl hy dit self nie breed gehad het nie, raakgesien, die respek waarin hy sy leier en eggenote gehou het, en sy liefde vir sy vaderland. Tibbie is laastens op so 'n hoë voetstuk geplaas omdat sy in die woorde van Die Volksblad "die mooiste karaktertrekke en ingebore adel van die Afrikaner in alle omstandighede verpersoonlik".¹¹⁴

Sy het nooit heeltemal die vermoë bemeester om sonder 'n emosionele stut te leef nie. Dit het nie afbreuk aan haar persoonlikheid gedoen nie : dit het haar eerder kwesbaarder vir beïnvloeding gemaak. Die geneigdheid om 'n ongesteldheid, 'n skeet of 'n pyn aan die groot klok te hang is waarskynlik nie net as gevolg van 'n oorvertroeteling in huislike kring nie, maar ook omdat 'n Victoriaanse ingesteldheid van destyds dit as normaal aanvaar het dat 'n ouer vrou maar dikwels ongesteld kon

110 VAB A156 1/1/23 Nerina - RIS 28 Julie 1941.

111 VAB A156 1/143 RIS - Emmie 21 Junie 1944.

112 VAB A156 1/1/23 Cecilia Fichardt (Bloemfontein) - RIS 11 April 1946.

113 Ineg PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 16 April 1923; PV181 2/7/1/1/1 RIS - EH 9 Oktober 1925.

114 Die Volksblad 5 Maart 1945.

wees.¹¹⁵ Sy het haarself reeds op agt-en-veertigjarige leeftyd in elk geval as 'n ouer vrou beskou.¹¹⁶

Tibbie was 'n lojale vriendin. Van die feit getuig die honderde briewe in argiefbewaarplekke in Suid-Afrika. Haar vriendskappe het werklik lewenslank geduur. Sy het dit voortgesit lank nadat die gewone sterfling die aftog teen tyd en afstand sou geblaas het. Sy het erken dat "my pen my in nou aanraking met my vele vriende gehou het".¹¹⁷ Ook haar familieledede was die vriendskap deelagtig. Avis Paterson, 'n familielid uit Londen, het gemeld dat die liefdesband tussen die ouers deur Tibbie voortgesit is en nou na soveel jare steeds tussen die kinders bestaan. "It is perhaps the greatest blessing that could have been given to us".¹¹⁸ Om kontak te behou met haar familieledede in Brittanje was vir Tibbie belangrik. Toe sy op mediese aanbeveling in 1949 verplig was om minder te korrespondeer, was haar eerste gedagte dat sy graag "wil...in verbinding met my familieledede bly".¹¹⁹ Tibbie se gawe van liefde gee was veral waarneembaar in haar korrespondensie en in die briewe wat sy terug ontvang het. Dit was vir 'n familielid een van Tibbie se beste eienskappe: "You spread so much happiness about you".¹²⁰ Sy het reeds in die twintigerjare teenoor Emily Hobhouse gemeld dat dit vir haar 'n geweldige verlies sou wees as sy in later jare nie meer sou kon skryf nie.¹²¹

Soos haar gehoor veral sedert die veertigerjare verswak het en sy buite bereik van die telefoon en gewone geselskap geraak het, het haar korrespondensie hierdie band met kennis, vriende en familieledede bewaar. Tibbie wat in haar lewenswandel nooit kleinlik gehandel het nie, het in haar korrespondensie dieselfde grootmoedigheid getoon. Toe mej. Hobhouse in 1923 die feit betreur dat mev. Kröller, hul vriendin uit Nederland, nooit enige brief beantwoord nie, het Tibbie haar daarop gewys dat mev. Kröller maar 'n swak korrespondent was. "I don't even take it amiss of her", het sy aan mej. Hobhouse geskryf, "as I know she is fond of me, it is only that she can't get the strength (?) (for) writing. So don't you even mention this to anyone".¹²²

-
- 115 Ineg PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 27 Oktober 1920, 20 Desember 1924, 6 Januarie 1925; PV181 2/7/1/1/13 RIS - EH 15 Februarie 1925, 23 Februarie 1925, 4 Maart 1925 e.v.; TAB A32/1 RIS - JBMH 2 Maart 1936.
- 116 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 2 November 1913.
- 117 VAB A160/69 RIS - HPNM 29 Augustus 1929.
- 118 VAB A156 1/1/37 Avis Paterson (Londen) - RIS 29 Januarie 1939.
- 119 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 18 November 1949.
- 120 VAB A156 1/1/37 Avis Paterson (Londen) - RIS 29 Januarie 1939.
- 121 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 23 Januarie 1923.
- 122 Ineg PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 15 Maart 1923.

Terwyl die gehalte van haar briewe gaandeweg ná haar tagtigste verjaarsdag begin daal het, het die kwantiteit deur die jare nie noemenswaardig afgeneem nie. Omdat haar geheue in later jare haar dikwels in die steek gelaat het, het sy brieweboeke aangeskaf waarin al die adresse geskryf is plus die datum en aan wie 'n brief geadresseer is. Net in Januarie 1939 het sy byvoorbeeld ongeveer sestig briewe geskryf, onder andere aan prinses Labia, haar kleindogter Noensie, lady Clarendon, die eggenote van 'n voormalige goewerneur-generaal, dr. Muller en familie en vriende. Die laaste inskrywing van Mei 1949 was briewe aan haar skoonsuster, Edith, dr. D.F. Malan, genl. Smuts en Cecilia Fichardt, haar kleinkind.¹²³ Tibbie het dieselfde hoë standaard in haar korrespondensie geprobeer handhaaf wat sy van jongs af van haar kinders verlang het, selfs toe sy al vyf-en-tagtigjaar oud was. Toe het sy Emmie versoek dat sy daardie betrokke brief moes verbrand: "ek skryf nie so gemaklik teenswoordig".¹²⁴ Sy het Emmie versoek dat sy geduld moet toon met haar en liefs nie die foute moet raaksien nie.¹²⁵ Tibbie het haar kinders van vroeg af aangemoedig om nie vriende en kennisse langs die lewenspad te verloor nie.¹²⁶ Tibbie het selfs tot in 1948 nog geskryf aan Bessie Visser (geb. Beddy) wat die blommemeisie tydens haar huwelik in 1887 was: 'n tydperk van een-en-sestig jaar.¹²⁷

Tibbie het oor die gawe van diskresie beskik. Die lewensfilosofie wat sy in navolging van Bacon, die Britse filosoof aanvaar het, staan opgeteken in een van haar brieweboeke as stille getuie van die norme wat sy met sukses nagestreef het: "Discretion of speech is more than eloquence". (Bacon)¹²⁸ Dit was een van die redes vir haar omvangryke vriendekring : dit het aan dese en gene 'n vrymoedigheid verleen waarsonder geen vriendskap kan standhou nie. Slegs aan enkeles het sy werklik haar hart oopgemaak. Die feit dat haar vertrouelinge se korrespondensie mettertyd 'n tuiste in argiefbewaarplekke in Suid-Afrika sou vind, het haar verontrus. Aangesien sy "altyd openhartig aan u geskryf het", het sy in 1933 aan dr. H.P.N. Muller geskryf nadat hy haar in kennis gestel het dat hy besluit het om sy persoonlike argief aan die Vrystaatse Argiefbewaarplek te skenk. "Ek sou nie graag (wou) sien dat my briewe later...in ander hande verval". Haar versoek aan hom om dit te vernietig, is wel in verband met enkele briewe nagekom.¹²⁹ Meermale het sy dieselfde versoek aan Emily Hobhouse gerig, naamlik die

-
- 123 Ineg PV181 5/1/1/2 RIS brieweboek.
 124 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 5 Januarie 1950.
 125 VAB A156 1/1/42 RIS - Emmie 28 November 1950.
 126 VAB A156 1/1/39 RIS - Gladys 27 Mei 1905.
 127 Ineg PV181 5/1/1/2 RIS brieweboek.
 128 Ineg PV181 5/1/1/2 RIS brieweboek.
 129 VAB A160/69 RIS - HPNM 4 Januarie 1933.

vernietiging van korrespondensie waarin kompromitterende inligting aanwesig kon wees. In Augustus 1925 skryf sy: "This is all for yourself as I am giving away state secrets. Please destroy my letter".¹³⁰ Ook Margaret (Clark) Gillet is versoek om versigtig met vertroulike inligting om te gaan.¹³¹ Soos Tibbie getrag het om hoë standaarde in korrespondensie na te streef, het sy van haar kinders te alle tye diskresie verwag. So het sy, terwyl die dogters op die Meisieskool Oranje was, aan Gladys opdrag gegee om toe te sien dat Emmie nie haar moeder se briewe laat rondlê nie. Sy versoek haar inteendeel: "Get it from her and tear it up".¹³² Die reg van diskresie waarin Tibbie geglo het, het sy nie in die spel geplaas met die ongere twiste tussen dr. Muller en dr. W.J. Leyds nie. Die verwysing destyds van dr. Leyds na Muller as "den verfoeiliken Dr. H.P.N. Muller", het Tibbie geïgnoreer en dit teenoor dr. Muller verswyg.¹³³ Sy het jare daarna steeds aan dr. Leyds geskryf en gereeld Die Burger aan hom gestuur.¹³⁴

Buiten die kennisse, vriende en familielede met wie sy gereeld gekorrespondeer het, het Tibbie haar hele lewe deur altyd vertrouelinge gehad met wie sy op intiem-persoonlike vlak gekommunikeer het. Jare lank selfs terwyl sy getroud was, het haar ouers hierdie rol vervul. Haar skoonsuster, Hannie Blignaut en haar vriendin, Dora Poultney, het dié rol vervul terwyl die Steyns in Europa was. Dr. Hendrik Muller met wie Tibbie reeds sedert die oorlogsjare gekorrespondeer het, het die gaping wat deur die dood van Emily Hobhouse gelaat is ná 1926 op 'n meer persoonlike vlak gevul. Haar eerste brief aan Margaret Gillet (geb. Clark) wat as Kwaker en vriendin van mej. Hobhouse in 1905 na Suid-Afrika gekom het om bystand met die vestiging van tuisnywerhede onder die Boere te verleen, is gedateer 25 Februarie 1905, dus nog voor die Steyns se vestiging op Onze Rust na hul terugkoms uit Europa.¹³⁵ Deur die jare, totdat Gladys aan die begin van die vyftigerjare, namens Tibbie aan haar moes skryf, het sy en Tibbie "rejoice(d) together and grieve(d) together always thankful over the good that has emerged".¹³⁶ Margaret se eggenoot, Arthur, 'n bankier van Oxford het ook later onder haar korrespondente getel.

Die briefwisseling wat Theunis met sy boesemvriend, Jaap (J.A.J.) de Villiers gevoer het, het Tibbie ná Theunis se dood voortgesit totdat Jaap in 1932 oorlede is,

130 Ineg PV181 2/7/1/1/14 RIS - EH 11 Augustus 1925; PV181 2/7/1/1/11 RIS - EH 20 Junie 1925.

131 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret Gillet 27 April 1937.

132 VAB A156 1/1/39 RIS - Gladys c. Mei 1907; A156 1/1/42 RIS - Emmie 30 September 1913.

133 VAB A156 1/1/37 W.J. Leyds (Den Haag) - RIS 3 Maart 1931.

134 VAB A156 1/1/37 W.J. Leyds (Frankryk) - RIS 3 April 1937.

135 VAB A156 1/1/40 RIS - Margaret (Clark) Gillet 25 Februarie 1905.

136 VAB A156 1/1/37 Margaret Gillet - RIS 14 Mei 1941.

terwyl hy hoofregter van Suid-Afrika was.¹³⁷ Tibbie was deel van die hoogwaardigheidsbekteers toe hy op 18 Oktober 1932 in Bloemfontein begrawe is.¹³⁸ Die korrespondensie wat Tibbie deur die jare gevoer het met sy eggenote, Mita, was nie op dieselfde intiem-persoonlike vlak as die voorgemelde korrespondensie nie. Na Mita se tweede huwelik nie lank na Jaap se dood nie, verdwyn enige verdere briefwisseling tussen die twee vroue.

Met diegene wat die Boersaak op een of ander wyse behulpsaam was, het Tibbie lewenslange bande van vriendskap gehandhaaf. Daar was dr. Oskar Hintrager wat sy op verskillende maniere na die Eerste Wêreldoorlog in Duitsland gehelp het en met wie sy en haar kinders lewenslank vriende gebly het.¹³⁹ Aan Poultney Bigelow, 'n joernalis en gas aan die Presidensie tydens Theunis se presidentskap, het sy in 1937 nog eens 'n brief gerig toe hy reeds tagtig jaar oud was en sy self twee-en-sewentig.¹⁴⁰ Die bande wat haar met liefde gebind het aan dr. H.J. Kiewiet de Jonge in Nederland was eweneens sterk. In 1934 skryf hy aan haar: "Wij hadden na velen jaren zwijgen, U teruggevonden".¹⁴¹ Met Cornelius du Preez in Rusape, Rhodesië, (Zimbabwe), het sy nooit kontak verbreek nie. Hy het haar altyd as "my lieue ou Mrs" aangespreek en deur die jare het sy, in Cornelius se woorde, "by my gestaan in my dae van teenspoed en u staan nog by my".¹⁴² Sy het vir byna vyftig jaar met twee lojale vriendinne uit Bloemfontein gekorrespondeer, Maynie Fleck wat haar reeds in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog vir die Boersaak beywer het, en Ella Fischer, eggenote van Percy en 'n nooi Fichardt.

Haar vriende en kennisse uit alle bevolkingsgroepe, Afrikaans- en Engelssprekende, het alle beroepe verteenwoordig en mans sowel as vroue ingesluit. Behalwe vir die Suid-Afrikaanse politici soos genl. Hertzog, genl. Smuts, adv. C.R. Swart en ander aan wie sy geskryf het, het haar wye vriendekring bestaan uit interessante persoonlikhede : daar was Jan F.E. Celliers, ds. Andrew Murray, mev. M. Creswill, 'n parlamentslid se eggenote,¹⁴³ lady Duncan, eggenote van 'n voormalige

137 VAB A160/8 RIS - Mita de Villiers 7 September 1919.

138 VAB A32/6 Mita de Villiers (Green Lodge) - JBMH 10 November 1932; TAB A32/99 Programme for internment of J. de Villiers 18 October 1932.

139 Ineg PV181 2/8/1/1/21 O. Hintrager (Berlyn) - RIS 26 Maart 1930.

140 VAB A156 1/1/39 Poultney Bigelow (Walden on Hudson) - RIS 27 Augustus 1937.

141 VAB A156 1/1/37 H.J. Kiewiet de Jonge (Nederland) - RIS 2 Maart 1934.

142 VAB A156 1/1/37 Cornelius du Preez (Rusape) - RIS 23 Januarie 1946.

143 Ineg PV181 2/8/1/1/15 Jan F.E. Celliers - RIS 8 September 1921; PV181 2/8/1/1/15 Andrew Murray - RIS 3 Julie 1922; PV181 5/1/1/2 RIS brieweboek; VAB A156 1/1/37 M. Creswill (Kuilrivier) - RIS 17 Mei 1941.

goewerneur-generaal,¹⁴⁴ en andere. 'n Uitsonderlike brief in haar eie handskrif deur Mijnie Hertzog verskyn ook onder die briewe wat Tibbie ontvang het.¹⁴⁵

Tibbie se korrespondensie is 'n weerspieëling van haar lewe. Dit is omvattend en nie beperk tot sekere bevolkingsgroepe of politieke partye nie. Die behoefte om te gee eerder as om te ontvang spreek duidelik daaruit. Sy het haar lewenslange belangstelling in ander mense so uitgeleef, sy was lojaal en het nooit uitsprake gemaak wat enigiemand te na gekom het nie. "Dit zij het doel waarnaar gij streeft", het Tibbie in 1916 aan Tibbie (jr.) geskryf. "Eers aan den eindpaal uwer wegen / Te mogen danken: Neem 'k het nie vergeefs geleefd, / Ik was gezegend en - tot zegen (haar onderstreping) Uw liewe Mammie".¹⁴⁶

144 VAB A156 1/1/37 RIS - lady Duncan 27 Oktober 1942.

145 VAB A156 1/1/37 Mijnie Hertzog (Waterval) - RIS 1 Julie 1937.

146 Ineg PV181 5/1/1/1 Brieweboek RIS.

BRONNELYS

1. ARGIVALE BRONNE EN HISTORIESE MANUSKRIPTE

A. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

a) Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB) Bloemfontein

(i) Argief van die Vrystaatse republiek

1. Pamflette (PAM)

"Prospectus en Rapport voor 1880" PAM 375.37 OVS

2. Colonial Secretary (CO)

CO 26 129/01: Dutch Reformed Church and affairs in South Africa.

CO 74 4309/01: Deposit of £1 000 with Mr. van Raalte of Bethlehem by Mrs. Steyn: Proposed payment into Government account.

CO 421 2020/04: Requesting (i) that permits to proceed to Orange River Colony may be granted to her son Colin and her brother Gordon A. Fraser when they arrive in SA (ii) that a permit to import a sporting rifle may be granted to her son.

(ii) Aanwinste

A3 F.A. Steytlerversameling

A7 Pres. F.W. Reitzversameling

A13 Mej. Maynie Fleckversameling

A13 Mev. Johanna Osborneversameling

A60 Sen. D.J. Malanversameling

A90/8 FAK-versameling

A110 Dr. N.J. van der Merweversameling

A132 Prof. A. Frackenversameling

A155/42 Regter Jacob de Villiersversameling

155/176 Adv. Gladys Steyn en mev. M.T. Steynversameling

A156 Steynversameling

1/14 - 1/1/10 Inkomende briewe: briewe aan die president

1905 - 1916

1/1/11 - 1/1/16 briewe aan R.I. Steyn

ongedateerd 1899 - 1923

| | | |
|-----------------|--|----------------------------|
| 1/1/17 | briewe van familie en vriende | 1887 - 1930 |
| 1/1/18 - 1/1/21 | briewe aan pres. Steyn en mev. Steyn van familie, ouers, broers en susters | 1885 - 1950 |
| 1/1/22 - 1/1/24 | briewe aan pres. Steyn en mev. Steyn van kinders, kleinkinders diverse lede | 1884 - 1952 |
| 1/1/25 | ... van vriende: W.H. Poultney | 1902 - 1903 |
| 1/1/26 | ... van Fischer-familie | 1902 - 1927 |
| 1/1/27 - 1/1/29 | ... van N. Kruger en diverse persone | 1937 - 1954 |
| 1/1/30 | ... van diverse persone | 1884 - 1902 |
| 1/1/35 - 1/1/37 | briewe aan pres. Steyn en mev. Steyn van diverse persone | 1905 - 1954 |
| 1/1/38 | briewe aan Hannah Fichardt | 1905 - 1965 |
| 1/1/39 - 1/1/42 | diverse korrespondensie | 1856 - 1955 |
| 1/2/1 | Inkomende telegramme ... aan pres. Steyn | 1887 - 1915 |
| | ... aan mej. G.E. Steyn | 1930 |
| 1/2/2 | ... aan mev. Steyn | 1916 - 1945 |
| 1/2/3 | ... aan mev. Hannah Fichardt | 1945 |
| 1/3/1 - 1/3/2 | Uitgaande briewe aan pres. Steyn | 1888 - 1909 |
| 1/3/3 | briewe van R.I. Steyn | 1902 - 1949 |
| 1/3/4 - 1/3/5 | diverse briewe Staatkundige stukke | 1899 - 1924 1899 - 1924 |
| 2/4 | getuienis oor die Rebelle | 1914 |
| 2/5 | stukke oor toestande in Duitsland en Oostenryk | 1919 - 1924 |
| 3/1 | Dossiers Oranje Vrouevereniging | 1907 |
| 3/2 - 3/3 | Pres. Steyn se afsterwe | 1916 - 1917 |
| 3/4 | Mev. President Steynfonds vir hulpverlening aan Duitsland | 1923 - 1924 |
| 3/5 | Mev. pres. Steyn se besoek aan Holland | 1948 |
| 3/6 | mev. Steyn se afsterwe | 1955 |
| 3/7 | Emily Hobhouse en haar afsterwe | 1920 - 1927 |
| 4/1 - 4/5 | Plakboeke | 1902 - 1932 |
| 4/7 - 4/11 | Plakboeke | 1928 - 1955 |
| 6/1 | Memoirs | c. 1902 - 1947 |
| 7/1 | Diverse | c. 1888 - 1968 |
| 3/11 | Ontwerp outobiografie, IV, | |

E. Hobhouse

3/12 "Dairy 27 January 1905 -
6 April 1905", XV

- A160 Dr. H.P.N. Mullerversameling
- A162 J.G. Grosskopversameling
- A190 J.S.M. Rabieversameling
- A211 Adv. Gladys Steynversameling
- A243 C.J.H. Reitzversameling
- A283 Argief van die President Steyn-gedenkfonds
- A286 Mev. P.U. Fischerversameling
- A290 Mej. O.D. Dentzversameling
- A312 A.W. McHardyversameling
- A328/2 Regter P.U. Fischerversameling
- A347 Dr. C.F. Visserversameling
- A357 Mev. C. Smuts-Clarkversameling
- A376 The Friendversameling
- A433 P.J. Blignautversameling
- A484 Dr. P.M.S. Fischerversameling
- A549 Adv. Gladys Steynversameling
- A507/11 Karel Schoemanversameling
- A581 E. Bell-Robinsonversameling

(iii) Ander

Meester van die Hooggeregshof (MGH) Bloemfontein

Huweliksertifikaat R.I. Fraser met M.T. Steyn 10 Maart 1887

Testament R.I. Steyn en M.T. Steyn 7 Junie 1887

Doodskennisgewing Boedel (S3957) M.T. Steyn 28 November 1916

Doodskennisgewing Annie Emeline Steytler (Fraser) 8 Augustus
1930

Doodskennisgewing R.I. Steyn (UDJ 294) 3 Januarie 1955

Testament R.I. Steyn (15/55)

b) NG Kerk Argief (NGKA) Bloemfontein

Oranje Meisieskool Notule 1905 - 1907

Oranje Meisieskool Notule 1906 - 1922

Oranje Meisieskool Notule 1922 - 1937

Oranje Meisieskool Notule 1937 - 1943

Oranje Meisieskool Notule Kur. 1943 - 1950

Oranje Meisieskool Korrespondensie 1930 - 1932 no. 581
 Oranje Meisieskool Verslae en Korrespondensie 1933 - 1937 (OVV)
 Oranje Meisieskool Korrespondensie 1930 nr. 580
 Oranje Meisieskool ongedateerde c. 1940 - 1970
 Oranje Meisieskool Agendas en Notule 1934 - 1939
 Oranje Meisieskool Koshuisstate Uitgawes Korrespondensie
 1945 - 1950
 Oranje Meisieskool Korrespondensie 1907 - 1919
 OVV Notuleboek vir die jaar 1907 - 1915 (Philippolis)
 OVV Notuleboek van die jaar 1920 - 1930
 OVV Korrespondensie 1946
Acta Synodi NGK OVS 19 April 1877
 Kerkraadsnotules Philippolis 17 April 1873, 11 Julie 1881,
 24 April 1880, 25 April 1881
 Doopregister NGK Philippolis (1862-1865)
 Doopregister NGK Philippolis (1877)
 Doopregister NGK Philippolis (1879)
 Doopregister NGK Philippolis (1887)
 Lidmaatregister NGK Bloemfontein (1848-1904)
 Doopregister NGK Bloemfontein (1980-1911)

c) Oorlogsmuseum van die Boererepublieke Bloemfontein

| | | |
|--|--------|--------|
| Nasionale Vrouemonumentkommissie | (NVMK) | Notule |
| 24 November 1927 | | |
| Nasionale Vrouemonumentkommissie | (NVMK) | Notule |
| 26 Oktober 1926 | | |
| Nasionale Vrouemonumentkommissie | (NVMK) | Notule |
| 23 Februarie 1951 | | |
| Nasionale Vrouemonumentkommissie (NVMK) Notule 22 Julie 1953 | | |

d) Instituut vir Eietydse Geskiedenis (Ineg) UOVS Bloemfontein

PV181 Sen. I.G. Visserversameling (Tibbie Visserversameling)

| | | |
|-------------------|-----------------------------|-------------|
| 1/1/1/1 - 1/1/2/1 | Agenda, notule besluite | 1885 - 1968 |
| 2/1/1/1 - 2/1/1/2 | Korrespondensie | 1875 - 1922 |
| 2/1/1/3 - 2/1/1/4 | Korrespondensie | 1922 - 1936 |
| 2/1/1/5 - 2/1/1/7 | Korrespondensie | 1936 - 1956 |
| 2/1/2/1 - 2/1/2/2 | Telegramme Algemeen | 1902 - 1959 |
| 2/2/2/1/1 | Telegramme huwelik N.J. van | |

| | | |
|-------------------------|---|-------------------------|
| | der Merwe | 1916 |
| 2/3/2/1/1 - 2/3/1/1/4 | Telegramme Algemeen | Januarie Februarie 1955 |
| 2/4/1/1/1 | Hereniging Korrespondensie | 1940 |
| 2/5/1/1/1 - 1/5/1/1/2 | Kalvinistiese bond Korrespondensie | 1921 - 1939 |
| 2/6/1/1/1 | Mev. Steyn buitelandse besoek | Augustus September 1948 |
| 2/7/1/1/1 - 2/7/1/1/5 | Mev. Steyn - Emily Hobhouse Korrespondensie | 1902 - 1922 |
| 2/7/1/1/6 - 2/1/1/10 | Korrespondensie RIS - EH | 1922 - 1924 |
| 2/7/1/1/11 - 2/7/1/1/14 | Korrespondensie RIS - EH | 1924 - 1926 |
| 2/8/1/1/1 | Korrespondensie Algemeen | 1884-1901 |
| 2/8/1/1/10 - 2/8/1/1/17 | Korrespondensie pres. en mev. Steyn | 1904 - 1925 |
| 2/8/1/1/18 - 2/8/1/1/25 | Korrespondensie pres. en mev. Steyn | 1925 - 1945 |
| 2/8/1/1/26 - 2/8/1/1/30 | Korrespondensie pres. en mev. Steyn | 1946 - 1951 |
| 2/8/1/1/31 - 2/8/1/1/32 | Korrespondensie pres. en mev. Steyn | s.d. |
| 3/1/1/1 | Toesprake | 1960 |
| 3/1/1/3 - 3/1/1/4 | Toesprake | s.d. |
| 3/1/4/1 | Boodskappe | 1939 - 1961 |
| 3/1/5/1 | Referate | 1941 - 1968 |
| 3/2/1/1/1 | Toesprake regte van die vrou | s.d. |
| 3/3/1/1/1 - 3/3/1/1/2 | Toesprake pres. M.T. Steyn | s.d. |
| 4/1/1/1 | Artikels | s.d. |
| 4/1/2/1 - 4/1/2/3 | Geskifte | 1954, s.d. |
| 5/1/1/1 - 5/1/1/4 | Aantekeninge en dagboeke | 1914 - 1920, s.d. |
| 5/1/2/1 | Dagboeke | s.d. |
| 5/2/2/1 - 5/2/2/5 | Dagboeke aantekeninge N.J. van der Merwe | 1910 - 1940 |
| 6/1/1/1 - 6/1/1/2 | Verslae | 1899 - 1960 |
| 6/1/2/1 | Memoranda | 1909 - 1964 |
| 7/1/1/1 | Persoonlike stukke | 1919 - 1960 |
| 8/1/1/1 | Grondwetlike stukke | s.d. |
| 9/1/1/1 | Finansiële stukke | 1899 - 1965 |
| 10/1/1/1 - 10/1/1/3 | Diverse stukke | 1909 - 1959 |
| 10/1/1/5 - 10/1/1/7 | Diverse stukke | s.d. |

| | | |
|------------------------------|---|------------------|
| 10/1/2/1 | Curriculum vitae gegewens | s.d. |
| 10/1/3/1 - 10/1/3/5 | Liedere en gedigte | s.d. |
| 10/1/4/1 - 10/1/4/4 | Programme | 1896 - 1960 |
| 10/1/5/1 | Gedenkstukke | 1904 - 1963 |
| <u>PV180 OVV-versameling</u> | | |
| 1/2/2/2/1/1 - 1/2/2/2/1/2 | Notules OVV Kongresse | 1912 - 1936 |
| 1/2/2/2/2/1 - 1/2/2/2/2/3 | OVV Kongresse | 1923 - 1956 |
| 1/2/2/3/1 - 1/2/2/3/2 | OVV Beskrywingspunte | 1924 - 1968 |
| 1/2/2/4/1 | Besluite OVV | 1942 - 1962 |
| 1/2/3/2/1 - 1/2/3/2/7 | Notules Hoofbestuur | 1909 - 1961 |
| 1/2/3/3/1 | Beskrywingspunte OVV | 1946 |
| 1/2/3/4/1 | Besluite OVV | 1912 - 1961 |
| 1/2/4/2/1 - 1/2/4/2/2 | Dagbestuur Notules OVV | 1933 - 1957 |
| 1/2/10/H2/2/2/1 | Notules Takke | 1907 - 1922 |
| 1/2/10 B3/2/2/1 | Bloemfonteintak Notules | 1930 - 1931 |
| 1/2/10/B3/4/1 | Bloemfonteintak Besluite | s.d. |
| 2/2/10/B3/1/1 - | | |
| 2/2/10/B3/1/4 | Bloemfontein Korrespondensie | 1923 - 1959 |
| 2/2/3/1/1/1 - 2/2/3/1/1/10 | Hoofbestuur Korrespondensie | 1928 - 1951 |
| 2/2/8/5/1/7 | Korrespondensie | Jan. - Des. 1966 |
| 3/2/2/1/1/1 | Toesprake Kongresse | 1935 - 1948 |
| 4/2/2/1/1/1 - 4/2/2/1/1/3 | Artikels Vrou en Moeder | 1933 - 1955 |
| 5/2/1/3/1 | Herinneringe | s.d. |
| 5/2/4/4/1/1 | Aantekeninge Dagboeke | 1942 - 1965 |
| 6/2/4/B3/1/1 - | | |
| 6/2/4/B3/1/1 | Bloemfontein Jaarverslae | 1932 - 1970 |
| 7/2/3/1/1/1 | HB Persoonlike stukke | 1945 |
| 7/2/10/1/1/1 | Persoonlike stukke | s.d. |
| 10/2/8/5/1/1 | Programme (mev. Pres. Steyn-tehuis) | 1965 |
| 10/2/10/B3/1/1 | Programme (Bloemfontein) | 1945 - 1953 |
| 11/2/3/1/1 | Inligtingstukke Hoofbestuur | 1934 - 1969 |
| 11/2/8/5/1/1 | Inligtingstukke (mev. Pres. Steyn-tehuis) | s.d. |
| 1/2/8/4/4/1 | Rusoord Besluite | s.d. |
| 3/1/1/1 | Toesprake | 1938 |
| 3/2/2/1/1/1 | Toesprake | 1935-1948 |
| 4/2/1/1/1 | Artikels | 1961 - 1962 |

| | | |
|---|---|---|
| 4/1/1/1 | Artikels | s.d. |
| 4/1/2/1 | Artikels en Geskrifte | s.d |
| 4/2/2/1/1/14 | Artikels en Geskrifte (Vrou en moeder) | 1955 - 1956 |
| 10/2/2/1/1 | Programme en Gedenskrifte | 1944 - 1968 |
| 10/2/8/3/1/1 | Programme | 1959 |
| | <u>PV202 FAK-versameling</u> | |
| 2/11/1/1/1 - 2/11/1/1/3 | Huldiging | |
| 3/1/4/1 | Radiopraatjies | |
| Kn 2/6/5/1 - 2/6/5/2 | Nederlandknipsels | |
| Kn 2/13/6/1 | Van Riebeeckdag knipsels | |
| e) Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB) Pretoria | | |
| (i) Aanwinste | | |
| A1 | J.C. Smutsversameling | |
| A32 | Genl. J.B.M. Hertzogversameling | |
| A787 | Dr. G.S. Prellerversameling | |
| W213 | Frederik Romperversameling | |
| f) Kaapse Argiefbewaarpark (KAB) Kaapstad | | |
| A696 | J.S. du Toitversameling (Lêers 1, 13, 17-19, 23-25) | |
| g) Suid-Afrikaanse Biblioteek Kaapstad | | |
| MSC 33 R.M. Steynversameling | | |
| 2.5 - 2.6 | Briewe R.I. Steyn verlowing van Rae Eksteen | 1919 |
| 3.2 - 3.3 | Briewe Colin aan familie Sertifikate | 1900 - 1942 |
| 3.4 - 3.5 | Briewe mev. Eksteen Diverse | 1919-1938 |
| 4.1 - 4.5 | Rachel en Colin Steyn | 1919 - 1920 |
| 5.1 - 5.9 | Theunis (jr.) en Jan Steyn | 1920 - 1933 |
| 6.1 - 6.5 | Steynfamilie Reis oorsee | 1921 - 1922 |
| 7.1 - 7.4 | Rachel Steyn | 1929 - 1939 |
| 9.1 | Diverse | 1940 - 1950 |
| 10.3 | Silwer huweliksherdenking | 1945 |
| 12.2 - 12.3 | Rachel en Colin Steyn Koerantuitknipsels | 1935 - 1949 |
| 13.6, 13.9, 13.10 | Familie foto's, Pretoria gebeure, familie | 1917 - 1965 |
| 16 | Dagboeke | 1913, 1916-1917, 1919, 1931, 1946-1947 |

B. GEPUBLISEERDE BRONNE

a) AMPTELIK

(i) Regeringspublikasies

Oranje-Vrystaat, Oranjeboeke (OR)

OR 38/1874: Ordonnantie op het Openbaar Onderwijs voor Blanke Kinderen in den Oranjevrijstaat.

OR 71/1880-1881:: Onderwijzers-Examen, 3de klasse

OR 71/1880-1881: Algemeene Commissie van Publieke Examinatoren in Letteren en Wetenschap.

b) NIE-AMPTELIK

Dreyer, A., *Eeuwfeest-album van de Nederduitse Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1824-1924* (Kaapstad, 1924)

Hancock, W.K., Van der Poel, J. (Ed.), *Selections from the Smuts papers* vol. 1-3 (London, 1966)

Lewsen, P. (Ed.), *Selections from the correspondence of John X. Merriman 1905-1924*. The Van Riebeeck Society, no. 50 (Cape Town, 1969)

Newton, A.P. (Ed.), *Select documents relating to the unification of South Africa* (London, 1968)

Oberholster, J.J., Van Schoor, M.C.E. (reds.), *President Steyn aan die woord: openbare geskryfte en toesprake van Marthinus Theunis Steyn, vertaal, byeengebring en aantekeninge voorsien* (Bloemfontein, 1953)

Van Reenen, R. (Ed.), *Emily Hobhouse Boer war letters* (Cape Town, 1984)

II LETTERKUNDIGE BRONNE

A. PERIODIEKE PUBLIKASIES

a) Amptelik, koerante, tydskrifte

| | |
|---|--|
| The Friend of the Free State and Gazette | periodiek geraadpleeg vanaf 1863 tot 1900 |
| The Friend | 1905 - 1955 |
| Die Volksblad (Het) | 1906 - 1955 |
| De Vriend des Volks | 1905 - 1915 |
| Die Burger (De) | 1920 - 1930 periodiek |

| | |
|---|--|
| | geraadpleeg tot 1955 |
| De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad | periodiek geraadpleeg vanaf 1863 tot 1899 |
| De Fakkel, Maandblad voor Kerk en Skool in den Oranjevrijstaat (De Fakkel) | periodiek geraadpleeg vanaf 1876 tot 1899 |
| De Kerkbode (verskyn 1880-1882 as De Christen) | periodiek geraadpleeg 1883-1930 |
| De Boerenvriend Huisalmanak | 1904 - 1917 |
| Die Grey Universiteits Kollege Blad | 1913 |
| Die Jaarboek van die Grey Universiteits Kollege | 1919 - 1921 |
| Shimla | 1929 - 1930 |
| Voortrekker Eeufeesnommer van Die Kerkbode | 23 November 1938 |
| Gedenkprogram Eeufees Bloemfontein | 1846 - 1946 |
| Zuid-Afrikaanse Maandblad Voortrekker Eeuwfeest | Desember 1938 |
| Hollandsch Zuid-Afrika maandschrift | 1915 |
| De Unie: maandblad voor school en huis | 1 Februarie 1914 |
| Stemmen des Tijds: maandschrift voor Christendom en Cultuur | Maart 1917 |

B. KONTEMPORÊRE WERKE, REISBESKRYWINGS, HERINNERINGE,
DAGBOEKE, ENSOVOORTS

- Anon. *Men of the times: Old colonists of the Cape Colony and Orange River Colony* (Johannesburg, 1906)
- Amery, L.S. (Ed.), *The Times history of the War in South Africa 1899-1920*. vol. IV. (London, 1906)
- Badenhorst, A.M., *Tant Alie of Transvaal, her diary 1888-1902* (Translated by Emily Hobhouse.) (London, 1923)
- Barlow, A.G., *Almost in confidence* (Cape Town, 1952)
- Esterhuysen, A.M.D.V., *Corneels Kanniedood die herinneringe van Cornelis du Preez* (plek onvermeld, 1953)
- Fraser, J.G., *Episodes in my life* (Cape Town, 1922)
- Fraser, C., *Leerredenen* (Nijmegen, 1911)
- Frew, A.A., *Prince George's African Tour* (London, 1934)
- Fry, A.R., *Emily Hobhouse, a memoir compiled* (London, 1929)
- Hobhouse, E., *The brunt of the war and where it fell* (London, 1902)
- Hobhouse, E., *War without glamour or women's war experiences written by themselves 1899-1902* (Bloemfontein, 1924)

- Jacobs, A.H., *Reisbrievens uit Afrika en Azië* (Almelo, 1913)
- James, A., Hills, N., *Mrs. John Brown 1847-1935. An account of her social work in Lancashire and South Africa* (London, 1937)
- Louw, A.F., *My eerste neëntig jaar* (Kaapstad, 1958)
- Macdonald, T., *Ouma Smuts the first lady of South Africa* (London, datum onvermeld c. 1945)
- Malan, F.S., *Die Konvensie-dagboek van sy edelagbare Francois Stephanus Malan 1908-1909* (Uitgee en toegelig met inleiding en voetnote Preller, J.F.) Van Riebeeck-vereniging. (Kaapstad, 1951)
- Malan, F.S., *Marie-Koopmans-De Wet* (Kaapstad, 1924)
- Marquard, L., *Letters from a Boer parsonage. Letters of Margaret Marquard during the Boer War* (Cape Town, 1967)
- Maurice, H.G., *History of the War in South Africa 1899-1902* vol. III, IV (London, 1908)
- Poultney, Dora O., *Dawn to dusk* (London, 1936)
- Price, W., *Through South Africa with the Prince* (London, 1926)
- Rompel, F., *Marthinus Theunis Steyn* (Amsterdam, 1902)
- Rompel-Koopman, L., *Wat mevrou generaal Joubert vertelt* (Amsterdam, 1915)
- Schoeman, K. (Ed.), *Sophie Levisseur memories* (Cape Town, 1982)
- Scholtz, G.D., *Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940* (Johannesburg, 1944)
- Spies, F.J. du T., *Die dagboek van H.A.L. Hamelberg 1855-1871* (Met 'n verkorte weergawe in Engels vertaal deur N.G. Sabbagha) Van Riebeeck-vereeniging. (Kaapstad, 1952)
- Spies, F.J. du T., *'n Nederlander in diens van die Oranje-Vrystaat uit die nagelate papiere van dr. H.P.N. Muller oud-Konsul-generaal van die Oranje-Vrystaat* (Amsterdam, 1946)
- Terblanche, A., *Emily Hobhouse* (Johannesburg, 1948)
- Turley, C., *With the Prince round the empire* (London, 1926)
- Van den Heever, C.M., *Generaal J.B.M. Hertzog* (Johannesburg, 1943)
- Van der Merwe, N.J. *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing. dele I, II* (Kaapstad, 1921)
- Van der Merwe, N.J., *Tot nagedagtenis van Emily Hobhouse* (Bloemfontein, 1926)
- Van Heerden, P., *Kerssnuitsels* (Kaapstad, 1969)
- Van Heerden, P., *Die sestiende koppie* (Kaapstad, 1965)
- Van Hoek, K., *Kruger days reminiscences of dr. W.J. Leyds* (London, 1939)

Walker, E.A., *Lord de Villiers and his times South Africa 1842-1914*
(London, 1925)

III LITERATUUR

A. GEPUBLISEERDE WERKE EN ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE

Anon. Amptelike program en gedenkboek van die fees ter inwyding van die Voortrekkermonument 13-16 Desember 1949 (Johannesburg, c. 1949)

Anon. *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika Eeufees: 1838-1938* (Kaapstad, 1940)

Anon. Gedenkprogram Eeufees Bloemfontein 1846-1946 (in VAB A160)

Anon. Kroningsalbum van HM Koningin Juliana 1948 (Amsterdam, 1948)

Anon. *Oranje-Vrouevereniging (1908-1958) Verslag van vyftigjarige Jubileum Kongres 31 Maart - 2 April 1958* (Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Pretoria) (Pretoria, 1959)

Anon. *President M.T. Steyn, Lewe en sterwe van die groot Afrikaner staatsman* (Bloemfontein, 1917)

Bell, E.S.L. (samesteller), *Die O.V.V. vyftig jaar in volksdiens 1908-1958* (Johannesburg, 1958)

Booyens, B., *Die lewe van D.F. Malan* (Stellenbosch, 1969)

Bosch, J.A., *Eeufeesgedenkboek van die NG gemeente Philippolis 1862-1952* (Philippolis, 1962)

Bosch, J.A., *Die geskiedenis van die N.G. gemeente van Philippolis en die invloed daarvan op die Vrystaatse Kerk tot 1907*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1957.

Botha, P.R. (samesteller), *Geskiedenis van Vrede 1879-1979* (Vrede, 1979)

Breytenbach, J.H., *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld* (Pretoria, 1954)

Brits, J.P., *Tielman Roos - political prophet or opportunist?* (Pretoria, 1987)

Buxton, Earl, *General Botha* (London, 1924)

Buys, E., *Triomf van 'n reddingsdaad Avbob en Van Rooijen* (Pretoria, 1955)

Calitz, C.P., *Die geskiedenis van die onderwys van die meisie in die Oranje-Vrystaat omstreeks 1938-1948* Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, UNISA, 1949.

- Cloete, B., *Die lewe van senator F.S. Malan president van die senaat* (Johannesburg, 1946)
- Coetzee, P.H., *Partypolitiek in Suid-Afrika sedert 1910 ('n Histories-staatsfilosofiese studie)* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1952.
- Cory, G.E., *The rise of South Africa*. vol. 4 (New York, 1926)
- Davenport, T.R.H., *South Africa: a modern history* (London, 1977)
- De Kock, W.J., Krüger, D.W. (reds.) & Beyers, C.J. (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek (SABW)* deel I, II, III, IV, V (Kaapstad, Pretoria, 1970, 1972, 1977, 1981, 1987)
- De Villiers, A., *Vrouegalery: Die lewe en werk van 'n aantal bekende vroue in S.A.* (Kaapstad, 1962)
- Duvenage, G.D.J., *Die Gedenktrek van 1938 'n Bedevaart en 'n kruistog* (Pretoria, 1988)
- Engelenburg, F.V., *Genl. Louis Botha* (Pretoria, 1928)
- Feesalbum van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-1959* (Pretoria, 1959)
- Fischer, J., *That Miss Hobhouse* (London, 1971)
- Fischer, J., *The Afrikaners* (London, 1969)
- Garson, N.G., *Louis Botha or John X. Merriman: the choice of South Africa's first Prime Minister* (London, 1969)
- Grobbelaar, P.W. (red.), *Die Vrystaat en sy mense* (Kaapstad, 1980)
- Haasbroek, J., "Die rol van Engelse gemeenskap in die Oranje-Vrystaat 1848-1859". deel 15. *Memoirs van die Nasionale Museum* (Bloemfontein, 1980)
- Hancock, W.K. *Smuts the saguine years 1870-1919* (Cambridge, 1962)
- Harrison, D., *The White tribe of Africa South Africa in perspective* (London, 1983)
- Heese, J. de V., *Ons hou koers* (Kaapstad, 1942)
- Heese, J. de V., *Die Voortrekkers e.a. Suid-Afrikaanse Jeugverenigings* (Kaapstad, 1940)
- Herd, N., *1922 The revolt on the Rand* (Johannesburg, 1966)
- Human, F.J., *Die totstandkoming van die Unievlag*. Gepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1960.
- Jacobs, D.S., *Abraham Fischer in sy tydperk 1850 - 1913. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, II (1965)* (Kaapstad, 1965)

- Kriel, J.D., *Emily Hobhouse en die naweë van die Anglo-Boereoorlog; 'n studie van altruïsme en pasifisme*. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UOVS, 1957.
- Krüger, D.W., *The age of the generals* (London, '1956)
- Krüger, D.W., *Die Krugermiljoene*. (Johannesburg, 1979)
- Krüger, D.W., *The making of a nation* (Johannesburg, 1969)
- Krüger, D.W., *South African parties and policies 1910-1960* (Kaapstad, 1960)
- Kruger, N., *Rachel Isabella Steyn; presidentsvrou* (Kaapstad, 1949)
- Laurence, P., *The life of J.X. Merriman* (London, 1930)
- Le Roux, C.J.P. "Colin M. Fraser." Die Transgariëp museumreeks no. 6, *Vrystaatse Museumdiens* (Bloemfontein, 1980)
- Le Roux, C.J.P., "Emily Hobhouse en die vestiging van tuisnywerhede in die Vrystaat." Die Transgariëp museumreeks no. 3, *Vrystaatse Museumdiens* (Bloemfontein, 1980)
- Le Roux, C.J.P., *Sir Hamilton John Goold-Adams se rol in die Oranjerivierkolonie 1901-1910*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, RAU, 1977.
- Lewsen, P., *John X. Merriman paradoxical South African statesman* (Johannesburg, 1982)
- Malan, M.P.A., *Die Nasionale Party van Suid-Afrika sy stryd en sy prestasies 1914-1964* (Elsiesrivier, 1964)
- Malan, P.S., *Verhandeling oor onderwys in die Oranje-Vrystaat (1854-1874)*. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, UNISA, 1943.
- Malan, S.F. *Die rol van J.Geo Fraser in die Vrystaat 1863-1927*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1971.
- Malan, S.F. *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek* (Butterworth, 1982)
- Marais, A.H. *Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-Kolonie 1902-1912*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1966. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, II (1970)
- Marais, A.H., *Die politieke uitwerking van die verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende 1910-1915 deel 1*. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UOVS, 1972.
- Malherbe, D.F. du T., *Driehonderd jaar nasiebou, stamouers van die Afrikanervolk* (Stellenbosch, 1959)

- Malherbe, D.F. du T., *Stamregister van die Suid-Afrikaanse volk* (Stellenbosch, 1966)
- Marais, J.S., *The fall of Kruger's Republic* (Oxford, 1961)
- Meintjes, J., *Generaal Louis Botha* (London, 1969)
- Meintjes, J., *President Steyn* (Kaapstad, 1969)
- Mendelsohn, R., *Sammy Marks "The uncrowned king of the Transvaal"* (Cape Town, 1991)
- Millin, S.G., *General Smuts* (London, 1936)
- Moodie, T.D., *The rise of Afrikanerdom* (Berkeley, 1975)
- Morrell, R. (Ed.) *White but poor. Essays on the history of Poor Whites in Southern Africa 1880-1940* (University of South Africa, 1992)
- Muller, C.F.J., (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, 1968)
- Muller, C.F.J. *Sonop in die suide; geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948* (Kaapstad, 1990)
- Naudé C.M., 'n *Evaluering van die Oranje Vrouevereniging, Bloemfontein as welsynorganisasie tussen 1946 en 1985*. Ongepubliseerde M.Soc Sc.-verhandeling, UOVS, 1987.
- Naudé, J.D., *Generaal J.B.M. Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party 1913-1914* (Johannesburg, 1970)
- Nienaber, P.J. "Genl. Hertzog en ons taalstryd." *Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. vol. 1, no. 1, Junie 1952.
- Nienaber, P.J., *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek*. deel I (Kaapstad, 1971)
- Nienaber, P.J., *Die Vrystaatse Taalbeweging* (Johannesburg, 1947)
- Oost, H., *Wie is die skuldiges?* (Johannesburg, 1956)
- Otto, J.C., *Die konsentrasiekampe* (Kaapstad, 1954)
- Pelzer, A.N., *Die Afrikaner-Broederbond: eerste 50 jaar* (Kaapstad, 1979)
- Pienaar, E.C., *Die triomf van Afrikaans. Historiese oorsig van die wording, ontwikkeling, skriftelike gebruik en geleidelike erkenning van ons taal* (Kaapstad, 1946)
- Pirow, O., *James Barry Munnik Hertzog* (Cape Town, 1960)
- Potgieter, D.J., (Ed.), Spies, J.J., du Plessis, P.C., *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* (Cape Town, 1974)
- Romein, J., *De biografie, een inleiding* (Amsterdam, 1951)
- Saker, H., *The South African flag controversy, 1925-1928* (Cape Town, 1980)

- Saunders, C. (Ed.), *Illustrated history of South Africa* (Cape Town, 1992)
- Schoeman, K., *Bloemfontein in beeld 1860-1910* (Kaapstad, 1987)
- Schoeman, K., *Bloemfontein: die ontstaan van 'n stad 1846-1946* (Kaapstad, 1980)
- Schoeman, K., *In liefde en trou, die lewe van pres. en mev. M.T. Steyn* (Kaapstad, 1982)
- Scholtz, G.D., *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner. deel V 1899-1910, deel VI 1910-1924* (Johannesburg, 1978)
- Scholtz, G.D., *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902. II* (Johannesburg, 1957)
- Scholtz, G.D., *Die Rebelle* (Johannesburg, 1942)
- Smit, A.P., *Gedenkboek van die NG gemeente Beaufort-Wes (1820-1945)* (Kaapstad, 1945)
- Smuts, J.C. (Jr.), *Jan Christian Smuts* (Cape Town, 1952)
- Snyman, P.M., *Die grondslae van die historiese aardrykskunde en die toepassing van die "spesifieke periode" - metode op die historiese aardrykskunde van Bloemfontein tot 1900. Bloemfonteinprojek, deel II. verslag no. 2* (1970) UOVS (Bloemfontein, 1966)
- Spies, S.B., *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics January 1900 - May 1902* (Cape Town, 1977)
- Spies, S.B., *Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics, January 1900 - May 1902. Ongepubliseerde D.Phil-thesis, Universiteit van Witwatersrand, 1973.*
- Spies, F.J. du Toit, (toegedig en ingelei) "Reisbriewe van dr. Hendrik P.N. Muller." *Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* (Desember, 1955)
- Standard encyclopaedia of Southern Africa (SESA). vol. 10* (Cape Town, 1974)
- Stockenstrom, E., *Die Afrikaanse vrou* (Stellenbosch, 1921)
- Thom, H.B., *D.F. Malan* (Kaapstad, 1980)
- Thomas, H., Thomas, D.L., *Emily Hobhouse* (Johannesburg, 1948)
- Thompson, L.M., *The unification of South Africa 1902-1910* (London, 1960)
- Van der Merwe, G.A. *Colin McKenzie Fraser 1837-1911. Die lewensbeeld van 'n Vrystaatse predikant uit die negentiende eeu. Ongepubliseerde M.Theologiae verhandeling, UOVS, 1984.*
- Van der Merwe, N.J., *Die Nasionale Vrouemonument* (geen plek, geen datum)

- Van der Merwe, N.J. *Tot nagedagtenis van Emily Hobhouse* (Bloemfontein, 1926)
- Van der Merwe, N.J., *Die Nasionale Vrouemonument* (geen datum, geen plek)
- Van der Walt, A.J.H., e.a., *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, 1965)
- Van der Walt, N.G.S., *Die Republikeinse strewe: dryfvere en probleem binne die Suid-Afrikaanse partypolitiek, 1902-1961*. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, PU vir CHO, 1968.
- Van Jaarsveld, F.A., *The awakening of Afrikaner Nationalism* (Cape Town, 1961)
- Van Jaarsveld, F.A., *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha* (Kaapstad, 1982)
- Van Loggerenberg, J.H. (sr.), *Bakens op die pad van die Tweetoringkerk van Bloemfontein 1880-1980*. (in opdrag van NG Moedergemeente) (Bloemfontein, 1980)
- Van Niekerk, L.E., *Kruger se regterhand: 'n biografie van dr. W.J. Leyds* (Johannesburg, 1985)
- Van Reenen, R., *Heldin uit die vreemde* (Kaapstad, 1970)
- Van Rensburg, A.P.J., *Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie 1902-1907. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. II*, (1967). Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif (Johannesburg, 1967)
- Van Rensburg, S., "Sosiale lewe in die ou Vrystaat". *Die lewe in ou Suider-Afrika* (SAUK-publikasie Elsiesrivier, 1966)
- Van Rensburg, S.M., *Die ontstaan en ontwikkeling van die Oranje-Vrouevereniging as vereniging vir Maatskaplike werk*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1946.
- Van Rooyen, I.M., *Die Christelik-Nasionale onderwys beweging gedurende die periode 1900-1908 in die Oranje Rivier Kolonie met verwysing na die CNO-beweging in die Transvaal, Kaapland en Natal*. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, PUK vir CNO, 1946.
- Van Schoor, M.C.E., *Die Tweetoringkerk, vyf-en-sewentig jaar 1880-1955* (Bloemfontein, 1955)
- Van Schoor, M.C.E., *Die Nasionale Vrouemonument*. (Oorlogsmuseum van die Boererepublieke) (Bloemfontein, 1993)
- Van Schoor, M.C.E., *John Daniël Kestell 1854-1941* (Bloemfontein, 1992)
- Van Schoor, M.C.E., *Die Vrystaatse Helpmekaar* (Bloemfontein, 1960)
- Venter, I.S.J., *Die geskiedenis van die Dames Instituut "Eunice" Bloemfontein*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, UNISA, 1953.

- Visser, G.C., *OB Traitors or patriots*. (Johannesburg, 1976)
- Walker, C., *The woman's suffrage movement in South Africa*. (Centre for African studies, University of Cape Town), Communications no. 2, 1979.
- Walker, E.A., *Lord Milner and South Africa* (London, 1942)
- Walton, E.H., *The inner history of the National Convention of South Africa*. (Westport 1970)
- Wilson, M., Thompson, L.M., *The Oxford history of South Africa*. vol. 2. SA 1870-1966. (London 1971)
- Zietsman, P.H., *Die Taal is gans die volk*. (Pretoria 1992).

B. TYDSKRIFTE EN ARTIKELS

- Anon. "Baanbrekervrou Adv. Gladys Steyn." *Die Huisvrou*, Maart 1975.
- Anon. "Martinus Theunis Steyn." *The African Monthly*, vol. 6, no. 34, September 1909.
- Anon. "Onthulling van het Monument voor President M.T. Steyn te Deventer." *Hollandsch Zuid-Afrika Maandschrift*, vol. 14 no. 1, 15 Julie 1922.
- Anon. "Onthulling van het Vrouwen Monument en Dingaansviering 1913." *De Kerkbode*, deel IV, no. 47, 20 November 1913 ook 25 Desember 1913.
- Anon. "President Steyn." *De Huisgenoot*, Desember 1916.
- Anon. "Programma (of verslag van) en algemene reëling in verband met onthulling van Vrouemonument!" *Ons Land*, 27 Desember 1913; *De Kerkbode*, 20 November 1913, 25 Desember 1913.
- Anon. "Protes vroue se wapen." *Beeld* 26 September 1989.
- Anon. "Rachel Isabella Steyn." (in memorium) *Die Huisgenoot*, vol. 39, no. 1713, 21 Januarie 1955.
- Anon. "Orbituary Mrs M.T. Steyn." *South Africa*, 8 Januarie 1955.
- Anon. "Die romanse van 'n Presidentsvrou." *Die Ruiter*, vol. 1, no. 1, 28-30 Januarie 1948.
- Anon. "Skimme van 'n glorieryke verlede: mevrou Steyn na 47 jaar in die ou presidentswoning." *Die Volksblad*, 26 Mei 1947.
- Anon. "Weduwee van Vrystaatse President Mev Steyn laaste skakel met heldejare." *Fleur*, Oktober 1947.
- Anon. "Wijlen Pres. Steyn, gedachten over de grote Afrikaner: Drie toespraken." *Het Volksblad*, 5 Desember 1916.
- Baumann, G., "Reminiscences." *The Friend*, 1 November 1911.

- Bigelow, P., "Kruger and Steyn." *Review of reviews of Australasia*, vol. 16, no. 5, 5 Mei 1900.
- Blaise, A., "Emily, vrou met 'n onblusbare gees." *Beeld-Kalender*, 15 Oktober 1990.
- Borckenhagen, C. (Jr.), "Our premier burgher." *The Bloemfontein Pelican*, vol. 16, no. 5, 5 Mei 1900.
- Botha, J., "Nerina spek Afrikaans soos 'n wildsboud." *Beeld-Kalender*, 30 November 1991.
- Botes, M., "Museum ou Presidensie." *Vrystaatse Museumdiens*, 1985.
- Brits, E., "Die on(ver)koopbare kosbare boek kos R10." *Beeld-Kalender*, 13 Augustus 1992.
- Brewis, L., "The silent force Mrs President Steyn." *The Monitor*, 12 April, 18 April 1946.
- Breytenbach, J.H., "Swart Oktober 1901 Donker dae in die Republiek, 50 jaar gelede." *Die Huisgenoot*, vol. 36, no. 154, 19 Oktober 1951.
- Breytenbach, J.H., "Vyftig jaar gelede het die Republieke gesterf." *Die Huisgenoot*, vol. 36, no. 1576, 6 Junie 1952.
- Buchanan-Gould, V., "Mrs. President Steyn." *The Outspan*, vol. 48, no. 1253, 2 Maart 1951.
- Davenport, T.R.H., "The South African Rebellion, 1914." *English Historical Review*, vol. 37, no. 306, 1936.
- Dreyer, A., "Skotse predikante in ons Kerk" *De Kerkbode*, 16 Februarie 1927.
- Du Plessis, L., "Die M.T. Steyn-versameling." *Opvoeding en Kultuur*, vol. 6, no. 4, Desember 1983.
- Du Toit, A., "Herstel die bande: herontdek naelstring met stamlande." *Beeld*, 18 Augustus 1992.
- De Bruin, W., "'n Huis en sy persoonlikheid. Veertig katte en Vrystaatse vrede." *De Kat*, vol. 4, no. 1, Julie 1988.
- De Kock, C., "Die vrou en kind in die Tweede Vryheidsoorlog." *Handhaaf*, vol. 12, no. 2, Oktober 1974.
- Dentz, O., "Marthinus Theunis Steyn, 25 jaar geleden overleden." *Nieuwe Rotterdamsche Courant*, 28 November 1941.
- Fichardt, T., "The illness of President M.T. Steyn." *S.A. Mediese Tydskrif*, 24 November 1973.
- Garnett, E., "My vriendin Emily Hobhouse." *Die Huisgenoot*, 9 September 1934.

- Goosen, D.P., "Marthinus Theunis Steyn." *Rooi Rose*, vol. 25, no. 18, 9 April 1969.
- Grobbelaar, E., "Suid-Afrika het 'n volkslied nodig vir nasionale eenheid." *Die Burger*, 30 Desember 1991.
- Grosspof, J.F.W., "Herinneringe uit die vroeë jare van Bloemfontein." *Die Volksblad*, 16 Maart 1946.
- Gedenkprogram Eufees Bloemfontein 1846-1946. (in VAB A160)
- Goossen, D.P., "Marthinus Theunis Steyn." *Rooi Rose*, vol. 25, no. 18, 9 April 1969.
- Die *Grey Universiteits Kollege Blad*, Jaarblad vir 1913. (in VAB A132)
- Haasbroek, J., "Rachel Isabella Steyn." *Nasionale Museum Nuus*, no. 23, Oktober 1982.
- Hanekom, T.N., "Skotse leraars in die Kaapse Kerk." *Die Voorligter*, April 1952.
- Hanekom, T.N., "Skotse leraars in Suid-Afrika." *Die Kerkbode*, 7 Junie 1972.
- Heese, J.A., "Kwartierstaat van President M.T. Steyn." *Familia*, vol. 4, 1968.
- Heese, J.A., "Marriages in the OFS between English and Afrikaans speaking South Africans during the nineteenth century." *Familia*, vol. 4, 1965-1966.
- Historicus (pseud.), "President Marthinus Theunis Steyn: de ongekroonde koning van Zuid-Afrika." *Nieuws uit Zuid-Afrika*, vol. 11, no. 5, Oktober 1971.
- Die *Jaarboek van die Grey Universiteits Kollege 1919-1921*, (in VAB A132)
- Jonker, L., "'n Boerekersfees op Onze Rust." *Rooi Rose*, vol. 49, no. 25, 4 Desember 1991.
- Jonker, L., "Onze Rust ... 'n Lewende museum." *Rooi Rose*, vol. 47, no. 3, 1 Februarie 1989.
- Judex, "Presidente van die twee Republieke." *Die Taalgenoot*, vol. 18, no. 11, Oktober 1949.
- Kestell, J.D., "Marthinus Theunis Steyn, 'n Afrikaner van die Afrikaners." (Gedenkrede deur J.D. Kestell in herinnering deur Van Schoor, M.C.E.). *Die Taalgenoot*, Oktober 1959.
- Kriel, J.D., "Ons Herdenk: Emily Hobhouse en die Konsentrasiekampe in Suid-Afrika." *Die Taalgenoot*, vol. 27, no. 3, Februarie 1958.
- Kriel, J.D., "Ons Herdenk: Emily Hobhouse en die Konsentrasiekampe in Suid-Afrika." *Die Taalgenoot*, vol. 27, no. 4, Maart 1958.

- Krüger, D.W., "Winter in die hart van 'n nasie." *Die Huisgenoot*, 26 Mei 1950.
- Krüger, D.W., "Taaiste manne wat SA opgelewer het." *Die Huisgenoot*, 9 Junie 1950.
- Krüger, E., "Die klug van Afrikaner-eenheid." *Beeld*, 3 Julie 1991.
- Kruger, N., "Draer van ons hulde: mev. pres. M.T. Steyn." I. *Die Huisgenoot*, vol. 33, no. 1381, 10 September 1948.
- Kruger, N., "Draer van ons hulde: mev. pres. M.T. Steyn." II. *Die Huisgenoot*, vol. 34, no. 1382, 17 September 1948.
- Kruger, N., "Die liefing van haar volk, mev. pres. Marthinus Theunis Steyn." *Die Jongspan*, 27 Augustus 1948.
- Kruger, N., "Na vier-en-veertig jaar nog 'n presidentsvrou." *Die Volksblad*, 22 Maart 1946.
- Kruger, N. "Ons laaste skakel met heldegeslag." *Dagbreek*, Bylaag 9 Junie 1955.
- Kruger, N., "Uit die album van mev. pres. Steyn." *Die Huisgenoot*, vol. 29, no. 1198, 9 Maart 1945.
- Le Roux, C.J.P., "Zastronstraat 103 in Bloemfontein." *Restorica*, vol. 10, 1981.
- Le Roux, J.H., "Patrick Duncan se rol in die Vlaggeskil, 1925-1927." *South African historical journal*, no. 11, 1979.
- Malan, R., "Voortrekkers word nou voorberei op toekoms." *Beeld*, 24 Oktober 1991.
- Marais, P., "Uit gevangenskap." *Beeld*, - Feesbylae Nasionale Pers 1915-1990 Junie 1990.
- Martins, H., "Skakel met ons heldeverlede ons laaste republikeinse presidentsvrou." *Rooi Rose*, November 1945.
- Meisiekool Oranje jaarblad 1920-1925; Meisieskool Oranje jaarblad, 1926-1938. (By die skool)*
- Meisieskool Oranje jaarblad 1907-1957, Bloemfontein 1957.*
- Mittner, E., "Theunie Steyn - an irresistible force." *Fair Lady*, vol. 14, no. 16, Desember 1978.
- Mittner, E., "Die Steyns sê tot siens aan die Vrystaat." *Rooi Rose*, vol. 34, no. 16, Desember 1977.
- Moll, J.C., "Nederlands of Kaapsch-Hollands: F.W. Reitz en die Taal." *Standpunte*, April 1969.
- Nienaber, G.S., "Afrikaans in De Tijd." *De Nieuwe Taalgids*, 1929.

- Nienaber, P.J., "Die Afrikaanse beweging 1900-1908." *Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, vol. 1, Oktober 1952.
- Olwagen, G., "Die Huisgenoot 75 jaar al saam met die Afrikaner." *Beeld*, 20 Mei 1991.
- Ploeger, J., "Die onthulling van die standbeeld van President M.T. Steyn in Desember 6.7.1922." *Lantern*, Desember 1967.
- Poutsma, H.J., "Herinneringen en indrukken omtrent pres. Steyn en zijn begrafenis." Ongeïdentifiseerde Transvaalse koerant in VAB A532.101, c. 1916.
- Rabe, J.H., "Die lewe van President Steyn." *Die Brandwag*, 21 Junie 1940.
- Retief, M., "Emmie du Toit glo aan 'n teetafel." *Die Huisgenoot*, vol. 42, no. 2481, 17 Oktober 1969.
- Rompel, F., "Pres. Steyn's vertrek." *Die Huisgenoot*, Januarie 1943.
- Rompel, F., "Oktober 1899." *Die Huisgenoot*, 28 November 1941.
- Rossouw, A.E., Spies, M.L., *Ons onthou 74 jaar 1907-1981 Die C en N Meisieskool Oranje Bloemfontein Herdenkingsuitgawe* (Bloemfontein, 1981)
- Rowse, D.E., "The family of the Revd. Colin Fraser of Beaufort West." *Famila*, vol. 15, 1978.
- Sarie Marais Van Riebeeck Feesuitgawe*, 12 Maart 1952. (in VAB A160)
- Scholtz, G.D., "Dr. Hendrik Muller sy groot werk vir die Vrystaat." *Die Huisgenoot*, 28 Februarie 1936.
- Scholtz, G.D., "Die Tweede Vryheidsoorlog het die groei van die Afrikaanse volk geknak." *Handhaaf*, vol. 12, no. 2, Oktober 1974.
- Shimla*, 1929-1930. (in VAB A132)
- Smit, J.J., "President Steyn." *Die Huisgenoot*, vol. 1, no. 8, Desember 1969.
- Smith, R.J., "The Kruger Monument, Church Square, Pretoria." *Africana Notes and News*, no. 15, 1962.
- Spies, F.J. du T., "President M.T. Steyn." *Pretoriana*, April 1966.
- Stemmen des Tijds*, maandschrift voor Christendom en Cultuur vol. 6, Maart 1917.
- Steyn, A., "Dapper agterryers Jan Ruiters, president Steyn se lyfbediende." *Die Huisgenoot*, vol. 27, no. 1060, 17 Julie 1942.
- Steyn, G., "Jeugherinneringe." Onderhoud gevoer vir SAUK deur Rossouw, J. in 1981. Uitgesaai 6 September 1989.

- Steyn (mev.) M.T. "Die seën van beproewing. Die lewe het my geleer. III." *Die Huisgenoot*, 7 Augustus 1942.
- Steyn, R.I., "Boere-presidente se laaste ontmoeting uit die skat van my herinnering." *Die Ruiters*, vol. 1, no. 13, Augustus 1947.
- Steyn, R.I., "Emily Hobhouse." *Die Huisgenoot*, 25 Junie 1926.
- Steyn, Y., "Gasvroue van Onzerust." *Sarie Marais*, vol. 16, no. 10, 25 November 1964.
- Swart, M.J., "Sy voorbeeld besiel." *Die Taalgenoot*, vol. 45, no. 12 November 1976.
- Swart, M.J., "Na liggaam en eiendom verniel maar nogtans." *Die Taalgenoot*, vol. 46, no. 7, Junie 1977.
- Ungerer C., Die Ou Presidensie, Bloemfontein 100 jaar na sy inwyding in 1886 weer swierig soos weleer. *Lantern*, Oktober 1986.
- Uys, C.J., "Die eeufees van Bloemfontein." *Die Huisgenoot*, 22, 29 Maart 1946.
- Van Rooyen, G.H., "Woning van die Presidente." *Die Volksblad*, Feesuitgawe 22 Maart 1946.
- Van Graan, J., "Bruilof op Onze Rust." *Sarie Marais*, vol. 25, no. 25, 5 Julie 1974.
- Van der Merwe, N.J. (jr.), "Ouma." *Nuntius*, c. 1986.
- Van Elfin, J., "'n Moeilike besluit swaard van borskanker oor kop van vroue". *Beeld*, 6 Januarie 1994.
- Van Rensburg, A.P.J., "President M.T. Steyn die siel van ons vryheidstryd." *Die Taalgenoot*, vol. 38, no. 2, Januarie 1969.
- Van Rensburg, A.P.J., "Suid-Afrikaanse Vroueheldedom." *Die Taalgenoot*, vol. 34, no. 11, Oktober 1969.
- Van Rensburg, A.P.J., "Sy vrou nooit vlug nie." *Die Brandwag*, vol. 18, no. 51, 14 Januarie 1955.
- Van Rensburg, B., "SA Vlag is vir die eerste keer in '28 in Kuba gehys." *Beeld*, 21 Augustus 1992.
- Van Schoor, M.C.E., "Hoe groot was president Steyn." *Historia*, Junie 1961.
- Van Schoor, M.C.E., "Onbekende held." *Die Huisgenoot*, 13 Oktober 1967.
- Van Schoor, M.C.E., "Ons herdenk President M.T. Steyn groot Vrystater en groot Afrikaner." *Die Taalgenoot*, vol. 25, no. 11, Oktober 1956.
- Van Schoor, M.C.E., "Die Vrouemonument." *Die Huisgenoot*, 29 November 1963.

- Van Velden, D.J.J., "Die siekte van president M.T. Steyn." *Suid-Afrikaanse Mediese Tydskrif*, vol. 47, no. 19, 19 Mei 1973.
- Van Wyk, At, "Van Smuts tot Kodesa." *Beeld*, 17 Desember 1991.
- Visscher, J., (Blikoor pseud.) "Martinus Theunis Steyn." *Elsevier's Geïllustreerd Maandschrift*, vol. 27, Januarie - Junie 1917.
- Viviers, J., "Die mossies oorleef op SA munte." *Rapport*, 26 Augustus 1990.
- Voortrekker Eeufeesnommer. *Die Kerkbode*, 23 November 1938.
- Zietsman, P.H., "FW se reis herinner aan hul besoek in 1902: hy moes mure afbreek ... generaals is gul ontvang." *Beeld*, 29 November 1990.
- Zietsman, P.H., "Nederlanders was tóe al besorg oor Afrikaans." *Beeld*, 11 Maart 1991.

IV HISTORIESE MANUSKRIPTE

A. ONGEPUBLISEERD

a) Openbare Biblioteek Bloemfontein

Steyn, G.E., "In dankbare herinnering aan my moeder." I, pamflet.

b) OVV Hoofkantoor St. Georgestraat 85 Bloemfontein

Jaarverslag van die 22e OVV-kongres Johannesburg 30 September 1936

Statute van OVV Gestig in Bloemfontein 25 Maart 1908

Korrespondensie ongeorden. "OVV geskiedenis takke"

Pamflette : Stigting

agtergrond

Christelike Vroueverenigings

Foto mev. R.I. Steyn c.1946

c) J.S. du Toit: "Vreugde" Oranjezicht Kaapstad (Rugbyweg 14)

Meestal ongeorden: kom uit studeerkamer van Emmie du Toit

Houer I (Gemerkt "briewe")

Korrespondensie familie gesin, kleinkinders,

vriende, kennisse. Briewe RIS - Emmie 40er jare 1947 - 1970

Houer II A (Gemerkt "briewe")

Korrespondensie Emmie - kleinkinders

Dr. J.S. du Toit vroeë korrespondensie uit huwelik c. 1918 - 1975

Houer II B (Gemerkt "briewe")

| | |
|--|-------------|
| Korrespondensie familie, kennisse Gladys briewe | 1955 - 1985 |
| Houer II (Gemerk "briewe") | |
| Korrespondensie Emmie - familie, vriende | 1970 - 1985 |
| Uitknipsels: Koerantuitknipsels en ander | 1910 - 1980 |
| Foto houër I | 1900 - 1980 |
| Foto houër II | 1900 - 1980 |
| 13 ander houers met rekeninge, korrespondensie dr. J.S. du Toit | |

d) Onze Rust Bloemfontein

| | |
|--|-------------------|
| Ongeorden uit pakkamer | |
| Korrespondensie Gladys (Europa) - RIS | 1912 - 1913 |
| Korrespondensie algemeen | 20er jare |
| Korrespondensie Gladys - RIS | 1922 |
| Korrespondensie Gladys - RIS | 1924 |
| Korrespondensie Lalie Smit (geb. Williams) - RIS | 1925 |
| Korrespondensie Gladys (Europa) - RIS | Jan. - Junie 1925 |
| Foto R.I. Steyn | |
| RIS diploma 8 Februarie 1881 | |

e) In besit van skryfster

| | |
|---|--|
| Brief appèlregter M.T. Steyn 31 Augustus 1992, verskeie onderhoude Onze Rust | |
| Mej. D. Rowse (UNISA) Pretoria, 1989 | |
| Mnr. Everard Skea Pretoria, 1990 | |
| Mej. Maria Bosman Bloemfontein, 1992 | |
| Mev. Nerina Ferreira Kaapstad, 1992, 1993, 1994 | |
| Dr. Oosthuizen Bloemfontein, 1992 | |
| Prof. M.C.E. van Schoor Bloemfontein, 1993 | |
| Mev. Ileana Haak Belville, 1990 | |
| Mev. Johannes Meintjes Graaff-Reinet, 1990 | |
| Mnr. Karel Schoeman Kaapstad, 1990 | |
| Ds. J. Steytler Dominionville, 1989 | |
| Prof. F. Potgieter Potchefstroom, 1990 | |
| Mnr. W.H. de la Harpe Fouriesburg, 1990 | |